

NASIONALE RAAD VIR SOSIALE NAVORSING
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament

J. C. COETZEE



PUBLIKASIEREEKS NR. 18

INHOUD

| | |
|--|-----|
| Opmerkings by die elektroniese weergawe..... | 4 |
| AFKORTINGS | 5 |
| INLEIDING | 6 |
| 1. Afbakening van die onderwerp | 6 |
| 2. Motivering van die studie | 6 |
| 3. Metode van behandeling | 8 |
| HOOFSTUK I. | 10 |
| BEGRIPSONTLEDING | 10 |
| § 1. Λαος | 10 |
| § 2. Εθνος (Εθνη). | 30 |
| § 3. Ander volksbegrippe. | 38 |
| § 4. Volksbenaminge..... | 43 |
| HOOFSTUK II..... | 56 |
| DIE VERHOUDING VAN DIE VOLK ISRAEL EN DIE GODSVOLK | 56 |
| Ter inleiding. | 56 |
| § 1. Voor Jesus se optrede..... | 57 |
| § 2. Tydens Jesus se optrede. | 68 |
| § 3. By die vestiging van die kerk — Handeling. | 83 |
| HOOFSTUK III. | 98 |
| DIE VERHOUDING VAN DIE VOLK ISRAEL EN DIE GODSVOLK (vervolg). . | 98 |
| § 4. In die gevestigde kerk — Die Briewe van Paulus..... | 98 |
| § 5. In die gevestigde kerk — vervolg. Die ander briewe en die Openbaring van Johannes..... | 155 |
| HOOFSTUK IV. | 162 |
| DIE VERHOUDING VAN DIE VOLKERE EN DIE GODSVOLK | 162 |
| § 1. Voor en tydens Jesus se optrede..... | 162 |
| § 2. By die vestiging van die kerk — Handeling. | 177 |
| § 3. In die gevestigde kerk — Die Briewe van Paulus..... | 186 |
| § 4. in die gevestigde kerk (vervolg) — Die ander Briewe en die Openbaring van Johannes..... | 195 |
| HOOFSTUK V..... | 200 |
| VOLK EN GODSVOLK. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGE..... | 200 |
| § 1. Samevatting van die gegewens oor die verhouding van die volk Israel en die Godsvolk..... | 200 |
| § 2. Samevatting van die gegewens oor die verhouding van die volkere en die Godsvolk..... | 204 |

| | |
|--|-----|
| § 3. Koördinerings- en gevolgtrekkinge | 215 |
| § 4. Terreine vir verdere ondersoek | 218 |
| BRONNELYS | 220 |

Opmerkings by die elektroniese weergawe

1. ^[nnn] Dui telkens die oorspronklike bladsynommers aan. Die bladsynommer word telkens aan die einde van die bladsy geplaas. Waar 'n woord opgebreek word oor twee bladsye, word die bladsynommer aan die einde van die woord geplaas.
2. In die oorspronklike was die voetnote aan die einde van elke hoofstuk geplaas. In die elektroniese weergawe verskyn die voetnote onderaan elke bladsy.
3. Waar aanhalings in Duits voorkom, is die aanhaling in Afrikaans vertaal en in grys in vierkantige hakies na die aanhaling geplaas. Waar die aanhaling uit TWNT¹ kom, is, so ver hulle opgespoor kon word, ook die Engelse vertaling van G.W. Bromiley na die Afrikaanse vertaling geplaas. Voorbeeld:

[om 'n groep mense (of diere) (aan te wys) wat blykbaar en gebaseer op ervaring bymekaar hoort, sonder om spesifieke kenmerke of fundamente van die gemeenskap, stamverhoudinge, politieke of kulturele bande te beklemtoon. **G.W.B.**: "This word, which is common in Gk. from the very first, probably comes from ἔθος, and means "mass" or "host" or "multitude" bound by the same manners, customs or other distinctive features. Applied to men, it gives us the sense of people; but it can also be used of animals in the sense of "herd" or of insects in the sense of "swarm" (though cf. also ἔθνος μελισσῶν for the race of bees)."]

¹ Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament, herausgegeben von G. Kittel und G. Friedrich, I 1933; II 1935; III 1938; IV 1942; V 1954; VI 1959; VII 1960 e.v. .

AFKORTINGS

(Die afkortings geld ook die bronnelys).

| | |
|------------|--|
| AMZ | Allgemeine Missions-Zeitschrift. |
| APC | Aufbau im "Positiven Christentum". |
| BH | Biblia Hebraïca. |
| BZ | Biblische Zeitfragen. |
| CUW | Christentum und Wissenschaft. |
| EMM | Evangelische Missions-Magazin. |
| EMZ | Evangelische Missions-Zeitschrift. |
| ET | Evangelische Theologie. |
| EQ | The Evangelical Quarterly, |
| I.C.C. | The International Critical Commentary on the Holy Scriptures of the Old and New Testaments. |
| JTS | The Journal of Theological Studies. |
| Jud. | Judaica. Beitrage zum Verstandnis des jüdischen Schicksals in Vergangenheit und Gegenwart. |
| LXX | Septuaginta. |
| MGWJ | Monatschrift für Geschichte und Wissenschaft des Judentums. |
| MPT | Monatschrift für Pastoraltheologie, Zur Vertiefung des gesamten pfarramtlichen Wirkens. |
| NAMZ | Neue Allgemeine Missions-Zeitschrift. |
| Nestle | Novum Testamentum Graece cum apparatu critico curavit D. Eberhard Nestle novis curis elaboravit D. Erwin Nestle, ²¹ 1952. |
| NGTT | Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif. |
| Nov. Test. | Novum Testamentum. An international Quarterly for New Testament and related studies based on international cooperation. N.T.: Nuwe Testament. |
| OEV | Onder Eigen Vaandel. O.T.: Ou Testament. |
| RHPR | Revue d'Histoire et de Philosophie Religieuse. |
| Stud. T. | Studia Theologica. |
| TB | Theologische Blätter. |
| TS | Theologische Studien. |
| TWNT | Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament, herausgegeben von G. Kittel und G. Friedrich, I 1933; II 1935; III 1938; IV 1942; V 1954; VI 1959; VII 1960 e.v. . |
| ZNTW | Zeitschrift für neutestamentliche Wissenschaft. |
| XST | Zeitschrift für systematische Theologie. |

^[11] – **blanko bladsy.**

INLEIDING

1. Afbakening van die onderwerp

Die onderwerp van hierdie studie lê op die breë terrein van die vraagstuk van die verhouding van kerk en volk. Dit dek slegs 'n onderdeel maar dan 'n fundamentele onderdeel van die hele vraagstuk.

Hierdie studie is suiwer eksegeties: wat beteken die begrippe "volk" en "Godsvolk" in die N.T. en wat is hul onderlinge verhouding volgens die getuïenis in die N.T.? Ook wanneer na die eksegetiese ondersoek konklusies gemaak word, moet by die eksegetiese aard van die studie gehou word sodat net die direk daaruit voortvloeiende riglyne kortliks getrek sal word en daar nie ingegaan sal word op die konsekwensies daarvan vir die Dogmatiek, Etiek, Sendingwetenskap of algemene kerklike lewe nie. Hierdie studie wil die eksegetiese grondstowwe uit die N.T. bied vir ander studies oor die verhouding van volk en kerk wat op die gebiede van ander teologiese vakwetenskappe lê.

Die onderwerp hou noodsaaklik ook nog verdere beperkings in. Vanweë die omvang van die materiaal wat oor die hele N.T. verspreid lê, kan geen reg aan die aanbidding van die eksegetiese stof geskied nie as ook nog die verhouding van volk en Godsvolk in die O.T. en laat-Joodse literatuur sowel as die Romeins-Griekse kultuur-historiese agtergrond vir die studie — al is dit maar oorsigtelik — behandel word. 'n Beperking tot die Nieu-Testamentiese gegewens alleen is daarom noodsaaklik. Alleen waar aspekte uit hierdie agtergronde van die N.T. noodsaaklike lig kan werp op 'n bepaalde Nieu-Testamentiese gegewe, sal daarna verwys word.

Ook wanneer die titel beperk sou word tot: *Volk en Kerk in die N.T. — 'n Eksegetiese studie*, sou die terrein nog te breed wees. Hier kan nie gepoog word om eers tot 'n bepaling van die kerkbegrip in die N.T. te kom en dan 'n waardering van alle Nieu-Testamentiese gegewens oor die kerk te gee nie. Daarom word die titel *Volk en Godsvolk...* verkies. Die kerk word hier net beskou in sy verhouding tot die volk(ere) en daarom is dit voor die hand liggend om ook net die een gesigspunt van waaruit die N.T. self die kerk in verband bring met die volk(ere) te ondersoek, t.w. die kerk as (messiaanse) Godsvolk.¹ Steeds meer word in die ekklesiologie^[12] erken dat die naam "Godsvolk" die eintlike wesensnaam van die kerk is: "In de 'nieuwe ecclesiologische consensus' die als een verrassende wonder, door verschillende denominaties heen, aan het groeien is; blijkt de fundamentele gedachte juist te zijn 'die Wiederherstellung des urchristlichen Begriffes von der Kirche als Volk Gottes'."² Die tema *Volk en Godsvolk ...* hou dus 'n besliste beperking van die omvang van die studieterrrein in, sonder om die visie op die wese van die kerk in te boet. Terselfdertyd kan die benaming "kerk" vanweë sy geëkte beperking tot die Christusgelowiges ná Jesus se dood en opstanding tot verwarring lei, aangesien dit hier gaan om die verhouding van volk en kerk (Godsvolk) in die *hele* Nieu-Testamentiese openbaringsgeskiedenis.

2. Motivering van die studie

Dat die probleem kerk-volk vandag net so aktueel beskou word soos te eniger tyd in die verlede, word weerspieël in die verskyning ook sedert die Tweede Wêreldoorlog van die een dissertasie na die ander oor die een of ander aspek van hierdie onderwerp.³ En tog is daar nog

¹ Die woord "Godsvolk" druk beter as die uitdrukking "volk van God" die konnotasie uit wat opgesluit lê in die tegniese term λαός - "Volk van God" sou eerder 'n vertaling van λαός θεοῦ wees.

² J. C. Hoekendijk: *Kerk en volk in de Duitse Zendingwetenschap*, diss., Utrecht, 1948, 231.

³ Bv. Hoekendijk: *Kerk en volk* (1948); H. J. Langman: *Kuyper en de volkskerk*, diss., Kampen, 1950; I.J. van der

geen sprake van 'n consensus onder teoloë oor die verhouding van kerk en volk nie. Onversoenbaar met mekaar bly deur die jare twee alternatiewe gestel: volkskerk óf wêreldkerk. Aan die een kant is daar die volkskerkgedagte met sy *vereenselwiging* en gelykskakeling van kerk en volk sodat hulle op natuurlike wyse identies is; die volkskerkgedagte, waar ekumenisiteit alleen kan bestaan in die verband tussen verskillende volkskerke; die volkskerkgedagte, wat uiteraard beheers word deur "het collectivistiese denke, waarin volks-zielen en andere mytho-logoumena rondspoken"⁴ Aan die ander kant staan die wêreldkerkgedagte met sy *afsnying* van enige verband tussen kerk en volk; die wêreldkerkgedagte, waarvolgens die ekumeniese kerk geen ruimte laat vir volksverskille en geen plek vir verbondenheid van die gelowige aan 'n bepaalde volk nie, sodat die ekumeniese eenheid van die kerk een groot uniforme "mensheidscultuur" beteken; die wêreldkerkgedagte, waar óf individualisme heers sodat die kerk die totaal is van alle belydende individue, óf kollektiwisme heers waarvolgens die hele wêreld een groot broederskap is, die kerk een liggaam is ongeag of daar eenheid van doop, geloof, belydenis is. Aan die een kant is daar dus die vereenselwiging van kerk en volk en aan die ander kant die absolute breuk en skeiding tussen kerk en volk.

[13]

Tussen hierdie twee pole word die stryd om die verhouding van kerk en volk vanaf die Reformasie gevoer. Teenoor die Rooms-Katolieke Kerk se kollektivistiese wêreldkerkgedagte, waarvolgens die verskillende volke uit die natuur opgehef word tot die bonatuurlike eenheidskultuur van die katolieke kerk,⁵ ontstaan by die Reformasie nasionale kerke wat veral in die Duitse state ontwikkel tot tipiese kollektivistiese volkskerke.⁶ In reaksie teen hierdie kollektivistiese volkskerkgedagte kom die Piëtisme met sy sterk individualistiese inslag. Tot met die Tweede Wêreldoorlog het die probleem in die 20e eeu sy aktualiteit behou hoofsaaklik vanweë die verskerpte stryd rondom die volkskerkgedagte veral as gevolg van die opkoms van die nasionaal-sosialisme. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die probleem kerk-volk nuwe aktualiteit verkry met die kragtige opkoms van die ekumeniese beweging. Veral die kragtigste eksponent van hierdie ekumeniese strewing, die Wêreldraad van Kerke, waarin 'n sterk uniformistiese en kollektivistiese inslag⁷ en 'n nuwe skakeling met die sekulêre strewing na wêreldeenheid, wêreldkultuur en wêreldregering⁸ te bespeur is, maak 'n deeglike studie van die Skrifgegewens oor die verhouding van die universele Godsvolk en die volk(ere) dringend noodsaaklik.

Ook die sterker bewuswording by die kerk van die wesentlike plek wat sy sendingroeping inneem in sy ware kerk-wees, gepaardgaande met die kragtige ontwaking van die nasionalisme onder die heidennasies, maak dit by die sendingwerk en kerkvorming onder die heidene 'n steeds dringender behoefte om 'n deeglik verantwoorde siening te verkry op die Nieu-Testamentiese verhouding van kerk en volk.

Walt: Eiesoortige kerk-vorming as missiologiese probleem met besondere verwysing na Suid-Afrika, diss. P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1960; S.C.W. Duvenage: Kerk, volk en jeug I, Die verhouding van kerk tot volk. 'n Histories-prinsipiële studie, diss. V.U., Amsterdam, 1962.

⁴ Hoekendijk: *Kerk en volk* (1948), 256.

⁵ Vgl. Duvenage: *Kerk tot volk*, 282—283.

⁶ Vgl. Hoekendijk: *Kerk en volk*, 255—256.

⁷ Vgl. die deeglik gedokumenteerde werk van E.C. Bundy, getitel: *Collectivism in the churches. A documented account of the political activities of the Federal, National and World Councils of Churches*, 1960. Die wyse waarop Bundy egter die hele tendens van die Wêreldraad onder die kommunistiese vlag wil bring, laat die indruk van geforseerdheid.

⁸ "This is what the ecumenical leaders are trying day and night to bring on: One church for one world... and they are working hand in hand with the proponents of world government and internationalism. That is why they are operating as far as possible within the framework of the United Nations" — Bundy, a.w., 208.

In die lig van die aktualiteit van hierdie onderwerp is dit baie opvallend dat daar in die Nieu-Testamentiese wetenskap 'n besliste gebrek is aan studies wat dié onderwerp in die hele N.T., maar ook net in die N.T., pertinent en met eksegetiese bewysvoering behandel. Tot dusver is die probleem nog hoofsaaklik behandel in die Sendingwetenskap, Etiek en Dogmatiek. Die mees omvattende en belangwekkende behandeling van die verhouding van volk en Godsvolk in die N.T. bied die werke van N. A. Dahl en A. Oepke oor die Godsvolk,⁹ Die werk van Dahl raak ons probleem egter net gedeeltelik, omvat ook die O.T. en Laat-Jodendom en gaan volgens latere erkenning van Dahl¹⁰ mank aan die nodige eksegetiese bewysvoering. Ook die werk van Oepke raak die probleem net gedeeltelik; sluit nie alleen die Ou-Testamentiese gegewens in nie, ^[14] maar behandel ook die deurwerking van die Godsvolkgedagte in die Westerse kultuur. In ander eksegetiese literatuur word die probleem óf net in kort artikels behandel óf net sydelings aangeroe óf word net 'n onderdeel van die probleem ontleed.

Dit is dus duidelik dat 'n breë eksegetiese studie van die Nieu-Testamentiese openbaring oor hierdie aktuele probleem nie alleen wenslik is nie, maar selfs noodsaaklik om 'n besliste leemte in die Nieu-Testamentiese eksegeese aan te vul. Hiertoë wil hierdie studie 'n bydrae probeer lewer.

'n Poging sal gemaak word om aan te toon dat die gebruikelike alternatiewe volkskerk of wêreldkerk nie die enigste moontlike verhouding van volk en Godsvolk uitdruk nie en dat nóg die een nóg die ander 'n getroue weergawe is van die gegewens van die N.T., maar dat daar 'n tertium quid is wat deur die N.T. self aangewys word as die ware verhouding tussen volk(ere) en Godsvolk. In hierdie ware verhouding word volk en Godsvolk nie absoluut geskei (wêreldkerkgedagte) en ook nie vereenselwig (volkskerkgedagte) nie: die ware universaliteit van die Godsvolk kom juis uit in die opname van alle volke daarin; maar dit op so 'n wyse dat elke volk opgeneem is in die Godsvolk nie na sy empiriese omvang nie, maar soos God dit in sy uitverkiesende verbond beperk het tot die gelowiges, terwyl die ongelowiges afgesny word van die Godsvolk.

3. Metode van behandeling

- (a) (i) Die *bron van ondersoek* is die N.T. self en nie enige sg. "oerbronne" agter die N.T. nie. Hierdie studie wil vasstel wat die verhouding van die volk(ere) tot die Godsvolk is volgens die N.T. *in sy bestaande vorm*. Dit gaan dus nie om 'n rekonstruksie van bv. die sg. oorspronklike prediking van Jesus nie. Te midde van die huidige klem op "bronne"-bestudering gaan veelal die ondersoek na die boodskap van die N.T. self verlore.
- (ii) Die *metode van ondersoek* is oorwegend eksegeties deduktief.
- (b) Die *benadering van die stof is openbaringshistories*: By die behandeling van die stof word uitgegaan van die aanvaarding van die openbaringshistoriese aard van die N.T. Die *openbaringshistoriese benadering* hou in dat hier uitgegaan word van die erkenning dat die N.T. deel is van die geopenbaarde Woord van God. Dié term "openbaringsgeskiedenis/openbaringshistories" ^[15] word verkies bo die gebruikliker "heilsgeskiedenis/heilshistories", omdat e.g. die teosentriese aard van die Nieu-Testamentiese prediking beklemtoon, terwyl lg. hom leen vir óf 'n christosentriese óf 'n antroposentriese vulling. Die *openbaringshistoriese benadering* hou in dat daar volgens die N.T. (en die

⁹ N. A. Dahl: *Das Volk Gottes. Eine Untersuchung zum Kirchenbewusstsein des Urchristentums*, 1, 1941, 2, 1963 (onveranderd); A. Oepke: *Das neue Gottesvolk in Schriftum, Schauspiel, bildender Kunst und Weltgestaltung*, 1950.

¹⁰ In sy artikel *Zur Auslegung von Gal. 6, 16, Jud. 6* (1950), 161.

O.T.!) 'n geskiedenis is van God se openbaring en ook dat Gods werk wat geopenbaar word, 'n historiese ontwikkelingsgang het. Dit verplig tot 'n erkenning van hierdie historiese lyn by die behandeling van die Nieu-Testamentiese gegewens oor die verhouding van volk en Godsvolk. Die openbarings*historiese* behandeling is te meer noodsaaklik by die onderhawige tema, omdat dit hier gaan om sake waarby in die loop van die N.T. besliste veranderinge ingetree het: aan die begin van die Nieu-Testamentiese geskiedenis is die Godsvolk beperk tot een volk, nl. Israel, aan die einde van die Nieu-Testamentiese geskiedenis bestaan die Godsvolk uit die gelowiges oor die hele aarde. Hierdie duidelike, historiese verandering dwing tot die vraag of en in hoeverre daar in die loop van die geskiedenis van die Nieu-Testamentiese openbaring verandering ingetree het in die verhouding van volk en Godsvolk.

- (c) *Enkele opmerkinge oor die indeling van die stof:* Terwyl hierdie studie nie die verhouding van die sigbare, geïnstitueerde kerk tot die empiriese volk (soos ons kerk en volk vandag ken en beoordeel) ondersoek nie, maar dit 'n eksegetiese studie is van dié verhouding volgens die N.T., is dit gebiedend om nie met óns beskouinge oor wat 'n volk of wat 'n Godsvolk is, na die N.T. te gaan nie. Dit kan lei tot 'n al te maklike vulling van die verskillende Nieu-Testamentiese volksbegrippe met die inhoud van 'n moderne volksbeskouing of tot 'n apodiktiese verklaring dat die Skrif nie volke ken nie en dat ook Israel geen volk was nie. Daarom is die eerste stap in hierdie studie (hf. I) 'n ontleding van die verskillende woorde in die N.T. wat volksbegrippe of volksbenaminge skyn te wees. Eers wanneer vasgestel is wat die N.T. met "volk" en met "Godsvolk" bedoel, kan gevra word na die verhouding tussen hulle.

Die volgende stap sal wees om in navolging van die duidelike onderskeiding wat sowel die O.T. as die N.T. maak tussen Israel en ander volke, afsonderlik in te gaan eers (hff. II en III) op die verhouding van die volk Israel tot die Godsvolk, aangesien wat van Israel geld, nie ipso facto ook op ander volke toegepas mag word nie, en daarna (hf. IV) ^[16] op die verhouding van die Godsvolk en die volkere in die algemeen (Israel in- of uitgeslote). Terwyl die gegewens oor die volkere in die algemeen beperkter is as dié oor Israel, sal naas die uiteensetting van direkte gegewens dit ook die taak wees in hf. IV om te bepaal in hoeverre die posisie van die nie-Israelitiese volke gelykgestel word met dié van Israel.

In 'n slothoofstuk (V) word dan 'n koördinerende en sistematiese van die verkreeë gegewens, met konklusies daaruit afgelei, aangebied.

- (d) *Enkele formele opmerkings:*

In hierdie studie word dikwels gespreek van 'n volk in historiese of in etniese of in histories-etniese sin. Hierdie term verdien definiëring. Onder "histories" word hier verstaan die eie volksbestaan, wat inhou: (i) nasionale (politieke) identiteit; (ii) die eie land; (iii) die eie geskiedenis; onder "etnies" die natuurlike verbondenheid van die volk, wat inhou: (i) die afstammingsverband; (ii) die algemene samehorigheids- en verbondenheidsgevoel; (iii) die kulturele verband: taal, tradisie, gewoontes, volksaard.

Vertalings van tekste is my eie, behalwe waar ek my vereenselwig met die vertaling van die A.V.

[17]

[18] **Blanko bladsy (het in die boek voetnote bevat)**

HOOFSTUK I.

BEGRIPSONTLEDING

§ 1. Λαος

Inleidend 19. 1. Λαος in histories-etniese sin vir die volkere 19. Besluit 22. 2 Λαος in godsdienstige én histories-etniese sin vir die volk Israel 22. (i) As tegniese term vir Israel as Godsvolk 23. (a) Die eiendomsvolk van God 23. (b) Die afgesonderde volk 25. (c) Die plaaslike Joodse gemeente 26. Besluit 28. (ii) Vir Israel in nasionale sin 28. Besluit 34. (iii) Vir die volksmassa van Israel 34. (a) 'n Menigte, 'n groep losstaande individue 35, (b) Bevolking 35. (c) Die volksmassa van die Jode in onderskeiding van die godsdienstige leiers 36. (d) Die 'am haarez 36. Besluit 40. 3. Λαος in suiwer godsdienstige sin vir die kerk van Christus 40. Algemeen 40. (i) Vir die gelowiges uit die heidennasies. 41. (ii) Vir al die gelowiges op 'n bepaalde plek — die plaaslike gemeente 42. (iii) Vir die hele kerk 43. (iv) Vir die hele nuwe mensheid op die nuwe aarde — die verheerlikte kerk 44. Besluit 44.

'n Woord wat in die Griekse taal byna uitgestorwe en feitlik 'n taaifossiel uit die Homeriese periode was, word in die N.T. die belangrikste woord ter aanduiding van die begrip volk, besonderlik Godsvolk. Λαος is saam met εθνος die mees voorkomende term vir "volk" in die N.T.¹

Die N.T. volg in sy gebruik van Λαος die LXX wat, by vertaling van die O.T. in Grieks, die woord kunsmatig laat herleef het om uitdrukking te gee aan die besondere gebruik van die O.T. om Israel, in onderskeiding van andere volke, aan te dui met die woord 'am (אֲמ). Λαος herleef dus as vertaling van die Hebreeuse woord 'am.²

Op grond van die breedste en duidelikste indelingsbasis kan die volgende betekenisse van Λαος onderskei word:

1. Λαος; in *histories-etniese sin vir die Volkere*.
2. Λαος in *godsdienstige én histories-etniese sin vir die volk Israel*.
3. Λαος in *suiwer godsdienstige sin vir die kerk van Christus*.

1. Λαος in *histories-etniese sin vir die Volkere*.

In hierdie betekenis word Λαος baie selde in die N.T. gebruik. Buite die Openbaring van Johannes kom λαος in dié ^[19] betekenis net twee keer voor; in Luk. 2:31 en Rom. 15:11³ — in beide gevalle as aanhalings uit die O.T.! Daar is dus buite Openbaring geen oorspronklike gebruik van Λαος in die betekenis van volk(ere) in histories-etniese sin nie.

Besonder insiggewend is die woorde uit die lofsang van Simeon in *Luk. 2:31, 32*: "U heil ... wat U berei het voor die oë van al die volke (παντων των λαων): 'n Lig tot verligting van die nasies (εθνων) en tot heerlikheid van u volk Israel (λαου σου Ισραηλ).

Uit hierdie vrye samevoeging van verskeie Jesajatekste⁴ blyk dat Simeon onder παντων των

¹ Vir 'n oorsig oor die voorkoms van λαος in die N.T. vgl. H. Strathmann: λαος TWNT, IV, 49.

² Vgl. hieroor H. Cremer: *Biblisch-theologisches Wörterbuch des nt.lichen Griechisch*, bearbeitet von J. Kögel, 1923, 664; Strathmann: TWNT IV, 30-32; G. Abbot-Smith: *A Manual Greek Lexicon of the N.T.*, 1948, onder λαος, 264-265.

³ Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 664, reken ook Hand. 4:25 hieronder. Sien egter hieronder, pp. 25-26.

⁴ Vgl. Jes. 40:5; 52:10; 42:6; 49:6; 25:7; 46:13. Hierdie verse is eintlik nie 'n aanhaling nie, maar die gebruik van

λαων die hele mensdom verstaan soos wat dit saamgestel is uit verskillende volke. Hierdie alle volke insluitende begrip λαοι kan egter vanuit 'n bepaalde oogpunt onderskei word in twee groepe volke, naamlik τα εθνη en ο λαος. Die volkere (οι λαοι) bestaan uit die volk (ο λαος) plus die nasies (τα εθνη); nie uit 'n λαος plus 'n λαος plus 'n λαος nie, maar uit ο λαος plus τα εθνη.

Vir die vasstelling van die besondere konnotasie van λαοι hier is dit alleen nodig om vas te stel vanuit watter bepaalde oogpunt die λαοι verdeel word in bogenoemde twee groepe. Dit blyk uit die persoonlike voornaamwoord by λαος, naamlik σου, d.i. God. Die bepaalde oogpunt is dus die godsdienstige. Vanuit godsdienstige oogpunt val die andersins saamgroepeerbare λαοι uiteen in twee groepe volke wat skerp van mekaar verskil. By wyse van afleiding kan dus vasgestel word dat die λαοι alleen vanuit uitwendige, natuurlike oogpunt soortgelyke groepe is.

Histories-etnies gesien bestaan daar baie saamgroepeerbare λαοι; godsdienstig gesien val die λαοι egter uiteen in twee ongelyksoortige groepe volke: ο λαος σου — die Godsvolk, en τα εθνη — die heidennasies.

Λαος (τας λαος) in die *Openbaring van Johannes*.

In Openbaring word λαος sewe⁵ van die nege voorkomende gevalle in kombinasie met ander volksbegrippe gebruik. In elke geval word vier volksbegrippe gebruik — in vyf gevalle⁶ λαοι, εθνη, γλωσσαι en φυλαι (of enkelvoud met πας) terwyl in 10:11 βασιλεις en in 17:15 οχλοι die woord φυλαι vervang. Die kombinasie van volksbegrippe kom wel nie voor in 'n aanhaling uit die O.T. nie, maar dit is tog sterk Ou-Testamentiese taal na analogie van Daniël 3:4, 7, 31; 5:19 en 7:14. Vry algemeen word aanvaar dat λαος (λαοι) ^[20] in hierdie uitdrukking wel die volk(ere) in sy (hul) histories-etniese verband aandui.⁷ As daar oor λαοι en εθνη nog twyfel kon bestaan, stel die voorkoms van φυλαι (stamme) en γλωσσαι (tale), wat net in die sin van konkrete natuurlike volke verstaan kan word,⁸ die betekenis van die hele kombinasie — en daarom ook van λαοι (λαος) — bo alle twyfel. Ook dié uitdrukking se prototipe in Daniël sien beslis op werklike, historiese volke — dit sien daar naamlik op die onderhorige volke in die Babiloniese ryk.

Dit is belangrik dat λαος in hierdie uitdrukking net in meervoud of virtuele meervoud, d.i. die enkelvoud met πας daarby (so in 5:9; 13:7; 14:6), voorkom. Die gekombineerde uitdrukking sien inderdaad beslis op *alle* volke. Dit blyk nie alleen uit die gereelde πας of παντες nie, maar ook uit die feit dat die kombinasie van volksbegrippe herhaaldelik gevolg word deur die uitdrukking: (al) die bewoners van die aarde, οι κατοικουντες; (of καθημενοι) ετι της γης⁹. Die bedoeling van hierdie kombinasie-uitdrukking is dus om te dien "as a sort of exhaustive enumeration to comprehend the whole race of mankind".¹⁰

Maar wat wel 'n probleem is: dien die verskillende volksbegrippe om elkeen 'n sekere aspek van die volksbestaan uit te druk om so tesame die volkere omvattend te beskryf in al die fasette van die volksbestaan, of word die verskillende begrippe pleonasties naas mekaar geplaas om die universele omvang van die betrokke saak te benadruk? Dit wil sê: het λαος hier 'n eie

sterk Ou-Testamentiese taal vir 'n nuwe openbaring.

⁵ 5:9; 7:9; 10:11; 11:9; 13:7; 14:16; 17:15.

⁶ 5:9; 7:9; 11:9; 13:7 (lesing met λαος die aanneemlikste); 14:6.

⁷ So o.a. R.C. Trench: *Synonyms of the N.T.*, 1948, 367; Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 664; W. Bauer: *Griechisch-deutsches Wörterbuch zu den Schriften des N.T. und der übrigen urchristlichen Literatur*, 1958, kolom 923; Abbott-Smith: *Lexicon*, 264.

⁸ Sien hf. I § 3 onder θυλη en γλωσσα.

⁹ 11:9; 13:7; 14:6.

¹⁰ Trench: *Synonyms*, 367.

betekenisnuanse wat iets anders tot uitdrukking wil bring as εθνος, φυλη ens.?

Dit is onwaarskynlik dat hier iets besonders in elke woord gesoek moet word — eerstens, omdat die vier volksbegrippe wat gebruik word, nie elke keer dieselfde is en ook nie elke keer in dieselfde volgorde voorkom nie; tweedens, omdat die primêre doel van die viervoudige uitdrukking duidelik geleë is in die beklemtoning van die absolute, universele aard van Gods werke of die antichristelike werke in die laaste dae (vgl. hierbo); derdens, omdat Johannes hier 'n uitgebreide vorm van die spreekwyse in Daniël gebruik, en daar is die drievoudige kombinasie van volksbegrippe bloot gebruik om aan te toon dat die koning se woorde tot *al* die onderhorige volke gerig is.

Al bedoel die woorde nie om elkeen die volk ten opsigte van 'n bepaalde aspek van die volksbestaan te beskryf nie, is hulle tog letterlik en konkreet bedoel: "al die λαοι" beteken ^[21] werklik "al die *volke*" en nie maar "almal", "alle mense" nie. Van die onderhawige sake word gesê dat hulle universeel geld vir "alle volke", nie vir "alle mense" nie.

Besluit.

Λαος, gebruik vir histories-etniese volke in die algemeen, kom buite Openbaring so selde voor, — en dit dan nog alleen op grond van die Ou-Testamentiese gebruik daarvan — dat die gevolgtrekking geregverdig is dat in die N.T., met uitsluiting van Openbaring, naas Israel (sien hieronder) geen ander enkele volk die benaming λαος kan dra nie.

In Openbaring word λαος daarenteen op gelyke voet met ander volksbegrippe geredelik as aanduiding vir die volkere in die algemeen gebruik en inderdaad nooit vir Israel alleen nie! Hier beteken λαος (steeds in die meervoud of virtuele meervoud gebruik): die volke in hul daadwerklike, historiese bestaan, soos die een volk sigbaar onderskei is van die ander; die volke elk in sy uiterlike samehorigheid en eie bestaan, klaarblyklik sonder dat hier 'n nadere nuansering in betekenis, soos volk in etniese of nasionale of kulturele sin, te onderskei is.

Hier kom λαος na aan die betekenis wat 'am (אִם) en goj (גוֹי) in die vroeë dele van die O.T. het, waar hulle, volgens G. Bertram ¹¹ "eine augenscheinlich und erfahrungsgemass zusammengehörige Gruppe von Menschen (oder Tieren) (bezeichnen), ohne dass besondere Merkmale oder Grundlagen der Gemeinschaft, Stammesverwantschaft, politische oder kulturelle Verbundenheit hervorgehoben werden". [om 'n groep mense (of diere) (aan te wys) wat blykbaar en gebaseer op ervaring bymekaar hoort, sonder om spesifieke kenmerke of fundamente van die gemeenskap, stamverhoudinge, politieke of kulturele bande te beklemtoon. **G.W.B.**: "This word, which is common in Gk. from the very first, probably comes from ἕθος, and means "mass" or "host" or "multitude" bound by the same manners, customs or other distinctive features. Applied to men, it gives us the sense of people; but it can also be used of animals in the sense of "herd" or of insects in the sense of "swarm" (though cf. also ἕθνος μελισσῶν for the race of bees)."]

2. Λαος in godsdienstige en histories-etniese sin vir die volk Israel.

Dit is die mees gebruikte betekenis van λαος in die N.T. Van die ongeveer honderd twee en veertig keer wat λαος voorkom, sien dit in nagenoeg honderd en vyftien gevalle op die volk Israel.

In die Evangelies word λαος, behalwe 'n enkele keer in die meervoud vir die volkere (Luk. 2:31), *uitsluitlik* vir die volk Israel gebruik. In die eerste deel van Handeling (hff. 1-12) word λαος nog uitsluitlik vir Israel gebruik, presies soos in die Evangelies. In die tweede deel van Handeling (hff. 13-28) en wel in Hand. 15:14, tree 'n verandering in wanneer λαος die eerste keer gebruik word as aanduiding van ^[22] 'n nie-Israelitiese groep: in die byna rewolusionêre uitdrukking εἰς ἔθνων λαος. Naas Hand. 18:10 is dit egter die enigste gevalle in Handeling

¹¹ εθνος, TWNT II, 362.

waar $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ nie die volk Israel aandui nie. in die Briewe dui $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ egter maar ongeveer die helfte van die kere Israel aan en dit dan feitlik uitsluitlik met verwysing na die Israel van die Ou-Testamentiese bedeling. In Openbaring, die afsluiting van die Nieu-Testamentiese openbaring, verdwyn $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ as aanduiding vir Israel buite die gesigsveld. Daar dui dit óf die kerk óf die volkere in die algemeen aan maar nooit Israel nie.

Die betekenis wat $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ in die N.T. aanneem wanneer dit op die volk Israel sien, kan soos volg ingedeel word:

(i) $\Lambda\alpha\omicron\varsigma$ as tegniese term vir Israel as Godsvolk.

(ii) $\Lambda\alpha\omicron\varsigma$ vir Israel in nasionale sin.

(iii) $\Lambda\alpha\omicron\varsigma$ vir die volksmassa van Israel,.

(1) $\Lambda\alpha\omicron\varsigma$ as tegniese term. vir Israel as Godsvolk.

Dat $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ as benaming vir Israel tegniese term is, wil hier sê: $\Lambda\alpha\omicron\varsigma$ is gereserveer vir een volk, naamlik Israel, om *in sigself*, sonder nadere omskrywing, uitdrukking te gee daaraan dat Israel enig is, 'n besondere volk op grond van sy besondere godsdienstige posisie.

Hieronder val dus dié gebruike van $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ waar die woord Israel aandui as die volk wat deur die verkiesing van God in 'n absoluut eensoortige posisie geplaas is, naamlik as *Godsvolk*.

Hoewel die twee nie streng geskei kan word nie en veeleer twee kante van dieselfde saak is, kan tog onderskei word tussen die tegniese gebruike van $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ waar dit (a) Israel aandui as die volk wat aan God behoort en vir Hom afgesonder is — die Godsvolk in sy verbondenheid aan God; Israel as eiendomsvolk van God; (b) Israel aandui as die volk wat afgesonder is van die ander volke of nasies: $\Lambda\alpha\omicron\varsigma$ in teëstelling tot $\epsilon\theta\nu\eta$, die Godsvolk in teëstelling tot die heidennasies; Israel as afgesonderde volk.

(a) *Die eiendomsvolk van God.*

Dat $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ Israel kan aandui as eiendomsvolk van God, behoef geen betoog nie, omdat $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ dikwels voorkom met 'n persoonlike voornaamwoord wat op God sien tesame met die naam Israel (vgl. Matth. 2:6; Luk. 1:68; Luk. 2:32) of met onmiskenbare heenwyse na Israel (o.a. Luk. 7:16; Hand. 7:34; Rom. 11:1, 2).

[23]

Die belangrike aspek in die begrip $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ wanneer dit Israel aandui as God se eiendomsvolk, is dat dit nie vergeestelik word tot 'n begrip met 'n blote godsdienstige konnotasie nie: *Israel word nie vergeestelik tot 'n godsdienstige of kultiese gemeenskap nie, maar die $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ $\theta\epsilon\omicron\upsilon$ is Israel as histories-etniese volk.*

Dit word mooi toegelig deur Hand. 7:34, Luk. 7:16 en Luk. 2:32.

Wanneer in *Hand. 7:34* gesê word: "Ek het duidelik gesien die mishandeling van του λαου μου wat in Egipte is", spreek dié aanhaling uit Ex. 3:7 van die werklike historiese, etniese volk wat in verdrukking verkeer in Egipte — 'n histories-etniese volk, maar terselfdertyd en besonderlik "*my $\lambda\alpha\omicron\varsigma$* ", die eiendomsvolk van God.

Die Godsvolk Israel is dus 'n histories-etniese volk, in elk geval dan in terugwysing op die Ou-Testamentiese bedeling.

By die aanskouing van die wonders van Jesus sê die Jode, *Luk. 7:16*: "'n Groot profeet het onder ons opgestaan; en God het sy volk (τον λαον αυτου) besoek". Die twee uitsprake van die skare korrespondeer met mekaar. Op twee maniere druk hulle dieselfde gedagte uit. "Ons" korrespondeer met "sy $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ ". En "ons" is in letterlike konkreet-natuurlike sin gebruik: "ons"

is gelyk aan die Joodse menigte daar teenwoordig saam met al hulle volksgenote, en terselfdertyd is "ons" gelyk aan "sy λαος".

Die Godsvolk Israel is dus ook in die Nieu-Testamentiese tyd 'n histories-etniese volk, in elk geval dan volgens die Jode se beskouing.

In Luk. 2:32¹² word al die histories-etniese volke van die wêreld verdeel in twee groepe: die histories-etniese volk Israel enersyds en al die ander histories-etniese volke andersyds. Dié verdeling geskied op grond van suiwer godsdienstige, openbaringshistoriese oorweging. Die verdelingsbeginsel is godsdienstig, openbaringshistories — die grond vir die skeiding is die verhouding tot God, Godsvolk of nie-Godsvolk; maar *wat* verdeel word, is volke in histories-etniese sin.

Ook dus in die Nieu-Testamentiese openbaring self is die Israel wat eiendomsvolk van God is, die werklike, histories-etniese volk Israel. Godsvolk is 'n histories-etniese volk, wat alleen onderskei is van die ander volke, omdat dit verbonde is aan God. Die primêre en onderskeidende element in die begrip λαος is hier die godsdienstige, maar die natuurlik-volkse element is nie uitgesluit nie.

[24]

(b) *Die afgesonderde volk.*

In hierdie betekenis val die nadruk daarop dat Israel, omdat dit λαος is, onderskeie is van die ander volke.

Dat daar nie 'n besliste skeiding in betekenis tussen λαος vir Israel as eiendomsvolk van God en λαος vir Israel as afgesonderde volk is nie, maar dat daar bloot 'n nuanse-verskil is op grond van die bepaalde oogpunt waaruit die volk besien word, is saaklik vanselfsprekend en blyk duidelik uit o.a. Luk. 2:32 waar Israel λαος genoem word, sowel in teëstelling tot die ander nasies (εθνη) as in sy verbondenheid aan God (λαου σου).

Hand. 4:25-27 bied die duidelikste en interessantste voorbeeld van die gebruik van λαος as tegniese term vir Israel as die uitverkore volk in afsondering van die ander volke: "Waarom het die nasies (εθνη) gewoed en die volke (λαοι) nietige dinge bedink? (vs. 25). Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde (vs. 26). Want (γαρ) waarlik (επ' αληθειας) Herodes en Pontius Pilatus het saam met die heidene (συν εθνεσιν) en die volke van Israel (λαοις¹³) Ισραηλ vergader teen u heilige Kind ..." (vs. 27).

Die γαρ van vs. 27 lui die verklaring in van hoe die aangehaalde woorde van Ps. 2:1-2 in die Nieu-Testamentiese gebeure vervul is, επ' αληθειας plaasgevind het.

Die Christelike gemeente van Jerusalem gee hier 'n Christosentriese verklaring van die woorde εθνη en λαοι en hulle onderlinge verhouding, wat klaarblyklik nie die oorspronklike historiese bedoeling van Dawid in Ps. 2 was nie. *Hand. 4:27* sien dus in Ps. 2:1-2 'n dieper betekenis as net die oorspronklike historiese betekenis daarvan. Εθνη en λαοι¹⁴) is deur Dawid pleonasties en gelyk in inhoud gebruik. Albei het die volkere in die algemeen aangedui.¹⁵ *Hand. 4:27* onderskei egter tussen die twee. Λαοι word beperk tot Israel — λαοις Ισραηλ — en

¹² Sien p. 20 hierbo.

¹³ E, enkele ander mss. en Augustinus lees λαος. Hierdie teksgetuigenis is egter karig en kan (geredelik) beskou word as doelbewuste verandering na 'n makliker lesing.

¹⁴ In BH.: 'oemim!

¹⁵ Strathmann: TWNT IV, 51: "... wo εθνη und λαοι im Parallelismus membrorum sinnleich nebeneinander stehen".

εθνη dus tot die heidennasies.

Hoewel Ps. 2:1 so aangehaal word dat die meervoud, λαοι, behoue bly en selfs in die verklaring die λαοι gehandhaaf word, word die meervoudige λαοι tog beperk tot Israel! Hierdie beperking tot Israel word dus toegepas *nieteenstaande* die meervoud λαοι. So sterk is λαος aangevoel as tegniese term vir Israel in onderskeiding van die ongelowige nasies, dat daar sonder meer oor hierdie hindernis heengestap word. Λαος sien op Israel alleen selfs al staan dit in die meervoud.

[25]

Die moontlikheid dat die biddende gemeente die meervoudige λαοι geïnterpreteer het as die verskillende Israelitiese volksgroepe, bv. Judeërs en Galileërs of die twaalf stamme,¹⁶ is uitgesluit: (i) Die gemeente kon op grond van die Skrifgesag nie anders as om die meervoud in die teks te handhaaf nie. (ii) Al vier die groepe van Ps. 2:1, 2 (Hand. 4 ; 25, 26) is meervoud, εθνη, λαοι, βασιλεις, αρχοντες maar Hand. 4:27, wat met verse 25, 26 'n chiasmus vorm, verklaar βασιλεις και αρχοντες enkelvoudig: Herodes (- die konings!) en Pontius Pilatus (= die owerstes!); en εθνη sien op die Romeinse soldate by die kruis, wat net een heidennasie verteenwoordig. Daarom is dit duidelik dat ook λαοι enkelvoudig in sy vervulling verstaan is as die een besondere volk, Israel, die uitverkore volk.

In *Hand. 21:28* word λαος in noue verband met die Wet en die Tempel genoem. Λαος is dus hier primêr godsdienstig van aard, gelyk aan: die heilige volk. Die Wet, die Tempel en o λαος — dit is die Joodse drie-eenheid waarin hul godsdienstig-histories-etniese eksklusiwiteit tot uitdrukking kom.

Uit *Hand. 3:23* blyk duidelik hoeseer, by die gebruik van die woord vir Israel, λαος 'n tegniese term is waarin die godsdienstige element primêr is, maar dit tog volkome gaan om die histories-etniese volk Israel. Hierdie samegestelde aanhaling uit Deut. 18:19 en Lev. 23:29-30 sê dat die man wat nie luister na die groot Profeet nie, uit o λαος uitgeroei sal word. In Lev. 23:29-30 staan "uit sy volksgenote" en "onder sy volk uit". Op grond van ongelooft sal die man verwyder word uit o λαος, die uitverkore volk, wat terselfdertyd, die histories-etniese volk is waartoe hy behoort. Λαος is dus in *Hand. 3:23* die godsdienstige en histories-etniese Israel waarin die godsdienstige motief primêr is, maar die histories-etniese nie uitsluit nie.

(c) *Die plaaslike Joodse gemeente — Hand. 13:15.*

Paulus en sy metgeselle sit in die sinagoge van Antiochië in Pisidië. Die Joodse gemeente in die heidense stad is in die sinagoge vergader vir hulle erediens en dan word Paulus c.s. genooi om 'n boodskap tot die Joodse gemeente te rig. Dit word genoem 'n woord van opwekking of vertroosting προς τον λαον, "tot die volk".

Die gemeente van die Jode in Antiochië is o λαος! Die tegniese term vir die volk van Israel as God se eiendomsvolk of as afgesonderde Godsvolk word toegeëien vir of toegespits ^[26] op die klein groepie Jode van die Diaspora in Antiochië. Die Joodse Diaspora-gemeenskap in Antiochië is die Godsvolk!

Sover deur my vasgestel kon word, is hierdie betekenis gebruik van λαος in die N.T. nog nie tevore aangedui nie. Teen die gebruikelike verklaring van λαος in *Hand. 13:15*, nl. "skare", volgens die gebruik wat tipies van Lukas is,¹⁷ is daar die volgende besware: (i) Dit is sterk te betwyfel dat die owerstes van die sinagoge by so 'n plegtige geleentheid in die erediens die besondere titel van die Godsvolk in so 'n vulgêre betekenis sou gebruik, (ii) Dit is selfs onwaarskynlik dat hulle die woord te eniger tyd so sou gebruik, omdat dit nie 'n

¹⁶ So Bauer: *Wörterbuch*, kolom 923, λαος 3a.

¹⁷ So o.a. Strathmann: *TWNT IV*, 50; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 922, λαος 1a.

algemene Joodse gebruik van λαος was nie.

Alhoewel λαος as aanduiding van die plaaslike Diaspora-Joodse gemeente net hier in die N.T. aangetoon kan word, kom dit dikwels voor in inskripsies van die Diaspora-Jodendonr. In Hierapolis is die volgende grafinskripsie gevind: "η σορος ... Αυρηλιας Γλυκωνηδος Αμμιανουκαι τ(ου) ανδρος αντης Μ(αρκου) Αυρ(ηλιου) Αλεξανδρου θεοφιλιον επικλ (ην Ασ)αφ λαου Ιουδαιων . . ετερω δε ουδενι εξεσται κηδευσαι εν αντη τινα ει δε μη, αποτεισει τω λαω τον Ιουδαι(ω)ν προστε(ι)μου ον(ομ,)ατι δηναρια χειλια".¹⁸ In Smirna lees 'n Joodse inskripsie: "γραμματευσ τον εν ζμυρνη λαου."¹⁹ Ook in inskripsies gevind te Nysa,²⁰ Mantinea²¹ en Larisa²² kom λαος in dieselfde singebruik voor.

Die Joodse gemeente in Antiochië word nie gesien as die hele en enigste openbaring van λαος nie, maar die deel word aangedui met die naam van die geheel: die Joodse gemeente aldaar is λαος, omdat hulle deel is van die hele λαος. Die plaaslike gemeente van die Jode is 'n openbaring van o λαος aldaar. Hulle is die Godsvolk in Antiochië. Dit blyk in die inskripsies duidelik uit die toevoeging van die lokale pleknaam, bv. die λαος in Smirna. So getuig Strathmann ook van hierdie gebruik in die inskripsies: "Damit wird auf die Einzelgemeinde übertragen was zunächst vom Volk als Ganzen gilt: in jeden örtlich begrenzten λαος ist der gesamte λαος gegenwartig".²³ [Op hierdie manier word dit wat op die volk van toepassing is, oorgedra aan die individuele gemeenskap: in elke plaaslike beperkte λαος is die hele λαος teenwoordig. **G.W.B.:** "There is thus applied to the individual congregation what is primarily true of the whole. The whole λαός is present in the spatially limited λαός."]

Terwyl dit 'n belangrike nuansering in die begrip λαος is, hou ook hierdie wending nie 'n vergeesteliking van die λαος-begrip tot 'n suiwer godsdienstige begrip in nie. Dit dui nie maar net die kultiese Tora-gemeenskap aan nie, en dit is nie beperk tot die gemeente in die erediens nie. Dit blyk uit die feit dat die Diaspora-Jode hulleself ook genoem het το εθνος των Ιουδαιων wat voorkom in 'n Smirna-inskripsie,²⁴ en dat hulle die benaming λαος nie net in die erediens vir die vergaderde gemeente nie, maar ook vir die hele Joodse gemeenskap^[27] in onderskeiding van die ander inwoners gebruik het. Die λαος in 'n bepaalde plek is die godsdienstige gemeenskap van Jode as lede van die histories-etniese volk Israel op die bepaalde plek.

Wel sluit die λαος in Antiochië blykens Hand. 13:16 ook nie-Jode in, naamlik die φοβουμενοι τον θεον, d.i. die half-proseliete, diegene wat wel in die monoteïstiese God van Israel glo en enkele wette onderhou, maar wat nie deur die aanname van die besnydenis toegetree het tot die Joodse volk nie.²⁵ Die Jode het hulle egter gesien as 'n voorlopige aanhangsel van die λαος wat geduld moet word, omdat die volgende geslag wel die besnydenis

¹⁸ Inskripsie no. 69 in *Altertümer von Hierapolis, herausgegeben von Humann, Cichorius, Judeich, Winter: Jahrbuch des deutschen archäolog Instituts, 4. Ergänzungsheft 1898* — aangehaal in E. Schürer: *Geschichte des Jüdischen Volkes*,³ 1898, III 13. Vgl. ook J. Juster, *Les Juifs dans l'Empire Romain I*, 1914, 416.

¹⁹ Leemann: *Griek. Opschr. XII*; W. Dittenberger: *Sylloge Inscriptionum Graecarum I-IV* 1.2³, 1915-1924, 1247A — aangehaal deur H. Strathmann: TWNT IV, 39 Anm. 32.

²⁰ Vgl. J. Oehler: *Epigraphische Beiträge zur Geshichte des Judentums*, MGWJ 53 (1909), 529, inskripsie no. 63. sien ook Schürer, *Geschichte*⁴, III, 16.

²¹ Inskripsie no. 720 in J. B. Frey: *Corpus Inscriptionum Judaicarum I*, 1936; inskripsie no. III in Oehler, *Epigraph, Beiträge*, 529.

²² Inskripsies no. 99-104 in Oehler, *Epigraph. Beiträge*, 529.

²³ TWNT IV, 39.

²⁴ Smirna-inskripsie no. 51 in Oehler: *Epigraph. Beiträge*, 529. Vgl. ook Juster: *Les Juifs*, 416.

²⁵ Vgl. oor die proseliete in hul verskillende fases van aanname van die Joodse godsdien en opname in die Joodse volk, o.a. H.L. Strack und P. Billerbeck: *Kommentar zum N.T. aus Talmud und Midrasch*², 1956, II, 715-723; Schürer, *Geschichte*³, III, 123-126; W. Foerster: *Neutestamentliche Zeitgeschichte*³, 1959, I, 140-142.

sou aanvaar en so ingelyf sou word in die Joodse volk en dus wel deel van die λαος sou wees.²⁶

Dié besondere gebruik van λαος onder die Diaspora-Jode soos gebruik in Hand. 13:15 skyn 'n belangrike terminologiese aansluiting te wees vir die Christelike gebruik van λαος vir die plaaslike gemeente of kerk soos dit in Hand. 18:10 voorkom²⁷ en algemeen gebruik is in die vroeë Christelike kerk.²⁸ Die benaming λαος vir die kerk wortel ongetwyfeld in 'n diepliggende geloofsoortuiging gegrond op openbaring van God, maar hierdie Joodse gebruik van λαος bied ook 'n terminologiese analogie vir die toepassing van λαος op die plaaslike gemeente.

Besluit.

Λαος as aanduiding van Israel as Godsvolk het dus op duidelik aantoonbare wyse die natuurlike volk Israel tot voorwerp, λαος dui nie 'n vergeestelike, suiwer godsdienstige grootheid, Israel net as 'n kultiese gemeenskap aan nie.

Die godsdienstige motief is wel die primêre, maar dit is nie losgemaak van die histories-etniese motief nie.

(ii) Λαος vir Israel in nasionale sin.

J. Blauw²⁹ maak die stelling: "Men zal er zich dus voor moeten hoeden aan 'am, gojim, laos, ethne enige ethnische vulling te geven: het heeft louter heilshistorische betekenis". Onder "ethnische" verstaan Blauw wat ons die histories-etniese of in casu die nasionale noem.

Reeds uit die voorafgaande behandeling is dit duidelik dat Blauw in sy uitspraak te radikaal is. Wanneer λαοι die volkere aandui³⁰ en ook wanneer λαος tegniese term is vir Israel as Godsvolk,³¹ is die "heilshistorische betekenis" wel ^[28] die primêre, maar die histories-etniese element, die "ethnische vulling", kom steeds daarby.

Uit die hier volgende behandeling sal egter blyk dat die "ethnische vulling" van λαος soms in die N.T. selfs die hoofnadruk kry, en dat die invloed van die "heilshistorische betekenis" dan nog net oorsaaklik is, in soverre dit verklaar waarom λαος in die enkelvoud net vir Israel gebruik word om volk in "ethnische", nasionaal-volkse sin aan te dui.

Λαος kom inderdaad enkele kere in die N.T. voor as aanduiding van die nasionale Israel, die volk in sy nasionale, politieke of staatkundige verband. Aangesien die gebruik van λαος met hierdie betekenis omstrede is en aangesien dit ook duidelik *toon dat die N.T. Israel as 'n werklike histories-etniese volk sien*, sal hierby taamlik uitvoerig stilgestaan moet word.

Lukas 23:5 en 14.

Hierdie verse is die duidelikste voorbeelde van die gebruik van λαος vir Israel in nasionale sin.

Dit gaan hier om die aanklag van die Jode teen Jesus voor die Romeinse stadhouer Pilatus.

²⁶ Soos o.a. getuig word deur Juvenalis: *Sat. XIV*, 96-104; vgl. W. Foerster, *Neutestamentliche Zeitgeschichte*, II, 233.

²⁷ sien die behandeling van Hand. 18:10 hieronder, pp. 42-43.

²⁸ In die vroeë Christelike kerk is dit egter meer bepaald vir die gemeente teenoor die kerklike voorgangers gebruik. Vgl. Strathmann: *TWNT IV*, 57. Oehler: *Epigraph. Beiträge*, 529, sien 'n verband tussen die Joodse gebruik van λαος in hul inskripsies en in die Christelike inskripsies van Kotoaion: εὐτυχῶνον τον τιμηθεντα παρα του ιερατω και λαου.

²⁹ *Goden en mensen, plaats en betekenis van de heidenen in de Heilige Schrift, Bijdragen tot de Zendingwetenschap III*, 1950, 8.

³⁰ sien hierbo onder 1, pp. 19-22.

³¹ sien hierbo onder 2, pp. 23-28.

Vers 5 bevat die herhaalde aanklag van die Jode en vers 14 Pilatus se herhaling daarvan in sy uitspraak. Die verse moet dus in samehang met vers 2 geïnterpreteer word, aangesien die vers die aanklag in sy oorspronklike vorm bevat:

Vers 2: Die Jode sê: "Ons het bevind dat hierdie man *ons nasie verlei* — διαστρεφοντα το εθνος ημων.

Vers 5: "En hulle het met meer klem gesê: *Hy bring die volk in beroering* — οι δε επισχυον λεγοντες οτι ανασειει τον λαον.

Vers 14: Pilatus sê: "Julle het hierdie man voor my gebring as een wat *die volk afvallig maak*" — ως αποστρεφοντα τον λαον.

Die betekenis van λαος hier word bepaal deur die aard van die aanklag teen Jesus voor Pilatus. Indien godsdienstig van aard (dwaalleer, Godsblasing), sal λαος se betekenis primêr godsdienstig wees, — indien politiek van aard (opstand teen Rome), sal λαος se betekenis primêr nasionaal van aard wees.

Aangesien *vers 2* die aanklag in sy eerste formulering weergee, is dit noodsaaklik om vooraf te bepaal wat die aanklag daar inhou. Die vers bestaan uit drie dele:

- (a) Τουτον ευραμεν διαστρεφοντα τον εθνος ημων,
- (b) και κωλυοντα φορους Καισαρι διδοναι
- (c) και λεγοντα εαυτον Χριστον βασιλεα ειναι

[29]

Deel (a) gee die aanklag self, dele (b) en (c) die motivering daarvan.

Die aanklag is: "Hy verlei ons nasie". Dit bevat twee duidelike aanduidinge dat dit nasionaal (politiek) van aard is:

- (i) Die feit dat die woord εθνος gebruik word, wat in die N.T. feitlik deurgaans nasionaal-etniese betekenis het.³²
- (ii) Die toevoeging van die besitlike voornaamwoord ημων, wat aan εθνος 'n persoonlike, menslike en etnies-volkse karakter gee, en wel so tipies is by die gebruik van εθνος in nasionaal-etniese sin.³³ Die aanklag self in vs. 2 is dus volgens alle aanduidings politiek van aard.

Dit word bevestig deur die motivering van die dele (b) en (c): (b) — Hy verbied die betaal van belasting aan die keiser; Hy spoor ons nasie aan tot doelbewuste vernet teen die wette van die Keiser. (c) — Hy verklaar dat *Hyself* die Christus, die koning, is. Die nadruk val op εαυτον. Terwyl Hy die wette van die Keiser openlik teenstaan (b), verklaar Hy ook dat Hyself, nie die Keiser nie, die ware koning van die nasie is. Openlike rebellie dus: Hy eis vir Homself oor die Joodse nasie die posisie wat die Keiser beklee. Beide motivering is onteenseglik aanklagte van oortreding van suiwer nasionale (politieke) aard teen die Romeinse staat.

As verdere bevestiging hiervan dien die volgende oorwegings: (i) Pilatus het die aanklag so verstaan blykens sy vraag in vers 3: "Is U die Koning van die Jode? Hy sien dit as 'n aanklag dat Jesus 'n nasionale agitator is wat Homself wil verhef tot koning oor die Joodse nasie. (ii) Uit Johannes 18:33-38 waar die volledige kruisverhoor van Jesus deur Pilatus voorkom, blyk dit dat Pilatus Jesus onskuldig bevind het, omdat hy uit Jesus se antwoorde sekerheid gekry het dat

³² Sien hf. I, § 2 oor εθνος, P. 51.

³³ Sien hf. I, § 2 oor εθνος, pp. 47-49.

Jesus geen bedoeling gehad het om 'n nasionale opstand teen Rome te loods nie en self geen politieke aspirasies tot koning in die plek van die keiser gehad het nie. Die beslissende woord van Jesus in die ore van Pilatus was: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie" (Joh. 18:36)³⁴ (iii) Dit is duidelik dat dit vir die Jode nie om ware aanklagte gaan nie, maar om sodanige aanklagte wat die beste kans het om die regter te beïndruk. In Luk 23 word Jesus voor Pilatus, dit is die politieke owerheid, verhoor. Hier pas 'n politieke aanklag. Voor Pilatus sê hulle: Hy sê Hy is *χριστος*, en dit verklaar hulle as *βασιλευς*, koning. Voor die Joodse Raad, die godsdienstige owerheid, waar 'n godsdienstige aanklag sou pas, sê hulle ook Hy beweer dat Hy ^[30] die *χριστος* is, maar daar verklaar hulle dit as "die Seun van God" (Matth. 26:63; Mark. 14:61).³⁵

Dit staan dus vas dat die aanklag teen Jesus in vs. 2 nasionaal, politiek van aard is, en dat *εθνος* beslis Israel as nasionale eenheid aandui.

Nou kan aan *vers 5* aandag geskenk word.

Nadat Pilatus Jesus onder kruisverhoor geneem het, verklaar hy Hom onskuldig, maar die Jode is nie daarmee gediend nie en kla Jesus opnuut aan by Pilatus.

Die beslissende vraag vir die vasstelling van die betekenis van *λαος* hier is nou: is dit dieselfde aanklag as in vs. 2, net met ander woorde, of is dit 'n nuwe aanklag wat nie meer politiek van aard is nie?

Die aanklag lui nou: *οι δε επισχρον λεγοντες οτι ανασειει τον λαον, διδασκων καθ' ολης της Ιουδαιας και αρξαμενος απο της Γαλιλαιας εως ωδε*.

Alles dui daarop dat dit dieselfde aanklag as in vs. 2, net met ander woorde, is: (i) *επισχρον* beteken in die infinitief "om iets kragtiger te maak"; saam met die werkwoord "sê" dus: "om iets sterker te sê of te stel".³⁶ Dit wil sê: om iets wat reeds gesê is, te herhaal, maar nou sterker in taal of stemkrag gestel. *Επισχρον* dui dus daarop dat hier nie 'n nuwe aanklag gemaak word nie, maar dat dieselfde aanklag sterker uitgespreek word. (ii) *ανασειει* "in beroering bring", "opstook", "ophits", pas nie in godsdienstige verband vir die werk van 'n dwaalleraar nie, maar dui op die werk van 'n agitator, 'n rebelleier.³⁷ (iii) *διδασκων καθ' ολης . . . εως ωδε* — die *καθ' ολης της Ιουδαιας* moet verstaan word as "deur die hele Joodse land", nie as "deur die hele Judea" nie.³⁸ Dit word dan in die laaste deel van die vers in sy twee dele onderskei: *απο της Γαλιλαιας εν εως ωδε* = Judea. Hiermee wil die Jode dus aan Pilatus die geweldige erns van die toestand voor oë stel en toon wat dit vir hom as verteenwoordiger van die keiser inhou. Daar is 'n dreigende rebellie onder die Jode. Dié rebelleier, Jesus, stook die hele land op. Dit is nie maar 'n lokale opstandjie nie maar 'n landswye rebellie. Dit moet Pilatus laat skrik. En fyn sielkundig word bygevoeg: die oproermaker het wel daar in Galiléa begin, ver van u magsgebied, maar nou het hy al gevorder tot hier in Judea, selfs in Jerusalem, in die hart van u magsgebied. Sake is dus kritiek vir u, want die Man organiseer 'n landswye nasionale opstand.

Dit gaan dus hier duidelik om 'n politieke gevaar. Dit is 'n politieke aanklag teen Jesus, net

³⁴ Vgl. F. Godet: *Commentaar op het Evangelie van Lucas* (uit Frans vertaal), ongedateer, II, 543.

³⁵ Vgl. Godet: *Lucas*, 542.

³⁶ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 597: "sie erklärten noch dringender"; Abbot-Smith: *Lexicon*, 175: "be more urgent".

³⁷ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 121; H. G. Liddel and R. Scott: *A Greek-English Lexicon: A new edition revised and augmented throughout by H.S. Jones*, 1951, 120.

³⁸ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kol. 749 onder *Ιουδαια* Ms. D. het inderdaad die byvoeging *γης*. Ook kan gewys word op Luk. 1:5 "Herodes (die Grote), koning van *Ιουδαιας* — dit terwyl hy nie net oor Judea nie maar oor die hele Palestina koning was — vgl. o.a. Foerster: *Zeitgeschichte* I. 84-85; G.E. Wright and F.V. Filson: *The Westminster historical atlas to the Bible*, 1956, 83.

soos in vs. 2. Λαος is ^[31] dus, net soos εθνος in vs. 2, 'n aanduiding vir Israel as nasionale eenheid.

Vers 14 is 'n uitdruklike verwysing van Pilatus na die aanklag van die Jode. Die *αποστρεφοντα* is 'n herinnering aan *διαστρεφοντα* van vs. 2, terwyl *τον λαον* in aansluiting aan die herhaalde aanklag, vs. 5, gebruik word. Hier kry ons dus 'n kombinasie van die twee vorme van die Joodse aanklag — 'n bevestiging dat hulle dieselfde inhou.

Dit staan dus vas dat *λαος* in Luk. 23:5, 14 Israel in nasionale sin aandui.

Joh. 11:50 (en 18:14).

Kajafas, die hoëpriester, sê aan die Joodse Raad: "(Julle) dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk (*υπερ του λαου*) sterwe en nie die hele nasie (*ολον το εθνος*) omkom nie".

Die feit dat Johannes die woord *λαος* net in hierdie twee tekste gebruik, ³⁹ dui baie sterk daarop dat hy hier die werklike woorde van Kajafas weergee. Kajafas het hierdie woorde gebesig onder omstandighede waar *die nasionale voortbestaan* van Israel ter sprake was, soos blyk uit Joh. 11:48. ⁴⁰ Ook in vs. 50 self gebruik Kajafas *λαος* naas *εθνος* in dieselfde volsin, in dieselfde verband en sonder enige onderskeid. ⁴¹

Uit vers 51 blyk dat Johannes self dit so verstaan het dat Kajafas *λαος* en *εθνος* in dieselfde betekenis gebruik het. In sy verklaring van die diepe betekenis van Kajafas se woorde, vervang Johannes die *υπερ του λαου* van Kajafas met *υπερ του εθνους*. Ook in vs. 52 herhaal Johannes dit so. ⁴² Daarteenoor, wanneer hy in Joh. 18:14 weer *aanhaal* wat Kajafas self gesê het, kom weer *υπερ του λαου* voor.

Dat Johannes die *υπερ του λαου* verstaan as bedoel in nasionale sin, blyk uit vs. 52 duidelik: Kajafas het wel ten regte geprofeteer dat Jesus sou sterf ter wille van die Joodse nasie maar, sê Johannes, dit is nog nie die volle waarheid nie, want Jesus het gesterf nie net ter wille van die Joodse nasie nie maar vir al Gods kinders wat oor die hele aarde versprei is.

Vir Joh. 18:14 geld dieselfde interpretasie, omdat dit bloot 'n terugverwysing na Joh. 11:50 is.

Λαος is dus in hierdie verse gelyk aan *εθνος* in betekenis en wel as aanduiding van Israel in nasionale sin, van Israel as histories-etniese volk.

In *Hand. 23:5* betrek Paulus die woorde van Ex. 22:28 ⁴³ ^[32] op die hoëpriester: "Van 'n owerste van jou volk (*αρχοντα του λαου σου*) mag jy nie kwaadsprek nie".

Die volgende oorweginge toon dat *λαος* hier die besondere volk Israel gesien in sy histories-nasionale aard aandui:

(i) *αρχοντα* is die vertaling van die Hebreeuse *nāsi'*, "leier", "noorman", politieke voorganger,

³⁹ Ook in Joh. 8:2, wat egter tekskrities nie heeltemal vasstaan nie.

⁴⁰ sien ook hf. I, § 2, *εθνος*. P. 47-48.

⁴¹ Enersyds saam met Strathmann, TWNT IV, 51-52, en A. Oepke: *Das neue Gottesvolk in Schrifttum, Schauspiel, bildender Kunst und Weltgestaltung*, 1950, 231, wat geen onderskeid tussen *λαος* en *εθνος* sien nie, andersyds teenoor Strathmann, wat in die gebruik van *λαος* en *εθνος* tesame, 'n tendensieuse bedoeling van Johannes sien, nl. om te toon dat, die Joodse onderskeid nie meer bestaan nie.

⁴² Dit maak so 'n fyne betekenisonderskeiding tussen *λαος* en *εθνος* hier soos dié van bv. F. Godet: *Kommentaar op het Evangelie, van Johannes (uit Frans vertaal deur F.J. Gouda Quint)*, 1866, II, 328-329, baie onwaarskynlik.

⁴³ In B.H. Ex. 22:27.

"ursprünglich Stammesvertreter d. hebr. Amphiktyonie".⁴⁴ [oorspronklik 'n stamverteenwoordiger van die Hebreëuse amfiktionie] (ii) Die hoëpriester was inderdaad in die na-ballingskapse tyd ook die volksleier, die politieke leier van die Jode.⁴⁵ In die Romeinse tyd heet hy dan ook *προστατης του εθνους*⁴⁶. Hierdie politieke gesag besit eintlik die hele hoëpriesterlike familie in dié tyd volgens getuienis van Josephus.⁴⁷ (ii) ο λαος σου is hier "die volk waartoe jy behoort". Terwyl λαος nêrens elders in die N.T. voorkom met die pers. vnw. wat betrekking het op 'n mens nie, word dit hier gebruik met σου wat 'n menslike lid van die λαος aandui. Die menslike deelgenootskap is dus hier die benadrukte element, nie die verbondenheid van die λαος aan God nie.

Ook in die meermaal voorkomende titel *πρεσβυτεροι του λαου*⁴⁸ met sy wisselvorme *πρεσβυτεριον του λαου*⁴⁹, *αρχοντες του λαου*⁵⁰, *προτοι του λαου*⁵¹ beteken λαος Israel, gesien in die eerste plek as nasionale, politieke eenheid.

Aangesien dit 'n titel is, moet lig op die betekenis van του λαου hoofsaaklik gesoek word in die geskiedenis en wisselvorme van die titel.

Reeds in Num. 11:16: "Bring vir My sewentig manne uit oudstes van Israel bymekaar, van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en sy opsigters is". Uit die titel "opsigters", shōterau (יְהוֹשִׁעַ), blyk dat die "oudstes" siviele, staatkundige leiers was,⁵² en dat hier dus sprake is van die uitverkore volk, primêr na sy volksbestaan, sy staatkundige lewe. In die na-ballingskapse tyd tree die oudstes van die volk sterk na vore as die hoogste politieke liggaam. "Die Leitung des Volkes wird von etwa 150 Familienhäuptern oder Ältesten geführt".⁵³ [Die volk word gelei deur ongeveer 150 gesinshoofde of ouderlinge] Die *πρεσβυτεροι του λαου* vorm die hoogste vergadering van die Jode in sy geheel. Mettertyd tree egter die hoëpriester en sy familie en later ook die Skrifgeleerdes so sterk na vore, dat die titel net gereserveer word vir die onderdeel van die Hoë Raad of Sanhedrin. Histories dui *πρεσβυτεροι* egter die hoogste politieke liggaam van die Jode in sy geheel aan, en sien λαος beslis op die volk as nasionale entiteit.⁵⁴

Belangrike bevestiging dat λαος in dié titel op die volk in nasionale sin sien, gee die wisselvorme van die titel wat in ^[33] ander Joodse geskifte voorkom. In I Makkabeërs kom naas *πρεσβυτεροι του λαου*⁵⁵ ook *πρεσβυτερων Ισραηλ*⁵⁶ en η γερουσια του εθνους⁵⁷ en by Josephus του Ιουδαιων οι πρεσβυτεροι⁵⁸. Hieruit en besonderlik uit die wisselvorm η γερουσια του εθνους blyk onteenseglik dat λαος hier Israel primêr nie in godsdienstige nie

⁴⁴ L. Koehler en W. Baumgartner: *Lexicon in Veteris Testamenti Libros*, 1953, 637.

⁴⁵ Vgl. Schürer, *Geschichte*³ I, 181 e.v.; Foerster: *N.T. Zeitgeschichte* I, 26.

⁴⁶ Schürer, *Geschichte* I, 480. Vgl. ook Diodorus, βιβλιοθηκη XL 2 ed. Müller): "αλλ' αρχιερεως προστηκοτος του εθνους" aangehaal in ¹ E, Schürer, *Geschichte* II³; 192 Anm 8.

⁴⁷ Antt. XX, 10.

⁴⁸ Matth. 21:23; 26:3; 26:47; 27:1.

⁴⁹ Luk. 22:66

⁵⁰ Luk. 19:47

⁵¹ Hand. 4:8.

⁵² Vgl: Koehler-Baurhgartner: *Lexicon*, 965

⁵³ E.Meyer: *Die Entstehung des Judentums*, 1896, 134.

⁵⁴ Vgl: vir 'n vollediger oorsig oor die geskiedenis van die *πρεσβυτεριον* of Sanhedrin, Schürer, *Geschichte*³ II, 189-197.

⁵⁵ I Makk. 7:33, 12:35.

⁵⁶ I Makk. 11:23.

⁵⁷ I Makk. 12:6. Veral insiggewend, is 'n vergelyking hiervan met I Makk. 14:20.

⁵⁸ Antt. XIII, 16, 5.

maar in politieke, nasionale sin aandui.

Besluit.

Dat $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ in die N.T. wel gebruik word as aanduiding van die volk Israel in nasionale sin, staan vas. Die feit dat $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ ook in dié betekenis in die enkelvoud gereserveer word vir Israel, toon dat ook hier die godsdienstige motief nog invloed uitoefen. Die begrip $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ kan egter blykens hierdie gebruik selfs 'n oorheersende, bykans uitsluitende histories-etniese konnotasie hê.

Hiermee staan dit vas dat wanneer $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ as benaming vir Israel as die Godsvolk gebruik word, dit die werklike volk, Israel tot inhoud het, tensy die teksverband onteenseglik die teendeel bewys. Israel, die Godsvolk, word met $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ nie beskryf as 'n bloot kultiese gemeenskap los van die volksverband nie.

(iii) $\Lambda\alpha\omicron\varsigma$ vir die volksmassa van Israel.

Terwyl Skrifgedeeltes waar $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ in een van die voorafgaande betekenis gebruik word, beslis iets te sê het op die vraag na die plek wat die volk en die Godsvolk en hulle verhouding tot mekaar inneem in die N.T., kan dit tog nie gesê word van alle Skrifgedeeltes waar $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ betrekking het op Israel nie, aangesien dikwels die godsdienstige sowel as die histories-etniese volkskonnotasie in die begrip feitlik geheel verdwyn.

Wie die Evangelie van Lukas en Handeling noulettend lees, word getref deur die besonder veelvuldige voorkoms van die woord $\lambda\alpha\omicron\varsigma$, "volk" daarin, en sou die gevolgtrekking kon maak dat die volksgedagte hier besonder sterk na vore tree. Lukas in die besonder gebruik egter $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ dikwels as aanduiding van "'n veelheid van mense" of liever "'n veelheid van Joodse mense". Hierin moet dus nie noodwendig die gedagte aan 'n volk gesien word nie. Aan die ander kant druk $\lambda\alpha\omicron\varsigma$; ook in hierdie betekenis nie altyd bloot 'n aantal losse individue uit nie maar 'n sekere groep van die volk, wat dus tog lig kan werp op die verhouding van volk en Godsvolk.

[34]

(a) Heel dikwels beteken $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ by Lukas bloot 'n menigte, 'n aantal mense of "die mense", 'n groep losstaande individue, hetsy onvergaderd — so bv. in *Hand. 5:37* waar $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ niks meer is as 'n ekwivalent van die $\alpha\upsilon\delta\rho\omega\nu \alpha\rho\iota\mu\omicron\varsigma$, "'n aantal mense", van die vorige vers nie (vgl. ook o.a. *Luk. 3:21*; *Hand. 2:47*); hetsy vergaderd, 'n skare — so bv. in *Luk. 9:13* waar $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ die skare aandui wat om Jesus vergader het om na Hom te luister, en 'n blote wisselvorm is van die $\omicron\iota \omicron\chi\lambda\omicron\iota$ en $\omicron \omicron\chi\lambda\omicron\varsigma$ van vss. 11, 12 (vgl. ook o.a. *Luk. 3:15*; *8:47*; *18:43*; *Hand. 3:9 e.v.*; *21:36 e.v.*).

Hierdie gebruik van $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ wat hoofsaaklik beperk is tot Lukas, sluit minder aan by die algemene Bybelse gebruik van 'am- $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ as by die algemene Homeriese betekenis van $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ ⁵⁹ waar die woord aandui: "eine rein tatsächlich vorhandene *Vielheit von Menschen*, ohne eine Erinnerung an das, was diese Vielheit innerlich zu einer Einheit macht".⁶⁰ ['n suiwer feitlike menigte mense sonder 'n herinnering aan wat hierdie menigte innerlik 'n eenheid maak. **G.W.B.**: "... it denotes in the first instance the people as a factual plurality of men with no recollection of what constitutes the plurality a unity (descent, language, religion, custom, culture, the state)."] Dus, mense sonder enige noodwendige inherente eenheidsband word saamgegrepeer onder die

⁵⁹ Vgl. o.a. Strathmann: TWNT IV, 30-31; Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 664; Abbot-Smith: *Lexicon*, 264-265. Hierdie betekenis word ook teruggevind in die Papiri se Koinê-Grieks, vgl. F. Preisigke: *Wörterbuch der griechischen Papyrusurkunden* (fortgeführt v. E. Kiessling), 1924 e.v., II, kolom 6; J.H. Moulton and G. Milligan: *The Vocabulary of the Greek Testament. Illustrated from the Papyri and other non-literary sources*³, 1952, 370-371.

⁶⁰ Strathmann: TWNT IV, 30.

naam λαος as groepsbenaming.

Wel oefen ook hier die Joods-Griekse godsdienstige en histories-etniese gebruik van 'am-λαος invloed uit in soverre (maar ook *net* in soverre) λαος ook in hierdie betekenis beperk word tot Israeliete. Dat dit nie bloot 'n afleiding e silentio is nie, word duidelik geïllustreer deur 'n vergelyking van Hand. 21:30-40 en Hand. 19:29-40. In hierdie twee feitlik identiese tonele, waarvan die een plaasvind in Jerusalem en die ander in Efese, heet die wanordelike Joodse skare λαος, terwyl die wanordelike Efesiese skare δημος genoem word.

(b) Ook al val die klem nog op die veelheid van mense, beweeg λαος nader na die gedagte aan 'n volk wanneer dit gebruik word vir die *bevolking* van 'n bepaalde Joodse gebied, bv. Galiléa (Matth. 4:23)⁶¹ of die hele land (Hand. 4:17).

In *Hand. 4:16, 17* beraadslaag die Sanhedrin hoe om die invloed van die apostels aan bande te lê: "Want dat daar 'n kenlike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem. Maar dat dit nie nog verder (επι πλειον) onder die volk in (εις τον λαον) versprei nie, laat ons ..."

Saaklik is dit duidelik dat die Sanhedrin redeneer: terwyl die inwoners, d.i. die bevolking, van die stad Jerusalem reeds die krag van die apostels gesien het, moet ons ten minste verhoed dat die gerug ook tot die mense buite Jerusalem, in die res van die land, versprei — dus tot die wyere bevolking van die land. Dit word ook taalkundig bevestig deur die gebruik van επι πλειον, wat plekaanduidend is: "nog verder"⁶² en nie kwantitatief "nog meer" nie.⁶² Ook word εις, "na" gebruik en nie εν, "onder", nie. Dit gaan dus teen verspreiding verder die land oor, dus "onder die bevolking in".

Hier word die "veelheid van mense" as 'n geheel nader gekwalifiseer as die bewoners van dieselfde landstreek of land, en vorm hulle dus 'n eenheid ten opsigte van hulle gemeenskaplike woongebied.

(c) Nader beweeg λαος as aanduiding van 'n "veelheid van mense" aan sy godsdienstige en histories-etniese volkskonnotasie, wanneer dit *die volksmassa van Israel in onderskeiding van die godsdienstige leiers*, die Skrifgeleerdes en owerpriesters, aandui.

'n Insiggewende voorbeeld hiervan is *Luk. 19:48*.

Die owerpriesters, skrifgeleerdes en vernaamstes van die volk wou Jesus doodmaak, maar kon nie, "want die hele volk (ο λαος απας) het Hom aangehang en na Hom geluister". Die owerpriesters c.s. staan dus buite en selfs teenoor ο λαος απας, die hele volk, wat dan die breë volksmassa, die gewone mense aandui. Interessant is veral 'n vergelyking met vs. 39: και τινες των φαρισαιων απο του οχλου ειπαν προς αυτον. Die Fariseërs vorm dus 'n deel van die "skare", die οχλος wat na Jesus luister, maar hulle en hulle leiersgenote vorm nie deel van "die hele volk" ο λαος απας wat na Jesus luister nie. Hier is λαος dus *nie* ekwivalent aan οχλος nie. Binne die οχλος om Jesus, wat uit verskillende elemente bestaan, is daar 'n sekere eenheidsgroep vanuit die oogpunt van die geestelike leiers, te wete die λαος, die laer volksmassa.

Hier dui λαος 'n bepaalde deel van die werklike, histories-etniese volk as 'n eenheidsgroep aan, wat op grond van 'n godsdienstige posisie onderskei word van 'n ander deel.

(d) Nog nader kom λαος in die sin van 'n "veelheid van mense", aan sy eintlike godsdienstige en histories-etniese volkskonnotasie wanneer dit gebruik word *as weergawe van die Rabbynse term 'am haarez* (עַם הָאָרֶז). Hier dui λαος nou 'n spesifieke gedeelte, 'n getipeerde

⁶¹ Strathmann:, TWNT IV.-50: λαος is in "Mt. 4:23 etwas blasser im Sinn: von Bevölkerung".

⁶² Vgl: *Banen Wörterbuch*, kolom 1368, πολος II 2 c, en kolom 570, επι.

deel van die volk Israel aan wat op grond van hulle godsdienstige posisie, hulle verhouding tot die Joodse wet deur die Rabbyne gebrandmerk is as nie 'n wesentlike deel van die Godsvolk nie.

'Am haarez⁶³ is 'n benaming in die Rabbynse literatuur wat letterlik "die volk van die land" beteken, maar wat die skrifgeleerdes, in die besonder die Fariseërs, as tegniese term [36] gebruik het om met minagting die "breë volksmassa aan te dui wat die wet (soos hulle dit uitgelê het) nie geken en nie onderhou het nie⁶⁴ — in hulle oë die laer, ongeleerde, flou-godsdienstige massa, wat in skerp teëstelling staan tot hulleself, die Perushim of Chaberim, die godsdienstige leiers, geleerdes en nougesette onderhouers van die wet, die 'am kodesj (שְׂרָרָה וְעַלְוֵהוּ), die heilige volk.⁶⁵ Die onderskeiding en minagting deur die Fariseërs was nie 'n klasse- of maatskaplike of materiële onderskeiding nie maar 'n godsdienstige⁶⁶) die 'am haarez was die *leke-element* teenoor die Fariseërs as die wetsleraars; die onkundiges ten opsigte van die wet teenoor die wetskundiges; die nie-onderhouers van die wet teenoor die wetsywersaars; die sondaars teenoor die vromes en heiliges. "Im Unterschied vom gewöhnlichen Volke sind die Pharisäer *die chaberim, die Bundesbrüder*, welche die wahre Gemeinde Israel's distellen ... So erkennt auch die Pharisäer nur den Pharisäer als chaber, al Bundesbrüder im vollen Sinne an. Alles Übrige ist 'Volk des Landes'."⁶⁷ [In teenstelling met die gewone mense, is die Fariseërs die chaberim, die verbondsbroers wat die ware gemeenskap van Israel verdryf. Al die ander is 'mense van die land']

Sover aan my bekend, is die gebruik van λαος hiervoor in die N.T. nog nie elders uiteengesit nie. Tog kan dit op ten minste twee plekke in die Evangelies aangedui word, naamlik in Luk. 7:29-30 en Matth. 27:64.

Luk. 7:29 en 30.

In vers 24 begin Jesus die skare (οι οχλοι) toespreek. As Jesus klaar gespreek het, word die skare volgens die uiteenlopende reaksies in sy verskillende samestellende groepe verdeel. Die skare (οι οχλοι) bestaan naamlik uit twee duidelik onderskeibare groepe wat verskillend reageer: πας ο λαος και οι τελωναι enersyds, en οι φαρισαιοι και οι νομικοι andersyds.) die hele volk en die tollenaars teenoor die Fariseërs en wetgeleerdes.

Dit is duidelik dat λαος hier 'n bepaalde groep binne die skare (οι οχλοι) uitmaak en nie identies daaraan is nie.⁶⁸ Wie is die πας ο λαος dan? Dit word duidelik uit die volgende gegewens:

(i) *Diegene waarmee o λαος saamgegroepeer word.* ο λαος word genoem tesame met die tollenaars. Die tollenaars was die gehate en veragte beroepslui vir die Jode en te meer nog vir die Fariseërs — diegene wat God, die wet en die vaderland verraaai het vir geldelike gewin,

⁶³ Vir 'n goeie oorsig oor die term 'am haarez ;sien o.a. Strack-Billerbeck II, 494-519; Schürer: *Geschichte*³ II 387-388, 399-402; C. Guignebert: *The Jewish World in the time of Jesus*, vertaal deur S.H. Hooke², 1951, 206-209; W. Bousset: *Der Religion des Judentums im späthellenistischen Zeitalter. Handbuch zum N.T.*: 21, 1926, 164-165, 187-188; R. Meyer οχλος, TWNT V, 587-590.; R. Meyer: *Der Am ha-Ares, Ein Beitrag der Religionssoziologie Palästinas im ersten und zweiten nach-christlichen Jahrhundert*, Jud. 3 (1947), 169-199.

⁶⁴ Strack-Billerbeck II, 494; Schürer: *Geschichte*³ II, 400; Guignebert, *Jewish World*, 206.

⁶⁵ Vgl. Strack-Billerbeck II, 494 en 496.

⁶⁶ Vgl. Strack-Billerbeck II, 494; Schürer: *Geschichte*³ II, 400 Anm. 54; Guignebert, *Jewish World*, 208; Meyer: TWNT V, 589 . en Jud 3, 176 e.v.

⁶⁷ Schürer: *Geschichte* II³, 402; vgl. ook I. Abrahams: *Studies in Pharisaism and the Gospels*, 1917, II, 656.

⁶⁸ Teenoor Strathmann wat Luk. 7:29 beskou as 'n duidelike voorbeeld waar "λαος nur ein anderer Ausdruck für ein vorher gebrauchtes οχλος" is, TWNT IV, 50.

medewerkers van die heidense verdukkers, mense wat so naby aan heidene as moontlik is.⁶⁹

[37]

Dit kan dus aangeneem word dat ook ο λαος hier die een of ander deur die Fariseërs veragte groep aandui. Die een groep wat die Fariseërs feitlik op een lyn met die tollenaars gestel het, was die 'am haarez, die massa van die volk wat die wet nie geken en nie so stip onderhou het nie.

(ii) Diegene waarmee ο λαος in teestelling geplaas word.

ο λαος word uitdruklik in teestelling geplaas met οι φαρισαιοι και οι νομικοι dus met dié mense wat so skerp onderskei het tussen hulleself, die Aftgeskeidenes (Fariseërs) en die veragte 'am haarez. Daar was vir hulle in Israel 'n diep kloof tussen Fariseër — wetgeleerdes en 'am haarez.⁷⁰

(iii) Die strekking van Lukas se afsonderlike verwysing na ο λαος en na οι φαρισαιοι.

Lukas lê in vss. 29, 30 die klem spesifiek daarop dat ο λαος en die tollenaars God geregverdig het, maar dat die Fariseërs en wetgeleerdes Gods raad weerstaan het. Die bedoeling hiervan kom in die regte perspektief te staan wanneer in ag geneem word dat die Fariseërs net hulleself as regverdig en welbehaaglik vir God beskou het en juis die 'am haarez verdoem het as onregverdige voor God. So het Hillel (± 200 v.C.) *die uitspraak gemaak*: "Ein Ungebildeter bōr (sinoniem vir 'am haarez — J.C.C.) ist nicht sündenscheu, u. ein 'Am Ha-areç ist nicht fromm".⁷¹ [n onopgevoede bōr is nie skaam vir sonde nie, en 'n 'Am Ha-areç is nie vroom nie]

(iv) Die aanklag van die Fariseërs teen Jesus waarna Hy juis by dié geleentheid verwys.

In Luk. 7:35 sê Jesus dat die Fariseërs Hom verwyf dat Hy "'n vriend van τελωναι και αμαρτωλων is. In vs. 29 was daar sprake van πας ο λαος και τελωναι teenoor die Fariseërs c.s.

In vs. 35 kry ons 'n ander, parallelle benaming vir die ο λαος van vs. 29. Die λαος van vs. 29 is in die oë van die Fariseërs die "sondaars". "Sondaars" is 'n tipiese karakterisering van die 'am haarez in die mond van die Fariseërs — volgens getuienis van die N.T. self! "Jedenfalls aber entspricht dem Gegensatz zwischen Pharisäern und Amhaarez der in unsern Evangelien überall hervortretende Gegensatz der Frommen gegen die Sünder und Zöllner. Die Sünder entsprechen wohl genau dem Amhaarez."⁷² [In elk geval stem die verskil tussen die Fariseërs en Amhaarez egter ooreen met die verskil tussen die vrome en die sondaars en tollenaars wat oral in ons Evangelies voorkom. Die sondaars stem waarskynlik presies ooreen met die Amhaarez.] Dit blyk veral uit die feit dat [38] die Fariseërs dit teen Jesus hou dat Hy 'n vriend van die "sondaars" is, by hulle aan huis gaan en eet (Mark. 2:14-17; Matth. 9:9-13; Luk. 5:27-32), terwyl in hulle geskrifte die Fariseërs juis die verkeer met en aan huis gaan by die 'am haarez streng veroordeel het. Onder andere het hulle bepaal: "'n Chaber gaan nie as gas by 'n 'am haarez in nie en ontvang hom nie in sy huis as gas nie".⁷³ E. Schürer merk hierby op: "Wenn also die Evangelien erzählen, dass die Pharisäer sich tadelnd äussern über Jesu freien Verkehr mit den 'Zöllnern und Sündern', über sein Einkehren in deren Häusern... so entspricht dies genau dem

⁶⁹ Vgl. o.a.; Strack-Billerbeck I, 377-379

⁷⁰ Die geweldige skeiding wat die wetgeleerdes tussen hulleself en 'am haarez daargestel het, blyk veral uit die menigte skerp onreinheidswette ten opsigte van kontak met die 'am haarez. Vgl. lyste hiervan in Strack-Billerbeck II, 509-514; Schürer, *Geschichte*³, II, 387-388.

⁷¹ Aboth ii, 5, soos weergegee deur Strack-Billerbeck II, 495.

⁷² Bousset: *Religion*, 187-188; so ook Guignebert: *Jewish World*, 207.

⁷³ Demai ii, 3. Vgl. ook vele soortgelyke rabbynse uitsprake versamel in Strack-Billerbeck II, 509, 514.

hier dargelegten Standpunkte. Die Pharisäer haben sich in der That vom Volk des Lands abgesondert, insofern sie den näheren Verkehr mit demselben gemieden haben!"⁷⁴ [Wanneer die Evangelies dus vertel dat die Fariseërs smaad uitspreek oor Jesus se vrye omgang met die 'tollenaars en sondaars', oor die feit dat hy in hul huise verkeer het ... stem dit presies ooreen met die standpunt wat hier aangebied word. Die Fariseërs het hulle eintlik van die mense in die land onderskei, vir sover hulle noue kontak met hulle vermy het.]

ο λαος dui dus in Luk. 7:29 die 'am haarez aan, die massa van die volk wat die wet nie onderhou nie. In die mond van die Fariseërs is dit in maiem partem gebruik. Hoe oordeel die evangelie oor dié volksmassa?

Matth. 21:64.

Wanneer Jesus nog in die graf is, kom die owerpriesters en die Fariseërs — let wel, die Fariseërs! — by Pilatus met die versoek dat Jesus se graf bewaak moet word, sodat sy dissipels nie sy lyk kon steel en dan vir ο λαος vertel dat Hy volgens sy voorspelling opgestaan het nie. Dit, sê die Fariseërs, sal 'n slegte saak wees, want Jesus was in sy lewe 'n πλανος, d.i. iemand wat 'n dwaling onder mense bewerk het, en as sy dissipels nou aan ο λαος gaan vertel dat Hy opgestaan het, sal "die laaste πλανη, d.i. dwaling, erger wees as die eerste".

Volgens die Fariseërs was Jesus dus in sy lewe 'n πλανος, wat ο λαος tot 'n πλανη — 'n eerste πλανη — gebring het, en nou dreig 'n tweede en erger πλανη onder ο λαος. Die Fariseërs sê dus dat hulle hul ook 'n eerste πλανη onder ο λαος deur Jesus se toedoen herinner.

Ons kry hier 'n duidelike herinnering by die Fariseërs aan hulle eie oordeel oor die invloed van Jesus op die 'am haarez tydens sy lewe. Dit word naamlik verhaal in Joh. 7:12-49. Dat in hierdie verse die "skare (οχλος) wat die wet nie ken nie", die 'am haarez is, word algemeen aanvaar.⁷⁵

Reeds in Joh. 7:12 staan daar: "Sommige het gesê hy is goed, maar ander het gesê: ου αλλα πλανα τον οχλον. Die dienaars wat Hom moes vang, keer daarna verwonderd oor sy ^[39] woorde, sonder Jesus terug. Hierop antwoord die Fariseërs: "μη και υμεις πεπλανησθε"; Het iemand uit die owerstes in Hom geglo of uit die Fariseërs? Maar hierdie skare (οχλος) wat die wet nie ken nie, is vervloek" (vss. 47-49). Terwyl Johannes bykans nooit die woord λαος gebruik nie maar deurgaans οι Ιουδαιοι of οχλος het waar die ander Evangelieskrywers λαος gebruik, kan οχλος by Johannes dus dieselfde betekenis hê as λαος by Mattheüs. Uit Joh. 7:47 is dit duidelik wie die αλλοι in 7:12 is wat sê Jesus bring die οχλος tot dwaling: dit is die Fariseërs. Uit vs. 49 blyk dit weer wie die οχλος is vir wie Jesus tot dwaling bring: dit is die 'am haarez.

Hier sê die Fariseërs dus tydens Jesus se lewe dat Hy die 'am haarez bring tot πλανη, tot dwaling. Jesus is vir die Fariseërs die πλανος van die 'am haarez.

Dit is duidelik dat die Fariseërs, wanneer hulle in Matth. 27:64 spreek van 'n eerste πλανη van die λαος tydens Jesus se lewe, aan die gebeurtenis van Joh. 7:12 dink. Dit was die eerste πλανη van die λαος, nou dreig 'n tweede en erger πλανη van die λαος. Die Fariseërs vrees dat 'n "skyn-opstanding" van Jesus weer, en nou in 'n erger graad, die liggelowige λαος, d.i. 'am haarez, wat die wet nie ken nie, tot dwaling sal bring.

Besluit.

Die woord λαος, die ere naam van Israel, die volk van God, word in die N.T. dus ook gebruik

⁷⁴ *Geschichte II*³, 403.

⁷⁵ So o.a. Meyer: *T'WNT V*, 589-590; Schürer: *Geschichte*³ *II*, 400 . Anm. 54; Strack-Billerbeck *II*, 494; Bousset, *Religion*, 165, 187.

om die deur die Fariseese wetgeleerdes veragte massa van die volk aan te dui — diegene wat in hulle oë ongodvresend is, wat nie die ware Godsvolk toebehoort nie! $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ is hier die "volk van die land" in teenstelling tot die "heilige volk".

Dit weerspieël 'n differensiering binne die histories-etniese volk Israel in sy hoedanigheid as Godsvolk en dui dan dié deel van die histories-etniese volk aan wat die Rabbyne as nie 'n wesentlike deel van die Godsvolk beskou het nie.

Hierdie gebruik van $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ het dus betekenis vir die vraag na die verhouding tussen volk en Godsvolk. Die ander nuanseringe ((a), (b) en (c) hierbo) van die gebruik van $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ vir 'n "veelheid van Joodse mense" het egter min belang vir hierdie studie.

3. $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ in *suiwer godsdienstige sin vir die kerk van Christus*.

$\lambda\alpha\omicron\varsigma$ ondergaan in die loop van die N.T. 'n besondere, 'n radikale betekenisverandering. Die woord wat in die enkelvoud in die Evangelies konsekwent gereserveer is vir die Israelitiese ^[40] volk, en wat as tegniese term uitdrukking gee aan die besondere, absoluut eensoortige plek van dié een volk op grond van sy godsdienstige posisie, word vanaf Handeling 13 omskep in 'n naam vir 'n groep mense verspreid oor die hele aarde en komende uit alle volke of nasies, geheel sonder enige beperkende histories-etniese volkskonnotasie.

Van die eerste keer waar $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ in die N.T. so gebruik word, sê H. Strathmann:⁷⁶ "Ein erstaunlicher, für jüdisches Empfinden geradezu revolutionärer ... Satz. Bis dahin waren $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ und $\epsilon\theta\nu\eta$ sich ausschliessende Gegensätze. Jetzt erwächst dem Namen Gottes aus den $\epsilon\theta\nu\eta$ ein $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ unabhängig von aller völkischen Bedingungen". [n Verstommende, vir Joodse gevoel heeltemal revolusionêre ... sin. Tot dan was $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ en $\epsilon\theta\nu\eta$ onderling uitsluitende begrippe. Nou groei deur die naam van God uit die $\epsilon\theta\nu\eta$ 'n $\lambda\alpha\omicron\varsigma$, ongeag alle nasionale toestande. G.W.B.: "This was for Jewish ears an astounding and even a revolutionary saying, though the way had been prepared for it in OT prophecy. Thus far $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ and $\epsilon\theta\nu\eta$ had been mutually exclusive terms. Now there rises up to God's name from the $\epsilon\theta\nu\eta$ a $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ independent of all national preconditions."]

$\lambda\alpha\omicron\varsigma$ word 'n benaming vir die universele kerk van Christus, 'n Radikale verandering tree in: waar $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ gereserveer was vir Israel alleen, dui dit nou 'n groep mense uit enige volk aan. Maar daar is ook kontinuïteit en direkte aansluiting in betekenis: ook vir die nuwe groep uit alle volke gee $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ uitdrukking aan die besondere, absoluut eensoortige plek van die groep op grond van sy godsdienstige posisie.

As aanduiding vir die kerk van Christus kom $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ agtien of negentien keer in die N.T. voor: twee keer in Handeling 13; vyf keer in die briewe van Paulus (drie in Romeine; een in 2 Korinthiërs; een in Titus; ses-of sewe keer in Hebreërs;⁷⁷ drie keer in 1 Petrus en twee keer in Openbaring.

Tog sien $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ wanneer dit so, bevry van sy histories-etniese beperktheid tot die volk Israel, gebruik word, nie altyd op die kerk in sy universaliteit, nie altyd op die universele Godsvolk in sy geheel nie. Dit kan die in Christus gelowende Godsvolk in sy geheel of in 'n bepaalde deel daarvan aandui. Die volgende gebruike kan onderskei word:

- (i) $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ vir die gelowiges uit die heidennasies.
- (ii) $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ vir al die gelowiges op 'n bepaalde plek — die plaaslike gemeente.
- (iii) $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ vir die hele kerk.

⁷⁶ TWNT IV, 53.

⁷⁷ Dit is baie moeilik om vas te stel of $\lambda\alpha\omicron\varsigma$ in Hebr. 11:25 net op Israël sien en of die skrywer ook verder gesien het op die hele ware Godsvolk.

(iv) Λαος vir die hele nuwe mensheid op die nuwe aarde — die verheerlikte kerk.

(i) Λαος vir die gelowiges uit die heidennasies.

Wanneer λαος die eerste maal losgemaak word van sy nasionale begrensdeheid tot Israel, in *Hand. 15:14*, word dit net gebruik van die gelowiges uit die heidennasies.⁷⁸ Daar is 'n bewuste beperking tot 'n bepaalde deel van die mensheid,^[41] al die εθνη waaruit die λαος geroep word.

Jakobus spreek hier die apostelkonvent toe: "Simeon het vertel hoe God van die begin af uitgesien het om 'n volk uit die heidennasies (εξ εθνων λαον) vir sy Naam te roep".

εξ εθνων λαον — uit die heidennasies 'n λαος, 'n Godsvolk! Vir die ore van die Jood 'n contradictio in terminis. Λαος en εθνη was teëstellende begrippe. Hier is 'n radikale wysiging in die begrip λαος. Die ou teëstelling λαος — εθνη word vervang met: 'n λαος uit εθνη.

Λαος is dus hier gelyk aan die gelowiges uit die heidennasies. Λαος is hier nie 'n aanduiding vir Israel nie en ook nie gelyk aan die kerk nie. Dié teks vorm 'n brug tussen λαος vir Israel as Godsvolk en λαος vir die kerk as universele messiaanse Godsvolk. Λαος beskryf die gelowiges uit die heidennasies as Godsvolk.

Die begrip λαος het in *Hand. 15:14* geen histories-etniese volkskonnotasie nie, dit is hier 'n suiwer godsdienstige begrip. Daar is geen beperktheid tot een histories-etniese volk meer nie.

(ii) Λαος vir al die gelowiges op 'n bepaalde plek — die plaaslike gemeente, *Hand. 18:10*.

Die Here spreek met Paulus op sy tweede sendingreis te Korinthe: λαος εστι μοι πολυς εν τη πολει ταυτη — "Ek het 'n talryke volk in hierdie stad".

Λαος dui hier die kerk, die gelowiges in Jesus Christus, in eerste instansie as Godsvolk aan. Paulus word verseker dat God in hierdie heidense stad en niestaaende die vyandskap van die Jode(!) Λαος πολυς het, 'n λαος in die heidense stad, 'n λαος wat nie sien op die Joodse gemeenskap nie(!); 'n λαος van God, reeds bekend by God, maar nie sigbaar vir Paulus nie; 'n λαος dus wat eers kenbaar sal word as hulle gelowig geword het. Hier is derhalwe nie — ook nie sekondêr nie — 'n histories-etniese eenheid nie maar die gelowige volk van God. Die bestaansgrond van hierdie λαος is suiwer godsdienstig, nee, meer nog, suiwer goddelik: God het reeds — εστι μοι — die λαος in Korinthe voordat daar geglo word. Selfs die geloof van die mense *maak* nie die λαος nie, maar dit is net kenteken van die λαος.

Dit is opvallend dat λαος hier die *plaaslike* gemeente van een stad aandui. — εν τη πολει ταυτη.

Hier is 'n belangrike terminologiese ooreenkoms met die gebruik van λαος deur die Diaspora-Jode, wat ook die Joodse^[42] gemeenskap of gemeente in 'n bepaalde stad λαος genoem het, soos dit ook in die N.T. voorkom in *Hand. 13:15*.⁷⁹ Dié gebruik van λαος vir die plaaslike Christelike gemeente is dus nie sonder voorbereiding in die Jodendom nie.

Die absolute nuwe is egter dat 'n ander gemeenskap as die Joodse gemeenskap λαος kan heet en nogal λαος μοι — λαος vir God.

Die Afrikaanse vertaling neem λαος in die sin van "menigte", na analogie van die gebruik van Lukas om 'n Joodse menigte of die volksmassa van die Jode aan te dui as λαος⁸⁰ en vertaal: "Want Ek het baie mense in hierdie stad". Hierdie vertaling is te algemeen, te neutraal, en betekenisloos. Dit bring nie tot uiting die besondere opmerklike, die "rewolusionêre" in die

⁷⁸ Vir die vertaling "heidennasies", vergelyk die behandeling van εθνη hieronder, hf. I, § 2, pp. 53-57.

⁷⁹ Sien die behandeling hiervan hierbo, pp. 26-28.

⁸⁰ Sien hierbo, pp. 34 e.v.

gebruik van λαος hier nie, naamlik dat die *gelowiges* aldaar, Jode sowel as heidene, die benaming kry wat altyd net vir Israel afgesonder was. Λαος wil hier ongetwyfeld die plaaslike gemeente van gelowiges aandui as ware Godsvolk. Die Lutherse vertaling lees tereg "ein grosses Volk" ['n groot Volk] en die nuwe Nederlandse vertaling (N.B.G.) "veel Volk".

Wat wel waar is, is dat hier in die begrip λαος die eenheidsgedagte nie op die voorgrond staan nie. λαος dui hier Godsvolk aan en dan die Godsvolk eerder na die veelheid van die lede as na sy eenheid.

(iii) Λαος *vir die hele kerk.*

'n Duidelike voorbeeld van die gebruik van λαος in suiwer godsdienstige sin as benaming vir die hele kerk, alle gelowiges as die Godsvolk, is Hebr. 4:9: "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God' — τω λαω του θεου.

Hier dui λαος aan: die ware gelowiges, aanvanklik uit Israel van die Ou-Testamentiese tyd en nou *alle* gelowiges — dus die kerk as die universele Godsvolk van alle tye.

"B. Weiss wil bij τω λαω του θεου denken aan Israel in nationalen zin, omdat daarvan sprake was in het vorige vers".⁸¹

Dit is egter duidelik dat die skrywer van Hebreërs juis wil aantoon dat God se belofte van rus nog standhou (4:1) *vir diegene wat glo* (4:3), en dat sy woord wat Hy gesweer het, nl. "hulle sal in my rus nie ingaan nie", net die ongehoorsames (3:18), dit is die ongelowiges, gegeld het. Die sabbatsrus het nog — en net — *vir die gelowiges* as belofte bly staan, destyds vir die gelowiges uit Israel en nou vir alle gelowiges, dit is vir die volk van God. Vers 9 moet veral saam met vs. 3 ^[43] gelees word: "Want *ons* wat *geglo* het, gaan die rus in"; en saam met vs. 11: "Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus".

Hierdie λαος, die kerk, is dus suiwer godsdienstig van aard — enkel en alleen die geloof sluit mense in of uit die λαος. Daar is geen histories-etniese grond vir toebehore tot die λαος nie, geen histories-etniese beperktheid van die λαος nie.

Saam met die histories-etniese beperktheid het ook die histories-etniese antitetiese element in die begrip λαος verval. Die antitetiese karakter van die λαος -begrip bly egter behoue. Λαος veronderstel nog as noodwendige teenpool ου λαος; Godsvolk staan steeds teenoor nie-Godsvolk. Maar die antitese is nou suiwer godsdienstig van aard: die λαος, diegene wat glo, sal die sabbatsrus ontvang, en diegene wat nie glo nie, die ου λαος, sal "in my rus nie ingaan nie". Die ongeloof sluit mense uit die rus van God en uit die λαος van God. Λαος dui die gelowiges aan as 'n wesentlik verskillende en eensoortige groep teenoor die ongelowiges. Λαος druk die teëstelling van die kerk tot die wêreld uit — die gelowiges se andersoortigheid — vgl. ook Tit. 2:12-14; 2 Kor. 6:14-17; Openb. 18:4.

(iv) Λαος *vir die hele nuwe mensheid op die nuwe aarde — die verheerlikte kerk.* Openb. 21:3.

Wanneer die nuwe hemel en die nuwe aarde in aansyn geroep is en die nuwe Jerusalem van God uit die hemel neerdaal (21:1, 2), kom 'n stem uit die hemel: "Kyk die tabernakel van God is by die mense... en hulle sal sy volk wees" — μετα των ανθρωπων . . . και αυτοι λαοι αυτου εσονται.

Hier as enigste plek in die N.T. het die begrip λαος die gesaligdes op die nuwe aarde tot inhoud: die nuwe λαος in die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde!

⁸¹ F.W. Grosheide: *De brief aan de Hebreëen en de brief van Jakobus, Commentaar op het N.T.*, 1955, 116, voetnoot 8.

Van besondere belang is dat hier een van die hoofaspekte van die begrip *λαος* verdwyn, naamlik die antitetiese element. Hier staan *λαος* nie onderskeie van *εθνη*, die heidennasies, ook nie van die ongelowiges nie. *Οι ανθρωποι* waarop die "hulle" terugwys, is dan die *λαος*. Die mense, *alle* mense op die nuwe aarde, sal o *λαος* wees. Die hele mensheid op die nuwe aarde vorm die Godsvolk.

Besluit.

Vanaf Handeling tree die gebruik van *λαος* in suiwer godsdienstige sin na vore. In hierdie sin verloor die begrip ^[44] *Λαος* geheel en al sy histories-etniese konnotasie. Dit het nie meer die volk Israel tot inhoud nie maar die gelowiges, die kerk van Christus.

Hiermee word die begrip *λαος* ook losgemaak van sy *beperktheid* tot een histories-etniese volk. *Λαος* oorskry die grense van die een volk Israel en kry universele omvang. Dit omvat nou ook die gelowiges uit die heidennasies. Dit dui alle gelowiges, die universele messiaanse Godsvolk aan. Dit word bevestig deur die verdwyning van die histories-etniese antitetiese element in die begrip *λαος*, wat vervang word deur 'n suiwer godsdienstige antitetiese element.

Λαος word ten slotte die benaming vir die hele nuwe mensheid op die nuwe aarde.

[45]

§ 2. Εθνος (Εθνη).

A. Εθνος 46. Inleidend 46. 1. Εθνος in histories-etniese sin vir die volk Israel 47. (a) Deur Jode teenoor Jode gebruik 47. (b) Deur Jode teenoor nie-Jode gebruik 48. (c) Deur nie-Jode teenoor Jode gebruik 49. 2. Εθνος in histories-etniese sin vir enige volk 49. 3. Εθνος as eretitel vir die kerk van Christus 50. Besluit 51. B. Εθνη 51. Inleidend 51. 1. Εθνη in suiwer histories-etniese sin vir die nasies 52. 2. Εθνη in godsdienstige en histories-etniese sin vir die heidennasies 53. 3. Εθνη in suiwer godsdienstige sin vir die heidene 56. Besluit 56.

Vanweë die opsigtelike gebruik van die meervoudsvorm *εθνη* as tegniese term in teëstelling tot Israel as *λαος* en die klaarblyklike afwesigheid van hierdie tegniese gebruik by die enkelvoudsvorm *εθνος*, is dit noodsaaklik om die woord in die enkelvoud en in die meervoud afsonderlik te behandel.

A. Εθνος.

Terwyl die A.V. die reël volg om *λαος* te vertaal as volk, vertaal dit *εθνος* soms as nasie, soms as volk.⁸² Om die verskil in die Grieks weer te gee, is 'n vaste onderskeiding nodig en hou ek my konsekwent aan die vertaling van *λαος* met volk en *εθνος* met nasie, sonder om daarmee die in Afrikaans bestaande konnotasieverskil tussen volk en nasie op die Griekse woord te wil oordra. Die verskil of/en ooreenkoms tussen die twee Griekse begrippe in die N.T. kan eers deur hierdie begripsontleding blyk. In die Griekse taal is *εθνος* van vroeg af 'n algemeen gebruikte woord. Dit is waarskynlik afgelei van *εθος* (sede, gewoonte, gebruik, eienaardighede) en dui dus in die algemeen 'n groep mense (of diere) aan wat dieselfde sedes, gewoontes, eienaardighede het⁸³ of bymekaar woon.⁸⁴ Sedert Homeros kry dit die besondere betekenis van volk of nasie. Van die sinonieme *εθνος*, *φυλη*, *λαος*, *γλωσσα* het *εθνος* volgens K.L.

⁸² 17 keer nasie; 12 keer volk; 1 keer bevolking. Hoe inkonsekwent die A.V. hierin is, blyk ten duidelikste uit Joh. 11:48-52 waarin *εθνος* 4 keer voorkom, maar 2 keer as nasie en 2 keer as volk vertaal is, en uit Hand. 24:3 en 10 waar *εθνος*, hoewel in presies dieselfde verband gebruik, eers as nasie en dan as volk vertaal word. Hierdie gebrek aan eenvormigheid in die A.V., wat in minder mate oor *εθνη* geld, behoort reggestel te word by hersiening.

⁸³ Vgl. o.a. Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 384; H. Frisk: *Griechisches etymologisches Wörterbuch*, 1954 e.v., I, 448; K.L. Schmidt: *εθνος* TWNT II, 366.

⁸⁴ Vgl. Liddel & Scott: *Lexicon*, 480.

Schmidt⁸⁵ "den allgemeinsten, blassesten, bloss 'etnographischen' Sinn und bezeichnet die natürliche Zusammengehörigkeit eines Volkes im allgemeinen" [die mees algemene, swakste, bloot 'etnografiese' betekenis en dui op die natuurlike samesyn van 'n volk in die algemeen. **G.W.B.:** "ἔθνος is the most general and therefore the weakest of these terms, having simply an ethnographical sense and denoting the natural cohesion of a people in general."]. Teen hierdie agtergrond word die gebruik van ἔθνος in die N.T. nagegaan.

Kenmerkend van die gebruik van die woord in die N.T. is dat dit net so dikwels spesifiek vir Israel as in die algemeen vir enige volk gebruik word (dertien keer elk) en verder dat dit net by hoogste uitsondering (1 Petrus 2:9) op die messiaanse Godsvolk toegepas word.⁸⁶ Na aanleiding hiervan word behandel: ^[46]

ἔθνος in histories-etniese sin vir die volk Israel;

ἔθνος in histories-etniese sin vir enige volk;

ἔθνος as eretitel vir die kerk van Christus.

1. ἔθνος in *histories-etniese sin vir die volk Israel*.

Die gebruik van ἔθνος vir Israel vertoon deurgaans so 'n sterk ooreenkoms, dat 'n duidelike beeld van die betekenis van die woord in hierdie gebruik verkry kan word.

(a) *Deur Jode teenoor Jode gebruik*.

Belangrik is veral *Joh. 11:48*: "... en die Romeine sal kom en sowel ons woonplek as ons nasie afneem". Dit is besonder opvallend dat die godsdienstige leiers, die owerpriesters en Fariseërs, in die Joodse Raad spreek van Israel as ἔθνος en nie as λαός nie. Hiervoor moet daar 'n besondere rede wees, wat alleen geleë kan wees in die inhoud van hul woorde: dit gaan hier om 'n bedreiging van die Jode deur die oorheersende volk. Woonplek, τόπος (die land of hoofstad), en die nasie (ἔθνος) staan gevaar om weggeneem te word. Dit gaan dus om die bedreiging van die nasionale voortbestaan van Israel, om die bestaan van Israel op staatkundige terrein. "Daar zij uit een staatkundig oogpunt spreken, plaatsen zij volk teenover volk en bezigen de uitdrukking ἔθνος en niet λαός dat het volk Israel als zoodanig aanwijst".⁸⁷

Tog gaan dit vir die Jode nie maar om die volk in objektiewe sin nie. Dit is "ons nasie", die nasie waartoe ons behoort, waaraan ons innig verbonde is. Dit toon dat ἔθνος vir die Jood sy natuurlike gevoel van verbondenheid aan die Joodse volk uitdruk. Hier is in die begrip dus ook 'n sekere etniese konnotasie.

In *Joh. 11:48* dui ἔθνος dus Israel in histories-etniese sin aan.

Noue ooreenkoms hiermee vertoon die gebruik van ἔθνος (in stede van λαός) vir Israel deur Paulus wanneer hy die Joodse leiers in Rome toespreek, *Hand. 28:19*. Dit is veral opvallend wanneer in ag geneem word dat Paulus net vantevore (vs. 17) toe daar sprake was van oortreding van die godsdienstige instellings, sodanige oortreding genoem het 'n oortreding teen ο λαός. In vs. 19 slaan Paulus egter oor na die gebruik van ἔθνος vir Israel. Dit doen hy juis waar hy begin spreek van die keiser, d.i. van die Romeinse owerheid, en van 'n offisiële aanklag (κατηγορεῶ) is 'n juridiese, tegniese term)⁸⁸ voor die owerheid van die Ryk teen sy volk. Wanneer ^[47] dit dus nie meer oor godsdienssake gaan nie maar oor staatkundige sake, wanneer Paulus die gedagte van verraad teen sy eie mense, sy eie volk wil uitwis — dan gebruik hy

⁸⁵ TWNT II, 366. Vgl. Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 384.

⁸⁶ In drie gevalle (*Matth. 21:43* en *Rom. 10:19* (2 x)) kan die Presiese inhoud nie bepaal word nie.

⁸⁷ Godet: *Johannes II*, 326-327.

⁸⁸ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 836.

ἔθνος vir Israel.

Ook hier kom die pers. vnw. by (anders as by λαός in vs. 17) waaruit weer die element van natuurlike verbondenheid wat opgesluit lê in die begrip ἔθνος, tot uitdrukking kom.

'n Derde keer word ἔθνος op soortgelyke wyse gebesig in *Lukas 7:5* waar die Jode met Jesus spreek oor die hoofman van Kapernaüm. Weer word hierdie volksbegrip — met die pers. vnw. — gebruik waar dit gaan om die opmerklieke welwillendheid van 'n lid van die oorheersende volk vir die Joodse volk; waar dit gaan om die gesindheid van 'n man van 'n ander nasionaliteit tot die Joodse volk.

Volgens die N.T. gebruik Jode dus onderling dié volksbegrip vir die volk Israel wanneer dit pertinent gaan om Israel in histories-etniese verband, om die verhouding van Israel tot ander volke op die natuurlik-volkse niveau. Hier blyk dan ook dat die Jode hulleself wel gesien het as 'n histories-etniese volk net soos enige ander volk.

(b) Deur Jode teenoor nie-Jode gebruik.

In *Hand. 24:3*⁸⁹ en 24:10 gebruik sowel die Joodse advokaat Tertullus as Paulus ἔθνος vir Israel wanneer hulle goewerneur Felix aanspreek. Dat die woord hier in nasionale sin gebruik is, is duidelik: dit dui hier die Jode aan as die volk, die nasionale eenheid, waaroor Felix regeer. Die feit dat in beide tekste gespreek word van "*hierdie nasie*", toon dat 'n beskrywende toevoeging tot ἔθνος nodig is om Israel te onderskei van ander soortgelyke nasies. Hierdie woord plaas Israel dus op gelyke natuurlik-volkse vlak met enige ander nasie.

Wanneer Paulus in *Hand. 24:17* teenoor Felix en in *Hand. 26:4* teenoor Agrippa weer ἔθνος vir Israel gebruik, val die nadruk veral op die natuurlike verbondenheid aan die volk. *Hand. 24:17*: Nadat Paulus jarelank onder vreemde nasies gearbei het, het hy eindelik weer na Palestina teruggekeer "om aan *my nasie* aalmoese te bring" — *hierdie nasie* is die ἔθνος waarvan hy van nature lid is, waarmee hy innig verbonde is. *Hand. 26:4*: Van die begin af, van kindsbeen af leef Paulus "onder *my nasie* in Jerusalem". Hier word ἔθνος verbind met geboorte, met saamlewe, en met die hoofstad van die land. Dit word versterk deur die pers. vnw., wat die verbondenheid aan die volk uitdruk.

[48]

Luk. 23:2 is reeds bespreek by die behandeling van λαός⁹⁰ en die gebruik van ἔθνος daarin lê volkome in lyn met die voorafgaande.

Die N.T. toon dus dat ook en in die besonder teenoor nie-Jode, die Jood ἔθνος in histories-etniese sin gebruik vir sy volk en sy volk hiermee aandui as 'n onderskeie maar volkome gelyksoortige nasie onder die nasies.

(c) Deur nie-Jode teenoor Jode gebruik.

In *Joh. 18:35* sê Pilatus aan Jesus: *Ék is tog nie 'n Jood nie? Ú nasie en die owerpriesters het U aan my oorgelewer*". Hiermee is nie alleen die nasionale bewussyn van Pilatus uitgedruk nie, maar die beklemtoonde " *Ú nasie*" (το σον — beklemtoonde pers. vnw.) druk ook die erkenning van Israel se eie, histories-etniese volksbestaan uit.

In *Hand. 10:22* laat die gesante van Cornelius die klem daarop val dat Cornelius, 'n Romein en boonop 'n Romeinse offisier, 'n verteenwoordiger van die oorheersende volk, 'n goeie naam het by die "hele nasie van die Jode". Alhoewel hy van 'n ander, en dit die oorheersende, volk is, word hy hooggeag deur "die nasie van die Jode". Weer gaan dit by ἔθνος dus om 'n nasionale

⁸⁹ Volgens A.V. 23:3; volgens Nestle 24:2.

⁹⁰ Sien hf. I, § 1, pp. 29-31.

onderskeiding; om die volksbestaan van Israel; om die aanduiding van een volk in onderskeiding van 'n ander.

Waar εθνος vir Israel gebruik word, het dit dus 'n baie eensluidende en duidelike betekenis: dit het 'n besliste histories-etniese konnotasie, waarin die nadruk val nie soseer op die eie en besondere geskiedenis en op die af stammingsverband nie, as op die eie, konkreet-teenswoordige nasionale bestaan as 'n onderskeie maar soortgelyke volk onder die volkere en op die natuurlike algemene verbondenheid en samehörigheid van die volk.

2. Εθνος in histories-etniese sin vir enige volk.

Hier is dit moeiliker om altyd uit die gebruik van die woord op 'n bepaalde plek lig te verkry op die konnotasie van εθνος aldaar, aangesien daar dikwels op heel algemene wyse gespreek word. Tog is daar etlike uitsprake waar die betekenis uit die verband wel duidelik aan te toon is.

Mark. 13:8 par. noem as een van die tekens van die begin van die laaste dae: "nasie sal teen nasie opstaan, en koninkryk teen koninkryk". Die voorafgaande vers spreek van "oorloë^[49] en gerugte van oorloë". Εθνος is hier duidelik in historiese bepaaldelik nasionale sin gebruik: daarvoor getuig die parallelle uitdrukking "koninkryk teen koninkryk", terwyl ook die verwysing na oorloë op die staatkundige sfeer wys.

In *Hand. 2:5* wys εθνος blykens die verband weer meer op die etniese, besonderlik die linguistiese onderskeiding van nasie en nasie. Dat die "van elke nasie wat onder die hemel is" nie maar 'n uitdrukking is vir "uit die hele mensdom" nie, word bewys deur die daaropvolgende onderskeiding van die volke by name (vss. 9-11).⁹¹ Die παντος εθνος bedoel hier konkrete, onderskeibare nasies. Die onderskeid tussen nasie en nasie kom dan hier besonderlik uit in die verskil in taal. Die mense van elke nasie hoor die evangelie in hul *eie* taal. Opmerklik is die klem waarmee die taal van elke nasie hier aangedui word as die eiendomlike en kenmerkende besit van daardie nasie: Dit kom reeds uit in vs. 6: "elkeen in die *eie* taal (τη ιδια διαλεκτω)". In vs. 8 word dit nog meer beklemtoon waar die sterk persoonlike poss. adj. ιδιος versterk word deur die pers. vnw. en nog meer deur die toevoeging "waarin ons gebore is". In vs. 11 word dit nog eens herhaal, nou met die poss. adj. ημετερος wat gelykstaan aan die beklemtoonde pers. vnw.

Nog twee elemente van die begrip εθνος kom hier sydelings aan die lig: die afstammingsverband, vs. 8; en die eie land van elke nasie, vs. 9.

Die gebruik van dié begrip in Openbaring in kombinasie met ander volksbegrippe is reeds toegelig by die bespreking van λαος.⁹²⁾

Daar is dus genoegsame aanduidings dat εθνος ook wanneer dit nie (spesifiek) op Israel betrekking het nie, 'n nasie of volk in histories-etniese sin aandui.

3. Εθνος as eretitel vir die kerk van Christus.

In *1 Petrus 2:9* word die kerk "'n heilige nasie" genoem in 'n aanhaling van Ex. 19:6, waar dit van die volk Israel gesê is.

Dit is die enigste plek waar met sekerheid aangetoon kan word dat εθνος op die kerk toegepas word. In *Matth. 21:43* kan dit moontlik op die kerk sien; maar dit is ook moontlik dat dit daar in plaas van die meervoud εθνη gebruik is.⁹³ 1 Pet. 2:9 is dus 'n besliste uitsondering, sodat nie gesê kan word dat εθνος 'n benaming vir die kerk word nie. Eerder^[50] ontvang die

⁹¹ Ook in *Hand. 7:7* en *8:9* sien εθνος op 'n spesifieke nasie.

⁹² Sien hf. I, § 1, pp. 20-22.

⁹³ Sien verder die behandeling van dié teks by hf. II, § 2, pp. 112-114.

kerk as die Godsvolk in sy Nieu-Testamentiese gestalte *in oneintlike sin* die eretitel "heilige nasie" wat die volk Israel as die Godsvolk in sy Ou-Testamentiese gestalte gedra het, omdat dit as werklike nasie deur God geheilig is. Die enigste keer wanneer εθνος vir die kerk gebruik word, word dis dus uitdruklik nader gekwalifiseer deur "heilige".

Besluit.

Die woord εθνος vertoon dus in die N.T. deurgaans 'n konstante konnotasie: dit dui 'n nasie of volk in histories-etniese sin aan, met die nadruk op die konkreet teenswoordige bestaan van die volk as nasionale entiteit en op die eie taal en samehorigheidsgevoel van die volk; in mindere mate op die eie land en die afstammingsverband van die volk. Hierdie betekenis kan dus met goeie reg ook aan die woord geheg word waar die konnotasie nie so duidelik uit die verband blyk nie.

B. Εθνη.

Via die LXX het dié meervoudsvorm in gebruik gekom as Griekse weergawe van die Hebreeuse woord gojim (גוֹיִם), wat in die O.T. en ander Joodse literatuur gebruik kon word as tegniese term in teëstelling tot 'am (λαος), wat die volk Israel as die uitverkore volk van God aandui⁹⁴. Hierdie teëstelling van λαος ('am) en εθνη (gojim) is onmiskenbaar ook in die N.T. aanwesig (vgl. o.a. Luk. 2:32; Matth. 4:15, 16; Luk. 21:23, 24; Hand. 4:27; Hand. 26:17, 23; Hand. 28:27, 28; ens.). Dit roep belangrike vrae na vore in verband met die konnotasie van εθνη in die N.T. Vrae soos; Is εθνη, wat formeel die meervoud van die beslis histories-etniese volksbegrip εθνος is, nie in die N.T. soms ook in betekenis bloot as meervoud van εθνος gebruik nie? Is die teëstelling van εθνη teenoor Israel as Godsvolk 'n blote godsdienstige teëstelling of is dit wel 'n godsdienstige teëstelling maar van volkere teenoor 'n volk? Wanneer die universele kerk die Godsvolk word, wat is dan die konnotasie van εθνη?

Die skerpte van die probleem rondom die begrip εθνη kan geïllustreer word deur uitsprake van J. Blauw en G. Bertram wat handel oor die gebruik in O.T. en N.T. Blauw⁹⁵ maak die stelling: "Wanneer wij gaan spreken over de 'volkeren', dan dient vooraf nog eens nadrukkelijk te worden geconstateerd, dat hiermee in de Bijbel nooit uitsluitend, zelfs niet in de eerste plaats ethnische grootheden worden bedoeld. Heel het ^[51] onderscheid tussen Israel als *volk* Gods en de volkeren moet worden losgemaakt van de moderne notie van 'volk'. Aan nationaliteiten is de Bijbel niets gelegen". Die algemeenheid van hierdie beskouing konstateer G. Bertram,⁹⁶ wanneer hy hom daartéén uitspreek:⁹⁷ "Bei der Verwendung des Begriffes εθνη (gojim) im Sinne von 'Heiden' schwindet offenbar häufig das Bewusstsein davon, dass dieser Plural sich auf eine Mehrzahl von Völkern bezieht; man versteht ihn vielmehr ohne Berücksichtigung seines soziologischen Charakters als Gesamtbezeichnung aller Individuen, die nicht zum auserwählten Volk gehören. Aber Gott ist König der Völker (Jer. 19:7, vgl. Apk. 15:3)" [Wanneer die term εθνη (goyim) in die sin van 'heidene' gebruik word, gaan die bewusheid dat hierdie meervoud na 'n veelheid van mense verwys, blykbaar dikwels verlore; dit word eerder verstaan, sonder om die sosiologiese karakter daarvan in ag te neem, as 'n versamelnaam vir alle individue wat nie tot die gekose volk behoort nie. Maar God is die Koning van die Nasies. **G.W.B.**: "When the term εθνη (גוֹיִם) is used in the sense of Gentiles, it is often with no sense of a plurality of nations. The word is used non-sociologically to describe all the individuals who do not belong to the chosen people. But God is the King of the peoples (Jer. 10:7; cf. Rev. 15:3)."]. Tog, sê Bertram,⁹⁸ word niesteenstaande die besliste plek wat die volk(ere) in die openbaring behou, dikwels met εθνη wel niks meer as

⁹⁴ Vgl. veral G. Bertram εθνος TWNT II, 362-366.

⁹⁵ *Goden en mensen*, 19.

⁹⁶ TWNT II, 364.

⁹⁷ Deur Bertram net gedeeltelik aan te haal, gebruik Blauw hom ten onregte as steun vir sy beskouing.

⁹⁸ TWNT II, 365.

"heidene" bedoel nie.

Ons gaan dus na in hoeverre εθνη in die N.T. gebruik word in suiwer histories-etniese sin vir die nasies; in godsdienstige en histories-etniese sin vir die heiden-nasies; in suiwer godsdienstige sin vir die heidene,⁹⁹

1. Εθνη in suiwer histories-etniese sin vir die nasies.

Veral drie oorwegings moet hier geld: (i) Blyk dit dat ook Israel ingesluit is? (ii) Dra εθνη blykens die verband 'n besliste histories-etniese stempel en/of is daar geen aanduidings dat die εθνη in godsdienstige teëstelling met Israel gesien word nie? (iii) Is daar enige aanduiding van 'n differensiering van die ingeslote volke, sodat εθνη nie maar die geheel van die mensheid wil of kan aandui nie?

Die teëstelling wat Jesus in *Mark. 10:42-43 par.* maak, is nie 'n teëstelling tussen Israel en τα εθνη, tussen grootheid in Israel en grootheid onder die heidennasies (heidene) nie, maar dit is 'n teëstelling tussen grootheid in die Koninkryk van God en grootheid in aardse sake. Die dienende grootheid van die grotes in die koninkryk van God word geplaas teenoor die heersende grootheid en koninklike heerlikheid van die grotes op aarde. Dit gaan dus om diegene wat heers oor die volke van die aarde, heeltemal in die algemeen. Hier is geen grond vir 'n beperking net tot nie-Israelitiese, heidense volke nie.¹⁰⁰ Hier word ook gedifferensieer: oor die εθνη regeer "grotes", "hulle", "konings" (Luk. 11:25). Die εθνη kan dus nie ekwivalent wees aan "die mensdom" nie. Dit het hier 'n suiwer staatkundig-nasionale betekenis, die nasies as ^[52] entiteite waaroor aardse konings of "grotes" regeer.

Die suiwer histories-etniese gebruik kom ook duidelik na vore in *Luk. 24:47*. Hier spreek Jesus van die uitbreiding van die evangelie na sy dood en opstanding tot 'n universele boodskap "aan al die εθνη — beginnende vanaf Jerusalem". Uit hierdie laaste toevoeging blyk dat Israel ingesluit is in die εθνη, sodat dit hier nie beteken heidennasies of heidene nie maar nasies, alle nasies. Dieselfde toevoeging toon dat hier 'n differensiasie van volke bedoel is, aangesien hieruit blyk dat die verkondiging by die volk Israel moet begin. "Al die nasies" is dus nie maar net 'n uitdrukking vir "die hele mensdom" nie, maar hier is werklik verskillende volke of nasies (waaruit die mensdom bestaan) bedoel.

'n Duidelike voorbeeld van hierdie gebruik kom ook by Paulus voor in *Rom. 4:16-18*. Uit *Gen. 17:5* word aangehaal hoe God beloof het dat Abraham "'n vader van baie nasies" (daar gojim, hier εθνη) gemaak sal word. In *Gen. 17:5* is dit sonder twyfel bedoel in die sin van nasies, volkere in konkreet histories-etniese sin. Dit sien daar immers op Abraham se *hele* nageslag, waaronder in die eerste plek Israel tel. Maar uit die verband van *Rom. 4:17, 18*¹⁰¹ is dit duidelik dat ook Paulus self dit bedoel as "nasies" en nie *heidennasies* nie. Dit blyk veral uit vs. 16: die "hele nageslag" is "nie alleen ... die wat uit die wet is nie" (d.i. Israel), "maar ook... die wat uit die geloof van Abraham is" (d.i. die heidennasies). Israel en die heidennasies tesame vorm die "ons almal", van wie Abraham die vader is, en hierdie "ons almal" is die "baie nasies" van vss. 17, 18.

Die suiwer natuurlik-volkse konnotasie van εθνη waar dit in kombinasie met ander

⁹⁹ Vanweë die veelvoudige voorkoms van εθνη word hier volstaan met die vasstelling of die verskillende gebruike wel voorkom en sal in hff. II-IV by die εθνη -tekste wat behandel word, afsonderlik bepaal moet word in watter betekenis die woord aldaar bedoel is.

¹⁰⁰ E.P. Groenewald: *Die Evangelie volgens Markus, Kommentaar op die Bybel, N.T. II, 1948, 267*, stem dit toe, hoewel hy eers τα εθνη vertaal as "die heidene".

¹⁰¹ Ten onregte vertaal die A.V. εθνη in dieselfde aanhaling in vs. 17 as nasies en in vs. 18 as volke.

volksterme in *Openb. 10:11; 11:9 en 17:5* gebruik word, volg by implikasie uit die behandeling van *λαος* in dieselfde uitdrukking.¹⁰² Ook die feit dat die uitdrukking die volksbegrippe in die enkelvoud gebruik (*Openb. 5:9; 7:9; 13:7; 14:6*), sodat *εθνη*, afgewissel word met *εθνος*, bekragtig dit.

Hiermee is bevestiging verkry dat *εθνη* in die N.T. "nasie" in suiwer histories-etniese sin kan beteken.

2. *Εθνη* in godsdienstige en histories-etniese sin vir die heidennasies.

Daar is genoeg bewysmateriaal in die N.T. dat *εθνη* in hierdie tegniese gebruik wel heidennasies kan beteken, wel 'n godsdienstige teëstelling van *volke* teenoor die volk Israel kan uitdruk.

[53]

Dit blyk reeds uit die hierbo behandelde¹⁰³ uitspraak van *Luk. 2:31, 32*. Die *εθνη* (vs. 32) vorm deel van "al die volke" (vs. 31). Op grond van die godsdienstige teëstelling *tussen* diegene wat *tot* die Godsvolk behoort en diegene wat daarbuite staan, word al die volke (volke, *λαοι*, hier in histories-etniese sin¹⁰⁴ verdeel in twee dele: die *volk* Israel en die ander volke, die *εθνη*, die heidennasies. Hier is egter nie sprake van 'n verskeidenheid van volke nie. *Εθνη* druk hier meer die geheel van die nie-Israelitiese volkerewêreld uit.

Hand. 13:19 toon dat *εθνη* die heidennasies kan aandui as werklike volke wat afsonderlik gesien word, sodat hulle getel kan word en 'n bepaalde land bewoon: "En sewe nasies het Hy in die land Kanaän uitgeroei en hulle land deur die lot aan hulle uitgedeel". So sterk is hier in die begrip *εθνη* die volkskonnotasie aanwesig dat selfs al het die heidene in Kanaän almal dieselfde land bewoon, hulle nog nie as een groep heidene in teëstelling tot die Godsvolk gesien word nie, maar pertinent sewe volke, *sewe heidennasies*, genoem word.

Rom. 11:13, 14 lewer 'n insiggewende bewys dat die "heilshistoriese" onderskeid van Israel as *λαος* en die *εθνη* nie (ten minste nie altyd) deur Paulus gesien is as 'n enkel godsdienstige onderskeid, 'n onderskeid tussen die mense binne die Godsvolk en die mense buite die Godsvolk nie. Dit toon dat hierdie primêr en beheersend godsdienstige, openbaringshistoriese onderskeid vir Paulus 'n onderskeid tussen Israel as volk en die ander volke was. Wanneer Paulus hier spreek van die onderskeid tussen God se *λαος*, Israel, en die *εθνη*, dan noem hy Israel "my vlees" (*μου την σαρκα*). In hierdie onderskeid sien Paulus dus nie 'n suiwer godsdienstige onderskeid tussen diegene wat aan God verbonde is en diegene wat dit nie is nie; maar die godsdienstige onderskeid is vir hom 'n onderskeid van die *εθνη* en "my vlees", d.i. die volk Israel wat sy volk is, waaraan hy deur afstamming verbonde is. Die *εθνη* moet dus noodwendig ook 'n etniese konnotasie hê: eerstens as nie my vlees nie, nie my volk nie en dus ander vlees, ander volke.

Opmerklik is dan ook dat Paulus die nie-Israelitiese *gelowiges* te Rome in vs. 13a aanspreek as "julle, *τα εθνη*". Ook al is hulle gelowiges en dus nou ingelyf in die messiaanse Godsvolk en nie meer daarbuite nie, *is* hulle nog *εθνη*, behoort hulle nog tot die *εθνη*, *is* hulle nog lede van die *εθνη*. Indien die woord 'n suiwer godsdienstige konnotasie gehad het en alleen 'n kollektiewe benaming was vir almal wat buite die Godsvolk^[54] staan, "die heidene", kon Paulus die *gelowiges* van Rome nie meer *εθνη* noem nie. Alleen wanneer dit die *heidennasies* beteken, waarvan die gelowiges van Rome lede is, kan hulle as lede en verteenwoordigers van die

¹⁰² Sien hf. I, § 1, pp. 20-22.

¹⁰³ Sien hf. I, § 1, p. 20.

¹⁰⁴ Idem.

heidennasies nog εθνη bly heet. Op dieselfde wyse noem Paulus in Ef. 3:1 die *gelowiges* van Efese nog τα εθνη. Hierby is veral Ef. 2:11 van groot belang, waar Paulus die gelowige nie-Israeliete te Efese aanspreek as "julle, τα εθνη in die vlees".¹⁰⁵ Volgens geboorte, na hul afstammingsverband is en bly hulle εθνη, lede van die εθνη, die nie-Israelitiese etniese volke.¹⁰⁶

Die konnotasie wat εθνη in Rom. 11:13 het, is van groot belang omdat Paulus juis in Rom. 9-11 en besonderlik Rom. 11, spesifiek handel oor die "heilshistoriese" (openbaringshistoriese) onderskeid en verhouding tussen Israel as Godsvolk en die heidennasies.¹⁰⁷ Juis waar Paulus dus die geheimenis (11:25) van hierdie "heilshistoriese" onderskeid en verhouding behandel, blyk dit nie 'n suiwer godsdienstige onderskeid nie maar 'n godsdienstige én histories-etniese, "heilshistoriese" onderskeid te wees.

Die uitspraak van Blauw¹⁰⁸ berus dus op 'n valse argument wanneer hy sê: "Men zal er zich dus voor moeten hoeden aan 'am, gojim, laos, ethne enige ethnische vulling te geven: het onderscheid heeft louter heilshistorische betekenis". Die vraag is nie of die onderskeid suiwer "heilshistoriese" is nie, maar die vraag is of die "heilshistoriese onderskeid" 'n suiwer godsdienstige onderskeid van *indiwidue* binne en buite die Godsvolk is en of dit nie 'n godsdienstige onderskeid van *volke* binne en buite die Godsvolk is nie. En ten minste in Rom. 11:13 en sy verband word die openbaringshistoriese onderskeid as 'n godsdienstige en histories-etniese onderskeid geteken en het εθνη self 'n godsdienstige en histories-etniese konnotasie.

Tog kan hier nie veralgemeen word asof εθνη oral waar dit in onderskeid van Israel gebruik word, direk op die heidennasies as nasies slaan nie. In tekste soos die bogenoemde Rom. 11:13 (eerste εθνη, Ef. 2:11 en Ef. 3:1 blyk dit dat εθνη nie direk die heidennasies beteken nie maar veeleer: *lede* van of mense uit die heidennasies. In Gal. 2:12, 14 dui dit die gelowiges uit die heidennasies aan teenoor "die wat uit die besnydenis is" (vs. 12). In vs. 15 b word die εθνη van vs. 12 en 14 nader omskryf as "sondaars uit die εθνη". Hierdie laaste εθνη beteken weer heidennasies — dit word immers geplaas teenoor Israel as etnies-godsdienstige entiteit: "ons ^[55] wat van nature Jode is", d.i. van geboorte Jode; gebore uit die volk van die Jode (vgl. ook o.a. Hand. 10:45; 11:1).

Teen die agtergrond van die behandeling van die begrip λαος waar geblyk het dat λαος wanneer dit op Israel sien, 'n sterk histories-etniese konnotasie aan die godsdienstige¹⁰⁹ koppel, is dit duidelik dat εθνη solank dit in teëstelling met Israel as Godsvolk gebruik word, steeds in meerdere of mindere mate ook dié histories-etniese konnotasie dra. Wel is daar verskeie nuanseringe in die gebruik van εθνη as tegniese term: heidennasies gesien as afsonderlike volke; heidennasies meer as die geheel van die nie-Israelitiese volkerewêreld; mense uit die heidennasies. Die grense tussen hierdie nuanseringe is egter soms baie vloeibaar.

3. Εθνη in suiwer godsdienstige sin vir die heidene.

Eers wanneer die gelowiges uit die heidennasies, wat herhaaldelik (sien hierbo) as gelowiges nog steeds εθνη lede van die heidennasies genoem word, op ander plekke in teëstelling tot die εθνη geplaas word, of wanneer gesê word dat hulle vroeër εθνη was maar dit nie meer is nie — eers dan verkry die woord 'n suiwer godsdienstige konnotasie. Dan is by die

¹⁰⁵ I.s. die samestelling van die sin in Ef. 2:11, 12, sien hieronder hf. III, § 4, p. 215.

¹⁰⁶ Hoewel die vertaling "heidene" in Rom. 11:13a en Ef. 2:11 dus nie die presiese konnotasie van εθνη aldaar weergee nie, kan dit beswaarlik anders vertaal word.

¹⁰⁷ Sien oor die karakter van Rom. 9-11, hf. III, § 4, pp. 156-157.

¹⁰⁸ *Goden en mensen*, 8.

¹⁰⁹ Sien hf. I, § 1, veral pp. 22-28.

begrip geen gedagte meer aan volke in teëstelling tot die volk Israel nie maar alleen aan ongelowiges teenoor gelowiges. Hierdie gebruik van die woord kom veral in 1 Korinthiërs herhaaldelik voor. In *1 Kor. 5:1* word die Korinthiese gemeente onderskei van τα εθνη, al sluit die gemeente ook (en moontlik selfs hoofsaaklik) mense uit die heidennasies in. "Julle" teenoor εθνη is hier gelyk aan gelowiges teenoor ongelowiges; Christene teenoor heidene binne dieselfde volk (vgl. ook 1 Kor. 10:20). Nog uitdrukliker kom hierdie suiwer godsdienstige konnotasie uit in *1 Kor. 12:2*; "Julle weet dat julle εθνη was (ητε), weggevoer na die stomme afgode..." Hier word die gelowige lede van die heidennasies beskryf as mense wat nie meer εθνη is nie, en die εθνη is alleen diegene wat "weggevoer na stomme afgode" is. In *1 Thess. 4:5* is "die εθνη wat God nie ken nie" nie meer die heidennasies teenoor Israel wat God wel ken nie, maar dit is die ongelowiges teenoor die gelowiges binne dieselfde volk (vgl. ook 1 *Petrus* 2:12 en 4:3).

Besluit.

Die meervoudsvorm εθνη vertoon dus 'n veel groter variasie in betekenis as die enkelvoud εθνος wat konstant 'n ^[56] volk in histories-etniese sin aandui. In die geval van εθνη kan die presiese betekenis eintlik eers elke keer uit die getuienis van die verband bepaal word. Dit is egter wel duidelik dat die woord in suiwer histories-etniese sin die nasies kan aandui, terwyl 'n mate van 'n histories-etniese konnotasie vermoed kan word sodra εθνη in teëstelling met Israel gebruik word.

[57]

§ 3. Ander volksbegrippe.

1. Φυλη 58. 1. Vir die stamme van Israel 58. 2. Vir die volkere van die aarde 59. Besluit 60.
- II. Γενος 60. Besluit 61. III Γενεα 61. Besluit 62. IV. Πατρια 62. Besluit 63. V. Γλωσσα 63. Besluit 63. VI. Δημος 63. Besluit 63. VII. Εκκλησια 64. Besluit 64.

I. Φυλη.

In die algemene Griekse spraakgebruik druk φυλη veral 'n kleinere eenheid binne die georganiseerde volksgemeenskap uit, en dit dui dus aan 'n stam in die sin van 'n eenheid van mense wat verenig is, (i) "by supposed ties of blood and descent"; (ii) "by local habitation".¹¹⁰ In die N.T. word dit veral in twee betekenisse gebruik:¹¹¹ (i) Stam, in die sin van 'n kleinere eenheid binne die volk, spesifiek vir die stamme van Israel; (ii) "Volksstamm",¹¹² volk, na analogie van (i) gebruik vir die volkere van die aarde.

1. Vir die stamme van Israel.

In die N.T. (en LXX) word die betekenis van φυλη in hierdie gebruik bepaal deur die Ou-Testamentiese geskiedenis van die groei van die volk uit Jakob (Israel) en sy twaalf seuns tot een volk bestaande uit twaalf stamme.¹¹³ Oral waar die woord betrekking het op Israel, word dit in dié sin vir 'n stam gebruik, óf in die meervoud vir die twaalf stamme tesame¹¹⁴ óf in

¹¹⁰ Liddel & Scott: *Lexicon*, 1961.

¹¹¹ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 1718.

¹¹² Term van Bauer, *ibid*.

¹¹³ So o.a. C.L.W. Grimm: *Lexicon Graeco-Latinum in libros N.T. (G. Wilkii Clavis N.T. Philologica)*, ⁴1903, 458: "in N.T. universitas zum N.T., 1913, 80. In hoofsaak ook Bauer, *Wörterbuch*, eorum, qui ab uno e duodecim Jacobi patriarchae filiis orti sunt"; en Bauer: *Wörterbuch*, kolom 1718.

¹¹⁴ Vyf keer: Matth. 19:28; Luk. 22:30; Jak. 1:1; Openb. 7:4 (enk. + πας); Openb. 21:12.

die enkelvoud vir een van die stamme by name.¹¹⁵

Herhaaldelik word in die N.T. die bepaalde stam waartoe 'n Israeliet behoort, genoem: Luk. 2:36 — Aser; Hand. 13:21, Rom. 11:1, Fil. 3:5 — Benjamin; Hebr. 7:14, Openb. 5:5 — *Juda*. Dit toon die lewende bewussyn ook by die Nieu-Testamentiese skrywers dat daar binne Israel kleinere eenhede bestaan aan elk waarvan sekere Israeliete besonderlik verbonde is. Die wyse van omskrywing, nl. εκ φυλης plus die naam van een van die twaalf stamvaders (Luk. 2:36; Hand. 13:21; Openb. 5:5) toon dat die saambindende faktor besonderlik die afstammingsverband is. Die verbinding weer van φυλη aan "Israel" of aan "die kinders van Israel" (Matth. 19:28; Luk. 22:30; Openb. 7:4) toon dat elke stam steeds beskou word as 'n samestellende deel van die volksgeheel van Israel.

Hierdie aanduidings van die betekenis van φυλη uit die algemene gebruik kan bevestig word uit besonderhede van ^[58] enkele tekste: Die beheersende etniese konnotasie, besonderlik die afstammingsverband-konnotasie kom ten duidelikste uit in *Hebr. 7:13, 14*: die een stam Levi het die priesteramp bedien, maar Jesus die groot hoëpriester "het aan 'n ander stam behoort" (vs. 13). Hier kry ons die duidelike verdeling van Israel in kleiner stamme, wat skerp van mekaar onderskei is. Uit vs. 14 blyk wat die wesentlike in hierdie onderskeiding van stamme, die grond vir behore tot 'n φυλη is: "want dit is volkome duidelik dat ons Here *uit Juda voortgespruit* het". Dit druk sterk die afstammingsverband as bepalende faktor uit: ανατελλω ("opkom"; van mense: "voortkom") dui die herkoms, die geboorte aan.¹¹⁶ Jesus het "aandeel aan" of "is verbonde aan" (μετεχω) *Juda*, omdat Hy *uit Juda gebore* is, omdat Hy van die stamvader *Juda* afstam.

Rom. 11:1 beklemtoon die aard van die φυλη as kleinere eenheid binne die volk Israel: Paulus noem homself in die algemeen "'n Israeliet uit die nageslag van Abraham" maar in die besonder "van die φυλη van Benjamin". Hierdie vers én *Fil 3:5* laat egter ook en veral die verband tussen φυλη en die volksgeheel van Israel aan die lig kom. Vir Paulus is die afdoende bewys dat hy 'n volmondige Israeliet is, die feit dat hy afstam uit een van die φυλαι van Israel.

Die woord dui hiervolgens dus 'n stam in die sin van die hele natuurlike nageslag van een van die stamvaders aan; 'n stam enersyds as kleiner etniese eenheid binne die volk Israel, andersyds ook as een van die dele waaruit die volksgeheel van Israel saamgestel is.

2. *Vir die volkere van die aarde.*

In hierdie sin word φυλη veel minder gebruik. Naas Matth. 24:30 en die verwante Openb. 1:7 kom dit net in die kombinasie van volksbegrippe in Openbaring voor (5:9; 7:9; 11:9; 13:7; 14:6).

Matth. 24:30 en *Openb. 1:7* haal Sag. 12:10 e.v. vry aan, maar waar daar sprake was van die stamme van Israel, word nou gespreek van die "stamme"¹¹⁷ van die aarde. Uit hierdie toepassing van die uitspraak van Sagaria, veral in die lig van die oorheersende gebruik van φυλη vir die stamme binne die volk Israel, blyk dit dat wanneer die woord so in die algemeen gebruik word vir "stamme van die aarde", dit *alleen 'n uitbreiding* van die begrip is tot die terrein van die volke, sodat die volke in die wêreld na analogie van die verskillende stamme in Israel "stamme" genoem word. Dus ^[59] moet die woord in dié sin sy beheersend etniese konnotasie behou. Dit beteken in hierdie gebruik volgens G. Bertram:¹¹⁸ "Volk als nasionale Einheit aus derselben Stammeszugehörigkeit heraus". [Volk as 'n nasionale eenheid uit dieselfde

¹¹⁵ Negentien keer: Luk. 2:36; Hand. 13:21; Rom. 11:1; Fil. 3:5; Openb. 5:5; Openb. 7:5-8 (12 X).

¹¹⁶ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 123; Liddel & Scott: *Lexicon*, 123.

¹¹⁷ Die A.V. vertaal φυλη in dieselfde aanhaling by Matth. 24:30 as "stamme" maar by Openb. 1:7 as "geslagte".

¹¹⁸ TWNT II, 366.

stamverband. **G.W.B.**: "people as a national unity of common descent"]

Besluit.

Die begrip *φυλη* het in die N.T. 'n baie sterk etniese konnotasie met die nadruk feitlik uitsluitend op die afstammingsverband. By Israel dui dit die kleiner etniese stameenhede binne die volk aan; wanneer dit meer algemeen gebruik word, dui dit die volke aan as die etniese eenhede waaruit die hele mensdom saamgestel is.

II. Γενος.

Dié woord is nie in die eerste plek 'n volksbegrip nie, maar het 'n wye gebruiksmoontlikheid. Afgelei van *γινομαι* hou dit wel wesentlik verband met die ontstaan, die oorsprong van 'n saak; in die geval van 'n mens dus met sy geboorte of afkoms.

In die N.T. neem dit veral drie betekenisse aan:¹¹⁹

- (i) Dit kan heel algemeen gebruik word in die sin van "soort", "tipe", "spesie". Vgl. Matth. 13:47; Mark. 9:29 par.; 1 Kor. 12:10, 28; 1 Kor. 14:10.
- (ii) Dit kan mense aandui as "nageslag" — diegene wat afstam van 'n besondere voorvader sonder dat daarmee aan 'n *volksverband* gedink word. Vgl. Hand. 4:6; Openb. 22:16; Hand. 17:28, 29 (van die mense, wat hul oorsprong by God het),
- (iii) Dit kan egter ook in aansluiting by (ii) "volk" beteken.

'n Duidelike voorbeeld van die oorgang vanaf "nageslag" tot "volk" is *Hand. 13:26* waar Paulus die Jode aanspreek as "kinders van die *γενος* van Abraham". Letterlik is *γενος* hier nog "nageslag", maar tog vorm die nageslag al 'n bepaalde eenheid, sodat daar nou reeds gespreek word van "kinders van die *γενος*" net soos elders gespreek word van die volk Israel as "kinders van Israel".

Volkome volksbegrip is *γενος* in *Fil. 3:5* waar Paulus sê: "Ek is... uit die *γενος* Israel, uit die *φυλη* van Benjamin". Nie alleen word *γενος* hier verbind met "Israel", die eienaam van die Joodse volk, nie, maar ook word dit opgevolg deur die naam van Paulus se *stamverwantskap*. Terwyl *φυλη* die kleiner etniese groep binne die *volk* Israel aandui, moet *γενος*^[60] hier beslis Israel as *volk* aandui. Op dieselfde wyse gebruik Paulus die woord in 2 Kor. 11:26 en Gal. 1:14 vir die volk Israel, sy volk van sy tyd. Vergelyk ook Mark. 7:26; Hand. 4:36; Hand. 18:2; Hand. 18:24, waar die volksverband van 'n persoon uitgedruk word deur *τω γενει* plus die naam van die volk.¹²⁰

Besluit.

Onteenseglik duidelik is die beheersende etniese konnotasie van die woord as volksbegrip. Dit gaan hier feitlik uitsluitlik om die afstammingsverband.

III. Γενεα.

Volgens die gebruik van die woord in die N.T. moet dit betwyfel word of *γενεα* in die N.T. as volksbegrip voorkom.

Reeds in die algemene Griekse taalgebruik is *γενεα*: in die sin van "volk" 'n ondergeskikte gebruik van die woord¹²¹ en dui dit in die lyn van 'n verwantskapskring meer op 'n heel intieme kring: "die familie".

¹¹⁹ Dieselfde betekenisonderskeiding maak o.a, F. Büchsel: *γινομαι — γενος*. TWNT I, 684; H. Ebeling: *Griechisch-deutsches Wörterbuch, Zum N.T.*, 1913, 80. In hoofsaak ook Bauer: *Wörterbuch*, kolomne 309-310.

¹²⁰ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 310, *γενος* 3.

¹²¹ Vgl. Liddel & Scott: *Lexicon*, 342.

Twee betekenis van die woord kom duidelik in die N.T. voor: (i) generasie, d.w.s. die opeenvolging van een geslag deur 'n ander, bv. Matth. 1:17; Luk. 1:48; Ef. 3:21, of een bepaalde generasie (gewoonlik teenswoordige), bv. Hand. 13:36; Hebr. 3:10; (ii) die tydperk van 'n generasie, bv. Hand. 14:16; Hand. 15:21; Ef. 3:5; Kol. 1:26.

Die gebruik van γενεα in die betekenis "volk" kom myns insiens¹²² nie in die N.T. voor nie. Oorweging verdien hoofsaaklik dié uitsprake waarin daar in negatief-kwalifiserende sin gespreek word van "hierdie γενεα" (deur Jesus bv. in Matth. 11:16; 12:39; 12:41, 42, 45; 17:17; 23:36; 24:34, ens.; deur Petrus in Hand. 2:40; deur Paulus in Fil. 2:15). Vanweë die onbepaalde wyse waarop hier van γενεα gespreek word, kan dit verstaan word óf as "volk" óf as "generasie" óf as "(hierdie) soort (mense)".

Belangrike argumente kan egter ingebring word teen die moontlikheid dat die betekenis hier "volk" is:

- (i) Die betekenis "nageslag" wat in die geval van γενος die oorgang tot die gebruik as volksbegrip vorm, ontbreek in die Nieu-Testamentiese gebruik van γενεα.
- (ii) Besonder opvallend is dat die verbinding van γενεα met 'n volksbenaming of die naam van 'n stamvader geheel ontbreek. Dit staan skerp in teëstelling met die volksbegrippe γενος, εθνος en λαος. In Matth. 1:7 word dit wel saam met ^[61] die naam Abraham gebruik, maar daar beteken dit sonder twyfel "geslag", "generasie".
- (ii) Ook die pers. vnw. wat die verbondenheid van die enkeling aan die volk tot uitdrukking bring, ontbreek konsekwent by die γενεα-uitsprake waar dit moontlik "volk" sou kon beteken. In Hand. 13:36 kom dit wel voor, maar daar is die betekenis beslis "sy tydgenote". Die betekenis van "sy (Jesus se) γενεα" in Hand. 8:33 is baie moeilik te bepaal, maar die Hebreuse teks van die aangehaalde Jes. 53:8 wys in die rigting van "sy tydgenote".

Volgens hierdie getuienis is die betekenis "volk" baie onwaarskynlik en beteken die woord in dié uitsprake waarskynlik "generasie" of "(hierdie) soort mense" of die twee betekenis gekombineer.¹²³

Besluit.

Γενεα word in die N.T. na die hoogste waarskynlikheid nie as volksbegrip gebruik nie.

IV. Πατρια

Hierdie woord kom net drie keer in die N.T. voor (Luk. 2:4; Hand. 3:25; Ef. 2:15). Die woord wat na sy oorsprong die afstamming van 'n vader aandui, sien in die algemene Griekse taalgebruik meestal op die engere familiekring, maar word tog ook in breër verband vir stam (=φυλη) of volk gebruik. "Die Mitte des Begriffs ist überall die Abkunft von gleichen Vater und Ahnherrn, gleichviel, ob es sich dabei um Volk, Stamm oder Kaste, Familie handelt".¹²⁴ [Die betekenis van die begrip is oral die afstamming van dieselfde vader en voorouer, ongeag of dit 'n volk, stam of kaste (stand), familie is. **G.W.B.**: "The central pt. is always derivation from the same father

¹²² Daar is nie eenstemmigheid onder die lexica nie: F. Büchsel: γενεα TWNT I, 661, noem nie sodanige gebruik nie, maar sê tog dat die woord veral by Jesus "das Volksganze nicht... einzelne" raak; Bauer: *Wörterbuch*, kol. 305, noem net Luk. 16:8 as voorbeeld waar dit "d. Sippe, d. Sippschaft" kan beteken; Grimm: *Lexicon*, 77, noem nie sodanige betekenis nie. Daarteenoor gee Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 234-235, wel die betekenis "Stamm" en wys veral op die negatief-kwalifiserende uitsprake van Jesus oor "hierdie γενεα . . ." So ook Ebeling: *Wörterbuch*, 79, wat die volkskonnotasie egter beperk tot: "(Das damalslebende ungläubige jüd) Volk".

¹²³ Vir 'n positiewe beredenering ten gunste van die laaste moontlikheid vgl. T. van der Walt: *Die Koninkryk van God — Naby!*, diss. Kampen, 1962, 276 e.v.

¹²⁴ G. Schrenk: πατηρ — πατρια TWNT V, 1017.

or ancestor no matter whether the ref. be to nation, tribe, caste, or family."] Reeds in die LXX word dit as sinoniem en wisselwoord vir φυλη gebruik by die vertaling van die Hebreuse mishpagah, in die sin van volkstam, volk.¹²⁵

In *Luk. 2:4* kom dit in die engere sin van "familiestam", "Sippe" [Sibbe?] voor. In *Hand. 3:25* word die meervoud gebruik as weergawe van die mishpagot (BH, מִשְׁפָּחָה), φυλαι (LXX) van *Gen. 12:3* en die gojim (BH, גֵּוִים), εθνη (LXX) van *Gen. 18:18* en *22:18*. Dit dui dan die volkere van die wêreld aan. In *Ef. 3:15* is die presiese betekenis moeilik bepaalbaar vanweë die verbinding van πατριά met "in die hemel". Verskeie interpretasies is hier moontlik en daar bestaan geen eenstemmigheid onder eksegete nie: πατριά kan hier in die gebruiklike sin van stam of volk bedoel wees. Die "volke op aarde" kan dan op die werklike¹⁶²¹ volke en die "volke in die hemel" op die "Engelsippen" of "Engelklassen" sien.¹²⁶ Die "volke in die hemel" kan dan egter ook beskou word as siende op die gesaligdes in die hemel.¹²⁷

Πατριά kan ook geestelik verstaan word: die geestelike nageslag van God, die kinders van God in die hemel en op aarde.¹²⁸ Ook kan πατριά hier geïnterpreteer word as vaderskappe.¹²⁹ Uitsluitel is moeilik en hier moet volstaan word met 'n non liquet [= dit is nie duidelik nie].

Besluit.

Hierdie woord kom as volksbegrip in die N.T. voor en wel met 'n uitsluitlik etniese konnotasie. In betekenis is dit gelyk aan φυλη. Die klem val op die afstammingsverband van die volk.

V. Γλωσσα.

Γλωσσα, letterlik die tong as liggaamsdeel, dui in figuurlike gebruik die stem en dan die taal van 'n persoon aan. "Als Unterscheidungsmerkmal der Völker kann γ. z. Synonymum v. φυλη, λαος, εθνος; werden",¹³⁰ [As onderskeidende kenmerk van die volke is γλωσσα 'n sinoniem vir φυλη, λαος, εθνος], en die volk self aandui. So word dit reeds deur die LXX in *Jes. 66:18*; *Dan. 3:4, 7*, ens., gebruik, en dit word in die N.T. in dié sin oorgeneem in *Openb. 5:9; 7:9; 10:11; 11:9; 13:7; 14:6; 17:15*.

Besluit.

As volksbegrip het dit 'n oorwegend etniese konnotasie en dui 'n volk aan in sy linguïstiese onderskeid van ander volke.

VI. Δημος.

Hierdie by die Grieke so belangrike volksbegrip met sy sterk politieke konnotasie: die volk as politieke liggaam, besonderlik (veral in Athene) as die regerende volksvergadering van die burgers van die stad, beklee in die N.T. 'n baie geringe plek. Dit kom slegs vier keer voor en alleen in *Handelinge (12:22; 17:5; 19:30, 33)* en steeds in aansluiting by die Griekse gebruik ter aanduiding van dié vergadering van die stadsbevolking.¹³¹

¹²⁵ Vgl. G. Schrenk: TWNT V, 1018; Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 850-851.

¹²⁶ So Strack-Billerbeck III, 594; Schrenk: TWNT V, 1019-1020; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 1262.

¹²⁷ So Hodge volgens F.W. Grosheide: *De Brief van Paulus aan die Efeziërs*, in: *Commentaar op het N.T.*, 1960, 57, noot 22.

¹²⁸ So Cremer-Kögel, *Wörterbuch*, 851.

¹²⁹ So Grosheide: *Efeziërs*, 56, 57.

¹³⁰ Bauer: *Wörterbuch*, kolom 322.

¹³¹ Vgl. o.a. W. Grundmann: δημος, TWNT II, 62; H. Strathmann: TWNT IV, 52 Anm. 102; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 355; Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 287.

Besluit.

Dié woord is van geen verdere belang vir hierdie studie nie.

[63]

VII. Εκκλησια.

As volksbegrip kom εκκλησια baie selde voor in die N.T. Slegs 'n enkele keer in *Hand.* 7:38, word dit vir die volk Israel gebruik en wel in 'n verwysing na die O.T. Dit dui daar die volksvergadering van Israel aan toe hulle by Sinai saamgekom het.¹³²

Afgesien hiervan kom εκκλησια net in *Hand.* 19:32, 39 en 40 met 'n natuurlik-volkse konnotasie voor, waar dit in die profaan-Griekse betekenis van 'n politieke volksvergadering¹³³ gebruik word vir die vergadering van die inwoners van Efese.

Aangesien die N.T. geen oorspronklike gebruik van dié woord vir die volk Israel (as histories-etniese en/of kultiese vergadering) vertoon nie, kan die gebruik daarvan vir die kerk nie aangedui word as die toepassing van 'n Nieu-Testamentiese volksbegrip vir Israel op die kerk nie. Dit sou ons te ver van die terrein van die Nieu-Testamentiese eksegeese voer om die verband tussen die Nieu-Testamentiese gebruik van εκκλησια vir die kerk en die Ou-Testamentiese begrippe kahal en édah te ondersoek. Dit sou ook beswaarlik lig werp op die onderwerp van hierdie studie.

Besluit

As volksbegrip is εκκλησια van geen belang vir dié studie nie.

[64]

§ 4. Volksbenaminge.

I. Ισραηλ en Ιουδαιος 65. Inleidend 65. 1. In die Sinoptiese Evangelies 65. a. Voorkoms 65. b. Betekenis 66. (i) Ισραηλ 66. (ii) Ιουδαιος 70. Gevolgtrekking 70. 2. In die Evangelie van Johannes 70. a. Voorkoms 70. b. Betekenis 71. (i) Ισραηλ. 71. (ii) Ιουδαιος 71. Gevolgtrekking 73. 3. In Handeling 73. a. Voorkoms 73. b. Betekenis 73. (i) Ισραηλ 73. (ii) Ιουδαιος 74. Gevolgtrekking 75. 4. In die Briewe van Paulus 75. a. Voorkoms 75. b. Betekenis 76. (i) Ισραηλ 76. (ii) Ιουδαιος 77. Gevolgtrekking 78. 5. In die ander Briewe en Openbaring 78. Besluit 79. II. Εβραιος 79. III. Ελλην 79.

I. Ισραηλ en Ιουδαιος(-οι).

'n Duidelike beeld van die verskil en/of ooreenkoms in die gebruik en betekenis van hierdie twee dikwels voorkomende en belangrike name in die N.T. kan die beste verkry word deur 'n parallelle vergelykende behandeling van die twee name in die verskillende dele van die N.T.

Twee samehangende feite maak dit noodsaaklik om in die gevalle van hierdie name hulle gebruik in verskillende dele van die N.T. afsonderlik te behandel: Die eerste is die verskil in gebruik van die name in die algemene spraakgebruik van die tyd voor en tydens die N.T. Ισραηλ is feitlik uitsluitlik in sy gebruik beperk tot die "Jode" self en was hy uitstek die selfaanduiding van die volk onder mekaar. Ιουδαιος weer was veral die naam waarmee nie-Jode die Jode genoem het. Dit is baie selde deur Palestynse Jode gebruik, maar is wel deur die Diaspora-Jode oorgeneem as selfaanduiding.¹³⁴ Die tweede is die feit dat die Evangelies en

¹³² Vgl. K. L. Schmidt: εκκλησια, TWNT III, 505; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 477.

¹³³ Vgl. Liddel & Scott: *Lexicon*, 509; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 477.

¹³⁴ Vgl. K. G. Kuhn: Ισραηλ, Ιουδαιος, Εβραιος in *der nach-at.lichen jüdischen Literatur*, TWNT III, 361.

die eerste deel van Handeling gebeure beskryf wat hoofsaaklik tot Palestina beperk is, en die tweede deel van Handeling en die Briewe weer merendeels te doen het met mense buite Palestina. Dit lê dus voor die hand dat die verband tussen dié twee feite 'n verskil in die gebruik van die twee name in verskillende dele van die N.T. kan beteken.

Die besondere voortreflikheid van die artikel oor dié name deur W. Gutbrod¹³⁵ bring mee dat 'n behandeling van die name primêr 'n konfrontasie met Gutbrod moet wees. Oor die algemeen kan met hom saamgestem word, hoewel die ondersoek op verskillende punte tot ander resultate bring,

1. *In die Sinoptiese Evangelies.*

a. *Voorkoms.*

Veral twee feite kenmerk die voorkoms van die twee name.

[65]

Eerstens: Ἰσραὴλ. kom dikwels voor en verspreid oor die Evangelies (sewe en twintig keer); Ἰουδαῖος kom egter buite die geskiedenis van die verhoor en kruisiging baie selde voor (ses keer). In die geskiedenis van die verhoor en kruisiging kom Ἰουδαῖος in verhouding baie meer voor maar alleen in die uitdrukking "koning van die Jode". Tweedens: Ἰσραὴλ kom feitlik uitsluitlik voor in gedeeltes wat in die direkte rede is. Dit word gebruik deur God, Jesus Christus of openbaringsfigure, of deur Jode teenoor Jode, maar nêrens deur nie-Jode en ook nie deur Jode teenoor nie-Jode. Ἰουδαῖος kom daarenteen voor waar God, Jesus Christus of 'n Jood 'n Jood of Jode toespreek, maar dit word alleen deur nie-Jode teenoor Jode (of andersom) of deur die skrywers teenoor hul lesers gebruik. Hieruit blyk dat die twee name in die Sinoptiese Evangelies, wat gebeure in Palestina beskryf, formeel soos deur die Palestynse Jode in die buite-Bybelse literatuur gebruik word.

Die onderskeid word duidelik geïllustreer deur die gebruik van die name in verband met Jesus se koningskap. Die nie-Joodse wyses uit die Ooste vra in Matth. 2:2: "Waar is die koning van die Jode ...". Die Joodse skrifgeleerdes spreek egter in hul antwoord uit die Skrif van "'n heerser ... vir ... Israel". By die kruisiging spot die Romeinse soldate: "As U die koning van die Jode is ..." (Luk. 23:37), maar die Joodse owerpriesters c.s. spot: "As Hy die Koning van Israel is ..." (Matth. 27:42).

b. *Betekenis.*

(i) Ἰσραὴλ: Die naam word dikwels verbind aan die begrip λαός en dan veral waar laasgenoemde Godsvolk beteken: In Matth. 2:6 en Luk. 2:32 is die verbinding direk. Hier is dit duidelik dat λαός die begrip is wat die Godsvolk beskryf, en Ἰσραὴλ die naam is waarmee hierdie Godsvolk aangedui of nader gekwalifiseer word. In die naam Israel lê opgesluit dat die Godsvolk hierdie besondere volk is. In Luk. 1:16 en 1:68 word eers Ἰσραὴλ gebruik en dan in afwisseling daarmee λαός. Hieruit blyk dat in dié benaming óók opgesluit lê "der besondere Sinn, dass das so benannte Volk das Gottesvolk ist".¹³⁶ [die besondere sin dat die sogenaamde volk die Godsvolk is. **G.W.B.:** "Normally, however, Ἰσραὴλ carries the special sense that the people thus named is the people of God."] In dié sin kom Ἰουδαῖος nie voor nie.

Tereg wys Gutbrod ook op die noue verbinding van die naam Israel met die Messias: die Messias is "die Christus, die Koning van Israel" (Mark. 15:32); die " vertroosting van Israel" (Luk. 2:25); "'n lig tot verheerliking van u volk ^[66] Israel" (Luk. 2:32). Ἰσραὴλ is dus ook in die Sinoptiese Evangelies die Joodse volk as messiaanse Godsvolk.

¹³⁵ Ἰσραὴλ, Ἰουδαῖος, Ἐβραῖος im NT., TWNT III, 376-394.

¹³⁶ Gutbrod: TWNT III, 387

Oor twee aspekte van die konnotasie van die naam Israel moet breër gehandel word: die verbondsaspek en die histories-etniese aspek.

Die verbondsaspek in die naam Israel kry by Gutbrod te min klem. Dat Ἰσραήλ die volk Israel aandui as die *volk van die verbond* is 'n wesentlike en kardinale aspek van die konnotasie van die woord. Dit is nie maar 'n bykomende betekenis wat Ἰσραήλ kan aanneem naas die "Godsvolk"-konnotasie nie, maar die betekenis "volk van die verbond" is eintlik die een aspek van die posisie van Israel as Godsvolk wat deur die naam Ἰσραήλ besonderlik na vore gebring word.

Ook op die histories-etniese aspek as wesentlike deel van die konnotasie van dié naam wys Gutbrod vir ons doel te min. Wel toon hy aan dat die naam Israel "auch in religiös unbetontem Sinn... als gelaufiger Name dieses Volkes"¹³⁷ [ook in 'n godsdienstige, onbeklemtoonde sin ... as die algemene naam vir hierdie volk.] voorkom en ook "unbetonte Bezeichnung des Volkes ohne dass besonders an den Charakter des Volkes als Gottesvolk gedacht ist",¹³⁸ [onbeklemtoonde aanwysing van die volk sonder om veral te dink aan die karakter van die volk as Godsvolk. **G.W.B.:** "For Israel implies the religious claim of this people to be God's chosen people even when it is used in secular contexts, with no religious emphasis "] kan wees. Dit is op sigself 'n belangrike vasstelling en toon dat in die naam Israel die histories-etniese konnotasie soms selfs die hoofklem kan dra. Maar wat vir hierdie studie veral belangrik is, is dat die naam Israel ook wanneer dit besonderlik as naam van die Godsvolk in die Sinoptiese Evangelies voorkom, 'n histories-etniese konnotasie het (of kan hê).

Hierdie twee aspekte van die betekenis van die naam Israel kom veral duidelik uit in die geboortegeskiedenis by Lukas.

Lukas 1:68-73: In vers 68 word "Israel" en "Godsvolk" as ekwivalente gebruik. Dit gaan hier dus om "Israel" as Godsvolk. Maar by die naam Israel word hier besonderlik beklemtoon die verhouding van God tot Israel, die *band* tussen God en Israel: Hy is die "God van Israel". Dit wys reeds op die verbond, want alleen deur die verbond is God besonderlik die God van Israel. Maar nog meer pertinent kom die verbondskonnotasie van die naam uit by die verbinding van vs. 68 en vs. 72: God besoek spesifiek vir "Israel", omdat Hy "aan sy heilige verbond" dink. En hierdie verbond is "die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader". Dit gaan dus om die verbond waarvolgens die volk Israel in die lewe geroep is en tot Godsvolk bestem is. "Israel" en verbond is hier ten nouste verbind: Ἰσραήλ beteken die verbondsvolk.

[67]

Juis ten nouste verbind met hierdie verbondsbepaaldheid het die naam Israel hier 'n sterk historiese en etniese vulling. Die verbond is opgerig met "Abraham ons vader" en dit loop deur "Dawid en sy huis", "ons vaders" tot by "ons", die huidige volk. Hierdie "Israel" wat verbondsvolk en dus Godsvolk beteken, dui ook aan die eenheid van "ons" en "Abraham, ons vader", van "ons" en "ons vaders". So innig word die *etniese* verbondenheid van die volk gesien dat die verlossing van Israel in die hede, van "ons" ook in dieselfde asem genoem kan word: die bewys van "barmhartigheid... aan ons *vaders*". Rondom die naam Israel is daarom ook die hele geskiedenis van die volk geweef. Dié verbondsnaam weerspieël die eie geskiedenis van die volk; die geskiedenis van die volk in die verlede: vanaf die begin by die aartsvader Abraham (vs. 73), die grote koning Dawid (vs. 69); die tyd van die profete (vs. 70); die geskiedenis van die volk in die hede: van "ons" (vs. 69) te midde van "ons vyande" en "almal wat vir ons haat" (vs. 71); en selfs die geskiedenis van die volk in die toekoms: "dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom... kan dien... al die dae van ons lewe" (vs. 74).

¹³⁷ TWNT III, 386.

¹³⁸ TWNT III, 386-387.

Ook in *Luk. 1:54-55* word die naam ten nouste verbind met die verbondsposisie waarin God deur sy uitverkiesende genade die volk geplaas het. Hierdie *Ἰσραηλ* is "sy kneg Israel", die *παῖς θεοῦ*. Hiermee word teruggegryp na *Jes. 41:8 e.v.*¹³⁹ waarin besonderlik die uitverkore verbondsposisie van Israel as die kneg van God geteken word. In *Luk. 1:55*, net soos in *Jes. 41:8*, word die naam Israel direk verbind met Abraham en die gepaardgaande beloftes van die verbond: "Abraham en sy nageslag" wys terug op die verbondsluiting en verbondsbelofte van *Gen. 17:7* en *18:18*.

Hierdie verbond met *Ἰσραηλ* is ook hier 'n verbond met 'n volk in histories-etniese sin: dit is 'n verbond met "ons vaders", met "Abraham en sy nageslag (*σπερμα*)". Vanuit die hede gesien, is *Ἰσραηλ* die "vaders", die vleeslike voorgeslag; vanuit die verlede besien, die "saad", die vleeslike nageslag. Die hele Magnificat spreek ook sterk historiese taal — vgl. vss. 48, 50, 52. Besonderlik in vss. 54, 55 gaan dit om die barmhartigheid van God aan Israel dwarsdeur sy geskiedenis: in die verlede ("aan Abraham"), in die hede ("en sy nageslag") en in die toekoms ("tot in ewigheid"). *Ἰσραηλ* word dus hier gebruik waar dit nie net om die konkrete teenwoordige geslag gaan nie maar om die volk in sy historiese en etniese kontinuïteit onder die verbond.

[68]

In ander uitsprake tree die een of die ander aspek van die betekenis van die naam sterker op die voorgrond sonder dat dit die ander aspekte elimineer.

Die verbondsaspek tree bv. na vore in *Matth. 15:31* en *Mark. 12:19* waar God die God van Israel genoem word; en *Ἰσραηλ* dus die volk aandui as die volk waaraan God Hom besonderlik verbind het.

Die historiese aspek weer tree op die voorgrond in *Matth. 2:20* waar die eie land van die volk verbind word aan die naam Israel. Tog is die historiese konnotasie hier nie die uitsluitlike nie. Dit is duidelik dat dit vir die Evangelies besondere betekenis het dat Jesus, die Messias, uit Egipte deur God self geroep word na "die land van Israel" — die verband met die uittog van Israel uit Egipte na Kanaän staan hier helder voor die gees. Daarom kom hierdie geskiedenis besonderlik in die lig van die verbond te staan. Die historiese en die verbondskonnotasie is hier organies verbind.

Die historiese is ook die beklemtoonde element van die naam in *Matth. 10:23*, maar weer is dit duidelik dat in hierdie opvallende profesie van Jesus, wat 'n intense openbaringskarakter verkry deur die plegtige "voorwaar Ek sê vir julle" 'n sterk godsdienstige element in die naam Israel moet lê.¹⁴⁰

Die etniese aspek word beklemtoon veral in twee verbindings van die volksbenaming Israel, t.w. "die kinders (*υἱοὶ*) van Israel" en "die huis (*οἶκος*) van Israel". Die benaming "kinders van Israel" — vgl. *Luk. 1:16*; *Matth. 27:9* — toon die aanwesigheid van die gedagte aan die afstammingsverband in die naam Israel. Dat by hierdie *υἱοὶ* nog aan werklike nakomelinge gedink word, blyk uit *Luk. 1:16-17* waar dié "*υἱοὶ* van Israel" van vs. 16 in vs. 17 verdeel word in "vaders" en "kinders" (*τεκνῶ*). *Οἶκος*, letterlik "huis" kan volgens die Hebreuse gebruik van *bēth*)¹⁴¹ in oordragtelike sin die bewoners van 'n huis, 'n familie, nageslag of stam, 'n volk aandui.¹⁴² In noue ooreenkoms met "huis van Israel" kom ook voor "huis van Jakob"

¹³⁹ Vgl. J. Jeremias: *παῖς θεοῦ*, TWNT V, 698.

¹⁴⁰ Vgl. in dié verband veral Van der Walt: *Koninkryk*, 286 e.v.

¹⁴¹ Vgl. O. Michel: *οἶκος* - TWNT V, 132; J. Jeremias: *Verheissung*, 17 Anm. 68.

¹⁴² Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 1110. Hoewel *οἶκος* hierdie duidelike volkskonnotasie kan hê, is dit nie as aparte volksbegrip behandel nie, omdat dit nie selfstandig in dié sin gebruik word nie maar alleen in verbinding

(Luk.1:33); "huis van Dawid" (Luk. 1: 29; 1:69; 2:4) en buite die Evangelies "huis van Juda" (Hebr. 8:8). Die beheersend-etniese konnotasie van hierdie uitdrukkinge beskryf O. Michel¹⁴³ soos volg: "Alle diese Verbindungen erinnern an das biblische Wurzeldenken u besagen etwa, dass die natio, die gens, die familia einen Ahnherrn bzw Gebieter hat, von dem der ganze Stamm seinen Namen hat ... Urspr tritt der Eigenname als Gen hinter den Begriff οίκος; er wird aber dann zum Rufnamen für das Ganze". [Al hierdie uitdrukkings herinner aan die Bybelse wortel denke, soos mens byvoorbeeld sê dat die natio, die gens, die familia 'n voorouer of meester het waaruit die hele stam kom. Name het ... oorspronklik uit die eienaam voortgekom as 'n Gen??? agter die term οίκος; maar dan word dit die naam vir die geheel. **G.W.B.**: "All these expressions remind us of basic OT ideas. The *natio*, *gens*, or *familia* has an ancestor or leader from whom the whole group receives its name and after whom it calls itself. Originally the proper name is a gen. behind οίκος, but it then becomes the name of the group as such."]

[69]

Die verbinding van οίκος aan die naam Israel toon dat dié naam die volk ook in sy gemeenskaplike afstamming van een voorvader aandui — as etniese eenheid. By die verbinding "huis van Israel" val die klem op die samehorige eenheid, die solidariteit van die volk Israel as synde van gemeenskaplike oorsprong. Die volk is een groot gesin of familie.

(ii) Ιουδαίος. Dié naam kom hoofsaaklik voor in die uitdrukking "die koning van die Jode". Die bedoeling van Pilatus, die Romeinse soldate, die opskrif by die kruis (Mark. 15:2 par; Mark. 15:9, 12; Mark. 15:18 par; Luk. 23:37; Matth. 27:39 par.) met die uitdrukking is dat/of Jesus Hom voordoen as 'n politieke vors van die Joodse volk, 'n konkurrent vir die keiser. Ιουδαίος word in 'n heel konkrete, teenswoordige, empiriese sin gebruik. Nêrens word dié uitdrukking verbind met Jesus as Messias nie. Sodra die owerpriesters spreek van die Messias verander die uitdrukking na Koning van Israel (Mark. 15:32 par.). Alleen in *Matth. 2:2* in samehang met vs. 4 is daar enige verband tussen "Koning van die Jode" en Messias, maar dan is dit nie die wyse manne uit die Ooste self wat hul vraag oor die "koning van die Jode, wat gebore, is" toepas op die Messias nie, maar dit is die Jood Herodes wat hulle uitdrukking oorbring op die Joodse titel vir die Messias.

Ook met die begrip "Godsvolk" of met die verbondsgedagte word Ιουδαίος nêrens verbind nie.

Gevolgtrekking.

Ισραήλ, die gebruikelike selfbenaming van die Palestynse Jode, is in die Sinoptiese Evangelie die *verbondsnaam* van die Joodse volk. Hierdie naam druk terselfdertyd uit die historiese en etniese karakter van die Volk van die verbond (wat dus ook Godsvolk is). Ook druk dié naam die eenheid van die volk in die hede met die volk in die verlede en toekoms uit. Opvallend is dat daar in die Sinoptiese Evangelies geen spoor is van 'n toepassing van dié naam op die Nieu-Testamentiese Kerk van Christus nie.¹⁴⁴ In duidelike onderskeid van die naam Israel is Ιουδαίος(-οι) die gebruikelike benaming vir die Joodse volk deur of teenoor nie-Jode, die volk in sy konkrete; teenswoordige, empiriese bestaan veral in nasionale verband.

2. *In die Evangelie van Johannes.*

a. *Voorkoms.*

Kenmerkend is hier die ommeswaai in die voorkoms van die twee name: hier kom Ισραήλ slegs vier keer voor en Ιουδαίος by die sewentig keer.^[70]

met 'n volks- of stam- of geslagsnaam.

¹⁴³ TWNT V, 132. Vgl. ook Bauer: *Wörterbuch*, kolom 753 onder Ισραήλ.

¹⁴⁴ So ook Gutbrod: TWNT III, 387.

b. *Betekenis.*

(i) Ἰσραηλ. Die betekenis van die naam vertoon in die enkele gevalle waar dit voorkom, noue ooreenkoms met die betekenis in die ander Evangelies. Oorwegend is die verband tussen die naam Israel en Jesus as die langverwagte Messias van die belofte (1:31), die Messias as die Goddelike Koning oor Israel (1:49; 12:13). In *Joh. 1:31* kom ook iets van die verbondselement uit: direk na die universele woord van 1:29 word die openbaarmaking van die Messias deur Johannes die Doper uitdruklik beperk tot een, besondere volk, Ἰσραηλ as die volk van die belofte. Kenmerk van Ἰσραηλ — Ἰσραηλιτης by Johannes is dat dit slegs in bonam partem gebruik word.

(ii) Ἰουδαίος. In teëstelling tot die naam Israel, vertoon Ἰουδαίος se gebruik by Johannes 'n skerp verskil met die Sinoptici. Kenmerkend is veral die groter variasie van betekenis: (a) ongeveer in die sin van die Sinoptici vir die *Joodse volk* in empiries-nasionale sin; (b) vir die Joodse volk in empiries-godsdienstige en empiries-nasionale sin; (c) in oorheersend godsdienstige sin vir dié mense uit die Joodse volk wat vyandig staan teenoor Jesus en die evangelie.¹⁴⁵

(a) *Vir die Joodse volk in empiries-nasionale sin.*

'n Duidelike voorbeeld bied *Joh. 18:35* waar Pilatus aan Jesus sê: "Ek is tog nie 'n Jood nie? U nasie en die owerpriesters het U aan my oorgelewer". Dit gaan hier uitdruklik om die empiriese verskil tussen twee volke in hul konkrete, nasionale bestaan. Vergelyk ook die verbinding met ἔθνος.¹⁴⁶

In 'n meer algemene sin kom dié gebruik van die naam dikwels in beskrywinge van die Evangelis self voor ter aanduiding van die Palestynse mense van wie verhaal word (o.a. 11:19, 31, 33, 36, 45, 54; 12:9, 11; 19:20, 40). Hier is "Jode" eintlik ekwivalent aan οἶκος of οἶκοι by die Sinoptici. Blykens die vele verduidelikings in die Evangelie van Johannes van Joodse gebruike, plekke, ens., skryf hy aan mense wat vreemd is aan die Joodse volk. Dit verklaar waarskynlik die veelvuldige gebruik van dié volksbenaming ter aanduiding van die mense wat optree in die geskiedenis van die Evangelie. Hier word "Jode" sonder enige besondere aksent bloot ter aanduiding van konkrete mense uit dié volk gebruik. "Es dient einfach zur Kennzeichnung des Dort und Damals und zeigt immer eine gewisse Fremdheit und räumliche wie zeitliche Entfernung".¹⁴⁷ [Dit dien bloot om die daar en dan (die tyd en plek) te bepaal en toon altyd 'n sekere vreemdheid en ruimtelike en tydelike afstand. G.W.B.: "The purpose is to fix the time and place. There is thus a certain suggestion of remoteness, of distance in space and time."]

(b) *Vir die Joodse volk in empiries-godsdienstige en empiries-nasionale sin.* Hier val die nadruk besonderlik op die ¹⁷¹ verskil van die Joodse volk teenoor ander volke in konkreet-empiriese sake, besonderlik in die uiterlike aard van hul godsdiens en godsdienstige lewe en gebruike. Die gebruik van die naam kom veral voor by verwysings na die Joodse godsdienstige feeste en gewoontes (vgl. 2:6; 2:13; 5:1; 6:4; 7:2; 11:55; 19:31; 19:42). Baie duidelik kom dit uit in *Joh. 4:9* waar Ἰουδαίος gebruik word in verband met die skerp godsdienstig-sedelike, maatskaplike en nasionale afsondering tussen Jode en Samaritane.

(c) *In oorheersend godsdienstige sin vir dié mense in die Joodse volk wat vyandig staan teenoor Jesus en die evangelie.* Reeds in *Joh. 1:19* word 'n neiging sigbaar tot 'n skeiding binne die Joodse volk, sodat 'n sekere deel van die volk Ἰουδαίος heet. Hier word in onderskeiding van Johannes die Doper gespreek van die Ἰουδαίος uit Jerusalem". Hulle blyk mense van gesag

¹⁴⁵ Gutbrod: TWNT III, 378-381, trek die onderskeidings ietwat anders.

¹⁴⁶ Sien ht. I, § 2, onder ἔθνος, p. 49.

¹⁴⁷ Gutbrod: TWNT III, 379.

te wees, leiers onder die volk wat gesag het oor "priesters en Leviëte". In *Joh. 2:17-22* kom die "Jode" in sterk teëstelling tot Jesus te staan en ook in duidelike onderskeiding van sy dissipels wat immers ook lede van die Joodse volk is. Veral vanaf hf. 5 word die teëstelling tussen Jesus en die *Ιουδαιοι* al duideliker. "Jode" word in die verband 'n benaming vir diegene "die den Herrschaftsanspruch Jesu ablenen und eben damit Juden bleibt".¹⁴⁸ [wat Jesus se Heerskaps-aanspraak op mag verloën en dus Jode bly. G.W.B.: "who reject the claim of Jesus to lordship, and who remain Jews"] (Vgl. o.a. 5 :10, 16, 18; 7:1). Dat die benaming in dié verband 'n suiwer godsdienstige begrip word en nie die hele volk Israel in teëstelling plaas tot Jesus nie, blyk duidelik uit bv. *Joh. 7:11-13*. Hier word die *Ιουδαιοι* nie alleen teenoor Jesus geplaas nie, maar ook direk onderskei van die Joodse skare (*οι οχλοι*). Die "Jode" is dus nie die volk nie maar sekere mense van die volk: diegene wat Jesus vyandiggesind is. In *Joh. 7:32-35* word diegene wat deur die Fariseërs c.s. na Jesus gestuur is om Hom te vang, die "Jode" genoem, en hulle word in hulle haat (vs. 32) en ongeloof (vs. 35) onderskei van diegene in die Joodse skare wat in Hom geglo het (vs. 31). In *Joh. 8:31* word *Ιουδαιοι*. in betekenis (a) gebruik en word uitdruklik gespreek van die "Ιουδαιοι. wat in Hom geglo het". In die daaropvolgende verse spreek Jesus baie skerp oor diegene wat Hom in ongeloof verwerp en hulle heet dan in die verbesonderde sin die *Ιουδαιοι* (*Joh. 8:48*).

Ιουδαιοι is in hierdie gebruik dus vervreemd van sy volkskonnotasie wat nog net in soverre 'n rol speel dat alleen ongelowiges uit die Joodse volk *Ιουδαιοι*, teëstanders van Jesus en sy evangelie, heet. Hier kom die verskil tussen die naam Israel^[72] en die benaming Jode baie skerp uit. "Während das Wort 'Jude' den Unglauben der Juden mit enthält, bringt das Wort 'Israel' die göttliche Bestimmtheit des Gottesvolkes zum Glauben an Jesus zum Ausdruck".¹⁴⁹ [Terwyl die woord 'Jood' die ongeloof van die Jode inhou, druk die woord 'Israel' die goddelike voorneme uit van die Godsvolk om in Jesus te glo.]

Gevolgtrekking.

Ook in die Evangelie van Johannes is daar 'n pertinente verskil, selfs nog 'n skerper verskil, in betekenis tussen die benaminge Israel en Jood (Jode). Die naam Israel behou die betekenis wat dit in die ander Evangelies het. Die naam Jood (Jode) ondergaan egter belangrike verandering, sodat naas die gebruik met 'n empiries-nasionale konnotasie dit ook feitlik heeltemal losgemaak kan word van sy volkskonnotasie en in oorwegend godsdienstige sin gebruik word vir die konkrete ongelowiges en teëstanders van die evangelie van Jesus Christus onder die Joodse volk.

3. *In Handeling.*

a. *Voorkoms.*

Dit is opvallend dat *Ισραηλ* veral in die eerste deel en *Ιουδαιοι* veral in die tweede deel voorkom, juis terwyl die eerste deel uitsluitend gebeurde op Palestynse bodem en die tweede deel hoofsaaklik gebeurde buite Palestina beskryf. Dit toon dat ook hier die algemene Joodse gebruik van die naam Israel as interne benaming en die naam Jood (Jode) as benaming deur of teenoor of in verband met nie-Jode geld.

b. *Betekenis.*

(i) *Ισραηλ*. Ook hier vertoon die naam Israel (Israeliete) volle ooreenkoms met die gebruik in die Evangelies.

Weer tree aan die lig die noue verbinding van dié naam met God en die Messias (vgl. Hand.

¹⁴⁸ Gutbrod: TWNT III, 381. Vgl. ook Bauer: *Wörterbuch*, kolom 750.

¹⁴⁹ Dahl: *Volk Gottes*, 170.

1:6; 4:10; 5:30-31; 13:23, 24); met die Godsvolk-begrip (vgl. Hand. 4:10; 4:27; 13:17; 13:24); en met die verbond (vgl. Hand. 5:30 — "die God van ons vaders"; 13:17 — N.B.!). Opmerklik is daarteenoor die afwesigheid van die naam Jood (Jode) in gedeeltes wat handel oor die verhouding van God tot die volk Israel as verbondsvolk en Godsvolk. Hand. 12:11 is die absolute uitsondering wat die reël bevestig.

Ook die etnies-volkse en histories-volkse konnotasie van dié naam is in Handelingte sterk aanwesig. Die sterk etnies-bepaalde verbindings "huis van Israel" (2:36; 7:42) en "kinders van Israel" (5:21; 7:23 — "sy broers, die kinders^[73] ..."; 7:37; 9:15; 10:36) kom dikwels voor. Die herhaalde verwysings na Israel se voorgeskiedenis (7:23, 37, 42; 13:17) beklemtoon die histories-volkse konnotasie. "Hier zeigt sich wieder die in diesem Wort liegende, über die einzelne Zeit hinausgreifende Einheit des Volkes Israel."¹⁵⁰ [Hier word weer eens die eenheid van die volk Israel getoon wat in hierdie woord lê en wat verder strek as die enkele tyd. G.W.B.: "And here again it implies the unity of the people across the ages."]

(ii) Ἰουδαῖοι. Dié naam kom weer in 'n verskeidenheid betekenisse voor:

(a) Soos in die Evangelies as gebruikelike naam vir die volk in empiries-nasionale sin, in die mond van nie-Jode (vgl. Hand. 10:22; 23:27, 30) of by Jode in gesprek met nie-Jode (vgl. 10:28; 21:39; 23:20; 24:5; 24:18; 25:8; 26:2).

(b) Soos in die Evangelie van Johannes as blote aanduiding van mense uit die Joodse volk, hoofsaaklik vir Diaspora-Jode (vgl. Hand. 9:22; 11:19; 13:5; 14:1; 18:4).

(c) In die besondere sin waarin ook Johannes dit gebruik as benaming vir die ongelowiges, die teëstanders van die Evangelie uit die Joodse volk (vgl. Hand. 9:23; 13:45, 50; 17:13). Dat ook hier nie die *volk* van die Jode as geheel bedoel word nie, blyk uit bv. *Hand. 13:43-50*: In vs. 43 word vermeld dat baie "Jode" gelowig geword het. Die "Jode" van vs. 50 sien dus net op dié deel wat ongelowig gebly het. In *Hand. 14:1-2* word hierdie "Jode" noukeuriger aangedui as die "on gehoorsame Jode" (vs. 2) teenoor die gelowige Jode (vs. 1). (Vgl. ook Hand. 17:5 en 13). D. Bosch¹⁵¹ skryf in dié verband: "Die Juden werden aufgerufen, sich nunmehr als 'Israel' zu realisieren. Tun sie das nicht, so werden sie — 'die Juden'... Der Jude im Prägnanten Sinn ist ein Mensch aus Israel, der die Botschaft von Jesus von Nazareth abgelehnt hat". [Die Jode word opgeroep om voortaan hulself as 'Israel' te beskou. As hulle dit nie doen nie, sal hulle - 'die Jode' ... Die Jood, in presiese sin, is 'n persoon uit Israel wat die boodskap van Jesus van Nasaret verwerp het.]

(d) Handelingte bring 'n nuwe en baie belangrike nuansering: Ἰουδαῖοι word hier ook gebruik om aan te dui diegene wat gebonde is aan die *wet*. "Ἰουδαῖος ist aber freilich uU für die AG auch der, der sich jüdisch verhält, der ans Gesetz gebunden ist".¹⁵² [In Handelingte is Ἰουδαῖος natuurlik ook iemand wat op 'n Joodse manier optree, wat gebonde is aan die wet. G.W.B.: Naturally 'Ἰουδαῖος is also used in Acts for one who is Jewish in outlook, who is committed to the Law (10:28).]

In *Hand. 22:3 en 12* is dit besonder opvallend dat Paulus twee keer in dieselfde toespraak teenoor *Jerusalemse Jode* die naam Ἰουδαῖος gebruik, eers vir homself en dan vir die Jode van Damaskus. Dit gaan direk in teen die Joodse gebruik van die naam, en daar moet dus 'n besondere rede voor wees. Die opvallende ooreenkoms in die twee tekste is die verwysing na die noukeurige onderhouding van die wet. Veral in vs. 12 is daar 'n noue verband tussen die wet en die gebruik van Ἰουδαῖοι: Ananias het 'n goeie naam by die Ἰουδαῖοι, omdat^[74] hy "'n vroom man volgens die wet" is. Dieselfde betekenis tree aan die lig in *Hand. 16:3*. Paulus besny Timotheüs ter wille van die Ἰουδαῖοι — weer: dus kom die *wet* op die voorgrond in verband

¹⁵⁰ Gutbrod, TWNT III, 389.

¹⁵¹ *Die Heidenmission in der Zukunftsschau Jesu, Abhandlungen zum Theologie des AT und NT* 36, 1959, III; vgl. ook K Emmerich: *Die Juden*, TS 7 (1939), 21.

¹⁵² Gutbrod: TWNT III, 382.

met dié naam.

Van besondere belang is in dié verband die opvallende gebruik van Ιουδαιοι in *Hand. 2:5* waar die "godsdienslike manne, uit elke nasie..." Ιουδαιοι genoem word. Hier word nou uitdruklik mense wat nie deur geboorte tot die volk Israel behoort nie, Jode genoem. Dit geskied alleen op grond van hulle godsdienslike posisie. In vs. 10 word diegene wat vs. 2 almal ingesluit het onder die naam Jode, egter verdeel in "Jode en proseliete". Hieruit blyk dat dit hier gaan om die verhouding tot die Joodse *wet*. Hoewel Ιουδαίος slegs hierdie enkele keer voorkom in dié suiwer godsdienslike sin, is dit tog baie duidelik en uitdruklik. Hiervolgens kan die nie-Joodse vol-proseliet deur sy aanname van die Joodse wet toetree tot die Joodse volk in soverre hulle die Ιουδαιοι, die wetsvolk is. Hy word egter nie 'n Israeliet nie, nie 'n lid van die volk Israel in soverre dit die *verbondsvolk* is nie.

Gevolgtrekking.

Ook in Handeling behou Ισραηλ deurgaans die betekenis wat dit konstant in die Evangelies het: Ιουδαιοι toon daarenteen 'n nog groter variasie in gebruik. Naas die gebruike in die Evangelies tree hier nog die gebruik van die meervoud in die sin van: die volk van die wet of selfs mense wat die wet onderhou ongeag of hulle uit die Joodse volk is; in die enkelvoud: 'n man uit die Joodse volk wat leef onder die wet.

4. In die Briewe van Paulus,

a. Voorkoms.

Die verskil in die voorkoms van die twee name by Paulus is besonder opvallend: Deurgaans, behalwe in Rom. 9-11, gebruik Paulus Ισραηλ — Ισραηλιτης baie selde (ses keer) en Ιουδαίος dikwels (vier en twintig keer), maar in Rom. 9-11 alleen kom eersgenoemde dertien keer voor en laasgenoemde slegs twee keer. Te meer opvallend is dit in Romeine self, waar eersgenoemde in Rom. 9-11 dertien keer en in die ander hoofstukke glad nie voorkom nie, terwyl laasgenoemde in die ander hoofstukke nege keer en in hff. 9-11 net twee keer voorkom.

Hierdie verskil in gebruik toon 'n opvallende ooreenkoms met die verskil in die behandelde stof: alleen in Rom. 9-11 gee Paulus 'n pertinente behandeling van die openbaringshistoriese [75] posisie van die volk Israel as Godsvolk en die verhouding van die volk Israel en die heidennasies, terwyl hy in Rom. 1-8 besonderlik handel oor die vraag na die verhouding van die wet en die genade deur geloof in Christus ten opsigte van die verlossing. Ook in sy ander briewe geniet hierdie laaste probleem in belangrike mate die aandag.

Wanneer die voorkoms van die twee name in verband gebring word met die behandelde stof, blyk dit dat Paulus by voorkeur Ισραηλ gebruik waar hy handel oor die openbaringshistoriese verhouding van Israel as *volk* tot die Godsvolk en tot die heidennasies, maar dat hy in duidelike onderskeid hiervan Ιουδαίος by voorkeur gebruik in verband met die vraag na die verhouding van wet en genade (geloof) ten opsigte van die verlossing.

b. Betekenis.

Hierdie algemene indruk word bevestig deur die ondersoek van die betekenis van die name in afsonderlike uitsprake.

(i) Ισραηλ, Die gebruik van die naam Israel vertoon 'n duidelike konstante betekenis volkome in lyn met die Evangelies en Handeling.

2 Kor. 3:7, 13: Hier dui Ισραηλ die volk aan wat die besondere posisie in die Ou-Testamentiese openbaring beklee. Dié "Israel" het 'n sterk etniese konnotasie: die volk heet die kinders van Israel, die nageslag van die stamvader. Ook het die naam hier 'n sterk historiese konnotasie. Paulus gaan hier in op die konkrete geskiedenis van die volk. Ισραηλ is die volk

van die geskiedenis van die Ou-Testamentiese openbaring.

Ef. 2:12: Ἰσραὴλ is die volk wat met God, met Christus, met 'n "hoop" in die wêreld is, die volk wat in besit is van "die verbonde van die belofte". Ἰσραὴλ is egter ook die volk Israel na die vlees wat onderskei word van die "ἔθνη na die vlees" (vs. 12). Hier is "Israel" die histories-etniese volk van die verbond.

Volgens Rom. 11:1 beteken "Israeliet" weer enersyds om "uit die nageslag van Abraham" te wees en verbonde te wees aan een van die "stamme", een van die kleiner etniese eenhede binne die volk Israel.¹⁵³ Andersyds beteken dit om tot die Godsvolk te behoort: as bewys dat God sy volk nie verstoot het nie, sê Paulus: "want ook ἐκ is 'n Israeliet". "Soll das Sinn haben, so nur, wenn er als Ἰσραηλιτῆς Angehöriger des Gottesvolkes ist".¹⁵⁴ [Sal net sin maak, as hy, as Ἰσραηλιτῆς, 'n lid van die Godsvolk is. **G.W.B.**: "This makes sense only if, as an Ἰσραηλιτῆς, he is a member of God's people."]

Om "Israeliete" te wees, beteken volgens *Rom. 9:3-5* enersyds om "broers", "stamgenote na die vlees" te wees van ^{176]} 'n ander Israeliet (vs. 3); om deel te hê aan "die vaders"; om tot dié volk te behoort "uit wie die Christus is *na die vlees*"; maar dit beteken andersyds om Godsvolk te wees "aan wie die aanneming tot kinders behoort"; om verbondsvolk te wees "(aan wie) die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes (behoort)".

Die naam Israel het dus konstant by Paulus, waar uit die verband duidelikheid oor die konnotasie is, 'n besliste godsdienstige en histories-etniese konnotasie en dui die histories-etniese volk Israel aan as die verbondsvolk van God.

Daar is egter ook enkele gevalle waar dit nie sonder meer duidelik is of Ἰσραὴλ die werklike volk Israel of net die gelowige Israeliete of die universele kerk van Christus aandui nie. Dit is die geval by drie belangrike uitsprake van Paulus: Rom. 9:6, Rom. 11:26 en Gal. 6:16. Daarom word hier voorlopig die moontlikheid oopgelaat dat Paulus dié benaming oorbring op die kerk en sal daar eers in hf. III op hierdie uitsprake breedvoerig ingegaan word.

(ii) Ἰουδαῖος. 'n Skerp gebruiksverandering van dié naam wat reeds in Handelingte ook enkele kere voorkom, word by Paulus deurgevoer tot die oorheersende konnotasie van die woord: "Ἰουδαῖος ist man bei Paulus auf Grund eines bestimmten Verhaltens, nämlich desjenigen, bei dem man aus Gesetz gebunden ist".¹⁵⁵ [Ἰουδαῖος is 'n mens by Paulus op grond van 'n sekere gedrag, naamlik daardie (gedrag) waarin jy deur die wet gebonde is. **G.W.B.**: "A man is a Ἰουδαῖος for Paul on the basis of a specific relation, namely, his attachment to the Law."]

Gutbrod¹⁵⁶ wys daarop dat Paulus Ἰουδαῖος meestal in die enkelvoud gebruik en dan dikwels (ook by die meervoud) sonder lidwoord, en dit sonder dat bepaalde persone bedoel word. Dit toon "dass Pls unter Ἰουδαῖος gewissermassen einen Typus, eine geistige, religiöse Grösse versteht".¹⁵⁷ [Dit toon "dat Paulus onder Ἰουδαῖος gewis 'n tipe, 'n geestelike, godsdienstige grootheid verstaan". **G.W.B.**: "... for Paul the Ἰουδαῖος is a type, a spiritual or religious magnitude"]

In individuele uitsprake word feitlik konsekwent Ἰουδαῖος verbind met die onderhouding van of verknogtheid aan of vertrouwe op die wet in teëstelling tot die vrye genade van God in Christus, die verlossing deur die geloof — Ἰουδαῖος met iemand wat onder die wet leef teenoor diegene wat nie onder die wet staan nie.

¹⁵³ Sien hf. I, § 3 onder φύλη, P 59.

¹⁵⁴ Gutbrod: TWNT III, 389.

¹⁵⁵ Ibid, 383.

¹⁵⁶ Ibid, 382.

¹⁵⁷ Ibid, 382.

Vir twee van die duidelikste voorbeelde, t.w. *1 Kor. 9:20* en *Gal. 2:13* word verwys na Gutbrod se uitnemende behandeling daarvan.¹⁵⁸ Hier word op enkele ander duidelike voorbeelde kortliks gewys.

Rom. 2:17: "Maar as jy jouself Ιουδαίος noem en op die wet steun ..." Die Ιουδαίος is die man wat op die wet steun en vertrou. Ook die daaropvolgende verse handel oor die verhouding van "Jood" en wet.

[77]

Nadat Paulus in die voorafgaande verse gehandel het oor die nutteloosheid van die uitwendige besit van die wet en die uitwendige teken van die besnydenis, som hy dit in *Rom. 2:28* op, en dan word die uitwendige besnydenis weer genoem "die besnydenis wat in die openbaar is", maar die uitwendige besit van die wet word uitgedruk met die woorde "hy wat Ιουδαίος in die openbaar is". Hier word met "Jood" dus bedoel "hy wat die Tora besit", terwyl die ware "Jood" dan vir Paulus blykens vs. 29 is: hy wat die wet nie alleen besit nie, maar ook doen wat die wet voorskryf.

Ook in *Rom. 3:28-29* is die noue samehang tussen wet en Ιουδαίοι aanwesig: "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet. Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie?" Paulus bedoel hier duidelik: as 'n mens deur die werke van die wet geregverdig word, kan net die besitter van die wet, die Ιουδαίος, geregverdig word. Maar nou is God God oor alle mense en nie net oor die Ιουδαίοι, d.i. die wetsbesitters nie.

Dieselfde blyk uit *Gal. 3:24-28*: "Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe ... Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester (die wet!) nie... Daar is nie meer Ιουδαίος of Griek nie". Waar dus die wet nie meer geld nie, daar is vir Paulus ook nie meer 'n onderskeid tussen "Jood" en Griek nie. Wie is die Ιουδαίος dan behalwe die lid van die wetsgemeenskap? (Vgl. Kol. 3:11. Op een lyn hiermee lê ook *Rom. 10:12* in sy verband).

Gevolgtrekking.

Ισραήλ word dus by Paulus in die algemeen in dieselfde sin gebruik as in die Evangelies en Handeling. Ιουδαίος (-οι) dui egter hier by uitstek die mens(e) onder die wet, die lid (lede) van die wetsgemeenskap aan, terwyl die gedagte aan die Joodse volk net in soverre nog 'n rol speel dat dit (primêr) lede van dié volk is wat Ιουδαίοι is.

5. In die ander Briewe en Openbaring.

Hier bekleë dié name 'n veel minder belangrike plek en kom hulle te min voor om 'n duidelike beeld van die gebruik te verkry. Ισραήλ vertoon in Hebreërs en Openbaring geen duidelike afwyking van die deurlopende gebruik in die voorafgaande Boeke van die N.T. nie! Ιουδαίος (-οι) kom alleen in Openbaring en slegs twee keer voor sonder dat die betekenis duidelik is.

In afsonderlike uitsprake wat in die verdere behandeling^[78] van die onderwerp van belang sal blyk te wees, sal uit die verband en teen die agtergrond van die hierbo verkreë gegewens die betekenis aldaar bepaal moet word.

Besluit.

Die naam Ισραήλ behou dwarsdeur die N.T. dieselfde betekenis. Dit het deurgaans (*Rom. 9:6*; *Rom. 11:26*; *Gal. 6:16* hier buite rekening gelaat) 'n besliste godsdienstige en histories-etniese konnotasie: dit dui die histories-etniese volk aan as die volk van die verbond

¹⁵⁸ Gutbrod: TWNT III, 383

en dus ook as Godsvolk. Ιουδαιοσ (-οι) ondergaan daarenteen 'n groot wisseling in betekenis in die loop van die N.T. en het selfs in dieselfde Boek verskeie moontlike betekenis. By die interpretasie van enige besondere Ιουδαιοσ-uitspraak is dit dus belangrik om die gebruik(e) van die naam in die bepaalde Boek in ag te neem.

II. Εβραιοσ.

Hierdie naam kom slegs drie keer voor, t.w. in Hand. 6:1, 2 Kor. 11:22 en Fil. 3:5, terwyl die afgeleide vorm Εβραϊσ en Εβραϊστι ook selde voorkom. Hierdie naam is alleen in 2 Kor. 11:22 en Fil. 3:5 van belang vir hierdie studie. Daarom kan hier volstaan word met 'n verwysing na die artikel van Gutbrod¹⁵⁹ en 'n weergawe van sy slotsom:

Die wisselvorme word alleen gebruik in linguistiese sin ter aanduiding van die taal van die Palestynse Jode (hetsy Aramees of Hebreeus).

Die konnotasie van die naam Εβραιοσ is veral tweeledig:

- (i) Dit dui 'n Israeliet aan wat van Palestina afkomstig is; iemand wat gebore is uit 'n Palestynse familie.
- (ii) Daarom dui dit ook iemand aan wat die moedertaal Aramees (of Hebreeus) spreek.

Hierdie naam onderskei dus nie primêr die lid van die Joodse volk van die lid van 'n ander volk nie, maar dit onderskei die Palestynse Jood wat die moedertaal spreek, van die Diaspora-Jood wat Grieks spreek. Dit hou daarom wesentlik 'n besondere gevoelswaarde in: Εβραιοσ dui 'n tradisie-vaste Jood aan, 'n "vor der Hellenisierung bewahrt gebliebener Jude".¹⁶⁰ [*'n Jood wat bewaar is van de hellenisering*]

III. Ελλην.

In die Griekse wêreld van die Nieu-Testamentiese tyd kan Ελλην in die algemeen twee betekenis hê:¹⁶¹

(a) in engere sin: 'n Griek van geboorte;

(b) in breëre sin: enigeen wat behoort tot 'n land waar die ^[79] Griekse taal en kultuur sy invloed laat geld, of wat self hierdie taal en kultuur oorgeneem het. In die Joodse spraakgebruik en in die N.T. kom in aansluiting hierby ook tweërlei betekenis voor:

(a) in engere sin: 'n Griek van geboorte;

(b) in breër sin: enigeen wat die Hellenistiese leefwyse het in teëstelling tot diegene wat volgens die Joodse godsdienstige-sedelike instellings leef. Ελληνες word dan 'n aanduiding van die nie-Joodse wêreld, die nie-Jode op godsdienstig-sedelike terrein.

Betekenis (a) kom voor in *Joh. 12:20*. Hierdie "Griek" is half-proseliete van Griekse afkoms.¹⁶² Dat dit hier nie bloot "heidene" kan beteken nie, blyk uit die feit dat hulle opkom om te aanbid by die tempel.

In Handelingte beteken Ελληνες waar dit saam met Ιουδαιοι voorkom (14:1; 18:3; 19:10; 19:17; 20:21), alle nie-Joodse inwoners van die betrokke gebied.¹⁶³ Daarteenoor, veral

¹⁵⁹ TWNT III, 391-394.

¹⁶⁰ Gutbrod, TWNT III, 393.

¹⁶¹ H. Windisch: 'Ελλην. TWNT II, 501-503.

¹⁶² So ook Windisch: TWNT II, 506; Strack-Billerbeck II, 548-549. Anders K.L. Schmidt: διασπορα TWNT II, 102 wat hulle beskou as hellenistiese Jode.

¹⁶³ Vgl. Windisch: TWNT II, 507.

wanneer Ἕλλην alleen voorkom, kan dit ook hier 'n werklike Griek van geboorte aandui, soos bv. in *Hand. 16:1*.

By Paulus kom Ἕλλην behalwe in Gal. 2:3 waar dit klaarblyklik Titus as Griek van geboorte aandui, net in twee geëykte uitdrukkinge voor: Ἕλληνας καὶ βαρβαροὶ (net in Rom. 1:14) en Ἰουδαῖοι καὶ Ἕλληνας. Eersgenoemde uitdrukking is die tipies Griekse verdeling van die mensheid, laasgenoemde die tipies Diaspora-Joodse verdeling van die mensheid. Alleen laasgenoemde is van belang.

Ἕλληνας is hier in die algemeen "die nie-Jode". Die presiese konnotasie van Ἕλληνας word hier m.i. bepaal deur die betekenis van Ἰουδαῖοι wat immers die primêre woord in dié uitdrukking is. Aangesien reeds vasgestel is dat Ἰουδαῖοι (-οἱ) by Paulus in die eerste plek "die mens(e) onder die wet" beteken en die beperking tot die Joodse *volk* slegs 'n heel ondergeskikte aspek van die woord is, moet Ἕλληνας primêr beteken almal wat buite die wet staan; diegene wat nie leef volgens die Tora nie.¹⁶⁴ [80]

¹⁶⁴ Windisch hou hom dus nie aan die tipiese gebruik van die benaming Ἰουδαῖος nie wanneer hy sê: "Ἕλληνας sind die durch Sprache, Abstammung und Kultur von der Juden unterschiedene Teil der Menschheit" — TWNT II, 510.

[81]-[86] – het net voetnote bevat.

HOOFSTUK II

DIE VERHOUDING VAN DIE VOLK ISRAEL EN DIE GODSVOLK

Ter inleiding.

Dit is 'n baie algemeen gehuldigde beskouing dat die verwerping van Jesus deur die volk Israel soos dit gekulmineer het in die kruisiging van die Messias, beteken het die verwerping van die volk Israel as Godsvolk. Omdat die volk die Messias verwerp het, is die volk Israel verwerp as Godsvolk, en in die plek van Israel kom 'n nuwe Godsvolk geroep uit die heidenwêreld. Tot hierdie nuwe Godsvolk kan slegs enkele Israëliete *as individue* toetree. Die tyd van Israel as volk is verby. Daar is vanaf die dood van Jesus Christus geen verband meer tussen die messiaanse Godsvolk en die volk Israel nie. R. Liechtenhan¹ stel hierdie standpunt baie duidelik: "Je deutlicher der Widerstand des Volkes in seiner Gesamtheit wird und Jesu eigenes gewaltsames Ende in ... Gesichtsfeld rückt, umso mehr beschäftigen sich seine Gedanken mit einer Wendung der Heilsgeschichte von Israel weg zu der Heiden-welt hin" [Hoe duideliker die weerstand van die volk in sy geheel word en Jesus se eie gewelddadige einde in ... die gesigsveld kom, hoe meer gaan sy gedagtes oor die wending van die heilsgeschiedenis weg van Israel na die heidense wêreld]. Die verwerping van Jesus deur Israel bring mee "dass das Gericht über Israel als Ganzes ergeht und ihm seine heilsgeschichtliche Rolle genommen wird, wenn auch noch Einzelne aus der massa perditionis herausgerufen werden können". "Israel hat damit (scil. die moord op Jesus — J.C.C.) aufgehört, Heilsgemeinde zu sein. Der Zutritt zum Reich muss darum durch einen Akt der Desolidarisierung, der Metanoia gegenüber dem Volk der Messiasmörder erfolgen; es handelt sich also nicht mehr darum, das Volk als Ganzes zu gewinnen, sondern Einzelne, einen Rest aus dem abgefallenen Volk herauszurufen". " ... die Verwerfung Israels ist kollektiv gemeint, das Volk als solches hat seine Rolle als Heilstfager ausgespielt. Das schliesst aber nicht aus dass einzelne seiner Glieder Individuell in das neue Gottesvolk, die Ekklesia, hinüber gerettet werden".

Hierdie beskouing het betrekking op die kern van die verhouding van die volk Israel tot die Godsvolk in die N.T. Daarom vorm die toetsing van die waarheid van hierdie beskouing in die N.T. as geheel die sentrale punt van hoofstukke II en III.

[87]

¹ *Die urchristliche Mission. Voraussetzungen, Motive und Methoden, Abhandlungen zur Theologie des Alten und Neuen Testaments* 9, 1946, 35, 37, 45, 46. So ook o.a. Oepke: *Gottesvolk*, 172; H. Schlier: *Die Entscheidung für die Heidenmission in der Urchristenheit*, EMZ, 3, 1942, 166 e.v.; Blauw: *Goden en mensen*, 113, 115-116; J. Behm: *Volk und Gottesvolk*, in: *Kirche, Volk und Staat. Stimmen aus der Deutschen Evangelischen Kirche zur Oxforder Weltkirchen-konferenz*, 1937, 60.

§ 1. Voor Jesus se optrede.

1. Die profesieë rondom die geboortegeskiedenis 88. Inleidend 88. (i) Engelaankondiging van Johannes se geboorte, Luk. 1:16-17 88. (ii) Engelaankondiging van Jesus se geboorte, Matth. 1:21 90. (iii) Lofsang van Sagaria, Luk. 1:67-79 93. (iv) Engelaankondiging by Jesus se geboorte, Luk. 2:10-11 94. (v) Profesie van Simeon, Luk. 2:29-35 96. 2. Die voorbereidende optrede van Johannes die Doper 97. Besluit 101.

1. Die profesieë rondom die geboortegeskiedenis.

In die begin van die Nieu-Testamentiese openbaringsgeskiedenis word, voor Jesus se optrede, profetiese openbaringe gegee van die betekenis en werk van die Here Jesus en sy wegbereider. Kenmerkend van hierdie profesieë is die veelvuldige voorkoms van die Godsvolkgedagte daarin en die belangrike plek wat die volk Israel as Godsvolk daarvolgens in die werk en betekenis van Johannes en Jesus Christus inneem.²

(i) Voorop staan die *engelaankondiging van die geboorte* van Johannes aan Sagaria in die tempel, Luk. 1:16, 17: "En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God ... om vir die Here 'n toegeruste λαον te berei".

Dat λαος hier die histories-etniese volk Israel as inhoud het, blyk duidelik uit die benaming "kinders van *Israel*", wat in die N.T. 'n benaming is vir die histories-etniese volk.³ Hier word die werklike volk Israel dus by die begin van die Nieu-Testamentiese openbaring aangedui as Godsvolk.

Die komende heilsgebeure in Christus Jesus is gerig op die histories-etniese volk, wat ook met die oog op hierdie komende heilsgebeure gesien word as Godsvolk.

Die beheersende gedagte van die verse is dat Johannes as wegbereider moet kom om die volk voor te berei en in gereedheid te bring vir die koms van die Here, omdat die volk Israel, terwyl dit die Godsvolk is, nie die kenmerke van die ware Godsvolk dra nie. Die inherente toestand van die volk Israel is nie die toestand waarin dit *móét* verkeer as Godsvolk nie. Die volk is in hul konkrete toestand nie die ware Godsvolk soos dit in wese van Godsweë *is* en van eie kant *moet wees* nie.

Die harmoniese gemeenskap van die Godsvolk ontbreek in Israel. Daar is nie eenheid van die Godsvolk met God nie: hulle is weggedwaal van God en terugkeer (επιστρεψαι) is nodig; [88] en daar is nie die onderlinge eenheid in die volk self nie: terugkeer (επιστρεψαι) van die vaders tot die kinders is nodig. Die oorsaak van die verbroke eenheid kom tot uitdrukking in die woorde "en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges":⁴ die sondige ongehoorsaamheid het verdeling gebring. Die harmoniese eenheid en gemeenskap moet herstel word. Daarvoor kom Johannes die Doper om Israel tot bekering op te roep, sodat dit weer ware volk en ware Godsvolk kan word.

By die toerusting van die Godsvolk vir die koms van die Here moet die eenheid met God herstel word deur bekering tot God, so ook die eenheid van die volk onderling, want die volk is 'n verdeelde volk, verdeel in sy geslagte: die verdeeldheid bestaan tussen ouer en jonger geslag. Die verhouding teenoor God en óók die onderlinge verhoudings binne die volk Israel moet eers herstel wees voordat die Godsvolk voorbereid sal wees op die koms van die Here.⁵ Opmerklik

² H. Sählin sien dit as die sentrale gedagte van die eerste hoofstukke van Lukas in sy studie *Der Messias und das Gottesvolk. Studien zur protolukanischen Theologie. Acta Seminarii Neotestamentici Upsaliensis XII*, 1945.

³ Sien hf. 1, § 4 onder Ισραηλ, pp. 69-70.

⁴ Dit is opmerklik dat hierdie woorde nie in Mal. 4:6 voorkom nie en die woorde "en die hart van die kinders tot hulle vaders" vervang.

⁵ Hoewel klein, is die verskil met die rabbynse opvatting radikaal. Hier is bekering noodsaaklik as die Godsvolk

is dan eerstens: by die toerusting van die volk gaan die terugkeer tot God, die herstel van die eenheid met God voorop — dit is voorvereiste vir die herstelling van die eenheid in die volk onderling; en tweedens: die onderlinge eenheid van die volk is nie 'n doel in sigself nie — dit is geen nasionalistiese ideaal hier nie — maar dit staan ten dienste daaraan dat die volk Israel 'n ware toebereide volk *vir die Here* (Κυριω) sal wees.

Hier is dus die primêre kenmerk van die ware Godsvolk-wees die eenheid met God. Die onderlinge samehörigheid van die volk kom wel duidelik binne die gesigsveld, maar dit volg eers sekondêr na en uit die eenheid met God. Dit kom ook alleen in die gesigsveld as synde tot diens van die eer van die Here; al dié heilsgebeure geskied Κυριω, vir die Here, eintlik sterker: ten voordele van die Here (letterlik: dativus commodi), d.i. tot eer van die Here.

Hierdeur is ook reeds die verhouding van die histories-etniese volk Israel en die Godsvolk op hierdie tydstep in die openbaringsgeskiedenis in een opsig gekwalifiseer: primêr is nie die volkseenheid van bloed, kultuur of tradisie nie, maar primêr is die geestelike eenheid van die volk met God, en hierdie eenheid kom eers deur die bekering, deur die daadwerklike omkering⁶ van die volk tot God.

In hierdie verse tree voorts aan die lig dat, terwyl die histories-etniese volk Israel die Godsvolk is, die "toegeruste volk" nie identies is met die volk na sy empiriese verskyningsomvang nie. Daar kom differensiasie binne die volk Israel:

[89]

"En hy sal *baie* van die kinders van Israel begeer..." — nie almal nie!

Hoewel πολλοι in die Semities-georiënteerde Griekse spraakgebruik soos rabim in Hebreeus, dikwels inklusiewe betekenis het en dan die "vele en nie die enkeling(e) nie", of selfs "almal" kan beteken⁷ ('n betekenis waarin πολλοι ook meermale in die N.T. voorkom,⁸) blyk uit die partitiwe geneties: πολλους των υιων Ισραηλ, dat πολλους hier beslis "baie, nie almal nie" beteken.⁹ Die "baie" van vers 16 is die "toegeruste volk" van vers 17. "Baie van die kinders van Israel" is die "toegeruste", d.i. die ware, Godsvolk.

Die histories-etniese volk Israel is wel die Godsvolk maar nie die hele histories-etniese volk nie — slegs 'n gedeelte: diegene wat hulle bekeer tot die Here. Hierdie "gedeelte" van die volk Israel maak nie 'n toegeruste gedeelte van die Godsvolk uit nie maar die hele ware Godsvolk. Implisiet lê hierin opgesluit dat die onbekeerdes van Israel weggeneem is uit die volk as Godsvolk.

Die verhouding van die histories-etniese volk Israel en die Godsvolk op hierdie openbarings-tydstip is hiermee in 'n tweede opsig gekwalifiseer: Die Godsvolk is hier nie 'n vergeestelike Israel nie, dit is die histories-etniese volk, nie die volk na sy bloot empiriese vorm nie maar wel die na-binne-verengde histories-etniese volk Israel, met die bekering as beginsel van verenging, 'n Na-binne-verkleinde histories-etniese volk Israel is hier die hele

voorbereid wil wees vir die sekere koms van die Here (soos ook Mal. 4:6); daar is bekering — as menslike goeie werk! — noodsaaklik by die Godsvolk voordat die Here kan kom. Vgl. vir hierdie rabbynse leer, Strack-Billerbeck I, 599-601; Foerster: *Zeitgeschichte* I, 189-191. Duidelikste uitgespreek deur R. Levi, Midr. HL 5, 2 (118a) en Pesiq 163b: "Wenn die Israeliten auch nur Eine Tag Busse täten, so würden sie sofort erlöst werden und es käme sofort der Sohn Davids (der Messias)" — vertaling van Strack-Billerbeck.

⁶ Επιστρεφω druk die uitwendige daad van omkering uit, vgl. o.a. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 595.

⁷ Vgl. J. Jeremias, πολλοι, TWNT VI, 536.

⁸ Vgl. o.a. Mark. 6:2 (par. Luk. 4:22: παντες); Rom. 5:15, 19; Rom. 12:5; 1 Kor. 10:17, 33, — met lidwoord; en Matth. 20:28 par.; Matth. 26:28 par.; Hebr. 9:28(?) — sonder lidwoord.

⁹ So Sählin: *Messias*, 79; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 1365.

toegeruste, ware Godsvolk.

Daar is dus 'n organiese band tussen Israel as volk in histories-etniese sin en die ware Godsvolk.

Van belang in hierdie verse is in die derde plek dat daar by hierdie vroegste openbaring aangaande Israel en die Godsvolk in die ophande synde messiaanse tyd direk aangesluit word by die (laaste openbaring van die) O.T. Dit geskied by wyse van vrye aanhaling van Mal. 3:1 en 4:5, 6. In die openbaring aan Sagaria word duidelik aangetoon dat wat hier aangekondig word, aansluit by en vervulling is van dit wat in die O.T. geprofeteer is.

Die openbaring aangaande die Godsvolk en aangaande Israel se verhouding tot die Godsvolk word in die begin van die Nieu-Testamentiese openbaring besien as in volle aansluiting by en as vervulling van die Ou-Testamentiese openbaring.

(ii) Die volgende belangwekkende openbaring oor die Godsvolk kom voor *in die engelaankondiging van Jesus se geboorte: Matth. 1:21*: "... en jy moet Hom Jesus noem, want ¹⁹⁰ dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos".

F.W. Grosheide¹⁰ wil λαος hier nie sien as beperk tot Israel nie: "allereerst Israel, dan verder allen, die tot Israel zullen worden gerekend, dat is die van Christus (αυτου) zijn". Hierdie uitbreiding en vergeesteliking deur Grosheide is sonder grond. Aan Maria het die engel in die geboorteaankondiging volgens Luk. 1:30-33 gesê "en Hy sal koning, wees oor die huis van Jakob" (τον οικον Ιακωβ), 'n benaming wat sonder twyfel Israel as histories-etniese volk aandui.¹¹ Ook Matth. 2:6 druk dit duidelik uit dat die messiaanse werk van Jesus, soos op hierdie tydstip geteken, bestem is vir die volk Israel: "n leidsman... wat vir my volk Israel 'n herder sal wees". Λαος dui in Matth. 1:21 dus ongetwyfeld die volk Israel aan as Godsvolk.¹²

Die eerste wat in Matth. 1:21 opval, is dat die Godsvolk hier genoem word "τον λαον αυτου", d.i. die volk van Jesus. Die αυτου van die bysin sien immers op Ιησου in die hoofsin. En dan moet die αυτου verstaan word as gen. poss.:¹³ die volk wat eiendom van Jesus is. Die Godsvolk waarvan dus hier sprake is, is die *messiaanse* Godsvolk. Israel as histories-etniese volk is hier die messiaanse Godsvolk, die Godsvolk van Jesus Christus!

Hier kry ons reeds 'n aanduiding van wat dit sou beteken as Jesus by sy kruisiging deur die Jode Israel sou verwerp: dit sou beteken dat die Messias sy eie volk, die messiaanse volk, verwerp het. Of dit wel die geval is volgens die latere Nieu-Testamentiese openbaring, sal verderaan moet duidelik word.

Maar ook vir die huidige is dit van besondere belang dat Israel as volk in Matth. 1:21 die messiaanse volk heet. Dit bring naamlik aan die lig dat Israel die Godsvolk van die Messias is alleen as gevolg van die soewereine en eensydige verkiesing en genade van God se kant. Nie Israel kies Christus (of God) nie, maar Hy verkies Israel: Israel is "sy volk" reeds voor die geboorte van Jesus Christus en geheel afgesien van die volk se menslike houding teenoor Hom. Israel is "unabhängig vom Erfolg seines Wirkens, ob er verworfen wird oder ob ihm geglaubt

¹⁰ *Het Heilig Evangelie volgens Mattheüs, Commentaar op het N.T.*, 1954, 23.

¹¹ Sien hf. I, § 4, pp. 69-70.

¹² So o.a. W. M. L. de Wette: *Kurze Erklärung des Evangeliums Mattai, Kurzgefasstes exegetisches Handbuch zum N.T.*, 1945, 18; A. Schlatter: *Der Evangelist Matthäus, Seine Sprache, sein Ziel, seine Selbständigkeit*, 1929, 19; W. Michaelis: *Das Evangelium nach Matthäus*, in: *Prophezei, Schweizerisches Bibelwerk für die Gemeinde*, 1948, I. 59; H. Ridderbos: *De komst van het Koninkrijk. Jezus' prediking volgens de synoptische Evangelien*, 1950, 174; Strathmann: TWNT IV, 53; G. Schrenk: *Die Weissagung über Israel im N.T.*, 1951, 7-8.

¹³ αυτου kan ook gen. subj. wees om aan te dui die volk *waartoe* Jesus behoort. Algemeen word egter aangeneem dat dit gen. poss. is, vgl. o.a. Grosheide: *Mattheüs*, 23, en die kommentare in voetnoot 12 genoem.

wird, noch ehe er geboren ist, 'sein Volk'.¹⁴ [Israel is ongeag die resultaat van sy werk, of hy verwerp word en of hy geglo het, nog voordat hy eers gebore is, 'sy volk'.]

Die benaming *λαος αυτου* gee dus uitdrukking aan die *unieke posisie* wat Israel onder die volkere beklee as die Godsvolk, enkel en alleen op grond van die soewereine genade en verkiesing van God. Dit is geen Goddelike "Ja" teenoor Israel se "Volkstum" [Aard, karakter van die mense, soos dit uitgedruk word in hul lewe, hul kultuur] nie.¹⁵ Dit is ook nie 'n benaming wat uitdrukking ^[91] gee aan, of rede gee vir, enige nasionale hoogmoed of selfverheffing nie. Wel is in die Rabbynse literatuur die betekenis van hierdie eksklusiewe benaming vir Israel saam met die hele verkiesingsgedagte van die O.T. dikwels hiertoe verwring.¹⁶ In die literatuur is naamlik veelal die verkiesingsorde omgedraai; sodat nie God Israel verkies het nie, maar die volk Israel by Sinaï God verkies het;¹⁷ of waar Gods verkiesing nog gehandhaaf is, is dit nie gesien as 'n soewereine genadedaad van God nie, maar as iets wat geskied het op grond van die verdienste van Israel, besonderlik van die aartsvaders, waardeur hulle hulself verkieslik vir God gemaak het, en waardeur Israel nog steeds verkieslik is vir God.¹⁸ In Matth. 2:12 is Israel egter die volk van Christus nog voordat hulle Hom ken!

Die toehorigheidsverhouding van die volk tot Christus, of anders gestel, die feit dat Israel as volk die messiaanse Godsvolk is, berus hier ten diepste nie op die volkskeuse of die volksverdienste nie en is daarvan geensins afhanklik gestel nie. Dit berus enkel op die welbehag van God — die *ευδοκια* van Lukas 2:14.

Die werk van Jesus sal wees om die volk te "verlos van hulle sondes". Volgens Luk. 1:17 sou die oproep van Johannes wees dat die volk hulle moet voorberei vir die koms van Christus deur hulle te bekeer van hulle sondige weg. Daar reeds was dit duidelik dat die Christus, in elk geval *seker* kom. Hier blyk nou ook dat die koms van Christus nie afhang van die volk se bekering, soos die Jode dit wou nie. Inteendeel, Jesus kom nie na 'n heilige, sondelose volk om as nasionale bevryder hulle te verlos van die Romeinse oorheersing nie. Hy kom na 'n sondige volk om die volk te verlos van hulle sondes. Hy kom nie na 'n sondige volk *as* hulle eers 'n sondelose volk sal word nie, maar Hy kom om Israel van hul sondes te verlos. Israel is nou reeds die messiaanse volk maar 'n vervalde sondige messiaanse volk, wat nog nie die eienskappe van 'n ware messiaanse volk dra nie. Jesus kom dan om Israel 'n van sonde verlost, 'n ware messiaanse Godsvolk te maak. Vir die toekoms van Israel as Godsvolk word geen voorwaarde wat van die mens afhang, gestel nie.

Om saam te vat: in Matth. 1:21 is nie sprake van 'n nasionale bevryding van die histories-etniese volk uit die bande van sy aardse onderdrukking nie; hier is ook nie sprake van 'n geestelike verlossing van 'n geestelike Israel uit die bande van die sonde nie. Wel is hier sprake van 'n geestelike ^[92] verlossing van die histories-etniese volk uit die bande van die sonde. Jesus se koms sal beteken: 'n Van-sonde-verloste, histories-etniese volk Israel as messiaanse Godsvolk.

(iii) *Die lofsang van Sagaria, Luk. 1:61-79*, by die geboorte van Johannes word beheers deur die lofprysing van God se weldade aan die Godsvolk in hierdie messiaanse tyd. Dat Sagaria onder *λαος* in vss. 68 en 77 die werklike histories-etniese volk Israel verstaan, blyk

¹⁴ Schlatter: *Evangelist Matthaus*, 19.

¹⁵ 'n Uitdrukking van o.a. W. Eichrodt: *Gottesvolk und die Völker*, EMM. Jr. 86, 1942, 130.

¹⁶ Vgl. o.a. die opmerking van Blauw: *Goden en mensen*, 13-16; Foerster: *Zeitgeschichte I*, 182-186; Oepke: *Gottesvolk*, 142-154; Dahl: *Volk Gottes*, 55-56.

¹⁷ Vgl. Foerster: *Zeitgeschichte I*, 183, Strack-Billerbeck III, 38-40, ook vir Rabbynse uitsprake in dier voege.

¹⁸ Sien hieronder, voetnoot 49.

genoegsaam uit die benaminge soos "Israel"¹⁹ (vs. 68); "huis van Dawid"²⁰ (vs. 69); "Abraham, ons vader" (vs. 73).

Wat betref die posisie van die histories - etniese volk Israel as die Godsvolk, sluit die gedeelte nou aan by Matth. 1:21: die volk het σωτηρια (vss. 69, 71, 77) of λυτρωσις (vs. 68), d.i. verlossing nodig, en die nuwe heilsgebeure hou in 'n besoek van die Here (vs. 68) aan sy volk om hulle inderdaad te verlos.

Vss. 74b-75 voorkom enige misverstand wat uit vss. 68-74a kon ontstaan, as sou die verlossing 'n bloot nasionale verlossing van die natuurlike volk wees. Hierdie tweede deel van die lofsang toon dat Israel nie 'n volmaakte Godsvolk is nie, maar dat die *doel* van die verlossing daarin bestaan dat Israel as Godsvolk die Here "in heiligheid en geregtigheid" "kan dien", en in vss. 76-79 gaan Sagaria daartoe oor om te toon dat die *verlossing* self 'n verlossing uit die sondeverlorenheid is. Hy toon dat die volk Israel, hoewel dit inderdaad die Godsvolk is, 'n diep vervalde Godsvolk is wat geestelike verlossing dringend nodig het om *ware* Godsvolk te kan wees. Daarom word Johannes as wegbereider gestuur om aan Israel te verkondig, om aan hulle te gee γνωσις, kennis, eintlik insig,²¹ insake die σωτηρια, die verlossing. Die verlossing wat Johannes aan Israel as Godsvolk verkondig, bestaan in die αφεσις, die vergifnis van hulle sondes.

H. Sählin²² wil in die αφεσις αμαρτιων αυτων 'n menslike handeling sien: "Es handelt sich hier nicht um die Sündenvergebung durch Gott sondern um das *Ablegen der Sünden seitens der Menschen*, das Ablassen vom sündigen Wesen. Hier ist also nicht der spatere, christliche Begriff der Sündenvergebung vorauszusetzen..." [Dit gaan nie oor die vergewing van sondes deur God nie, maar oor die aflê van sondes deur die mens, die aflegging van die sondige aard. Die latere Christelike konsep van vergifnis van sondes kan dus nie hier aanvaar word nie ...] Hierteen is egter ernstige bedenkinge in te bring: (i) αφεσις self kan beswaarlik in die N.T. so 'n betekenis hê: "Das Substantiv αφεσις heisst fasst immer Vergebung (Gottes), meisst mit dem Gen. αμαρτιων"²³ [Die selfstandige naamwoord αφεσις beteken altyd vergifnis (van God), gewoonlik met die gen. αμαρτιων] (ii) Dan sou daar geen logiese verband wees tussen vs. 77 en vs. 78 waar sprake is van die besondere barmhartigheid van God in dit wat in vs. 77 aangekondig word nie. En dit terwyl ^[93] die δια + akk. 'n duidelike logiese verband lê deur die grond van vs. 77b aan te gee.²⁴ Sowel Bauer as Bultmann²⁵ verklaar die woorde dan ook as die vergifnis van sonde deur God, en Sählin self, wat 'n "protolukanische" oerskrif vir" Luk. 1-2 postuleer, meen dat Lukas hierdie "protolukanische" woorde verkeerdlik in die latere Christelike sin van vergewing gaan verstaan het.²⁶

So diep vervalde is die Godsvolk, die volk Israel, dat hulle nie die regte insig het in die aard

¹⁹ Sien hf. I, § 4, onder Ισραηλ. pp. 67-68.

²⁰ Sien hf. I, § 4, onder Ισραηλ. p. 69.

²¹ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 325, R. Bultmann: γνωσκω — γνωσις. TWNT I, 706, interpreteer γνωσις hier as "das praktische Innewerdung, die Erfahrung". Dit is egter uitgesluit deur die feit dat dit 'n γνωσις is van iets wat nog in die toekoms lê.

²² *Messias*, 294.

²³ R. Bultmann: αφημι— αφεσις, TWNT I, 508; vgl. ook Bauer: *Wörterbuch*, kolom 248.

²⁴ Vir δια + akk., vgl. o.a. F. Blass: *Grammatik des neutestamentlichen Griechisch, bearbeitet von A. Debrunnen*, 1961, § 222; A. T. Robertson: *Beknopte Grammatica op het Grieksche N.T., voor Nederland vrij bewerkt door F.W. Grosheide*, 1912, 109, § 187.

²⁵ Vgl. voetnoot 23.

²⁶ *Messias*, 295.

van die verlossing wat hulle nodig het nie. Johannes moet kom om aan die volk Israel insig te gee in die inhoud en aard van hulle verlossing waarvoor die Here kom: dit is 'n verlossing van hulle sonde;²⁷ en die verlossing van hulle sonde geskied deur genadige vergifnis. Dit is dus nie aardse, nasionale verlossing nie, ook geen verlossing deur eie menslike toedoen nie maar 'n geestelike verlossing deur Gods genade alleen, dog wel 'n verlossing van die histories-etniese volk Israel.

Opmerklik by hierdie heilstoesegginge vir die messiaanse tyd aan Israel as Godsvolk is weer die aansluiting by die O.T., en dit nie alleen by die profesie aan Dawid nie maar besonderlik by *die verbondsbelofte aan Abraham* in Gen. 22:16 e.v. (Luk. 1:73). Op dieselfde wyse verbind ook die lofsang van Maria die posisie van Israel in die messiaanse tyd aan die verbond met Abraham — Luk. 1:55. Dit is van kardinale belang: die posisie van die volk Israel as Godsvolk word verbind aan die verbond van God met Abraham, en so ook die heil wat Jesus Christus vir Israel sal bring, aan die verbond met Abraham, en nie aan die verbond van die wet wat God met Israel by Sinai gesluit het nie.

(iv) *In die engelaankondiging by die geboorte van Jesus, Luk. 2:10-11*, tree die Godsvolkgedagte weer na vore: "...ek verkondig (of: evangeliseer) aan julle (d.i. die herders) 'n groot blydskap, wat vir die hele volk (λαος) sal wees".

Weer word aangekondig dat die heerlike eskatologiese gebeure bestem is vir die volk Israel as Godsvolk.²⁸ "Gemeint ist selbstverständlich das israelitische Volk".²⁹ [Wat natuurlik bedoel word, is die Israelitiese volk]

Die aankondiging kom tot die herders alleen, maar die χαρην, die blydskap, sal wees vir παντι τω λαω, vir die hele volk, nie net vir die herders nie. Χαρην dui hier aan nie die affek wat deur die verkondiging by die mense opgewek sal word nie, maar wel die *voorwerp* wat die affek by die mense sal veroorsaak:³⁰ die "groot blydskap" is Jesus Christus self. Die vers hou in nie soseer dat die volk bly sal wees oor die ^[94] boodskap nie, maar dat Jesus Christus 'n voorwerp van blydskap sal wees — in konkrete, essensiële sin — vir, d.i. in belang van die volk.³¹

Jesus Christus is 'n "groot blydskap wat sal wees vir die hele volk". Hoewel die gebruik van die voornaamwoord οστις in die N.T. oor die algemeen nie skerp onderskei word van die van ος nie, kan dit tog soms met spesiale draagkrag in kwalitatiewe sin gebruik word om te wys op 'n besondere eienskap van die betrokke persoon of saak.³² So word ητις klaarblyklik hier gebruik: "Ek verkondig aan julle (die herders) 'n groot blydskap 'which shall have the special character of being'³³ vir die *hele volk*". Dit is die besondere kenmerk van die koms van die Messias dat Hy 'n voorwerp van blydskap sal wees vir die hele volk, nie maar net vir enkele individue (in concreto: vir die enkele herders) nie.

Die "vir die hele volk" skyn in teëstelling te wees tot wat opgemerk is by die "baie" van die volk van Luk. 1:17, waar daar op 'n differensiering in die volk, wat die ware Godsvolk moet

²⁷ So ook R. Bultmann: γινωσις, TWNT I, 706: "...der Inhalt der σωτηρια durch εν αφεσει αμαρτιων erlüttert..."

²⁸ Sy sp en Tatianus lees nie 'ama' = λαω nie, maar 'alma' = κοσμω — waarskynlik 'n doelbewuste teksverandering uit aanstoot teen die "partikularitiese" λαω.

²⁹ Sählin: *Messias*, 213.

³⁰ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, χαρα, 2a, kolom 1732; ook Liddell en Scott: χαρα II, 1976.

³¹ Daarom is dit ook beter om μεγαλην χαρην te vertaal as direkte voorwerp: "(Ek verkondig aan julle) 'n groot blydskap" soos bv. die N.G.B. en nie soos die Afr. vert. dit het nie.

³² Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, οστις, kolom 1163; A. Plummer: *A critical and exegetical commentary on the Gospel according to S. Luke*, I.C.C., 1913, 52.

³³ Plummer: *S. Luke*, 56.

wees, gekonkludeer is. Maar die παντι, die "hele", moet hier nie in absolute sin verstaan word nie; eerstens vanweë die duidelike bedoeling van die vers, naamlik dat die engel wanneer hy die boodskap net aan die paar herders bring, beklemtoon dat die *inhoud* van die boodskap nie net vir hulle, die enkele individue, is nie, maar vir die volk is, "Wo πας gerade den kollektiven Sinn unterstreicht";³⁴ [Waar πας die kollektiewe betekenis onderstreep] tweedens, omdat πας dikwels in die N.T. in 'n nie-absolute sin gebruik word, ook en veelal saam met λαος, besonderlik deur Lukas;³⁵ derdens, omdat die woorde van Luk. 2:14, "mense van welbehae", ανθρωποις ευδοκιας, toon dat daar beslis sprake is van 'n Goddelike uitverkiesing van die ware Godsvolk as 'n engere kring binne die volk.³⁶

Die vers benadruk dus nie dat die Messias vir al die lede van die volk sal wees nie. Wat die vers wil sê, is dat dit 'n besondere kenmerk van die koms van die Messias is dat Hy sal wees in belang van die volk en nie maar vir enkele individue nie.

Besonder treffend is die sterk universeel getinte woorde van 2:14 en 2:10. Die hele mensheid in sy uitverkorenes kom hier in die gesigsveld van die messiaanse vrede, direk nadat gesê is dat die Messias vir die volk Israel kom. Dit toon dat daar hier geen teëstelling gesien word tussen "vir die volk" en "vir die wêreld" nie.

[95]

(v) Wanneer die Kind Jesus deur sy ouers ter vervulling van die Ou-Testamentiese wet in die tempel aan die Here voorgestel word, staan daar in *die profesie van Simeon, Luk. 2:29-35*, wat hy oor die langverwagte Messias uitspreek, die verhouding van die volk Israel en die Godsvolk weer in die sentrum van die geprofeteerde messiaanse gebeure: die Messias, die verlossingsinstrument (το σωτηριον)³⁷ van God, is "'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk (λαος) Israel" — Luk. 2:32. Die εθνη, die heidennasies, kom hier ten duidelikste binne die gesigsveld by, die geprofeteerde heilsgebeure, maar net die volk Israel — en wel die histories-etniese volk Israel³⁸ — is die λαος σου, die volk van God!

Jesus sal wees die δοξα, die heerlikheid, vir die histories-etniese volk in sy hoedanigheid as uitverkore volk van God. Dit gaan egter nie om die volk se eer nie maar om die eer van die Here; net soos Jesus 'n lig is wat so sal skyn dat dit geopenbaar, d.i. sigbaar, sal wees vir die εθνη, so sal hy 'n lig wees waaraan die Godsvolk Israel die heerlikheid van die Here sal aanskou — die κατα προσωπον, "voor die oë", van vs. 31 geld ook vir Israel.³⁹ Jesus se verskyning gaan om die eer van God, nie van die volk Israel nie, selfs nie al is dit die Godsvolk nie. Die volk is nie die doel van Christus se werk nie, maar God is dit! Maar tog is Christus die openbaring van Gods heerlikheid vir die *volk* Israel — Jesus Christus kom vir die volk, nie vir losse individue nie.

Uit die voorafgaande het geblyk dat Jesus sal wees die δοξα vir die histories-etniese volk Israel in sy hoedanigheid as Godsvolk, maar — Hy bring skeiding in die empiriese volk: Jesus "is gestel tot 'n val en 'n opstanding van vele in Israel" — Luk. 2:34. Vry algemeen⁴⁰ word

³⁴ Sählin: *Messias*, 214.

³⁵ Vgl. o.a. Matth. 25:25; Luk. 7:1; 8:47; 21:38; 24:19.

³⁶ Die hier gegewe lesing en interpretasie (wanneer daarby nie uit die oog verloor word dat dié verse ook 'n besliste universele element bevat nie) is, "wohl communis opinio der Forscher" — Sählin: *Messias*, 226.

³⁷ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, σωτηριος, 2 - kolom 1587.

³⁸ Sien hf. I, § 1, p. 24.

³⁹ So Schrenk: *Weissagung*, 8.

⁴⁰ O.a. J. Jeremias: λιθος, TWNT IV, 275; A. Oepke: ανιστημι, TWNT I, 372; Strack-Billerbeck II, 139; as twyfelagtig beskou deur A. Plummer: *S. Luke*, 70; W. Michaelis: πτωσις, TWNT VI, 168 Anm. 3.

aangeneem dat ons hier 'n metaforiese weergawe het van die dikwels in die Ou⁴¹ en Nuwe⁴² Testament voorkomende beeld van die Christus wat 'n rots is om oor te struikel.

Die frase εις πτωσιν και αναστασιν πολλων εν τω Ισραηλ kan verskillend verklaar word: (i) πολλων kan een enkele groep mense aandui vir wie sowel πτωσιν as αναστασιν agtereenvolgens geld. Die πολλοι val eers en staan daarna op. Dan dui πολλοι 'n deel van die volk Israel aan, en wel dié deel wat eers aanstoot neem aan Jesus, maar hul daarna bekeer, of wat in Christus sal sterf en daarna in Christus sal opstaan. Dan staan πολλων eksklusief teenoor die groep wat *net* sal val (aanstoot neem of sterf), (ii) Hier het πολλων inklusiewe betekenis en dui die hele volk Israel aan wat dan (a) almal deel^[96] het aan sowel πτωσις as αναστασις soos in (i); dan is hier sprake van 'n redding van *alle* Israëliete; (b) in twee groepe uiteenvallend, geskei deur die rots Jesus Christus: een deel van die πολλοι (d.i. die hele volk) wat val, en die ander deel wat opstaan. Hierdie laaste moontlikheid is die waarskynlikste⁴³ Teen (i) geld die beswaar dat πολλων in vs. 35 waar die gevolg van vs. 34 aangegee word, weer herhaal word en daar onmiskenbaar inklusiewe betekenis het (immers, tog nie net die hartsgesindheid van 'n *deel* van die volk word openbaar in die messiaanse tyd nie, maar van almal). Teen (ii) geld die beswaar dat dit in die voltallige redding nie reg laat geskied aan die grondliggende gedagte van die betrokke beeld, nl. dat die rots 'n rots van aanstoot en val is nie. 'n Verdere argument teen (i) en (ii) is dat as πτωσις en αναστασις van dieselfde persone geld, dit besonder innig saamgaan en 'n veel stekker koördinerende partikel as 'n blote και vereis. Die waarskynlikste betekenis is dus dié van (iib).

Jesus sal die Rots wees waaroor daar gestruikel, geval sal word deur lede van die volk Israel. Vir die res van Israel egter, voeg hierdie teks daaraan toe, sal Jesus dien as opstanding, as rots om teenaan op te staan. Jesus kom vir die volk Israel, maar Jesus kom ook as verdeler van Israel. Hy bring 'n krisis, 'n oordeel, 'n skeiding in die histories-etniese volk Israel. Deur hierdie skeiding in die histories-etniese Volk Israel, teweeggebring deur Jesus die Messias, sal die ware, die messiaanse Godsvolk te voorskyn tree.⁴⁴ Hierdie verse sê *nie* watter van die twee dele, indien wel enige, die voortgesette organiese eenheid van die volk Israel sal wees nie.

Ook in hierdie verse waarin die volk Israel so 'n prominente plek inneem as die Godsvolk, val die aansluiting by die Ou-Testamentiese profesieë op.⁴⁵ Die koms van Jesus Christus word ook ten opsigte van sy verhouding tot die volk Israel gesien as vervulling van die profetiese beloftes aan Israel.

Hoewel nog net die volk Israel Godsvolk heet, kom die heidennasies, die εθνη, profeties helder binne die gesigsveld vir die messiaanse heil. Dit is weer eens 'n aanduiding dat "vir die volk Israel" in hierdie vroegste stadium van die Nieu-Testamentiese openbaring nie gesien word as in teëstelling tot "vir die heidennasies" nie.

2. Die voorbereidende optrede van Johannes die Doper.

⁴¹ O.a. Jes. 8;15e.v.; 28:16; Ps. 118:22, 23; Dan. 2:3 e.v.

⁴² O.a. Mark. 12:10 par.; Luk. 20:18 par.; Hand. 4:11; Rom. 9:32 e.v.; 1 Pet. 2:4-8; Ef. 2:20.

⁴³ So ook J. Jeremias: πολλοι, TWNT VI, 540-541; Oepke: TWNT I, 372. Michaelis: TWNT VI, 168; Sählin: *Messias*, 257, 269-270; E. Stauffer: *Die Theologie des N.Ts.*⁴, 1948, 199; Plummer: *S. Luke*, 70; Bauer: *Wörterbuch*, kolomne 119-120.

⁴⁴ Wat hier uit Luk. 2:34 blyk en ook gevind is by Luk. 1:17 en 2:10-14, staan direk teenoor die uitspraak van Ridderbos; "In al deze plaatsen treedt de gedachte van het Verbond en van het volk Gods in ongedifferentieerde zin naar voren... Van een scheiding binnen het volk Israël zelf is nog geen sprake" — *Koninkrijk*, 174.

⁴⁵ Vgl. Jes. 40:5; 52:10; 42:6; 49:6; 25:7; 46:13.

Aan die openbare optrede van Jesus gaan vooraf die voorbereidende optrede van Johannes die Doper oor wie se werk 'n groot deel van die voorafgaande Nieu-Testamentiese profesieë gesprek het. Gedeeltelik is sy optrede reeds vervulling^[97] van dié profesieë, gedeeltelik is dit self profesie van die optrede van Jesus Christus. Opvallend is die noue ooreenkomstige wat die optrede en prediking van Johannes vertoon met die profesieë van die geboorte-geskiedenis ten opsigte van die verhouding van Israel en die Godsvolk.

Die voorwerp van Johannes se prediking is die λαος, die volk Israel as die Godsvolk. Aan die einde van 'n oorsig oor sy vroegste prediking staan daar in *Luk. 3:18*: "Hy het dan ook met baie ander vermaninge die evangelie verkondig aan die volk (ευηγγελιζετο τον λαον)". Terwyl λαος in vs. 15 sien op die Joodse skare, wat by Johannes vergader is by 'n bepaalde geleentheid en daar 'n wisselterm is vir οι οχλοι van vss. 7 en 10, word λαος in vs. 18 in nouer verband met die Godsvolkgedagte gebruik: (i) λαος sien hier nie op 'n voorhande skare nie, aangesien die werkwoord in die imperfektum staan en dus 'n gedurig herhaalde handeling aandui. Λαος sien daarom hier op 'n algemene groep mense: die volk in die algemeen. Vgl. *Mark. 1:5*. (ii) Wat Johannes hier doen, is 'n duidelike vervulling van die profesieë van *Luk. 1:17* en *1:77*. Ook daarom is λαος hier in sy godsdienstig-histories-etniese konnotasie gebruik: dit dui die histories-etniese volk Israel aan in sy hoedanigheid as die Godsvolk wat deur Johannes voorberei moet word vir die koms van die Messias.

Dit getuig Johannes die Doper ook self volgens *Joh. 1:31*: "dat Hy aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom". *Johannes se prediking en sy optrede is gerig tot die volk, tot Israel as volk.*

Hierdie evangelieverkondiging aan die volk is ook 'n evangelieverkondiging beperk tot die volk Israel, soos blyk uit *Mark. 1:4, 5*; *Matth. 3:1, 5*; *Joh. 1:31*.

Die inhoud van Johannes die Doper se prediking word opvallenderwys 'n evangelie, 'n goeie, 'n blye boodskap genoem in *Luk. 3:18*. Sy prediking is hiervolgens nie dié van veroordeling of verwerping van Israel nie maar van 'n blye boodskap aan Israel. Dit word dikwels nie genoegsaam erken in die oordeel oor die prediking van Johannes nie. Sy prediking sou dan feitlik net die gerig van God tot inhoud hê. Ook H. Ridderbos merk op: "Overwegend is hier de aankondiging van het gericht".⁴⁶ In sy prediking is daar inderdaad op prominente wyse sprake van "toorn wat aan die kom is" (*Matth. 3:7*); van die byl aan die wortel van die bome en van bome wat uitgekap en in die vuur gegooi word (*Matth. 3:9*); van die kaf wat verbrand word (*Matth. 3:12*). Tog is dit nie^[98] die eintlike trefpunt van Johannes se prediking nie. Die trefpunt van sy prediking is: "die doop van bekering tot vergifnis van sondes" (*Luk. 3:3*; *Mark. 1:4*; vgl. *Matth. 3:2*). Die trefpunt van sy prediking is dat hy in Gods genade gestuur is om die weg te berei, die paaie reguit te maak en die skurwe plekke gelyk (*Luk. 3:4, 5*; *Mark. 1:2, 3*; *Matth. 3:3*). Die trefpunt van Johannes se prediking is dat daar vóór die gerig vir Israel geleentheid tot inkeer is (*Matth. 3:2*), — en moontlikheid van ontvlugting van die toorn (*Matth. 3:7*); dat daar in die gerig behoud van die vrugtedraende bome sal wees (*Matth. 3:10*), en versameling van die koring (*Matth. 3:12*). In wese is dit dus 'n evangelie aan Israel: daar is nog genade, daar is moontlikheid van verlossing.

Wat die verhouding van Israel en die Godsvolk betref vorm *Matth. 3:8-10 par.* die kern in Johannes, se prediking: "Dra dan vrugte wat by die bekering pas. En moenie dink (*Luk.:* begin) om by julleself te sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek.; Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap ..."

⁴⁶ *Koninkrijk, 37.*

Volgens E. Stauffer e.a.⁴⁷ hou hierdie woorde van Johannes die volgende hoofelemente in: (i) Daar is geen verband meer tussen die histories-etniese volk Israel en die ware Godsvolk nie. Die histories-etniese volk het geen plek in die nuwe geestelike Godsvolk nie. (ii) Die heidene kry deel aan die ware Godsvolk, (iii) Die volk Israel kan selfs heeltemal buite die Godsvolk te staan kom, verwerp word en as Godsvolk vervang word deur die heidennasies.

As dit die bedoeling van Johannes was, dan is dit baie duidelik dat Johannes nie 'n "evangelie aan die volk verkondig" (Luk. 3:18) het nie. Maar Johannes bring inderdaad 'n blye boodskap aan die volk, aan Israel, die volk van God.

Johannes begin met radikale afwysing van die Godsvolk-beskouing van die Judaïsme. "Moenie dink of begin om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie" (Matth. 3:9; Luk. 3:8). Dit is 'n gedagte wat nie eers by hulle moet opkom⁴⁸ nie, hulle kan dit maar finaal vergeet. Wat Johannes hier predik, staan teenoor die Joodse beskouing dat alle Israëliete tot die Godsvolk behoort en Godewelgevallig is bloot omdat hulle deur afstamming verbonde is aan die volk Israel en wel op grond van die verdienste van hul vader Abraham (en die ander aartsvaders), wie se oortollige verdienste plaasvervangend vir die hele nageslag geld.⁴⁹

[99]

Die kernpunt van Matth. 3:9 is dat Johannes teenoor hierdie Joodse beskouing die vrymagtige skeppende daad van God in die verkiesing van sy volk stel. Die Jode vertrou op die verdienste van hul voorvaders, Johannes predik die vrymagtige skeppingskrag van God. Israel is, sonder enige verdienste uit homself of sy voorvaders, alleen deur die skeppende vrymagtige verkiesing van God die Godsvolk.⁵⁰ Hiertoe dien die beeld van die klippe of rotse as illustrasie. Die O.T. noem Abraham die rots waaruit Israel gekap is (Jes. 51:1-2). Die Jode het hierdie rots Abraham die kousale waarborg gemaak dat hulle steeds die Godewelgevallige Godsvolk is en sal wees. Maar, sê Johannes, Abraham was 'n harde dooie rots, 'n verstorwe grysaard. Dit was sonder enige verdienste of krag uit homself dat Isak uit hom gebore is. Net so kan God uit hierdie dooie, waardelose klippe kinders vir Abraham voortbring,⁵¹ sodat daar vir dié kinders van Abraham geen vertrou op verdienstelike vaders sal kan wees nie — so is daar inderdaad vir geen Israëliet sodanige vertrou moontlik nie. God is magtig om sonder enige verdienstelikheid van vaders kinders vir Abraham, verbondskinders, te verwek. *Dit is God wat die mens 'n kind van Abraham maak, en dit is nie Abraham wat sy nageslag kinders van God maak nie!*

Hierby mag nie uit die oog verloor word dat God kinders *vir Abraham?*⁵² maak nie. Hier word nie vergeestelik (kinders van God) nie, hier word ook nie verindiividualiseer of veruniversaliseer nie; intendeel, die volksmagtige word gehandhaaf, maar word geplaas onder die almag en vrye genade van God. *God werk vrymagtig, maar in die lyn van die geslagte*

⁴⁷ Vgl. Stauffer: *Theologie*, 7-8, 168, 287 Anm 635; Oepke: *Gottesvolk*, 156-158; Jeremias, λιθος, TWNT IV, 275; S. Greijdanus: *Het heilig Evangelie naar de beschrijving van Lucas, Kommentaar op het NT.*, 1940, II, 168 (hoofsaaklik t.o.v. die insluiting van die heidene).

⁴⁸ Oor die bedoelde draagkrag van ἀρξισθε in Luk. 3:8, vgl. Plummer, *S. Luke*, 89.

⁴⁹ Vir dié beskouing van die Judaïsme, vgl. Strack-Billerbeck I, 116-120, II, 275, 278; Bousset: *Religion*, 197, 199, 362, 392; Foerster: *Zeitgeschichte I*, 184; J. Jeremias: *Jerusalem zur Zeit Jesu*, 1937. II B, 172 e.v.; G. Schrenk: πατηρ, TWNT V, 976-977; Oepke: *Gottesvolk*, 153; Dahl: *Volk Gottes*, 54-56.

⁵⁰ So ook H. Ridderbos: *Israël II*, 31; F.W. Grosheide: *Mattheüs*, 45.

⁵¹ Vir die verklaring van εκ των λιθων vgl. Jeremias: TWNT IV, 274-275; Schlatter: *Evangelist Matthäus*, 74.

⁵² Hierop wys Schrenk: *Weissagung* 11, en Oepke: *Gottesvolk*, 157, tereg, sonder om die konsekwensie daarvan suiwer deur te trek.

*volgens sy verbond met Abraham.*⁵³

Hierby voeg vers 10 nog die volgende: God, wat mense tot: kinders van Abraham, tot Israëliete en dus tot lede van die Godsvolk maak deur sy welbehag, sal nou ook wegneem uit die volk wie nie na sy welbehag is nie. Hy gaan sy volk suiwer. Die volk gaan "uitgedun" word. God stel na sy welbehag sy maatstaf waarvolgens Hy sal oordeel wie in die histories-etniese volk tot sy volk gereken sal word.

Die inleidende "maar" in vs. 10 bevestig dat Israel nog die Godsvolk bly: die volk Israel is Godsvolk, *maar* nie alle Israëliete sal daarin bly nie, sommige sal weggeneem word. Die boord, dit is die volk, bly staan. Die ongewenste bome, dit is losse individue in die volk, word uitgekap. Die Christus kom nie ter wille van nasionale of geestelike verlossing na 'n volmaakte volk Israel nie, maar Hy kom ter gerig om die volk ^[100] Israel uit te suiwer tot ware volk van God! *Daar vind 'n Goddelike verkleining, verenging binne Israel plaas om die ware volk, die Godsvolk, gestalte te laat aanneem.*

Die beginsel van verenging is die dra van vrugte (Matth. 3:10, Luk. 3:9), die vrugte van die bekering, die vrugte waardig aan bekering (Matth. 3:8; Luk. 3:8), 'n *ware* bekering, die bekering tot vergiffenis van sondes (Luk. 3:3; Mark. 1:4). Die bekeerdes, hulle wat deur die doop hulle laat beseël as diegene wat deur bekering die genadige vergifnis van hulle sondes deur God soek en nie vertrou op eie verdienste as lid van die volk uit Abraham nie, hulle sal die gesuiwerde, verengde, ware Israel wees. Die onbekeerdes, wat op hulle blote lidmaatskap van die natuurlike volk vertrou vir lidmaatskap aan die Godsvolk, hulle, *juis* hulle, sal afgesny word van hul volk!

Johannes se boodskap hou kortliks dit in: God is nie gebonde om Israel in al sy lede op grond van enige verdienste aan die volk se kant as Godsvolk te erken nie, maar in vrymagtige welbehag hou God Hom aan die volk in sy geslagte, waarin Hy na sy eis van bekering, deur genadige sondevergifnis vir die bekeerdes, sy ware volk suiwer en beseël deur die doop.

Die volk Israel sal in sy bekeerdes gered word. Die tot sy bekeerde lede na binne verengde, histories-etniese volk Israel sal na God se komende gerig in Christus nog Godsvolk wees, Johannes bring die blye boodskap vir die volk!

Dat Johannes egter ook, en syns insiens glad nie in teëstelling hiermee nie, die universele betekenis van Jesus se messiasskap gepredik het, blyk onmiskenbaar uit Joh. 1:29: "Dáár is die Lam van God wat die *sonde van die wêreld* wegneem! "

Besluit.

Die belangrikste aspekte van die verhouding tussen die histories-etniese volk Israel en die Godsvolk soos dit voor Jesus se optrede geopenbaar word, kan soos volg saamgevat word.

1. *Die aard van die messiaanse gebeure:* Johannes die Doper en ook Jesus Christus self kom vir of in belang van die *volk*, en die volk is die histories-etniese volk Israel in sy hoedanigheid as Godsvolk.
2. *Die grond daarvoor dat Israel Godsvolk is en vir toehorigheid* ^[101] *tot die ware Godsvolk:* Israel se posisie as Godsvolk berus nie op volkskeuse of volksverdiensie nie maar enkel op die vrymagtige Goddelike welbehag in Jesus Christus. Toehorigheid geskied nie deur die toedoen van volksafstamming nie maar deur God se verkiesende verbondswerk in die geslagslyn.
3. *Die aard van die messiaanse Godsvolk:* Dit sal nie 'n vergeestelike Israel wees nie en ook nie die histories-etniese Israel na sy bloot empiriese verskyning en omvang nie, maar dit

⁵³ So o.a. Schlatter: *Evangelist Matthäus*, 74, 75; Ridderbos: *Israël*, 31.

- sal 'n van sonde verlose, na binne verengde histories-etniese volk Israel wees.
4. *Die beginsel van verenging van die histories-etniese volk wat nog Godsvolk sal wees:* Die verenging is 'n innerlike suiwering van die volk deur bekering en vergifnis van die sonde, beseël deur en sigbaar gemaak in die doop; dit is ook 'n uitsuiwering van die volk deur die oefening van Goddelike gerig oor die onbekeerde individu wat van die volk afgesny word.
 5. *Die primêre doel en betekenis van die messiaanse gebeure:* Die doel is nie die vrye nasionale voortbestaan van Israel nie maar die geestelike verlossing van die histories-etniese volk uit die mag van die sonde tot verheerliking van God. Die doel en betekenis lê nie in die herstel van die aardse volkseenheid nie maar in die herstel en behoud van die geestelike eenheid van die histories-etniese volk met God. Ten dienste hiervan staan ook die harmoniese eenheid van die volk na binne.
 6. *Israel as Godsvolk en die komende universalisme:* Dat Israel Godsvolk is en dat die komende messiaanse gebeure in belang van die volk Israel sal wees, sluit nie 'n komende universele betekenis daarvan uit nie en word nie gesien as in stryd met so 'n komende universalisme nie.
 7. *Dié verhouding van die volk Israel tot die messiaanse Godsvolk en die Ou Testament:* Wat geopenbaar word oor die verhouding van Israel en die ware Godsvolk, word beskryf as in volle ooreenstemming met en as vervulling van die Ou-Testamentiese openbaring van God, in die besonder *die verbond met Abraham*.

[102]

§ 2. Tydens Jesus se optrede.

Inleidend 103. 1. By die aanvang van Jesus se optrede 103. 2. Tydens die verloop van Jesus se optrede 105. (a) Sending van Jesus gerig op Israel as volk 105. (b) Betekenis van die roeping en sending van die twaalf apostels gerig op Israel as volk 108. (c) Oordeel oor Israel? 111. 3. Rondom die kruisiging en dood van Jesus 116. (a) Die betekenis van die nuwe verbond 116. (b) Aanklag teen Jesus en sy antwoord daarop 118. (c) Selfvervloeking deur die volk by die kruisiging en Jesus se voorbede 119. (d) Die betekenis van sy kruisdood vir die volk 120. Besluit 121.

Aangesien daar in hierdie studie nie plek is vir 'n antwoord op die moeilike probleem van die chronologie van Jesus se openbare optrede nie, word hier alleen in breë trekke die volgende chronologiese indeling van gegewens gemaak: (1) By die aanvang van Jesus se optrede; (2) tydens die verloop van Jesus se optrede; (3) rondom die kruisiging en dood van Jesus. Binne hierdie verskillende tydperke word alleenlik saaklike indelings gemaak.

1. By die aanvang van Jesus se optrede. *Matth. 4:12-23.*

Dat hierdie gedeelte deel uitmaak van die aanvang van Jesus se openbare optrede, blyk uit die feit dat die roeping van die dissipels hierin beskryf word. En dat die roeping van die dissipels by die aanvang van Jesus se openbare optrede plaasgevind het, staan vas, nie alleen omdat die beskrywing daarvan in al vier die evangelies verbind word met die vroegste optrede van Jesus (vgl. ook Mark. 1:14, 20; Luk. 5:1-10; Joh. 1:35 e.v.) nie, maar ook en veral omdat die N.T. by herhaling die besondere kenmerk van die apostelkring daarin sien dat hulle saam met Jesus was van die begin af — vgl. Joh. 15:27; Hand. 1:21-22; Hand. 10:39; Hand. 13:31.

Direk by die aanvang van Jesus se openbare optrede kom aan die lig die verband tussen Jesus se optrede en die Godsvolk: die feit dat Jesus in Kapernaüm in Galiléa gaan woon het, word beskryf as 'n vervulling van die Ou-Testamentiese profesie van Jes. 8:23; 9:1: "... Galiléa van die heidene — die volk (ο λαός) wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan".

Jesus kom as lig vir die λαος, Godsvolk — en die "Godsvolk" is hier 'n konkrete deel van die histories-etniese ^[103] volk Israel, naamlik dié deel wat in Galiléa⁵⁴ woonagtig is. Die besondere kenmerk van die Godsvolk, soos verteenwoordig⁵⁵ in die Galileërs, is dat hulle wanneer Jesus na hulle kom, in die duisternis verkeer en lig nodig het. Jesus Christus kom om vir die volk as lig te dien. En vir die doel kom Hy tot die Godsvolk daar waar die nood van die volk op sy hoogste is. Jesus kom besonderlik tot die veragte deel van die volk — vir hulle, as Godsvolk, skyn Hy as lig. Hy kom nie net na die godsdienstige leiers, die geestelike elite in Judea en besonderlik in Jerusalem nie maar ook en selfs besonderlik na dié deel van die Godsvolk wat ver van die godsdienstige sentrum en in die oë van Jerusalemse geestelikes ver van God en sy geboorte leef, vanwaar geen seën vir die Godsvolk te wagte is nie (vgl. Joh. 1:4; Joh. 7:52). Daar verskyn die Messias as lig vir die Godsvolk. Jesus Christus kom juis waar die "duisternis" en "die skaduwee van die dood" heers, waar die land aan die dood behoort (εκ χωρα θανατου). Israel as Godsvolk doen niks om die Lig, die Messias, te laat kom nie. Daar lê geen kousatiewe krag in die volk self opgesluit om die messiaanse heil te bewerk nie. Nie omdat Israel 'n volmaakte, heilige Godsvolk sou wees, kom die Messias na hom nie, maar juis omdat Israel as Godsvolk in die skaduwee van die dood en in die duisternis van die sonde sit, daarom kom die Messias na hom om die volk uit die duisternis te ruk.

Jesus Christus kom na 'n in sonde verlote volk: Israel, ter wille van die in sonde verlore volk, om vir die volk 'n lig te wees.

Dieselfde gegewens tree aan die lig uit wat Jesus tydens hierdie aanvanklike optrede predik: "Bekeer julle (μετανοειτε), want die koninkryk van die hemele het naby gekom"; en doen: "En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer... en elke siekte en elke kwaal onder die volk (εν τω λαω) genees" (4:23).

Jesus begin met die genesing van die siekte van die λαος: λαος, hier in die sin van die "bevolking" van Galiléa, maar dan tog wel die *Israelitiese* bevolking, dié bevolking wat deel uitmaak van die volk Israel, die besondere volk van God.⁵⁶ Gepaardgaande met die liggaamlike genesing van die volk, geskied die prediking van Jesus vir *die Israeliete* in die sinagoges. In "Galiléa van die εθνη" predik Jesus vir Israel as die Godsvolk.

Maar dan is sy boodskap: Bekeer julle, μετανοειτε — radikale, inwendige geestesommekeer tot 'n algeheel nuwe ^[104] mens⁵⁷ is noodsaaklik by die volk van God, by die volk Israel. Sake is allesbehalwe in orde by die volk van God. Hulle is nie gereed om hulle God te ontmoet nie, en — die koninkryk van God *het* naby gekom! "Bekeer julle, want die koninkryk... *het* naby gekom". Sonder enige werk van Israel se kant het die koninkryk van God naby gekom en vandaar die eis: bekeer julle! (Vgl. Luk. 5:32). Die Koninkryk is hier, en alleen bekeerdes sal as Godsvolk die Koninkryk binnegaan — die bekeringsoproep in sy intensiteit openbaar reeds by implikasie die gedagte van skeiding binne die volk, van verenging van die volk.

In Matth. 4:12-23 tref dit ook dat die roeping van die dissipelkring (4:18-22) so nou verbind word met Jesus se verskyning vir die volk Israel. Hier is reeds 'n aanduiding dat die vorming van 'n dissipelkring rondom hom nie beteken dat Jesus gebreek het met Israel as volk nie. Dissipelkring en volk staan klaarblyklik *nie* in stryd met mekaar nie.

2. Tydens die verloop van Jesus se optrede,

⁵⁴ Die τω van vs. 14 kwalifiseer nie net vs. 13 nie maar ook vs. 12.

⁵⁵ Vgl. Grosheide: *Mattheus*, 60.

⁵⁶ Strathmann: TWNT IV, 52, merk tereg op "dass eben auch bei dem 'vulgären' gebrauch von λαος doch immer der 'völkische', und zwar in seinem spezifischen Sinn, mitklingt". Sien ook hf. 1, § 1, pp. 34-35.

⁵⁷ Vgl. veral J. Behm: μετανοεω-μετανοια, TWNT IV, 996-998.

Veral drie sake verdien hier aandag: eerstens wat gesê word en wat Jesus self sê oor die voorwerp van sy sending; tweedens wat Jesus sê oor die betekenis van die vorming van die apostelkring en oor die voorwerp van hul sending; derdens die vraag of Jesus 'n oordeel oor Israel as volk aankondig.

(a) *Die sending van Jesus is gerig op Israel as volk.*

Wanneer Jesus die seun van die weduwee van Nain opwek, reageer die Joodse skare deur op besondere wyse hulle oordeel uit te spreek oor die betekenis van hierdie optrede van Jesus, Luk. 7:16.

Die Joodse skare sien die wonder as 'n opwekking wat betekenis het vir die hele volk en nie maar net vir die seun as individu nie.⁵⁸ Lukas haal hierdie uitspraak van die Joodse skare sonder enige afwysing aan en bekleed dit daarmee met openbaringsgesag. Die opwekking van 'n enkele Israeliet is die teken dat Jesus die *volk* kom besoek het met sy seën. Jesus kom in sy verlossingswerk, ook in sy weldade in die natuurlike lewe, tot die *volk* Israel wat sonder vergeesteliking die Godsvolk (τον λαον αυτου) is.

Dieselfde getuienis lewer *Matth. 15:31* waar die Joodse skare op soortgelyke wyse reageer op die wondergenesings ^[105] deur Jesus: hulle was verbaas "en hulle het die *God van Israel* verheerlik". Hierdie genitief-verbinding kan nie sonder betekenis wees nie. Die wondergenesings is die tekens dat God trou bly aan sy verbond met die volk Israel. Die genesings het betekenis nie net vir die geneesdes nie maar ook vir die hele Israel. Besonder opvallend is dit verder dat dieselfde wondergenesings wat die bewystekens is dat Jesus waarlik die Messias is (*Matth. 11:2-6*), ook die bewystekens is dat God se verbondstrou aan Israel gehandhaaf bly — weer 'n bewys van die innige band tussen die Messias en die volk Israel.⁵⁹ Jesus self getuig ook ondubbelsinnig dat sy sending gerig is op Israel *as volk* en op die individuele mense in Israel *werklik as lede van die volk* Israel.⁶⁰

Die pertinentste en belangrikste uitspraak van Jesus in dié verband kom voor in die geskiedenis van die ontmoeting met die Kananese (Siro-Fenisiëse) vrou (*Matth. 15:21-28*). Die antwoord van Jesus aan sy dissipels, wat sy aandag vestig op die smekende vrou wat haar dogter genees wil hê, is: "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel". (εις τα προβατα τα απολωλοτα οικου Ισραηλ), *Matth. 15:24*.⁶¹

Die genitief οικου (Ισραηλ) kan op tweërlei manier verstaan word: "Ek is gestuur tot die deel van Israel wat verlore is";⁶² of: "Ek is gestuur tot die verlore skape, t.w. Israel."⁶³ Die eerste pas nie in die verband nie. Dit gaan tog immers om die vraag of Jesus die heidense Siro-Fenisiëse vrou sal help en of sy arbeid dus sal uitgaan tot andere as Israeliete, en dit gaan dus hoegenaamd nie om die vraag tot watter deel van Israel Jesus gekom het nie. J. Jeremias⁶⁴ wys ook daarop dat die Ou-Testamentiese spraakgebruik ontenseglik wys op 'n epeksegetiese genitief. Daarom moet die tweede moontlikheid hier as korrek aanvaar word. Jesus antwoord:

⁵⁸ So ook A. Schlatter: *Die Evangelien nach Markus und Lucas, Schlatters Erläuterungen zum N.T.*, 2, 1947, 232.

⁵⁹ Vgl. Schrenk: *Weissagung*, 9.

⁶⁰ W. G. Kümmel: "Es ist ja völlig unbestreitbar, dass Jesus im Rahmen des jüdischen Volkes aufgetreten ist und seinen Ruf an dieses ganzes Volk gerichtet hat" — *Jesus und die Anfänge der Kirche*, in *Stud. T. VII* (1953), 8.

⁶¹ Vir die huidige word die aandag bepaal by die insluitende of positiewe aspek van die woorde: Ek is gestuur na die verlore skape... In hf. 3 sal die uitsluitende of negatiewe aspek, die keersy van die 'net', d.w.s. die "nie na diegene buite Israëel nie", aandag geniet.

⁶² οικου (Ισραηλ) — Gen. Part- So o.a. Liechtenhan: *Mission*, 33 (Hy beskou *Matth. 15:24* as invoeging deur Mattheüs; verklaar egter *Matth. 10:6* só); Schlatter: *Evangelist Matthäus*, 489.

⁶³ οικου (Ισραηλ) — Gen. Epex. So o.a. Jeremias: *Verheissung*, 23, Anm 89.

⁶⁴ Ibid.

Ek is nie na haar gestuur nie, want ek is net gestuur na my verlore skare [skape?], na die volk Israel.

Hier sê Jesus dus self: Ek is gestuur na 'n *volk* na 'n bepaalde *volk*, na die οἶκος Ἰσραηλ, d.i. na die etniese eenheid van die nageslag van Israel, na die *etnies-historiese* volk Israel as die volk van die verbond,⁶⁵ en as sodanig die Godsvolk. Jesus Christus is gestuur na die volk Israel, omdat hulle (vs. 26) τὰ τέκνα, die kinders (van die koninkryk), d.i. die Godsvolk, is.

Israel as volk is hier Godsvolk. Die Messias is gestuur na Israel as volk. Selfs maak die toehorigheid tot die volk 'n persoon tot voorwerp van Jesus se messiaanse sending.

[106]

Maar die volk Israel besit geen inherente kousatiewe waardigheid as verklaring vir die sending van die Messias tot die volk nie. Jesus Christus is wel gestuur na die volk Israel as sy skape, maar dan as sy "verlore skape". Jesus Christus kom na die volk as 'n volk wat in sondeverlorenheid verkeer. Israel is 'n geheel versonke volk, 'n verlore gaande volk sonder enige hoop vir homself. Juis daarom kom Jesus na Israel — om die volk te red uit sy sondeverlorenheid. Dit is nie die volk wat die Messias soek en na Hom gaan nie; nee, hulle is verlore, verdwaal; die Messias soek die verdwaalde volk op om dit te red!

Opvallend in hierdie gebeurtenis is dat Jesus tog, by die openbaring van die geloof van die vrou, haar dogter genees. Hieruit blyk dat die besliste gerigtheid van Jesus se sending voor sy dood tot die volk Israel nie 'n absolute beperktheid is nie, en nie in teëstelling staan tot 'n verlossing buite Israel se grense nie.

Die uitspraak van Matth. 15:24 vind duidelike positiewe bevestiging in *Luk. 19:9* en *Luk. 13:16* waar Jesus die redding van Saggéus se gesin en die genesing van die lam vrou uitdruklik in verband bring met hulle afstamming van Abraham. Jesus genees en Jesus verlos hulle nie maar as losse individue nie, maar wel as lede van die volk Israel. Maar dan weer geskied die verlossing nie op grond van enige verdienste waarop die lid van Israel aanspraak kan maak, omdat hy tot die nageslag van Abraham behoort nie, maar alleen uit vrye genade en trou van God, onderworpe aan die eis van die geloof (*Luk. 19:5-8*), sonder enige verdienste⁶⁶ "want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was".

Ook *Joh. 8:31-40* werp belangrike lig. Jesus maak onderskeid tussen diegene wat bloot vleeslike afstammeling van Abraham is en diegene wat én vleeslike afstammeling van Abraham is én Abraham se positiewe geloofsaanvaarding van die openbaring deelagtig is. Alleen laasgenoemdes is ware kinders van Abraham. Die Abraham-kindskap word nie losgemaak van die vleeslike afstamming nie, nie vergeestelik nie,⁶⁷ maar daar vind verenging na binne plaas volgens die beginsel van die geloofseis. Tereg merk J. H. Bernard⁶⁸ op: Jesus se "reply is almost in the words used by Paul (*Rom. 9:7*). He had admitted (v. 37) that they were σπέρμα Ἀβραάμ but this natural descent did not, by itself, guarantee all the privileges which belong to the τέκνα who are Abraham's true heirs".

[107]

(b) *Die betekenis van die roeping en sending van die twaalf apostels gerig op Israel as volk.*

Oor die betekenis van die vorming van 'n dissipelkring van twaalf man rondom Homself

⁶⁵ Vir die betekenis van die benaming οἶκος Ἰσραηλ sien hf. 1. § 4, pp. 69-70.

⁶⁶ Vgl. hieroor A. Schlatter: *Markus und Lucas*, 354-355; S. Greijdanus: *Lucas, II*, 894.

⁶⁷ Die waarskynlikste lesings in vs. 39 εστε (B X D) en ποιεῖτε (imp.-B) toon dit duidelik.

⁶⁸ *A critical and exegetical Commentary on the Gospel according to St. John*, I.C.C., 1952, II, 310.

deur Jesus is daar tot op sekere hoogte 'n redelike mate van eenstemmigheid. Die getal twaalf word as die bepalende faktore beskou: twaalf is die getal wat 'n volheid uitdruk en dit is terselfdertyd simbolies van die twaalf stamme van Israel. Die vorming van die dissipelkring bring dus tot uitdrukking dat Jesus aanspraak maak op die hele Israel en dat sy messiaanse werk betrekking het op die hele Israel.⁶⁹

By die vraag wie die hele Israel is, gaan die wee egter uiteen: N.A. Dahl⁷⁰ en J. Jeremias⁷¹ sien in die "Israel" uitsluitlik die eskatologiese Godsvolk waarvan die twaalf nog net 'n vooruitgrype is. Direk daarteenoor beskou R. Bultmann⁷² en A. Oepke⁷³ dit as uitsluitlik die empiriese volk Israel. H. Rengstorf⁷⁴ wil onder Israel sowel die historiese Israel as "die Endgestalt der messianische Gemeinde" [die finale vorm (of gestalte) van die messiaanse gemeenskap] verstaan, terwyl H. Ridderbos⁷⁵ daarin sien "degenen in wie de door Jesus' woord vergaderde gemeente van meet af aan gestalte krijgt en die daarom ook veelszins als het fundament van deze nieuwe gemeente beschouwd moet worden".

Sover dit die tydperk van Jesus se openbare optrede betref — die tydperk wat ons hier behandel — spreek *Matth. 10:5, 6 e.v.* oor dié vraag 'n duidelike woord. Jesus stuur sy twaalf dissipels as apostels uit met die woorde: "Moenie gaan op die pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel".⁷⁶ Hierdie sendingopdrag aan sy dissipels stem opvallend ooreen met Jesus se uitspraak in *Matth. 15:24* oor sy sending.

Uit hierdie verse blyk dat die kring van twaalf dissipels 'n kern is van die volk Israel wat besonderlik in die waarheid onderrig is *met die doel* om deur hulle as apostels die evangelie tot Israel as volk, tot die histories-etniese volk as geheel⁷⁷ te laat uitgaan. Wanneer Jesus hulle uitstuur, word hulle sending gerig op die eenheid van die histories-etniese volk as voorwerp van evangelisering.

Die vorming van die dissipelkring van twaalf man rondom Homself geskied nie as 'n teken dat Jesus Hom losmaak ^[108] van die volk as geheel nie. Dit is intendeel gerig op die evangelisering van die volk as geheel. In stede van 'n breking met die volk is dit juis die weg waarlangs Jesus Christus sy evangelie tot die volksgeheel wil voer.

Hierdie betekenis van die vorming van die dissipelkring en hulle uitsending as apostels volgens *Matth. 10:5, 6* word goed omskryf deur A. Oepke⁷⁸ "Die Zahl deutet an, dass es um ganz Israel als Qahal der Gottesherrschaft geht, um das erneuerte, aber deshalb noch nicht notwendig um ein neues Gottesvolk. Die Aussendung an das empirische Israel, und nur an

⁶⁹ So o.a. Dahl; *Volk Gottes*, 158-162; Oepke: *Gottesvolk*, 165; H. Rengstorf: δωδεκα, TWNT II, 326; Jeremias: *Verheissung*, 18; R. Bultmann: *Die Frage nach der Echtheit von Mt. 16, 17-19*, TB, 20 (1941), 273; Ridderbos: *Koninkrijk*, 305-306; Kümmel: *Anfänge der Kirche*, 5; L. Brun: *Die kirchliche Einheitsgedanke im Urchristentum*, ZST, 137, 88. Anders egter o.a. E. Meyer en R. Schütz.

⁷⁰ *Volk Gottes*, 158.

⁷¹ Jeremias: *Verheissung*, 18.

⁷² Bultmann: *Matth. 16, 17-19*, 273.

⁷³ *Gottesvolk*, 165. Oepke sien die betekenis van die dissipelkring net by die aanvang so. Vanaf die verwerping van Jesus deur die meerderheid van die volk en die belydenis van *Matth. 16:18* word die dissipelkring die kern van die ander en nuwe Godsvolk, die εκκλησια.

⁷⁴ TWNT II, 326.

⁷⁵ *Koninkrijk*, 306.

⁷⁶ Soos by *Matth. 15:24* bepaal ons die aandag hier by die positiewe element.

⁷⁷ Vir die betekenis van die woorde τα προβατα τα απολωλοτα οικου Ισραηλ sien hierbo by die bespreking van *Matth. 15:24*, pp. 106-407.

⁷⁸ *Gottesvolk*, 165.

dieses, lasst vielmehr erkennen, dass es sich nicht, mindestens noch nicht um eine Neugründung oder auch urA die Stiftung einer esoterischen Kerngemeinde handelt, sondern um die Zurüstung des bereits vorhandenen, aber seiner Bestimmung untreu gewordenen Gottesvolkes".⁷⁹ [Die getal dui aan dat dit oor die hele Israel gaan as Qahal van God se heerskappy, oor die vernuwende, maar nog nie noodwendig oor 'n nuwe Godsvolk nie. Die stuur na empiriese Israel, en slegs aan hulle, toon eerder dat dit nie, ten minste nog nie, 'n nuwe instelling of selfs die grondslag van 'n esoteriese kerngemeente is nie, maar eerder die toerusting van die bestaande, maar ontrou geworde Godsvolk.]

Terwyl die getal twaalf van die apostelkring simbolies is van Jesus se aanspraak op die hele Israel en die uitsending van die apostels gerig is op die hele volk na sy empiriese omvang, beteken dit geen erkenning van enige waardigheid of enige inherente kousatiewe krag in die volk vir sy eie geregtigheid nie. Die volk is "verlore skape" (vs. 6) en selfs "wolwe" (vs. 16).

Terselfdertyd het juis die sending van die twaalf tot die volk in sy empiriese geheel tot gevolg dat daar 'n skeiding teweeggebring word binne die volk — 'n skeiding op grond van geloof of ongeloof in die evangelie (Matth. 10:11-15). Die gerigtheid van die apostoliese sending tot die empiriese geheel van Israel hou terselfdertyd in 'n verenging van die volk op grond van die eis van geloof in die Messias.

Ook toon Matth. 10:18-22 dat die uitsending in die hede tot Israel nie 'n komende universele verkondiging uitsluit nie.⁸⁰ Dat die uitsending tot die histories-etniese volk Israel nie in teëstelling tot 'n toekomstige universele verkondiging staan nie en dat ook weer hierdie toekomstige universele omvang van die evangelie nie 'n bepaalde band tussen apostelkring en Israel uitsluit nie, word bevestig deur die feit dat die universeel-getinte 10:18-22 opgevolg word deur 10:25 — 'n baie problematiese uitspraak, waarin egter die duidelikste element die verband tussen die apostelkring en die volk Israel is.⁸¹

'n Bespreking van die betekenis wat Jesus toeken aan die apostelkring tydens sy optrede kan nie geskied sonder 'n ^[109] verwysing na *Matth. 19:28, par. Luk. 22:28-30* nie. Oor hierdie apokaliptiese profesie van Jesus is daar ook nie eenstemmigheid nie. Die menings verskil sowel oor die interpretasie van "die twaalf stamme van Israel" as oor die κρινοντες: (a) R. Bultmann, e.a.⁸² verstaan die vers so, dat "die Twaalf" in die eindtyd sal *regeer* (κρινοντες) oor die eskatologiese volk Israel; (b) H. Ridderbos,⁸³ F.W. Grosheide, e.a.,⁸⁴ dat die apostels geteken word as regeerders oor die universele Nieu-Testamentiese gemeente as die nuwe Israel; (c) H. Rengstorff,⁸⁵ dat hulle die gerig van God oor die afvallige Israel voltrek, terwyl (d) G. Schrenk,⁸⁶ A. Schlatter⁸⁷ en W. Gutbrod⁸⁸ daaronder verstaan dat die twaalf apostels die werklike Israel as volk sal oordeel (nie veroordeel nie).

⁷⁹ Sien ook die gegewens van Hand: 10:40-42, hf. II, § 3, pp. 133-134 en Hand. 13:31, hf. II, § 3, p. 136.

⁸⁰ Feitlik algemeen word aanvaar dat Matth. 10 'n samestelling is van ten minste twee berigte: vss. 1-15 (of 16) en vs. 15 (of 16) e.v.v. Volstaan word met 'n verwysing na twee skrywers van behoudende kant.: T. van der Walt: *Die Koninkryk van God — Naby!*, diss. Kampen, 1962, 288; Grosheide: *Mattheüs*, 162-163. Tog verloor vss. 18-22 nie daarmee hul toeliggende betekenis vir die voorafgaande verse nie, want Matth. verbind hulle ten nouste en direk daarmee.

⁸¹ Vir 'n omvattende en baie deeglike bespreking van die uitspraak vgl. veral Van der Walt: *Koninkryk*, 286-300.

⁸² *Theologie des N.Ts.* 4, 1961, 40. Die geliefde verklaring van Chiliaste.

⁸³ *Israël*, 35, maar alleen "op een impliciete wijze".

⁸⁴ *Mattheüs*, 298-299. Ook reeds De Wette en Bleek.

⁸⁵ TWNT II, 327.

⁸⁶ *Weissagung*, 17-20.

⁸⁷ *Evangelist Matthäus*, 584.

⁸⁸ TWNT III, 387.

Myns insiens moet die laasgenoemde verklaring voorrang geniet: Die verband waarin die uitspraak voorkom, wys op die *beoordeling* van mense of hulle waardig bevind sal word om *in te gaan* in die koninkryk of om die ewige lewe *te beërwe* (vgl. vss. 23-25, wat tewens die aanleiding is vir die vraag van Petrus wat hierdie uitspraak van Jesus ontlok; ook vss. 29-30). Dit gaan in die verband, waarmee dié uitspraak ten nouste saamhang, dus om die uitoefening van regspraak, om die beslissing wie die koninkryk sal binnegaan, en dit gaan nie om regering oor diegene wat in die koninkryk is nie. Die κρινοντες moet dus die apostels beskryf as "diegene wat oordeel" oor Israel. En dan nie "veroordeel" nie, want vss. 29-30 toon ook baie duidelik dat baie wel sal ingaan en nie almal veroordeel word nie. Die vasstelling dat κρινειν hier "oordeel" beteken en nie "regeer" nie, wys alreeds teen die interpretasie dat "die twaalf stamme van Israel" die kerk as die universele messiaanse Godsvolk aandui — die kerk soos God dit ken, sluit immers alleen in al diegene wat ingaan; by dié kerk hoef daar nie nog deur oordeel geskei te word tussen diegene wat ingaan en diegene wat nie ingaan nie. Hierby kom nog die feit dat die algemene gebruik van die benaming Ισραηλ en veral φυλας του Ισραηλ hulle nie leen vir so 'n vergeesteliking nie,⁸⁹ terwyl die teks verband geen universele gegewens bied wat enigsins in dié rigting wys nie.

Die twaalf apostels sal dus volgens Jesus se profesie saam met Hom as regters sit in sy koninkryk om "in die wedergeboorte" die twaalf *stamme* van Israel, d.i. die hele volk Israel,⁹⁰ te oordeel.⁹¹

Verskeie belangrike punte het hier aan die lig gekom: (i) Dat Jesus die betekenis van die vorming van die apostelkring ^[110] ten nouste verbind met Israel as volk, as volksgeheel, selfs tot in die ewige koninkryk van Christus.

(ii) Dat die volk Israel as volksgeheel en nie maar as blote individue nie op die laaste dag voor die regterstoel van Christus geoordeel sal word. "Wir haben hier eine Auffassung der Volkergerichtes, die nicht nur den Einzelnen als Monade isoliert, sondern damit rechnet, dass man das ganze Volk zusammen haben muss, wenn die Einzelne gerichtet wird".⁹² [Ons het hier 'n opvatting van die volkshof wat nie net die individu as 'n monade ('n oneindig klein eenheid) isoleer nie, maar ook reken dat die hele volk bymekaar moet kom wanneer die individu beoordeel word.]

(iii) Dat hierdie betekenis van die apostels met betrekking tot Israel nie 'n betekenis met betrekking tot alle volke uitsluit nie, omdat dit hier nog net gaan om hulle verhouding tot Israel.

(iv) Dat die gerigtheid van die apostelkring op Israel as *volk* nie in stryd is met hulle posisie as fondament van die messiaanse Godsvolk van gelowiges nie, omdat sowel in die hede (Matth. 10:5, 6) as in die laaste dag (Matth. 19:28) hulle gerigtheid op Israel as volksgeheel ten doel het die skeiding in Israel tussen gelowiges en ongelowiges.

(c) Oordeel oor Israel?

Uit die mond van Jesus hoor ons egter verskeie uitsprake waarin daar skynbaar 'n harde oordeel gevel word oor die volk Israel as die Godsvolk.

Die eerste sodanige uitspraak wat aandag verdien, is *Matth. 8:10-12, par. Luk. 13:28, 29*.

Mattheüs bring dié uitspraak van Jesus in verband met die openbaring van die groot geloof van die heidense hoofman. Wanneer die hoofman sy geloof toon, spreek Jesus 'n profesie uit waarin Hy onomwonde die binnekoms van die gelowige buite Israel in die koninkryk vermeld

⁸⁹ Sien hf. I, §4.

⁹⁰ Sien hierbo, p. 108.

⁹¹ Hoe letterlik dit verstaan moet word, is moeilik bepaalbaar, maar is hier nie van wesentlike belang nie.

⁹² Schrenk: *Weissagung*, 19.

en daarmee gepaardgaande die uitwerping van "die kinders van die koninkryk" vanweë hul ongelooft.

Dat "kinders van die koninkryk" hier Israeliete aandui, is onbetwisbaar. In hierdie profesie is dus uitdruklik sprake van verwerping van Israeliete uit die koninkryk en dus uit die Godsvolk. Hiermee wys Jesus die Joodse beskouing radikaal af dat deelgenootskap aan die volk Israel ook ewige deelgenootskap aan die Godsvolk waarborg. Daarteen stel Jesus op die voorgrond die absolute eis van die geloof as enigste grond vir deelgenootskap aan die messiaanse Godsvolk,

Of Jesus met sy oordeelsprofesie die hele volk Israel of net 'n deel van Israel in die oog gehad het, kan nie met sekerheid gesê word nie. Tog skyn die heel algemene wyse van ^[111] spreke (οὐ υἱοὶ) te dui op Israel as geheel.

Lukas plaas dié uitspraak in 'n ander en breër verband, *Luk. 13:22-30*, wat hierdie oordeelsaankondiging in duideliker perspektief plaas: hierdie uitspraak vorm naamlik deel van 'n tipiese "Drohrede", 'n waarskuwende en appellatiewe oordeelsprofesie in die lyn van die Ou-Testamentiese profete. Die doel hiervan is dan nie toekomsvoorsegging nie, maar dit is om die volk op te roep tot harde stryd om in te gaan in die koninkryk (13:24); tot bekering voordat Gods oordeel oor hulle kom. Die gedagtegang van *Luk. 13:22-30* is: Stry hard om in te gaan deur die nou poort... of anders... Vers 24 veronderstel uitdruklik dat daar vir die Israeliete nog moontlikheid van behoud is.

Die oordeelsaankondiging van Jesus in *Matth. 8:10-12* par. *Luk. 13:28-29*, wat waarskynlik vir Israel as volk geld, is dus nie die formele bekendmaking van 'n vaste besluit dat Israel verwerp sal word nie, maar 'n waarskuwende oordeelsprofesie wat die regverdigte oordeel van God aantoon as Israel hulle nie bekeer nie.⁹³

Van groot belang in hierdie verband is *Matth. 21:33-46* en daarin besonderlik *Matth. 21:43*: "Die koninkryk van God sal van julle weggeneem word en sal gegee word aan 'n volk (ἐθνῶν) wat die vrugte daarvan sal dra".

Die voor die hand liggende en ook vry algemeen aanvaarde⁹⁴ verklaring van *Matth. 21:43* is dat die koninkryk van God, d.i. die posisie as Godsvolk, van die volk Israel (die "julle") weggeneem sal word en gegee sal word aan 'n ander volk, d.i. óf die heidennasies (ἐθνοὶ = ἐθνη), enkelvoud vir meervoud) óf die kerk as die Nieu-Testamentiese Godsvolk (ἐθνος — λαός, 'n "uneigentliche Gebrauch von ἐθνος" [onbehoorlike gebruik van ἐθνος]).⁹⁵ Dit wil sê: Jesus profeteer hier dat die volk Israel verwerp sal word as Godsvolk omdat die volk Hom, die Seun van God, (sal) verwerp en dat Israel as Godsvolk vervang sal word deur 'n ander volk (die heidennasies of die kerk).

Aangesien die volk Israel nie by name genoem word nie, moet hierdie verklaring op een van twee veronderstellings berus:

(a) Die "julle" van wie die koninkryk weggeneem sal word, dui die volk Israel aan. Dan kan as argument dien: die feit dat die koninkryk aan 'n ἐθνος gegee word, impliseer dat dit ook

⁹³ Grosheide: *Mattheüs*, 135, gaan (egter) te ver wanneer hy hierin 'n uitdruklike aankondiging van die verwerping van Israel as volk sien.

⁹⁴ So o.a. Th. Zahn: *Das Evangelium des Matthäus, Kommentar zum N.T. I (herausgegeben von Th. Zahn)*³, 1910, 631; Grosheide: *Mattheüs*, 327; W.C. Allen: *A critica! and exegeücal commentary on the Gospel according to S. Matthew, I.C.C.*³, 1912, 232; J. Schniewind: *Das Evangelium nach Matthäus, Das N.T. Deutsch*, 1937, 212; Ridderbos: *Israël, 27-28 en Koninkrijk*, 178 en 304-305.

⁹⁵ Zahn: *Matthäus*, 631. So ook Allen: *S. Matthew*, 232. Vgl. vir gebruik van ἐθνος in enkelvoud, hf. I, § 2 A.

'n $\epsilon\theta\nu\omicron\varsigma$, dus van die volk Israel weggeneem is.⁹⁶

Hierdie veronderstelling gaan egter gedruk onder die sterk beswaar dat die verband duidelik toon dat die "julle" ten ^[112] minste in die eerste plek die owerpriesters en Fariseërs aandui: (i) Die materiaal van Mattheüs is so saamgevoeg dat na Matth. 21:1-11 (die intog in Jerusalem) een groot stryd tussen Jesus en die owerpriesters en Fariseërs beskryf word in Matth. 21:12-23:39. Binne hierdie geheel vorm Matth. 21:23-46 weer 'n ononderbroke eenheid waarin een gesprek tussen Jesus en die "owerpriesters en ouderlinge van die volk" (21:23) beskryf word. (ii) Jesus se gelykenis handel spesifiek oor die landbouers wat die wingerd moet bewerk. Volgens Jes. 5, waarop die gelykenis duidelik sinspeel, is die wingerd die volk Israel. Die landbouers is dus alleen die *leiers* van die volk Israel, (iii) Die Skrifgeleerdes self verklaar uitdruklik dat die owerpriesters en Fariseërs besef het dat hulle die "julle" van wie die koninkryk weggeneem sal word, was, Matth. 21:45 — so ook die parallelle gedeeltes, Mark. 12:12 en Luk. 20:19. Daar kan dus min twyfel bestaan dat die woorde van Matth. 21:43 betrekking het spesifiek op die verharde leiers van Israel, die ongelowige owerpriesters en Fariseërs.⁹⁷

(b) Maar ook wanneer Jesus die oordeel uitspreek oor die owerpriesters en Fariseërs, kan dit nog beskou word as geldende vir die hele volk Israel vanuit die veronderstelling: "die Anwesenden sind nicht in ihrer Eigenschaft als $\tau\omicron\upsilon$ $\lambda\alpha\omicron\upsilon\varsigma$ $\alpha\rho\chi\iota\epsilon\rho\iota\varsigma$, sondern als Vertreter des jüdischen Volks angeredet".⁹⁸ [die aanwesiges word nie aangespreek in hul hoedanigheid as $\tau\omicron\upsilon$ $\lambda\alpha\omicron\upsilon\varsigma$ $\alpha\rho\chi\iota\epsilon\rho\iota\varsigma$ nie, maar as verteenwoordigers van die Joodse volk "]

Hierdie veronderstelling gaan egter ook gedruk onder 'n sterk beswaar, nl. dat in die vers se verband deur die evangelieskrywer en deur Jesus self juis skerp onderskei word tussen die leiers van die volk en die breë massa van die volk: (i) Pertinent word verhaal dat alleen die Fariseërs c.s. hulle aan dié woorde geërger het, maar dat die volksmassa daarenteen Hom gehou het vir 'n profeet (21:46), en dat die leiers die reaksie van die volk gevrees het as hulle aan Jesus sou raak — vgl. Mark. 12:12; Luk. 20:19. Juis deur die woorde van dié gelykenisse word die massa van die volk dus skerp geskei van die leiers. (ii) In die voorafgaande gelykenis, waarmee 21:33-44 ten nouste verbonde is en nog nouer verbind word deur 21:45 ("toe die owerpriesters... sy gelykenisse hoor..."), het Jesus die Fariseërs c.s., omdat hulle nie geglo het nie, uitdruklik in skerp teëstelling geplaas tot die "tollenaars en hoere" (21:31), d.i. dié deur die Fariseërs c.s. veragte massa van die volk, die 'am haarez, omdat hulle wel glo.

[113]

Wanneer ons niteenstaande hierdie argumente teen die vry algemene verklaring van Matth. 21:43 tog nog vanweë die oorwig van eksegete wat dié verklaring gee, die moontlikheid wil erken dat Jesus hier spreek van 'n toekomstige verwerping van Israel, dan moet egter ook by hierdie uitspraak, net soos by Matth. 8:10-12 par., in gedagte gehou word dat Jesus nie bloot 'n voorsegging van 'n voldonge feit wil uitspreek nie maar 'n appellatiewe, waarskuwende oordeelsprofesie uitspreek. Vanuit hierdie profetiese woord, en net so in die geval van Matth. 8:10-12 par., mag dus nie sonder meer gekonkludeer word tot *die feit* van Israel se verwerping nie. Die latere verloop van die openbaringsgeskiedenis moet beslis of hierdie waarskuwende oordeelsprofesie van Jesus verwerklik is en of die verwerkliking, hetsy deur bekering by Israel hetsy deur die vrymagtige genade van God, afgeweer is.

⁹⁶ So o.a. Ridderbos: *Israël*, 27-28.

⁹⁷ So ook o.a. Zahn: *Matthäus*, 630; E. Lohmeyer: *Das Evangelium des Markus, Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. I, (begründet von W. Meyer)*, 1937, 248. Ook Dahl: *Gsttesvolk*, 150 Amn. 25, erken dié moontlikheid.

⁹⁸ Zahn: *Matthäus*, 630.

Naas hierdie profetiese uitsprake kry ons ook uitsprake waarin Jesus in die teenwoordige tyd oordeel oor Israel:

So spreek Jesus in *Matth. 13:14-15* by wyse van 'n aanhaling uit Jes. 6:9 e.v. 'n harde woord oor die volk na wie Hy gestuur is en die volk vir wie Hy die evangelie verkondig. Maar dit blyk dat Jesus hierdie oordeel nie oor die hele volk vel nie. Hy *onderskei* self tussen twee groepe in die volk. Wanneer Jesus tot die menigtes (*οχλοι* — vs. 2) deur gelykenisse spreek, en sy dissipels vra: "waarom spreek U tot hulle deur *gelykenisse*?" (vs. 10), maak Jesus 'n *verdeling binne die* Joodse volk deur te spreek van "julle" wat die verborgenhede van die koninkryk mag of kan ken en "hulle" vir wie dit nie gegee, is nie (vs. 11). En dan vervolg Jesus: "En aan *hulle* word die profesie van Jesaja vervul..." (vs. 14). Jesus weet dat daar binne Israel 'n *skeiding* bestaan: daar is verborge in Israel diegene wat ore het wat hoor en oë wat sien en harte wat verstaan, vir wie dit gegee is om die verborgenhede van die koninkryk te ken; daar is egter ook diegene wat hul oë toegesluit het om nie te sien nie, wat hul harte stomp gemaak het om nie te verstaan nie, omdat hulle hulle nie wil bekeer nie, omdat hulle hulle nie deur Jesus wil laat genees nie, en aan hulle is dit nie gegee om die verborgenhede van die koninkryk te ken nie. Reeds is die skeiding gedeeltelik openbaar in die dissipels wat al gehoor en verstaan het, maar ook in die skare is daar nog diegene wat "ore het om te hoor" (vgl. vs. 9) en dáárom spreek Jesus deur gelykenisse, sodat diegene openbaar kan word, sodat die skeiding in die volk deurgetrek kan word.

[114]

Die oordeel oor die *λαος* in vs. 15 geld dus nie die *hele* empiriese volk nie maar alleen die onbekeerdes, die ongelowiges wat weier om Jesus gelowig aan te neem. Nie Israel word hier veroordeel nie, maar die ongelowiges in Israel wat hulle stamp teen Jesus, die steen van aanstoot. Terselfdertyd is dit ook 'n radikale afwysing van enige selfvertroue by die empiriese geheel van die volk dat hulle posisie as Godsvolk in die messiaanse tyd sonder meer gewaarborg is.

Nou by die voorafgaande uitspraak sluit *Matth. 15:1-13* aan. In vss. 7, 8 word die harde woorde van Jesaja oor Israel in sy tyd deur Jesus toegepas op die hede, of liever, Jesus sê dat reeds Jesaja dié dinge aangaande "julle" geprofeteer het: "Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk (*ο λαος ουτος*) nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af".

Die besonder opvallende hierin is dat Jesus dit wat Jesaja van die volk in die algemeen gesê het, pertinent net op die Skrifgeleerdes en Fariseërs van toepassing maak: "oor julle", d.i. oor die Skrifgeleerdes en Fariseërs van 15:1 wat vir Jesus verwerp het, omdat sy dissipels nie die voorvaderlike verordeninge onderhou nie. Hierdie oordeel rig Jesus tot die leiers van die volk en pas dit pertinent op hulle toe. Daarteenoor wend Jesus hom in vers 9 tot die massa van die volk met die uitnodiging: "Luister en verstaan". Dat die oordeelswoord nie die hele volk Israel nie maar net die Fariseërs gegeld het, blyk ook uit 15:12: "Weet U dat die *Fariseërs*, toe hulle die woord hoor, aanstoot geneem het?" In antwoord op hierdie vraag van sy dissipels spreek Jesus dan weer eens in vs. 13 'n oordeel oor die *leiers* (vgl. vs. 14) van die volk uit: "Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word". Die beeldspraak van Jesus in hierdie uitspraak stem sterk ooreen met dié van Johannes die Doper in *Matth. 3:10*. Dit kry alleen hier 'n bepaalde adres, nl. die skynregverdiges in Israel, die ongelowige Fariseërs c.s., die ongelowige leiers van die volk. En dan is die oordeel dit: hierdie skynregverdiges, die leiers wat nie glo nie, hulle sal uitgekap word uit die boord van God, die volk, terwyl die boord, die volk, behoue bly.

Teen die agtergrond van die voorafgaande resultate van die ondersoek na die vraag of Jesus 'n veroordeling oor Israel as volk uitspreek, kry *Luk. 7:29*, waar Lukas op skynbaar verrassende

wyse die eretitel van die Godsvolk, nl. λαος, gebruik ^[115] vir die 'am haarez,⁹⁹ die veragte massa van die volk, besondere betekenis: Dit is hier die 'am haarez, die veragte massa van die volk in teestelling tot die godsdienstige leiers, die Fariseërs c.s., wat positief reageer op die prediking van Jesus, wat aan God die eer gee, wat hulle laat doop met die doop van Johannes, die doop van bekering tot vergifnis van sondes. Dit is hier die volksmassa, die *volk* en nie die Fariseërs, die Pherushim, d.i. die Afgeskeidenes (van die volk) nie, van wie Jesus 'n vriend is (vs. 34). Hieruit volg dat dit die volksmassa, die 'am haarez in soverre hulle gelowig geword het, is wat nou in teestelling tot die Fariseërs c.s. λαος is. Want die selfgewaande heilige λαος,¹⁰⁰ die leiers van die volk, die Fariseërs c.s. "het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie" (vs. 30) — hulle het hul deelgenootskap aan die messiaanse Godsvolk verloën.

Die wonderlike is dat die evangelie die orde omkeer: die Fariseërs c.s. het die volksmassa, die 'am haarez, as nie weselik deel van die Godsvolk beskou nie, maar hulleself daarenteen as die heilige Godsvolk. Volgens die evangelie is die volksmassa wat aan God die eer gee, in Jesus glo en hulle laat doop, die λαος, die volk as Godsvolk, terwyl die ongelowige, verharde Fariseërs c.s. nie weselik deel is van die volk in sy hoedanigheid as Godsvolk nie.

Waar Jesus dus in die teenwoordige tyd 'n oordeel uitspreek oor die volk Israel, blyk dit dat Hy skeiding maak en veroorsaak binne die volk. Nie die hele volk word salig gespreek nie, maar ook word nie die hele volk veroordeel nie. Op grond van die geloofsverhouding tot Hom gaan daar 'n skeiding dwarsdeur die volk, 'n skeiding veral tussen die verharde, ongelowige godsdiensteleiers en die kinderlik-gelowige massa van die volk, maar ook weer 'n skeiding tussen gelowiges en ongelowiges binne elke groep. Daar by is dan enkele aanduidings merkbaar dat die gelowiges die voortsetting is van die volk Israel, terwyl die ongelowiges as die nie-weselike deel van die volk gesien word. Wanneer 'n waarskuwende oordeelsprofesie egter uitgespreek word, word meer algemeen gespreek en word die volk as geheel daarin betrek.

3. Rondom die kruisiging en dood van Jesus.

(a) Die betekenis van die Nuwe Verbond,

Die eerste saak wat in dié verband aandag verdien, is die uitspraak van die Here Jesus by die instelling van die ^[116] Nagmaal, waardeur Hy die betekenis van sy kruisdood aankondig: "Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed, wat vir julle uitgestort word" — *Luk. 22:20*, of volgens *Matth. 26:28 par.*: "Dit is my bloed (dié)¹⁰¹ van die (nuwe)¹⁰² verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes".

Die dood van Jesus Christus beteken dus die instelling van 'n *nuwe verbond*. Hierdie nuwe verbond moet noodwendig in die plek van 'n *ou* verbond tree. Aangesien Israel tot op hierdie tydstip die verbondsvolk was, beteken die nuwe verbond in die plek van die ou verbond dan nie noodwendig dat daar ook 'n nuwe verbondsvolk of Godsvolk *in die plek* van Israel as die ou verbondsvolk of Godsvolk kom nie? Met ander woorde: beteken die nuwe verbond 'n opheffing en vernietiging van die verbond van God met Israel?

Dit is noodsaaklik om in gedagte te hou dat die O.T. twee verbondsluitings met Israel ken: die verbondsluiting met Abraham en sy nageslag na hom (*Gen. 15:18; 17:2-8*), en: die verbondsluiting by Sinai (*Ex. 19:4-7; 24:7-8*). In die lig hiervan is dit van kardinale belang om

⁹⁹ Sien vir 'n bespreking van die gebruik van λαος in dié teks, hf. I, § 1, pp. 37-39.

¹⁰⁰ Sien hf. I, § 1, pp. 36-7.

¹⁰¹ το — kom voor in C pl.

¹⁰² καινης — kom voor in C D pl. latsy.

ook in gedagte te hou dat die N.T. deurlopend die feit dat Israel die Godsvolk is, verbind aan die verbond met Abraham¹⁰³ en nie aan die Sinaïtiese verbond nie.

Watter verbond is nou die "ou" verbond in die plek waarvan die nuwe verbond in die bloed van Jesus Christus tree? Is dit die verbond met Abraham, dan raak dit wel Israel se posisie as Godsvolk. Is dit egter die Sinaïtiese verbond, dan is dit nie (noodwendig) die geval nie.

Dat Jesus se dood die instelling van 'n nuwe verbond *in die plek van die Sinaïtiese verbond* beteken, staan vas: Dit blyk in die eerste plek uit die feit dat die Nagmaal, die fees van die nuwe verbond, ingestel is juis by geleentheid van die Paasfees, die fees van die verlossing uit Egipte en die Sinaïtiese verbond. Jesus verklaar Homself as die nuwe, die ware Paaslam (vgl. 1 Kor. 5:7). Dat die Nagmaal, en Jesus se uitspraak daarby, gepaard gegaan het met die viering van die Ou-Testamentiese Paasfees, het J. Jeremias in sy *Die Abendmahlsworte Jesu* afdoende aangetoon.¹⁰⁴

Dit blyk in die tweede plek uit die formele aansluiting van Jesus se woorde (volgens Matth. en Mark.) by Ex. 24:8.¹⁰⁵ Die nuwe verbond tree dus in die plek van die verbond van die wet soos by Sinai gesluit.

Die derde en afdoende bewys is die onmiskenbare aansluiting ^[117] van Jesus by Jer. 31:31-34,¹⁰⁶ die profesie van die nuwe verbond, waar hierdie nuwe verbond geplaas word teenoor en in die plek van die verbond met Israel by Sinai na die uittog uit Egipte.¹⁰⁷

Die instelling van 'n nuwe verbond veronderstel beslis nie die verwerping van Israel as 'n verouderde Godsvolk nie; ook nie, al beteken die "vir baie" van Matth. 26:28 waarskynlik die uitbreiding van die heil van die heidene¹⁰⁸ nie. Want die verbond met Abraham bly immers gehandhaaf en die gelofte van dié verbond kondig die seën vir die nasies in Abraham se saad aan naas en tesame met die seën vir Abraham en sy nakomelinge.

(b) *Die aanklag teen Jesus en sy antwoord daarop.*

Wanneer Pilatus Jesus verhoor op aanklag deur die Jode, dien 'n saak van hoogverraad voor hom. Volgens Luk. 23:1-15 kla die Jode Jesus aan as 'n volksagitator, 'n rebelleier van die Joodse volk, die propageerder van 'n nasionalistiese vryheidsbeweging.¹⁰⁹ Jesus sou 'n nasionale verlossing vir die histories-etniese volk Israel van die Romeinse oorheersing beoog het. Hy sou Homself aangeprys het as die Koning van die Jode (vs. 3).

Maar Jesus word op hierdie aanklag onskuldig bevind. Hy is geen verlosser van die histories-etniese volk Israel van 'n politiek-aardse oorheersing nie. Hy is geen nasionalistiese verlosser nie.

En tog het Jesus op Pilatus se vraag "Is U die Koning van die Jode?" (vs. 3) geantwoord "U sê dit", d.i. "Ja".¹¹⁰ Jesus getuig self dat Hy Koning van die Jode, Koning van Israel,¹¹¹ is. En

¹⁰³ Dit het reeds aan die lig getree by die behandeling van Luk. 1:67-79 (hf. II, § 1, p. 94) en Matth. 3:8-10 (hf. II, § 1, p. 100) en sal ook nog verder by herhaling aan die lig tree.

¹⁰⁴ Die onderskeid wat J. Steinbeck: *Das Abendmahl Jesu*, Nov. Test. III (1959) 77-78, maak tussen die verbond by die uittog, (waarop J. Jeremias dan sou wys) en die Sinaï-verbond, is ongeldig. Die Skrif sien uittog en Sinaï-gebeure as 'n eenheid — vgl. Ex. 6:5, 6 en 19:4-6. Vgl. ook J. Behm: *διαθηκη*). TWNT II, 136.

¹⁰⁵ Hierop wys ook H. Gottlieb: *το αιμα μου το της καινης διαθηκης*. Stud. T., XIV (1960), 118.

¹⁰⁶ Dit word aanvaar deur o.a. Ridderbos: *Koninkrijk*, 181; J. Jeremias: *Die Abendmahlsworte Jesu*², 1949, 85; Steinbeck: *Abendmahl Jesu*, 76; Behm, TWNT II, 136; Schniewind: *Matthäus*, 9-10.

¹⁰⁷ Vir 'n vollediger behandeling van Jer. 31:31 sien bespreking van Hebr. 8:8-10, hf. III, § 5, pp. 231-232.

¹⁰⁸ So o.a. Jeremias: *Abendmahlsworte*, 110—111; Grosheide: *Mattheüs*, 395.

¹⁰⁹ Sien hf. I, § 1, pp. 29-32.

¹¹⁰ Dat die uitdrukking ekwivalent is aan "Ja" word taamlik algemeen aanvaar. Vgl. o.a. Greijdanus: *Lucas II*,

Hy is dit op daardie oomblik, ook al staan Hy deur die volk self aangekla juis oor hierdie aanspraak van Hom, ook al wil hulle Hom nie hê as Koning nie.

Jesus erken self dat Hy Koning van Israel is, en tog vind Pilatus Hom onskuldig op die aanklag van nasionale agitatie (Luk. 23:4, 13-14). Waarom? Die beslissende woord van Jesus wat bewys het dat Hy geen nasionalistiese bevryder is nie, was sy woord aan Pilatus: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie" (Joh. 18:32).

Jesus handhaaf dus ook tydens sy verhoor en te midde van die verwerping deur die volk Israel sy verbintenis aan Israel as volk. Hy getuig dat Hy Koning van Israel *is*. Hy getuig dat Israel nog die volk van sy koninkryk is, en wel Israel as "die Jode", die werklike, historiese volk te midde ^[118] van die aardse volkere.¹¹² Maar — sy koninkryk is nie aards nie: oor die histories-etniese volk is Hy Koning maar in 'n hemelse Ryk, 'n geestelike Koning vir die geestelike bevryding van die histories-etniese volk. Jesus sterf as Koning van Israel!

(c) *Die selfvervloeking deur die volk by die kruisiging en Jesus se voorbede.*

Die volk eis daarenteen Jesus se dood en daarvoor vervloek hulle hulself en hul nageslag; hulle aanvaar vir hulself en hul nageslag die verantwoordelikheid vir sy dood, Matth. 27:25.¹¹³

Hier word die Joodse menigte wat voor Pilatus vergader is, λαος genoem. Dit is dieselfde menigte wat in vss. 15, 20 en 24 o οχλος geheet het. "Λαος meint also den zusammengeströmten Volkshaufen" [Λαος beteken dus die skare wat saamgestroom het], sê H. Strathmann.¹¹⁴ En tog moet aanvaar word dat Mattheüs deur hier oor te slaan van οχλος na λαος as aanduiding van die skare (wat, let wel, duidelik onderskei word van die Romeinse soldate, vs. 27), wil aantoon dat die Joodse skare verteenwoordigend van die volk Israel, die Godsvolk, optree. Mattheüs moet tog wel bewus gewees het van die skielike oorskakeling na λαος en moes dit dus doelbewus gebruik het, veral as in aanmerking geneem word dat hy byna nooit λαος in die betekenis van "skare" gebruik nie.¹¹⁵ Dat die skare nie as blote losse individue (Schlatter) optree nie, blyk ook uit hulle woorde "op ons en op *ons kinders*" — hulle tree verteenwoordigend op.¹¹⁶ Tereg merk F.W. Grosheide¹¹⁷ op: "Toch blijft van betekenis, dat Matth. niet schrijft οχλοι, maar πας ο λαος, het is het volk Gods van de oude bedeling, Israel, dat hier spreekt, en dat daardoor verklaart niet langer volk Gods te willen zijn".

Hier skyn die verwerping van die volk Israel as Godsvolk deur hulle eie vervloeking beseël te wees.

En tog berig die evangelie in *Luk. 23:34-35* dat Jesus vir hierdie selfde, die volk Israel verteenwoordigende skare, bid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie". *Jesus self bid dat sy verwerping en kruisiging deur die volk Israel en hulle selfvervloeking die volk nie toegereken sal word nie.*

In aansluiting hierby moet opgemerk word dat Jesus self die deelgenootskap van die heidene (heidennasies) aan sy dood en vernedering uitdruklik aangekondig het (Mark. 10:33 par.). Die Romeine verteenwoordig hierin die heidenwêreld.^[119] Sy kruisiging beskryf Jesus nie as 'n

1110 en 1116; Th. Zahn: *Das Evangelium des Lucas, Kommentar zum N.T. III, (herausg. von Th. Zahn)*⁴, 1920, 694; Schlatter: *Evangelist Matthäus*, 387; Strack-Billerbeck I, 990; G. Dalman: *Die Worte Jesu I*, 1898, 252-255.

¹¹¹ Vir die gebruik van Ιουδαιοι deur en teenoor lede van ander volke, sien hf. I, § 4, p. 66.

¹¹² Sien hf. I, § 4 onder Ιουδαιοι, P. 71.

¹¹³ Strack-Billerbeck I, 1033: "Die Worte besagen; Die Verantwortlichkeit u. Schuld treffe uns u. unsre Kinder!"

¹¹⁴ TWNT IV, 50. So ook Bauer: *Wörterbuch*, kolom 922; Schlatter: *Evangelist Matthäus*, 776.

¹¹⁵ Uit 14 keer net in 4:23 (in sin van bevolking!) en 27:64 (vir die 'am haarez) en 26:5.

¹¹⁶ Dit word ook bevestig in die toespraak van Petrus, Hand. 3:12-26: Sien-hf. II, § 3, p. 127.

¹¹⁷ *Mattheus*, 427.

daad net van Israel nie, maar dit is 'n daad van die hele mensdom. Dit is opmerklik dat hierdie woorde van Jesus deur al drie die sinoptiese evangeliste verhaal word. In die lig hiervan kan dit nie sonder rede wees nie dat met groot klem weer deur al vier evangeliste (Matth. 27:27-31; Mark. 15:16-20; Luk. 23:36, 37; Joh. 18:3; 19:2, 3; 19:23, 24) by die lydengeskiedenis die hartlike deelname van die Romeinse soldate verhaal word.

(d) *Die betekenis van sy kruisdood vir die volk.*

Die betekenis van bogenoemde gebed van Jesus word bevestig en beseël deur die ingrypend belangrike woorde van Joh. 11:48-52, die outentieke verklaring van die verband tussen Jesus se dood en die volk Israel en van die betekenis wat Jesus se dood deur die hande van die volk vir die volk het. Eers word die woorde van Kajafas tot die Joodse Raad aangehaal: "(Julle) dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk (λαος) sterwe en nie die hele nasie (εθνος) omkom nie..." Daarna word hierdie woorde so verklaar: "... omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie (εθνος) sou sterf, en nie alleen vir die nasie (εθνος) nie, maar sodat ook die kinders van God wat verstrooi is, saamgebring sou word tot 'n eenheid".

Kajafas het suiwer politieke oogmerke gehad met sy woorde. Hy wou dat hulle die een man, Jesus, doodmaak om die nasionale voortbestaan van die volk te verseker. Jesus moes sterf, sodat die histories-etniese volk sy aards-nasionale bestaan kan behou.

Maar, sê Johannes, hierdie woorde van Kajafas het profetiese, openbaringsbetekenis gehad bo wat Kajafas ooit kon dink: Jesus sterf inderdaad ter wille van, in die plek van, plaasbekledend vir (υπερ)¹¹⁸ die volk Israel en wel Israel as die histories-etniese volk (εθνος)¹¹⁹ — egter *nie* ter wille van die nasionale behoud van Israel nie maar in die plek van Israel ter wille van die geestelike, ewige behoud van die volk.¹²⁰ Jesus sterf ter wille van die geestelike verlossing van die histories-etniese volk Israel. Dit is besonder opmerklik dat Kajafas wat spreek van 'n nasionale behoud, die "Godsvolk"-begrip λαος gebruik, terwyl Johannes wat die profetiese betekenis daarvan aandui as die geestelike behoud van die volk, die suiwer histories-etniese volksbegrip εθνος gebruik.

[120]

Baie pertinent toon hierdie Skrifgedeelte dus: Jesus sterf in die plek en ter behoud van die histories-etniese volk Israel. Dit is nie 'n geestelike verlossing van óf blote individue óf 'n geestelike Israel nie, ook nie 'n aardse verlossing van die werklike, histories-etniese volk Israel.

Hierdie betekenis word aan Kajafas se woorde toegeken selfs al was sy en die Raad se bedoeling uitdruklik die vermoording, die gewelddadige en finale verwerping van Jesus as Messias. Juis hier waar die verraad teen Jesus deur die hoogste vergadering van Israel gesmee word, betuig Johannes dat Jesus die gevolglike dood sou sterf vir dieselfde volk, Juis die woorde waarmee die godsdienstige hoof van die Godsvolk Israel sy onheilige moordplan uiter, sê Johannes is 'n profesie dat Jesus ter wille van die Godsvolk Israel as volk sal sterf. Die verwerping van die Messias deur Israel word geteken nie as beseëling van die verwerping van Israel as Godsvolk nie, maar intendeel as die middel waardeur die Messias kom tot sy plaasbekledende, verlossende sterwe vir die volk Israel. Die betekenis van die bestaan van Israel as die Godsvolk was nie net dat die Messias uit die volk sou voortkom en deur die volk verwerp en doodgemaak sou word om as gevolg daarvan self verwerp te word en as volk uit die

¹¹⁸ Vgl; R. Bultmann: *Das Evangelium des Johannes, Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. II (begründet von W. Meyer)*¹¹. 1950, 314 Anm. 3.

¹¹⁹ sien hf. I, § 1, p. 32 en § 2, p. 47.

¹²⁰ Vgl. Bultmann: *Johannes*, 314.

gesigsveld te verdwyn nie, maar die dood self van die Messias beteken die verlossing en behoud van die volk Israel as Godsvolk.

Hierby maak Johannes *nog* een belangrike uitbreiding: "en nie alleen vir die nasie nie, maar sodat ook die kinders van God wat verstrooi is..." Die "ter wille van die nasie Israel" staan dus nie in konflik met die "ter wille van almal" nie. Daar is geen óf ... óf nie maar net 'n "nie alleen nie ... maar ook". Al word die beperking tot die een volk Israel opgehef, beteken dit nie dat Israel nie meer as volk tot die Godsvolk behoort en voorwerp van verlossing is nie. Inteendeel: die onderskeiding (nie alleen... maar ook) sê juis dat dit ook nog gaan om Israel as volk. Daar is ook in die universele Godsvolk plek vir Israel as volkseenheid!

Besluit.

Die belangrike aspekte van die verhouding tussen die histories-etniese volk Israel en die Godsvolk soos dit tydens Jesus se openbare optrede geopenbaar word, kan soos volg saamgevat word:

[121]

1. *Die aard van die Messiaanse gebeure.*

- a. Jesus kom vir Israel as volk.
- b. Jesus rig Hom tot die hele volk Israel in sy prediking en in sy daade.
- c. Ook in en deur sy apostels rig Jesus Hom tot Israel as volk.
- d. Jesus sterf ter wille van Israel as volk.

2. *Die posisie van Israel as Godsvolk.*

- a. Tydens Jesus se optrede bly Israel gehandhaaf as Godsvolk.
- b. Die instelling van die nuwe verbond beteken nie 'n verbreking van die verbond waarvolgens Israel Godsvolk is nie; inteendeel: dit is 'n bevestiging daarvan.
- c. Die kruisiging van die Messias deur Israel beteken nie as sodanig die verwerping van Israel as Godsvolk nie. Veeleer is die kruisdood van die Messias die enigste weg vir die verlossing van Israel en sy behoud as Godsvolk. Die kruisiging is 'n daad van die hele mensdom, Israel en die heidennasies.
- d. Die komende universele heil in Christus staan nie in teëstelling met Israel se posisie as Godsvolk nie. Die universele Godsvolk sal nie in die plek van Israel kom nie, maar sal wees Israel plus ...

3. *Die grond daarvoor dat Israel Godsvolk is en bly, en vir toehorigheid tot die Godsvolk.*

Die volk self het geen kousatiewe krag nie, nóg om die messiaanse gebeure te laat aanbreek nóg om Godsvolk te wees. Israel word as *Godsvolk gereken* en bly Godsvolk alleen deur die vrymagtige daadkrag van God soos verwerklik in die koms van Christus as lig van die volk en in die sterwe van Christus ter wille van die verlossing van die volk.

4. *Die aard van die Messiaanse Godsvolk Israel.*

- a. Israel is en bly as histories-etniese volk Godsvolk. Daar is geen individualisering en geen vergeesteliking van Israel nie.
- b. Israel is egter 'n histories-etniese volk wat in sondeverlorenheid verkeer.
- c. Daarom is Israel as Godsvolk in sy messiaanse gestalte 'n gesuiwerde, na binne verengde, etnies-historiese volk, en nie die volk na sy empiriese verskyning en

omvang nie. Die ^[122] volk na sy empiriese voorkoms staan onder die oordeel, nie die verwerping nie, van Jesus Christus. Die van sonde verlose gesuiwerde deel van die volk vorm die ware volk, is Godsvolk,

d. In concreto is dit die 'am haarez veel eerder as die geestelike leiers van die volk.

5. *Die beginsel van verenging.*

Die suiwering van die volk geskied deur die soendood van Christus *vir diegene* wat gehoor gee aan Jesus Christus, in Hom glo, hul sondeverlorenheid beseef en bely, hulle bekeer, hul bekering beseël deur die doop, aan God die eer gee.

6. *Die primêre doel en betekenis van die messiaanse heil vir die volk.*

Nie die vrye nasionale bestaan van die histories-etniese volk nie, ook nie die geestelike verlossing van 'n geestelike Israel nie, maar die geestelike verlossing van die histories-etniese volk Israel (soos vereng tot sy bekeerdes, gelowiges) van die mag van die sonde en die gevolge van die sonde, siekte, oordeel en dood — tot verheerliking van God.

7. *Israel as Godsvolk en die komende universalisme.*

Ook by die verwerkliking van die messiaanse gebeure word die feit dat alles geskied ter wille van die volk Israel as Godsvolk nie gesien as in teëstelling en in stryd met die universele betekenis wat die gebeure sal hê en reeds het nie.

[123]

§ 3. **By die vestiging van die kerk — Handeling.**

Inleidend 124. 1. In die vroegste prediking van Petrus aan die Palestynse Jode 125. (i) Na die Pinksterwonder 125. (ii) In die tempel 127. (iii) Voor die Joodse Raad 129. Samevatting 130. 2. In die vroegste prediking van Petrus aan die heidene (Cornelius c.s.) 132. Samevatting 134. 3. In die vroegste prediking van die "heidenapostel" Paulus aan die diaspora-Jode 135. Samevatting 138. 4. In die uitsprake by die Apostelkonvent 139. Samevatting 141. Besluit 142.

Wanneer die apostels na die uitstorting van die Heilige Gees begin met hulle openbare optrede en prediking, het die openbaringsgeskiedenis 'n besliste nuwe fase betree. Met die uitstorting van die Heilige Gees is hulle volgens Jesus se belofte "toegerus met krag uit die hoogte" en kom daar 'n einde aan die tyd wat hulle hul in Jerusalem moes stil hou op Jesus se bevel (Luk. 24:49). Nou moet begin word met die prediking en vestiging van die kerk van Christus volgens sy bevel (Matth. 28:19 par.). Maar ook die agtergrond waarteen hulle prediking moet geskied, is totaal anders: Die volk aan wie hulle vroeër die evangelie moes uitdra (Matth. 10), het intussen die Christus gekruisig; die opgestane Christus het Homself uitdruklik verklaar as Koning van die *wêreld* en hulle uitgestuur as apostels na *alle nasies* (Matth. 28:18-19);¹²¹ die Heilige Gees is uitgestort op so 'n wyse dat die universele aard van sy werking onmiskenbaar aan die lig getree het. Wat sal dan nou by die vestiging van die kerk die verhouding wees van hierdie volk Israel tot die messiaanse Godsvolk?

Die openbaring rakende ons probleem in hierdie periode kom hoofsaaklik voor in die prediking van die apostels soos vervat in die verskillende toesprake in Handeling. Hierdie toesprake verteenwoordig verskillende stadiums in die vestiging van die kerk en in ooreenstemming hiermee word agtereenvolgens aandag gegee aan: eerstens die vroegste prediking van Petrus aan die Palestynse Jode, tweedens die vroegste prediking van Petrus aan die heidene (Cornelius c.s.) en derdens die vroegste prediking van Paulus aan die

¹²¹ Sien behandeling by hf. IV, § 1, p. 261 e.v.

Diaspora-Jode. Daarna volg 'n behandeling van die uitsprake by die sg. Apostelkonvent. Aangesien die onderskeie toesprake tot verskillende stadiums in die vestiging van die kerk behoort, sal daar aan die einde van die behandeling van elkeen 'n samevatting van die gegewens gegee word om vergelyking te vergemaklik.

[124]

Die besluit by hierdie paragraaf sal, omdat die materiaal dan reeds herhaaldelik saamgevat is, net bepaal in hoeverre die gegewens van die toesprake met mekaar ooreenstem of van mekaar verskil.

1. *In die vroegste prediking van Petrus aan die Palestynse Jode.*

(i) Van kardinale belang is die eerste prediking van Petrus direk *na die Pinkster-wonder*, in *Hand*, 2:22-40. Nadat hy in vss. 14-21 hom toegespits het op verklaring van die Pinksterwonder, begin Petrus in vs. 22 met sy eintlike algamene prediking.

Wat dadelik opval, is dat reeds die eerste prediking gerig word tot die volk Israel. Sy openingsformule is "ἄνδρες Ἰσραηλιταί", (vs. 22). Ook in vs. 36 bevestig Petrus dat sy woorde aanspraak maak op die hele volk Israel: "Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet..." Nieteenstaande die duidelike universele aard van die voorafgaande gebeure, die talewonder, en selfs die kosmopolitiese aard van die skare voor hom, rig Petrus hom in sy eerste prediking tot die volk *Israel* en wel die *hele volk* Israel, soos verteenwoordig deur die aanwesige Israëliete. In sy aanspreekformule rig Petrus hom tot die volk as die volk van die verbond.¹²² En vs. 36 toon met die woorde "die hele huis van Israel" dat die prediking bedoel is vir die *histories-etniese* volk in sy hoedanigheid as verbondsvolk.¹²³ Die prediking word gerig tot Israel, en die persone uit Israel wat teenwoordig is, word nie maar as blote individue nie maar as lede van 'n volk, selfs as verteenwoordigers van die volk, gesien.

Die kruisiging van Jesus deur die volk word onverbloemd beklemtoon (vss. 23 en 36) — en tog word dit nie as onvergeeflike daad van die volk beskryf nie: op die beangste "Wat moet ons doen, broeders?" (vs. 37) van die volk verkondig Petrus hoop aan die volk. Daar is hoop vir Israel langs die weg van bekering en doop tot vergewing van sondes (vs. 38). Die volk word nie as 'n inherent welgevallige volk vir God besien (soos by die Judaïsme) sodat dit hulle heil waarborg nie, maar tog bly die hoop vir Israel, die sondige volk, bestaan langs die weg van sondevergifnis en bekering.

Wat is die grond vir hierdie hoop? Op grond waarvan kan die volk Israel verseker word van genade? Op grond van *die belofte van God!* Die belofte van God is in Joël 3:1-5¹²⁴ [125] gegee vir die volk Israel en — daarom is daar nog steeds hoop vir die volk, "want die belofte kom aan julle toe en julle kinders" (vs. 39): "Julle en julle kinders", d.i. die geslagtelike lyn van die volk Israel. *Die belofte is gegee, en hou daarom onwankelbaar stand, vir die volk in sy geslagte.* Die belofte van God dat die Heilige Gees uitgestort sal word op die hele Israel, gaan nou in vervulling vir die volk — maar *vir die volk in sy bekeerdes wat God deur vergifnis van sondes na Hom sal roep* (vs. 39).

Nou — ná en ondanks die kruisiging, ondanks en in skerp kontras met die selfvervloeking

¹²² Sien hf. I, § 4, p. 79.

¹²³ Sien hf. I, § 4, pp. 69-70.

¹²⁴ Volgens die B.H. In die Air. vert. Joël 2:28-32. In hierdie antwoord van Petrus gaan dit in aansluiting by *Hand*. 2:14-21 oor die ontvangs van die Heilige Gees. Die "belofte" is daarvan spesifiek dié in die Profeet Joël en nie (of nie in die eerste plek) die verbondsbefoete aan Abraham soos o.a. Calvin dit verklaar nie — I. Calvinus: *In Acta Apostolorum commentarii, I. Calvini in N.T. commentarii. Ad editionem Amstelodamensem, Vol IV, Berolini, ongedateer, 46-47.*

van die volk oor "ons en ons kinders" (Matth. 27:25) — gaan die belofte van God in vervulling vir "julle en julle kinders".

Hierdie selfde belofte, sê Petrus, wat vir die volk Israel die Heilige Gees belowe, verseker juis, — net soos die verbond met Abraham (vgl. Hand. 3:25) — reeds in die Ou-Testamentiese tyd dat die heilsgawe uitgebrei sal word na "almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep" (vs. 39): eers vir die volk Israel en dan ook vir die heidennasies; die een sluit die ander nie uit nie. Hier word die uitbreiding na die heidennasies op soortgelyke wyse as in Joh. 11:52 geformuleer. Dat vs. 29b op die insluiting van die heidene sien en nie op die Jode in verstrooiing nie,¹²⁵ blyk uit die geheel universele uitdrukking in Joel: "my Gees uitstort op alle vlees" (Hand. 2:17) en uit wat Petrus self in Hand. 2:21 sê "elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word".

Aan die einde van Petrus se toespraak voeg Lukas by dat Petrus nog baie ander vermaninge uitgespreek en gesê het: "Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag (γενεα). Op grond van hierdie woorde, terwyl hy γενεα as "volk" verstaan, sê R. Liechtenhan:¹²⁶ "Der Zutritt zum Reich muss darum durch einen Akt der *Desolidarisierung*, der Metanoia gegenüber dem Volk der Messiasmörder erfolgen; es handelt sich also nicht mehr darum, das Volk als Ganzes zu gewinnen, sondern *Einzelne*, einen Rest *aus dem* abgefallenen Volk *herauszurufen*" (my beklemtoning — JCC). [Toegang tot die koninkryk moet dus plaasvind deur 'n daad van desolidarisering, die metanoia teenoor die volk van die Messiasmoordenaars; Dit is nie meer 'n kwessie van die wen van die volk as geheel nie, maar eerder van individue, en 'n oorblyfsel van die afvallige volk] Dit is duidelik dat as dit die betekenis van vs. 40 is, hierdie woorde in direkte teëstelling staan tot die strekking van vss. 22-39. Terselfdertyd is dit baie twyfelagtig of γενεα in die betekenis "volk" dikwels in die N.T. voorkom. Waar dit in uitdrukkinge soortgelyk aan "hierdie verkeerde γενεα" voorkom, het dit klaarblyklik die betekenis "soort mense" of "geslag, d.i. die teenswoordige geslag, tydgenote".¹²⁷ [126] Hierdie oproep kom inderdaad *tot die volk*. Dit is net nog eens by wyse van samevatting die oproep van vss. 38-39 tot die volk om hulle te bekeer van die sondige weg waarop die huidige geslag hom bevind.¹²⁸

(ii) Die Pinksterprediking word opgevolg deur die prediking van Petrus *in die tempel* na die genesing van die kreupel-geborene, *Hand. 3:12-26*. Opvallend is die noue ooreenkoms in opset met die vorige toespraak.¹²⁹

Van belang is weer die openingswoorde: *ανδρες Ισραηλιται* (vs. 12). Petrus spreek in die skare die volk Israel, die verbondsvolk, toe.¹³⁰

En hierdie konkrete etnies-historiese volk Israel heet nog Godsvolk! Die Ou-Testamentiese uitspraak oor die Godsvolk word in vs. 23 van toepassing gemaak op Israel van die hede. "Für diese Tempelpredigt ist charakteristisch, dass in ausdrücklicher Weise als je die Menge der Zuhörer von Petrus als das auserwählte Gottesvolk behandelt wird. Deswegen werden sie in V.12b 'Israeliten' genannt, und deswegen spricht der Redner in V.13a von Gott als 'dem Gott

¹²⁵ Soos o.a. B. Reicke: *Glaube und Leben der Urgemeinde. Bemerkungen zu Apg. 1-7, Abhandlungen zur Theologie des A. und NTs.* 32, 1957, 51, dit verklaar. Hy erken die moontlikheid dat dit universele betekenis het, maar beskou dit dan as 'n inlassing.

¹²⁶ *Mission*, 45.

¹²⁷ Sien hf. I, § 3 onder γενεα PP. 61-62.

¹²⁸ So ook Bauer: *Wörterbuch, γενεα* 2, kolom 305.

¹²⁹ Vir die eendersheid van opset van Petrus se toesprake vgl. o.a. Reicke: *Glaube und Leben*, 38 e.v.; C.H. Dodd: *De apostolische prediking en haar ontwikkelingsgang. Drie lezingen met een bijvoegsel over "Eschatologie en geschiedenis"* (vertaal deur H. C. Dirkse-Bresters), ongedateerd (in Engels: 8th impr. 1956), 24-28; H. Ridderbos: *The speeches of Peter in the Acts of the Apostels*, 1962, 10-12.

¹³⁰ Sien hierbo p. 125.

unserer Vater'.¹³¹ [Dit is kenmerkend van hierdie tempelpreek dat, meer eksplisiet as ooit tevore, die skare luisteraars deur Petrus behandel word as God se uitverkore volk. Daarom word hulle in v.12b 'Israëliete' genoem, en daarom spreek die spreker van God as 'die God van ons vaders' in v.13a.]

Die histories-etniese volk Israel word gehandhaaf as Godsvolk — ook na die kruisiging van die Messias deur die volk. Wat meer is: te midde van onverbloemde en onversagte benadrukking dat Jesus deur die volk gekruisig is; die vergaderde skare as verteenwoordigers van die volk Israel word onomwonde verantwoordelik gehou vir die kruisiging van Jesus (vss. 14, 15), wat gedoen is deur die volkverteenwoordigende skare wat by die kruisiging aanwesig was.¹³² "Julle" het Hom "oorgelewer", "verloën" (twee keer), "gedood". Niteenstaande hierdie aanklag teen die volk Israel word hulle kruisiging van die Messias nie as onvergeeflike daad gesien, selfs nie die aandeel van die owerstes van die volk nie. Die volk en die owerstes het die daad gepleeg "κατα αγνοιαν" "in onwetenheid" (vs. 17), d.i. onwetenheid in juridiese sin: die daad is gepleeg sonder dat die skuldige die werklike betekenis van sy oortreding besef het.¹³³ Hulle is skuldig aan die daad, maar hulle het nie besef dat hulle werklik die Messias, die Kneeg van die Here, die Seun van God, hulle Verlosser gedood het nie. Hierdie uitspraak van Petrus lê in een lyn met en staan as Goddelike vervulling van Jesus se bede in Luk. 23:34: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie".¹³⁴ Die volk is nie verwerp nie ondanks hulle kruisiging van Jesus Christus, daar is hoop vir Israel.¹³⁵ In aansluiting hierby moet gewys word op die belangrike uitspraak van die Jerusalemse ^[127] gemeente in *Hand. 4:21*, waar die heidene (heidennasies) saam met Israel verantwoordelik gehou word vir die kruisiging.¹³⁶ Hiermee tree aan die lig 'n oortuiging van die vroegste kerk wat gegrond is in die profesie van Jesus self (Mark. 10:33 par.), en wat ook deur die Evangeliste duidelik uitgespreek is.¹³⁷ Die kruisiging word dus gesien as 'n daad van die hele mensdom. Daarom kan die kruisiging beswaarlik oorsaak wees dat Israel vervang sou word deur die heidennasies.

Hoop vir Israel as volk beteken egter nie hoop vir alle Israëliete nie, maar hoop vir dié Israëliete wat hulle bekeer. Daar is hoop vir Israel langs die weg van bekering en ommekeer, wat sal bring tot uitwissing van hulle sondes (vs. 19). Die hoop vir die volk Israel beteken hoop vir 'n na binne verengde volk, vereng tot diegene wat hulle bekeer en kom tot geloof in Jesus Christus en van wie die sondes uitgewis sal word.

Dit bring ons by wat vir ons doel die Swaartepunt van Petrus se toespraak is, nl. 3:23: "En elke siel wat nie na die Profeet luister nie, sal uit die volk (εκ του λαου) uitgeroei word". Hierdie profesie van die O.T., sê Petrus, het nou in vervulling gegaan: Jesus Christus is dié Profeet. Dit was wel uit onwetenheid dat julle Hom gedood het (vs. 17), maar daarna het God Hom as die Profeet geopenbaar deur Hom uit die dode op te wek, en daarvan getuig ons nou aan julle (vs. 15). Daar is dus nou geen sprake meer van onwetenheid nie, nou moet julle jul bekeer, nou moet julle glo in dié Profeet, want "elke siel wat nie na die Profeet luister nie, sal uit die λαος uitgeroei word". Elkeen van julle, Israëliete, wat hom nie bekeer en nie glo in Jesus Christus nie, sal uitgeroei word uit die λαος, terwyl die λαος behou sal word.

¹³¹ Reicke: *Glaube und Leben*, 68.

¹³² 'n Bevestiging dat λαος in Matth. 27:25 die skare as verteenwoordigend van die hele volk aandui! Sien hf. II, § 2, pp. 119-120.

¹³³ Vgl. R. Bultmann: αγνοια, TWNT I, 118-119.

¹³⁴ Sien hf. II, § 2, p. 119.

¹³⁵ Vgl. Reicke: *Glaube und Leben*, 69-70.

¹³⁶ Sien hf. I, § 1, pp. 25-26.

¹³⁷ Sien hf. II, § 2, p. 119.

En — die λαος is hier die werklike, histories-etniese volk Israel in sy hoedanigheid as messiaanse Godsvolk!¹³⁸ Elke persoon wat nie glo in Jesus Christus nie, sal "uitgeroei" word uit die histories-etniese volk Israel om so die volk te bring tot sy suiwere gestalte as Godsvolk. Nie diegene wat glo, sal afgesonder word van die histories-etniese volk as 'n sondige eenheid wat verwerp word, om buite die volk 'n ander λαος, die Godsvolk, te vorm nie. Die volk bly behoue, maar word gesuiwer van die individuele ongelowiges (ongegag wie die meeste is!). Die ongelowiges is die individue, die gelowiges die volk in sy hoedanigheid as Godsvolk. Die van sy ongelowige lede gesuiwerde, histories-etniese volk Israel sal nou, ook na die kruisiging van die Messias, messiaanse Godsvolk wees.

[128]

Die histories-etniese volk Israel vereng tot sy bekeerde gelowiges is die messiaanse Godsvolk! Nie die volk in sy bloot empiriese verskyning nie en ook nie maar losse individue los-geruk uit die volk nie! Allermens is hier sprake van 'n algehele verwerping van Israel.

Hierdie volgehoue posisie van die volk Israel as Godsvolk vind vir Petrus sy *grond in die verbond van God met Israel*. Israel bly Godsvolk want "julle (sterk beklemtoon) is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het" (vs. 25). Die verbond van God hou stand. En hierdie verbond is die verbond wat God *met Abraham* gesluit het. Israel was en bly Godsvolk volgens die verbond van God met die vaders, met Abraham. God het nou in Jesus Christus sy verbondsbefoete in vervulling laat gaan en "vir julle (Israel!) eerste het God... Hom gestuur as 'n seën vir julle (letterlik "seënende julle")" (vs. 26). Jesus is opgewek en gestuur as 'n seën (eerste) vir Israel! Dan nie maar as 'n voorwaardelike aanbod van seën *as hulle hulle bekeer nie*, maar as 'n werklike effektiewe seën "*deur* elkeen te bekeer van julle booshede", "εν αποστρεφειν" Seënend bring Jesus Israel tot bekering en bied nie maar net 'n seën vir Israel aan as hulle hul sou bekeer nie. *Die behoud van Israel is vas en seker deur die seën in Jesus ter vervulling van die verbond met Abraham*.

Voorts toon Petrus aan dat juis hierdie verbond met Abraham waarvolgens Israel gehandhaaf bly as Godsvolk, die versekering inhou dat uiteindelik ook alle nasies ingesluit sal word. Die verbond met Abraham waarvan "julle kinders (is)", lui inderdaad ook "En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word" (3:25). Daar is, sê Petrus, in die verbond met Abraham geen teëstelling tussen die seën vir die volk Israel en die belofte van 'n universele seën nie. Juis die verbond met Abraham waarin God Israel verkies het as sy volk, verseker dat in die saad van Abraham die heil tot alle nasies sal uitgaan. Die verbond met Abraham wat nou in vervulling gegaan het (vs. 26), ken alleen, maar ken ook wel, 'n πρωτον, 'n "eers" en hou volgens die belofte 'n "daarna ook" in: "God het Hom eers vir julle gestuur om julle te seën" (vs. 26). In ooreenstemming met die verbond tree die ryke seën in die Saad Jesus Christus eerste vir Israel in, en — dit word onmiskenbaar geïmpliseer — daarna ook vir alle nasies.

(iii) In die kort *antwoord van Petrus aan die Joodse Raad in Hand 5:9-32*, word verskeie belangrike sake belig.

Wanneer die Joodse Raad die apostels verwyd dat hulle ^[129] "die bloed van hierdie Man op ons (wil) bring", sou dit die ideale geleentheid vir Petrus wees om hulle eie woorde by die kruis hulle toe te voeg, om te sê: Julle het self gesê: "Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom" (Matth. 27:25). Maar hoe anders is sy woorde! "Die God van ons vaders het Jesus opgewek... om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk" (vss. 30, 31). Die Jesus wat deur Israel omgebring is, is deur die God van ons — *julle* en my — vaders, die Verbondsgod, opgewek en verhoog om aan Israel, aan die Verbondsvolk verlossing te skenk.

¹³⁸ Vir die betekenis van λαος in hierdie teks sien hf. I, § 1, p. 26.

Die opgestane Christus skenk aan die volk Israel bekering en sondevergifnis. Veral drie sake val hier op: eerstens, bekering en sondevergifnis word geskenk *aan die volk*, nie maar aan individue nie; tweedens, *Christus* skenk die bekering en sondevergifnis; derdens, die sondevergifnis vir die volk Israel word onvoorwaardelik en seker gestel.

Dit is besonder opmerklik dat hier gespreek word van 'n bekering van die *volk*. Uit die ondubbelsinnige getuienis van Petrus beteken bekering steeds persoonlike bekering by elke mens (vgl. o.a. Hand. 2:38; 3:19, 23; 3:26) en is daar nie so iets soos 'n korporatiewe bekering van die volk as 'n eenheidsweese nie. Maar hierdie uitspraak van Hand. 5:31 toon dat die persoonlike bekering nie losstaan en losgedink word van die volk nie. Jesus bekeer die volk en nie individue uit die volk (Liechtenhan) nie.

Maar ook by hierdie bekering van die volk Israel is daar geen selfwerkzaamheid van die volk nie. Ook hier het die volk in homself, of die lidmaatskap aan die volk, geen kousatiewe krag tot redding nie. Jesus Christus bekeer die volk. Hy *skenk* bekering.

Hier, soos in Hand. 3:26, word die verlossing van Israel nie voorwaardelik gestel nie. Israel sal nie verlos word *as* die volk hom bekeer en dus verwerp word *as* die volk hom nie bekeer nie. Israel *sal* sondevergifnis ontvang, omdat Jesus Christus Israel *sal* bekeer.

Samevatting.

(i) *Die aard van die messiaanse gebeure.*

- (a) Die vroegste prediking van die apostels is gerig tot Israel as volk.
- (b) Kruisiging, opstanding, hemelvaart en uitstorting van die Heilige Gees het geskied as seën vir Israel. Daarom word ^[130] verlossing vir die volk Israel gepredik.
- (c) Die bekering en sondevergifnis is inderdaad as seën vir die volk Israel toebedeel.

(ii) *Die posisie van Israel as Godsvolk.*

- (a) Israel bly verbondsvolk en as sodanig Godsvolk.
- (b) Die kruisiging van Jesus deur Israel word nie gesien as die oorsaak vir 'n verwerping van Israel nie.
- (c) Die behoud van die volk Israel langs die weg van sondevergifnis word nie voorwaardelik gestel nie. Israel bly nie behoue *as* die volk hom bekeer nie (en dus verwerp *as* die volk hom nie bekeer nie), maar die behoud is vas en seker, omdat Jesus Christus die volk bekering skenk.
- (d) Die duidelik aangekondigde komende universalisme sal nie vir Israel sy plek ontnem nie. In ooreenstemming met die verbond met Abraham en Gods beloftes kom die messiaanse seën eerste tot Israel en daarna word óók die heidennasies ingetrek in die seën.

(iii) *Die grond daarvoor dat Israel Godsvolk is en bly en ,i, toehorigheid tot die Godsvolk.*

Die volk self het geen kousatiewe krag vir sy verlossing of sy behoud as Godsvolk nie. Die enigste grond is die vrye genadegawe van God in Jesus Christus as vervalling van die verbond met Abraham, wat gehandhaaf bly.

(iv) *Die aard van die messiaanse Godsvolk Israel.*

- (a) Israel bly as histories-etniese volk Godsvolk.
- (b) Israel is messiaanse Godsvolk nie in sy bloot empiriese omvang nie maar as 'n na binne verengde volk Israel,

(c) In die gelowiges uit die volk bly die volk behoue as Godsvolk, terwyl die ongelowiges die individuë is wat uitgeroei word uit die volk.

(v) *Die beginsel van verenging.*

Die verenging geskied volgens die eis van geloof in en bekering tot Jesus Christus beseël deur die doop: die gawe van sondevergiftig deur Jesus Christus vir diegene wat hulle bekeer en vir die onbekeerdes die straf van afsnyding van die volk.

[131]

2. In die vroegste prediking van Petrus aan die heidene (Cornelius c:s.) — Hand. 10:34-43.

Hand. 10 en 11 verhaal die begin van 'n belangrike nuwe fase in die openbaringsgeskiedenis: die eerste doelbewuste en doelgerigte prediking aan mense van die heidennasies, die oomblik van die uitbreiding van die evangelieverkondiging buite die grense van Israel.

Die gebeure word in Hand. voorafgegaan deur die verkondiging onder die Samaritane (8:1-25) en aan die ευνουχος van Ethiopië (8:26-39). Die Samaritane was egter besnedenes en half-Jode en nie heeltemal gelykgeskakeel met die εθνη nie. Dit kom in Hand. duidelik uit in 1:8 en blyk ook uit die feit dat Petrus wel in Samaria met vrymoedigheid opgetree het (8:10 e.v.), maar in Hand. 10 huiwer hy om tot die εθνη te gaan. Die feit dat die Ethiopiër 'n Jesaja-rol besit, terwyl die Heilige Boeke nie in die hande van nie-Jode mog beland nie, dui daarop dat hy niteenstaande sy onreine staat, egter wel 'n vol-proseliet was. Cornelius en sy huis was egter wel "Godvresendes" (10:2) maar nie besnedenes nie en daarom geen Jode nie. In ieder geval vind ons in Hand. 10:34-43 die eerste weergawe van prediking tot die εθνη en word in Hand. dié gebeure geteken as die groot oorgang van die evangelie tot die εθνη (vgl. 10:45; 11:18).

Petrus lewer hier sy eerste prediking tot die εθνη. Sy vorige toesprake was gerig tot Israel, "the speech in Acts 10, on the other hand, especially opens the door to the Gentiles".¹³⁹ Die universele karakter van die messiaanse heil staan hier voorop en vorm die tema van die prediking: vs. 35 "in elke nasie"; vs. 36: "Hy is die Here van almal"; vs. 43: "elkeen wat in Hom glo". Onomwonde stel Petrus die universaliteit van die verlossing in Christus.

Maar — en dit is die eerste wat in hierdie hoofstukke 10 en 11 opval — *die Here moes Petrus hiertoe dwing*. Hy wou nie mense van 'n ander volk tot die geloof bring nie; hulle kon nie terwyl hulle buite Israel bly, binne die Godsvolk kom nie.¹⁴⁰ Al het hy self vantevore daarvan getuig,¹⁴¹ moes God hom tot die werklike daad dwing deur 'n besondere openbaring (10:9-20). Dit getuig Petrus self met die woorde waarmee hy sy toespraak inlei: επ' αληθειας καταλαμ βανομαι... (10:34). Dit is 'n besonder sterk uitdrukking: in die woord λαμβανω lê die gedagte van 'n kragdadige grype opgesluit.¹⁴² Met die byvoeging κατα — "urspr. von oben bis unten also vollständig"¹⁴³ [oorspronklik van bo na onder so volledig] — word benadruk dat wat met geweld gebeur, ook ten diepste deurdring. G. Dellings¹⁴⁴ vertaal [132] καταλαμβανομαι by hierdie vers: "gründlich erkennen, sich innerlich zutiefst. aneignen". [om deeglik te herken, om diep binne te verkry] Hierby voeg Petrus nog die bekragtigingswoord επ' αληθειας: Dit het

¹³⁹ Ridderbos: *Speeches*, 12.

¹⁴⁰ Sien ook hf. IV, § 2, pp. 272-274.

¹⁴¹ Hand. 2:39; Hand. 3:25.

¹⁴² Vgl. Liddell & Scott: *Lexicon*, 1026; G. Dellings: λαμβανω. TWNT IV, 5.

¹⁴³ Dellings: TWNT, IV, 10.

¹⁴⁴ Idem.

waarlikwaar absoluut tot my deurgedring. Dit was as 't ware met 'n groot skok dat Petrus ten ene male begryp het dat ook mense behorende tot ander nasies, gered kan word. — *So vas en sterk was by Petrus tot op hierdie tydstip die wete: Israel as volk is die Godsvolk!*

Nóú is Petrus, egter deur God self oortuig dat die heil nie eksklusief beperk is tot Israel nie, maar vir elke nasie bedoel is. Die heil is universeel, d.w.s. dit geld vir elke nasie. Dit is die vir hom amper skokkende waarheid, waarvan Petrus op dié stadium ten diepste bewus geword het. Dit is nouliks te verwag dat hy onder sulke omstandighede waar hy hom tuis tot die heidene rig, veel oor die volk Israel, sal sê.

Teen dié agtergrond is dit besonder opvallend dat die volk *Israel so sterk op die voorgrond* tree in hierdie toespraak van Petrus.

Nadat Petrus in 10:34, 35 sy oortuiging aangaande die universele heil uitgespreek het waartoe God se openbaring aan hom hom gebring het, toon hy in vs. 36 e.v. aan dat God dit ook wel tevore in Jesus Christus so bekend gemaak het. Vers 36 stel dit kernagtig en vss. 37-43 brei daar uitvoerig op uit. Vers 36: Deur Jesus Christus het God die evangelie verkondig. Jesus is Here, Koning oor almal — die inhoud van die evangelie was universeel, maar Jesus is *na* die volk Israel gestuur om *aan Israel* die evangelie bekend te maak. Ook wanneer hy aantoon dat die evangelie volgens Gods wil universeel is, beklemtoon Petrus die prominente plek wat die volk Israel as volk van die verbond¹⁴⁵ volgens die Raad van God in die geskiedenis van die openbaring beklee.

Veral in vss. 40-42 kom Petrus, breedvoeriger hierop terug: toe Jesus opgewek is, het Hy volgens ordinansie van God verskyn, nie aan die hele volk nie, maar net aan die apostels. Sy bevel aan hulle, die bevel van die opgestane Christus die Here, die Koning was: gaan verkondig dit aan die volk, die λαός. Die evangelie moes ook na die opstanding verkondig word aan die volk Israel as Godsvolk.¹⁴⁶ Die inhoud van die evangelie aan Israel moes wees: Jesus is Koning oor almal, Alle mense is die onderdane van Jesus Christus. Ons het hier waarskynlik 'n verwysing van Petrus na Jesus se woorde by sy verskyning soos beskryf in Matth. 28:18-20; Mark. 16:15; Luk. 24:47 waaruit enersyds blyk dat Jesus die apostels¹³³ gestuur het na Israel sonder om die ander nasies uit te sluit; hulle gestuur het om te begin by Israel en dan ook uit te gaan tot die ander nasies; en waaruit andersyds blyk dat Jesus Homself geopenbaar het as universele Koning sonder om die volk Israel uit te sluit.

Dit is die deur Israel gekruisigde en opgestane Christus wat die apostels gestuur het na die volk Israel. Petrus beklemtoon weer eens die kruisiging van die Christus deur die Jode (vs. 39), maar getuig dat die opgestane Christus geen verwerping van Israel as Godsvolk vanweë die kruisiging ken nie: Hyself het hulle immers na Israel, die Godsvolk, die λαός gestuur.

In hierdie toespraak, vss. 40-42, van Petrus val ook belangrike lig op die roeping van die apostelkring deur Jesus.¹⁴⁷ Dit was nie 'n breke van Jesus met die volk Israel nie, maar 'n doelbewuste beperking tot die dissipelkring as getuies om deur hulle die hele volk Israel as Godsvolk te bereik. Dit was nie die begin van die vorming van 'n ander geestelike Israel nie, maar die roeping van 'n kern van Israel, die eerstelinge van die gelowiges uit Israel, geroep met die doel om die hele volk te bring tot die geloof.

¹⁴⁵ Sien hf. I, § 4 onder Ισραηλ, p. 79.

¹⁴⁶ J. Munck wys tereg op die belangrike plek wat aan die volk Israel in die rede toegeken word, maar gaan te ver as hy sê dat Petrus dit baie duidelik maak "dass das Evangelium *allein* für Israëel ist" (my beklemtoning — J.C.C.) — *Paulus und die Heitsgeschichte, Acta Jutlandica, Aarsskrift for Aarhus Universitet XXVI, 1, Theologisk Serie 6, 1954, 223.*

¹⁴⁷ Sien hf. II, § 2, pp. 108-111.

Samevatting.

(i) *Die aard van die messiaanse gebeure.*

- (a) 'n Kardinale verskil tree in: dié evangelie gaan nou werklik uit ook tot die heidennasies en hulle word nou werklik ook ingesluit in die messiaanse heil.
- (b) Ook aan die heidene word egter verkondig dat die opgestane Christus sy getuies gestuur het na die volk Israel.

(ii) *Die aard van die messiaanse Godsvolk.*

- (a) Die gelowiges uit die εθνη word nog nie direk Godsvolk genoem nie, maar dit word geïmpliseer.
- (b) Daar is egter geen sprake van inlywing in Israel nie.
- (c) Die Israel wat hier λαος, Godsvolk heet, is nog die histories-etniese volk Israel.

(iii) *Die posisie van Israel as Godsvolk.*

- (a) Baie sterk tree aan die lig Petrus se oortuiging tot vóór hierdie tydstep dat Israel nog steeds Godsvolk was.
- (b) Ook nou nog wanneer die evangelie uitgaan na die εθνη, heet Israel λαος, Godsvolk.
- (c) Ook hier word betuig dat die kruisiging nie verwerping van Israel beteken het nie. [134]
- (d) Die uitgaan van die evangelie na die heidene, die verlossing van die heidennasies volg nie op 'n vooraf vereiste breuk met Israel nie.

3. *In die vroegste prediking van die "heidena­postel" Paulus aan die Diaspora-Jode — Hand. 13:15-48.*

Hand. 13 beskryf die daadwerklike uitsending van Paulus (saam met Barnabas) vir die taak waartoe God hom geroep het en dan sy eerste prediking ter vervulling van die opdrag in die sinagoge van Antiochië in Pisidië.

Paulus, die sg. heidena­postel, vang sy groot werk in die vreemde aan deur vir die Jode, vir Israel in die verstrooiing te predik. Is dit die optrede van 'n man wat deur openbaring van Godswē oortuig is dat Israel verwerp is as Godsvolk en dat daar nou 'n ander nuwe Godsvolk in die plek van Israel vergader moet word uit die heidennasies? Dit is net moontlik as Paulus aan die Diaspora-Jode veroordeling en verwerping van Israel predik en as die inhoud van sy prediking dus radikaal verskil van die prediking vanaf Johannes die Doper tot by Petrus in Hand. 10.

In hierdie rede van Paulus val in die eerste plek op dat Paulus ook hier onder die Diaspora-Jode en nietaenstaande die aanvang van die heidenprediking die Jode net so aanspreek soos Petrus in Palestina voor die heidenprediking gedoen het: ανδρες Ισραηλιται (vs. 16). Die prediking kom tot die Diaspora-Jode as lede van die volk van die verbond. Hulle is nie maar kleurlose individue vir Paulus nie, maar lede van 'n volk, van dié verbondsvolk wat ook nou nog "Israel", die Verbondsvolk, is.

En die prediking kom tot hulle nie alleen as Israeliete nie maar ook as λαος, as Godsvolk (vs. 17). Die owerste van die sinagoge het hulle λαος genoem (vs. 15), Paulus het hulle Ισραηλιται genoem (vs. 16), en nou verwys Paulus in aansluiting daarby na hulle as ο λαος ουτος Ισραηλ, "hierdie volk Israel". Die ουτος verbind ο λαος Ισραηλ direk en pertinent aan ανδρες Ισραηλιται. Hierdie Jode is lede van die volk Israel, wat nog Godsvolk is en heet.

Hierdie Israëliete word nie alleen aangespreek as λαος in die hede nie, hulle word ook direk verbind aan die λαος van die O.T.: "Die God van hierdie λαος Israel het ons vaders uitverkies en die λαος verhoog..." (vs. 17). Daar is direkte ononderbroke kontinuïteit tussen die λαος Ισραηλ van die O.T. en die λαος Ισραηλ van die Nieu-Testamentiese tyd na die kruisiging. En die band: *die natuurlike geslagslyn*. "Hierdie λαος " ^[135] is verbind aan die Ou-Testamentiese λαος deurdat die destydse λαος "ons vaders" is. Die ononderbroke lyn tussen die Ou-Testamentiese Godsvolk Israel en die Nieu-Testamentiese Godsvolk Israel in die hede is die geslaglyn vanaf "die vaders" na "ons, hulle kinders" (vs. 32). Die huidige Israel is as "kinders van die geslag van Abraham"¹⁴⁸ (οἱ τοῦ γένους Αβραάμ — vs. 26)¹⁴⁹ die Godsvolk Israel. Sterker as dit kan die histories-etniese, die konkreet volkse aard van die Israel wat ook in die tyd van Paulus Godsvolk is, nie uitgedruk word nie.

Sy prediking is gerig aan die Jode as deel van die Godsvolk Israel. Dit, sê Paulus, was ook die opdrag van Jesus na sy kruisiging aan sy apostels en die bewuste bedoeling van die twaalf apostels: "hulle is sy getuies by die volk" — na sy dood en opstanding (vs. 31). As betreklike voornaamwoord word hier οἱτινες gebruik: dit was die besondere kenmerk van hierdie mense dat hulle getuies van Christus by die volk Israel is.

Nie alleen word die prediking gerig tot die volk Israel nie, maar dit is ook na inhoud 'n evangelie, 'n blye boodskap vir die volk, en nie 'n boodskap van veroordeling nie (vs. 32). Wat gepredik word, is *verlossing* vir die volk Israel. Vers 23 sê: uit die nageslag van Dawid het God self Jesus as Verlosser gebring (αγω) *vir Israel*, en wel "volgens die belofte". God het sy belofte gestand gedoen. Hy het ter vervulling van sy belofte aan Dawid Jesus as Verlosser gegee vir die volk van die verbond, vir Israel — *Jesus is gehore as Verlosser vir Israel volgens Gods verbondsbelofte*. Maar meer nog: ook na sy kruisiging deur die volk — 'n daad wat onverbloemd gehandhaaf word (vss. 27-29) — is *Jesus vir die volk Israel, opgewek volgens Gods belofte* (vs. 32). Ook na die kruisiging — wat, terloops, deur Paulus net soos deur Petrus (Hand. 3:17)¹⁵⁰ as 'n daad gebore uit onwetendheid, beskryf word (vs. 27) — wêk God Jesus op as vervulling "aan ons, hulle kinders" van die belofte wat gegee is "aan die vaders", dit is aan Israel van die Ou-Testamentiese tyd. Wat in Christus gebeur het, is 'n vervulling vir Israel van die hede van die Ou-Testamentiese beloftes wat God gegee het aan Israel van destyds.

Die verbondsbelofte vir die geslag van Abraham loop deur vanaf die Israel van die O.T. in die geslagte, d.i. van die natuurlike vaders op die natuurlike kinders, tot op Israel van die tyd na Christus Jesus se dood en opstanding en word juis aan die Israel van die hede vervul!

Helder belig Paulus die ooreenkoms tussen die prediking ^[136] van Johannes die Doper, die werk van Christus, die taak van die apostelkring, die daadwerklike prediking van Paulus self en die doel van God met dit alles: Johannes verkondig "aan die hele volk van Israel" (vs. 24); Jesus se verlossingswerk is vir Israel (vs. 23); die taak van die apostels is om getuies te wees aan die volk (vs. 31); Paulus self verkondig die evangelie aan die ἀνδρες Ισραηλιται (vs. 16) en aan "hierdie volk Israel" (vs. 17); God se doel met dit alles is dat Hy "die belofte wat aan die vaders gedoen is ... aan ons, hulle kinders"¹⁵¹ vervul het deur Jesus op te wêk" (vs. 32).¹⁵²

Kernagtig lê Paulus se prediking by hierdie geleentheid opgesluit in vs. 26: "Broeders,

¹⁴⁸ Vgl. B. Wielenga: *Van Jeruzalem naar Rome. De ontwikkelingsgeskiedenis van de christelijke kerk naar de Handelingen der Apostelen*, 1928, II.

¹⁴⁹ Sien oor hierdie benaming hf. I, § 3, pp. 60-61.

¹⁵⁰ Sien hierbo hf. II, § 3, p. 127. Ook Wielenga: *Van Jeruzalem II*, 64, wys op hierdie ooreenkoms.

¹⁵¹ Die lesing τοῖς τέκνοις ἡμῶν (Nestle) het swak ms.-getuienis. Te midde van vele teks variante staan in elk geval τοῖς τέκνοις vas en is die betekenis duidelik.

¹⁵² Vs. 33 by Nestle.

kinders van die geslag van Abraham, en die onder julle wat God vrees, vir ons¹⁵³ is hierdie woord van verlossing gestuur". Die verlossing is vir Israel, die natuurlike geslag, die volk gebore uit Abraham, aan wie God gesê het dat Hy 'n verbond met hom en sy nageslag sluit. Die verlossing is terselfdertyd ook vir almal wat God vrees, soos die verbond met Abraham betuig dat alle nasies in Abraham se saad geseën sal word.

Aan die einde van sy rede vss. 38-41, getuig Paulus: daar is verenging binne die volk Israel, ook al word Israel as volk verlos. Terwyl die verlossing vir die volk is, is dit alleen vir diegene in die volk wat glo en so die vergifnis van sondes en regverdigmaking deur Christus vir "elkeen wat glo", deelagtig word. Die verlossing is vir Israel as volk, maar terselfdertyd staan die ongelowige Israel voor die moontlikheid van verwerping.

Hier blyk dan ook duidelik dat al is die verlossing vir Israel as volk, die verlossing van lede van die volk nie geskied op grond van etniese toebehore tot die volk nie maar enkel op grond van die genade van God in Christus langs die weg van sondevergifnis en regverdigmaking vir diegene wat glo. Afstamming van die volk waarborg nie, staan nie in kousale verband tot die verlossing nie.

Toe Paulus op versoek van die toehoorders by sy toespraak¹⁵⁴ (vs. 42) die volgende Sabbat weer in die sinagoge is, word hy deur sekere Jode wat jaloers was omdat die heidene ook toegestroom het, heftig teëgespreek. Dat dit nie die Joodse gemeenskap as eenheid was nie, blyk uit vs. 43 waar sprake is van baie Jode wat gelowiges geword het.

Daarop kom Paulus tot die uitspraak: "Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige^[137] lewe nie waardig ag nie — kyk, ons wend ons tot die εθνῆ" (vs. 46). Hiermee word die verkondiging aan die εθνῆ nie afhanklik gestel van 'n voorafgaande verwerping van *Israel* op grond van ongelooft nie. Dit blyk duidelik uit die woord πρῶτον: die "woord van God" moes *eerste* aan die Jode en *dan* noodwendig ook aan die εθνῆ verkondig word; en wel aan die εθνῆ afgesien van die reaksie van die Jode, want dit was, sê vs. 47, 'n positiewe, pertinente opdrag van Jesus self aan die apostels. Hier in vs. 46 is selfs nie sprake van die Jode van Antiochië in die algemeen nie; Paulus spreek alleen tot die Jode wat hom in ongelooft heftig weerspreek het. Daardeur het hulle getoon dat hulle tot 'n vaste beslissing gekom het en nie glo nie. Die ander Jode het ook tot 'n beslissing gekom en glo (vs. 43). Deurdat die Jode in Antiochië finaal besluit het, is Paulus se taak teenoor hulle afgehandel en kan hy tot die ander deel van sy taak in Antiochië oorgaan, nl. die prediking aan die εθνῆ, wat moes *volg* op die prediking aan die Jode wat as lede van die bestaande Godsvolk eerste die woord moes hoor. Daarom gaan Paulus ook steeds in elke nuwe plek weer eerste tot die Jode aldaar. *Eers deur ongelooft sluit Jode hulleself* (εαυτους; — vs. 46) *uit Israel as messiaanse Godsvolk*.

Samevatting.

(i) *Die aard van die messiaanse gebeure.*

- (a) Die apostoliese prediking word eerste tot Israel as bestaande Godsvolk gerig en móét eerste tot Israel gerig word, maar dit word noodwendig daarna ook tot die heidennasies gerig.
- (b) Die prediking word gerig tot die Jode as lede van die *volk* Israel.
- (c) Ook hier word betuig dat al die voorafgaande messiaanse gebeure gerig was op

¹⁵³ Die lesing ημῶν is te aanvaar bo die υμῶν van p⁴⁵ en verskeie mss. van die Koine-tekstipe.

¹⁵⁴ Die lesing van die Hesichiese tekstipe is saam met Nestle te aanvaar bo dié van die Koine-tekstipe wat in Afrikaanse vertaling gevolg is.

Israel *as volk*. Dit het egter ook universele betekenis.

(ii) *Die aard van die messiaanse Godsvolk.*

- (a) Ook hier word die gelowiges uit die heidennasies nog nie direk λαος, Godsvolk, genoem nie, maar hulle word tog ten opsigte van die verlossing volkome op een lyn met die gelowiges uit Israel gestel.
- (b) Ook hier is daar geen sprake daarvan dat hulle ingelyf moet word in Israel om deel te verkry aan die Godsvolk nie. [138]
- (c) Ook hier is die Israel wat Godsvolk heet, nog die histories-etniese volk Israel.
- (d) Redding is vir die volk, tog is daar veroordeling vir die ongelowiges uit Israel. Dus: 'n na binne verengde volk Israel is die messiaanse Godsvolk.

(iii) *Die posisie van Israel as Godsvolk.*

- (a) Ook die "heidenapostel" noem in die heidenwêreld Israel nog λαος, Godsvolk. Die verbond met Israel as volk bly staan en daarom bly Israel ook Godsvolk.
- (b) Ook hier word betuig dat die kruisiging nie die verwerping van Israel as Godsvolk beteken het nie.
- (c) Die verlossing van Israel word nie voorwaardelik gestel en afhanklik gemaak van die *vraag of* Israel hom sal bekeer en glo nie, maar dit word as 'n werklikheid gepredik.
- (d) Ook die uitbreiding van die evangelie na die heidennasies volg nie op 'n vooraf vereiste verwerping van Israel nie, maar in ooreenstemming met die verbond met Abraham en Gods beloftes kom die messiaanse seën eerste tot Israel en daarna ook tot die heidennasies.

(iv) *Die grond vir toebehore tot Israel in sy hoedanigheid as messiaanse Godsvolk.*

Die volk self het geen kousatiewe krag vir die behoud van sy lede persoonlik nie. Die grond is nie etniese toebehore tot die volk nie, maar alleen Gods genade in Christus langs *die* weg van sondevergifnis en regverdigmaking vir diegene in Israel wat glo.

(v) *Die beginsel van verenging van Israel tot sy gestalte as messiaanse Godsvolk.*

Die verenging geskied volgens die eis van die geloof in Jesus Christus: sondevergifnis en regverdigmaking vir die gelowige Israel; oordeel oor die ongelowiges.

4. *In die uitsprake op die Apostelkonvent — Hand. 15:7-17.*

Wanneer aan die einde van Paulus se eerste sendingreis die vestiging van die kerk onder sowel Israel as die heidennasies sy vroegste beslag gekry het, kom die vraag na die verhouding van die gelowiges uit die heidennasies tot die Godsvolk in die brandpunt van belangstelling te staan. Ter beslegting van dié probleem kom die apostels en die gemeente van Jerusalem saam.

[139]

Die formulering van die ware toedrag van sake soos "die Heilige Gees en ons" dit besluit het, kom tot uitdrukking met die woorde van *Hand. 15:14, Simeon* het uiteengesit hoedat πρωτον ο θεος επεσκεψατο λαβειν εξ εθνων λαον επι τω ονοματι αυτου.

Hier word λαος nou losgemaak van sy beperktheid tot een histories-etniese volk: waar λαος vroeër uitsluitend betrekking gehad het op die histories-etniese Israel in sy hoedanigheid as

Godsvolk, dui dit nou hier die gelowiges uit die heidennasies aan.¹⁵⁵) Hierdie vers laat onmiddellik die vraag opkom: wat is nou die verhouding van Israel tot die Godsvolk? Vantevore het dit herhaaldelik geblyk dat met die kruisiging van Jesus, Israel nie verwerp en vervang is deur 'n ander Godsvolk nie. Is dit dan nou die geval wanneer die vestiging van die kerk onder die heidennasies sy beslag gekry het?

Eerstens moet opgemerk word dat terwyl die probleem van Israel se posisie as Godsvolk hom in Hand. 15:14 aan ons skyn op te dring, dit *nie* die vraag was wat aanleiding gegee het tot die apostelkonvent nie. Veeleer is die teenoorgestelde die geval: die algemene *uitgangspunt* by die samekoms was dat Israel as volk wel deel het aan die verlossing en dus aan die Godsvolk; die *strydvraag* was op watter manier die gelowiges uit die heidennasies deel kry aan die verlossing, aan die Godsvolk; moes hulle, was die vraag, besny word om gered te kan word (Hand. 15:1-13)? Die Fariseër-christene, uitgaande van die oortuiging dat Israel Godsvolk is en bly, het die messiaanse Godsvolk beskou as eksklusief beperk tot die volk Israel en het daarom dié standpunt ingeneem: as die gelowiges uit die heidennasies nie besny word nie, kan hulle nie gered word nie (15:1, 5). Hulle moes hulle laat besny en daardeur toetree tot die Joodse volk,¹⁵⁶ tot die verbondsvolk Israel, want alleen so kon hulle toetree tot die Godsvolk, aangesien Israel, die gelowige Israel, die Godsvolk is. Ook Petrus in sy kort rede (vss. 7-11) laat blyk dat daar by hom geen twyfel is oor die posisie van Israel nie en dat die gelowige Israel vir hom nog Godsvolk is. Die hoofsaak van sy rede is dat God aan die gelowiges uit die heidennasies alles geskenk het "*net soos aan ons*" (vs. 8); dat God nie onderskeid gemaak het nie, maar die εθνη op gelyke voet gestel het met "ons", die gelowige Israeliete (vs. 9). Hierdie rede van Petrus is ook blykens vers 7 'n direkte verwysing (van Petrus) na die gebeure en sy woorde van Hand. 10 en 11, waar dit baie duidelik geblyk het dat Israel, ook by die verlossing van die εθνη, Godsvolk bly. Uitgaande dus van ^[140] dieselfde oortuiging as die Fariseër-christene, nl. dat Israel nog Godsvolk is, verskil Petrus radikaal van hulle hierin dat hy die eksklusiewe beperking van die Godsvolk tot die volk Israel as iets van die verlede verklaar en getuig dat die gelowiges uit die heidennasies volkome op een lyn geplaas is met die gelowige Israel.

Die beslissende punt by die konvent is dan die uitspraak van Jakobus: "God het eerste daarop ag gegee¹⁵⁷ om vir sy Naam ('n) Godsvolk uit die heidennasies aan te neem" (15:15). Die gelowiges uit die heidennasies hoef dus nie deur besnydenis Jode te word om te kan toetree tot die Godsvolk nie, want God neem vir Hom λαος εἰς εθνων — hulle is as εθνη, d.w.s. as mense uit die heidennasies,¹⁵⁸ as nie-Israeliete, λαος, Godsvolk. Dit beteken egter hoege-naamd nie dat Israel as die vroeëre Godsvolk nou vervang word deur 'n ander Godsvolk, nl. deur die gelowiges uit die heidennasies nie: Opmerklik is die ontbreking van die lidwoord by λαος: Godsvolk uit die heidennasies, en nie uit die heidennasies *die* Godsvolk nie. In die tweede plek werp die aanhaling waarmee Jakobus self uit die O.T. hierdie uitspraak bevestig (vss. 15-17), lig: die nadertrekking van die heidennasies volg op die wederoprigting van die gevalle hut van Dawid, d.i. van Israel.¹⁵⁹ Israel is dus nie uitgesluit nie, maar gaan veeleer voorop. In die derde plek (en deurslaggewend), Jakobus stel pertinent dat sy woorde alleen 'n formulering is van wat Petrus gesê het: "Simeon het uiteengesit..."

Hand. 15 laat egter nog 'n baie kardinale vraag onbeantwoord, naamlik die vraag of hierdie

¹⁵⁵ Sien ook die uiteensetting by hf. I, § i, pp. 41-42.

¹⁵⁶ Sien hf. IV, § 2, pp. 273-274.

¹⁵⁷ Dié vertaling stem die nouste ooreen met die gebeure van Hand. 10 waarop dié woorde sien, nl. dat God van sy kant die prediking aan die heidene aan die gang gesit het deur Petrus deur middel van openbaring te dwing daartoe. Vgl. ook die vertaling van Wielenga: *Van Jeruzalem II*, 165, asook dié van die N.G.B.

¹⁵⁸ Sien die behandeling van die begrip εθνη, hf. I, § 2 B, pp. 53-56.

¹⁵⁹ Vgl. Munck: *Heilsgeschiede*, 229.

λαος ἐξ ἐθνῶν beteken dat daar 'n nuwe Godsvolk as 'n tweede Godsvolk *naas* Israel ontstaan, sodat daar dan twee Godsvolke sou wees — soos L. Brun,¹⁶⁰ Hand. 15:14 verstaan — en of die bedoeling is dat die gelowiges uit die heidennasies nou óók Godsvolk is, d.i. deel van die messiaanse Godsvolk is waarvan die gelowige Israel nou nog, maar ook nou net 'n deel vorm.

Samevatting.

(i) *Die aard van die messiaanse Godsvolk.*

- (a) Hier word die eerste keer *expressis verbis* verklaar dat die gelowiges uit die heidennasies ook Godsvolk kan wees.
- (b) Dit geskied egter juis nie deur inlywing in Israel nie. Die messiaanse Godsvolk word losgemaak van sy *beperktheid* tot die histories-etniese volk Israel. Israel is nie meer eksklusief identies met die Godsvolk nie.

[141]

(ii) *Die posisie van Israel as Godsvolk.*

- (a) Die uitgangspunt van Hand. 15 is dat Israel in sy gelowiges nog Godsvolk is.
- (b) Die godsvolk word losgemaak van sy nasionale begrenstheid tot Israel sonder dat Israel losgemaak word van die Godsvolk.

Besluit.

Ten opsigte van twee aspekte van die verhouding van die volk Israel en die Godsvolk tree daar gedurende die vestiging van die kerk kardinale verskille in, te wete ten opsigte van die aard van die messiaanse gebeure en ten opsigte van die aard van die messiaanse Godsvolk. In verband met die ander vernaamste aspekte is daar, in soverre die verskillende toesprake en uitsprake iets daaroor sê, volkome eenstemmigheid soos duidelik blyk uit 'n vergelyking van die voorafgaande samevattinge.

Ten opsigte van *die aard van die messiaanse gebeure* tree daar 'n kardinale verskil in: nadat die prediking aanvanklik net tot Israel gerig is, begin in Hand. 10 'n *radikaal nuwe fase* wanneer die prediking gerig word ook tot die heidennasies. Dit beteken egter *nie 'n radikale breuk* met die aard van die voorafgaande messiaanse gebeure nie: die toesprake van Hand. 10 en Hand. 13 getuig saam met dié van Hand. 2, 3 en 5 dat die prediking ook nog tot Israel gerig moet word en wel *eerste* tot Israel as die Verbondsvolk en daarna ook tot die heidennasies.

Oor die wyse waarop dié gebeure tot Israel gerig is en oor die betekenis wat die gebeure vir Israel het, is die getuienis eenstemmig.

Ten opsigte van *die aard van die messiaanse Godsvolk* tree daar ook 'n kardinale verskil in: nadat in die vroegste prediking van Petrus tot die Jode (Hand. 2, 3, 5) nog alleen Israel Godsvolk heet en die heil deelagtig is, word in sy rede tot die heidene (Hand. 10) en in die rede van Paulus tot die Diaspora-Jode (Hand. 15) die heidennasies reeds die heil deelagtig, terwyl hulle in Hand. 15 pertinent Godsvolk genoem word. Dit beteken egter geen radikale breuk nie: by die aanvang van die vestiging van die kerk is wel nog net Israel inbegrepe, maar word die toekomstige heil vir die heidennasies met nadruk aangekondig; vanaf Hand. 10 word die aangekondigde heil vir die heidennasies werklikheid en in ^[142] Hand. 15 kry dit sy logiese beslag wanneer hulle *expressis verbis* Godsvolk genoem word.

Oor die hoedanigheid en gestalte waarin Israel messiaanse Godsvolk is, is die getuienis

¹⁶⁰ *Einheitsgedanke*, 103. Dit sou volgens Brun 'n gedagte van Jakobus gewees het wat op die lange duur nie inslag kon vind by die vroegste kerk wat so sterk bewus was van die eenheid van die kerk nie.

eenstemmig.

[143]

Bladsye ^[144 – 149] het net voetnote bevat.

HOOFSTUK III.

DIE VERHOUDING VAN DIE VOLK ISRAEL EN DIE GODSVOLK (vervolg).

§ 4. In die gevestigde kerk — Die Briewe van Paulus.

Inleidend 150. 1. Die kerk as messiaanse Godsvolk 151. 2. Die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk — besien vanuit Rom. 9-11 156. A. Die volk Israel as Godsvolk 157. (i) Die situasie van Israel wat die probleem skep 158. (ii) Die probleem self 159. (iii) Die antwoord 162. (iv) Die verklaring van hierdie antwoord 164. (a) Die prinsipiële verklaring 164. (b) Die feitlike verklaring 175. B. Die verhouding van die volk Israel tot die heidennasies binne die Godsvolk 179. (i) In die olyfboombeeld 179. (ii) In die apostelroeping van Paulus 181. (iii) In die roeping van die gelowiges deur God 182. (iv) In die geen-onderskeid-uitsprake van Paulus 184. C. Die verhouding van die enkele gelowige uit Israel tot die volk Israel 194. (i) Waar Paulus spreek van die ongeloof van Israel 195. (ii) Waar Paulus spreek van sy roeping as apostel van die heidennasies 198. (iii) Waar Paulus getuig van die behoud van Israel as Godsvolk 200. (iv) Uitsprake in ander briewe van Paulus 201. D. Rom. 11:25-32 — Paulus se samevatting van Rom. 9:1-11 : 24 203. 3. Die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk — volgens Ef. 2:11-3:7 211. 4. Gal. 6:16 — die formulering van Paulus se prediking oor dié probleem 217. Besluit 224.

In teëstelling met die toesprake van die apostels in Handelingte wat almal gerig was tot mense wat nie in Christus Jesus geglo het nie en toesprake was wat as doel gehad het om die kerk onder die ongelowiges te vestig, word die briewe van Paulus gerig tot gelowiges, tot gevestigde gemeentes, tot die gevestigde kerk.

Wanneer Paulus sy briewe skryf, is die situasie so totaal anders as toe Petrus en Paulus hulle toesprake wat in Handelingte weergegee is, gelewer het: sedert die vroegste prediking van die apostels by die vestiging van die kerk toe hulle in duidelike taal oor die verhouding tussen Israel en die Godsvolk op daardie tydstip gespreek het, het aan die lig getree die grootskaalse ongeloof in en vyandskap teen die evangelie van Jesus Christus onder die Joodse volk en daarteenoor die geweldige aanhang van die evangelie onder die heidennasies. Die gelowiges is by uitstek mense uit die heidennasies. Daar is wel Jode wat die evangelie aangeneem het, maar hulle is slegs 'n handjievol gelowige Jode in vergelyking met die heiden-gelowiges en in vergelyking met die ongelowige Jode.

[150]

Wat is in die lig van al hierdie gebeure nou die verhouding van die volk Israel tot die Godsvolk?

In die geskiedenis van die vroeë gevestigde kerk was hierdie probleem inderdaad brandend en was daar 'n dringende behoefte aan openbaringslig deur die apostel Paulus. Uit die aandag wat Paulus in sy briewe skenk aan die probleem van die verhouding van die volk Israel tot die messiaanse Godsvolk, blyk duidelik hoe belangrik dié probleem vir hom en die gemeentes was.

Die probleem was nie *wie* die messiaanse Godsvolk is, Israel of die universele kerk van alle gelowiges nie. Dit blyk onmiskenbaar uit die wyse waarop Paulus van die kerk as messiaanse Godsvolk spreek — hieraan sal as eerste hoofpunt in hierdie paragraaf aandag geskenk word. Die probleem was: wat is die verhouding van die volk Israel tot hierdie universele messiaanse Godsvolk? Hoewel daar verspreid oor sy briewe uitsprake hieroor aangetref word, is dit hoofsaaklik in twee Skrifgedeeltes waar Paulus pertinent en uitvoerig handel oor hierdie probleem as sodanig, t.w. Rom. 9-11 en Ef. 2:11-3:7. Daarom sal as tweede hoofpunt dien 'n ondersoek hoe die probleem vanuit Rom. 9-11 besien moet word en as derde hoofpunt die antwoord wat Ef. 2:11-3:7 op die probleem bied. So 'n kardinale plek neem die kort uitspraak

van Paulus in Gal. 6:16 in in die geskiedenis van die interpretasie van ons probleem dat daarvoor plek as vierde en laaste hoofpunt in hierdie paragraaf ingeruim moet word met die doel om dié uitspraak in die regte perspektief te plaas.

Ons skenk daarom agtereenvolgens aandag aan: eerstens, die kerk as messiaanse Godsvolk; tweedens, die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk besien vanuit Rom. 9-11; derdens, die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk volgens Ef. 2:11-3:7; en vierdens, Gal. 6:16 — die formulering van Paulus se prediking oor dié probleem.

1. Die kerk as messiaanse Godsvolk.

By Paulus is dit heeltemal gebruiklik om die kerk, die gelowiges uit alle nasies λαος, Godsvolk, te noem — Rom. 9:25 (twee maal), Rom. 9:26; 2 Kor. 6:16; Titus 2:14. As benaming vir Israel word λαος feitlik uitsluitlik gebruik by wyse van aanhaling van 'n Ou-Testamentiese uitspraak oor Israel — Rom. 10:21; Rom. 15:10; 1 Kor. 10:7; 1 Kor. 14:21. Die enigste maar tewens ook die baie belangrike uitsondering is Rom. 11:1, 2. Dit bly egter net 'n uitsondering.^[151] Vir Paulus is die universele kerk van gelowiges in die messiaanse hede die messiaanse Godsvolk.

Die ryke betekenis, vir hierdie studie, van Paulus se gebruik van λαος as benaming vir die kerk tree op omvattende wyse aan die lig in *Titus 2:14*. Deur Gods genade, sê Paulus in die voorafgaande verse, is ons gered en nou word van ons geëis om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën terwyl ons Jesus Christus verwag "wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke" (καθαριση εαυτω λαον περιουσιον...).

λαος περιουσιον is die vertaling, ook in die LXX, van am segoelah, 'n benaming vir Israel wat in Deut. 7:6; 14:2; 26:18 voorkom.¹ Ons het in Titus 2:14 te doen met die toepassing van 'n Ou-Testamentiese naam vir Israel op die kerk.

In die eerste plek bring Titus 2:14 duidelik aan die lig dat λαος, wanneer dit vir die kerk gebruik word, sy teëstellende karakter wat dit gehad het in sy gebruik vir Israel, behou, maar dat dit geen natuurlik-volkse teëstelling meer is nie. Die benaming Godsvolk dui hier die gelowiges aan as 'n wesenlik verskillende groep teenoor die ongelowiges. "Godsvolk" druk nou die teëstelling van die kerk tot die wêreld uit.

Die gelowiges is λαος περιουσιον, die Here se eiendomsvolk. God het deur die *verkiesing* van die gelowiges tot sy Godsvolk,² hulle in 'n besondere, geheel eensoortige verhouding tot Hom geplaas waardeur hulle in skerp teëstelling tot die ander mense gestel is. Λαος περιουσιον druk daarby besonderlik die ereposisie van die kerk as Godsvolk uit. Περιουσιος, segoelah, druk nie net die neutrale gedagte "eiendom"³ uit nie, maar is veel sterker: "die hooggeërde, die kroonbesitting";⁴ "besondere eiendomsvolk" eerder as net "eiendomsvolk". Dit blyk reeds uit Ex. 19:5: "... sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne", — God het alles as eiendom, maar daaruit neem Hy besonderlik as geëerde besitting Israel. Dit blyk nog duideliker uit Deut. 26:18, 19: "... dat jy vir Hom 'am segoelah sal wees ... en dat Hy jou dan die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en 'n sieraad..." Dié gedagte lê ook opgesluit in περιουσιος self wat letterlik beteken "meer as genoeg hê; ryk,

¹ Segoelah alleen word reeds in Ex. 19:5 vir Israel gebruik.

² Bauer: *Wörterbuch*, kolom 1286: "ein auserlesenes Volk"; Vgl. Cremer-Kögel: *Wörterbuch*, 412.

³ Soos o.a. Koehler-Baumgartner: *Lexicon*, 649 onder segoelah; Blass-Debrunner: *Grammatik*, § 113. 1.

⁴ H. Preisker: περιουσιος TWNT VI, 57, vertaal "einen kosbaren Besitz", "ein auserlesenes Gut" en vervolgt: Die gewöhnlich vertretene Interpretation, die περιουσιος mit Eigentum, λαος περιουσιος mit Eigentumsvolk wiedergibt... wird man demgegenüber als etwas zu blass beurteilen müssen"

vermoënd wees".⁵

Nóú, in die messiaanse tyd, word hierdie dinge gesê van "ons", d.i. van die gelowiges ongeag of hulle uit Israel of uit die heidennasies kom — Paulus was byvoorbeeld uit Israel, [152] Titus uit die heidennasies. Uit al sy eiendom het God dus deur sy verkiesende genade in Christus Jesus die gelowiges, die kerk, afgesonder vir Hom, die kerk in 'n besondere posisie geplaas teenoor die res van die Skepping. Godsvolk is also die ere naam van die gelowiges wat tot uitdrukking bring dat hulle anders *is*, eensoortig *is*.

Terselfdertyd is Godsvolk egter ook 'n sware pligsnaam van die gelowiges, van die kerk, wat tot uitdrukking bring dat die gelowiges anders *moet wees*, eensoortig *moet wees*. Die Godsvolk wat Christus vir Homself as sy besondere eiendom gereinig het, moet wees "ywerig in goeie werke". Die feit dat die gelowiges Godsvolk is, eis van hulle "om die goddeloosheid en wêreldse (κοσμικας) begeerlikhede te verloën (Titus 2:12). Godsvolk staan in enge verbinding met God en daarom mag die gelowige ook nie κοσμικος, wêrelds, Godevyandig wees nie.⁶ Die Godsvolk moet in skerp teëstelling leef tot o κοσμος, die Godevyandige wêreld. Vergelyk ook 2 Kor. 6:14-17.

"Godsvolk" as benaming vir die kerk bevat dus 'n besliste negatiewe, afwysende, teëstellende element. Maar die ou teëstelling van Godsvolk, d.i. Israel, teenoor die heidennasies, het weggeval en in die plek daarvan het getree die teëstelling van Godsvolk, d.i. die gelowiges, teenoor die ongelowiges, van die kerk teenoor die Godevyandige wêreld. Die teëstelling is nou suiwer godsdienstig soos die benaming λαος vir die kerk⁷ self.

Die kerk is εαυτω λαον περιουσιον, "n besondere eiendomsvolk *vir Homself*", in casu vir Christus, in die algemeen vir God. In Titus 2:14 staan in die benaming Godsvolk op die voorgrond dat die kerk aan God behoort, verbind is aan God op 'n besondere innige wyse. Die benaming Godsvolk vir die kerk druk dus voor alles uit dat die kerk die eiendom van God is. "Godsvolk" verbind primêr die gelowiges aan God en Christus. Dit is vanweë hulle gesamentlike verbondenheid aan God dat die gelowiges in afsondering 'n eenheidsfront teenoor die sondige en Godevyandige wêreld moet vorm. Godsvolk druk egter nie primêr die onderlinge eenheid van die gelowiges uit soos bv. die kerkbenaming σωμα, ⁸ nie.

In die derde plek blyk uit Titus 2:14 op grond waarvan die kerk as Godsvolk ontstaan en ook bestaan in sy wesentlike eensoortigheid teenoor die sondige wêreld: *Christus* het vir Homself 'n Godsvolk gereinig. Die gelowiges is Godsvolk maar nie uit hulleself nie. Die gelowiges is as Godsvolk wesentlik anders as die sondige wêreld maar nie uit hulleself nie. [153] Die gelowiges, die kerk, is alleen Godsvolk, omdat Christus vir Homself 'n *Godsvolk* gereinig het, en die gelowiges, die kerk, is as Godsvolk alleen werklik anders as die sondige wêreld, omdat Christus vir Homself 'n Godsvolk *gereinig* het. Jesus Christus is die Bewerker van die Godsvolk in sy suiwere vorm. Die Godsvolk van die hede, die gelowiges, die kerk, is die *messiaanse* Godsvolk. En dié messiaanse Godsvolk bestaan alleen deur die reiniging deur Jesus Christus. Jesus Christus is ook die Besitter en Koning, die koninklike Besitter van die Godsvolk. Hy het 'n besondere eiendomsvolk *vir Homself*, εαυτω, gereinig. Hy het deur sy

⁵ Vgl. Liddel & Scott: *Lexicon*, 1384; ook Preisker: a.w., 57.

⁶ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 880 onder.

⁷ Sien hf. I, § 1, pp. 40-45.

⁸ Veral soos dit in Rom. en 1 Kor. gebruik word. Vgl. J.J.F. Durand: *Una Sancta Catholica in sendingperspektief. 'n Analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*, diss. V.U., Amsterdam, 1961, 23-26; I.J. du Plessis: *Christus as Hoof van kerk en kosmos, 'n eksegeties-teologiese studie van Christus se Hoofskap veral in Efesiërs en Kolossense*, diss., Kampen, 1962, 1 en 41.

reinigingsdood 'n Godsvolk as sy eiendom verkry, 'n Godsvolk tot sy eiendom verwek.⁹

Die gelowiges is die Godsvolk, omdat hulle Christusvolk is. Die bestaansmoontlikheid en -reg van hierdie Godsvolk setel enkel en alleen in die reiniging deur Christus. Deur sy verlossingsdood het Jesus Christus alle gelowiges, die kerk, tot reine Godsvolk gemaak — die Godsvolk in sy gereinigde, in sy messiaanse vorm: 'n "nuwe" Godsvolk!

'n Besondere kenmerk van Paulus se gebruik van λαος as aanduiding vir die kerk van Christus is die feit dat hy dit steeds doen by wyse van direkte aansluiting by Ou-Testamentiese uitsprake: in Rom. 9:25 en 26 en in 2 Kor. 6:16 by wyse van aanhaling en in Titus 2:14 deur gebruik van 'n Ou-Testamentiese uitdrukking. En dit doen hy op so 'n wyse dat wat in die O.T. van Israel as die Godsvolk gesê is, nou gesê word van of toegepas word op die kerk, die gelowiges, hetsy op die gelowiges in die algemeen (2 Kor. 6:16; Titus 2:14) hetsy op die gelowiges uit die heidennasies (Rom. 9:25, 26).

Dat hierin besonder belangrike aanduidinge opgesluit moet lê vir die verhouding van Israel as die Godsvolk van die O.T. en die kerk as die Godsvolk van die N.T., is duidelik.

As tiperende voorbeeld waarin ook die draagwydte en diepe betekenis van hierdie feit aan die lig tree, kan 2 Kor. 6:16 genoem word: "Watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk (λαος) wees".

Hierdie aanhaling, saamgestel uit Lev. 26:11, 12 en Eseg. 37:27, het in sy Ou-Testamentiese verband op Israel gesien, maar Paulus gebruik dit as bewysvoering dat "ons", ^[154] d.i. die gelowiges, die tempel van God is. Hier word dus die heilstoesegging aan Israel oorgebring en van toepassing gemaak op die kerk van Christus.¹⁰

Paulus pas die Ou-Testamentiese uitspraak oor die Godsvolk wat daar op Israel gesien het, op die kerk toe sonder om dit enigszins te probeer regverdig. Inteendeel, hy gebruik dit juis as *bewysmateriaal* vir iets anders, nl. vir wat hy verder van die kerk sê: dat dit die tempel van God is. Paulus ag dit vanselfsprekend dat God se genadebeloftes aan Israel op die kerk van toepassing gemaak kan word — daarom ook *is* die kerk die Godsvolk volgens die toesegging van Lev. 26:11, 12.¹¹ Al Gods woorde in die O.T. is onteenseglik nog waar en geld (ook?) vir die Godsvolk in sy nuwe openbaringsvorm, nl. die universele kerk van Christus.

In Titus 2:14 word die besondere eretitel van Israel, λαος περιουσιος, ook deur Paulus op die kerk toegepas — en dit sonder enige poging om dit te regverdig. Dit is by Paulus vanselfsprekend dat wat in die O.T. aan Israel as Godsvolk toegesê is, in die teenwoordige tyd vir die kerk geld. In Rom. 9:25, 26 word, wat in die O.T. van Israel gesê is, deur Paulus gebruik as bewysvoering dat die gelowiges uit die heidennasies Godsvolk is!

Uit die wyse waarop Paulus van die kerk spreek as Godsvolk, staan veral twee dinge vas:

(i) Dat die messiaanse Godsvolk nou 'n suiwer godsdienstige entiteit is waarvan die enigste grense die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges is. Daar is vir die messiaanse Godsvolk geen natuurlik-volkse begrensing meer tot die histories-etniese volk Israel nie.

(ii) Terwyl die kerk die ontvanger en besitter geword het van heilsbeloftes wat in die O.T. aan Israel gemaak is, is daar vir Paulus nie 'n absolute breuk tussen die Ou-Testamentiese en die Nieu-Testamentiese Godsvolk nie maar inteendeel 'n besliste kontinuïteit tussen hulle.

⁹ Die byvoeging van εαυτω by καθαριση is besonder opmerklik en kan nie as betekenisloos verbygesien word nie.

¹⁰ Dit word hier gerig tot 'n plaaslike kerk, maar geld tog duidelik die hele kerk.

¹¹ "Wie selbstverständlich wendet Paulus das Zitot auf die christliche Gemeinde an, die daher auch hier als das Gottesvolk erscheint". — Strathmann, TWNT IV, 54.

Wat egter die verhouding in die hede is tussen Israel, die Ou-Testamentiese openbaringsvorm van die Godsvolk, en die universele kerk, die Nieu-Testamentiese openbaringsvorm van die Godsvolk, en hoe die oorgang en kontinuïteit tussen hulle verstaan moet word, kan nie uit Paulus se gebruik van die benaming Godsvolk vir die kerk vasgestel word nie, maar dit moet duidelik word uit die Skrifgedeeltes waarin Paulus pertinent hieroor spreek. Sy gebruik van die benaming Godsvolk vir die kerk laat egter veral drie moontlikhede oop:

(i) Dat Paulus die O.T. allegories interpreteer, sodat vir ^[155] hom die histories-etniese volk Israel nooit werklik die Godsvolk was nie, maar net 'n sinnebeeld was van die ware geestelike Godsvolk wat in die kerk sou kom.

(ii) Dat volgens Paulus die histories-etniese volk Israel, die Godsvolk van die O.T., deur die kerk *vervang* is as Godsvolk; dat die gelowiges *in die plek van* die volk Israel die messiaanse Godsvolk geword het — maar so dat die kontinuïteit van die Godsvolk nie verbreek is nie en God aan sy beloftes getrou gebly het deur in die plek van die histories-etniese volk Israel 'n geestelike Israel, die *ware* Israel, te roep, nl. die universele kerk van alle gelowiges.¹²

(iii) Dat die kerk die wettige *ononderbroke voortsetting* van die Godsvolk is en dat daar dus 'n ononderbroke kontinuïteit van die Godsvolk is. Dit wil sê: dat die kerk nie in die plek van Israel kom nie, maar dat daar alleen 'n *uitbreiding* van die Godsvolk is, sodat dit nie meer beperk is tot een volk, nl. Israel nie, maar nou ook naas Israel alle nasies insluit.

Watter van hierdie drie moontlikhede werklik Paulus se openbaringstandpunt is, sal kortliks die probleem wees waarop daar in wat verder in die paragraaf volg, 'n antwoord gesoek sal word.

2. Die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk — besien vanuit Rom. 9-11.

Verspreid oor sy briewe aan die gemeentes wat hy self gestig het, kom uitsprake van Paulus oor die saak voor, maar hy skryf dan aan mense wat hy reeds 'n korter of langer tyd uitvoerig onderrig het, en daarom neem die uitsprake in dié briewe ook die vorm aan van kort teregrywings of herhalings, of word daar net op een bepaalde aspek van die saak ingegaan. Sy brief aan die gemeente van Rome is egter gerig tot mense met wie hy nog geen persoonlike kontak gehad het nie en met wie hy daarom ook nog nie oor hierdie aangeleentheid gespreek het nie — in hierdie brief behandel hy dan die probleem in sy geheel en in besonderhede in Rom. 9-11. Daarom is dit ook hermeneuties geregverdig om die losse uitsprake in ander gedeeltes van Romeine en in die ander briewe toe te lig of te besien vanuit Rom. 9-11, tensy daar duidelike inherente bewyse is dat dit in bepaalde gevalle nie kan of mag nie.

Daarom sal die onderhawige probleem vanuit Rom. 9-11 behandel word met 'n ondersoek na ander uitsprake alleen waar hulle verband hou met bepaalde gedeeltes van Rom. 9-11 ^[156]. Maar in Efesiërs, die brief oor die kerk en veral oor die eenheid van die kerk, beklee die vraag na die verhouding van die volk Israel en die kerk uit die aard van die hooftema so 'n belangrike plek dat veral Ef. 2:11-3:7 'n selfstandige behandeling vereis. Ook die uitdrukking "die Israel van God" van Gal. 6:16 is so belangrik dat dit spesiale aandag verdien. Vanweë die geweldige omvang van die materiaal wat hier behandel moet word, word dit by die behandeling vanuit drie gesigspunte besien: eerstens kom die vraag aan die orde of Israel nog Godsvolk is en indien wel, hoe Paulus dit verklaar; tweedens wat die verhouding van die volk Israel tot die heidennasies binne die Godsvolk is; en derdens wat die verhouding van die individuele gelowige uit Israel is tot die volk Israel. Omdat Rom. 11:25-32 myns insiens 'n samevatting van Paulus is van sy voorafgaande uiteensetting, word dit ten slotte apart behandel.

¹² Dat dit Paulus se standpunt is, is feitlik 'n consensus by teoloë van kritiese sowel as ortodokse kant.

A. Die volk Israel as Godsvolk.

Die tema wat Paulus in Rom. 9-11 uitvoerig behandel,¹³ kan soos volg geformuleer word: die probleem of die grootskaalse ongeregtigheid, ongeloof, vyandskap teen die evangelie onder die volk Israel 'n bewys is dat God nie teenstaande sy verbondsbelofte Israel verwerp het as Godsvolk.¹⁴ Dit gaan hier om "eine ganz zeitlebendige Ausserung über Israels Geschick".¹⁵ Die tema is "wie sich der Sturz der Judenschaft mit ihrer Erwählung und mit dem Werk des Christus vereine und wie nun das Verhältnis der neuen zur alten Gemeinde zu ordnen sei".¹⁶ ["'n baie lewendige stelling oor Israel se lot". Die tema is "hoe die omverwerping van Judaïsme vereenselwig word met hulle verkiesing en met die werk van Christus en hoe die verhouding tussen die nuwe en die ou gemeente gereël word]

Die *opset* van Rom. 9-11 is bepalend vir die wyse waarop die openbaring in Rom. 9-11 oor die onderhawige probleem behandel moes word: Paulus behandel sy tema nie in een deurlopende lyn nie. Rom. 9-11 kan veeleer in drie dele onderskei word. As eerste deel 9:1-9:29: Hierin spreek Paulus eers indirek oor die situasie van Israel wat die probleem skep — 9:1-5; daarna word die antwoord verstrekkend op die probleem wat implisiet opgesluit lê in die antwoord — 9:6a; dan word hierdie antwoord verklaar in 9:6b-9:29. Rom. 9:30-11:24 vorm 'n tweede gedeelte¹⁷ waarin die uiteensetting as 't ware weer van vooraf begin: in 9:30-10:21 gaan Paulus nou breedvoerig en direk in op die situasie wat die probleem skep; daarna word weer, in 'n genuanseerde en direkter vorm die probleem gestel — 11:1a, terwyl die antwoord op die probleem onmiddellik daarop volg, 11:1b-2; daarna word in 11:1b, 2b-24 op genuanseerde wyse en met ^[157] die klem ietwat anders as in 9:6b-29 die antwoord verklaar. In 11:25-32 kom Paulus dan by die derde en afsluitende deel van sy bespreking, 'n pregnant geformuleerde samevatting van wat voorafgegaan het.¹⁸ In die lig van hierdie opset van Rom. 9-11 kan die duidelikste beeld van Paulus se verkondiging oor die verhouding van Israel en die Godsvolk verkry word deur die twee parallelle uiteensettings 9:1-29 en 9:30-11:24 te kombineer. Na aanleiding van die inhoud skenk ons daarom aandag *eerstens* aan die situasie onder Israel wat die probleem skep — 9:1-5 en 9:30-10:21; *tweedens* aan die probleem self 9:6a en 11:1a; *derdens* aan die antwoord op die probleem - 9:6a en 11:1a en 2a; en *vierdens* aan die verklaring van hierdie antwoord, 9:6-29 en 11:1-24.

(i) Die situasie van Israel wat die probleem skep.

Terwyl Paulus aanvanklik in hf. 9:1 e.v. nie direk sê wat Israel se toestand is waaruit die probleem van die volk se verhouding tot die Godsvolk voortvloei nie, maar net daarvan spreek as iets wat hom geweldige smart en droefheid aandoen (terwyl dit tog die beheersende uitgangspunt van sy betoog is), beskryf hy die toestand baie duidelik wanneer hy vanaf 9:30 die

¹³ Oor die verband van Rom. 9-11 met hff. 1-8 vgl. o.a. Ridderbos: *Israël*, 43-44 en *Aan de Romeinen*, in: *Commentaar op het N.T.*, 1959, 203-204; A. Nygren: *Commentary on Romans*, (vertaal deur C.C. Rasmussen), 1952, 353 e.v.; Oepke: *Gottesvolk*, 213.

¹⁴ Dat die tema hier nie is die ewige predestinasie (so o.a. Calvyn) nie, word oortuigend aangetoon deur Ridderbos: *Romeinen*, 227-231. Hierdie en ander beskouinge oor die tema van Rom. 9-11 word ook weerlê deur Nygren: *Romans*, 353-355.

¹⁵ Schrenk: *Weissagung*, 25.

¹⁶ A. Schlatter: *Gottes Gerechtigkeit. Ein Kommentar zum Römerbrief*, 1959, 291.

¹⁷ Ook J. Munck: *Christus und Israel, Eine Auslegung von Röm, 9-11*, *Acta Jutlandica, Aarsskrift for Aarhus Universitet XXVIII*, 3, *Teologisk Serie 7*, 1956, 70, maak hierdie indeling. Ook Nygren: *Romans*, 360; Oepke: *Gottesvolk*, 214-215 en die N.B.G. laat die eerste gedeelte by 9:29 eindig. Anders Ridderbos: *Romeinen*, 224 en *Israël* 47-48, wat 9:30-33 as "voorlopige conclusie" by die voorafgaande beskou.

¹⁸ Dat 11:25-32 as sodanig verstaan moet word, word by die behandeling daarvan aangetoon, sien hieronder 203-205.

onderwerp weer opnuut aanvoer.

In 9:30-31 toon Paulus die volle dieptepunt van Israel se toestand aan wat die probleem veroorsaak: Israel, die volk van die verbond — nou die volk na sy uitwendige, empiriese verskyningsvorm en nie soos in 9:6¹⁹ nie — verkeer in ongeregtigheid. Israel, die volk van die verbond, het "die geregtigheid nie bereik nie" (9:31), d.w.s. Israel het nie daartoe gekom om in die regte, suiwer regsposisie met voldoening aan God se regseis, d.i. as onskuldiges, voor God te staan nie; eintlik: Israel het nie daartoe gekom dat Gód hom in Christus Jesus in die suiwer regsposisie voor Hom gestel het nie.²⁰ En dit terwyl die heidennasies wat hierdie geregtigheid nie eens nagejaag het nie, die heidennasies wat altyd ver van God se geregtigheid was, die geregtigheid wel verkry het.

Die verhouding tussen Israel en God is verkeerd: Israel staan buite die genadige, verbondsmatige regverdigverklaring van God in Christus Jesus²¹ en die heidennasies staan daarbinne.

Waarom?

Omdat Israel hul eie geregtigheid en wel geregtigheid deur die werke van die wet wou verwerf en Jesus Christus ^[158] nie as hulle regverdigmaking wou aanneem nie (9:32; 10:3-4). Omdat hulle hul gestamp het teen Jesus Christus, die Steen van aanstoot (9:32). Hulle wou nie in Jesus Christus as hulle bron van geregtigheid *glo* nie (vgl. 9:33; 10:4; 10:9, 10, 11, 14).

Wat hierin vir ons van besondere belang is, is dit: Paulus grond die ongeregtigheid van Israel nie op die feit dat hulle Jesus gekruisig het nie, maar op die feit dat hulle nie die evangelieboodskap van Jesus Christus wou glo nie. Nie die kruisiging van Jesus deur die volk Israel plaas vir Paulus 'n vraagteken agter die volk Israel se posisie as Godsvolk nie, maar hulle ongeloof in en verwerping van die prediking van Jesus Christus deur die apostels!²² Rom. 10:16: "Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie".

Tereg wys H.M. Matter²³ op die fout van K. Barth wanneer hy die probleem van Israel se posisie as Godsvolk by *Paulus wil* verbind met die kruisiging van Jesus deur die Jode.²⁴ Matter merk op: "Wij kunnen slechts constateren, dat Paulus en Karl Barth hier volledig langs elkaar heen praten, en dat de schuld daarvan niet bij Paulus ligt. Voor Barth ontstaat het probleem 'Israel' op Goede Vrijdag, voor Paulus later".

Hiermee staan Paulus dus volkome in een lyn met die vroegste prediking van die apostels aan Israel en aan die heidene en ook met Handeling se weergawe van Paulus se vroegste prediking aan die Diaspora-Jode.

Israel, Israel na sy empiriese omvang, *het* die evangelie gehoor (10:18); Israel *het* dit verstaan (10:19); Israel het selfs gesien dat die evangelie uitgaan na die heidennasies om hulle jaloers te maak (10:19), selfs dat die heidennasies die evangelie werklik aanneem (10:20) — maar Israel wou nie glo nie (o.a. 9:32; 10:16).

¹⁹ Sien hieronder p. 162 e.v.

²⁰ Vir die geregtigheid as forensiese staat voor God en as iets wat kom deur die genadige en verbondsmatige regsdaad van God se kant, vgl. veral G. Schrenk: δικαιοσύνη, TWNT II, 204-208.

²¹ "Geregtigheid" in die messiaanse tyd is vir Paulus steeds "geregtigheid in Christus", vgl. o.a. Rom. 3:22; 3:25; 5:9; 5:17; 10:4, ens.

²² Hiermee staan Paulus op een lyn met die vroegste prediking van *Petrus, Hand. 2 en 3, 10, sien hierbo, hf. II, § 3, p. 131, 154* en van Paulus self, *Hand. 13, sien hf. II, § 3, p. 139.*

²³ H.M. Matter: *De toekomst van Israël in het licht van het N.T.*, 1953, 36.

²⁴ *Kirchliche Dogmatik II, 2, 1946, 310.*

Dit skep die probleem. Daarom het Israel die geregtigheid nie bereik nie. Deur sy volhardende ongeloof in die messias Jesus is die volk Israel as empiriese geheel ten tyde van Paulus se skrywe (nog?) nie deur God in die suiwere regsposisie in Christus Jesus voor Hom gestel nie.

(ii) *Die probleem self*

Hiermee is die probleem gebore: Het hiermee die Woord van God verval? — 9:6a. Beteken dit dat God sy volk verstoot het? — 11:1a.

[159]

In Rom. 11:1 vra Paulus of dit beteken dat God sy volk, Israel, die Godsvolk "verstoot het", "αποσατο". αποθεω letterlik: terugstoot, wegstoot, opsy druk, word hier in die medium gebruik: van Homself af weggestoot het, en dit het hier oordragtelike sin: verwerp het,²⁵ in die sin van 'n radikale breuk van God met Israel.²⁶

Die probleem is dus werklik: is die ongeregtige staat waarin Israel in die hede voor God staan vanweë ongeloof in Jesus Christus, 'n teken dat God die volk Israel radikaal verwerp het as Godsvolk?

In 9:6a word die probleem ietwat anders en in sy diepste konsekwensie geformuleer: beteken dié ongeregtige staat van die volk Israel voor God in die hede dat "die woord van God verval het" (εκπεπωκεν)? Εκπιπω is 'n sterk beeldende woord wat byvoorbeeld gebruik word van die verwelkte blom wat kragteloos en lewensloos "afval" op die grond — vgl. Jak. 1:11. Het dan nou die woord van God kragteloos en lewensloos afgeval, d.i. vergaan? W. Michaelis verklaar εκπιπω in hierdie vers: "hinfallig werden, seine Kraft und Berechtigung verlieren, vergehen".²⁷ [verouderd raak, krag en legitimiteit verloor, vergaan]

Die probleem in sy diepste konsekwensie is dus: het God se beloftewoord, λογος,²⁸ aan Israel kragteloos geword, vergaan; hou dit nie meer stand nie; is dit nie vervul nie; is God tot leuenaar gemaak?'

Maar waarom dwing die ongeregtige staat van Israel in die hede Paulus tot dié radikale vraag?

Omdat die volk Israel die volk van die verbond is! 9:4-5: "Hulle is immers diesulkes (οιτινες) wat Israeliete (lede van die verbondsvolk!)²⁹ is, wie s'n die aanneming tot kinders en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes is, wie s'n die vaders is, en uit wie die Christus volgens die vlees is!" Met die volk Israel het God sy verbond gesluit; aan hulle het Hy die heerlike verbondsbeloftes gegee en al die gawes van die verbondsgeskiedenis; hulle is immers die nageslag van die aartsvaders met wie God die verbond gesluit het, die nageslag aan wie die vervulling van die verbondsbeloftes toegesê is; en waarlik (die klimaks in die verse!), Jesus Christus is dan ook inderdaad volgens Gods verbondsbelofte aan die vaders uit die geslag van die volk Israel gebore.

Hoe kan dit dan ooit moontlik wees dat die volk nou werklik nie die geregtigheid, nie die suiwere regsposisie voor God in Christus Jesus bereik het nie, terwyl hierdie suiwere ^[160] regsposisie voor God tog juis die inhoud is van Gods genadebeloftes, tog juis die seën is vir die

²⁵ Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 205; K.L. Schmidt: αποθεω, TWNT I, 446.

²⁶ Vgl. Ridderbos: *Romeinen*, 245.

²⁷ εκπιπω TWNT VI, 168; vgl. ook Ridderbos: *Romeinen*, 209-210; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 483.

²⁸ Vgl. R. Kittel: λογος, TWNT IV, 112.

²⁹ Sien die behandeling van die naam Ισραηλ, hf. I, § 4.

nageslag, nl. Israel, in die Saad, Jesus Christus (vgl. Gal. 3:16) wat God in sy verbond beloof het — en dít alles terwyl Gods belofte reeds sóver in vervulling gegaan het dat Jesus Christus waarlik gebore is uit Israel, die nageslag van die vaders? God het in sy verbond die geregtigheid aan die verbondsvolk Israel belowe in Christus. Nou *het* Christus gekom volgens die belofte, maar Israel (na sy empiriese omvang) het die verbondsbelofte, nl. die geregtigheid in Christus, *nie* bereik nie! Hoe kan *dit ooit* moontlik wees?

Betekén dit dan werklik dat God se verbondsbelofte sy krag verloor en tot niet gegaan het? Het God dan wel Israel as sy Godsvolk *verstoot*?

In verband met hierdie probleem wat Paulus bespreek, is dit van besondere belang om daarop te let dat dit 'n *probleem* is rondom die *werklike, histories-etniese volk Israel*. Dit spreek uit die hele samehang van Rom. 9-11, maar dit kom ook herhaaldelik en pertinent tot uitdrukking: Dit gaan vir Paulus om die Israel wat "my vlees" (11:14) is; om die Israel "uit wie die Christus na die vlees is" (9:5); om die Israel van wie Abraham, Isak en Jakob "die vaders" is.

Volgens Rabbyne voorskrifte kon proseliete, selfs vol-proseliete, nie van die aartsvaders spreek as "ons vaders" nie, maar hulle moes spreek van "julle vaders". Wanneer die moeder egter 'n Israeliet was, kon daar wel van "ons vaders" gespreek word.³⁰ Hieruit blyk duidelik hoe sterk die titel "die vaders" 'n etnies-volkse konnotasie gehad het en 'n etnies-volkse band gelê het tussen die aartsvaders en die teenwoordige Israel.

Die probleem wat in Rom. 9-11 behandel word, is dus nie of daar nog 'n Godsvolk bestaan nie, ook nie of daar nog 'n verbond van God bestaan nie, maar die probleem is pertinent en direk: bestaan Gods verbond met die histories-etniese volk Israel nog?, en: is die histories-etniese volk Israel nog Godsvolk? As Paulus dus konsekwent is, sal dit net soos by die probleem so ook by die antwoord op die probleem en die verklaring van die antwoord gaan om die werklike, histories-etniese volk Israel.

Die *belangrikste trefpunt* van Paulus se stelling van die probleem lê vir hierdie studie in die *onbetwisbare konsekwensie* wat die probleem blykens Rom. 9:4-6 en 11:1-2 inhou; As die teenswoordige ongeregtigheid van Israel beteken dat die volk Israel verwerp is as Godsvolk, dan het God se verbondswoord ^[161] en daarmee sy verbond self verval. *Die verwerping van Israel as Godsvolk sou volgens Paulus beteken dat God sy verbond verbreek het! Anders gestel: Alleen as God sy verbond-verbreek het en sy verbondsbeloftes tot niet laat gaan het, alleen dan kan daar sprake wees dat die volk Israel deur God verstoot is as Godsvolk!*

(iii) *Die antwoord.*

Paulus se antwoord op die probleem is kort, kragtig, beslis: "Maar nie asof (of: maar nie so dat) die woord van God verval het nie" — 9:6a.

"Beslis nie" — "μη γενοιτο" — 11:1b, met die herhaling daarby: "God het sy volk wat Hy vantevore geken het (ον προεγνω), nie verstoot nie" — 11:2a. .

So haastig en so beslis is Paulus in sy antwoord dat hy in 9:6 die probleem en die antwoord saamtrek in een sin, die vraag beantwoord nog voordat dit gestel is; en dat hy in 11:1 ook reeds in die vraag die onmoontlikheid daarvan duidelik uitdruk deur die vraagvorm te gebruik wat 'n negatiewe antwoord vereis, nl. μη απωσατο.

Daar is, sê Paulus, absoluut geen sprake daarvan dat Israel se huidige ongeregtige staat in hulle ongeloof beteken dat God se woord verval het nie. Daar is dus geen sprake daarvan dat

³⁰ Vgl. vir Rabbyne uitsprake ten dien voege, Strack-Billerbeck I, 119-120 en III, 558.

Israel deur God verwerp is as sy Godsvolk nie. Gods woord bly staan in sy krag! Israel bly staan as Godsvolk! Daaroor laat Paulus geen twyfel nie. Daaroor val vir hom niks meer te sê nie. Die teendeel is *onmoontlik!*³¹

Waarom? Wat is Paulus se grond?

God se verbondstrou!

Dit kom in die eerste plek tot uitdrukking in die woord λογος wat Paulus in sy antwoord van 9:6 gebruik. Met λογος "is het woord bedoeld, waarmee God Zich aan Israel, aan die vaderen, krachtens het verbond en de beloften enz. vss. 3, 4, verbonden heeft".³² Hierdie "woord", die verbondsbelofte(s) van God het nie verval nie, omdat dit nie *kan* verval nie. Gods verbondstrou is onverganklik.

Sterker nog bring 11:2 aan die lig dat vir Paulus die verbondstrou van God die absolute en enigste grond is vir Israel se voortbestaan as Godsvolk.

Eerstens gryp Paulus as antwoord 'n beloftewoord van God self aan. Hy konstateer die behoud van Israel in die woorde van Ps. 94:14: "God sal sy volk nie verstoot nie".

[162]

Dit maak Paulus 'n aoristus, 'n vasstaande feit. En dan voeg Paulus by dié aanhaling die woorde ον προεγνω by. Hierdie doelbewus bygevoegde woorde moet besondere belang in hierdie kardinale vers hê. Dit moet beslis redegewend verstaan word: *omdat* God die volk Israel vantevore geken het, daarom het Hy volk nie verstoot as Godsvolk nie.

Προγνωσκω van γνωσκω het hier nie die Griekse sin van intellektuele kennis nie maar dié sin van die Hebreuse jada, d.i. "ken deur innige gemeenskap te hê met iemand".³³ Wanneer God die onderwerp is, kry jada besonderlik die betekenis van "om uit te verkies tot besondere gemeenskap met God" as 'n soewereine daad van God — vgl. Gen. 18:19(!); 2 Sam. 7:20; Jer. 1:5; Hos. 13:5; Amos 3:2(!)- R. Bultmann³⁴. sê dat jada "das *sorgende Sichkümmeren um* bedeuten kann... jada kann dann *erwählen* heissen, d.h. zum Gegenstand der Sorge und Anerkennung machen". ['omgee vir' kan beteken ... jada kan dan beteken om te kies, d.w.s. maak dit die voorwerp van kommer en erkenning] De Groot en Hulst stel dit nog duideliker: "Kennen is 'gemeenschap hebben met'... Toegepast op de verhouding God-volk drukt het 'kennen' dus uit een enge verbondenheid van Jahwe en Israel... Israel verkeert hierdoor, tegenover de anderen volken, in een uitzonderlijke positie; het is het enige volk waarmee Jahwe zich op deze wijze in verbinding stelt. Jahwe is in deze relatie de eerste, de machtige".³⁵ So kan jada dan die verkiesende verbondsluiting van God met Israel aandui — vgl. veral Gen. 18:19 en Amos 3:2. Hierop sien die ον προεγνω van Rom. 11:2, terwyl die προ- by γνωσκω sterk heenwys na die instelling van die uitverkore verbondsbetrekking van Israel met God waarvan in Gen. 18:18, 19 sprake is: "terwyl Abraham tog sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word? Want

³¹ Hoewel dit die gees van die woorde reg vertolk, gaan die *N.G.B.* as vertaling te ver as dit die ουχ οτου δε van 9:6 vertaal met "Maar het is niet mogelijk". Tereg wys Ridderbos: *Romeinen*, 210, daarop dat daar dan moes staan ουχ οτου τε.

³² Ridderbos: *Romeinen*, 209. Vgl. ook Kittel: TWNT IV, 112.

³³ Vgl. J. de Groot en A.R. Hulst: *Macht en Wil, De verkondiging van het O.T. aangaande God*, ongedateerd, 67 e.v.; Th. C. Vriezen: *Hoofdlijnen der Theologie van het O.T.*, 1949, 79 e.v.; Bultmann: γνωσκω, TWNT I, 697, 698.

³⁴ TWNT I, 697 en 698.

³⁵ *Macht en Wil*, 67, 68.

Ek het hom *geken* (Afr. vert. tereg: verkies)". Ον προεγνω druk dus uit dat Israel deur God in uitverkore verbondsbetrekking tot Hom gestel is.³⁶

Met die byvoeging ον προεγνω by die versekering dat Israel nie as Godsvolk verwerp is nie, dui Paulus die *diepste grond aan waarom Israel nog Godsvolk is*³⁷: God het Israel eenmaal geplaas in 'n *uitverkore verbondsbetrekking* met Hom. Op grond van hierdie verbondsposisie waarin Gód die volk Israel geplaas het, kan Israel nie as Godsvolk verstoot wees nie. Gods uitverkiesing van en verbond met Israel is die soewereine Goddelike waarborg vir die behoud van Israel as Godsvolk. Al is Israel, die volk van die verbond, hoe ontrou en selfs al het hulle vanweë ongeloof (nog) nie die geregtigheid in Christus verkry nie, kan daar geen sprake daarvan wees dat God ontrou geword het aan sy uitverkiesende verbondsluiting (11:2) en aan sy verbondsbelofte nie (9:6).

Hiermee staan Paulus volkome in lyn met die O.T. (soos hyself ook aantoon) — vgl. Ps. 94:14 en 1 Sam. 12:22.

[163]

Hy staan ook in lyn met die Joodse Rabbyne!³⁸ — en tog ook so vér van hulle standpunt: by hulle berus die sekerheid van Israel se behoud as Godsvolk tot op groot hoogte op eie verdienste van die volk, by Paulus enkel op God se vrymagtige uitverkiesing en verbond met die volk Israel.

In antwoord op die probleem sê Paulus dus; Israel is nog Godsvolk, omdat God se verbondswoord aan Israel bly staan en hiervan is God se soewereine uitverkiesende verbondsluiting met die volk Israel in die verlede die absolute waarborg!

(iv) *Die verklaring van hierdie antwoord.*

Paulus moes daarvan bewus gewees het dat hierdie antwoord van hom oënskynlik in direkte teëstelling staan tot die huidige feitlike toestand van die groot massa van Israel wat nog deur ongeloof in Christus in ongeregtigheid voor God staan. Hoe is immers sy antwoord hiermee te rym? Wat is die verklaring? Daarom verstrekk hy hierop sowel 'n prinsipiële as 'n feitlike verklaring. Die prinsipiële verklaring word gegee in Rom. 9:6b-29, terwyl Rom. 11:1-24 die feitlike verklaring bied.

(a) *Die prinsipiële verklaring — Rom. 9:6b-29.*

Die verklaring vir die geldigheid van sy antwoord, sê Paulus, lê in die AARD van God se VERBOND met Israel: Israel is verbondsvolk en dus Godsvolk op grond van 'n verbond wat berus op en uitgaan van God se *uitverkiesende vrymag*.

"Want *nie almal* wat uit Israel is, (hulle) is Israel nie. Ook *nie omdat* hulle nageslag van Abraham is, is almal kinders nie, maar: in Isak sal jou nageslag genoem word. Dit is: nie die kinders van die vlees (hulle) is kinders van God nie, maar *die kinders van die belofte* word gereken as nageslag" — 9:6-8.

Dit is die doel van Paulus in hierdie gedeelte om teenoor die onties-natuurmatige³⁹ karakter van die verbond volgens die Joods-Rabbynse voorstelling aan te toon dat die verbond waarvolgens die volk Israel Godsvolk is, 'n verbond is wat op die vrymag en uitverkiesende

³⁶ So ook Riddebos: *Romeinen*, 246; gedeeltelik ook Bultmann: TWNT I, 716 en Munck, *Israël*, 81-82.

³⁷ Vgl. Schlatter: *Gottes Gerechtigkeit*, 319-32.

³⁸ Voetnoot 38 is in die boek weggelaat. Volgens die proefskrif teks: Strack-Billerbeck III, 286.

³⁹ Terminologie oorgeneem van H.J. Schoeps: *Paulus. Die Theologie des Apostels im Lichte der jüdischen Religionsgeschichte*, 1959, 252.

genade van God gefundeer is. Die aard van die verbond soos dit met Abraham gesluit is en daarna gehandhaaf bly, was en is so "dat die voorneme van God volgens die uitverkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep" (9:11).

[164]

Hierdie vrymags- en uitverkiesingskarakter van Gods verbond met Abraham waardeur Israel tot Godsvolk gemaak is, hou, soos Paulus dit uiteensit, verskeie punte van kardinale belang in aangaande die verhouding van die volk Israel tot die Godsvolk in die hede:

In die eerste plek:

Paulus sê dat God se verbond standhou en Israel Godsvolk bly niteenstaande die massale ongeloof van die Jode in die hede οὐ γὰρ πάντες οἱ ἐξ Ἰσραὴλ, οὗτοι Ἰσραὴλ — "want nie almal wat uit Israel is, is Israel nie" (9:6b). Dit wil sê: die volk Israel, die volk van die verbond in sy hoedanigheid as Godsvolk, is nie gelyk aan alle mense wat van nature, deur afstamming, tot die histories-etniese volk behoort⁴⁰ nie; is nie gelyk aan Israel na sy empiriese omvang nie.

οἱ ἐξ Ἰσραὴλ hoef nie noodwendig "die von Jakob Stammenden" [die uit die stam van Jakob] te wees en Ἰσραὴλ hier dus "der Name des Stamvaters" [die naam van die stamvaders] soos A. Schlatter⁴¹ sê nie. Pasliker in verband met die hele probleem is om dit hier saam met W. Gutbrod⁴² te verstaan as "Leute, die durch Geburt Glieder des volkes Israels sind". [Mense wat volgens geboorte lede van die volk Israel is]

In 9:7 lig Paulus sy verklaring met ander woorde toe: nie almal wat uit Abraham voortgekom het, is kinders in pregnante sin nie. Dit belig Paulus verder deur daarop te wys dat God self uit die vleeslike nakomelinge die één kies wat Hy wil om "die nageslag" te wees. "Dem Postulat, dass eigentlich ganz Israel glauben müsten, hält er den Auswahlgedanke entgegen".⁴³ [Hy weerspreek die postulaat dat die hele Israel eintlik aan die idee van seleksie moet glo]

Hiermee het Paulus verklaar waarom die talryke ongelowige Jode nie 'n weerspreking is van 'n gehandhaafde verbond met Israel en van Israel se voortgesette staat as Godsvolk nie. Daar is immers Israeliete wat voor God nie wesentlik tot die volk Israel behoort nie; wat, hoewel gebore uit Israel, deur God buite Israel geplaas is. Hiermee is die volk Israel nie vergeestelik nie,⁴⁴ maar deur afsnyding van die ongelowiges wat in Gods oog nooit wesentlik tot die volk behoort het nie, is die volk vereng tot sy ware omvang voor God. Die ongelowige Israeliete behoort nie wesentlik tot Israel nie. Hulle ongeloof en ongeregtigheid raak dus nie die posisie van Israel as Godsvolk nie, raak dus nie die verbondstrou van God nie.

Hiermee is die eerste kardinale aspek van die verhouding van Israel tot die Godsvolk aan die lig gestel: Die histories-etniese volk Israel na sy empiriese gestalte is nie kwantitatief identies met die volk Israel in sy hoedanigheid as Godsvolk nie,^[165] maar is veel groter. *Daar is 'n verenging na binne*: die verbond is gesluit met 'n na binne verengde volk Israel. Die volk Israel is nie in sy empiriese verskyningsomvang Godsvolk nie, maar die na binne verengde volk Israel is Godsvolk volgens die verbond. Israel as *volk* is hier die verbondsvolk, alleenlik het daar 'n afsnyding van die ongelowige Israeliete plaasgevind.

In die tweede plek:

⁴⁰ Vgl. ook die omskrywing hiervan by Ridderbos: *Romeinen*, 209.

⁴¹ *Gottes Gerechtigkeit*, 297.

⁴² Ἰσραὴλ. TWNT III, 386.

⁴³ Oepke: *Gottesvolk*, 214.

⁴⁴ Sien hieroor verder pp. 168 e.v. hieronder.

Daar val ook heldere lig op die beginsel waarvolgens hierdie verenging geskied.

God het die verbond met Abraham en sy nageslag, dus met die volk Israel, gesluit, "maar: in Isak sal jou nageslag genoem word" (9:7), en: " ... die kinders van die belofte word gereken as nageslag" (vs. 8), "want die beloftewoord is dit: 'omtrent hierdie tyd sal Ek kom, en daar sal vir Sara 'n seun wees'" (vs. 9). Op dieselfde wyse kies God ook reeds voor die geboorte alleen Jakob uit die seuns van Isak "dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan ... uit Hom wat roep" (vs. 11).⁴⁵

Terwyl God die verbond gesluit het met Abraham en sy nageslag, het Hy van die begin af — van vóór Isak se geboorte — sy vrymag gehandhaaf om soewerein te besluit wie tot die verbondsnageslag sal behoort. Terwyl God aan Abraham die *verbondsbelofte van 'n geseënde nageslag* gegee het, het Hy van die begin af in sy verbond sy vrymag gehandhaaf om deur eie beskikking en verkiesing te bepaal wie die nageslag van die belofte sal wees. Vanaf die begin het God sy verbond so gesluit dat alleen dié kinders van Abraham, d.i. alleen dié lede van die volk Israel wat Hy verkies het, wat Hy na sy voorneme en welbehae as kinders van die belofte verkies, dat alleen hulle as die kinders van die belofte gereken sal word as die nageslag, as die *hele nageslag*.

Die beginsel van verenging is die vrymagtige uitverkiesing van God met sy twee kante: die vrymagtige welbehae in diegene wat die verbondsvolk vorm en die vrymagtige uitsnyding uit die volk van diegene wat nie tot nageslag gereken word nie.

In die derde plek:

Uit die voorafgaande blyk ook op grond waarvan Israel Godsvolk is en die grond vir toebehore van lede van Israel tot die Godsvolk.

[166]

Dit gaan in Rom. 9:6-29 inderdaad om die *vrymag* van God in sy verbond.⁴⁶ Alle oorsaaklikheid lê volkome in God se hand en in God se vrymagtige uitverkiesende welbehae.

"Ook *nie omdat* — alle klem val hier op die *ου!* — hulle Abraham se nageslag is ... nie, maar: in Isak sal jou nageslag genoem word" (vs. 8). Die besluit berus volkome by God vrymagtig. God self is dit wat vir Abraham sy nageslag wonderbaarlik skenk: op die tyd deur *God* bepaal, sal *God* kom en — Isak, die kind van die belofte, sal daar wees (vs. 9). God self roep dus die nageslag van Abraham, die volk Israel, in die lewe. God self bepaal ook vrymagtig wie uit die vleeslike nageslag Hy tot die volk in sy hoedanigheid as Godsvolk wil reken: alleen op grond van sy vrymagtige uitverkiesing maak God Isak tot die kind van die belofte; maak God Isak tot die ware *nageslag*, tot die verbondsnageslag van Abraham. Die nageslag ontstaan nie maar bloot natuurmatig en na menslike oorleg en menslike krag nie, maar uit die kinders wat die vlees voortbring, word die nageslag "genoem" — "noem" in die sin van "roep", "beroep", "verkies" — deur God (vs. 7).

So verklaar K.L. Schmidt⁴⁷: "Das Gott zu sich ruft, beruft, zu seinen Heilsgütern beruft, ist aberdenn vor allem Paulus geläufig: ... 9:7: Gott hat in Isaak dem Abraham Samen berufen". Ook H. Ridderbos:⁴⁸ [Dat God na Hom toe roep, beroep, tot sy reddende skatte (heilskatte) beroep, is dan veral by Paulus algemeen ... God het in Isak vir Abraham geroep.] "Dit κληθησεται zag in de Godspraak van Abraham op de toekomstige

⁴⁵ Vs. 12 volgens Néstle.

⁴⁶ Sien hierbo pp. 164-165.

⁴⁷ καλεω, TWNT IV, 489.

⁴⁸ Romeinen, 210.

erkenning van Abrahams zaad door de mensen. De apostel verstaat dit pass., evenals het λογίζεται in vs. 8, stellig ook als uitdrukking van *hetgeen* voor God gold, vgl. ook vs. 12". W. Bauer⁴⁹ spreek daar anders oor: "Sehr oft liegt d. Nachdruck weniger auf dem Genanntwerden, als darauf, dass der Träger wirkl. ist, was der Name über ihn aussagt... — Hierher mag man auch stellen ... *in I. sollt du samen haben* Rö 9, 7". [Heel dikwels is die beklemtoning minder op dít wat genoem word as daarop wat die draer in werklikheid is, wat die naam oor hom vermeld ... Daarom kan 'n mens ook sê ...*in Isak sal jy 'n nageslag hê*]

Deelgenootskap aan Israel as Godsvolk is nie gegrond bloot op afstamming van die aartsvaders nie. Die onties-natuurmatige Godsvolk- en verbondsgedagte van die Judaïsme het geen fondament in die Skrifte nie, sê Paulus, want reeds in die geval van die twee vleeslike kinders van Abraham self het God vrymagtig alleen Isak tot nageslag gereken, alleen Isak tot kind van die belofte gemaak, en van die twee seuns van Isak het God in vrye uitverkiesing alleen vir Jakob as nageslag gereken. Paulus gebruik juis dié voorbeelde waar die vleeslike kinders wat God nie verkies het, nie alleen afgesny is van die volk Israel in sy hoedanigheid as Godsvolk nie, maar selfs in heeltemal ander volke en wel die primêre vyande van Israel as Godsvolk ontwikkel het, nl. Ismael en Esau.⁵⁰ Ook ^[167] die Rabbynse gedagte van die thesaurus bonis operis van die aartsvaders wat vir hulle vleeslike nakomelinge deelgenootskap aan die heil van God sou waarborg, vind vir Paulus geen grond in die Skrifte nie, want Isak is reeds voor sy geboorte deur God gereken as die "kind van die belofte", en selfs voor die geboorte, voordat hulle "goed of kwaad gedoen het", is Jakob as die nageslag gereken, maar Esau buite die Godsvolk en buite Israel as volk geplaas, sodat "die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep!" (vs. 11).

Daarom toon Paulus ook vanaf vs. 13 tot vs. 29 nader aan dat God volkome vrymagtig is in die konstituering van die Godsvolk binne die kring van die empiriese Israel — so vrymagtig dat God ten slotte selfs buite die kring van Israel kon gaan om nou in Christus ook die εθνη wat altyd ου λαος was, λαος, Godsvolk, te maak net soos Hy in die tyd van die profeet Hosea belof het om Israel wat deur hul ontrou nie meer werd was om Godsvolk te wees nie, weer as sy Godsvolk terug te neem. So min lê daar enige kousale verband tussen die empiriese verskyningsomvang van die volk Israel en Israel soos God dit in sy genadeverkiesing as Godsvolk aangeneem het (9:25, 26)!⁵¹

Die volksbestaan van Israel self het dus nie enige kousatiewe krag vir die bestaan of voortbestaan van Israel as Godsvolk nie. Ook het die natuurlike verbondenheid deur afstamming aan die histories-etniese volk Israel geen kousatiewe krag om die deelgenootskap van lede van die volk aan die Godsvolk te waarborg nie. Beslissend is alleen die vrymagtige uitverkiesende welbehag van God in sy verbond.⁵²

Hierdie prinsipiële verklaring van Paulus laat die kardinale vraag na vore tree:

Beteken dit 'n vergeesteliking van Israel?

Gaan dit dus hier eintlik om die kerk, die gelowiges uit die hele mensdom, wat in die plek van die histories-etniese volk Israel gekom het? Was dit die eintlike sin van God se verbond dat dit in werklikheid met hierdie geestelike "Israel" gesluit is? Het ons hier 'n geestelike "Israel"

⁴⁹ *Wörterbuch*, Kolomme 788, 789.

⁵⁰ Vir hierdie insig dank ek Munck: *Israël*, 36.

⁵¹ Op Rom. 9:25, 26 word breedvoeriger ingegaan by die bespreking van die verhouding tussen Israël en die heidennasies binne die Godsvolk; sien pp. 182-184.

⁵² Vgl. o.a. Nygren: *Romans*, 362-363; Oepke: *Gottesvolk*, 214; Ridderbos: *Israël*, 45 en *Romeinen* 211; ook Schoeps het hier reg: *Paulus*, 251.

waarby die etnies-historiese volksverband geheel opsy geskuif is? Of sê Paulus dat op die wyse soos hy dit beskryf, die werklike, histories-etniese volk Israel altyd Godsvolk was en nog is?

Die eersgenoemde verklaring hou as noodwendige konsekwensie in dat Paulus in 9:6 e.v. die geskiedenis van Israel ^[168] en in die besonder die geskiedenis van die aartsvaders verallegoriseer. Wie in hierdie verse by Paulus 'n teëstelling sien tussen die volk Israel en die ware geestelike Israel, t.w. die universele Nieu-Testamentiese kerk, soos bv. J. Behm,⁵³ R.P. Shedd⁵⁴ en W. Mundle,⁵⁵ moet by die konsekwente deurvoering van hul beskouing uitkom by die aanvaarding dat Paulus die O.T. verallegoriseer. Dit geld ook diegene wat in hierdie verse 'n alte skerpe skeiding tussen die "natuurlike Israel" en die "geestelike Israel" wil sien soos bv. A. Nygren,⁵⁶ A. Schlatter,⁵⁷ G. Schrenk⁵⁸ en H. Ridderbos.⁵⁹ Hierdie konsekwensie het H.-J. Schoeps⁶⁰ wel deurgetrek, wanneer hy sê in 9:6 e.v. word "der ontisch-naturale Charakter der jüdischen Bundesvorstellung *spiritualisierf*, und die Erwahlungsurkunden der Patriarchengeschichte können 'geistlich' ausgelegt werden" (beklemtoning deur my — J.C.C.). [die onties-natuurlike karakter van die Joodse verbondsbegrip word vergeestelik, en die sertifikate van die verkiesing van die patriargale geskiedenis kan "geestelik" geïnterpreteer word.] Skerp stelling teen hierdie interpretasie van Rom. 9:6 e.v. word ingeneem onder andere deur P. Althaus,⁶¹ E. Gaugler⁶² en J. Munck.⁶³ Laasgenoemde vat dit kort saam: "Nicht ist Paulus' Erwägung hier die, dass es im neuen Israel, der Kirche, 'Israeliten' gibt, die dem fleischlichen Israel nicht angehören". [Paulus se oorweging hier is nie dat daar in die nuwe Israel, die Kerk, 'Israeliete' is wat nie tot die vleeslike Israel behoort nie.]

Verskeie gegewens toon ontenseglik dat die ware Israel, die kinders van die belofte waaroor Paulus in Rom. 9:6-8 spreek, inderdaad die werklike, histories-etniese volk Israel is! Israel word hier *nie vergeestelik* nie.

(i) *Aanduidings uit die voorafgaande gegewens.*

Dit het reeds geblyk dat die *probleem* wat Paulus hier bespreek, die vraag na die handhawing van die verbond met die *histories-etniese volk* Israel is, terwyl die probleem opkom uit die ongeregtigheid juis van die werklike volk Israel in sy empiriese bestaan — vgl. *p. 161* hierbo. Kan Paulus dan 'n sinvolle antwoord gee deur te sê: die universele kerk, die ware Godsvolk, is die geestelike Israel en daarom bly die verbond staan? Ook het reeds geblyk dat Paulus duidelik sê dat die verbond staande bly, omdat 'n *na binne verengde* volk Israel die ware Israel, die kinders van die verbond, is — vgl. *pp. 165-166*. Dit is tog nie vergeesteliking nie maar alleen 'n beperking van die getal van die volk Israel deur God self volgens Goddelike

⁵³ *Volk und Gottesvolk*, 61-62.

⁵⁴ *Man in Community. A study of St. Paul's application of O.T. and Early Jewish conceptions of human solidarity*, 1958, 127.

⁵⁵ *Das Kirchenbewusstsein der ältesten Christenheit*, ZNTW 22 (1933), 38-39.

⁵⁶ *Romans*, 363-364.

⁵⁷ *Gottes Gerechtigkeit*, 297-298.

⁵⁸ Schrenk: *Wetssagung*, 26-27.

⁵⁹ Hoewel Ridderbos in sy kommentaar: *Romeinen*, 209-211, en sy *Israël*, 45-47, Israel nie uitdruklik wil vergeesteik nie, onderskei hy daarin reeds skerp tussen Israel as volk en "het gequalifiseerde Israël" wat hy liever aandui tussen aanhalingstekens: "Israël". Uit sy *The Epistle of Paul to the Churches of Galatia*, in: *The new international commentary on the N.T.*, 1953, 227, blyk dat hy onder hierdie "Israël" tog wel die universele kerk verstaan.

⁶⁰ *Paulus*, 252; vgl. veral sy voetnoot 1.

⁶¹ Der Brief an die Römer, Das N.T. Deutsch, ⁶1949, 86.

⁶² *Der Brief an die Römer*, in: *Prophezei, II*, 1952, 23.

⁶³ Munck: *Israël*, 31-32.

welbehae.

(ii) *Paulus se uitdruklike doel is om te toon dat hy niks nuuts aangaande die verbond wil verkondig nie.*

Van beslissende belang is die wyse waarop Paulus teruggryp ^[169] *na die O.T.* met die spesifieke doel om te bewys dat hy hier niks nuuts verkondig nie, maar dat hy net wil aantoon wat die aard van die verbond *van die begin af was*.⁶⁴ Paulus benadruk dat die "nie almal uit Israel, is Israel nie" en "die kinders van belofte" ens., dat dit nie iets nuuts van die nuwe messiaanse tyd is nie, maar dat dit intendeel vanaf die begin van die verbondsgeskiedenis, vanaf die tyd van Abraham (vss. 7-9), in die tyd van vader Jakob (vss. 11-13) en in die tyd van die profete (vss. 27-29) so was. Die huidige toestand, nl. dat Israel as 'n na-binne-verengde volk Godsvolk is en dit enkel op grond van God se vrymagtige uitverkiesende welbehae, — dit was en is die beginsel van Israel se hele verbondsgeskiedenis.

Binne die vleeslike nageslag van Abraham, binne die empiriese volk Israel het God vanaf die verbondsluiting met Abraham sy kinders van die belofte gehad, sy ware verbondsvolk, sy ware Israel, die volk Israel, soos God dit sien, dit verkies het, dit geroep het — κληθησεται (vs. 7) — die "εκκλησια" in Israel, (die Israel van God?!).

Wie desnieteenstaande in hierdie hoofstukke die Godsvolk Israel as 'n geestelike Israel wil beskou, moet aanvaar dat Paulus die hele Ou-Testamentiese verbondsgeskiedenis vergeestelik het⁶⁵ en dit dus in sy wese ondergrawe het. "The historical particularity of Israel covenanted with God persists throughout the Christian era... the Covenant with Israel as God's people remains in force, and cannot be 'spiritualised' and turned into some form alien to the stubborn historicity of its nature without calling in question the whole historical foundation of God's Revelation in Old Testament and New Testament".⁶⁶

(iii) *Die betekenis van "kinders van die belofte".*

Die moontlikheid van 'n "geestelike" verklaring van "Israel" in Rom. 9 word primêr gesoek in vs. 8: "Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag". Dit sou dan wil sê: nie die vleeslike Israel is die Godsvolk nie maar wel die Israel van die belofte, dus die geestelike Israel — die gelowiges in die algemeen.

Dat die *τεκνα της επαγγελιας* hier egter werklike, vleeslike kinders (maar dan 'n beperkte deel van al die kinders) aandui, staan vas:

(a) Al staan daar "nie die *τεκνα*: van die vlees is die *τεκνα* ^[170] van God nie", dan bly dit nog "maar wel die *τεκνα* van die belofte". Die ware nageslag bly nog *kinders* en bly ook nog *σπερμα*, saad, nageslag (vs. 7 en vs. 8). Dit gaan in Paulus se voorbeelde dan ook elke keer wel om 'n *vleeslike* kind (Isak, Jakob) en nie om geestelike geloofskinders nie.

(b) Ook is vs. 8 nie los te maak van die voorafgaande verse nie, maar dit is intendeel volkome daarmee gelykgestel deur die inleidende woorde van vs. 8: *τουτεστιν*. Terwyl vs. 8 nou skynbaar 'n absolute teëstelling maak tussen "kinders van die vlees" en "kinders van die belofte", sê die daar aan gelykgestelde vs. 7 uitdruklik "Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is *παντες*, *almal* kinders nie, terwyl in vers 6b die nadruk selfs in die eerste plek val op die *ου παντες*, nie *almal* nie. Dit geld dus inderdaad ook vir vs. 8, waar dit klaarblyklik vanweë die besondere klem wat dit in die vorige verse gehad het, deur Paulus as

⁶⁴ Op hierdie klem van Paulus wys ook Ridderbos: *Romeinen*, 210 en Munck: *Israël*, 32.

⁶⁵ Hierin is H.J. Schoeps (sien voetnoot 9 op p.183) ten minste konsekwent

⁶⁶ T.F. Torrance, *Israel and the Incarnation*, Jud. 13 (1957), 15.

vanselfsprekend geag is. "Der Ton liegt in 9, 6-8 ganz auf ου παντες" [Die klem is in 9, 6-8 volledig op ου παντες] merk F.W. Maier⁶⁷ tereg op. Dus: nie *almal* wat kinders van Abraham na die vlees is, is ook kinders van die belofte nie. Die res, die ander kinders na die vlees, is *wel* kinders van die belofte. Die ander kinders na die vlees word gereken as die *hele* nageslag!

Die bedoeling van die woorde "nie almal wat uit Israel is, is Israel nie", kan hier nie wees om die kerk van alle gelowiges aan te dui as die ware Israel, die Israel van die belofte, nie, want dan moes daar gestaan het: "almal wat Israel is, is nie uit Israel nie" — alleen dan was daar vergeesteliking.

In vs. 9 gee Paulus self die bewys van die wese van hierdie "kinders van die belofte". In sy oorspronklike vorm is die belofte 'n belofte dat deur die almagtige en vrymagtige welbehag van God Sara 'n seun sal hê. Om hierdie rede dan is Isak 'n "kind van die belofte". Dus: 'n werklike kind, gebore uit die ouers met wie die verbond gesluit is, — maar 'n kind nie *net* deur vleeslike oorweging nie dog deur God se genadebelofte. Ook nie maar net as 'n seun wat gebore sal word volgens God se belofte nie, maar as die seun wat God en belowe en daardeur reken tot die hele vleeslike nageslag met wie Hy sy verbond gesluit het. So is ook Jakob — en nie Esau nie — *gebore* uit Rebekka wat "swanger (was) uit een, Isak, ons vader", as die "kind van die belofte".

So is selfs Jesus Christus, dié Saad van Abraham^[171] (vgl. Gal. 3:16) ter vervulling van die verbondsbelofte aan Abraham, gebore uit Israel "na die vlees"! (9:5).

(e) In 11:1 noem Paulus homself as voorhuid van 'n Israëliet wat nie verwerp is nie, en daarom, sê hy, is ook Israel nie verwerp nie. Hyself is dié bewys, omdat (γὰρ is hier kousaal) καὶ ἐγὼ Ἰσραηλιτῆς εἰμι, ἐκ σπέρματος Ἀβραάμ, φυλῆς Βενιαμὴν: "ook ek 'n Israëliet is, uit die nageslag van Abraham, uit die stam van Benjamin". Indien "Israëliet" en "uit die nageslag van Abraham" in sigself nog in "geestelike" sin geïnterpreteer sou kon word niesteenstaande die feit dat Paulus wanneer hy homself so noem, hom uitdruklik gelykskakel met sy vleeslike volksgenote van die voorafgaande verse (deur te begin καὶ ἐγὼ, "óók ek"), dan word dié interpretasie egter by die wortel afgesny deur die byvoeging φυλῆς Βενιαμὴν. Dit is net in etniese sin te verstaan⁶⁸ en is ten nouste verbonde aan die voorafgaande uitdrukkings. As Paulus in 2 Kor. 11:22 op feitlik identiese wyse homself tipeer, dan het ook die uitdrukking σπέρμα τοῦ Ἀβραάμ daar onteenseglik suiwer etniese betekenis.

Juis omdat die gelowige Paulus 'n *vleeslike* Israëliet is, is hy 'n bewys dat Israel behoue bly as Godsvolk — Israel is dus as *histories-etniese* volk nog Godsvolk.

Die Abrahamkindskap in Rom. 4 en Gal. 3 en 4.

Die vraag na die betekenis van die Abrahamkindskap in Rom. 4 en Gal. 3 en 4 is hier onvermydelik. Hoe is die wyse waarop Paulus in Rom. 9 spreek oor die Abrahamkindskap te rym met sy gebruik van die gedagte in Rom. 4 en Gal 3 en 4?

In Rom. 4 sê Paulus bv. in vs. 16: "sodat... die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag (σπέρμα); nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van

⁶⁷ *Israël in der Heils geschichte nach Röm. 9-11*, BZ 12, Heft. 11/12 (1929), 17.

⁶⁸ Vir die betekenis van φυλή sien hf. 1, § 3, pp. 58-60. Hoewel verskeie eksegete, o.a. O. Michel, K. Barth, F. Leenhardt en veral W. Vischer 'n besonder omvattende bedoeling van Paulus met hierdie woorde sien, erken ook hulle tog dat die primêre betekenis daarvan is om aan te toon "er ist ein reinblutiger Israelit, nämlich von dem Stamme Benjamin" - woorde van W. Vischer: *Das Geheimnis Israels, Eine Erklärung der kapitel 9-11 des Römerbriefes*, Jud. 6 (1950), 112. Volgens S. Greijdanus en H. Ridderbos "is hierin niet anders te zoeken dan een bevestiging van zijn natuurlijke afstamming van Abraham" - woorde van Ridderbos: *Romeinen*, 246. Vgl. ook K.L. Schmidt: *Die Judenfrage im Lichte der Kapitel 9-11 des Römerbriefes*, TS 13 (1943), 40.

Abraham is, die vader van ons almal". En in Gal. 3 sê hy bv. in vs. 29: "en as julle aan Christus behoort, dan is julle nageslag⁶⁹ van Abraham en volgens die belofte erfgename", en in 4:28: "maar julle, broeders, is soos Isak kinders van die belofte".

Is dit nie onmiskenbaar 'n vergeesteliking van die Abrahamkindskap nie?

Ongetwyfeld word hier gesê dat die gelowiges uit die heidennasies deur die geloof in Christus *geestelike kinders*, geestelike nageslag van Abraham, is. Hier word inderdaad mense alleen op grond van hulle geloof sonder enige etniese ^[172] verbintenis kinders en nageslag van Abraham genoem. Maar! Dit is nie vergeesteliking van die Abrahamkindskap van Israel, van die verbond van God met Israel, van die volk Israel, nie!

Hoewel *Rom. 4* onomwonde van Abraham spreek as die "vader van ons almal" (vs. 16) en as "die vader... van almal wat glo", onderskei Paulus tog duidelik tussen die Abraham-kindskap van die Israëliete en dié van die heidennasies. Israel en die εθνη is nie op identiese wyse kinders van Abraham nie. Binne die "hele nageslag" is daar kinders wat "uit die wet" is en daar is kinders wat kinders "uit die geloof van Abraham" is (vs. 16). Eersgenoemdes is diegene vir wie Abraham "ons vader na die vlees" (vs. 1) is en bly, en van wie Abraham die "vader van die besnydenis" (vs. 12) is, d.i. die vleeslike kinders van Abraham, die *volk* Israel. Die ander is die "baie nasies", wat kinders van Abraham is volgens God se belofte; "Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak" (vs. 17).

Alleen: daar is wel in soverre identiteit dat vir albei groepe enkel en alleen die geloof uit genade bepalend is vir die ware Abrahamkindskap. Om dit duidelik te maak, is die doel van Paulus se bewysvoering dat Abraham die geregtigheid ontvang het as 'n *onbesnedene*. Daar is nie vir die kinders van die vlees 'n ander grond vir ontvangs van die geregtigheid nie, *ook* hulle ontvang dit alleen op grond van die geloof. Die Abrahamkindskap van die gelowige Israëliete word nie vergeestelik nie, maar dit word ook nie *net* gegrond op vleeslike afstamming nie. Vs. 12 omskryf die ware Abrahamkindskap van Israel noukeurig: hulle is "die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in *die* voetstappe van die geloof van ons vader Abraham".

Ongeregverdigd is egter H. Ridderbos⁷⁰ en ook S. Greijdanus⁷¹ se verklaring van vers 16. Hulle wil die woorde "ου ... τω Ἀβρααμ" verstaan as "(voor heel dat zaad) dat niet slechts uit de wet, maar ook uit het geloof is".⁷² Hulle wil hieruit dus soos in vs. 12 net één groep aangedui sien. Daarteen getuig: (i) die duidelike woordvolgorde en die herhaalde τω; (ii) die beklemtoning in die vers van die "*hele* nageslag" en van die "vader van ons *almal*", waaruit blyk dat Paulus hier nie die aard van die Abrahamkind wil aandui nie, maar wil wys op die verskillende-groepe-omvattende aard van die nageslag van Abraham⁷³; (iii) die feit dat Paulus ook in vs. 9 die saak opper van die inbegrepenheid van sowel die besnedenes as die onbesnedenes en in vs. 11 en 12 'n duidelike parallelle onderskeiding maak van die twee groepe van wie Abraham 'n vader is. Die groep "wat uit die geloof van Abraham is" (vs. 16), ^[173] word in vs. 11 beskryf as "almal wat glo terwyl hulle onbesnede is", en die groep "wat uit die wet is" (vs. 16), word in vs. 12 nader omskryf as "die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham..." Uit vs. 12 se omskrywing van die τω εκ του νομου van vs. 16 blyk ook duidelik dat O. Michel⁷⁴ ten onregte in vs. 16 'n erkenning van die wetsgeregtigheid en 'n Abrahamkindskap op grond van wetsvervulling sien.

⁶⁹ Let wel: σπέρμα nie το σπέρμα, "*die* nageslag" soos die Afr. vert. dit het nie.

⁷⁰ *Romeinen*, 98-99.

⁷¹ *Rome I*, 238.

⁷² Ridderbos: *Romeinen*, 98-99.

⁷³ So ook Nygren: *Romans*, 178; Schlatter: *Gottes Gerechtigkeit*, 168.

⁷⁴ *Der Brief an die Römer, Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. 4*, ¹⁰1955, 108.

By die samestelling van die ware nageslag van Abraham is daar dus *verenging* binne die kring van die kinders na die vlees, binne die natuurlike volk Israel, met die geloof as die beginsel van verenging en die grond vir toebehore tot die ware nageslag van Abraham. En hierdie verenging was daar van die begin. As nageslag van Abraham word nou egter ook die gelowiges uit die volkere gereken volgens God se belofte aan Abraham. Daar is dus in die hede twee soorte ware Abrahamkinders: die een groep is ware Abrahamkinders, omdat hulle deur Gods genade *gelowige vleeslike kinders* is van Abraham met wie en met wie se nageslag God sy verbond gesluit het; die ander groep is ware Abrahamkinders, omdat hulle deur Gods genade *gelowige geesteskinders* van Abraham is op grond van God se verbondsbelofte aan Abraham dat hy die vader van "baie nasies" sal word.⁷⁵

In Rom. 4 word Israel se Abrahamkindschap nie vergeestelik nie, nóg deur die geloofseis vir die ware kindschap van Israëliete nóg deur inbegrepenheid van die heidennasies. Want die geloofseis het reeds van die begin af verenging binne die volk gebring, en die inbegrepenheid van die heidennasies geskied volgens God se beloftewoord aan Abraham wat reeds in die begin van die verbondsgeskiedenis gegee is. Die verbond met die volk Israel is nie vergeestelik nie, maar God het vanaf die begin die insluiting van die heidennasies in 'n aparte verbondsbelofte aan Abraham aangekondig.

Gal. 3 en 4 handel oor die inbegrepenheid van die heidennasies in die heil en wil aantoon dat dit geskied sonder dat die heidennasies die wet op hulle hoef te neem, omdat die verlossing uit genade deur die geloof is. Abraham reeds is deur die geloof geregverdig en net so word die heidennasies vandag deur die geloof geregverdig as geestelike geloofskinders van Abraham volgens die belofte wat reeds aan Abraham in Gen. 12:3; 18:18 gegee is: "In jou sal al die nasies geseën word" (3:8).

Dit gaan in hierdie hoofstukke alleen om die Abrahamkindschap van die *heidennasies*. En dit, sê Paulus, is 'n suiwer ^[174] geestelike kindschap. Oor die aard van die gelowige Israëliete se Abrahamkindschap word hier nie gespreek nie. Paulus sê dan ook in 3:29 nie "julle is *die* nageslag" nie, maar net "julle is nageslag" — dit impliseer "julle is *ook* nageslag naas Israel, die vleeslike nageslag". Die teenwoordige Abrahamkindschap van die heidennasies grond Paulus in die vervulling van 'n *selfstandige belofte* van God aan Abraham wat die nasies raak. (*Gal. 3:8*). Paulus vergeestelik nie hiervoor die verbondsbelofte aan Abraham rakende sy liggaamlike nakomelinge nie. Dat dus volgens *Gal. 3 en 4* die Abrahamkindschap van die heidennasies 'n suiwer geestelike kindschap is, raak nog nie die posisie van die volk Israel as die nageslag van Abraham aan wie God sy verbondsbelofte gegee het nie.⁷⁶ Alleen word alle gebondenheid van die heil aan die blote liggaamlike afstamming radikaal afgewys.⁷⁷

Uit sowel Rom. 4 as Gal. 3 en 4 blyk dat Paulus duidelik onderskei tussen die Abrahamkindschap van die volk Israel soos vereng tot sy gelowiges en dié van die gelowiges uit die ander nasies. Ook is dit duidelik dat Paulus vir die Abrahamkindschap van laasgenoemdes teruggryp op God se belofte aan Abraham en wel dié belofte wat gaan oor die ander nasies en dat hy nie die heidengelowiges insluit deur vergeesteliking van die belofte rakende Israel as die vleeslike volk uit Abraham nie.

Die gegewens van Rom. 4 en Gal. 3 en 4 oor die Abrahamkindschap is dus geensins in stryd met Rom. 9:6 nie.

⁷⁵ Daarom gaan Ridderbos verkeerd as hy sê: "Hij legt immers het vaderschap van Abraham geheel uit als een geestelijk vaderschap" — *Romeinen*, 95.

⁷⁶ Dit teenoor Blauw: *Goden en mensen*, 117, wat oor Gal. 3 opmerk: "Gelijk Christus het einde der wet is, is Hij ook het einde van het oude Israël".

⁷⁷ Vgl. Oepke: *Gottesvolk*, 202-204.

In Rom. 9:6 e.v. het Paulus die prinsipiële verklaring gegee van sy antwoord — die antwoord dat Gods verbond met Israel gehandhaaf bly en Israel nog Godsvolk is. Sy prinsipiële verklaring het ingehou: God het 'n onverbreeklike verbond gesluit met die volk Israel. Maar vanaf die begin, vanaf die verbondsluiting met Abraham, was dit 'n verbond wat berus het op die vrymagtige uitverkiesende genade van God. Daarom is die ware Israel of Israel in sy hoedanigheid as Godsvolk in die hede soos in die verlede en vanaf die verbondsluiting die histories-etniese volk soos dit na binne vereng is deur God se vrymagtige uitverkiesing en soos God dit tot openbaring bring in die gelowiges in Israel.

(b) *Die feitlike verklaring — Rom. 11:1b-24.*

Daar *is* nou in die hede ook werklik 'n oorblyfsel van Israel!

Dit is die Goddelike waarborg dat die *volk* behoue bly!

[175]

"Want ook ék is 'n Israeliet, uit die nageslag van Abraham, uit die stam van Benjamin" (11:1b). "(Net soos in die tyd van Elia) net so bestaan daar dan nog⁷⁸ ook in die *teenswoordige* tyd 'n oorblyfsel volgens die verkiesing van die genade" (11:5).

"Hiess es 9, 27: '*nur ein Rest*', so hiesst es nun: ',dennoch: ein Rest'.⁷⁹ [As daar in 9, 27 gesê is: 'slegs 'n oorblyfsel', beteken dit nou: 'nietemin: 'n oorblyfsel'.]

Hiermee verstrek Paulus feitlike bewyse dat die volk Israel nog Godsvolk is.

As *eerste* onomstootlike *bewys* hou die apostel sy eie persoon voor, in Rom. 11:1b.

Paulus beskou die geregverdigde staat voor God van een enkele Israeliet, van een enkele vleeslike(!) lid van die volk Israel,⁸⁰ as *bewys* dat die *volk* nie verwerp is nie! Hiervoor beskou hy homself as die voorbeeld by uitnemendheid — die *εγω* beklemtoon besonderlik die persoon van Paulus.

Waarom hy juis homself as uitnemende voorbeeld voorhou, kan lê in sy apostelskap (F.J. Leenhardt),⁸¹ in die feit dat selfs vir die heidennasies 'n Jood as apostel verkies is (E. Gaugler);⁸² daarin dat hy 'n besondere voorbeeld is van God se magtige en genadige ingrype (H. Ridderbos),⁸³ maar dit word hier tog nie uitgespreek nie. Dit kom vir ons ook nie daarop aan nie. Waarop dit wel aankom, is dit: die feit dat Paulus 'n bekeerde, 'n gelowige, 'n Christen en dus 'n lid van die messiaanse Godsvolk is, terwyl hy wél uit Israel gebore is, deur afstamming tot die volk Israel behoort, is vir Paulus 'n onomstootlike bewys dat Israel as volk nog Godsvolk is.

Dit vul Paulus in *11:2b-7* aan met 'n *tweede bewys*: daar *is* inderdaad in die hede reeds of nog 'n oorblyfsel of 'n *εκλογη*, 'n uitverkorenheid, 'n uitverkore groep deur Gods vrymagtige genade — en daarom kan die volk Israel nie verwerp wees as Godsvolk nie. Weer dus: die feit dat daar reeds of nog Israeliete is wat bekeer is, gelowiges, Christene en dus lede van die messiaanse Godsvolk is, is 'n onomstootlike bewys dat Israel *as volk* nog Godsvolk is.

Hier *λειμμα*, oorblyfsel, is vir Paulus egter nie gelykstaande aan Israel *as volk* nie. Die

⁷⁸ γεγονεν (perf.) "ziet niet zozeer op het proces als wel op het product van Gods doen overblijven: er is een overblijfsel gelaten". — Ridderbos: *Romeinen*, 248.

⁷⁹ Oepke: *Gottesvolk*, 216.

⁸⁰ sien hierbo p. 172 onder punt (e).

⁸¹ *The Epistle to the Romans. A commentary* (vertaal deur H. Knight), 1961, 278.

⁸² *Römer II*, 161-162.

⁸³ *Israël*, 53.

oorblyfsel is nie die verengde geheel van die volk nie, maar net 'n εκλογη, 'n uitverkore groep *van die hede* — vgl. 11:7: "Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie, maar die εκλογη het dit verkry en die ander is verhard".

Die εκλογη of λειμμα is egter wel *verteenwoordigend* van die hele volk, die *kern* van Israel. Daarom dien die bestaan van die εκλογη in die hede as bewys dat God nie die *volk* verstoot ^[176] het nie. Die εκλογη is geen groepie wat onttrek is aan die volk nie, maar as kern is hulle die bewys, die Goddelike borg, ⁸⁴ dat die volk behoue sal bly as Godsvolk. N.A. Dahl ⁸⁵ maak die λειμμα of εκλογη ten onregte los van Israel as volk met die beroep op die gebruik van die woord Israel deur Paulus. Tereg sê G. Schrenk in antwoord aan Dahl: "Als ob das christ-gläubige Israel nichts zu tun habe mit dem volk Israel! Es ist ja doch Rest, Auswahl Israels". ⁸⁶ [Asof Christusgelowige Israel niks met die volk Israel te doen het nie! Dit is immers die res, Israel se keuse]

Daarom kan Paulus in *vss. 11-16* ook as vanselfsprekend aanneem dat terwyl daar nou 'n εκλογη gelowig is, ten slotte ook die πληρωμα (vs. 12), die volk as geheel, ⁸⁷ gelowig sal wees. Met die behoud van die εκλογη in die hede sê *vss. 11-15* by herhaling en uitdruklik, het Gód Hom nie losgemaak van Israel as volk nie; intendeel, die εκλογη toon dat God nog die volk as geheel sal red!

A. Nygren ⁸⁸ vat die kern van die saak hier suiwer: "To understand Paul's use of the concept λειμμα, 'remnant' or 'remainder', it is important to keep in mind ... that... he is not thinking in modern individualistic categories ... The question is not the attitude of God to certain individual members of Israel, but His attitude to *His people*... Even if the great majority in Israel has fallen under God's judgment of rejection, Israel still exists as the people of God; it continues in the 'remnant'. A remnant is not just a group of separate individuals, taken out of a people doomed to overthrow; it is itself the chosen people, it is Israel *in nuce*. In the 'remnant' Israel lives on as the chosen people of God, but in such a way that all human pretensions are excluded, and all is left absolutely in God's hand". Alleen laat Nygren nie genoegsaam uitkom dat die "Israel in nuce" nie die volksgeheel in Gods oog is nie maar borg van die behoud van die ware volk as geheel.

Sy feitlike verklaring sluit Paulus in 11:16-24 af deur dit *toe* te lig *met* die beeld van die olyfboom, ⁸⁹ waarin Israel as 'n mak olyfboom voorgestel word.

Die vergelyking begin op 'n vir hierdie studie dramatiese noot: "as die wortel heilig is, dan die takke ook" (vs. 16b). Die wortel is Abraham. ⁹⁰ Die takke is die nakomelinge van Abraham,

⁸⁴ Vgl. Munck: *Israël*, 81-82. "Dieses Argument setzt voraus, dass der 'Rest' eine Bürgschaft für das ganze Volk Israel ist, und dass das Vorhandensein eines solchen Restes beweist, dass Israel eine Zukunft habe" (92). [Hierdie argument veronderstel dat die 'restant' 'n waarborg vir die hele Israel is, en dat die teenwoordigheid van so 'n res bewys dat Israel 'n toekoms het]

⁸⁵ *Zur Auslegung Gal 6, 16*, Jud. 6 (1950), 162.

⁸⁶ *Der Segenwunsch nach der Kampfpistel*, Jud. 6 (1950), 173.

⁸⁷ So word πληρωμα (vs. 12) verstaan ook deur Ridderbos: *Romeinen*, 254; Nygren: *Romans*, 396; Matter: *Toekomst van Israël*, 45.

⁸⁸ *Romans*, 391-393. Vgl. ook W. Grundmann: *Paulus, aus dem Volke Israel, Apostel der Völker*, Nov. Test. 4 (1960), 276.

⁸⁹ Hier en in punt B hieronder word net ingegaan op Israel se posisie volgens die beeld. In hf. IV kom die posisie van die heidennasies daarvolgens onder die soeklig.

⁹⁰ Vir die aanduiding van Abraham as die "wortel" van Israel by die Jode, vgl. Strack-Billerbeck III, 290 en C. Maurer: ριζα, TWNT VI, 987. Vir Abraham as die "wortel" in Rom. 11:16, vgl Maurer: TWNT VI, 989; Munck: *Israël* 95; Leenhardt: *Romans*, 286; Ridderbos: *Romeinen*, 257-258. Daarenteen wil Gaugler: *Römer* II, 191 (ook Lietzmann) die εκλογη, die reeds gelowende Jode as die wortel reken. Tereg wys Munck: *Israël*, 95 en Maurer:

die natuurlike volk Israel. En, sê Paulus, as — met vanselfsprekende aanvaarding van die feitlikheid van die protasis — Abraham dan heilig is, dan ook sy nakomelinge, die volk Israel. Die heiligheid, d.i. die innige verbondenheid met God wat vrymagtig deur God geskenk is in sy verbond,⁹¹ (die ^[177] heiligheid) van Abraham waarborg die heiligheid van die volk en wel as *histories-etniese volk!*

Weer word vir die behoud van die volk Israel as Godsvolk na Abraham en dus na die verbond met Abraham teruggegryp!

Heeltemal sonder enige grond uit die teks of die verband en teen die duidelike sin daarvan wil K. Barth⁹² hierdie gedeelte vergeestelik en "übergeschichtlich" verstaan: "Mag sein, dass Paulus bei den Worten 'Anbruch' und 'Wurzel' an die Erzväter denkt, mag sein an die Auserwählten aus Israel (11, 9), aber auch dann an diese geschichtlichen Figuren nur als an die Träger jener eschatologischen Möglichkeit, auf keinen Fall aber an eine ober- oder unterirdische geschichtliche Tradition, an einen irgendwie innerweltlichen Zusammenhang" [Dit mag wees dat Paulus aan die aartsvaders dink as hy die woorde 'begin' en 'wortel' gebruik, dit is miskien van die uitverkorenes uit Israel (11, 9), maar selfs dan nan hierdie historiese figure slegs as die draers van daardie eskatologiese moontlikheid, maar in geen geval van 'n bo- of ondergrondse historiese tradisie, van 'n een of ander manier binne-wêreldse konteks nie] W. Fischer weer kom vanuit sy interpretasie van die "wortel" as Jesus Christus tot die absurde stelling: "Alle christen sind als solche rassenmassig Israeliten".⁹³ [As sodanig is alle Christene ras-Israeliete] Die vers en verband laat egter geen ruimte vir vergeesteliking nie.

In absolute sin handhaaf Paulus as vanselfsprekend die verband met Abraham in die natuurlike geslagslyn. Op grond van die verbond met Abraham bly die histories-etniese volk Israel Godsvolk!

In Rom. 9:6-29 het reeds geblyk dat Paulus dit nie bedoel in die sin van 'n ontiese wetmatigheid nie, maar dat dit vir Paulus alleen geskied op grond van God se vrymagtige welbehag waardeur Hy die verbond met Abraham en sy nageslag gesluit het. Ook hier gaan Paulus dadelik in vs. 17 daartoe oor om by te voeg: "En as sommige takke afgekap is ..." en om in vs. 20 ook aan te dui hoekom hulle afgekap is: "deur ongeloof is hulle afgekap". Hiermee sny Paulus enige gedagte aan 'n ontiese wetmatigheid van die posisie van Israel as Godsvolk in die hede by die wortel af. Op grond van ongeloof word nakomelinge van Abraham, lede van die volk Israel, afgesny van die volk in sy hoedanigheid as Godsvolk. Verder nog: vs. 24 toon ook aan dat waar Israel as Godsvolk in die hede kwaai gesnoei is, diegene van Israel wat deur ongeloof afgesny is, ook deur Gods genade en almag weer ingelyf kan word in die volk wanneer hulle tot die geloof kom.

Maar: *die boom bly staan*. Die ontsegging van enige kousatiewe krag aan die volksverband en aan verbondenheid aan die volk beteken egter nie verwerping van die volk nie. Nee, God het vrymagtig Homself verbind met (nie *aan* nie) Abraham en sy nageslag, sy nageslag wat glo. Die boom bly staan. Die ongelowiges is die individuele takke wat van die boom,^[178] uit Israel as Godsvolk verwyder word. Die volk Israel bly in die gelowige Israeliete plus alle Israeliete wat nog tot die geloof sal kom, behoue. Die gelowige Israeliete plus almal wat nog sal glo, is dus die "gesnoeide" boom, die na binne verengde ware volk Israel wat Godsvolk bly. In Gods oog die volk Israel in sy geheel!

TWNT VI; 989 daarop dat die Joods-christene die behoue *takke* van die boom is. Ten onregte wil Barth: *Kirchliche Dogmatik* II, 2, 314 e.v. en Vischer: *Geheimnis Israels*, 125-126 Jesus Christus hier as die wortel sien.

⁹¹ Ridderbos: Romeinen, 257.

⁹² K. Barth: *Der Römerbrief*, 2, 1923, 392-393.

⁹³ *Geheimnis Israels*, 126.

Die beeld van die olyfboom toon dus: by die vorming van die messiaanse Godsvolk word die werklike, histories-etniese volk Israel in sy gelowiges as organiese geheel behou, terwyl die ongelowige Jode as individue afgesny word, maar die gelowiges uit die heidennasies bygevoeg word.

"This illustration has special interest because it makes clear Paul's view of the relation between Israel and the Christian church. We might have expected a different illustration, that God had the unfruitful tree cut down, and in its place planted a new one by the hand of Christ. But that is not what Paul means. The tree remains, it is a holy and noble tree. What has happened is only that some useless branches have been removed and other branches have been put in their place".⁹⁴

B. Die verhouding van die volk Israel tot die heidennasies binne die Godsvolk.

Terwyl Paulus met krag getuig dat die volk Israel nog Godsvolk is, handhaaf hy net so sterk die deelgenootskap wat die heidennasies verkry het aan die Godsvolk.

Wat is dan die verhouding van die volk Israel tot die heidennasies binne die Godsvolk? Verskeie gedeeltes in Rom. 9-11 werp hierop lig, ook in samehang met verwante uitsprake elders in Paulus se briewe.

(i) In die olyfboombeeld.

Rom. 11:16-24 het pertinent ten doel om aan die heiden-christene in Rome die verhouding tussen Israel en die heidennasies binne die Godsvolk duidelik te stel.

Vers 17 plaas dit bo alle twyfel dat Israel *as volk* nog ingeslote is in die Godsvolk, maar ook dat die Godsvolk nie meer *net* uit Israel bestaan nie. Ook die εθνη is nou ingeënt op die boom, d.i. die Godsvolk wat vroeër net uit Israel bestaan het.

Ook stel vs. 17 dit duidelik dat daar net een messiaanse ^[179] Godsvolk is — daar is nie nou twee bome nie maar nog net een. Israel en die heidennasies vorm een Godsvolk. Hulle is 'n eenheid.

En tog is daar in hierdie een boom verskille en verskeidenheid: sommige takke (vss. 21 en 24) het *van nature* (κατα φύσιν) deel aan die wortel en sy seëninge, ander takke (vs. 24) is as (ὡν praes. part.) wilde olyfboomtakke teen die natuur (παρα φύσιν) ingeënt en het teen die natuur deel aan die wortel en sy seëninge. *Israel* het dus soos altyd en op dieselfde natuurlike wyse as altyd deel aan die wortel, aan die seën wat God oor hulle natuurlike (etniese) vader uitgespreek het. Die Israeliete is nog altyd in hul hoedanigheid as afstammeling van Abraham lede van die Godsvolk. Hulle is dit en bly dit wel enkel uit genade deur die geloof, maar tog is en bly hulle dit as *natuurlike*, d.i. as histories-etniese volk uit Abraham hulle vader. Uit vs. 24 blyk dat selfs die ongelowige Israeliete wat nou vanweë ongeloof afgekap is van die boom, deelgenootskap aan die Godsvolk verloor het, by gelowig-wording weer "op hulle *eie* olyfboom ingeënt (sal) word". Hulle sal weer as *natuurlike* takke (οἱ κατα φύσιν) ingelyf word in die gelowige *natuurlike*, d.i. histories-etniese volk Israel wat binne die Godsvolk is. Hulle sal weer as natuurlike Israeliete, as lede van die werklike volk uit Abraham, deel kry aan die Godsvolk.

Daarenteen is die heidennasies nou die eerste keer ingeënt op die Godsvolk en wel *teen die natuur* (παρα φύσιν), terwyl hulle wilde-olyfboomtakke is. Hulle het *teen die natuur* deel aan die wortel — teen die natuur, d.i. as *geestelike nakomeling*, kry hulle deel aan die seën van Abraham. Die heidennasies word nie natuurlike takke nie, hulle word nie ingelyf in Israel nie en kry nie in presies dieselfde hoedanigheid as Israel deel aan die Godsvolk nie.

⁹⁴ Nygren: *Romans*, 399.

Die heidennasies word egter wel ingelyf in die Godsvolk, soos Israel dit reeds is, en kry so, net soos Israel, deel aan die verbond en verbondsbeloftes wat God aan Abraham geskenk het. Daar is volkome gelyke voorregte: dieselfde genade in dieselfde mate op dieselfde grondslag: die heidennasies kry deel aan dieselfde sappige wortel in gelyke mate as Israel *συγκοινωνος* — vs. 17) en wel ook soos Israel alleen op grond van geloof in Jesus Christus (vgl. vss. 20-23).

Binne die Godsvolk is daar dus nou en Israel en die heidennasies. Maar Israel het as natuurlike nageslag van Abraham op grond van die genadegawe van die geloof deel, terwyl die ^[180] heidennasies teen die natuur as geestelike nageslag van Abraham op grond van die genadegawe van die geloof deel het. Daar is dus geen verskil in die genade nie: albei is ingesluit in die Godsvolk; daar is geen verskil in die mate van genade nie: albei deel gelykelyk aan die seën van die verbond met Abraham; daar is geen verskil in die grond waarop hulle dit deelagtig is nie: vir Israel sowel as vir die heidennasies is dit alleen op grond van die geloof uit genade volgens die verbond. Maar hulle het wel as onderskeie groepe in onderskeie hoedanigheid deel aan die Godsvolk. Israel word geen geestelike Israel nie, maar bly die gelowige histories-etniese volk Israel. Die gelowiges uit die heidennasies word geen deel van Israel nie en vorm ook nie saam met die gelowige Jode 'n geestelike Israel nie.⁹⁵

Opvallend is die ooreenkoms van dié gegewens van Rom. 11:17-24 met die resultate van die ondersoek van Paulus se gebruik van die gedagte van die Abrahamkindskap — Rom. 9:6-8 en veral Rom. 4 en Gal. 3 en 4. Ook daar (sien pp. 170-175 hierbo) het geblyk dat Paulus duidelik onderskei tussen die Abrahamkindskap van die gelowige volk Israel en die Abrahamkindskap van dié gelowiges uit die heidennasies. Ook daar was die ware Israel die gelowige vleeslike kinders van Abraham, terwyl die gelowiges uit die heidennasies geestelike kinders van Abraham was.

In hierdie verband is besonder belangrik dat daar geblyk het dat Paulus steeds die opname van die heidennasies in die Godsvolk verbind met die belofte aan Abraham rakende die *nasies* en dit nie in vergeestelike sin verbind met die belofte rakende Israel nie. Dit verklaar waarom daar vir die toetreding van die heidennasies tot die Godsvolk geen vergeesteliking van Israel en van die verbond met Israel nodig is nie. Net soos God by die verbondsbelofte rakende Abraham se vleeslike nasate ook 'n belofte rakende die seën vir die nasies *bygevoeg* het, net so kan ook nou by die vervulling van die belofte die heidennasies eenvoudig *bygevoeg* word by Israel sonder dat daarmee die wyse waarop Israel deel uitmaak van die Godsvolk, t.w. as die na binne verengde *histories-etniese* volk Israel, verander word.

(ii) *In die apostelroeping van Paulus.*

In *Rom. 11:11-15*, toon Paulus aan dat God by die behoud van 'n klein *εκλογη* in die hede nie die band met die volk Israel as geheel deurgesny het nie, maar dat dit vir God ^[181] nog gaan om die behoud van die hele volk. Om dit aan te toon, openbaar Paulus die openbarings-historiese ontwikkelingsgang in die opbouing van die messiaanse Godsvolk in die hede en toekoms: die teenswoordige verharding, val, (*παραπτώμα*, vers 11, 12) of verwerping (*αποβολη*) — vs. 15) van die groot massa van die volk Israel dien tot inbrenging van die heidennasies in die Godsvolk, terwyl dit weer dien⁹⁶ om die volk Israel jaloers te maak en deur bekering te bring tot aanneming (*προσλημψις*) van Israel in sy geheel — die heilsgebeure werk

⁹⁵ Rom. 11:17-24 laat skerp na vore tree die vraag na die verhouding van die gelowiges uit die heidennasies tot hulle *eie* volksverbande. Hieraan word egter in hf. IV aandag geskenk.

⁹⁶ Heel paslik noem Matter: *De toekomst van Israël*, 44-45 en Ridderbos: *Israël*, 53-55 hierdie wisselwerking "een golfbeweging" tussen die volk Israel en die heidennasies.

heen na die inbegrepenheid van die volk Israel as geheel (as πληρωμα).⁹⁷

Hieruit blyk enersyds dat die volk Israel en die heidennasies sonder onderskeid opgeneem word in die een Godsvolk, andersyds dat die volk Israel en die heidennasies tog nog elk 'n rol van sy eie speel in die openbaringsgeskiedenis, so selfs dat die bekering van die heidennasies 'n doel het in die heropname van die volk Israel as geheel! Paulus stel dit so sterk dat die vraag na vore tree of hy hier nie tog die voorrang, die primaat van Israel binne die Godsvolk verkondig nie. Hier "schijnt evenwel de gedachte aan Israels voorrang zich onhoudbaar baan te breken. Israels behoud niets meer, niets minder, schijnt hier het einddoel der wêreldgeskiedenis te zijn".⁹⁸ Tog is dit nie so nie, want Paulus toon ook dat sowel Israel se val as hul aanneming ook weer 'n doel het in die opname van die heidennasies, in die verlossing van die wêreld (vgl. vss. 12 en 15).

Rom. 11:11-15 toon dat by die opname van die gelowiges in die messiaanse Godsvolk dit nie maar 'n opname van 'n kleurlose veelheid van individue is nie, maar dat die gelowiges as afsonderlike *volke* of ten minste dat die gelowiges uit Israel as 'n afsonderlike volk opgeneem word in die messiaanse Godsvolk.

(iii) *In die roeping van die gelowiges deur God.*

Belangwekkende lig werp ook Rom. 9:24-26.

Hierdie woorde uit Hos. 2:22 en 1:10⁹⁹ wat daar gesien het op Israel, haal Paulus aan as Ou-Testamentiese bevestiging dat και εξ εθνων, "ook (mense uit) die heidennasies" tot die Godsvolk geroep is.¹⁰⁰ In Rom. 9:25-26 kan die aangehaalde woorde nie op Israel sien nie,¹⁰¹ want dit is in stryd met die verband. Die klem word immers in die voorafgaande vers deur die αλλα και gelê op εξ εθνων en val nie op εξ Ιουδαιων nie. "9, 25-26 liefert den Schriftbeweis für [lewer skriftuurlike bewyse vir] και εξ εθνων".¹⁰² Om aan te toon hoe vrymagtig God in sy ^[182] genade is by die roeping van die lede van sy Godsvolk, pas Paulus die uitspraak wat reeds in die O.T. getuig het van God se vrymag ten opsigte van Israel as Godsvolk, hier selfs op die Christene uit die heidennasies toe. Die gelowiges uit die heidennasies, wat vroeër nie Godsvolk was nie, het deur Gods vrye genade nou Godsvolk geword net soos die Jode.

Daar is net een Godsvolk wat nou Israel en die heidennasies omvat, en binne hierdie suiwer godsdienstige Godsvolk is hulle ten nouste 'n eenheid: die ου μονον ... αλλα και druk die innige verbondenheid van die Jode en die heidennasies in die Godsvolk uit. Nog sterker word hierdie eenheid uitgedruk in die ους ... ημας (vs. 24) wat voorafgaan aan die onderskeiding van Ιουδαιοι εν εθνη. Daar is nie meer sprake van 'n *verdeling* tussen Jode en heidennasies as "ons" teenoor "julle" nie, maar in die Godsvolk is Ιουδαιοι εν εθνη alleen 'n onderskeiding van die samestellende dele van die diepliggende eenheid die "ons". Die ou teëstelling van Israel as λαος teenoor die εθνη word vervang deur λαος ου μονον εξ Ιουδαιων αλλα και εξ εθνων, waarin albei volksgroepe volkome gelyk is en 'n hegte eenheid vorm.

Die doel van Paulus in hierdie verse is om aan te toon dat die volk Israel nie op grond van

⁹⁷ Vgl. hierbo pp. 176-177.

⁹⁸ Matter: *Toekomst van Israël*, 37.

⁹⁹ BH en LXX: Hos. 2:25 en 2:1.

¹⁰⁰ So o.a. I. Calvinus: *Commentarius in epistolam Pauli ad Romanos, Ioannis Calvini in N.T. commentarii. Ad editionem Amstelodamensem Vol. V, Epistolarum N.T. I*, Berolini (ongedateer) 129, 130; Ridderbos: *Romeinen*, 223; Nygren: *Romans*, 373, 374 (elk met 'n eie beskouing oor Paulus se verklaringsbeginsel alhier).

¹⁰¹ So J.A.C. van Leeuwen en D. Jacobs: *De brief aan die Romeinen. Opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard*, in: *Korte verklaring der Heilige Schrift*. Met nieuwe vertaling, ³1952, 211.

¹⁰² Munck: *Israël*, 58. Vgl. ook Strathmann: TWNT IV, 53-54.

enige verdienste uit die wet Godsvolk is of bly nie, maar alleen deur God se vrymagtige welbehae, sodat God nie gebonde is aan Israel nie maar vry is in die samestelling van sy Godsvolk. Om dit kragtig tuis te bring, wys Paulus daarop dat God nou ook die heidennasies in vrye genade Godsvolk gemaak het sonder dat hulle eers Jode moes word, d.i. eers moes toetree tot die Joodse wetsgemeenskap en Joodse volk.¹⁰³ Ook al besit die gelowige Israel die wet, is die gelowiges uit die heidennasies sonder die wet Godsvolk net soos Israel, saam met Israel, in nouste eenheid met Israel. Al is daar Jode en εθνη, is hulle tesame as ημας, "ons" ten nouste verbonde tot die messiaanse Godsvolk.

Maar aan die ander kant, ook al word hulle saamgegroeper as ημας en al word hulle ten nouste verbind, word hulle nog onderskei as Jode en εθνη ook binne die Godsvolk. Hierdie verse vorm immers deel van Paulus se verklaring van sy antwoord van 9:6 (en 11:1, 2), nl. dat Israel as volk nie verwerp is deur God nie. Paulus toon aan: niteenstaande so 'n grootskaalse ongelooft onder Israel bly dié volk nog Godsvolk, want nie verdienste het die volk Israel Godsvolk gemaak nie maar Gods vrye uitverkiesende genadeverbond.^[183] Hiervan, sê hy nou, is 'n onomstootlike bewys die feit dat God vrymagtig in die teenswoordige tyd ook die gelowiges uit die heidennasies tot Godsvolk gemaak en tot 'n eenheid verbind het met Israel, hier doelbewus Ιουδαίαι, die verbondsvolk wat al te veel hul vertroude daarin stel dat hulle die volk van die wet is.

Besonder opmerklik is dus *dat Paulus nie die erkenning van die bestaan van onderskeie volksgroepe binne die Godsvolk en die nadruk op die eenheid van die Godsvolk as teëstelling teen mekaar afspeel nie*. In Rom. 9:24-26 maak Paulus juis die innige eenheid van Israel en die heidennasies in die Godsvolk tot 'n bewys dat Israel as volk tot die Godsvolk behoort! *Die Godsvolk is vir hom hier 'n suiwer godsdienstige entiteit wat die grense van een volk oorskry sonder dat daarmee die deelgenootskap aan die Godsvolk van die gelowige Israëliete as 'n histories-etniese volkseenhede verdring word*.

Misbruik van Rom. 9:24-26 deur die betekenis van die begrip λαος hier eensydig te beklemtoon en die verse nie in hul verband te verklaar nie, word gemaak deur o.a. P. Althaus en B. Krüger op so 'n wyse dat hulle tot teenoorgestelde konklusies kom. P. Althaus¹⁰⁴ sê: "Die eigene Art jedes Volkes ist uns als ein besonderer Schöpfergedanke Gottes heilig. Gottes Freiheit ruft uns aus vor-volkhaften, geschichtslosen Dasein zum volkhaften Leben. Gottes Ruf macht Nicht-Volk zum Volke". [Die eie soortigheid van elke volk is vir ons heilig as 'n besondere skeppingsgedagte van God. God se vrymag roep ons uit 'n voor-volkslewe, geskiedenislose bestaan na 'n volkslewe. God se oproep maak nie-volk tot volk] B. Krüger¹⁰⁵ verklaar; "So ausgedrückt bedeutet die Gnade Gottes in Jesus Christus ... nichts anderes als eine Volkwerdung". [So gestel dui dit op God se genade in Jesus Christus ... beteken niks anders as 'n volk-word nie] Deur hierin net 'n "Volkwerdung", en nie 'n "Gottesvolkwerdung" nie, te sien, konkludeer Krüger dan dat by die ingaan in hierdie volk, die deelgenootskap aan die eie volksbestaan verbreek word.

(iv) *In die "geen onderskeid"-uitsprake van Paulus.*

In verskeie tekste spreek Paulus hom pertinent uit oor die vraag na verskille en onderskeid tussen die gelowiges in die Godsvolk. Tekste soos Rom. 10:12, Gal. 3:28, 1 Kor. 12:12-13, Kol. 3:11 word veelal gebruik as bewyse vir die uitwissing van alle volksgrense en volksonderskeidings in die Godsvolk. Ander, waaronder veral Rom. 1:16 en Rom. 2:9, 10, word dikwels beskou as voorbeelde waar Paulus tog aan Israel 'n prerogatief of prioriteit van die een of ander

¹⁰³ Sien hf. I, § 4 onder Ιουδαίαι, P. 78 en hf. II, § 3, p. 132 e.v.

¹⁰⁴ *Kirche, Volk und Staat*, in: *Kirche, Volk und Staat. Stimmen aus der Deutschen Evangelischen Kirche zur Oxforder Weltkirchenkonferenz, 1937*, 19.

¹⁰⁵ *Das Volk Gottes und die Verschiedenheit der Völker in der Heiligen Schrift*, EMM 92, Heft 1 (1948), 7.

aard in die Godsvolk toesê.

Hierdie tekste val almal in dieselfde kategorie in soverre (i) Paulus in hulle die benaming *Ιουδαιοι* gebruik; (ii) dit in ^[184] hulle gaan om die verhouding van die Jode tot die *Ελληνες* of *εθνη* en die formulering nou verwant is.

Dit is opmerklik dat in al hierdie verwante tekste die benaming *Ιουδαιοι* vir die Israëliete gebruik word, 'n benaming wat by Paulus meestal die volk aandui as die volk-van-die-wet, veral as diegene wat hul vertrou dat hulle Godewelgevallig is, plaas in hulle besit van die wet.¹⁰⁶ Op grond hiervan reeds is dit twyfelagtig of Paulus in dié tekste wel spreek oor die handhawing of uitwissing van die onderskeid tussen *volke as sodanig*. Veeleer behoort dit te gaan om die vraag wat die verhouding is van die gelowiges uit Israel *in hulle hoedanigheid as diegene wat die wet besit*, tot die gelowiges uit die heidennasies *in hulle hoedanigheid as diegene wat die wet nie besit nie*. As dit inderdaad die bedoeling is, kan dan in die lig van Paulus se konsekwente *oordeel* oor die *wet* verwag word dat hy geen onderskeid sal erken nie.

Ons neem as uitgangspunt *Rom. 10:11-12*. Hierdie verse val in die gedeelte waarin Paulus handel oor die ongeregtigheid van die groot massa van Israel vanweë hul ongeloof in Jesus — 9:30-10:21.¹⁰⁷ Hierbinne vorm dit deel van die verklaring waarom Israel in ongeregtigheid verkeer — 9:32-10:13. In 9:32 het Paulus die verklaring kort saamgevat: Israel het die geregtigheid nie verkry nie, omdat hulle dit nie "uit die geloof" gesoek het nie, "maar net asof dit uit die werke van *die wet* was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot" — Jesus Christus. Die Jode wou dus nie erken dat hulle alleen deur die geloof in Jesus Christus tot die messiaanse Godsvolk kan behoort nie, maar hulle "het hulle eie geregtigheid probeer oprig" (10:3), nl. geregtigheid deur die wet. Die Jode was oortuig dat hulle in teëstelling tot en in onderskeiding van die nie-Jode deur *die wet* wat hulle *besit*, geregverdig kon word. Maar, sê Paulus, die *dader* van die wet sal deur die wet lewe, nie hy wat die wet maar net besit nie (10:5). Daarom het Christus gekom as die einde van die wet, sodat nou elkeen wat in Hom glo, die geregtigheid verkry (10:4) — die wet is dus kragteloos om aan enigiemand geregtigheid te gee. Dit is dus, sê Paulus in 10:11, soos "die Skrif sê: *Elkeen* (met die klem op die *πας* wat hy anders as in 9:33 byvoeg) wat in Hom glo, sal nie beskaam staan nie". Inderdaad is daar *vir alle mense net een weg*: enkel uit die genade van Christus deur geloof in Hom.

In 10:12 gee Paulus 'n formulering van die hele uiteensetting met die woorde: "Want daar is nie 'n *διαστολη* van Jood en Griek nie". Dit gaan vir hom daarom om aan te ^[185]toon dat daar vir Israel deur sy besit van die wet (dáárom is dit hier *Ιουδαιοι*, al gaan dit in *Rom. 9-11* om *Ισραηλ*, die verbondsvolk!) nie 'n eie weg, onderskeie van die weg van die heidennasies tot geregtigheid is nie.

Die *διαστολη* het hier dus feitlik die betekenis en gevoelswaarde van die moderne woord "diskriminasie". Daar bestaan in die weg tot deelgenootskap aan die Godsvolk geen diskriminasie nie. Daar is geen onderskeid waardeur een groep — die Jode — bevoordeel word net omdat hulle die wet besit, sodat hulle op 'n ander wyse deel kan kry aan die Godsvolk as dié volke wat die wet nie besit nie.

*Dit gaan in 10:12 hoegenaamd nie om volksonderskeiding binne die Godsvolk nie.*¹⁰⁸ *Dit gaan om die identiese wyse waarop die Jode as die volk van die wet en die heidennasies as die volke sonder die wet gered word. Dit gaan ten diepste om die handhawing van Jesus Christus as die soewereine Heilsmiddelaar.*

¹⁰⁶ Sien hf. I, § 4, pp. 77-78.

¹⁰⁷ Sien hierbo oor die samestelling van *Rom. 9-11*, pp. 157-158.

¹⁰⁸ So ook H. Rengstorff: *διαστολη*, TWNT VII, 593.

Met hierdie: "Want daar is nie 'n onderskeid van Jood en Griek nie" gryp Paulus terug na die sentrale tema van hff. 1-8 en besonderlik na hff. 1-3 waar Paulus die identiese sonde- en ongeregtigheidsposisie van Jood en Griek uiteengesit het deur aan te toon dat die Jode wat hulle op die wet beroem, die wet nie kan onderhou en dus nie deur die wet geregverdig kan word nie, omdat "nie die hoorders van die wet by God geregverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word" (2:13). Hulle is dus nie ware Jode, onderhouers van die wet, mense wat die wet in hul binneste omdra nie (2:28-29).¹⁰⁹ Vanuit die beskrywing van hierdie gelyke sondestaat van die Jood, die man wat tot die wetsvolk behoort, en die Griek, die man sonder die wet, kom Paulus dan in 3:20-30 by die kerngedagte wat hy wil tuisbring: daar is vir albei groepe, Jode en nie-Jode, een en dieselfde weg tot geregtigheid.

Dit bring ons by *Rom. 1:16 en 2:9, 10*.¹¹⁰ In die uitdrukking *Ιουδαίω τε πρώτον και ελληνι* skyn dit of Paulus beslis op die een of ander wyse differensieer tussen Jode en Grieke ten voordele van eersgenoemdes.

Oor die aard van die differensiering kom uiteenlopende interpretasies voor waarvan die volgende die vernaamste nuanseringe is: (i) 'n Prerogatief-standpunt, waarvolgens Paulus hier 'n sekere voorrang aan die gelowiges van die volk Israel bo dié van die heidennasies erken. So sê J. Calvyn¹¹¹: "neque tamen ^[186] Iudaeos gradu et ordine suo depellit, quando erant primi in promissione et vocatione. Ideo suam illis praerogativam servat: sed Gentiles continuo, licet inferiore gradu, consortes adiungit". [En tog ontnem hy die Jode nie hul plek en rangorde nie, aangesien hulle die eerstes was in die belofte en roeping. Daarom handhaaf hy vir hulle hul voorreg, maar voeg dadelik die heidene by as deelgenote, hoewel van 'n laer orde. – Afrikaanse vertaling prof. Stefanus Postma] So ook H.-J. Schoeps¹¹² wat daarby voeg dat Paulus later van hierdie standpunt afgesien het. (ii) 'n Prioriteit-standpunt waarvolgens *πρώτον* "eerste in tydsorde" beteken; hoofsaaklik in een van twee nuanseringe: (a) prioriteit in die verlossing. So sê Sanday-Headlam¹¹³: "he (Paulus) had no choice but to contend for the equal rights of both, a certain precedence might be yielded to the Jews as the chosen people of the Old Covenant, but that is all" en elders¹¹⁴: "... the Jew having precedence, but only precedence: for God regards no distinction of race". So ook K. Barth¹¹⁵ wat 'n voorsprong vir die Jood verbind met die feit dat hy as lid van die verbondsvolk reeds vroeër as die heidene op die verkiesingsvlak geleef het. (b) Prioriteit in evangelieverkondiging. H. Ridderbos¹¹⁶ merk op: "Wij zullen dit moeten verstaan in verband met wat hij in capita 9-11 van de Joden zegt. Aan hen als het volk van de verbonden en beloften, het volk ook uit hetwelk de Christus is voortgekomen, 9:5, is het evangelie éérst gepredikt". So ook H. Windisch,¹¹⁷ J.

¹⁰⁹ Ten onregte word *Rom. 2:28-29* dikwels beskou as 'n aanduiding van die kerk as "geestelike Israel", o.a. Shedd, *Man in Community*, 128. Hierteenoor stel Ridderbos: *Romeinen*, 69, hom tereg, maar hy gaan verkeerd as hy die uitspraak op een lyn stel met *Rom. 9:6* (t.a.p.) soos ook Schlatter, *Gottes Gerechtigkeit*, 297; Gutbrod, *TWNT III*, 390.

¹¹⁰ Wat hier volg, is breër behandel in my ongepubliseerde Th.M.-skripsie: *'n Eksegetiese studie van die uitdrukking "Eers vir die Jood maar ook vir die Griek" by die apostel Paulus*, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1961.

¹¹¹ Calvinus: *Ad Romanos*, 10.

¹¹² *Paulus*, 254.

¹¹³ W. Sanday and A.C. Headlam: *A critical and exegetical commentary on the Epistle to the Romans*, in: I.C.C., 1900, xiii.

¹¹⁴ Sanday-Headlam: *Romans*, 54.

¹¹⁵ *Römerbrief*, 15.

¹¹⁶ *Romeinen*, 33-34.

¹¹⁷ *Ελλην*, *TWNT II*, 511.

Jeremias,¹¹⁸ A. Schlatter,¹¹⁹ (iii) 'n Voorreg-standpunt waarvolgens die *πρωτον* van die Jood in die sin van Rom. 3:1, 2 verstaan word, word deur H. Asmussen¹²⁰ en H. M. Matter¹²¹ voorgestaan.

Dit moet egter ten sterkste betwyfel word dat Paulus met die *πρωτον* by *Ιουδαιος* inderdaad wil differensieer tussen die volk Israel en die heidennasies wat betref hulle posisie ten opsigte van die Godsvolk of wat betref die volgorde van die evangelieverkondiging aan hulle.¹²²

In die eerste plek moet dit vasstaan dat waar Paulus presies dieselfde uitdrukking (met die vir hom ongewone *πρωτον* daarby) in presies dieselfde vorm, elke keer as bystelling by die woord *πας*, drie keer só kort na mekaar gebruik, hy dit bewustelik so gebruik en dat dit elke keer dieselfde betekenis moet hê. Die *πρωτον* kan nie 'n ander betekenis in 1:16 hê as in 2:9 of en 2:10 nie. Hiermee word die moontlikheid dat dié uitdrukking aan Israel 'n prerogatief toeken, by die wortel afgesny, aangesien dit in 2:9, wat spreek van veroordeling, nie dié betekenis kan hê nie. Dieselfde geld vir die beskouing wat *πρωτον* in 1:16 laat sien op die prioriteit van Israel in die ontvangs van die evangelie.¹²³

In die tweede plek, wanneer *πρωτον* oor die hoof gesien word, word *Ιουδαιος* en *Ελλην* ten nouste verbind en gelykgestel deur *τε και*.

In die derde plek maak die feit dat Paulus *Ιουδαιος* gebruik en nie *Ισραηλ* nie, dit baie twyfelagtig of dit hier gaan om ^[187] die verhouding van die volk Israel as die volk van die verbond teenoor die ander volkere (Ridderbos, Sanday-Headlam, Barth, Windisch). Veeleer moet verwag word dat dit hier sal gaan om die rol wat die wet speel in die verhouding van mense tot mekaar in verlossing of in die Godsvolk.

Dit blyk in die vierde plek inderdaad die geval te wees wanneer die verband waarin die uitdrukking voorkom, in ag geneem word. Algemeen word aanvaar dat Rom. 1:16-17 die tema van die brief of ten minste van hff, 1-8 verstrekk. Uit die inhoud van die brief blyk dat dit Paulus se doel is om aan te toon dat verlossing vir *alle* mense alleen moontlik is deur en gegrond is op die genade van God in Christus vir diegene wat *glo*, terwyl die wet geen krag tot verlossing of grond vir aanspraak op verlossing is nie — die wyse van verlossing is universeel eenders: nie deur die wet nie maar alleen deur die geloof. In 1:16 waar hy die hoofgedagte van sy brief formuleer, kan daar dus net sprake wees van 'n moontlike differensiering tussen die *verlossingswyse* van die Jode in hul hoedanigheid as die volk van die wet en die *verlossingswyse* van die Grieke in hul hoedanigheid as diegene sonder die wet. Die woorde "vir die Jood *πρωτον* en ook vir die Griek" is in 1:16 dan ook inderdaad 'n byvoeging by *σωτηρια*, verlossing.¹²⁴ As Paulus hier egter differensieer, kan 1:16 beswaarlik dien as formulering van die tema van die brief. Ook 2:9, 10 staan in 'n gedeelte (1:18-3:31) waarin dit vir Paulus besonderlik gaan om aan die Jood wat hom beroem op die wet, te toon dat blote besit van die wet sonder onderhouding van die wet aan hom geen waarborg van saligheid kan gee nie (vgl. 2:3, 6, 12, 13, ens.) en ook aan hom geen voorrang gee nie (vgl. 2:11; 3:9, ens.), maar dat intendeel alle mense, heidene *en Jode*, geheel en al onder die sonde verkeer, ewe

¹¹⁸ *Jesu Verheissung für die Völker, Franz Delitzsch-Vorlesungen* 1953, 1956, 61.

¹¹⁹ *Gottes Gerechtigkeit*, 33-34.

¹²⁰ *Römerbrief*, 20.

¹²¹ *Toekomst van Israël*, 31, 50.

¹²² Hiermee word nie ontken dat dit praktyk en beginsel van Paulus was om die evangelie eerste aan die Jode te verkondig nie, maar alleen dat hierdie tekste niks daarmee te doen het nie.

¹²³ Ridderbos en Calvyn is inderdaad verplig om die uitdrukking in 1:16 en in 2:9 op heeltemal verskillende maniere te verklaar!

¹²⁴ Nie by *εναγγελιον* soos Ridderbos c.s. dit neem nie; sien p. 187 hierbo.

doemwaardig is — die verband van 2:9, 10 sê: niteenstaande die besit van die wet deur die Jode is die skuld universeel eenders. Boonop is 2:9, 10 niks anders as 'n omskrywing van 2:6 nie: "wat elkeen sal ver geld na sy werke", en word 2:9, 10 opgevolg deur vs. 11: "want daar is geen aanneming van die persoon nie". Ook in 2:9, 10 is dit dus uiters onwaarskynlik dat Paulus wil differensieer tussen Jood en Griek.

Teen die agtergrond van hierdie gegewens is 'n vergelyking van Rom. 1:16-17 met Rom. 10:10-12 en Rom. 3:21-24 van deurslaggewende betekenis. So grondliggend is ^[188] die ooreenkoms tussen die drie gedeeltes dat gekonkludeer móét word dat hulle ten diepste dieselfde wil sê:

| 1:16-17 | 3:21-24 | 10:10-12 |
|---|---|--|
| δικαιοσυνη ... θεου ... αποκαλυπτεται ... εκ πιστεως εις πιστιν | Νυνι δικαιοσυνη θεου πεφανερωται ... δικαιοσυνη δε θεου δια πιστεως | καρδια γαρ πιστευεται εις δικαιοσυνην (Vgl. ook vss. 4, 6) |
| εις σωτηριαν | δικαιοσυνη word herhaal, wat die grond is vir verlossing. | στοματι δε ομολογεται εις σωτηριαν [In die boek staan daar: στοματι δε ομολογεται εις δωτηριαν] |
| παντι τω πιστευοντι | εις παντας τους πιστευοντας | πας ο πιστευων |

Vanuit hierdie sprekende ooreenkoms bied Rom. 3:22-24 en 10:12 'n duidelike verklaring van Ιουδαιω τε πρωτον και ελληνι in 1:16. Al drie gedeeltes bevat naamlik 'n nadere verklaring van *πας ο πιστευων*:

| 1:16 | 3:22-24 | 10:12 |
|--|---|---|
| (παντι τω πιστευοντι) Ιουδαιω τε πρωτον και Ελληνι | (εις παντας τους πιστευοντας) ου γαρ εστι διαστολη παντες γαρ ημαρτον ... δικαιομενοι δωρεαν τη αυτου χαριτι | (πας ο πιστευων) ου γαρ εστι διαστολη Ιουδαιου τε και Ελληνος |

"Vir die Jood *πρωτον* en ook vir die Griek" is dus onteenseglik 'n parallel van die woorde: "daar is nie 'n onderskeid van Jood en Griek nie" van 10:12 en, in verkorte vorm, van 3:22.

Die doel van die *πρωτον* is dus nie om die ooreenkoms van die verlossingswyse van die Jood as die lid van die wetsvolk en die Griek as die lid van die volkere buite die wet op enige manier te beperk as sou daar tog 'n mate van differensiasie wees nie. Veeleer blyk dit dat *πρωτον* nie 'n samestellende deel van die uitdrukking is nie.

Die invoeging van *πρωτον* na Ιουδαιος deur Paulus is te verklaar uit die gesprekstrant van veral Rom. 1:16-3:20, 'n gedeelte waarin Paulus op besonder lewendige wyse 'n polemiese gesprek voer *spesifiek met die Jode*:¹²⁵ van die heidene ^[189] word gespreek as "hulle"

¹²⁵ Dit word op besonder lewendige wyse aangetoon deur Nygren: *Romans*, 113-118. Hoewel F.J. Leenhardt saam met Th. Zahn en E. Kühl 'n ander mening toegedaan is, getuig hy: "Exegesis in general has decided that

(1:18-32), maar vanaf 2:1 word 'n sekere tipe leser direk aangespreek deurdat oorgeskakel word na die tweede persoon "jy" (2:1). Wie dit is, word in 2:17 uitdruklik gesê: "jy dra die naam Jood", terwyl Paulus in die voortgang van sy gesprek homself pertinent aansluit by diegene met wie hy praat: "het *ons* enige voorrang?" (3:9). Paulus redeneer hier *met die Jood* met die doel om op die Jood se hart te druk dat alle mense ewe sondig is, ewe min die wet onderhou en daarom ewe min hulle op die wet kan beroep. Paulus wil die Jood oortuig dat dit futiel is vir hom om hom te beroep op besit van die wet in die vertroue dat hy as Jood deur die wet geregverdig kan word of ten minste 'n sagter oordeel of 'n beter beloning sal ontvang, omdat hy die wet besit. As deel van die gesprekstrant voeg Paulus die *πρωτον* na *Ιουδαιω* te *parenteties* by om aan die Jood te toon dat Paulus in die besonder aan hóm sê dat die verlossingswyse en oordeelswyse presies gelyk is: "vir die Jood — *πρωτον* — sowel as vir die Griek", met die draagkrag van die parentetiese *πρωτον*: — en ek sê dit in die eerste plek, spesifiek, in die besonder aan jou. Jood, man van die wet, omdat juis jy reken dat wetsbesit aan jou 'n besondere en beter posisie verseker ten opsigte van die verlossing en die oordeel van God.

Dit blyk dus dat Rom. 1:16 en 2:9, 10 volkome in een lyn met Rom. 10:12 en 3:22 staan en niks sê oor die verhouding van die volk Israel tot die ander volke binne die Godsvolk nie, maar alleen alle krag van die wet om verskil te maak tussen gelowiges, radikaal afwys.

Dit bevestig Paulus in Rom. 3:1 en 9. Die Jode het as wetsvolk baie voordele gehad deurdat hulle Gods openbaringe ontvang het, maar dit bied aan hulle geen voorrang bo diegene wat die wet nie besit nie.

In die lig van die eenstemmige resultate verkry uit die "geen onderskeid"-tekste van Romeine sou daar heel kort stilgestaan kan word by die "geen onderskeid"-tekste van Paulus se ander briewe. Aangesien verskeie geleerdes egter 'n besliste verskil poneer tussen wat Paulus in Romeine en wat hy in sy ander briewe, veral Galasiërs, sê oor die verhouding van Israel en die heidennasies, is dit tog noodsaaklik om by die belangrikste uitsprake in die ander briewe stil te staan.

Terwyl o.a. H.-J. Schoeps¹²⁶ en E. Stauffer¹²⁷ 'n besliste teëstelling tussen die gegewens van Romeine en dié van die ander briewe sien, wil J. Blauw en L. Brun dit net as 'n aksent-verskil sien. J. Blauw¹²⁸ sê: "Men moet dus bij Paulus onderscheiden ¹⁹⁰ tussen tweeërlei visie op de verhouding tussen Israel en de heidenen (heidenchristenen). De eerste is: de christenen zijn als het eigenlijke Israel, het Israel naar de geest, het eigenlijke volk Gods tegenover¹²⁹ Israel naar het vlees (Galaten). De tweede is: er is in die ganze wêreld maar één volk Gods: Israel; de heidenchristenen zijn in dat volk proselyten, ingelijfd in Israel (Rom. 9-11). Het betreft hier meer een nuancering dan een tegenstelling". En L. Brun¹³⁰ skryf: daar is "bei Paulus zwei Betrachtungsweisen, von denen man mit E. v. Dobschütz die eine als gegensätzlich, die andere als syntetisch bezeichnen kann. In beiden ist die Kirche als neues Gottesvolk, neues Israel gedacht. Aber in der einen liegt der Ton auf 'neues' in der anderen auf 'Israel', was auch für die Auffassung des Verhältnis zwischen Juden- und Heidenchristen von Bedeutung wird". [??] Hierdie verskil wat Brun en Blauw maak, is nie maar net 'n aksentverskil nie dog in wese ook 'n absolute teëstelling: Israel kan nie tegelyk enersyds verwerp wees as Godsvolk en andersyds tog nog die eintlike volk in

Israël is intended" — *Romans*, 73.

¹²⁶ *Paulus*, 254.

¹²⁷ *Theologie*, 116-117.

¹²⁸ *Goden en mensen*, 118.

¹²⁹ Hoe absoluut Blauw die "tegenover" verstaan, blyk uit sy woorde "Gelyk Christus het einde der wet is, is Hij ook het einde van het oude Israël", *Goden en mensen*, 117.

¹³⁰ *Einheitsgedanke*, 105.

die Godsvolk wees nie. Om die twee bymekaar te bring, is 'n dialektiese verklaringsmetode nodig.

Die wyse waarop Galasiërs en Romeine spreek oor die Abrahamkindskap van die gelowiges het ons reeds nagegaan¹³¹ en tot die slotsom gekom dat Paulus in Galasiërs soos in Romeine nie die Abrahamkindskap van die gelowige volk Israel vergeestelik nie, maar net spreek van die geestelike kindskap van die gelowiges uit die heidennasies.

Maar ook *Gal. 3:28, tesame met Kol. 3:11*, word veelal as bewys beskou vir 'n oortuiging dat Paulus buite Rom. 9-11 Israel *as volk* uitskakel uit die Godsvolk, sodat daar vir die histories-etniese volk Israel geen plek is in die Godsvolk nie en die gelowiges in die algemeen ontruk aan hul natuurlike volksverband en oorplaas in 'n bo-aardse, geestelike Israel, die kerk, waar geen volksonderskeidings meer bestaan nie. Dié interpretasie van Gal. 3:28 en Kol. 3:11 word skerp geformuleer deur W. Mundle¹³² wat spreek van "die Schrofte Transzendenz der völlige Gegensatz der Kirche als des übernatürliche leibe Christi zu allem natürlichen Sein des Menschen ... Christ werden bedeutet für ihn das Heraustreten aus der Welt des natürlichen Lebens, Heraustreten aus der Sphäre, in der es allein den Gegensatz von Juden und Heiden gibt (Gal. 3:28, Col. 3:11), und das Hineintreten in die überwirklichkeit des $\sigma\omega\mu\alpha$ Χριστου". [??]

Dit is egter duidelik dat die οὐκ ἐνι, "daar is nie" in Gal. 3:28 nie die konkrete bestaan, die eksistensie van 'n persoon of groep aandui nie. Οὐκ ἐνι beteken nie dat 'n Jood of ^[191] 'n Griek of 'n slaaf of 'n vryman nie binne die Godsvolk bestaan nie; dit kan hier nie beteken die uitwissing van die natuurlike onderskeide nie. Paulus stel immers presies die teenoorgestelde, nl. die behoud van die onderskeid, *by wyse van opdrag* vas (!): "Maar elkeen moet wandel net soos God dit hom toebedeel het, soos die Here elkeen geroep het. En so bepaal ek in al die gemeentes. Is iemand as 'n besnedene (= Jood, by Paulus) geroep — hy moet sy besnydenis nie laat verander nie... Is jy as slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie. Want die slaaf wat in die Here geroep is, is 'n vrygemaakte van die Here; so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van Christus" (1 Kor. 7:17-22).

Dit gaan nie soos Mundle sê om 'n "Heraustreten" uit die natuurlike bestaanswyse nie, maar daarom dat dié bestaanswyse geen verskil maak vir jou posisie in die Godsvolk nie. Dit getuig Paulus ook duidelik in Galasiërs self as hy in 5:6 en 6:15 die heidenchristene, die onbesnedenes, die "Griek" van 3:28, beveel om hulle nie te laat besny nie, "want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid *enige krag*..."

Die bedoeling van Gal. 3:28 is dus nie om die bestaan van verskille te ontken nie, maar wat ontken word, is die waarde of kousatiewe krag van 'n besondere natuurlike posisie (Jood, vryman, man) vir die bepaling van die posisie in die Godsvolk.

Daarby gaan dit in Gal. 3:28 ook glad nie om *volks*verskille nie. Net soos in Romeine wil Paulus aantoon: nie deur die wet nie maar deur die geloof alleen, terwyl die besondere klem in Gal. 3:28 daarop val dat die wet nie *nog iets bydra* by die geloof nie; dat die wet nie aan die Jood as lid van die wetsvolk enige bevoorregting bied of hom 'n beter Christen maak nie. Die rede is dat Christus die einde van die wet is: "die wet *was* dus ons tugmeester na Christus toe" (vs. 24). "Maar nou... is ons nie meer onder die tugmeester nie" (vs. 25). Die wet geld nie meer en het dus geen krag meer nie.

Paulus rig hom hier duidelik teen die Judaïsme. Daarom voeg hy naas die onderskeid van Jood en Griek die onderskeid van slaaf en vryman en van man en vrou by. Dit was nl. drie hoofonderskeide wat die Rabbyne gemaak het wanneer die waardigheidsposisie binne die

¹³¹ Sien hierbo pp. 172-175.

¹³² *Kirchenbewusstsein*, 37. Vgl. ook Brun: *Einheitsgedanke*, 105.

Godsvolk onder die wet bepaal is.¹³³ Deur besit van die wet staan die Jood in teëstelling tot en hoog verhewe bo die Griek, die nie-wetsbesitter; ^[192] onder die wet het die vryman voorrang bo die slaaf en só ook die man bo die vrou. Maar, sê Paulus, Christus het gekom as einde van die wet. Julle is nie meer onder die wet nie maar in Christus, en in Christus is "julle almal een" Die Jood as man van die wet het nie voorrang bo die Griek wat die wet nie besit nie; die vryman is nie bevoorreg bo die slaaf nie (vgl. weer 1 Kor. 7) en die vrou is nie 'n gelowige van laer orde as die man nie.

Kol. 3:11, waar ook weer ook εἰν gebruik word, staan in een lyn met Gal. 3:28. Alleen val die klem hier anders. Paulus wil hier beklemtoon dat die natuurlike verskille soos dié van onbesnede gelowige (Griek) en besnede gelowige (Jood), ens., omdat daardeur geen voorrang in die Godsvolk verleen word nie, nie mag lei tot onderlinge veragting of kwaadwilligheid nie. Op presies dieselfde vlak lê ook 1 Kor. 12:13 waar selfs positief die betekenis van natuurlike verskille aangetoon word, maar die nadruk dan daarop val dat die gelowiges nie omdat sommige van hulle Jode, besnedenes, besitters van die wet is en andere Grieke, onbesnedenes, mense sonder die wet is, die onderlinge eenheid en liefde (hf. 13) moet versak nie.

Daar is dus volle ooreenstemming tussen die "geen onderskeid"-tekste van Romeine en dié van Paulus se ander briewe.

Om die betekenis van die "geen onderskeid"-tekste saam te vat: hulle wil net sê dat die wet geen kousatiewe krag besit nie en geen onderskeid maak tussen gelowiges in die Godsvolk nie. Hulle hou geen vergeesteliking van Israel (en/of die ander volke) in nie; hulle verkondig nie die uitwissing van natuurlike verskille nie, allermens van volksgrense — allermens, omdat die tekste glad nie handel oor volksonderskeide nie maar alleen oor verskille ten opsigte van die *wet*. Dit raak die volkere, Israel en die heidennasies, alleen wat betref hulle posisie teenoor die wet. Daarom raak dit nie die ware betekenis van dié tekste nie wanneer W. Mundle vanuit hierdie tekste sê: "Christ werden bedeutet... das Heraustreten aus die Welt des natürlichen Lebens";¹³⁴ [Om 'n Christen te word, beteken ... om uit die wêreld van die natuurlike lewe te stap] ook nie as L. Brun hieruit aflei: "dies neue Israel (ist) slechtin über-national"¹³⁵ [?? ken nie die woord 'slechtin' nie; " hierdie nuwe Israel (is) erg oor-nasionaal"??] nie, maar ook nie as P. Althaus vanuit hierdie tekste beweer: "So wenig die Einheit in Christus den Unterschied und das Gegenüber von Mann und Weib aufhebt, sowenig auch den Unterschied der Rassen und Völker".¹³⁶ [So min as wat die eenheid in Christus die verskil en onderskeid tussen man en vrou uit die weg ruim, net so min die onderskeid tussen rasse en volke]

Ons bevinding is dus dat die "geen onderskeid"-tekste nie 'n aanduiding gee van die verhouding van die gelowige ^[193] volk Israel tot die gelowiges uit die heidennasies binne die Godsvolk nie en dus ook niks toevoeg tot die gegewens wat in punte (i)-(iii) hierbo (pp. 197-203) aan die lig gekom het nie.

C. Die verhouding van die enkele gelowige uit Israel tot die volk Israel.

Paulus verkondig 'n absoluut universele, suiwer godsdienstige messiaanse Godsvolk, waaraan elke mens wat *individueel hom bekeer en persoonlik glo* in Jesus Christus, enkel deur die geloof uit Gods genade behoort. Ter verkondiging hiervan is Paulus geroep om uit te gaan buite die grense van die volk Israel na die heidennasies as verkondiger van 'n *universele* genade. Hy het self gelowige geword en radikaal gebreek met die partikularistiese en

¹³³ Vgl. Strack-Billerbeck III, 557-563 vir 'n goedge dokumenteerde bewysvoering hiervan.

¹³⁴ *Die Kirchenbewusstsein*, 37.

¹³⁵ *Einheitsgedanke*, 105.

¹³⁶ *Kirche, Volk und Staat*, 22.

nasionalistiese Judaïsme en is deur persoonlike geloof ingelyf in die universele, suiwer godsdienstige Godsvolk.

Hoe het dit sy verhouding tot sy volk, die volk Israel waaraan hy deur geboorte behoort, geraak? Is hy daardeur uitgeruk uit of losgeruk van die volk waartoe hy behoort deur afstamming; het hy daardeur 'n bloot individuele gelowige in die Godsvolk geword; het hy, omdat hy solidêr een is met die suiwer godsdienstige universele Godsvolk, sy solidariteit met die volk waartoe hy etnies behoort, verbreek; het hy as wêreldapostel 'n wêreldbürger, 'n kosmopoliet geword? Of — was Paulus niteenstaande hierdie dinge 'n blinde nasionalis, 'n chauvinis, in die woorde van C. Schneider¹³⁷ 'n "völkische Idealist"?

Blykens die getuienis van sy briewe en inderdaad ook blykens sy optrede volgens Handeling 22 was nóg die een nóg die ander die geval.

Voor alles is dit gebiedend om baie versigtig te wees om iets wat Paulus sê of doen vanuit 'n vir hom openbarings-historiese noodsaaklikheid, nie te interpreteer as anti-Semitisme of as patriotisme nie. Wanneer Paulus bv. in Rom. 2 met striemende sarkasme die nasionalisties-bepaalde godsdienstige hoogmoed van die Jode veroordeel, dan is dit nie gebore uit apatie of antipatie teenoor die volk waaruit hy gebore is nie, maar hy doen dit omdat hy die kragteloosheid van die wet om aan die Jood voorrang te verleen, *moet* aantoon. Wanneer Paulus aan die ander kant in al die εθνη-gemeentes grootliks ywer vir stoflike hulp aan die arm gemeentes van Jerusalem, dan is dit nie gebore uit 'n patriotistiese liefde^[194] vir sy volksgenote nie meer [maar?] uit die openbaringshistoriese noodsaaklikheid dat die κοινωνία, die gemeenskap van die heiden-christene en die Jerusalemse Christene, tot openbaring *moet* kom (vgl. o.a. Rom. 15:25-27).

Ook wat hierdie saak betref, neem ons ons uitgangspunt in Rom. 9-11 wat die uitvoerigste uitsprake hieroor gee.

'n Besondere kenmerk van Rom. 9-11 is die persoonlike element daarin. Die persoonlike betrokkenheid van Paulus by alles wat hy skryf, vorm feitlik die deurlopende ondertoon van die hoofstukke. "Woordkeus en wijze van uitdrukking bewijs dat Paulus ook als getuige van die openbaring Gods aan zijn gevoelens het woord verleent. Bij hetgeen hij te verkondigen heeft, is hij totaal betrokken, deze dienaar van Jesus Christus, maar die ook een Israeliet is. Hem doet de aanhankelijkheid, waardoor hij zich mee het volk, waaruit hij geboren is, verbonden weet, zóó schrijven terwijl hij van de beschikkingen en onnaspeurlijke wegen Gods handelt".¹³⁸

(i) *Waar Paulus spreek van die ongeloof van Israel.*

In woorde vol emosie begin Paulus in *Rom. 9:1-5* te spreek oor die ongeregtigheid van Israel deur hul ongeloof in en vyandskap teen die evangelie van Jesus Christus.

Die eerste wat hier opval, is die kragtige wyse waarop Paulus die gelowige, die apostel van Christus, hier sy innige verbondenheid aan die volk waaruit hy gebore is, uitspreek niteenstaande hul ongeloof en vyandskap. Hulle is en bly τῶν ἀδελφῶν μου, τῶν συγγενῶν μου κατὰ σάρκα. Hulle is en bly die volk aan wie hy deur afstamming verbonde is, sy stamgenote (συγγενῶν — saamgestel uit συν en γένος)¹³⁹ en sy broeders na die vlees. Broeders — die liefdesbenaming in die kerk vir medegelowiges wat die eenheid van die Godsvolk aandui, word deur Paulus ook behou as benaming vir sy volksgenote¹⁴⁰ Daarby word κατὰ

¹³⁷ *Das Volks- und Heimatgefühl bei Paulus*, CUW 8 (1932) 1 e.v.

¹³⁸ G.J. Streeder: *Kerk en volk. Romeinen 9:1-3*, OEV, Oct. 1940, 269.

¹³⁹ Sien Hf. I, § 3 onder γένος, pp. 60-61.

¹⁴⁰ Vgl. ook Nygren: *Romans*, 358.

σάρκα gevoeg, nie ter verkleining nie maar net ter duidelike onderskeiding van sy geloofs-genote. Dat die τῶν συγγενῶν μου κατὰ σάρκα nie verkleinerend bedoel is nie, blyk duidelik daaruit dat Paulus ook by herhaling medegelowiges wat Jode is, spesiaal nader kwalifiseer as συγγενεὶς μου — vgl. Rom. 16:7, 11, 21.

Nie alleen getuig hy van sy verbondenheid nie maar ook van sy innige en troue liefde vir sy eie volk. Dit doen hy deur eerstens te getuig van sy diepe smart oor sy volk se ongeloof (9:2): die smart (λύπη — 'n algemene woord vir ^[195] smart) is na omvang groot (μεγάλη), na tydsduur onophoudelik (αδιαλείπτως) na effek pynlik ("ὀδύνη heeft de associatie van pijn")¹⁴¹ en na kwaliteit uit sy diepste wese (τῆ καρδία μου). En só bewoë is Paulus dat hy klaarblyklik vanweë sy bewoënheid¹⁴² nog nie hier die oorsaak vir sy smart noem nie, maar dit eers later (9:30 e.v.) wanneer hy kalmer is, pertinent aandui. So word 'n man wat ingelyf is in die suiwer godsdienstige Godsvolk, aangegryp deur die ongeloof onder sy vleeslike volksgenote!

Sy liefde vir sy volk openbaar Paulus in die tweede plek deur die uiting van sy verbysterende bereidheid om homself te offer ter wille van sy volk — 9:3:¹⁴³ Soos Moses van ouds (Ex. 32:32) is hy selfs bereid om, as hy maar net kon, sy eie saligheid in Christus te offer om sy eie volk te red! "That is no mere boast; it is a true statement of his sense of solidarity with his people ... Paul knows just such as solidarity with his kinsmen".¹⁴⁴

Deurdat hy in Christus ingelyf is, is hy nie uitgeruk uit sy innige verbondenheid aan sy volk nie, intendeel, Paulus sê juis dat hy "in Christus" spreek wanneer hy so die liefde vir sy volk uitspreek. In dié verband sê A. Schlatter:¹⁴⁵ "Weil er in Christus lebt, hat ihn nichts, was er erlitten hat, von Israel getrennt und zum Feind seines Volks gemacht". [Omdat hy in Christus is, het niks wat hy gely het, hom van Israel geskei en hom 'n vyand van sy volk gemaak nie] Terselfdertyd beteken sy inlywing in Christus egter ook dat hy nie as fanatieke nasionalis hom teen God verhef oor die feit dat Israel nie die geregtigheid verkry het nie, maar biddend daarvoor ween.¹⁴⁶

Van besondere belang is ook *die krag waarmee* Paulus getuig van hierdie diepe gevoel vir en innige verbondenheid met sy volk:¹⁴⁷ "die waarheid spreek ek in Christus, ek lieg nie, aangesien my gewete saam met my getuig in die Heilige Gees". (9:1). Met vólle geloofsoortuiging weet hy dat hy die waarheid spreek, aangesien¹⁴⁸ nie alleen sy gewete nie maar ook die *Heilige*¹⁴⁹ Gees saam met sy gewete getuig daarvan. Daarom weet Paulus dat wat hy sê, die waarheid is in Christus, meer nog: in ooreenstemming is met die waarheid in Christus, d.i. met die openbaring van God.

Die besonder kragtige en plegtige wyse waarop Paulus sy verbondenheid met en smart oor sy volk uitspreek, bewys dat wat hy hier sê, nie sommer die uiting van 'n gevoelsopwelling van

¹⁴¹ Ridderbos: *Romeinen*, 205.

¹⁴² Michel spreek van Paulus se "persönliche Ergriffenheit, die das sachliche Motive überspringt" — *Romer*, 193. Vgl. ook Ridderbos: *Romeinen*, 205.

¹⁴³ Vgl. J. Behm: ἀνατιθημι, TWNT I, 356, 357.

¹⁴⁴ A. Nygren: *Romans*, 358.

¹⁴⁵ *Gottes Gerechtigkeit*, 292. In dieselfde trant Ridderbos: *Romeinen* 204.

¹⁴⁶ Vgl. Schlatter: *Gottes Gerechtigkeit*, 292-293.

¹⁴⁷ Vgl. hiervoor veral S. Greijdanus: *De brief van de apostel Paulus aan de gemeente te Rome*, in: *Kommentaar op het N.T.*, 1933, I 405-406.

¹⁴⁸ Die Gen. abs. is saam met die N.G.B. as redegewend te verstaan.

¹⁴⁹ Ridderbos: *Romeinen*, 205, wys daarop dat die toevoeging van ἅγιος by πνεῦμα "niet gewoon" is en "de verzekering des te plechtiger" maak.

die oomblik is nie, maar dat dit vir Paulus *heilige erns* is. Dit gee, sê H. Ridderbos,¹⁵⁰ aan sy versekering "een heilige en hoogs verantwoordelijke betekenis". Sy innige verbondenheid^[196] met en sy sielesmart oor die grootskaalse ongeloof van sy vleeslike volksgenote, terwyl hy tot die messiaanse Godsvolk behoort, is vir Paulus iets waarvan hy heilig oortuig is en waaroor hy hom verantwoord voel in volle geloofsoortuiging. Hy weet en voel hom so innig verbonde aan sy volk, *omdat* — let wel nie: niteenstaande nie, maar: omdat! — hy in Christus, d.i. lid van die messiaanse Godsvolk, is.

Tog is hierdie (besef van) innige verbondenheid aan sy volk en die gevolglike smart oor hulle ongeloof nie gebore uit chauvinisme, uit 'n blote nasionalisme nie. Dit blyk alreeds daaruit dat hy *treur* oor sy volk, dat daar *smart* is oor sy volk. Hy ken en sien hul ongeloof en verbloem dit nie. Hy het sy volk lief nie *in* hulle ongeloof nie — nee, daar is "*smart* vir sy hart" vanweë hulle ongeloof. Maar, Paulus het nog sy volk lief *niteenstaande* hul ongeloof — daar is nog wel "*smart* vir sy hart". Die diepste grond vir Paulus se volgehoue liefde en innige verbondenheid aan sy volk lê nie in chauvinisme nie, maar in die geloofswete dat God met die volk sy verbond gesluit het; dat God die volk deur sy verbond handhaaf as Godsvolk (9:6; 11:1); dat die volk nog in die εκλογη as die gelowige kern van die volk verteenwoordig is in die Godsvolk (9:6 e.v. en 11:1-5); en dat die volk, hoewel nou grootliks verhard, wel in sy πληρωμα gelowig sal word (11:12-15).¹⁵¹

Ook wanneer Paulus in *Rom. 9:30-33* die ongeregtigheid van Israel en die oorsaak daarvan in volle skerpte duidelik gestel het, onderbreek hy eers die verdere beredenering daarvan (10:2-1) om in *Rom. 10:1* weer sy innige sielsverbondenheid aan sy volk te betuig. Ook al getuig hy sonder verbloeming of verontskuldiging van die diepe sonde en ongeloof van sy volk, dan is dit nie uit 'n begeerte om hulle te veroordeel of te beskuldig nie. Intendeel, hy skryf hierdie dinge terwyl "die innige begeerte van *my* hart en die gebed (my gebed) tot God is in belang van hulle — tot (hulle) verlossing!"

Ook hier is die sin so saamgestel om met besondere klem en intensiteit tot uitdrukking te bring. Paulus se volkome oorgegewenheid van hart om by God te ywer vir sy volk. Die sin word ingelei deur 'n μεν-solitarium om deur die opvallende ontbreking van die δε aan te toon dat daar geen ander moontlikheid is as dat sy ευδοκια en sy δεησις *vir Israel* is nie. "In *Rom. 10:1* dient hem het onvertaalbare μεν om zijn lezers plechtig te verzekeren"¹⁵² dat dit vir hom om die^[197] redding van Israel gaan. Vervolgens gebruik Paulus die besonder kragtige woord ευδοκια om sy gevoel vir sy volk uit te druk, 'n woord wat in die N.T. feitlik uitsluitlik gebruik word vir die welbhae *van God*¹⁵³ Dit is baie sterker as die "verlange" van die Afrikaanse vertaling en druk die innigste wilsgesteldheid van Paulus uit. Dit beklemtoon hy des te sterker deur die toevoeging van καρδιας by ευδοκια, terwyl die persoonlike element benadruk word deur die versterkte vorm van die persoonlike voornaamwoord: εμης. Die sin eindig besonder rukkerig deur die skeiding van αυτων en σωτηριαν met afsonderlike voorsetsels: υπερ αυτων¹⁵⁴ εις σωτηριαν. Hierdeur bereik Paulus die effek dat sowel αυτων as σωτηριαν besondere klem

¹⁵⁰ Romeinen, 204.

¹⁵¹ Vir behandeling hiervan sien pp. 175-177.

¹⁵² Streeder: *Kerk en Volk*, 268. Ook Blass-Debrunner: *Grammatik*, § 447 meen dat die μεν hier nie 'n "anakoluthes "μεν" is nie, maar doelbewus alleen gebruik is om tot uitdrukking te bring: "soweit es auf meinen Wunsch ankommt". Vir die betekenis van die μεν solitarium vgl. J. D. Denniston: *The Greek particles*, ²1954, 380, en Robertson-Grosheide: *Grammatica*, 195.

¹⁵³ Vgl. G. Schrenk: ευδοκια, TWNT II, 743.

¹⁵⁴ Die lesing αυτων is te aanvaar bo die του Ισραηλ van Marcion, 104, e.a. en ook bo die του Ισραηλ εστιν van K., L., e.a.

verkry en υπερ in sy pregnante betekenis: in belang van, tot voordeel van,¹⁵⁵ verstaan moet word. Paulus benadruk dus besonderlik dat sy innigste hartsbegeerte en sy gebed in belang van Israel sy volk is en ten doel het dat Israel gered sal word.

Daar is by Paulus, die gelowige en die apostel, te midde van die beskrywing van die ongelooft en ongeregtheid van sy volk geen leedvermaak, geen veragting, geen selfverheffing, geen onttrekking aan sy volk nie, maar daar is sielsoorgawe ter wille van sy volk en die voorbidding by God vir sy volk. En die *doel* van sy hartsliefde en gebed is die verlossing van sy volk!

Dit herinner sterk aan die woorde van Paulus volgens Lukas in Handeling. Wanneer Paulus deur die haat van die Jode voor Agrippa teregstaan, getuig hy in Hand. 26:4 sy verbondenheid aan sy εθνος, die volk waartoe hy etnies, d.i. deur geboorte, behoort.¹⁵⁶ Wanneer hy deur die haat van die Jode jare in die gevangenis was en deur hulle moordplanne gedwing was om hom op die keiser te beroep, wil hy by die Jode in Rome enige gedagte dat daar by hom verraad of haat of verwyt teen sy eie volk (εθνος) is, in die kiem smoor (Hand. 28:19).

(ii) *Waar Paulus spreek van sy roeping as apostel van die heidennasies.*

In *Rom. 11:13-14* plaas Paulus sy besondere roeping as apostel van die heidennasies in noue verband met die volk Israel.

Opmerklik, wat die trant betref, is ook hier soos by ^[198] die voorafgaande uitsprake oor sy verhouding tot sy volk die sterk beklemtoning en besonder persoonlike wyse waarmee Paulus spreek. Die persoonlike element tree sterk na vore in die opeenvolging van persoonlike vooraaanwoorde: εμi εγω (sterk beklemtoon), διακονιαν μου en μου την σαρκα. Die nadruk waarmee en plegtige wyse waarop Paulus in vs. 13 begin om die εθνη aan te spreek, toon dat hy hier iets van groot gewig wil sê. Dit word verder benadruk deur die μεν ουν wat die volgende sin inlei: "μεν ουν als ein verstärktes μεν dem Satz den Charakter einer Konzession oder Bestätigung einer nicht zu verkennenden und zu vergessenden Wahrheit".¹⁵⁷ [μεν ουν as nadruklike μεν het die karakter van 'n toegewing of bevestiging van 'n waarheid wat nie verkeerd verstaan en vergeet kan word nie] Op besonder persoonlike en kragtige wyse hou Paulus aan die Christene uit die heidennasies voor dat sy roeping tot apostel van die heidennasies 'n belangrike betekenis het vir die volk Israel, nl. om hulle jaloers te maak, om Israel tot inkeer te bring!

Terwyl Paulus 'n gelowige, 'n lid van die Godsvolk uit alle nasies is en terwyl hy selfs as sy besondere roeping ontvang het die apostolaat vir die heidennasies, is daarmee nie vir hom die band met sy volk afgesny nie. Inteendeel, Paulus bly hom ten sterkste daarvan bewus: Israel is "my vlees". Daar is dit? innigste verbondenheid. Kragtiger nog as in 9:3 waar hy Israel "my stamgenote na die vlees" genoem het, spreek Paulus hier sy verbondenheid aan sy volk uit: *hulle is sy eie vlees*. Daar is vir Paulus nog onderskeid tussen mense van ander volke en mense van sy eie volk. Skerp onderskei Paulus tussen "julle, die heidennasies" (vs. 13) en Israel "my vlees" (vs. 14).

Maar nie alleen toon Paulus sy innige verbondenheid aan Israel aan nie, hy wil veral ook daarop wys dat sy roeping tot apostel vir die heidennasies nie van hom geëis het om sy eie volk te vergeet nie, maar dat inteendeel die heerlikheid van sy amp as apostel van die heidennasies

¹⁵⁵ Vgl. W. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 1658.

¹⁵⁶ Sien hf. I, § 2, p. 48.

¹⁵⁷ Th. Zalm: *Der Brief des Paulus an die Römer*, in; Zahn: *Kommentar zum N.T.*, 1910, 509. Vgl. ook Ridderbos: *Romeinen*, 255.

daarin bestaan¹⁵⁸ om daardeur sy volk Israel jaloers te maak en sommige uit hulle te red. Die redding van sy eie volk en vleesgenote is in 'n baie groot mate self 'n doel van sy deur God opgelegde taak. Paulus het hom nie tot die heidennasies gewend uit verraad of haat of belangeloosheid teenoor sy eie volk nie, maar is nog vervul met liefde en 'n besef van verbondenheid aan hulle, oortuig dat wat hy doen, ook in belang is van sy eie mense.¹⁵⁹ Daar is egter ook hier 'n belangrike beperking en kwalifisering van Paulus se volksliefde en sy ywer vir sy volk se bekering. Dit geskied nie uit blote nasionalisme of chauvinisme^[199] nie. Sy *volksliefde* word gestu en beheers deur die openbaringsekerheid dat God hierdie volk Israel wat sy (Paulus se) eie vlees is, nie verstoot het nie (11:1, 2); dat God Israel nog liefhet; dat die εκλογη van die hede waarvan hy (Paulus) een is, nie losgeruk is van die volk nie, maar dat die εκλογη as die verteenwoordigers van die volk beskou word en die waarborg is dat die πληρωμα van Israel gered sal word (11:2-12). Sy *liefdesywer vir die redding van sy volk* deur die evangelisering van die heidennasies word gestu en beheers deur die openbaringsekerheid dat dit die openbarings-historiese weg van God is met sy volksgenote.¹⁶⁰ Die redding van Israel is dan ook vir hom nie die einddoel van die geskiedenis nie, aangesien ook die πληρωμα van Israel net soos die ηττημα weer betekenis het vir die verlossing van die wêreld (vss. 12, 15). Ook hierin word Paulus se liefdesywer vir sy volk gestu en beheers deur God se wil en openbaringshistoriese bedoeling.

Blote nasionalisme of chauvinisme is hier volkome uitgeskakel. Die universele evangelie (vgl. Kol. 1:23) wil die apostelgelowige aanwend ten dienste van die redding van sy eie volk, maar ook die redding van sy volk staan vir hom weer ten dienste van die universele verlossing. Die volksliefde van Paulus is gebonde aan en word beheers deur Gods vrye genade en welbehae. Maar hierdeur word sy gebondenheid aan en liefde vir sy eie volk nie gedevalueer nie. Dit kry intendeel hierdeur sy ware diepte en betekenis: sy liefde vir sy volk word geheilig deur Gó d se liefde vir dié volk! Dit is volksliefde gegrond in die liefde van God vir die volk.

(iii) *Waar Paulus getuig van die behoud van Israel as Godsvolk.*

Wat Paulus in Rom. 9-11 openbaar aangaande die verhouding van die gelowige lid van die messiaanse Godsvolk tot sy eie volk, word kernagtig uitgedruk in *Rom. 11:1*: "Het God miskien sy volk (Israel) verstoot? Beslis nie! Want ook ék is 'n Israeliet, uit die geslag van Abraham, van die stam van Benjamin".

Met vuur en gloed bely Paulus sy etniese verbondenheid aan die volk Israel. Maar hy bely véél meer! Op kragtige wyse openbaar hy hier hoe volkome die gelowige, die lid van die messiaanse Godsvolk, verbonde *bly* aan sy eie volk: só solidêr bly die gelowige Paulus met sy volk dat hy as 'n gelowige Israeliet die waarborg en bewys is dat God Israel^[200] as volk nie verstoot het, nie verwerp het as Godsvolk nie! Hierdie kort woord is van kardinale belang!

(iv) *Uitsprake in ander briewe van Paulus.*

Nou aansluitend by Rom. 11:1 wat die bewoording betref, is die uitsprake van Paulus in 2 Kor. 11:22 en Fil. 3:3-9, terwyl hulle in strekking skynbaar skerp teenoor Rom. 11:1 staan.

In 2 Kor. 11:22 getuig Paulus soos in Rom. 11:1 met krag van sy etniese verbondenheid aan

¹⁵⁸ Vgl. die vertaling van dié verse by Vischer: *Geheimnis Israëls*, 117; Barth: *Römerbrief*, 387, 389; I, Calvinus: *Ad Romanos*, 150.

¹⁵⁹ In dieselfde lyn Schlatter: *Gottes Gerechtigkeit*, 322-323; Nygren: *Romans* 396; Grundmann: *Apostel der Völker*, 296; Stauffer: *Theologie*, 170 Vischer: *Geheimnis Israëls*, 119; Ridderbos: *Romeinen*, 255.

¹⁶⁰ Hierdie gegewens staan in skerp kontras met die beskouing van C. Schneider dat Paulus sedert Damaskus oortuig was dat hy as gelowige sy volksliefde moet onderdruk, maar dat sy natuurlike volksliefde veral hier in Rom. 9-11 weer kragtig deurbreek. Vgl. sy *Heimatgefühl*, 1-14, veral 13.

die volk Israel. Meer nog, hy getuig ook dat hy 'n Hebreër is, d.i. iemand wat nog die Hebreeuse of Aramese taal spreek.¹⁶¹ Hy is dus 'n getroue handhawer van die kulturele erfenis en besonderlik van die taalerfenis van sy volk. Dit skyn egter asof Paulus hierdie feite van sy aardse bestaan met afkeuring noem. Paulus sê dat hy dit noem asof om in dwaasheid te roem net soos sy Judaïstiese teëstanders (vgl. vss. 16-24). Maar die dwaasheid lê vir Paulus nie daarin om as gelowige te getuig dat hy 'n ware Israeliet in etniese en kulturele sin is nie, maar die dwaasheid lê daarin om hom daarop te *beroem asof* dit aan hom enige besondere posisie sou besorg, soos die Judaïste hulle by die gemeente daarop beroem ter verkleining van Paulus.¹⁶²

In byna dieselfde woorde as in Rom. 11:1 getuig Paulus ook in *Fil. 3:5-8* van sy verbondenheid aan sy volk met dié uitbreiding dat hy hier sy etniese sowel as sy kulturele verbondenheid vermeld. Tog skyn Paulus hom hier direk strydig met Rom. 11:1 oor die saak uit te spreek met 'n absoluut negatiewe oordeel oor die betekenis van die volksverbondenheid wanneer hy in vss. 7 en 8 sê dat hy hierdie dinge "om Christus wil skade geag" het en "as drek beskou" het. Maar Paulus veroordeel *nie sy band* as gelowige met sy volk *as sodanig nie*, dog sy vroeëre *vertroue op* die volksverbondenheid asof dit waarde sou hê vir sy regverdigmaking. Paulus veroordeel die Joodse beskouing dat etniese verbondenheid aan die volk Israel en ook kulturele trou daaraan 'n bate, 'n wins, 'n voordeel ten opsigte van die geregtigheid beteken in vergelyking met nie-Jode.

Nie die saak self, die verbondenheid aan die volk Israel, word as skade en as drek geag nie, maar die waardeskatting van die saak, die vertroue op die verbondenheid aan die volk Israel as 'n bate, naas of in plaas van Christus, ter verkryging van geregtigheid of meerdere geregtigheid. Vir Paulus is ^[201] Christus die enigste wins (vs. 8), en as vertroue geplaas word in verbondenheid aan Israel en dit dus 'n wins in eie oë word, dan is dit, sê Paulus, nie net waardeloos nie maar selfs skadelik,¹⁶³ omdat dit mens weerhou van die volle aanvaarding van die enigste ware wins, die waarde van Jesus Christus. A. Stumpft¹⁶⁴ vat dit pragtig saam: "Das wiederholte ηγεισθαι, v. 7, 8 gibt das richtige Lösung der Schwierigkeit an die Hand: ζημια ist nicht (objektiv) Einbusse der Sache selber, sondern (subjektiv) *Einbusse ihres Wertes*". [Die herhaalde ηγεισθαι, v. 7, 8 bied die regte oplossing vir die probleem: ζημια is nie (objektief) 'n verlies aan die saak self nie, maar (subjektief) 'n verlies aan die waarde daarvan] Die uitspraak mag nie so verstaan word "als bezeichne Pls sein natürliches volksmässiges u religiöses Erbe als ein seinem Christwerden oder Christsein schädliches Hindernis. Mit ζημια werden nicht diese natürlichen Gegebenheiten als solche negativ bewertet, vielmehr wird ihnen die — jüdische — besondere *religiöse* Bewertung (κερδος) restlos abgesprochen". [aangesien Paulus sy natuurlike volks- en godsdienstige erfenis aanwys as 'n hindernis wat skadelik is vir sy Christenwording of -wees. Met ζημια word hierdie natuurlike toestande as sodanig nie negatief beoordeel nie, eerder word die - Joodse - spesiale godsdienstige beoordeling (κερδος) heeltemal ontken ".]

Nog een Skrifgedeelte verdien in dié verband aandag, nl. *1 Thess. 2:14-16*. Met striemende woorde spreek Paulus hier 'n oordeel uit oor die Ιουδαίοι wat die Joods-christene in Palestina so vervolgt het. Hierin word veelal 'n skerp teëstelling tot Rom. 9-11 gesien. So beskou E.

¹⁶¹ Sien hf. I, § 4, onder Εβραϊος, p.79.

¹⁶² Schneider: Heimatgefühl, 12, beskou 1 Kor. 11:22 e.v. as 'n voorbeeld waar Paulus se volksliefde sterk deurbreek.

¹⁶³ K. Barth: *Erklärung des Philipperbriefs*, 1928, 93, stel dit so: "Nicht Null tritt an die Stelle des Plus, sondern das Plus selbst verwandelt sich in Minus". [Nie nul neem die plek van die plus in nie, maar die plus self verander in 'n minus]

¹⁶⁴ ζημια, TWNT II, 892 en 893 Anm. 15. Vgl. ook H. Schlier: κερδος, TWNT III, 672.

Stauffer¹⁶⁵ die Paulus van 1 Thess. as nog "ein geschworener Feind alles Jüdischen" ['n geswore vyand van alles Joods] en 1 Thess. 2:14-16 as "Verfolgerpolemik ... Antisemitismus ... die polemische These von der Zukunftslosigkeit Israels". [Polemiek van vervolgers ... antisemitisme ... die polemiese proefskrif van Israel se nutteloosheid]

Maar Paulus het dit hier nie teen Israel as volk. nie dog alleen teen 'n sterk beperkte deel, 'n bepaalde groep van Israel: hulle is in die eerste plek net *Palestynse* Jode, want daar is sprake van vervolging van die gemeentes εν τε Ιουδαιοι¹⁶⁶. Van al die Palestynse Jode is hulle in die tweede plek net mense van die *teenswoordige geslag* — dit gaan tog om dié Jode onder wie die Joods-christelike gemeentes gely het, oor dié Jode wat (let op die τῶν by die participium — hier as generiese lidwoord) Jesus Christus gedood het en Paulus c.s. vervolg het... Die "profete" wat gedood is, is nie die Ou-Testamentiese profete¹⁶⁷ nie, maar die profete in die Christelike gemeentes. Dit blyk uit die volgorde: die "profete" word na Jesus genoem; uit die noue verbinding met die Here Jesus deur die και ... και — hulle is dus profete van die Here Jesus; en uit die feit dat "die Here Jesus" "die profete" en "ons" nou verbind word aan mekaar. Ook sluit die Ιουδαιοι nie alle Palestynse Jode van die teenswoordige geslag in nie, maar hulle is net diegene wat buite die Christelike gemeentes in Palestina bly staan het *en* hulle vervolg het, asook die ^[202] apostel Paulus c.s. en hulle wou verhinder om die evangelie na die heidennasies uit te dra.

Met een woord: Paulus veroordeel hier in skerp taal dié Jode wat tot die uiterste toe volhard het in hul ongelooft. Hulle is die deel van die volk in Palestina wat in verantwoorde verknogtheid aan die Joods-nasionalistiese wetsgodsdienste vyande van God en Christus en sy kerk is. Daarom spreek Paulus ook hier van hulle as Ιουδαιοι en nie as Israeliete nie.

Ook die woorde "die toorn het oor hulle gekom *tot die einde toe*" (vs. 16) druk nie die "Zukunftslosigkeit Israels"¹⁶⁸ uit nie, laat nie die toorn geld ook vir die volgende geslagte nie, maar εις τελος beteken hier veeleer "volkome", "tot sy volle maat".¹⁶⁹

Nie Israel nie maar 'n konsekwent ongelowige groep Ιουδαιοι word deur Paulus striemend veroordeel. "Hier handelt es sich nicht um Antisemitismus ... sondern... um das aus dem A.T. erwachsene, christlich verschärfte Abfallsmotive",¹⁷⁰ — dit lê op een lyn met Rom. 9:6 e.v.!

Die ander briewe van Paulus, sowel vroeëre as latere briewe, bied dus niks wat teenstrydig is met die gegewens van Rom. 9-11 oor die verhouding van die gelowige uit Israel tot die volk Israel nie.

Die getuienis van Paulus oor dié saak is dat die gelowige uit Israel nog steeds, al behoort hy tot die suiwer godsdienstige en universele Godsvolk, volkome verbonde is met die histories-etniese volk Israel en gedring word tot troue liefde vir sy *volk* deur God se liefde vir die volk.

D. Rom. 11:25-32. *Paulus se samevatting van Rom. 9:1-11:24.*

Rom. 11:25-32 en besonderlik Rom. 11:26a is uiteraard vir hierdie studie van die

¹⁶⁵ Theologie, 168-170. Vgl. ook A. Plummer: *A commentary on St. Paul's First Epistle to the Thessalonians*, 1918, 31; Schneider: *Heimatgefühl*, 11.

¹⁶⁶ Dit beteken in dié verband waarskynlik "die Joodse land" en nie net "Judea" nie.

¹⁶⁷ J.A.C. van Leeuwen: *Pauls' Zendsbrievens aan Efeze, Colosse, Filémon en Thessalonika, Kommentaar op het N.T.*, 1926, 334.

¹⁶⁸ Stauffer: *Theologie*, 170.

¹⁶⁹ So Blass-Debrunner: *Grammatik*, § 207. 3; Bauer; *Wörterbuch*, Kolom 1607, τελος, 1, d; M. Dibelius: *An die Thessalonicher, I, II, an die Philipper*, in: *Handbuch zum N.T. (herausgegeben von H. Lietzmann)*, 11, 1937, 11.

¹⁷⁰ Oepke: *Gottesvolk*, 199.

allergrootste belang. Dit is ook ongetwyfeld een van die mees bestudeerde gedeeltes in die N.T.¹⁷¹ en desondanks bly die ware betekenis daarvan nog steeds een van die omstrede probleme in die geskiedenis van die interpretasie van die N.T.

Vir die interpretasie van hierdie "probleem"-verse is dit absoluut noodsaaklik om vooraf duidelikheid te kry wat die karakter en die besondere plek van die verse in Rom. 9-11 is. Gebrek aan duidelikheid hieromtrent moet ongetwyfeld aangewys word as 'n belangrike rede waarom die verse tot so 'n groot mate probleemverse gebly het.

[203]

Veral drie oorwegings is hier van belang:

(i) Uit die oog moet nie verloor word nie dat Paulus met hierdie verse sy behandeling van die posisie van die volk Israel in die openbaringsgeskiedenis — Rom. 9-11 — afsluit en vanaf 12:1 tot 'n heeltemal nuwe deel van sy brief oorgaan.

(ii) Besonder belangrik is die inleidende $\gamma\alpha\rho$ van vs. 25. Saaklik gaan vs. 25 abrupt van die voorafgaande olyfboom-beeld oor na die $\mu\sigma\tau\eta\rho\iota\upsilon\upsilon$. Die $\gamma\alpha\rho$ kan dus nie as 'n koördinerende en voortvloeiende $\gamma\alpha\rho$ ¹⁷² verstaan word nie en kan dus ook nie hier sy gebruikelike redegewende betekenis ontsê word nie. Die $\gamma\alpha\rho$ toon aan dat iets wat voorafgegaan het, nou verklaar of toegelig word. Daarom bewys die $\gamma\alpha\rho$ dat Paulus in wat volg, nie kom by 'n geheel nuwe saak wat hy nog nie in die voorafgaande deel genoem het nie, maar dat hy die betekenis van wat voorafgegaan het, aan die lig wil stel en/of wil saamvat.

Dit is duidelik dat die $\gamma\alpha\rho$ die toeligting wat volg, nie net aan die voorafgaande vers verbind nie, aangesien vs. 25 e.v. 'n veel wyer veld dek as net die inhoud van vs. 24. Wel kan dit so besien word dat $\gamma\alpha\rho$ die toeligting wat volg, verbind aan die hele beeldspraak van vss. 16-24, maar ook hierdie verse was reeds bedoel as 'n beeldende voorstelling van wat in 9:1-11:15 gesê is. Die $\gamma\alpha\rho$ in vs. 25 dui dus waarskynlik aan dat 11:25 e.v. as toeligting op die geheel van 9:1-11:24 verstaan moet word: "(Dit alles het ek uiteengesit) want, of: omdat..."

(iii) Dit word bevestig deur die duidelike heenwyse van die inhoud van 11:25-32 (vs. 26a voorlopig buite rekening gelaat) na 9:1-11:24. Die heenwyse is van so 'n aard dat daar nie alleen onmiskenbare ooreenkoms is nie, maar dat die uitsprake van 11:25-32 ook vanweë hulle bondigheid duidelik voorafgaande uitsprake oor dieselfde sake veronderstel.

Die eerste deel van die geheimenis, nl.: "dat die verharding ten dele oor Israel gekom het, totdat die volheid van die heidemrasies ingegaan het" (vs. 25); wys baie duidelik terug na veral 11:11 en is saaklik 'n samevatting van 11:1-11 en 17-24. Ook is hierdie woorde van vs. 25 nie op sigself heeltemal verstaanbaar as hulle nie gelees word in die lig van 11:1-11 en 17-24 nie. Paulus verduidelik bv. hier glad nie hoekom hy die geweldige ongeloof van Israel slegs 'n "verharding... totdat" noem nie. Dit kan alleen wees dat Paulus dit nie nodig ag nie, aangesien hy reeds in 11:1 gesê^[204] het dat hul ongeloof nie 'n bewys van verwerping is nie en in vs. 7 dat dit net 'n "verharding" is en in vs. 11 dat dit geen finale val is nie en in vss. 23-24 dat hulle by bekering ook weer ingelyf kan word. Hierdie woorde van vs. 25 vat dus baie kortliks die gegewens van 11:1-11 en 17-24 saam en *moet* daaruit verstaan word. In vs. 25 spreek Paulus verder van sowel die verharding van Israel as die ingaan van die heidennasies, maar hy toon glad nie die oorsaaklike verband daartussen aan nie. Hy aanvaar dat dit *uit wat voorafgegaan het*, duidelik is dat "*deur* hulle val... die saligheid tot die heidennasies gekom het" (11:11, vgl.

¹⁷¹ Aangesien dié gedeelte in hierdie studie slegs 'n onderdeel vorm, kan daar uit die omvangryke literatuur alleen gepoog word om ons te verantwoord aangaande die standpunte wat vir hierdie studie die belangrikste is.

¹⁷² Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 302.

ook 11:19).

So wys ook vss. 28-29 duidelik terug na die voorafgaande betoog as 'n kort samevatting van veral 9:4-11:2 en 11:16-18. Rom. 11:28a bring 9:30-10:21 onder formulering; vs. 28b wys opsommend terug na die beskrywing van Gods vrymagtige uitverkiesende verbondsluiting met Abraham en sy nageslag in 9:6-29; 11:1-2 en 11:16-18; en vs. 29 wys terug na die beroep op God se verbondstrou in 9:6; 11:2; 11:16. Terselfdertyd is ook hierdie verse in hul bondigheid nie te verstaan sonder die voorafgaande betoog nie: As dit so is dat Paulus in 11:25 e.v. met 'n nuwe gedagte kom, moet vss. 28b-29 met reg op een lyn gestel word met die Rabbyne se beroep op blote afstamming van die aartsvaders en hulle verdienste.¹⁷³ Alleen wanneer vss. 28b-29 besien word as samevatting van die voorafgaande betoog, word dit duidelik dat dit hier gaan om God se trou aan sy vrymagtige, genadige, uitverkiesende verbond met Abraham en sy nageslag.

Ons moet dus konkludeer: In 11:25-32 vat Paulus op pregnante wyse saam wat hy in die voorafgaande deel van Rom. 9-11 gesê het oor die openbaringshistoriese weg van God met Israel met die oogmerk om ten besluite dit baie duidelik te stel dat dit God se wonderbare, vroeëre verborge raadsplan — *μυστηριον*¹⁷⁴ — met die volk Israel is, nie maar Paulus se gedagtes nie, sodat ook die gemeente van Rome nie hulle eie idees oor Israel mag opbou nie. Rom. 11:25-32 is nie 'n toevoeging van nog 'n nuwe openbaring naas dit wat reeds tot sover in 9-11 gesê is nie, maar dit is 'n pregnant geformuleerde samevatting van 9:1-11:24.

Wanneer die oog oop is vir hierdie feit, word die betekenis van die "probleem"-uitspraak, Rom. 11:26a, duidelik. Ook H. Ridderbos¹⁷⁵ oordeel so oor die aard van hierdie verse: "wat in het voorafgaande reeds is betoogd, wordt hier nog eenmaal overzien en als het verborgen, maar thans aan het ^[205] licht getreden weg Gods met zijn volk aangewezen". Om die verse so te besien, is "voor een belangrijk deel de sleutel van het probleem" van hierdie verse.

Dit is daarom geregverdig, meer nog, noodsaaklik om die moeilik uit die verse self bepaalbare betekenis van Rom. 11:26a "*καὶ οὕτως πᾶς Ἰσραὴλ σωθήσεται*" te verklaar in die lig van en in ooreenstemming met die gegewens van Rom. 9:1-11:24.

Op grond hiervan moet elke verklaring van Rom. 11:26a afgewys word wat hierin 'n nuwe gedagterigting van Paulus vind wat nie voortvloei uit en nie aansluit by die sentrale tema van Rom. 9-11 nie of wat selfs in teëstelling is met die voorafgaande deel van Rom. 9-11.

Summier moet dus verwerp word dié interpretasie wat onder *πᾶς Ἰσραὴλ* die universele kerk, die gelowiges uit sowel Israel as die heidennasies, wil verstaan — voorgestaan deur o.a. J. Calvin.¹⁷⁶ Vanuit hierdie beskouing val die hele klem in 11:25, 26 daarop dat deur die toetrede van die *ἔθνη* die hele geestelike Israel gered word. Dan word daar in dié verse eenvoudig stilswyend by die redding van die volk Israel verbygegaan — terwyl dit in Rom. 9-11 juis die sentrale tema, die brandende vraag is! Dan word 11:25, 26 'n skielike en onvanpaste tussenwerpsel tussen 11:24, wat oor Israel as volk handel, en 11:26b e.v., wat weer Israel as volk tot voorwerp het. Dan word die benaming *Ἰσραὴλ* hier skielik in vergeestelike sin vir die universele kerk gebruik, terwyl dit deurgaans in Rom. 9-11 en elders — Gal. 6:16

¹⁷³ So wil bv. B. Reicke in hierdie woorde nog te veel die erkenning sien van 'n besondere posisie van Israël op grond van hul afstamming — *Um die Väter willen, Röm. 11, 28*, Jud. 14 (1958), 106-114.

¹⁷⁴ Vir die betekenis van *μυστηριον* by Paulus, vgl. Ridderbos: *Romeinen*, 261; G. Bornkamm, TWNT IV, 825-829.

¹⁷⁵ *Israël*, 57.

¹⁷⁶ Vgl. I. Calvinus: *Ad Romanos*, 156; ook Van Leeuwen en Jacobs: *Romeinen*, 249-250; Barth, *Kirchliche Dogmatik II*, 330. Verder ook Augustinus en Luther — volgens H. M. Matter: *Waarheid en verdichting rondom Rom. 11:26a*, in: *Arcana Revelata*, 1951, 67.

voorlopig buite rekening gelaat — deur Paulus van die werklike volk Israel, in empiriese of in gekwalifiseerde sin gebruik word.¹⁷⁷

Dit staan dus vas dat met *πας Ισραηλ* hier sprake is van die werklike histories-etniese volk Israel, die volk uit Abraham gebore. Maar die volk Israel in watter vorm?

Th. Zahn, H. Hoekstra, J. van Andel, A. Kuypers sr. e.a.¹⁷⁸ stel die *πας Ισραηλ* gelyk met die *εκλογη* van 11:15. Die "hele Israel" sou dan bestaan uit die klein uitverkore oorblyfsel van die tyd van Paulus se skrywe. Hulle het in soverre reg dat daar vir Paulus 'n onlosmaaklike band, 'n volkome solidariteit, is tussen die *εκλογη* van die hede en Israel as volk (11:1 en 2).¹⁷⁹ Verder is dié interpretasie egter 'n besliste miskening van die strekking van 11:1-2, 7-16, 17, 23-24. Reeds in 11:1-2 word die *εκλογη* geteken as die waarborg vir die behoud van die volk en dan ook *net* die *waarborg* — die *εκλογη* is nog net Israel in nuce en nog nie Israel as geheel ^[206] nie. Hierdie kern van Israel in die hede is waarborg dat dit sal kom tot redding van die volk, van Israel as geheel. Volgens 11:7-16 is daar in die hede 'n "tekort" 'n "val", 'n "verwerping" van Israel as geheel, maar dit sal kom tot 'n volheid (*πληρωμα*), tot 'n aanneming. So ook 11:17, 23-24: daar is nou 'n boom met vele afgekapte takke, maar daar sal nog weer 'n inenting van takke plaasvind. Die *εκλογη* is vir Paulus 'n tydelike verskynsel en nie die einde van die heilsgeskiedenis vir Israel nie. Dit moet nog kom tot die verlossing van die hele volk. Die strekking van 11:25, 26 is dus duidelik: vanuit die gedeeltelike verharding, of van die ander kant besien: vanuit die klein *εκλογη* sal dit via (temporeel of modaal) die toetrede van die heidennasies kom tot redding van *πας Ισραηλ*. "...Die Erwählung des Restes drängt ja dann nach Röm. 11, 26 eschatologisch hin auf das Erbarmen über Gesamtisrael".¹⁸⁰ [... Die verkiesing van die oorblyfsel wys dan volgens Rom. 11:26 eskatologies op genade oor die hele Israel]

Dit staan dus vas dat met *πας Ισραηλ* sprake is van die histories-etniese volk Israel as geheel in teëstelling tot die gelowige kern van Israel wat daar in die hede (\pm 57 n.C.) is.

Hoe moet egter hierdie *πας*, die "hele", verstaan word? Wie maak die "hele" volk uit?

E. Stauffer,¹⁸¹ K.L. Schmidt,¹⁸² W. Vischer¹⁸³ e.a. wil hieronder die nasionale Israel in sy empiriese verskyningsvorm, dit is elke Israeliet, man vir man, verstaan. Hier kry ons dus 'n radikaal-universele verlossing van die nasionale Israel — *alle* Israeliete, sodat selfs die geloofseis verval: "Was heisst hier 'ganz Israel'? Auf keinen Fall heisst es '...soviele, als am Schluss an den Christus Jesus glauben werden, während die im Unglauben Verharrenden der ewige Verdammung übergeben werden'.¹⁸⁴ [Wat beteken 'die hele Israel' hier? In geen geval staan daar '... soveel mense as wat uiteindelik in Christus Jesus sal glo, terwyl hulle wat in ongelooft volhard, aan die ewige verdoemenis oorgegee word'.]

As dit is wat Paulus hier sê, is hy weer skielik terug op die suiwer Rabbyns-Joodse standpunt.

So 'n nasionaal-universalistiese interpretasie van Rom. 11:26a moet egter om verskeie redes

¹⁷⁷ Sien hf. I, § 4, *Ισραηλ*, pp. 76-77. Vgl. veral ook G. Schrenk: *Was bedeutet "Israël Gottes"?* Jud. 5 (1949), 81-84.

¹⁷⁸ Volgens H.M. Matter: *Rom. 11:26a*, 65.

¹⁷⁹ Sien hierbo pp. 176-177 en 200-201.

¹⁸⁰ Schrenk: *Segenwunsch*, 174.

¹⁸¹ *Theologie*, 171.

¹⁸² *Judenfrage*, 34.

¹⁸³ *Geheimnis Israëls*, 127-128.

¹⁸⁴ Vischer: *Geheimnis Israëls*, 127.

verwerp word:

In die eerste plek vereis die uitdrukking *πας Ισραηλ* self dit glad nie. *Πας Ισραηλ* beteken nie dieselfde as *παντες οι Ισραηλιται*, alle Israeliete, nie. Dit het nie individualisties-numeriese betekenis nie, maar dui 'n organiese geheel aan. Dit blyk veral uit die Ou-Testamentiese gebruik van die uitdrukking "die hele Israel" of "die hele volk". Dit gaan steeds om die organiese geheel en nie om die volle getal van individuele lede van die volk nie — vgl. o.a. 1 Sam. 10:23-25; 1 Kon. 12:1; 2 Kron. 12:1. "Da ist immer Israel sozusagen als ^[207] 'seelische Ganzheit' gefasst, ohne dass an die konkret geschlossene Masse ohne irgend eine Ausnahme gedacht wird".¹⁸⁵ [Daar word Israel altyd so verstaan as 'n 'geestelike heelheid', sonder om sonder enige uitsondering aan die konkrete geslote massa te dink] Besonderlik word dié uitdrukking gebruik van die gelowige Israeliete in hul samekoms vir die erediens — vgl. o.a. Deut. 31:11; 2 Sam. 6:5, 15. N.A. Dahl¹⁸⁶ merk in dié verband op; "Das zum Kultus versammelte Volk ist 'ganz Israel'." Die gebruik van die uitdrukking in hierdie sin kry ons ook elders in die N.T. — vgl. o.a. Luk. 1:10 en Hand. 13:24. Daar is dus geen terminologiese noodsaaklikheid om *πας Ισραηλ* hier as 'n numeriese voltaligheid te besien nie, veeleer die teenoorgestelde: dit behoort hier te gaan oor die volk as organiese geheel, nie om individue nie.¹⁸⁷

In die tweede plek: Uit die verband is dit duidelik dat die trefpunt van die *πας Ισραηλ* lê in die teëstelling met die *εκλογη* (11:5) van die hede: in die hede is daar net 'n *εκλογη*, 'n kern van die volk wat behoue gebly het, maar langs Gods wonderbare weg werk dit heen na die wederaanneming van die volksgeheel. Dit werk dus heen van net 'n kern van die volk tot die *volk* self. Die hele argumentasie van 11:1-24 gaan dáárom dat die huidige *εκλογη* nie 'n klein deeltjie van Israel is wat uitgeruk is uit Israel nie, maar dat God volgens die verbond met Abraham die *volk* wil behou. In dié lig wil *πας Ισραηλ*, sê: Israel as volk; Israel as organiese volksgeheel.

In die derde plek is dit opmerklik dat die verdere uitbouing van die samevatting, vss. 26b-32, nie weer die *πας*-aspek in die verlossing van Israel na vore bring nie, maar dat al die aandag gewy word aan die *Ισραηλ*-aspek: die Skrifbewys van vss. 26b en 27 spreek net van die verlossing van *Ιακωβ*, d.i. die *volk* Israel as etniese eenheid, sonder dat 'n *almal*-omvattende element teenwoordig is. Ook in vss. 30, 31 word alleen die onderskeid julle-hulle, d.i. *εθνη* — Israel, gemaak, sonder dat enige getalsmatige omvattendheid na vore gebring word. In die Afrikaanse vertaling skyn die finale konkluderende formulering, vs. 32, te wys op *alle* Israeliete: "want God het *hulle almal* in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir *almal* barmhartig te kan wees". Die "hulle" ontbreek egter in die Griekse teks waar albei kere *τους παντας*, l.i. letterlik "*die almal*", voorkom. Hiermee is dit duidelik dat "*almal*" hier bedoel die heidennasies sowel as Israel. Ook in vs. 32 is daar dus geen verwysing na 'n getalsmatige volheid in die verlossing van Israel nie.

In die vierde plek: Die verband bied ook duidelik positiewe bewyse dat *πας Ισραηλ* van 11:26 nie alle vleeslike Israeliete ^[208] insluit nie, maar dat alleen die gelowige Israeliete *πας Ισραηλ* uitmaak.

Die weg van God met Israel is vanaf die *εκλογη* na die hele Israel. Die *εκλογη* is die huidige *gelowiges* (11:1-5), die ander deel van Israel is afgekap deur hulle *ongeloof* (11:20), en van hulle sal diegene weer ingeënt word wat jaloers geword het op die gelowigwording van die heidene (11:12) en wat gevolglik nie in die *ongeloof* bly nie (11:23) — en so sal *πας Ισραηλ*

¹⁸⁵ Schrenk: *Weissagung*, 35.

¹⁸⁶ *Volk Gottes*, 8.

¹⁸⁷ So o.a. Oepke: *Gottesvolk*, 216; Munck: *Israël*, 102; Sanday-Headlam: *Romans*, 335.

gered word! Die εκλογη van Israel is die *gelowige* kern wat daar in die hede (±57 n.C) reeds is, πας Ισραηλ is die gelowige εκλογη van die hede plus almal wat reeds vroeër geglo het en nog gelowig sal word — en Paulus verwag dat so 'n gelowigwording kragtig teweeggebring sal word via die binnekoms van die heidennasies; — πας Ισραηλ is dus alleen gelowige Israeliete, die *gelowige* volk Israel.

En — nie almal sal gelowig word nie: 11:23 stel die wederopname pertinent *voorwaardelik*. Die afgekapte takke sal weer ingeënt word, nie wanneer (asof dit vanselfsprekend en seker vir almal is nie) maar *as* (εαν + Konj. — eventualis) hulle gelowig word. En Paulus self hoop nie op 'n algemene bekering van alle Israeliete deur sy werk nie, maar hy hoop dat hy "sommige uit hulle kan red" (11:14).¹⁸⁸ Sy Skrifbewys vir die verlossing van πας Ισραηλ kom uit Jes. 59 (vss. 20, 21) waar die bekering gestel word as voorwaarde vir verlossing, waardeur beperking gebring word ten opsigte van diegene wat gered sal word.

In nog 'n opsig, vir ons doel die kardinale opsig, dui Paulus nader aan hoe πας Ισραηλ hier verstaan moet word en dus in watter hoedanigheid die volk Israel hier voorwerp van verlossing is. Dit doen hy in 11:26b-29 deur sowel Skrifbewys as verdere verklaring:

Wanneer Paulus uit die O.T. aanhaal ter bewys dat πας Ισραηλ gered sal word, dan is dit nie sonder rede dat hy Jes. 59:20-21a aanhaal waar sprake is van God se verbond met Israel nie.

Dit kom nog sterker uit in Paulus se verdere verklaring 11:29: πας Ισραηλ *is* "bemindes (van God) ter wille van die vaders", d.i. bemindes ter wille of op grond van God se verbond met Abraham — vgl. 11:16; 11:1; 9:4 e.v.

Onder πας Israel wat gered word, verstaan Paulus dus die volk Israel in sy hoedanigheid as die volk van die verbond! Hierin lê die sleutel vir die regte verstaan van πας Ισραηλ!^[209] Want in Rom. 1:6 e.v. het Paulus uitdruklik beskryf hoedanig die Israel van die verbond is.

Die ooreenkoms tussen 11:28-29 en 9:4-13 is onmiskenbaar:

In 11:28-29 is πας Ισραηλ dié Israel (i) met wie die verbond gesluit is (vs. 28); (ii) wat deur God uitverkies is — κατ' εκλογη (vs. 28); (iii) aan wie die genadegawes van die verbond toegesê is (vs. 29); (iv) wat deur God geroep is — κληδοις (vs. 29).

In 9:4-13 is ook die ware Israel die Israel (i) van die verbond (vss. 4, 5, 6); (ii) wat saamgestel word volgens God se uitverkiesing, κατ' εκλογη (vs. 11); (iii) aan wie die genadegawes van die verbond behoort (vs. 4); (iv) waarvan die lede lede is "nie uit die werke nie, maar uit Horn wat roep — εκ του καλουντος (VS. 11).¹⁸⁹

Die πας Ισραηλ van Rom. 11:26a is dus dieselfde as die Ισραηλ van Rom. 9:6.¹⁹⁰ Die byvoeging van die πας by Ισραηλ in 11:26a word verklaar deur die feit dat Paulus hier 'n samevatting gee hoe Israel histories weer as volksgeheel, nie net as volkskern nie, opgeneem word in die Godsvolk, terwyl 9:6 slegs 'n prinsipiële verklaring gegee het hoe Israel as volk nog behoue bly as Godsvolk en Ισραηλ dus daar voldoende was.

Dus word πας Ισραηλ in 11:26a verklaar deur Ισραηλ in 9:6. Uit die vroeëre behandeling

¹⁸⁸ Die feit dat Paulus blykens 11:23 'n bekering by die verharde massa van die volk reeds onder die huidige geslag as moontlik voorhou, en dat hy volgens 11:14 oortuig is dat sy werk onder die heidennasies sal bydra tot die redding van 'n klein deel van πας Ισραηλ spreek duidelik teen die beskouing dat 11:25, 26 praat van 'n "endgeschiedlike" bekering (so o.a. E. Stauffer, K.L. Schmidt, W. Vischer, J. Munck, G. Schrenk). Vir verdere argumente teen die interpretasie, wat ons onderwerp nie direk raak nie, vgl. veral Ridderbos: *Israël*, 59-61 en Matter: *Rom. 11:26a*, veral 67-68.

¹⁸⁹ Nestle: vs. 12.

¹⁹⁰ "Ridderbos: *Israël*, 61, en Schrenk: "*Israël Gottes*", 51, is van die weinige eksegete wat duidelik wys op die betekenis van Rom. 9 vir die verstaan van Rom. 11:26a.

van Rom. 9:6 e.v.¹⁹¹ het geblyk dat die Israel van die verbond, "Israel" in die sin waarin dit daar, en nou ook in 11:26a, gebruik word, die na binne verengde histories-etniese volk Israel is vereng deur vrye Goddelike uitverkiesing en roeping wat tot openbaring kom in die geloof. Πας Ισραηλ van Rom. 11:26a is hier die ware Israel, die Israel soos God dit ken — die Israel van God!¹⁹²

In Rom. 11:26a tree also 'n baie belangrike punt wat reeds in Rom. 9:6 implisiet aanwesig is, aan die lig: ten opsigte van die Godsvolk, in die uitverkiesing van God vorm die gelowige Israëliete (wat was, wat is en wat kom) die hele volk Israel. Die gelowige Israëliete is vir God die volk as geheel, terwyl die ongelowigblywende Israëliete vir God nie wesentlike lede van die volk is nie. In sy gelowiges maak die volk Israel as organiese geheel deel uit van die Godsvolk.

[210]

3. Die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk — volgens Ef. 2:11-3:7.

Naas Rom. 9-11 bied Ef. 2:11-3:7 die mees pertinente behandeling van die verhouding van die volk Israel tot die messiaanse Godsvolk.

Verbasend is die feit dat die belangrikheid van hierdie Skrifgedeelte vir die bepaling van die posisie van die volk Israel in die Nieu-Testamentiese bedeling oor die algemeen weinig besef word, tot so 'n mate dat M. Barth¹⁹³ nog in 1959 kon skryf: "*Dass nicht nur Römer 9-11 sondern auch Epheser 2 ein locus classicus für die Diskussion über Israel ist, war für mich eine grosse Überraschung*". [Dit was vir my 'n groot verrassing dat nie net Romeine 9-11 nie, maar ook Efesiërs 2 'n locus classicus is vir die bespreking oor Israel.] So gaan o.a. H. Ridderbos in sy studie, spesiaal gewy aan die vraagstuk van Israel in die N.T.,¹⁹⁴ geheel by Ef. 2:1-3:7 verby, behalwe t.o.v. heel sydelinge verwysings na Ef. 2:20 en 3:3.¹⁹⁵ Die geskrif van M. Barth is inderdaad tot 'n groot mate pionierswerk op die gebied.

In Efesiërs as geheel en besonderlik in 2:11-3:7 vorm onteenseglik die wonderlike eenheid waartoe die εθνη en Israel in Christus gekom het, die sentrale gedagte: hulle is een liggaam (2:16); een gebou (2:20); een heilige tempel (2:21); een woning van God (2:22).

Die kernvraag in verband met dié Skrifgedeelte is: hoe is die eenheid, waartoe die εθνη en Israel gekom het, bedoel? Beteken die feit dat die heidennasies "naby gekom" (2:13) het en dus nie meer "vervreemd van die burgerskap van Israel" (2:12) is nie, dat die heidennasies opgeneem is in Israel, en dat "Israel" in vs. 12 sinoniem is met "Godsvolk"? Dus: beteken dit dat die oorspronklike histories-etniese volk Israel nou vervang is deur 'n geestelike Israel, die nuwe universele Godsvolk? Is hier sprake van die messiaanse Godsvolk as 'n geestelike nuwe Israel omvattende alle gelowiges? *Of*: beteken dit dat "Israel" hier nog die histories-etniese volk is wat as volk Godsvolk bly, terwyl ook die heidennasies nou soos Israel ingelyf is in die Godsvolk, sodat Israel en die heidennasies nou tesame die een universele Godsvolk vorm?

In sy kortste en mees pertinente vorm kan die vraag lui: wat beteken die η πολιτεια του Ισραηλ van 2:12?

Die woord - πολιτεια beteken óf "burgerreg" óf "die burgerskap, die staat". Die verskil is

¹⁹¹ Sien hierbo pp, 161, 164-175.

¹⁹² In breë trekke kom hierdie resultaat ooreen met die verklaring wat H. Ridderbos van Rom. 11:26a gee, *Israël*, 58-64, met in agneming van die korreksie wat hy self daarin aanbring in sy kommentaar op Romeine, 265.

¹⁹³ *Israël und die Kirche im Brief des Paulus an die Epheser, Theologische Existenz Heute, Heft 75, 1959, 3.*

¹⁹⁴ *Israël*, in: *Exegetica, 2e Reeks*, deel 2.

¹⁹⁵ *Israël*, 32, 40, 57.

hier nie van *wesentlike* belang nie. Saam met W. Bauer¹⁹⁶ en A. Souter¹⁹⁷ opereer ons hier verder met die betekenis "staat", "konkrete burgerskap". Uit die hele verband is dit duidelik dat "staat" hier nie letterlik ^[211] natuurlik bedoel is nie: Paulus wil hier beslis nie sê dat die heidennasies in natuurlik-konkrete sin ingelyf is in die nasionale Israel nie. Die πολιτεια, staat, moet in geestelike sin verstaan word.

Wat beteken dan die woorde "die geestelike staat του Ισραηλ .

Die betekenis hiervan word bepaal deur die aard van die genitief του Ισραηλ. Is dit 'n genitivus subjectivus of 'n genitivus objectivus?

In geval van 'n gen. subj. is daar identiteit van "staat" en "Israel". Dan is die volk Israel die staat: "die staat behorende aan Israel". Dan beteken die opheffing van die heidennasies se vervreemding van die "staat van Israel" niks anders nie as die totstandkoming van 'n nuwe geestelike universele Israel en is "Israel" die kerk.¹⁹⁸

In die geval van 'n gen. obj. is die "staat" 'n objek buite die volk Israel waaraan Israel deel verkry het, waarin Israel burgerskap toegesê is, waartoe Israel behoort: "die staat waartoe Israel behoort". Dan beteken die opheffing van die heidennasies se vervreemding van "die staat waartoe Israel behoort", niks anders nie as dat die heidennasies nou ook, soos Israel reeds gehad het en nog het, deel verkry het in hierdie "staat" wat dan die koninkryk van God is, of gesien ten opsigte van sy lede, die Godsvolk. Dan is "Israel" in vs. 12 nog die werklike volk Israel wat deel het aan die Godsvolk.

Die antwoord moet in die gegewens van die verband gesoek word.

In die eerste plek: Uit die verband blyk dat die eenheid waartoe die heidennasies gekom het, *primêr 'n eenheid met God* is:

(i) Wanneer Paulus sê die heidennasies het in Christus "naby" (εγγυς) gekom, kan dit nie beteken "naby" aan Israel nie, want Paulus sê uitdruklik dat ook Israel "naby" (εγγυς) is en was (2:17). Die heidennasies het dus naby gekom net soos Israel naby was en wel naby gekom aan dieselfde "voorwerp" waaraan Israel naby was. In 2:18 word die "naby" wees van vs. 17 nader verklaar: "*want* deur Hom het ons toegang tot die Vader"; en 2:11-13 toon dat die heidennasies toe hulle vroeër "ver" was "sonder Christus" was, maar nou dat hulle "naby" gekom het, is hulle "in Christus Jesus". Die "voorwerp" is dus God en sy koninkryk.

(ii) Die heidennasies was inderdaad tog nie "*vervreem*" (απαλλοτριωμαι [In die Textus Receptus staan daar "*απηλλοτριωμενοι*"]) van dié volk Israel asof hulle eers wel by ^[212] of in Israel was nie. In Adam was hulle egter wel aanvanklik *by God* en het deur die sonde vervreem geraak van God en sy koninkryk. Hoewel F.W. Grosheide¹⁹⁹ en F. Büchsel²⁰⁰ die letterlike betekenis van die woord "vervreem", waarin dus die oorspronklike aksie van verwydering opgesluit lê, wil afwater tot "vreemd aan" (— αλλοτριος), het Paulus hierdie seldsame werkwoord ongetwyfeld doelbewus gebruik: Paulus gebruik dieselfde woord in dieselfde vorm in soortgelyke verband in Ef. 4:18 en Kol. 1:21. En in Ef. 4:18, 19 word daar baie beslis gewys op die sondige *dade* van die heidennasies waardeur hulle in die toestand van vervreemding

¹⁹⁶ *Wörterbuch*, kolom 1361.

¹⁹⁷ *Lexicon*, 209.

¹⁹⁸ So o.a. F.W. Grosheide: *De Brief van Paulus aan de Efeziërs*, in: *Commentaar op het N.T.*, 1960, 42; Shedd: *Man in Community*, 127; W. Bieder: *Ekklesia und Polis im N.T. und in der alten Kirche*, 1941, 23; E.P. Groenewald: *Jesus Jesurun*, NGTT II (Sept. 1961), 200-201; met terughoudendheid Dahl: *Auslegung von Gal. 6, 16*, 163. *Daarteen*: Gutbrod, Ισραηλ, TWNT III, 389 e.v.; Schrenk: "*Israel Gottes*", 91 en *Segenwunsch*, 188-189.

¹⁹⁹ *Efeziërs*, 42.

²⁰⁰ *απαλλοτριωω*, TWNT I, 265, 266.

geraak het — opmerklik is veral naas die ander perf. participia die aksie-werkwoord παρεδωκαν. Ook Kol. 1:21 sê hulle is vervreemd *deur die bose werke*. Die heidennasies is dus beslis vreemd aan die πολιτεια του Ισραηλ, omdat hulle daarvan *vervreemd geraak* het. Dit kan nie gesê word van hul verhouding tot Israel nie. Dit is dan ook in Ef. 4:18 volkome duidelik waarvan die heidennasies vervreem is: "vervreemd van die lewe van (vir) God". Ook Kol. 1:20-21 — 'n gedeelte wat feitlik identies is met Ef. 2:11 e.v. — handel duidelik oor vervreemding van God, aangesien hier geen sprake is van Israel nie. Dit gaan dus by die απηλλοτριωμενοι van Ef. 2:12 om 'n vervreemding van God en sy koninkryk deur die sondeval.

(iii) Ook die "versoening", die nuwe gebeure wat teenoor die vroeëre "vervreemding" gestel word, is 'n versoening *met God* en nie met Israel nie. Intendeel, "albei", die heidennasies en Israel, is nou "met God versoen" (Ef. 2:16). Op dieselfde wyse word die versoening *met God* in Kol. 1:20-21 geplaas teenoor die vroeëre vervreemding van God.

(iv) Ook die "vrede" waarvan in Ef. 2:15 en 17 gespreek word, is primêr 'n vrede met God. Dit blyk pertinent uit die parallelle Skrifgedeelte, Kol. 1:20. Dit blyk ook wel in Ef. 2 self: die "vrede" van vs. 17 word in v. 18 verklaar: "want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader".²⁰¹

(v) Om vervreemd te wees van die πολιτεια του Ισραηλ, word in 2:12 gelykgestel daaraan om te wees "sonder Christus ... sonder hoop en sonder God in die wêreld", terwyl om "burgers" te wees in 2:19 op een lyn geplaas word daarmee om "deelgenote aan die huishouding van God" te word.²⁰²

Die primêre eenheid waartoe die heidennasies gekom het, ^[213] is dus eenheid met God — hulle is opgeneem in die Godsvolk. Die eenheid met Israel kan eers sekondêr volg uit die herstelde eenheid met God en die opname in die Godsvolk.

In die tweede plek: Uit die verband blyk ook *die ware aard van die eenheid met Israel*.

Daar is in Ef. 2:11-3:7 baie pertinent sprake van eenheid van die heidennasies en Israel: albei is een gemaak (vs. 14); die middelmuur van skeiding is afgebreek (vs. 14); die twee is tot een nuwe mens geskep (vs. 15), albei is in een liggaam (vs. 16). En die vrede waarvan hier sprake is (vs. 15, 17), is beslis *ook* vrede tussen Israel en die heidennasies.²⁰³

Uit veral drie sake blyk egter dat dit by hierdie eenwording nie gaan om die samestelling van die heidennasies in Israel tot 'n nuwe geestelike Israel nie:

(i) Uit die nadruk wat dwarsdeur 2:11-3:7 daarop val dat die heidennasies al die seëninge verkry *saam met Israel*. Dit weerklink soos 'n refrein dwarsdeur dié gedeelte. Eers is die refrein "beide tesame": τα αμφοτερα (VS. 14); τους δυο (vs. 15); τους αμφοτερους (vs. 16); ειρηνην υμιν ... και ειρηνην τοις εγγυς (vs. 17); οι αμφοτεροι (vs. 18). Daarna word dit "saam met Israel": συμπολιται των αγιων (vs. 19); συναρμολογουμενη (vs. 21); συνοικοδομεισθε (vs. 22); συγκληρονομα και συσσωμα και συμμετοχα (3:6).

(ii) Uit die wyse waarop hierdie *eenheid in Christus* beskryf word: (a) Nou in Jesus Christus is die wet tot niet gemaak wat skeiding gemaak het, eintlik wat *vyandskap* gemaak het, tussen Israel en die heidennasies deurdat Israel as die besitters van die wet *geskeie* was van die heidennasies (vss. 14, 15). Dus: die eenheid van die heidennasies en Israel bestaan daarin dat nou die bloed van Jesus Christus die *skeiding en vyandskap vernietig* het deurdat en sodat nou

²⁰¹ Vgl. W. Foerster: ειρηνη, TWNT II, 413-414.

²⁰² Vgl. Barth: *Israël und die Kirche*, 8.

²⁰³ Vgl. Foerster: TWNT II, 413-414.

albei, en nie net Israel nie, versoen is met God. (b) Nou in Jesus Christus het die heidennasies naby (εγγυς) gekom net soos Israel naby was en nog is (vss. 13, 16); het die heidennasies en Israel dieselfde evangelieboodskap van vrede ontvang (vs. 17); het die heidennasies en Israel op gelyke wyse deur dieselfde Gees dieselfde reg, t.w. toegang tot God ontvang (vs. 18). Dus: die eenheid van die heidennasies en Israel bestaan daarin dat hulle nou in Christus in een posisie ten opsigte van God en die Godsvolk verkeer, (c) Nou in Jesus Christus is die heidennasies en Israel "tot een nuwe mens" geskep (vs. 15). Dié betekenis van die "tot een nuwe mens" word duidelik ^[214] uit die daaraan gekoördineerde sinsnede "en albei in een liggaam met God kon versoen word" (vs. 16). In die lig van die beheersende plek wat die beeld van die messiaanse Godsvolk as die Liggaam van Christus inneem in Efesiërs, kan die "liggaam" hier nie anders verstaan word as die Liggaam van Christus nie.²⁰⁴ Dat die "nuwe mens" geen abstrakte "christlike Persönlichkeit" of "Gesamtpersönlichkeit" is nie, toon M. Barth²⁰⁵ duidelik aan. Inteendeel, sê hy, "die Neuheit des neuen Menschen besteht nicht in die Abschaffung oder Verleugnung geschichtlicher, sozialer, etc. Verschiedenheiten, sondern in der Abschaffung der trennenden Feindschaft zwischen zwei Menschen oder Gruppen",²⁰⁶ [die nuutheid van die nuwe mens bestaan nie in die afskaffing of verloëning van die historiese, sosiale, ensovoorts nie, maar in die afskaffing van die vyandskap wat twee mense of groepe van mekaar skei.] en verder: "Dieser neue Mensch ist mit der Braut Christi (ek sou om aan te sluit by vs. 16 liever sê: met die Liggaam van Christus — J.C.C.), der Kirche aus Juden und Heiden identisch".²⁰⁷ [Hierdie nuwe persoon is identies aan die bruid van Christus (ek sou om aan te sluit by vs. 16 liever sê: met die Liggaam van Christus - J.C.C.), die Kerk van Jode en heidene] Die "tot een nuwe mens" beteken dus nie tot 'n "geestelike nuwe Israel nie maar tot een Liggaam, die Liggaam van Christus. Dus: die eenheid van die heidennasies en Israel bestaan daarin dat die twee saam die een Liggaam van Christus, die een Godsvolk, vorm.

(iii) Uit die duidelike wyse waarop te midde van die eenheid Israel en die heidennasies *as onderskeie groepe besien* word. Ook al is die εθνη met Israel tot "een nuwe mens" geskep, bly hulle nog εθνη: die Afrikaanse Vertaling se weergawe van. 2:11, 12 is misleidend wanneer dit lees: "onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was ... dat julle in dié tyd sonder Christus was". Dit moet lees: "onthou dat vroeër julle, die εθνη in die vlees..., dat in daardie tyd julle sonder Christus was". Dan word dit duidelik dat Paulus die εθνη wat binne die eenheid verkeer, nog as εθνη reken. Duidelik onderskeie van hulle noem Paulus die gelowige Israeliete die αγιοι: "julle (die εθνη) is medeburgers van die αγιοι (2:19).

In dit alles val die klem dwarsdeur Ef. 2:11-3:7 daarop dat die twee groepe volke, Israel en die heidennasies, nie as een geestelike Israel nie maar as twee groepe, *saam* die een geestelike Godsvolk vorm. Die πολιτεια του Ισραηλ is dus die koninkryk van God waartoe Israel behoort en waaraan die heidennasies nou ook deel verkry het, sodat Israel en die heidennasies as twee onderskeie groepe volke saam; die hegte eenheid van die messiaanse Godsvolk vorm.

Die grondtoon van Ef. 2:11-3:7 is dus dit: Die posisie van Israel in die Godsvolk bly ongestoord. Die heidennasies ^[215] kry saam met, en nie in die plek van Israel nie, deel aan die Godsvolk. Die inlywing van die heidennasies beteken ook nie 'n vergeesteliking van Israel nie. Israel bly nog as 'n volk onderskeie van en tog tesame met die heidennasies in die Godsvolk.

Oor nog een vraag moet duidelikheid verkry word ten opsigte van Ef. 2:11-3:7: wie is ingesluit in die volk Israel in sy hoedanigheid as deelgenoot aan die messiaanse Godsvolk?

²⁰⁴ So ook Grosheide: *Efesiërs*, 45.

²⁰⁵ *Israël und die Kirche*, 11-13.

²⁰⁶ *Israël und die Kirche*, 12.

²⁰⁷ *Israël und die Kirche*, 13.

Is dit die empiriese volk in al sy natuurlike lede of is dit hier soos in Rom. 9-11 die na binne verengde histories-etniese volk Israel, vereng tot sy gelowige lede?

M. Barth kies baie beslis ten gunste van eersgenoemde: "Eine Unterscheidung zwischen Israel und Israel, wie sie in Röm. 9, 6 gemacht wird... oder wie sie auch in Röm. 4, 12 ... wird in Epheserbrief erstaunlicherweise nicht gemacht. Mit Israel sind hier alle gemeint... das Israel der Vergangenheit und das Israel der Gegenwart mit seinen fleischlichen und seinen geistlichen Söhnen... Wir können daher auch unser Thema nicht einschränken auf den Titel 'Juden und Heiden *in der Kirche*'. Wir müssen weiterfragen nach dem Verhältnis zwischen der aus Juden und Heiden zusammengerufenen Kirche und Israel. Wenn Paulus von dem 'einen neuen Mensch' spricht... so denkt er an *alle* Juden und an *alle* Heiden, und nicht nur an einen Teil von ihnen".²⁰⁸ [n Onderskeid tussen Israel en Israel soos in Rom. 9:6 gemaak word ... of soos ook in Rom. 4:12 ... word verbasend nie in Efesiërs gedoen nie. Met Israel word almal hier bedoel ... Israel van die verlede en Israel van die hede met sy vleeslike en sy geestelike seuns ... Ons kan dus nie ons onderwerp beperk tot die titel 'Jode en heidene in die kerk' nie. Ons moet verder vra oor die verhouding tussen die Kerk, wat uit Jode en heidene bestaan, en Israel. As Paulus praat van die 'een nuwe mens' ... dink hy aan alle Jode en alle heidene, en nie net aan 'n deel daarvan nie]

Hierdie beskouing van M. Barth is egter geheel in stryd met die gegewens van Efesiërs: (i) Direk aan Ἰσραὴλ in 2:12 word verbind 'n verwysing na "die verbonde van die belofte" waardeur hierdie vers sterk ooreenkoms verkry met Rom. 9:4-9, waar juis die verbond met die belofte na sy aard beskryf word as gesluit met Israel van die belofte, d.i. die na binne verengde histories-etniese volk en nie met Israel na sy empiriese voltalligheid nie. (ii) Die "ons", die "Israel" word in 2:19 genoem die ἅγιοι, 'n benaming wat vanaf die aanvang van die Christelike kerk beperk word tot *gelowiges*, aanvanklik uitsluitlik vir die gelowiges uit Israel, later by Paulus ook vir alle gelowiges, hoewel dit in besondere sin 'n benaming vir die gelowige Israeliete bly (Hand. 26; 10; Rom. 15:25; 1 Kor. 16:1, 15; 2 Kor. 8:4, ens.)²⁰⁹ (iii) Ef. 2:11-13 word soos die hele Ef. 1-3 volkome beheers deur die uitdrukkinge "in Christus" en "deur die bloed Van Christus", uitdrukkinge wat altyd en ook in hierdie gedeelte onlosmaaklik verbind is met "deur die geloof" — vgl. 2:8-10. (iv) Die teëstelling ons, Israel, heiliges — julle, ἑθνη kom dwarsdeur ^[216] Ef. 1-3 voor. En Paulus sê uitdruklik dat hierdie "ons" en "julle" tesame die ἐκκλησία vorm, vgl. 1:22; 3:10. Dit kan dus nie alle Israeliete plus alle lede van die heidennasies wees nie.

Dit gaan in Ef. 2:11-3:7 dus alleen om die gelowige Israeliete, die na binne verengde volk Israel.

Hierdie gelowige Israel mag egter nie gelykgestel word met Joods-christene in enge sin nie. Dit sluit ook in die Israel van die belofte wat *voor* Jesus Christus geleef het. In hierdie rigting wys reeds die nadruk op die feit dat "Israel" reeds *vroeër* naby was en die verwysing na die verbondsbelofte wat reeds in die ou tyd gegee is. Dit word bevestig deur Ef. 1:12. Daar sê Paulus "ons" (= "Israel") is diegene wat προηλπικотας εν τω Χριστω diegene dus wat reeds vooraf, voor die koms van Christus²¹⁰ in die hoop op Christus geleef het (perf. part.). Dit is vir Paulus egter ook weer geen beskrywing van alle Israeliete voor Christus nie. Die "hoop in Christus" is vir Paulus hier geen leë kennis van die belofte van 'n Messias nie maar die geloof in die belofte, die *geloof* in die komende ware Messias. So het vir Paulus reeds Abraham, die vader *van die gelowiges* (Rom. 4) op Christus gehoop, aangesien Hy die Saad was wat God aan

²⁰⁸ Barth: *Israël und die Kirche*, 18-19.

²⁰⁹ Vgl. O. Procksch: ἅγιοι, TWNT I 107-108; G. Schrenk: *Segenwunsch*, 188-189.

²¹⁰ So ook Barth: *Israël und die Kirche*, 18; R. Bultmann: προελπιζω.

hom belooft het (Gal. 3:16).

Alleen die gelowige Israëliete, sowel dié voor Christus as dié na Christus is ingesluit in die "Israel", die ander nie. Dit is met Israel net so gesteld as met die heidennasies, waar diegene wat die "burgerskap" verkry het, die *gelowiges* uit die heidennasies is — vgl. 1:13; 2:8.

"Israel" van Ef. 2:12 is die histories-etniese volk Israel, vereng tot sy gelowiges van die verlede en die hede (Paulus spreek hier nie oor die toekoms nie). Ef. 2:11-3:7 lê dus volkome in een lyn met Rom. 9-11 in sy gegewens oor die verhouding van die volk Israel en die Godsvolk.

4. Gal. 6:16 — die formulering van Paulus se prediking oor dié probleem.

Die bespreking van die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk by Paulus word afgesluit met 'n beoordeling van die seënwenne van Paulus aan die einde van sy sg. "Kampfepistel" teen die Judaïsme: "En oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, vrede vir hulle en barmhartigheid en/ook oor die Israel van God" (Gal. 6:16).

Wat beteken die "Israel van God?"

[217]

Hierdie uitdrukking lewer besondere probleme, veral omdat dit net hierdie enkele keer in die N.T. voorkom; verder omdat dit so 'n kort en abrupte uitspraak sonder nadere omskrywing is; en derdens omdat dit besonder moeilik is om die verhouding van dié uitdrukking tot die woorde "oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, vrede oor hulle en barmhartigheid" waarmee dit met 'n *καὶ* verbind is, te bepaal.

Die "Israel van God" kan hier een van twee betekenisse hê: dit is óf (a) die universele kerk — so Chrysostomos, Theodoretus, Calvin, Luther; van die jongere eksegete o.a. Lightfoot, Holsten, Kähler, Lietzmann en die meeste van die jongstes o.a. W. Bauer,²¹¹ A. Oepke,²¹² K.L. Schmidt,²¹³ N.A. Dahl,²¹⁴ R. Bultmann,²¹⁵ H.N. Ridderbos²¹⁶ en minder uitgesproke, W. Gutbrod;²¹⁷

óf (b) die gelowiges uit Israel, die gelowige Israel — veral deur die vroeëre eksegete voorgestaan, soos Efraïm die Siriër, die Ambrosiaster, Beza, Grotius, Bengel, Rückert, Schöttgen, De Wette, Ewald, Zahn, Schlatter e.a.;²¹⁸ van die weinige jongstes veral H.M. Matter²¹⁹ en G. Schrenk.²²⁰

Vir 'n besonder duidelik oorsig oor die belangrikste argument van beide kante word verwys na die insiggewende polemieë tussen die twee erkende eksegete G. Schrenk en N.A. Dahl in die tydskrif *Judaica*.²²¹

Ons sal hier veral op vyf aspekte ingaan wat moontlik die regte betekenis aan die lig kan stel: (i) die interne getuieis, veral wat betref die *καὶ*. (ii) Paulus se algemene gebruik van die

²¹¹ *Wörterbuch*, kolom 754.

²¹² *Gottesvolk*, 202.

²¹³ *Judenfrage*, 10-11.

²¹⁴ *Volk Gottes*, 1; en veral *Auslegung Gal 6, 16*, 161-170.

²¹⁵ *Theologie*, 96.

²¹⁶ *Israël* 33-34, en *Galatia*, 226-227.

²¹⁷ TWNT III, 390-391.

²¹⁸ Vgl. die lys van G. Schrenk: "*Israël Gottes*", 94.

²¹⁹ *Toekomst van Israël*, 155 e.v.

²²⁰ "*Israël Gottes*", 81-94, en *Segenwunsch*, 170-190.

²²¹ Sien voetnote (220) en (214).

naam Israel, (iii) Die Abrahamkindskap in Galasiërs. (iv) Die bewyskrag van 1 Kor. 10:18. (v) Die lig van Rom. 9-11 (en Ef. 2:11-3:7).

(i) *Die interne getuienis.*

Die belangrikste vraag ten opsigte van die vers self is hoe die *καί* voor *ἐπι τοῦ Ἰσραὴλ ...* te verstaan is. Daar is veral vier moontlikhede waarvan myns insiens die vierde, die waarskynlikste is:

(a) Dit kan wees 'n *καί* wat twee aparte entiteite *koördineer*.²²² Dan dui die "almal wat wandel volgens hierdie reël", die kerk, die gelowige Jode en die heidenchristene, aan en is "die Israel van God" die empiriese, nasionale volk Israel. Dit moet radikaal afgewys word in die lig van die hele sentrale inhoud van Galasiërs. Dit is ook moontlik dat die "almal wat..." dan die heiden-christene aandui en "die Israel van God" die Christene uit Israel.²²³ Dit is onwaarskynlik in die ^[218] lig van die *καὶ ὅσοι* (en vir almal wat, of: en vir soveel as wat) waarmee die omskrywing van die eerste groep ingelei word. Dit toon dat hiermee 'n omvattende beskrywing van alle gelowiges gegee wil word. Ook wys die "hierdie *κἀὼν*" terug na alles wat voorafgegaan het in die brief en wat duidelik die heidene sowel as die Jode geraak het. Hierdie interpretasie van *καί* is dus onaanvaarbaar.

(b) Dit kan wees 'n *καί* wat 'n uitbreiding van die deel na die geheel inlei. Dan is die "En almal wat..." 'n aanduiding vir die gemeente van Galasië en die "die Israel van God" vir die hele kerk, alle gelowiges.²²⁴

Voorstanders hiervan lê veral nadruk op die ooreenkoms met die tipiese vorm van seënbedes by die Jode wat van die kleinere en persoonlike kring uitbrei na die hele volk deur die konstruksie 'al... we 'al.²²⁵ Hierdie beskouing is onwaarskynlik, omdat dit die eerste groep wat deur die inleidende *ὅσοι* duidelik alomvattend gestel word, beperk tot 'n *deel* van die gelowiges, en die tweede groep wat "Israel" genoem word, 'n benaming wat in sy letterlike betekenis beperk is tot mense van een volk, beskou as die *geheel* van die Godsvolk. Die voor die hand liggende betekenis van albei dele van vs. 16 word dus net mooi omgedraai. Ook die geldigheid van die argument van die ooreenkoms met die Joodse seënbedes word deur G. Schrenk²²⁶ betwis, omdat die beheersende kenmerk daar die ononderbroke 'al we 'al is, terwyl in Gal. 6:16 die *ἐπι* van die *καὶ ἐπι* geskei word deur *καὶ ἔλεος* sodat die eenheid van die uitdrukking hier verbreek is. Ook hierdie interpretasie van *καί* is dus onaanvaarbaar.

(c) Dit kan ook wees 'n epexegetiese *καί*, d.w.s. dat *καί* beteken: "dit is" of "naamlik". Dan dui "die Israel van God" en "almal wat..." dieselfde mense aan.²²⁷ Hierteen getuig afdoende Paulus se herhaling van die *ἐπι* voor "die Israel van God".²²⁸

(d) Dit laat één moontlikheid oor as die waarskynlikste: *καί* = *ὅók*, as 'n inleiding op 'n nadere verduideliking by die omvattende *ὅσοι*. Dan wil Paulus met die byvoeging *καὶ ἐπι τοῦ Ἰσραὴλ τοῦ θεοῦ* sê: "vrede en barmhartigheid oor *almal...*, ja *ὅók* oor die Israel van God" — *ὅók* hulle is nie uitgesluit nie.

Ten gunste hiervan tel die besondere konstruksie van die sin: met die woorde *εἰρηνῆ ἐπ'*

²²² Vgl. G. Schrenk: "*Israël Gottes*", 84-85.

²²³ So Grotius, Bengel, Ewald (volgens G. Schrenk).

²²⁴ G. Schrenk noem Sieffert en Oepke as verteenwoordigers. Hierby kan gevoeg word Ridderbos: *Galatia*, 226-227 en *Israël*, 33; en Dahl: *Auslegung Gal*, 6, 16, 165.

²²⁵ So Dahl: *Auslegung Gal* 6, 16, 165-167; Ridderbos: *Galatia*, 226-227. Vgl. Strack Billerbeck III, 578-579.

²²⁶ *Segenwunsch*, 177-178.

²²⁷ Naas Chrysostomos, Theodoretus ook verskeie jongere eksegete, vgl. Schrenk: "*Israël Gottes*", 85, Anm. 7.

²²⁸ Vgl. G. Schrenk: "*Israël Gottes*", 85-86.

αυτους και ελεος; *bereik dit* sy logiese afloop. Ook die toevoeging van die και ελεος na επ' αυτους maak die woorde wat volg (και επι των ...) heeltemal los van die voorafgaande. Dit dui die karakter van die laaste ^[219] sinsnede aan as feitlik 'n nagedagte, 'n toevoeging om die volle omvattendheid van die οσοι te kwalifiseer. Hiermee word by wyse van nagedagte een deel van die gelowiges nog besonderlik genoem om misverstand te voorkom as sou dié deel nie ingesluit wees in sy seënwenne nie. Uit die felle kritiek van Paulus op die Joodse wetsgeregtigheid kon die afleiding gemaak word dat Paulus Israel as volk geheel veroordeel en daarom die spesiale toevoeging by sy seënbede om te beklemtoon dat die gelowiges uit Israel ook ingesluit is: die Israel van God, die gelowige Israel wat wandel volgens hierdie reël, is nie uitgesluit omdat ek so skerp te velde getrek het teen die Joodse wetsgeregtigheid nie; ek sê "oor *almal* wat volgens reël wandel, óók oor die gelowige Israel, want óók die gelowiges uit Israel wandel volgens dié reël".

A. Oepke²²⁹ se kritiek dat dit sou beteken dat die gelowiges uit Israel verhef word "als besondere Kategorie innerhalb des nt.lichen Gottesvolkes" [as 'n spesiale kategorie binne die Nuwe-Testamentiese Godsvolk] deur aan hulle alleen dié titel as "Ehrennamen" toe te sê, is ongeldig, omdat Oepke hier uitgaan van die voorafingene standpunt dat "Israel van God" wel 'n ere naam is.

(ii) *Paulus se algemene gebruik van die naam Israel.*

Dit het geblyk dat Paulus deurgaans Ισραηλ gebruik vir die werklike historiese volk Israel, hetsy vir die volk in sy empiriese vorm, hetsy vir die volk in kwalitatiewe sin, maar nooit vir die kerk nie.²³⁰ As hy dit dus hier in laasgenoemde sin gebruik, is dit 'n absolute uitsondering. Dit erken ook die voorstanders van dié beskouing.²³¹ Paulus se algemene gebruik van Ισραηλ spreek dus sterk daarteen dat dit hier die kerk sal aandui en andersyds daarvoor dat dit die werklike volk Israel aandui.

(iii) *Die Abrahamkindskap in Galasiërs.*

Die Abrahamkindskap van die gelowiges uit die heidennasies waarvan in Gal. 3 en 4 gespreek word, kan op die oog af aangevoer word as voorbereiding in die brief om van die universele Godsvolk te spreek as die Israel van God. Ons het egter reeds vasgestel²³² dat die Abrahamkindskap van die heidennasies by Paulus nie identiek is met die Abrahamkindskap van die volk Israel nie; dat dit geen vergeesteliking van Israel se kindskap of van Israel self inhou nie; dat dit nie beteken dat die heidennasies ingelyf is in 'n Israel wat omskep is tot 'n geestelike Israel nie, maar dat die geestelike ^[220] Abrahamkindskap van die heidennasies vir Paulus gegrond is in die verbondsbelofte van God in soverre dit die nasies raak en nie in 'n vergeesteliking van die verbond met Israel nie. Ook hierin is dus nie 'n voorbereiding vir die toepassing van die naam Israel op die universele Godsvolk nie.

(iv) *Die bewyskrag van 1 Kor. 10:18.*

As negatiewe parallel vir hierdie geestelike gebruik van die naam Israel vir die kerk en as belangrike bewys dat Paulus die kerk as die ware geestelike Israel gesien het, word veelal gewys op 1 Kor. 10:18: "Let op Israel na die vlees" — τον Ισραηλ κατα σαρκα. Dit veronderstel dan noodwendig 'n ο Ισραηλ κατα πνευμα die ware Israel wat dan die universele Godsvolk, die kerk, moet wees. Die voorstanders van hierdie verklaring moet egter self toegee

²²⁹ *Gottesvolk*, 202.

²³⁰ Sien die behandeling van die benaming Ισραηλ hf. I, § 4, pp. 76-78 asook die verklaring van Rom. 9:6, pp. 174, 178-192 en 11:26, pp. 236-237 hierbo.

²³¹ Vgl. Dahl: *Auslegung Gal 6, 16*, 163; Ridderbos: *Israël*, 34; Gutbrod: TWNT III, 390.

²³² Sien hierbo pp. 172-175.

dat die uitdrukking "Israel na die Gees" nooit uitdruklik voorkom nie en hier selfs nie noodwendig bygedink is deur Paulus nie.²³³ Dit is egter nie die hoofswakheid van die bewyskrag van 1 Kor. 10:18 nie. Die swakheid lê eintlik daarin dat dit nie aksiomaties is dat die veronderstelde "Israel van die Gees" wel die universele kerk moet wees nie. Die betekenis van die uitdrukking Israel na die vlees in 1 Kor. 10:18 is self moeilik bepaalbaar. Bedoel dit bloot die "irdische [aardse] Volksverband",²³⁴ Israel as histories-etniese volk waarvan die teestelling dan wel 'n "geestelike Israel", die kerk, kan wees? Of stel Paulus hier eerder volgens die verbond met die *Ἰσραὴλ κατὰ σαρκά*. die historiese volk Israel *in sy hoedanigheid* as die volk onder die wet²³⁵ op die voorgrond, waarvan dan die teestelling kan wees dieselfde volk Israel soos dit in Christus bevry is van die wet? Is dit selfs uitgesluit dat die teestelling van "Israel na die vlees" 'n "Israel van die gelofte" kan wees, sodat die bloot empiriese volk wat leef onder die wet, as teestelling veronderstel die na binne verengde histories-etniese volk wat uit die geloof leef — in ooreenstemming met die teestelling van Rom. 9:6-9 tussen die "kinders van die vlees" en die "kinders van die belofte"?

Genoegsaam is myns insiens hiermee die problematiese van 1 Kor. 10:18 as bewysplaas dat Paulus die kerk as 'n geestelike Israel gesien het, aangetoon om saam met G. Schrenk²³⁶ te kan sê: die aksiomaties aanvaarde "Folgerung, dass sich daraus ein 'Israel nach dem Geist' — Kirche, ergeben müsse, wäre eine Überforderung des Textes". [Die gevolgtrekking dat 'n "Israel volgens die Gees"-kerk hieruit moet voortspruit, sou te veeleisend wees vir die teks]

[221]

(v) Die lig van Rom. 9-11 (en Ef. 2:11-3:7).

Veeleer moet naas die interne getuienis en die belangrike beligting vanuit Paulus se algemene gebruik van die naam Israel die konstatering van die betekenis van die "Israel van God" gesoek word in Rom. 9-11.

N.A. Dahl²³⁷ betwis (teenoor G. Schrenk) die reg en die regverdiging daarvan om Gal. 6:16 te interpreteer in die lig van Rom. 9-11: "Röm. 11, 26 darf nicht von Gal. 6, 16 aus — wie dieses Wort gewöhnlich verstanden wird — interpretiert werden. Die Frage ist aber, ob es nicht ebenso fehlerhaft ist, Gal. 6, 16 von Röm. 9-11 aus interpretieren zu wollen". [Rom. 11:26 moet nie uit Gal. 6:16 - soos hierdie woord gewoonlik verstaan word - geïnterpreteer word nie. Die vraag is of dit nie net so gebrekkig is om Gal. 6:16 vanuit Rom. 9-11 te wil interpreteer nie] Hiervoor is sy hoofargument: "Man darf annehmen, dass Paulus geschrieben hat, um verstanden zu werden. Wir müssen deshalb zunächst fragen: Wie haben die Gemeinden Galatiens, die Röm. 9-11 nicht vor sich hatten, aber denen der Galaterbrief bis zum Schluss vorgelesen worden war, den Friedenwunsch für das Israel Gottes verstehen müssen?"²³⁸ [n Mens mag aanvaar dat Paulus geskryf het om verstaan te word. Ons moet dus eers vra: Hoe het die gemeentes van Galasië, wat nie Rom. 9-11 voor hulle gehad het nie, maar wat die Galasiërs-brief tot die einde toe voorgelêes gehad het, die wens vir vrede vir die Israel van God moes verstaan?]

Myns insiens is daar egter gewigtige besware in te bring teen hierdie sienswyse van Dahl.

²³³ Vgl. Dahl: *Auslegung Gal 6, 16*, 163; Ridderbos: *Israël*, 34; Gutbrod: *Ἰσραὴλ*, TWNT III, 390. Vgl. ook E. Schweizer: *σαρξ*, TWNT VII, 126-127.

²³⁴ E. Schweizer: TWNT VII, 126.

²³⁵ So F.W. Grosheide: *De Eerste Brief aan de kerk te Korinthe. Commentaar op het N.T.*, 1957, 275; Schrenk: *"Israël Gottes"*, 89-90 en *Segenwunsch*, 187.

²³⁶ *Segenwunsch*, 187.

²³⁷ *Auslegung Gal. 6, 16*, 161.

²³⁸ Dahl: *Auslegung Gal 6, 16*, 167.

Eerstens, hy beskou dit as gelykwaardige sake of Gal. 6:16 vanuit Rom. 9-11 besien word en of Rom. 11:26 vanuit Gal. 6:16 besien word. Dit is egter nie juis nie, aangesien ons in Gal. 6:16 slegs 'n enkele, losse en uiters kompakte uitspraak het, terwyl Rom. 9-11, met Rom. 11:26 as integreerende deel daarvan, (ook Ef. 2:11-3:7 in mindere mate), 'n omvangryke, samehangende en pertinente behandeling is juis van die verhouding van die volk Israel tot die universele kerk as die messiaanse Godsvolk. Dit is dus alleen geregverdig om Gal. 6:16 te besien in die lig van Rom. 9-11 en nie andersom nie.

Tweedens, Dahl wil Gal. 6:16 geheel sonder Rom. 9-11 verstaan, alleen vanuit die gegewens van Galasiërs, omdat hy meen dat ook die Galasiërs dit sonder Rom. 9-11 en alleen uit die Galasiërbrief moes doen. Dit is waar dat hulle dit sonder Rom. 9-11 moes verstaan, maar dit wil nie sê sonder kennis van die prediking van Paulus soos hy dit in Rom. 9-11 aan die Romeinse gemeente deurgee nie. Daar is immers 'n groot verskil tussen die lesers van die twee briewe. Die gemeente van Rome het Paulus nie persoonlik gestig nie en hy het hulle nog nooit gesien en hulle het nog nooit sy prediking gehoor nie. Daarom bevat sy brief aan hulle die hoofinhoud van sy evangelie; en dan wy hy drie hoofstukke aan ^[222] die brandende vraagstuk van die verhouding van die volk Israel tot die messiaanse Godsvolk. Die gemeente van Galasië is daarenteen deur Paulus self gestig en hy het hulle persoonlik sy evangelie verkondig en hulle onderrig. Moet aangeneem word dat Paulus teenoor hulle geen enkele woord gerep het oor 'n vraagstuk wat hy in die Romeinebrief van so kardinale belang ag nie? Kan dit redelikerwys aangeneem word dat die Galasiërs, soos Dahl sê, die uitdrukking "die Israel van God" *moes* verstaan *alleen* uit dié een brief van Paulus aan hulle? Dit kan alleen aanvaar word dat die Galasiërs ook die hoofsake van die inhoud van Rom. 9-11 uit die mond van die apostel self verneem het. Daarom is dit geregverdig om Gal. 6:16 vanuit Rom. 9-11 te verstaan, solank so 'n interpretasie nie in direkte stryd is met die interne getuienis van Gal. 6:16 self nie.

Daarom ook word Gal. 6:16 hier aan die einde van die behandeling van Paulus se briewe bespreek. Dit kan alleen teen die agtergrond van Paulus se hele prediking oor die saak verstaan word.

Die gegewens van Rom. 9-11 (en Ef. 2:11-3:7) wat van wesentlike belang is by die interpretasie van die uitdrukking "die Israel van God", is hoofsaaklik die volgende:

- (a) Paulus verkondig die behoud van Israel as volk in die messiaanse Godsvolk.
- (b) Die heidennasies word nie ingelyf in Israel, sodat hulle tesame 'n geestelike Israel vorm nie, maar die heidennasies word saam met Israel ingelyf in 'n geestelike Godsvolk.
- (c) Vir God is die gelowige Israeliete die hele ware volk Israel soos dit deel uitmaak van die Godsvolk.
- (d) Rom. 9:6 e.v. bied in wese die uitdrukking "die Israel van God" wanneer Paulus sê: "nie almal uit Israel is Israel", en wanneer hy dan van hierdie gekwalifiseerde Israel spreek as die "kinders van die belofte" en "die kinders van God" teenoor die "kinders van die vlees". En dan bedoel Paulus daarmee die gelowige Israel(iete) wat deur God in sy verbond ingesluit is deur sy verkiesende genade.

Vanweë die eenstemmigheid met die waarskynlikste betekenis van Gal. 6:16 op grond van interne gegewens en Paulus se algemene gebruik van die naam Israel, gee die gegewens van Rom. 9-11 tesame met Paulus se hele prediking die deurslag vir die interpretasie van "die Israel van God" in Gal. 6:16: ^[223] "Die Israel van God" is die gelowige Israeliete wat vir God die ware volk Israel vorm²³⁹ en wat as volk 'n onderskeie plek, maar nie 'n uitsonderlike plek nie,

²³⁹ Vgl. ook Matter se konklusie in sy: *Toekomst van Israël*, 157.

inneem in die universele messiaanse Godsvolk.

Also is die uitdrukking "die Israel van God" na alle waarskynlikheid 'n formulering van Paulus se hele prediking oor die verhouding van die volk Israel tot die messiaanse Godsvolk.

Besluit.

Die belangrikste aspekte van die verhouding van die volk Israel tot die messiaanse Godsvolk soos dit by Paulus geopenbaar word, kan soos volg saamgevat word:

1. *Die aard van die messiaanse Godsvolk.*

- (a) Die messiaanse Godsvolk is die kerk van Christus — 'n suiwer godsdienstige entiteit van universele omvang waarvan die enigste grens die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges is. Daar is vir die messiaanse Godsvolk geen natuurlik-volkse begrening tot die volk Israel meer nie.
- (b) Aangesien die kerk die ontvanger en besitter geword het van die heilsbeloftes aan Israel, is daar nie 'n absolute breuk nie maar besliste kontinuïteit tussen die Ou- en die Nieu-Testamentiese Godsvolk.

2. *Die volk Israel en die messiaanse Godsvolk.*

(a) *Israel as volk is nog Godsvolk.*

- (i) Die opheffing van die begrensdeheid van die Godsvolk tot die een volk Israel en die geestelike karakter daarvan sluit nie die bestaan van Israel as volk in die messiaanse Godsvolk uit nie. Israel is nog as volk Godsvolk maar nie meer die hele Godsvolk nie.
- (ii) As die volk Israel deur God verwerp sou wees as Godsvolk, sou dit beteken het dat God sy verbond verbreek het en sy verbondsbelofte tot niet laat gaan het.

(b) *Die aard van Israel in sy hoedanigheid as deel van die Godsvolk.*

- (i) Israel bly as werklike, histories-etniese volk in die Godsvolk. ^[224]
- (ii) Dit is nie Israel na sy empiriese verskyningsomvang nie maar 'n na binne verengde volk Israel — vereng tot die gelowiges uit Israel.
- (iii) Die beginsel van verenging is die vrymagtige uitverkiesende welbehoe van God wat sigbaar word in die geloof van die uitverkorenes.
- (iv) Hierdie aard van Israel as Godsvolk is nie iets nuuts van die messiaanse tyd nie. Met Ou-Testamentiese bewys toon Paulus dat dit so was vanaf die verbondsluiting met Israel in Abraham. Vanaf die begin is alleen die kinders van die belofte uit Abraham se nageslag gereken as die verbondsvolk. Al wat nuut is, is dat die gelowiges uit die heidennasies nou toegetree het tot die Godsvolk — en dit nie deur vergeesteliking van die belofte rakende Israel nie maar deur vervulling van die belofte aan Abraham rakende spesifiek die nasies.
- (v) In sy gelowiges bly dus die histories-etniese volk as organiese geheel behoue, terwyl die ongelowige Jode as individue afgesny word van die volk. Die gelowiges uit Israel is die ware Israel, die Israel van God.

(c) *Die grond vir die behoud van die volk Israel as Godsvolk en vir toebehore tot die ware Israel.*

- (i) Die enigste grond is God se verbondstrou. God het Israel tot Godsvolk verkies deur die verbondsluiting met Abraham. Hierdie soewereine uitverkiesende verbondsluiting van God met die volk Israel is die absolute waarborg vir die behoud van Israel as Godsvolk in die messiaanse hede.

- (ii) Die enigste grond vir toebehore tot hierdie ware Israel is God se vrymagtige en genadige uitverkiesing binne die geslagslyn van Abraham waardeur die gawe van die geloof ontvang word.
 - (iii) Nóg die volksbestaan van Israel self nóg die etniese verbondenheid aan die natuurlike volk Israel het enige kousatiewe krag hierin.
- (d) *Die openbaringshistoriese betekenis van die gebeure met Israel in die messiaanse hede.* ^[225]
- (i) Israel is nie verwerp, omdat die volk sy Messias gekruisig het nie.
 - (ii) Ook die massale ongeloof by Israel is nie 'n teken dat die volk verwerp is nie.
 - (iii) In die messiaanse hede bly die ware histories-etniese volk Israel behoue in die reeds-gelowige Israeliete as Israel in nuce, terwyl hierdie uitverkore kern die waarborg is vir die uiteindelijke behoud van die hele ware Israel. Die huidige verharding in die volk staan ten diens van die toetrede van die volheid van die heidennasies, wat weer ten diens sal staan van die redding van die hele ware Israel.
3. *Die verhouding van die volk Israel tot die heidennasies binne die Godsvolk.*
- (a) Gelowiges en van Israel en van die heidennasies behoort tot die messiaanse Godsvolk.
 - (b) Daar is geen onderskeid in die wyse of in die grond waarop hulle deel het aan die Godsvolk nie — Christus is die enigste soewereine algenoegsame Heilsmiddelaar. Daar is ook geen verskil in die genade of in die mate van genade wat hulle ontvang nie — hulle tree gelyklik toe tot dieselfde enigste Godsvolk.
 - (c) Tog is dit nie 'n kleurlose veelheid van individue wat in die Godsvolk opgeneem is nie, maar die gelowiges uit Israel (ten minste)²⁴⁰ word as 'n afsonderlike volk opgeneem. "Israel" word geen geestelike Israel wat ook die εθνη-gelowiges insluit nie, maar bly die histories-etniese volk, terwyl die εθνη-gelowiges as geestelik kinders van Abraham tesame met en naas Israel deel kry.
 - (d) Paulus speel nie die erkenning van die bestaan van die volk Israel as 'n onderskeie volk binne die Godsvolk en die nadruk op die eenheid van die Godsvolk as teëstelling teen mekaar af nie.
4. *Die verhouding van die enkele gelowige uit Israel tot die volk Israel.*
- (a) Daar is besliste solidariteit van die gelowige uit Israel tot die volk waartoe hy behoort. Die gelowige Israeliet is nie ontruk aan sy volk nie. ^[226] Paulus beklemtoon sy etniese verbondenheid aan Israel en is vervul met liefde vir sy volk.
 - (b) Hierdie volksliefde is nie blote nasionalisme of chauvinisme nie, maar is gebonde aan en word beheers deur God se vrye genade en welbehag.
 - (c) Dit beteken nie 'n devaluering of demping van die volksliefde nie. Intendeel, hierdeur kry die volksliefde sy ware diepte en betekenis: sy liefde vir sy volk word geheilig en gedring deur God se liefde vir dié volk. ^[227]

²⁴⁰ Op die posisie van die εθνη-gelowiges sal in die volgende hoofstuk ingegaan word.

§ 5. In die gevestigde kerk — vervolg. Die ander briewe en die Openbaring van Johannes.

1. In die ander briewe 228. Inleidend 228. Hebreërs 228. 2. In die Openbaring van Johannes 233. Besluit 235.

1. In die ander briewe.

'n Besondere kenmerk van hierdie briewe wat oor die algemeen later as dié van Paulus gedateer word, is dat die vraag oor die verhouding van die volk Israel en die messiaanse Godsvolk nie meer pertinent aandag geniet nie en, samehangend daarmee, ook nie die vraag na die verhouding van Israel en die heidennasies nie.

Die naam Ἰσραηλ kom in al hierdie briewe tesame net drie keer voor (Hebr. 8:8 en 10 en 11:22); in Hebr. 11:22 bloot in 'n terloopse verwysing na die uittog en in Hebr. 8:8 en 10 in 'n aanhaling uit Jeremia oor die beloofde nuwe verbond. Die woord εθνη kom slegs twee keer voor (1 Pet. 2:12 en 4:3) — glad nie in verband met Israel nie en alleen in vermaninge teen die goddelose lewenswandel van die ongelowige εθνη. Hoewel λαος in ongeveer die helfte van die kere wat dit voorkom, op die volk Israel sien, is dit steeds net in verwysings na die Ou-Testamentiese tyd. In die gevalle waar λαος betrekking het op die hede, dui dit sonder motivering en sonder uitsondering asof vanselfsprekend die gelowiges, die kerk as messiaanse Godsvolk, aan. Sonder enige motivering of regverdiging word enige eretitel wat die histories-etniese volk Israel onderskei het as die Godsvolk, hier met suiwer godsdienstige konnotasie op die gelowiges in die algemeen toegepas: "Maar julle is 'n uitverkore γενος, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige εθνος, 'n λαος tot eiendom verkry..." (1 Petrus 2:9). En — steeds geskied dit sonder 'n verklaring van wat nou die posisie van die volk Israel is.

Die logiese afleiding skyn te wees: dat die posisie van Israel in verhouding tot die Godsvolk in dié tyd geen probleem (meer) was nie; dat die brandende vraagstuk in die gemeentes in die tyd van Paulus se briewe nou opgelos is; dat Paulus se antwoord op die probleem die beslissende woord in die kerk van Christus was.

Tog is dit 'n vraag van gewig of *die Hebreërbrief* nie 'n beslis afwysende woord spreek oor Israel se verhouding tot die messiaanse Godsvolk nie.

[228]

Die deurlopende tema van die brief is tog die teëstelling van skaduwee of voorbeeld tot vervulling of werklikheid; van die oue, wat verouder geraak het, tot die nuwe, wat dit vervang het. So trek die sentrale gedagte van Hebreërs saam in hf. 8 in die teëstelling van die ou verbond tot die nuwe verbond; die teëstelling van die ou verbond wat nie "onberispelik" was nie (8:7), wat "oud gemaak" is, wat "oud... en verouder" geword het en "naby die verdwyning" is (8:13) tot die "nuwe (verbond)" (8:13), wat 'n "beter verbond... op beter beloftes" is (8:6).

Beteken dit nie ook onvermydelik die teëstelling van 'n ou Godsvolk wat verdwyn, tot 'n nuwe Godsvolk wat in die plek van die oue gekom het nie? En beteken dit nie onvermydelik die teëstelling van Israel as maar net 'n voorbeeld wat verdwyn het, tot die kerk as die ware Godsvolk wat in die plek van die verouderde "voor-beeld" Israel gekom het nie?

In sy werk waarin hy Hebreërs besien vanuit die Godsvolkgedagte, neem E. Käsemann²⁴¹ 'n besliste standpunt in: "Die Entfältung des motives vom wandernden Gottesvolk in Hebr. wäre unvollständig, würde sich der Blick der Exegeten nicht auch dem Verhältnis zwischen Israel und die Christlichen Gemeinde zuwenden... Das Verhältnis von alten und neuen Gottesvolk ist

²⁴¹ *Das wandernde Gottesvolk. Eine Untersuchung zum Hebräerbrief*, in: *Forschungen zur Religion und Literatur der A. und N.Ts.*, 37 Heft, 1938, 32-33.

das Verhältnis der beiden am Sinai und am Berg Sion geoffenbarten Diatheken, also der zweifachen göttlichen Heilsordnung im Lauf der irdischen Geschichte... (En van die Sinai-verbond en dus ook van die ou Godsvolk en dus ook van Israel geld: [J.C.C.] die Zeit ihrer Gültigkeit ist vorüber; eine irdische Kontinuität zur zweiten Diatheke besteht nicht. Vielmehr eretzte die zweite die erste... Für beide ist nebeneinander kein Platz". [Die ontwikkeling van die motief van die swerwende volk van God in Hebr. sou onvolledig wees as die fokus van die eksegete nie ook na die verhouding tussen Israel en die Christelike gemeenskap sou draai nie ... Die verhouding tussen die ou en nuwe volk van God is die dieselfde as verhouding tussen die twee verbonde wat op Sinai en die berg Sion geopenbaar word, dit wil sê die tweeledige goddelike orde van verlossing in die verloop van die aardse geskiedenis ... (En van die Sinai-verbond en dus ook van die ou Godsvolk en dus ook van Israel geld: [JCC]) die tyd van sy geldigheid is verby; daar is geen aardse kontinuïteit aan die tweede verbond nie. Die tweede vervang eerder die eerste ... Daar is geen plek vir die twee van hulle langs mekaar nie.]

Vir Käsemann is dus die teëstelling Ou Verbond — Nuwe Verbond identies met Ou Godsvolk — Nuwe Godsvolk en dit weer met Israel-Kerk. Van laasgenoemde twee teëstellings geld dus wat van die verbonde geld, nl. dat hulle teenoor mekaar staan as die oue, wat vergaan het, en die nuwe, wat die oue vervang het. As dit die, geval is, is daar 'n radikale verskil tussen Hebreërs en die Briewe van Paulus en ook die Evangelies en Handelingte.

Die gegewens van Hebreërs wys egter in 'n ander rigting:

(i) Terwyl daar geen twyfel is dat die messiaanse Godsvolk volgens Hebreërs bestaan uit die gelowiges in die algemeen nie, omvat die benaming *λαος* in concreto in die brief^[229] volgens beskikbare aanduidings nie die universele kerk nie maar net die gelowige Israeliete. Vry algemeen word aanvaar dat die geadresseerdes van die brief Joods-christene was: nadat dit vroeër heeltemal algemeen aanvaar is, het aan die begin van die twintigste eeu 'n groep geleerdes²⁴² dit betwis, maar die jongere tendens is weer terug na die Joods-christene-standpunt.²⁴³ Ten gunste hiervan getuig veral (a) die opskrif "aan die Hebreërs" — ten gunste waarvan die tradisie baie sterk is en wat klaarblyklik algemeen verspreid was reeds in die tweede eeu;²⁴⁴ (b) die deurlopende aansluiting by en vergelyking of teëstelling met die seremoniële erediens van Israel; (c) die gebruik van uitdrukkinge soos "die vaders" (1:1); die nageslag van Abraham (2:16), ens.

Tog bly hierdie oorweging net 'n waarskynlikheid.

(ii) Belangriker is dat by die herhaalde teëstellings in Hebreërs die teëstelling van Israel as die verouderde Godsvolk tot die kerk as die plaasvervanger van Israel nêrens voorkom nie — selfs ook nie van 'n ou Godsvolk tot 'n nuwe Godsvolk nie. *Hebr. 3:1-6* handel bv. pertinent oor die "huis van God" (*οικος του θεου*) wat sonder twyfel die Godsvolk aandui.²⁴⁵ Besonderlik gaan dit om die verskil tussen die ou bedeling en die messiaanse bedeling ten opsigte van hierdie "huis van God". En dan word selfs hier die teëstelling nie gemaak tussen 'n ou en 'n nuwe "huis van God" nie, maar dit gaan vir die skrywer om die teëstelling tussen diegene wat oor die "huis" aangestel is: die teëstelling tussen Moses en Christus. Selfs toon 3:2-3 dat Christus Jesus en Moses aangestel is oor die een en dieselfde "huis van God". Ook wanneer vs. 6 sê: "En *ons* is sy huis", d.i. die gelowiges is die Godsvolk, word die gelowiges nie in

²⁴² Waaronder Jülicher, Harnack, Moffat.

²⁴³ Vgl. vir 'n oorsig hieroor A.M. Hunter: *Interpreting the N.T. 1900-1950*, 1951 (herdruk '58), 116-118.

²⁴⁴ Vgl. B.F. Westcott: *The Epistle to the Hebrews: The Greek text with notes and essays*, 1914, xxvii e.v.; S. Greijdanus: *Bizondere Canoniek van de boeken van het N.T.*, 1949, II, 266-269.

²⁴⁵ Vgl. O. Michel: *οικος*, TWNT V, 124, 128-129; Westcott, *Hebrews*, 77.

teëstelling tot Israel geplaas nie. Dit blyk uit die daaropvolgende gedeelte, 3:7-4:11 wat aantoon dat reeds vir Israel vanaf sy vroegste geskiedenis die onderskeid van gelowiges en ongelowiges gegeld het: reeds uit die geskiedenis van uittog, woestynreis en intog blyk dit dat die belofte van die "rus" vir die Godsvolk alleen vir die gelowiges van Israel gegee is: "En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie" (3:18, 19).

Wanneer dus die *gelowiges* in die messiaanse hede die Godsvolk is, maak dit nie nou die volk Israel noodwendig tot die ou, die verwerpe Godsvolk nie, want, sê Hebr. 3 en 4, reeds in die tyd van Moses was alleen die *gelowige* Israel ^[230] die volk waarvoor God se beloftes aan sy Godsvolk gegeld het. Tereg merk B.F. Westcott²⁴⁶ op: "This 'house' in relation to God is essentially one, but in relation to the two agents, Moses and 'Jesus' through whom it is ministered, it is two-fold in form".

(iii) Ons keer terug tot *Hebr. 8* en die teëstelling van ou verbond en nuwe verbond, waarin ons te doen het met die sentrale gedagte van Hebreërs.

Ook hierdie hoofstuk bied nie grond vir die afleiding dat Israel as Godsvolk tot *ou*, verbygegane Godsvolk gemaak is en vervang is deur die kerk as *nuwe* Godsvolk nie. Dit is alreeds opvallend dat Jer. 31:31-34, die gedeelte wat die skrywer van die brief aanhaal ter bevestiging van 'n nuwe verbond in die plek van 'n ou verbond, spreek van die nuwe verbond wat met die huis van Israel en die huis van Jakob — albei normaalweg etnies-volkse begrippe — gesluit sal word. Tog is dit nie 'n argument wat ek hier wil benadruk nie, omdat die skrywer van die brief duidelik die nuwe verbond nie wil *beperk* tot Israel nie, en terwyl dit tog ook moontlik is dat hy die "Israel" hier geestelik verstaan het as aanduiding vir die kerk.

Die hoofbewys dat die vervanging van die ou verbond deur die nuwe, soos in Hebr. 8 beskryf, nie beteken die vervanging van 'n ou Godsvolk deur 'n nuwe Godsvolk en ook nie die vervanging van die volk Israel as Godsvolk deur die kerk nie, word gevind in die beskrywing wat gegee word van die verbond wat verander en verdwyn het en vervang is deur die nuwe.

Die ou verbond is nl. "die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei" (8:9). Dit is van kardinale belang: die nuwe verbond in Christus tree in die plek van die Sinaïtiese verbond — dit is, in die plek van die verbond van die wet (vgl. Ex. 19:5, 6).²⁴⁷ Dit bevestig Hebr. 9:1 e.v. nog weer: dit gaan om die ou verbond van seremoniële wet. Dieselfde sê ook 10:9 in die lig van 10:1-8.

Die nuwe verbond tree dus nie in die plek van die verbond met Abraham en sy nageslag nie. Die ou verbond wat verouder het en verdwyn, is nie die genadeverbond van God met Abraham nie. En — dit is juis aan die verbond met Abraham wat die N.T. voortdurend die posisie van Israel as Godsvolk vasknoop (vgl. veral Luk. 1:55; Luk. 1:73; Matth. 3:9 par.; Hand. 3:25; Rom. 9:6 e.v. waaraan reeds aandag geskenk is.²⁴⁸ Israel se posisie as Godsvolk word nooit in ^[231] die N.T. verbind met die Sinaïtiese verbond nie. Die verbond met Abraham waardeur Israel Godsvolk is, bly dus staan, terwyl die verbond van die wet vervang word deur die verbond van Christus, waarin die wette nie meer uitwendig sal wees nie maar in die harte. Die wetsverbond waarvan Moses die middelaar was, word vervang deur die genadeverbond waarvan Christus die Middelaar is; Christus — die beloofde Saad van die verbond met Abraham en die volk uit hom gebore; Christus die beloofde Saad waardeur die seën sal wees vir Israel en vir al die nasies.

²⁴⁶ *Hebrews*, 77.

²⁴⁷ Sien ook veral hf. II, § 2, pp. 116-118 oor die instelling van die Nagmaal.

²⁴⁸ Hf. II, § 1, p. 94; Hf. II, § 1, pp. 99-100; Hf. II, § 3, pp. 128-129; Hf. III, § 4, pp. 164 e.v.

Alleen die verbond van die wet waarvolgens Israel net Godsvolk sou kon bly *as* hulle die wet onderhou, verval, omdat dit nie gehou kan word nie, en word vervang deur die genadeverbond van Christus (vgl. 8:6-8) — die verbond van die wet verval dus *uit genade*, sodat en Israel en die nasies deur die genade in Christus Jesus onder die nuwe verbond wat die vervulling van die verbondsbelofte aan Abraham is, die universele messiaanse Godsvolk kan vorm.

Dat hiermee die bedoeling van Hebr. 8 reg verstaan is, word bevestig deur 10:1-18: Die verbond van die wet kan nie bring tot volmaaktheid nie (10:1). Daarom kom Christus en neem dit weg en vervang dit met die nuwe verbond in Homself (10:9, 16), sodat hierdie selfde mense wat verlore was onder die wetsverbond (nl. Israel), nie verwerp sal word nie, maar vergifnis van sonde sal ontvang (10:17, 18). Ook verwys dié hoofstuk (vs. 16) na dieselfde Skrifgedeelte (Jer. 31:31 e.v.) as 8:8-10. Ook 7:11-19 dien as bevestiging: daar is geen volkommenheid deur die wet nie (7:11, 18, 19). Daarom het Christus gekom as Hoëpriester buite die wet om (7:11, 14-17) om die verbond van die wet op te hef (7:18) en in die plek daarvan 'n ander beter hoop (= verbond) te sluit, waardeur dieselfde mense en die gelowiges in die algemeen tot God kan nader (7:19) en dus Godsvolk kan wees. Besien ons 8:8-10 weer teen dié agtergrond, moet ons konkludeer: die ou verbond, dié van die wet, word vervang, omdat Israel dit nie kon onderhou nie — nie "volmaaktheid" daardeur kon bereik nie — (8:9) en in die plek daarvan stel God 'n nuwe verbond waardeur Israel wel uit genade Godsvolk kan bly (8:10)!

Die ander briewe van die N.T. bied niks van wesentlike belang oor die verhouding van Israel tot die Godsvolk nie.

[232]

2. In die Openbaring van Johannes.

Een van die hoofkenmerke van die boek Openbaring is die deurlopende absoluut-universele blik. Dit gaan in Openbaring om die universele Godsvolk en/of teenoor die sondige wêreld. Tereg sê G. Schrenk²⁴⁹: "Es geht also in der Apk um Grundsinn und Endziel universalen Weltgeschehens, nicht nur um Israelitische Geschichte, erst recht nicht um egoistischen Nationalismus in irgend einer Form". [Openbaring gaan dus oor die basiese betekenis en uiteindelijke doel van universele wêreldgebeure, nie net oor die Israelitiese geskiedenis nie, en beslis nie oor egoïstiese nasionalisme in enige vorm nie.] Hier het die vraag na die posisie van die volk Israel en sy verhouding tot die Godsvolk heeltemal in die agtergrond vervaag.

Geen enkele keer word in Openbaring met die naam *λαος* Israel bedoel nie. Die twee keer wat *λαος* voorkom (18:4; 21:3), word dit as vanselfsprekend gebruik van die kerk, die universele Godsvolk. Die benaming *Ιουδαιοι* kom slegs twee maal en wel in geheel negatiewe verband voor (2:9; 3:9). *Ισραηλ* word drie keer gebruik: in 2:14 bloot terloops in 'n historiese verwysing; in 21:12 waar gesê word dat die nuwe Jerusalem se twaalf poorte genoem sal word na die twaalf stamme van Israel — geheel simbolies volgens Eseg. 48:31-34; en in 7:4 — waarop hieronder ingegaan sal word.

In Openb. 2:9 en 3:9 word hard geoordeel oor diegene "wat sê dat hulle Jode is en (dit) nie is nie, maar 'n sinagoge van Satan". Hoewel daar letterlik staan dat dié mense hulself *Ιουδαιοι* noem, maar "(dit) nie is nie", word vry algemeen aanvaar dat hulle wel Jode was (vgl. "sinagoge"), maar dat *Ιουδαιοι* hier in kwalitatiewe sin bedoel is as "ware Jode". Hierin lê dus in elk geval geen veroordeling van Israel of 'n gevoel van anti-Semitisme opgesluit nie, maar hoogstens 'n radikale afwysing van die in ongeloof verharde Judaïste, en 'n bevestiging dat ook volgens Openbaring daar nie sprake is van heil vir *alle* lede van die empiriese volk Israel nie.

²⁴⁹ Weissagung, 37.

Die herhaalde verwysings na die altaar, die tempel en Jerusalem beteken hoegenaamd nie dat die volk Israel op die voorgrond gestel word of dat enige bevoorregte of besondere posisie vir die volk verkondig word nie. Hierdie verskynsel lê geheel in die aard van die simboliese spreekwyse van die apokaliptiese literatuur, en besonderlik lê dit in lyn met die karakter van die Johannes-apokalips wat die dinge van die nuwe eeu op simboliese wyse beskryf in die simboliek uit die Ou-Testamentiese bedeling. Met hierdie "Jerusalem", ens., word net so min aan die historiese volk Israel gedink as wat die beeld van Babel, waarna ook herhaaldelik verwys word,^[233] die historiese Babiloniese volk in gedagte het. In dié lig moet ook die verwysing na die benoeming van die twaalf poorte van die hemelse Jerusalem volgens die twaalf stamme van Israel gesien word.

Die eintlike belangrike uitspraak vir ons probleem is *Openb. 7:4-9*. Oor die betekenis hiervan is daar nie eenstemmigheid nie. Die vraag is wat bedoel word met "die verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel" (7:4). Sien dit op gelowiges uit die histories-etniese volk Israel²⁵⁰ of is Israel hier 'n benaming vir die universele kerk?²⁵¹

Oorweginge ten gunste van die letterlike betekenis van Ἰσραὴλ is hoofsaaklik die volgende:

(i) Die algemene gebruik van die benaming Ἰσραὴλ. in die N.T. gerugsteun deur die voorkoms van die woorde ὅσοι en φύλη met hul sterk etnies-volkse betekenis.

(ii) Die opnoeming van die verskillende stamme. Die beswaar²⁵² dat verskeie van die stamme reeds eeue lank nie meer bestaan nie, is nie geldig nie. Dit gaan hier immers om die "Israel" van alle eeue.

(iii) Die voor die hand liggende teëstelling wat vs. 9 met vs. 4 vorm: teenoor die "Israel" van vs. 4 stel vs. 9 "alle nasies ..."; teenoor die honderd vier en veertig duisend van vs. 4 "die ontelbare menigte". Hierdie oorweging is baie belangrik en vorm eintlik die wesentlike argument ten gunste van die letterlike betekenis van "Israel".

Twee nuanserings van hierdie interpretasie dien sonder meer afgewys te word: Eerstens dié wat *Openb. 7:1-8* as 'n nie-passende fragment uit 'n Joodse bron beskou.²⁵³ Grondige argumente hierteen is deur S. Greijdanus aangevoer.²⁵⁴ Tweedens dié wat die "alle nasies" van vs. 9 beskou as 'n ander groep waarby die "Israel" van vs. 4 nie ingesluit is nie, d.w.s. as "die heidennasies". Die konsekwente gebruik in *Openbaring* van die uitdrukking "alle nasies en stamme en volke en tale" as aanduiding van volstreckte universaliteit²⁵⁵ toon dat die Israel-gelowiges beslis hierby ingesluit is. Die enigste moontlike verhouding wanneer Ἰσραὴλ letterlik verstaan word, is dat die "Israel" van vs. 4 'n kleiner kring is binne die "alle nasies ..." van vs. 9.

²⁵⁰ So o.a. Schrenk: *Weissagung*, 55-58; M. Stuart: *Commentary on the Apocalypse Vol. II*, 1845, 171 e.v.; H.E. Dana: *The Epistles and Apocalypse of John*, 1937, 123; J. Keulers: *De Katholieke Brieven en het Boek der Openbaring*, in: *De boeken van het N.T.*, 1956, 298-299; W. Bousset: *Die Offenbarung Johannis*, in: *Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. 16*,⁶1906, 283-284, 287 e.v.

²⁵¹ So o.a. S. Greijdanus: *De Openbaring des Heeren aan Johannes*, in: *Kommentaar op het N.T.*, 1925, 163, 167 en veral 170; J. Behm: *Die Offenbarung des Johannes*, *Das N.T. Deutsch* 11,⁴1949, 45; A. Schlatter: *Die Briefe und Offenbarung des Johannes*, Schlatter, *Erläuterungen zum N.T. 10*, 1950, 203-206; M. Ronner: *Die Zukunft der Welt und der Kirche. Eine Auslegung der Offenbarung Johannes, Kapitel 1-11*, 1949, 212-215; R. Summers: *Worthy is the Lamb. An interpretation of Revelation*, 1951, 145-153 (noem vernaamste Angel-Saksiese verteenwoordigers).

²⁵² O.a. van J. Behm: *Offenbarung*, 45 en A. Schlatter: *Briefe und Offenbarung*, 203-206.

²⁵³ So W. Bousset; *Offenbarung*, 283-284; 287 e.v.

²⁵⁴ *Openbaring*, 163.

²⁵⁵ Sien hf. I, § 1, pp. 20-22.

Die belangrikste oorwegings ten gunste van 'n geestelike betekenis van Ἰσραήλ in vs. 4 is die volgende:

(i) Diegene wat verseël moet word, word in vs. 3 beskryf as "die knegte van God", 'n benaming wat sterk dui op die hele kerk: alle gelowiges is immers knegte van God, ^[234] nie net Israel-gelowiges nie. Verder is ook in 14:4 sprake van die honderd vier en veertig duisend sonder dat hulle daar met Israel verbind word.

(ii) Die verskil tussen die honderd vier en veertig duisend ... van Israel in vs. 4 en die ontelbare menigte uit alle nasies ... in vs. 9 is 'n histories-lokale verskil: vs. 4 beskryf die gelowiges wat nog op aarde is, terwyl vs. 9 die gelowiges in die hemel beskryf.

(iii) Nie alleen is die getal 144,000 onteenseglik 'n simboliese getal nie, maar ook die hele Openbaringsboek met sy apokaliptiese literatuurvorm is simbolies van aard. Daarom is dit gebiedend om ook die Ἰσραήλ, wat andersins geheel verrassend hier op die voorgrond sou tree, as 'n simboliese spreekwyse te verstaan.

Dit bly myns insiens onmoontlik om 'n besliste keuse met genoegsame motivering te maak tussen dié twee moontlikhede. ²⁵⁶

Die twee moontlike betekenis van Openb. 7:49 hou egter geen wesentlike verskil in vir die verhouding van die volk Israel tot die universele Godsvolk nie:

Die interpretasie dat Ἰσραήλ die histories-etniese volk Israel is, is alleen te handhaaf as daar 'n enge verbinding is van 7:4-8 en 7:9 e.v. op so 'n wyse dat Israel (vs. 4) ingesluit is in die "alle nasies..." (vs. 9). Dan word hier geen unieke posisie aan Israel toegeken nie, maar hierdie verse konstateer alleen dat die volk Israel *as volk*, in sy volheid (144,000) soos vereng tot sy uitverkore gelowiges (die knegte van God en verseëlde uit Israel) naas maar ook tesame met die ander volke gered word. In dié geval lê Openbaring hier volkome in lyn met die hele N.T.

Die interpretasie dat Ἰσραήλ, die universele Godsvolk, die kerk is, is alleen te handhaaf as dit 'n volkome en tipies apokalipties-simboliese spreekwyse is. Dan lê hierin egter geen bewys dat die kerk die ware Israel *is*, en dat die historiese Israel vergeestelik *is* deur die opname van die gelowiges uit die heidennasies in Israel nie. As bloot simboliese spreekwyse eie aan die apokaliptiese literatuur sê die verse dan niks oor die werklike verhouding van die volk Israel tot die messiaanse Godsvolk nie.

Besluit.

(i) Die feitlik algehele stilswye van hierdie boeke aangaande die verhouding van Israel tot die messiaanse Godsvolk ^[235] toon klaarblyklik dat die vraagstuk in die kerk tydens hulle skrywe nie meer brandend was nie.

(ii) Terwyl Hebreërs op 'n heel besondere wyse die hele verhouding van die Ou-Testamentiese en die Nieu-Testamentiese bedeling voorstel as dié van voorafskaduwing en werklikheid, staan Hebreërs tog wat betref die één kardinale aspek van die verhouding tussen Israel en die messiaanse Godsvolk wat daarin belig word, volkome op een lyn met die res van die N.T. van die geboortegeschiedenis tot by Paulus, nl. in die nadruk wat dit laat val op die handhawing van die verbond met Abraham, wat in Christus sy vervulling het en waarin die behoud van Israel in sy gelowiges as Godsvolk saam met die heidennasies verseker lê.

(iii) Ook die apokaliptiese lig van Openbaring laat niks nuuts na vore tree oor die verhouding van Israel tot die Godsvolk nie.

²⁵⁶ Ook I. Schneider: *Die Offenbarung Jesu Christi*, ³1949, 72, volstaan hier met 'n óf ... óf ...

[236]

Bladsye ^[237] tot [245] het slegs voetnote bevat.

HOOFSTUK IV.

DIE VERHOUDING VAN DIE VOLKERE EN DIE GODSVOLK

§ 1. Voor en tydens Jesus se optrede

Inleidend 246. 1. Voor Jesus se optrede 247, 2. Tydens Jesus se optrede voor sy dood 247. (i) Die universaliteit van die Godsvolk prinsipieel en openbaringshistories besien 247. a. Prinsipieel besien *is* die Godsvolk universeel 248. b. Openbaringshistories besien word die verwerkliking van die universaliteit in die *toekoms* gestel 248. (ii) Jesus die lydende Knecht van die Here en die toekomstige verwerkliking van die universaliteit 249. Gevolgtrekkings 254. (iii) Jesus die komende verheerlikte Seun van die Mens en die aard van die verwerklikte universaliteit 255. (iv) Enkele "universalistiese" en "partikularistiese" uitsprake van Jesus in die lig van die voorafgaande 260. 3. Tydens Jesus se optrede na sy opstanding 261. (i) Die wese van die sendingbevel 261. (ii) Die voorwerpe na wie uitgesend word 262. (iii) Die doel van die uitsending 264. (iv) die wyse waarop die uitsendingsopdrag uitgevoer moet word 264. Besluit 265.

A. van Harnack¹ het in 1902 die vraag na die universalisme by Jesus in die brandpunt van belangstelling geplaas met sy beslissende afwysing van enige universele visie by Jesus en die aanwysing alleen van 'n "intensive Universalismus" vanweë die konsekwente "Innerlichkeit"² van Jesus se prediking. Sedertdien het egter 'n stroom van geleerdes die aanwesigheid van die universele visie en die wil tot "Heidenmission" by Jesus aangetoon;³ in so 'n mate dat J. Blauw⁴ in 1950 met reg kan skryf: "Men heeft thans vrij algemeen de gedachte van een 'partikularistiese' Jesus teenover een 'universalistiese' Paulus opgegeven".

Dit staan des te meer onomstootlik vas wanneer, soos dit as uitgangspunt van hierdie studie gestel is,⁵ die gegewens van die N.T. soos dit daar staan, nagegaan word.⁶

Daarom word hier uitgegaan van die aanvaarding van die universaliteit van die evangelie volgens Jesus en word ^[246] alleen gevra na die besondere *aard* van hierdie universaliteit en wel in soverre dit die verhouding van die volkere tot die Godsvolk raak.

1. Voor Jesus se optrede

Soos die besondere prominensie aan die volk Israel 'n kenmerk is van die voorgeskiedenis van die Evangelies,⁷ so ook is die geringe aandag wat die volkere in die algemeen hierin geniet. Teenoor die herhaalde voorkoms van benaminge vir die volk Israel kom die woord εθνῶν net een keer voor (Luk. 2:32) en λαοί ook net een keer (Luk. 2:31).

Slegs op enkele plekke tree die prinsipiële universaliteit van die komende messiaanse gebeure na vore: Nog vaag is dit in die engelesang van *Luk. 2:14*: "vrede op aarde in die mense

¹ *Die Mission und Ausbreitung des Christentums in der ersten drei Jahrhunderten.*

² *Die Mission*, 30.

³ O.a. G. Warneck: *Jesus Christus und die Weltmission nach den Evangelien*, AMZ 30 (1903); M. Meinerts: *Jesus und die Heidenmission*, *Neutestamentliche Abhandlungen I/2*, 1908; F. Spitta: *Jesus und die Heidenmission*, 1909; J. Reinhard: *Der Heilsuniversalismus der Bibel*, NAMZ, 1926; A. Oepke: *Internationalismus, Rasse und Weltmission im Lichte Jesu*, ZST 10 (1933); B. Sundkler: *Jésus et les Païens*, RHPR, 1936; O. Cullmann: *Eschatologie und Mission im N.T.*, EMM, 1941; Liechtenhan: *Mission*, 1946; G. Stählin: *Die Endschau Jesu und die Mission*, EMZ, 1950; Jeremias: *Verheissung*, 1956; D. Bosch: *Heidenmission*, 1959.

⁴ *Goden en mensen*, 109.

⁵ Sien onder Inleiding pp. 15-16.

⁶ Die ontkenning van 'n universele visie by Jesus kan alleen gehandhaaf word vanuit die teorie van die "Gemeindeteologie" en deur toepassing van die "Formgeschichtliche" metode.

⁷ Sien hf. II, § 1, p. 88.

'n welbehae". In die prediking van Johannes die Doper, *Joh. 1:29* is dit reeds duideliker: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem". Teenoor hierdie prinsipiële universaliteit van die evangelie in vs. 29 plaas Johannes die Doper egter die daadwerklike beperktheid tot Israel in die hede, *Joh. 1:31*.

Tog is die uitspraak van Luk. 2:31, 32 ook in dié verband van groot belang.⁸ Die doel is hier om die nadruk te laat val op die volkome universaliteit van die openbaring van God se verlossing in Christus. Die betekenis van die openbaring van die Messias is nie net vir Israel nie, ook nie nét vir die heidennasies nie, maar is geheel ongeag die besondere heilshistoriese posisie van Israel of die heidennasies gelykelyk van belang vir "die volkere". Dat in die eskatologiese gebeure die Godsvolk Israel en die heidennasies saam die *λαοι*, die volkere, heet, is nie sonder betekenis nie. Dit wys in die rigting dat by die volkome universaliteit van die messiaanse heil die verskeidenheid van die volke nog kan bly staan, ook al word die openbarings-historiese geskeidenheid van die Godsvolk Israel en die heidennasies opgehef.

2 Tydens Jesus se optrede voor sy dood

(i) Die universaliteit van die Godsvolk prinsipiël en openbaringshistories besien

'n Besonder belangrike kenmerk van Jesus se prediking oor die aard van sy evangelie is die onderskeid wat Hy maak tussen die prinsipiële of wesentlike universaliteit van die ^[247] evangelie en die historiese verwerking van die universaliteit.

a. Prinsipiël besien is die Godsvolk universeel

Die koninkryk self is na sy wese universeel: Volgens *Mark. 4: 31, 32 par.* is die koninkryk soos die mosterdsaad wat nieteenstaande sy aanvanklike kleinheid uitgroeï tot so 'n grootte dat "die voëls van die hemel" daarin nes maak. Hier is 'n duidelike aansluiting by Dan. 4 waar die voëls wat in die skaduwee van die boom nesmaak, die nasies van die wêreld aandui. Ook is daar aansluiting by hierdie gelykenis met die universaliteit van die Godsryk in die Joodse gedagte-wêreld, soos J. Jeremias⁹ duidelik aantoon. Soos die mosterdsaad in sy wese 'n groot boom is, so is die Koninkryk ook wesentlik universeel nieteenstaande sy klein begin. Terselfdertyd spreek Jesus hier duidelik van die historiese groei van die omvang van die koninkryk. Ook die gelykenis van die onkruid,... *Matth. 13:24-30, 36-43* spreek van die prinsipiële universaliteit van die koninkryk: "die saailand is die wêreld" (vs. 38).

Hierdie gelykenis toon terselfdertyd aan die prinsipiël universele betekenis van Jesus Christus, die Seun van die Mens wat die saad oor die wêreld strooi (vss. 37-38). Die universele betekenis van Jesus Christus wanneer sy werk prinsipiël besien word, blyk herhaaldelik, veral in die Evangelie van Johannes: *Joh. 3:16* — Jesus kom ter verlossing van die wêreld, van die gelowiges van die wêreld; *Joh. 6:33* — Jesus is die "brood van God wat... aan die wêreld die lewe gee"; *Joh. 8:12* — "Ek is die lig van die wêreld".

Dieselfde geld ook die dissipels van Jesus, wanneer Hy 'n prinsipiële waardering gee van hulle betekenis in *Matth. 5:13, 14*: "Julle is die sout van die aarde... die lig van die wêreld". Hierdie woord van die bergrede is gerig tot sy dissipels in breë verband, 'n groot skare van Israel. Dit gaan eintlik daarom dat Israel die sout van die aarde en lig van die wêreld is. Dit is as sodanig nie 'n nuwe leer nie, maar druk 'n vasstaande oortuiging onder die Jode uit.¹⁰ Die nuwe of die besondere trefkrag was die wyse waarop Jesus die eis stel dat die gelowige Israel dit ook daadwerklik en konkreet moet wees. Hiermee verloor by Jesus die gedagte sy partikularisties-

⁸ Vir die betekenis van *λαοι* hier sien hf. I, § 1, p. 20.

⁹ *Verheissung*, 58-59.

¹⁰ Vgl. Strack-Billerbeck I, 236-237.

hoogmoedige tint en word dit waarlik universeel.

b. *Openbaringshistories besien, word die verwerkliking van die universaliteit in die toekoms gestel*

In die lig van die voorafgaande is dit besonder opvallend ^[248] dat wanneer Hy spreek van die werklike, konkrete insluiting van die hele mensheid in die openbaringshistoriese gebeure, Jesus deurgaans in die toekomende tyd spreek — vgl. Matth. 8:11, 12 (Luk. 13:28-29); Luk. 12:49, 50; Joh. 3:14-16; Joh. 6:51; Joh. 10:15, 16; Joh. 12:32; Mark. 13:7-10 par.; Mark. 13:24-27 par. (Luk. 21:20-27); Matth. 25:31-34. Tydens Jesus se optrede voor sy dood is die werklike inbegrepenheid van die hele mensheid of alle nasies iets van die toekoms. Dit laat die vraag ontstaan na die tydstip van die verwerkliking van die universaliteit.

(ii) *Jesus die lydende Kneg van die Here en die toekomstige verwerkliking van die universaliteit*

By herhaling bring Jesus die toekomstige universaliteit van die messiaanse Godsvolk in die nouste verband met sy kruisdood en opstanding. En dit doen Hy op so 'n wyse dat dit duidelik word dat sy dood en opstanding die deur God bepaalde en deur die Messias vrywillig aanvaarde middel is ter verwerkliking van die universaliteit van die verlossing.

Joh. 3:14-16 sê die Seun van die Mens "moet... verhoog word" — d.i. blykens die vergelyking met die slang wat Moses aan die paal moes hang: gekruisig word — "sodat elkeen wat in Hom glo", gered kan word. Hier word die universeel gestelde verlossing direk afhanklik gemaak van die voorafgaande kruisiging. Vers 16 spreek nog duideliker. God se liefde vir die *wêreld* kom tot openbaring in die verlossing van die wêreld deurdat God sy Seun "gee", d.i. oorgee aan die dood — $\delta\acute{\iota}\delta\omega\mu\iota$ in die sin van $\pi\alpha\rho\alpha\delta\acute{\iota}\delta\omega\mu\iota$.¹¹

Nadat Jesus in Joh. 6:32-51a by herhaling die prinsipiële betekenis van sy koms beskryf het as: Ek is die brood van die lewe (vss. 35, 41, 48, 51a), verklaar Hy ten opsigte van die openbaringshistoriese verwerkliking daarvan: "En die brood wat Ek *sal* gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld *sal* gee".

Hierdie selfde afhanklikheid van die universele omvang van sy messiaanse betekenis aan sy lydensdood druk Jesus in Luk. 12:49-50 uit: "Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was! Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word". Dat hierdie "doop" sy kruisdood is, word duidelik aangetoon deur O. Cullmann.¹² Selfs al begeer Jesus self dat hierdie universele betekenis van sy werk reeds werklikheid is, dan nog weet Hy dat dit nie kan geskied voordat Hy die kruisdood gesterf het nie.

[249]

Dit bring ons by twee kardinale uitsprake van Jesus wat ten nouste saamhang, nl. *Mark. 10:45 par. en Mark. 14:24 par.* Net voor sy intog in Jerusalem by die aanvang van die lydensweek en weer met die instelling van die Nagmaal die dag voor sy sterwe wys Jesus op die pertinentste wyse die oorsaaklike verband aan tussen sy lydensdood en die versoening van "die vele" ($\pi\omicron\lambda\lambda\omicron\iota$).

Dat $\pi\omicron\lambda\lambda\omicron\iota$ hier nie in sy onderskeidende betekenis van "baie, nie almal nie"¹³ bedoel is nie, maar in sy Semities- inklusiewe betekenis¹⁴ gebruik is, het J. Jeremias¹⁵ duidelik aangetoon.

¹¹ So ook R. Bultmann: *Johannes*, 110; O. Cullmann: *Die Christologie des N.Ts.*, 1957, 69.

¹² *Christologie*, 66.

¹³ So o.a. Grosheide: *Mattheus*, 395. Ook Ridderbos: *Koninkrijk*, 182-183 wil hierin uit vrees vir 'n radikaal universalistiese interpretasie te veel 'n uitdruklike beperking tot die gelowiges sien.

¹⁴ Sien hf. II, § 1, p. 90.

Aan die ander kant oorspan Jeremias self die bedoeling daarvan as hy sê dat πολλοι nie "nur der geretteten Gemeinde" nie maar "alle ohne Einschränkung"¹⁶ aandui. ["net die geredde gemeente" nie maar "almal sonder onderskeid"] Die πολλοι kry hier sy besondere konnotasie in die teëstelling daarvan met die één wat sterf. Dit dui dus aan "baie teenoor een". Jesus, as die één, sterf plaasbekledend en versoenend Vir (λυτρον αντι of υπερ of περι) "die vele".¹⁷

Dat hierdie uitspraak egter universeel is in dié opsig dat πολλοι nie net tot Israel beperk is nie, daarvoor bestaan feitlik eenstemmigheid.¹⁸ Dit kan nie uit die uitsprake as sodanig aangetoon word nie, maar deurslaggewend is die duidelike wyse waarop hierdie uitsprake van Jesus gewortel is in die profesie oor die lydende Kneg van die Here, Jes. 53 en daarvan besonderlik vss. 10-12.¹⁹ Dit blyk uit die volgende feite: (i) Die woordelike verwysing van die πολλοι van Mark. 10:45 en 14:24 na die herhaalde "vele" van Jes. 53:11, 12. (ii) Die besondere nadruk wat Jesus in 10:45 lê op sy dienswerk en diensknegsposisie as die wesentlike karaktertrek van sy Messiasskap. Hierdeur wys Hy Homself oteenseglik aan as die nederige en lydende Kneg van die Here van Jes. 53 in die besonder, en van Jes. 40-53 in die algemeen. Die wyse waarop Jesus sy eie dienskneg-optrede in teëstelling plaas tot die optrede van die heersers van die nasies, herinner ook sterk aan Jes. 49:7 waar die Kneg van die Here beskryf word as "'n Kneg van die heersers", (iii) Die wyse waarop die gedagte van die losprys, λυτρον, die deurlopende versoenings-uitsprake van Jes. 53 (vgl. vss. 4, 5, 6, 10, 11, 12) bondig uitdruk: "... die mannigfachen Ausdrücke, die Jesaja für die Sühn- und Rettungs-kraft des Leidens des Gottesknechtes bringt, konnten nicht knapper und deutlicher wiedergeben werden als mit dem Worte: zu geben sein Leben als ein Lytron (= köfer)."²⁰ ["... die menigvuldige uitdrukkings wat Jesaja gebruik vir die versoenings- en reddingskrag van die lyding van die dienskneg van God, kon nie saakliker en duideliker weergegee word as met die woord: om sy Lewe as losprys (= köfer) te gee nie] (iv) Die direkte ooreenkoms in die wyse waarop Jesus in Mark. 10:45 en 14:24 die verlossing van ^[250] die "vele" afhanklik stel van sy dood met die wyse waarop dieselfde in Jes. 53 oor die Kneg gesê word, vgl. Jes. 53:10, 11, 12.

Met hierdie uitsprake van Mark. 10:45 en 14:24 verklaar Jesus Homself dus as die Kneg van die Here soos beskryf in Jes. 40-53. Hierdie identifisering bewys die universele omvang van die πολλοι wat aandeel kry aan die heil deur Jesus se dood, want die Kneg van Jes. 40-53 is in sy verheerliking oteenseglik van universele betekenis: "Hy sal die reg na die nasies uitbring" (42:1); "Ek... gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies" (42:6); vgl. veral ook 49:6.

Ook dus by hierdie twee kardinale momente in die optrede van Jesus openbaar Hy dat die uitbreiding van die messiaanse Godsvolk tot 'n universele entiteit eers na en deur sy soendood werklikheid kan word.

Terselfdertyd is dit — soos later sal blyk — vir ons probleem van die grootste belang dat Jesus Homself in Mark. 10:45 en 14:24 identifiseer met die lydende Kneg van die Here van Jes. 40-53, veral aangesien dié identifisering volgens hierdie uitsprake die grond is waarom die

¹⁵ Vgl. sy artikel oor πολλοι, TWNT VI, 543-545.

¹⁶ TWNT VI, 543.

¹⁷ Insiggewend is Paulus se uitwerking van hierdie gedagte in Rom. 5 waar hy πολλοι en παντες heeltemal promissie gebruik, terwyl dit steeds gaan om die teëstelling van die één mens tot die veelheid van mense.

¹⁸ O.a. Liechtenhan: *Mission*, 37, 40; H.D. Wendland: *Die Eschatologie des Reich Gottes bei Jesus. Eine Studie über den Zusammenhang von Eschatologie, Ethik und Kircheproblem*, 1931, 194; Jeremias: *Verheissung*, 62, en TWNT VI, 543-545; Ridderbos: *Koninkrijk*, 182-183; Grosheide: *Mattheus*, 395.

¹⁹ Vgl. ook Cullmann: *Christologie*, 63, 64; R. Otto: *Reich Gottes und Menschensohn. Ein religionsgeschichtlicher Versuch*, ³1954, 200.

²⁰ Otto: *Menschensohn*, 200.

universaliteit van die verlossing eers deur die sterwe van Jesus verwerklik kan word.

Ook in Joh. 10:15-18 toon Jesus die oorsaaklike verband tussen sy soendood en die verwerkliking van die universaliteit van die Godsvolk. Onmiddellik na die uitspraak "Ek lê my lewe af ter wille van die skape" (vs. 15), vervolg Jesus in vs. 16: "Ook ander skape het Ek wat nie aan hierdie stal behoort nie (let wel: die prinsipiële universaliteit in die teenwoordige tyd!) Ook hulle moet Ek lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder" (let wel: die verwerkliking van die universaliteit lê in die toekoms, ná die dood van Jesus!).

Hoewel minder direk as in die voorafgaande uitsprake van Jesus, blyk dit dat ook in Joh. 10:15-18 die gedagte van die Kneg van die Here ten grondslag lê aan Jesus se aankondiging van sy sterwe. Hier sê Jesus: "Ek lê my lewe af ter wille van die skape; Jes. 53:6 sê: "Ons het almal gedwaal soos skape .:., maar die - Here het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom". Belangriker egter is die wyse waarop Jesus in Joh. 10:17, 18 beklemtoon dat sy dood geen marteldood of gedwonge dood sal wees nie, maar die vrywillige, offervaardige aanvaarding van die dood om daardeur die skape te dien en as dienskneg Hom te plaas ^[251] onder die gebod van sy Vader. Dit korrespondeer met die vrywillige dienskneggestalte van die Kneg van die Here in Jes. 53. "Hier scheint mir gerade der Unterschied zwischen dem Leiden des Propheten und dem Leiden des Ebed Jahwe betont".²¹ [Hier lyk dit vir my asof die verskil tussen die lyding van die profeet en die lyding van die Ebed Yahweh beklemtoon word] In dieselfde rigting wys vers 17: "Die Vader het My lief *omdat Ek* my lewe aflê om dit weer te neem". Besonder opvallend is die "omdat", οτι, waarmee die grond vir die liefde van die Vader vir Jesus Christus aangedui word. Dit gaan dus hier nie om die ewige wesensliefde van God die Vader tot God die Seun nie, maar dit gaan bepaaldelik om die besondere liefde van die Vader tot die Messias op grond van sy messiaanse vrywillige lydensdood. Op dieselfde wyse sê God van die lydende Kneg van die Here, wat sal sterf vir vele, in Jes. 42:1: "Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het".

Ook Joh. 10:15-18 openbaar dus: Jesus verbind die verwerkliking van die universaliteit van die Godsvolk aan die feit dat Hy as die lydende Kneg van die Here volgens die Skrifte eers deur sy soendood heen die "vele" kan verlos en eers dan deur sy gehoorsame lyde tot die dood toe kan kom tot sy heerlikheid as "verbond van die volk en 'n lig van die nasies". Later sal aangetoon word dat die feit baie belangrik is vir die bepaling van die *aard* van die komende universalisme.

Maar Joh. 10:15-18 werp ook belangrike, meer direkte lig op die aard van die komende universalisme. In vs. 16 onderskei Jesus tussen twee groepe van sy skape wat deur Hom gelei sal word na sy lydensdood: die skape "uit hierdie αυλη" en die "ander skape wat nie uit hierdie αυλη is nie". (Die αυλη is die tuin rondom 'n huis, waarin die skape dikwels gehou is). Die voor die hand liggende betekenis is dat "hierdie stal (αυλη)" die volk Israel aandui, en die "ander skape" die toekomstige gelowiges uit die heidennasies.²²² Israel behoort dus as "stal", as volk, tot die "kudde" van Christus, ook al sê Jesus in 10:26 uitdruklik aan sekere Jode, nl. die Fariseërs, dat hulle nie sy skape is nie. Wanneer Jesus dan van die heidene spreek as diegene wat nie tot *hierdie* stal behoort nie, impliseer dit dat hulle tot 'n ander stal of ander stalle behoort. Ook wanneer hulle saam met Israel kom tot 'n eenheid in Christus, die één herder, word hulle nie ingelyf in die "stal" van Israel nie, maar vorm hulle saam met die "stal" van

²¹ Cullmann: *Christologie*, 69.

²² So ook Bultmann: *Johannes*, 292; Jeremias: *Verheissung*, 32. Anders egter D. Bornhauser: *Das Johannes-evangelium, eine Missionsschrift für Israel*, 1928, 58, wat hulle beskou as resp. Juda en Israël, (die Tienstamme-ryk).

Israel één *kudde*. Die heidennasies word dan nie ingelyf in die volk Israel nie,²³ maar hulle word *soos* Israel ingelyf in die "kudde", in die Godsvolk van Jesus Christus.

[252]

Feitlik identies hiermee is die woorde van *Joh. 11:52*,²⁴ waar die gelowiges uit die heidennasies op een lyn met dié uit Israel gestel word, terwyl van Israel uitdruklik gesê word dat hulle *as volk* gered sal word.

Op grond van die feit dat Jesus in drie sulke kardinale uitsprake soos Mark. 10:45, Mark. 14:24 en Joh. 10:15-18 die komende verwerkliking van die universaliteit van die Godsvolk direk verbind aan die feit dat die wese van sy Messiaskap daarin bestaan dat Hy die geprofeteerde Kneg van die Here is, kan met reg gekonkludeer word dat die gedagte ten grondslag lê aan al Jesus se uitsprake oor sy lydensdood en die komende universalisme. Dat daar 'n onmiskenbare verband bestaan tussen Jesus se lydens- en sterwens-aankondiginge en die profesieë van Jes. 40-53 oor die Kneg van die Here, is ook deur verskeie erkende eksegete oortuigend aangetoon.²⁵ Dat Hy die lydende Kneg van die Here is, is die beheersende motief van Jesus se hele optrede.²⁶ Hy is die messiaanse Verlosser alleen deur lydende en sterwende Kneg van die Here te wees. As messiaanse Kneg van die Here *moes* Jesus sterf, nie maar as 'n martelaar nie dog juis ómdat Hy messiaanse Kneg is. "Dieses Muss heisst nicht blinde Fatalität, es heisst innere Notwendigkeit aus Beruf und Wesen ... heraus ... Der Menschensohn 'müss' der rettend leidende Gottesknecht sein, wenn er seinen Menschensohn-beruf, das heisst sein Retterberuf erfüllen will".²⁷ [Dit beteken nie blinde noodlottigheid nie, dit beteken innerlike noodsaaklikheid uit roeping en wese ... Die Seun van die mens 'moet' die lydende kneg van God wees as hy sy roeping as die Seun van die Mens wil vervul, dit wil sê sy roeping om te red]

Hierdie radikale "moet", hierdie absolute noodsaaklikheid van sy soendood *voordat* die heidennasies inbegrepe kan raak in die Godsvolk, word baie lewendig en konkreet geïllustreer deur die gebeure van *Joh. 12:20-33*. Na Jesus se intog in Jerusalem vir sy laaste Paasfees, vra sommige Grieke sy dissipels om Hom persoonlik te leer ken,²⁸ (12:20, 21). Hierdie Ἕλληνας was half-proseliete en Grieke van geboorte.²⁹ Die uitdruklike vermelding dat hierdie proseliete Grieke van geboorte was, toon dat hulle deur Jesus gesien is as verteenwoordigers van die heidennasies en nie as lede van die Jodedom nie.³⁰ Dit gaan dus hier om die begin van die toestroming van die heidennasies na die Messias; om die moontlikheid van die verwerkliking van die universaliteit van die messiaanse Godsvolk.

²³ Tereg merk Bultmann: *Johannes*, 292 Anm. 6, op: "Die ἀλή nicht etwa die Herde, ist auf das jüdische Volk gedeutet!" [Die ἀλή wat nie oor die kudde gaan nie, is bedoel vir die Joodse volk!] Af te wys is die oordeel van Jeremias: *Verheissung*, 55 wat in Joh. 10:16 'n aanwysing van die toestroming van die heidene tot Israël, besonderlik Sion, sien.

²⁴ Sien ook hf. II, § 2, pp. 120-121.

²⁵ Vgl. o.a. Jeremias: πᾶς θεοῦ, TWNT V, 709-713; Cullmann: *Christologie*, 63-68; Otto: *Menschensohn*, 197-203; H. Ridderbos: *Zelfopenbaring en Zelfverberging. Het historisch karakter van Jesus' Messiaanse Zelfopenbaring volgens de Synoptische Evangelien*, 1946, 77-81.

²⁶ Teenoor die radikale kritiek van die "formgeschiedtliche" skool wat uitsprake hieroor geheel en al as latere "Gemeindebildung" wil afskryf, wys veral Ridderbos: *Koninkrijk*, 149-161 en Cullmann: *Christologie*, 59-68 op die integrale en beheersende plek wat die motief in die optrede van Jesus *vanaf die begin* inneem.

²⁷ R. Otto: *Menschensohn*, 199.

²⁸ Op hierdie betekenis van ἰδεῖν wys Bultmann: *Johannes*, 323 Anm. 5, met verwysing na Luk. 9:9; Luk. 23:8; Hand. 28:10; Rom. 1:11.

²⁹ Sien hf. I, § 4, onder Ἕλληνας, p. 80.

³⁰ So ook Bultmann: *Johannes*, 323; Sundkler: *Paiens*, 35; Jeremias: *Verheissung*, 56; Bornhäuser: *Johannes-evangelium*, 68.

Hierop reageer Jesus met die woorde: "Die uur het gekom dat die Seun van die Mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, ^[253] dra dit veel vrug" (vs. 24). Jesus aksepteer nog nie die toestroming van die heidennasies nie, maar hy sien wel daarin die bewys dat die tyd van sy sterwe aangebreek het. Die verwerkliking van die universaliteit van die messiaanse Godsvolk behoort tot die verheerlikte staat van die Messias en dit kan alleen aanbreek deur die soendood heen. Ook al vervul dit Jesus met angs, mag Hy nie daarvoor terugdeins nie, want dit is die wesentlike karaktertrek van sy Messiasskap: "hierom het Ek in hierdie uur gekom" (vs. 27).

Wanneer die heidennasies wil toestroom, dan het die tyd vir die soendood aangebreek, want alleen deur sy soendood heen word die weg vir hulle tot Hom geopen,³¹ en kan Hy kom tot sy heerlijkheid as universele Verlosser: "as Ek van die aarde verhoog word, sal Ek almal na My toe trek" (vs. 32).

Joh. 12:20-33 werp ook direkte lig op die aard van die komende universaliteit: die heidene wat Jesus wil leer ken, is nie maar somer heidene of nie-Israelitiese individue nie, nee, hulle word uitdruklik Ελληνες genoem, lede van die Griekse volk, wat weer verteenwoordigend is van die heidennasies. Ook al is hulle half-proseliete en is hulle dus nou verbonde aan die Joodse volk volgens die Joodse beskouing, is hulle vir Jesus Grieke en as sodanig verteenwoordigers van die heidennasies wat deur sy soendood heen die Godsvolk sal binnekom.

Gevolgtrekkinge

Uit die vasstelling van die feit dat die wesentlike karakter van Jesus se Messiasskap daarin bestaan dat Hy alleen deur lydende Kneg van die Here te wees, waarlik die universele Verlosser kan wees, kom ook die ware betekenis van die verwerkliking van die universaliteit van die Godsvolk aan die lig:

(1) Die verwerkliking van die universaliteit alleen deur die dood van Jesus is 'n wesentlike deel van sy Messiasskap vanaf die begin van sy optrede. As Kneg van die Here behoort dit tot die wese van sy Messiasskap dat dit alleen deur sy soendood heen kan geskied. Daarom is die universele visie van Jesus nie eers 'n sekondêre gedagte gegrond op sy duideliker-wordende verwerping deur Israel nie. Die visie van 'n komende insluiting van die εθνη is nie maar die gevolg van die besef dat Israel verwerp moet word en die εθνη as substituut vir Israel in die Godsvolk opgeneem sal moet word om sy Messiasskap te kan handhaaf nie.³²

[254]

(2) Jesus se beperking van sy optrede voor sy dood tot Israel vloei voort uit die wese van sy Messiasskap, d.i. uit die feit dat Hy Kneg van die Here is. As Kneg van die Here kom Hy uit Israel (Jes. 41:8-9; 49:3) en is dit sy taak om in die eerste plek Israel terug te bring tot die Here (Jes. 42:6; 49:5; 53:8). Terselfdertyd is Jesus se bepaling tot Israel ook deel van die lyde en nederige posisie van die Kneg van die Here: solank sy optrede nog beperk is tot Israel, is sy eer nog "te gering" (Jes. 49:6a) en is dit nog die tyd wanneer Hy "die diep veragte" is "wat 'n afsku is by die volk (— Israel)" (Jes. 49:7). Maar wanneer Hy deur sy soendood tot heerlijkheid kom, dan is die beperking weg; dan is Hy die Messias van alle volke: dan word Jesus "die verbond

³¹ So ook Bosch: *Heidenmission*, 115; Bultmann: *Johannes*, 324-325; Windisch: Ελλην, TWNT II, 506; Sundkler: *Paiens*, 35; Jeremias: *Verheissung*, 31-32.

³² Die beskouing dat die verwerping van die volk Israël as Godsvolk voorwaarde is vir die "Heidenmission" is veral uitgewerk deur Schlier: *Heidenmission*, 167-174; vgl. ook Oepke: *Cottesvolk*, 172; J. Blauw: *Goden en mensen*, 115.

van die volk (= Israel)" sowel as die "lig van die nasies" (Jes. 42:6); dan is dit "te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob ..." en word Hy "gemaak tot 'n lig van die nasies om my heil te wees tot aan die einde van die aarde (Jes. 49:6).

(3) In dié hoof motief van Jesus se Messiasskap is daar dus geen sprake daarvan dat Jesus se weg aanvanklik na Israel en weg van die heidennasies beweeg en dat dit dan later vanweë sy verwerping deur Israel oorgaan in 'n weg na die heidene en weg van Israel nie. Dit is naamlik deel van die vernedering van die Kneg van die Here dat Hy in nederigheid kom net tot die een volk Israel en ook deur dié volk verag en verwerp word; en andersyds is dit deel van die verheerliking van die Kneg dat Hy deur gehoorsame Kneg tot die dood toe te wees, die Verlosser word van sowel Israel as van die heidennasies.

(4) Hieruit blyk dat Jesus deur sy soendood as Kneg van die Here *op gelyke wyse* die volk Israel en die heidennasies red en dat Israel en die heidennasies dus aan die universele messiaanse Godsvolk *op gelyke wyse* deel verkry.

(5) Enkele direkte aanduidings uit tekste wat in hierdie verband behandel is, wys ook in die rigting dat die aard van universaliteit daarin bestaan dat al die volke ingesluit sal word in die Godsvolk.

(iii) *Jesus die komende verheerlikte Seun van die Mens en die aard van die verwerkligte universaliteit*

'n Besondere kenmerk van Jesus se selfopenbaring is dat Hy sy Messiasgestalte openbaar as 'n verbinding van die figuur van die Seun van die Mens van Dan. 7 en die figuur ^[255] van die lydende Kneg van die Here van Jes. 40-53.³³ Jesus noem Homself by uitstek met die titel Seun van die Mens en onderskei dan veral tussen twee fases in die koms van die Seun van die Mens: eerstens die Seun van die Mens in sy vernedering — wat voor sy dood in verlede of teenwoordige tyd gestel word; tweedens die Seun van die Mens in sy heerlikheid — wat voor sy dood konsekwent in die toekomstige tyd gestel word.³⁴ Tydens die eerste fase verskyn die Seun van die Mens in die gestalte van die nederige en lydende Kneg van die Here.³⁵ Maar deur sy soendood kom die tweede fase van die openbaring van die Seun van die Mens, en dan word Hy verhoog vanuit sy lydende kneggestalte en kom Hy tot sy verheerlikte gestalte as die Seun van die Mens soos geteken in Dan. 7.

Die openbaringshistoriese gebeure wat sal plaasvind wanneer die verheerlikte Seun van die Mens kom, openbaar Jesus veral in sy *Profetiese Rede*, *Mark. 13*, *Matth. 24-25*, *Luk. 21*. Aangesien die Evangelie van Mattheüs ten opsigte van die stof wat vir dié studie die belangrikste is, die duidelikste en volledigste is, word die weergawe van Mattheüs gevolg. Waar in 'n vorige groep uitsprake oor die lydende Kneg die universaliteit nog in die toekoms gestel is en die aard daarvan dus nog nie duidelik uitgekome het nie, word hier in die Profetiese Rede gespreek oor die tyd wanneer die universaliteit verwerklik sal wees. Daarom kom die aard van die universaliteit hier al duideliker uit en bied dit direkter verwysing na die volke en hul verhouding tot die messiaanse Godsvolk — hoewel ook hier vanweë die profetiese aard van die uitsprake die besonderhede nog vaag is.

³³ Enkele van die persone wat dit baie duidelik stel, is Otto: *Menschensohn*, 192 e.v.; Cullmann: *Christologie*, 161-167; Ridderbos: *Zelfopenbaring*, 79; Van der Walt: *Koninkryk*, 60, 104-105.

³⁴ Vir 'n deeglik ontlede en gedokumenteerde behandeling van die verskillende fases van die koms van die Seun van die Mens vergelyk Van der Walt: *Koninkryk*, 56-87. Die verdere onderskeiding wat Van der Walt tereg maak binne die fase van die koms in heerlikheid, kom hier nie ter sprake nie.

³⁵ Vgl. hoe Jesus Homself herhaaldelik in die hierbo behandelde uitsprake oor die lydende Kneg die Seun van die Mens noem: Joh. 3:14-15; Joh. 6 ; 51-53; Mark. 10:45 par.; Mark. 14:21-24 par.; Joh. 12 ; 23-24.

Veral drie perikope uit die Profetiese Rede is van belang vir die toekomstige verhouding van die volkere en die Godsvolk, nl. Matth. 24:4-14; Matth. 24:29-31 en Matth. 25:31-34. Die drie dele het dit gemeen dat hulle ten nouste saamhang met die finale koms van die Seun van die Mens in sy heerlikheid. Elke deel het egter betrekking op 'n ander tydstip van die koms: Matth. 24:4-14 handel oor die tyd vóór sy wederkoms en lig die posisie van die volkere in dié tyd toe; Matth. 24:29-31 beskryf die verskyning van die Seun van die Mens vir sy gerig en die reaksie van die volkere daarop en hulle plek daarin; Matth. 25:31-34 teken die gerig self en die plek van die volkere daarin.

In *Matth. 24:4-14* begin Jesus sy antwoord op die vraag na die wederkoms van die Seun van die Mens met 'n beskrywing ^[256] van die tyd vóór sy wederkoms, ³⁶ d.i. tussen sy verheerliking *met* die opstanding en sy wederkoms. 'n Kenmerk van sy beskrywing is die prominente plek wat die εθνη inneem in sy beskrywing van hierdie periode: Die "begin van die smarte" word gekenmerk deur die oorloë van die een nasie (εθνος) teen die ander nasie (.vs. 7) en verder deur die feit dat die gelowiges deur "al die εθνη" gehaat sal word (vs. 9). Maar dit is nog nie die einde nie, want "hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot getuienis vir al die εθνη en dán sal die einde kom" (vs. 14).

Aangesien εθνη hier in nouste aansluiting gebruik word na die enkelvoud εθνος in vs. 7, wat beslis 'n nasie in nasionaal-volkse sin aandui, ³⁷ moet εθνη hier ook 'n volkskonnotasie hê. En aangesien in hierdie perikope geen sprake is van 'n onderskeiding tussen Israel en die heidennasies nie en in heel omvattende sin gespreek word van "die hele wêreld" (vs. 14), moet Israel ingesluit wees in "al die εθνη". Εθνη sien hier dus nie op die heidennasies ³⁸ nie maar op die nasies of volkere in die algemeen. Van groot belang is dit dat die ander volke en Israel hier volkome op gelyke voet geplaas word.

Dit is egter 'n moeiliker vraag of die πάντα τα εθνη veral in vs. 14 [Ek sien nie die woorde "πάντα τα εθνη" in Matth 24:14 nie? WJS] werklik bedoel om die volkere as onderskeie volke voor oë te hou en of dit net 'n omskrywing is vir "die hele wêreld", "alle mense". In die laasgenoemde rigting skyn Van der Walt ³⁹ te dink as by sê die woorde is bedoel "nie in die betekenis van: solank as daar nog 'n volk is wat die evangelie nog nie gehoor het nie... kan die einde nie aanbreek nie; dit gaan om die volkere in hul totaliteit as geheel, en nie letterlik volk vir volk nie".

Verskeie gegewens wys egter in die rigting dat die universele omvang van die prediking wel verklaar word as 'n prediking aan die verskillende volke van die wêreld:

(i) In Matth. 24:14 is "in die hele wêreld" en "vir al die εθνη" nie sonder meer ekwivalent nie. Eersgenoemde is plekaanduidend (εν) en sê waar die evangelie verkondig sal word, laasgenoemde dui die voorwerpe aan vir wie (datief) die evangelieverkondiging bedoel is.

(ii) Opmerklik is dat Markus, wat meermale in plaas van πάντα τα εθνη by Mattheüs 'n meer algemene uitdrukking gebruik (vgl. Matth. 24:9—Mark. 13:13; Matth. 28:19—Mark. 16:15), hier wel πάντα τα εθνη gebruik (Mark. 13:10).

(iii) Kort vantevore (in vs. 7) onderskei Jesus pertinent ^[257] tussen verskillende volke in die wêreld. (In Markus lê die twee uitsprake nog nader aan mekaar: 13:8 en 13:10). In noue verband met Matth. 24:14 het Jesus die "nasies" dus nie net in hul totaliteit nie maar ook as onderskeie volke gesien.

³⁶ Vgl. Van der Walt: *Koninkryk*, 138.

³⁷ Sien hf. I, § 3, onder εθνος, pp. 49-50.

³⁸ So Grosheide: *Mattheus*, 362.

³⁹ *Koninkryk*, 138 voetnoot 228.

(iv) In dieselfde rigting wys ook die noue saaklike en woordelike ooreenkoms van die profesie van Matth. 24:14 met die sendingbevel van Matth. 28:19—Luk. 24:47-48 en Hand. 1:8 waar Jesus uitdruklik die prediking aan die πάντα τα ἔθνη teken as 'n "volk-vir-volk"-prediking.⁴⁰

Ons kan dus met reg saam met F.W. Grosheide⁴¹ konkludeer "dat Jezus over de volken spreekt, niet over de individuen. Er is voor elk volk een tijd, waarop het evangelie tot dat volk komt".

'n Belangrike plek neem die volke dus in in die tyd van die verheerlikte Seun van die Mens vóór die eindgerig. Enersyds is die volke se onderlinge haat en ook hul haat teen die dissipels kenmerkend van die tyd en dien dit as teken van die begin van die smarte. Andersyds is tog dié haat van die volke teen die messiaanse Godsvolk nie die einde van die Messias se weg met die volke nie: Hy sal nie kom in sy eindgerig voordat die evangelie nie *eers* πρῶτον — Mark. 13:10) verkondig is aan die volke nie. Voor sy eindgerig *moet* (δεῖ — Mark. 13:10) al die volke eers voorwerpe van die evangelie-prediking word. "Die Verkündigung [Verkündigung ??] des Evangeliums an alle Völker ist; also ein Postulat der Eschatologie; darum steht hier auch das δεῖ des eschatologischen Determinismus".⁴² [Die verkondiging van die Evangelie aan alle volke is dus 'n postulaat van eskatologie; daarom staan die δεῖ van eskatologiese determinisme ook hier]

Hier is egter nog alleen sprake van *verkondiging aan* en word *nie* iets gesê van *bekering van* die volke en insluiting in die Godsvolk nie. Tog word die moontlikheid van die insluiting van alle volke in die Godsvolk voor oë gehou en die verkondiging hiervan aan alle volke as 'n noodsaaklikheid voor die eindgerig gestel.

Ten onregte sê A. Schlatter⁴³ dat die bedoeling hier net is dat deur die verkondiging die aanklag teen en die goddelike oordeel oor die volkere gegrond en versterk word. Die verkondiging van die evangelie beteken in die N.T. steeds die getuienis van God se genade en die moontlikheid van die ontvangs daarvan. Sonder regverdiging is ook die interpretasie van J. Jeremias⁴⁴ wat op grond van die passiewe κηρυχθῆναι die verkondiging sien as die eskatologiese wêreldroep van die engele by die voleinding. Hierteen getuig (i) die feit dat Jesus hier pertinent handel oor die tyd *voor* die voleinding en (ii) die feit dat ook in die sendingopdrag van Luk. 24:47 dieselfde passiewe werkwoord gebruik word.

[258]

Wanneer Jesus in *Matth. 24:29-31* spreek oor die oomblik van die verskyning van die Seun van die Mens by sy wederkoms, tree die volkere weer na vore.

In Matth. 24:30 se vrye toepassing van Sag. 12:10-12 is dit veral opmerklik dat die "stamme" (φυλαί) wat in Sagaria beperk was tot die stamme van Israel, nou heeltemal universeel word: "die stamme (= volke) van die aarde... uit die vier windstreke..." Wanneer die Seun van die Mens in heerlikheid verskyn, is daar geen beperking meer tot een volk (Israel) nie, maar omvat sy heerlikheid al die volke van die aarde.⁴⁵

Die "rou bedryf" (κοπονται) is gedeeltelik 'n smartkreet van 'n skuldbelaaide volkerewêreld, maar tog óók en in die lig van Sag. 12:10-12 waar die rouklag teken is van die berou van 'n

⁴⁰ Sien hf. IV, § 1, pp. 261 e.v. en hf. IV, § 2, pp. 267-268.

⁴¹ *Mattheus*, 362.

⁴² Liechtenhan: *Mission*, 32.

⁴³ *Evangelist Matthäus*, 702.

⁴⁴ *Verheissung*: 19-20, 59.

⁴⁵ Op dieselfde wyse gebruik Openb. 1:7 Sag. 12:10-12 in universele sin.

stam, wat dan genade ontvang,⁴⁶ selfs primêr⁴⁷ 'n klag van berou by die volke oor hulle sondeskuld, waaruit die genadewerking van die komende Regter spreek. Dat die klag van die volke albei hierdie elemente insluit, bevestig vs. 31, waaruit blyk dat die uitverkorenes uit die geledere van die volke versamel word.

Daarom spreek Matth. 24:30-31 ook uitdruklik van die skeiding wat die swaard van die Messias-Regter binne die volke, binne elke volk, teweegbring. Binne elke volk skei die eindgerig die uitverkorenes en die verworpenes.

Watter groep, die uitverkorenes of die verworpenes, egter ná die skeiding die voortsetting van die betrokke volk is, word hier *nie* gesê nie. Van belang is egter dat ook hier "al die stamme" sowel die heidennasies as die volk Israel insluit en hulle volkome op gelyke voet plaas. Wat dus vir Israel geld, moet ook vir die heidennasies geld.

Matth. 25:31-34 en 41 sluit hierby nou aan. Hier word die eindgerig self beskryf. Die feit dat Israel hier glad nie apart genoem word nie, en dat die εθνη hier ook gelowiges insluit, maak die betekenis "heidennasies" en "heidene" onmoontlik. Dit gaan om die volkere. Al die nasies sal voor die Seun van die Mens en sy regterstoel versamel word. Die volkere voor Gods troon! Die gerig is 'n volkere-gerig. Opvallend is die ooreenkoms met die O.T. — vgl. bv. Pss. 94:2; 96:3, 6, 10, 13; 91:6; 98:2, 9; 99:1, 2.

Tot by die laaste dag van die wêreldgeskiedenis, tot in die eindgerig, werk die Messias met volke en nie maar met 'n wêreldmassa of losse indiwidue nie. Die mense verskyn volk vir volk voor die troon van die verheerlikte Seun van die ^[259] Mens. Hier word nou van alle volke, Israel ingeslote, presies dieselfde gesê as wat Jesus in Matth. 19:28 van die volk Israel alleen gesê het: net soos by die eindgerig Israel as volksgeheel voor die regterstoel verskyn,⁴⁸ so ook alle volke. Wat van Israel geld, geld van alle volke. Tereg beklemtoon N.A. Dahl⁴⁹ en J. Jeremias⁵⁰ dit dat hier aan Israel alle bevoorregting ontsê word.

Maar ook dit blyk duidelik: Die skeiding van die skape en die bokke is nie 'n skeiding tussen volke nie, nie 'n saligspreking en opname in die Godsvolk van die een volk en 'n verwerping van die ander volk nie, maar dit is 'n skeiding *binne* elke volk, soos dit in sy empiriese voltalligheid voor die Regter staan. Die "hulle" wat van mekaar geskei word, is manlik, αἰτούς en nie onsydig soos εθνη nie. Dit wys dus waarskynlik nie terug op εθνη nie maar op die mense in die εθνη — vgl. Matth. 24:30-31. Watter deel as die eintlike volk gereken word, word nie gesê nie.

Die Profetiese Rede bied dus heelwat gegewens oor die verhouding van die volkere en die Godsvolk wanneer die Seun van die Mens in heerlikheid kom.

(iv) *Enkele "universalistiese" en "partikularistiese" uitsprake van Jesus in die lig van die voorafgaande*

Wanneer teen hierdie agtergrond van die aard van die universaliteit van die koninkryk sekere sg. partikularistiese en universalistiese uitsprake van Jesus besien word, blyk dit hoe hulle in volkome harmonie is met mekaar.

Reeds aan die begin van sy optrede, *Luk. 4:24-28*, kom Jesus met 'n beroep op die O.T. met

⁴⁶ Vgl. G. Stählin, κοπετος. TWNT III, 848.

⁴⁷ Teenoor Grosheide: *Mattheus*, 368 en Stählin: TWNT III, 849-850 wat alle klem laat val op die hopelose doodsmaart wat te laat is. Tog erken albei dat dit die klag van ware berou by die gelowiges insluit.

⁴⁸ sien vir behandeling van Matth. 19:28, hf. II, § 2, pp. 109-111.

⁴⁹ *Volk Gottes*, 150.

⁵⁰ *Verheissung*, 40-41.

so 'n radikale uitspraak oor die universaliteit van Gods genade dat sy mede-Galileërs hom wil doodmaak. Maar wat Jesus hier doen, is om uit die O.T. aan te toon dat die koninkryk prinsipiël besien universeel is. Openbaringshistories besien was die genade aan die weduwe van Sarfat en Naäman nog uitsonderings net soos die genesings van heidene deur Jesus — dit is nog nie die verwerkliking van die uitbreiding van die Godsvolk tot die heidennasies nie.

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, *Luk. 10:25-37*, kry teen dié agtergrond groot betekenis. Terwyl die Rabbyne van sy tyd die begrip naaste, *πλησιον*, beperk het tot volksgenote, tot mede-Israeliete,⁵¹ en die Samaritane, hoewel hulle besnedenes was, nie as mede-Israeliete nie (hoogstens as vol-proseliete) beskou het,⁵² verklaar Jesus die Samaritaan wat die ware liefde beoefen, as 'n *πλησιον*, 'n naaste. Hiermee ^[260] spreek Jesus die prinsipiële universaliteit van die Godsvolk uit en toon Hy dat die Samaritaan nie eers deur toetreding tot die Joodse volksgemeenskap 'n naaste, 'n broeder⁵³ word nie, maar dit as *Samaritaan* kan wees.

Die sg. partikularistiese uitsprake van *Matth. 10:5* en *Matth. 15:24 e.v.*, waar Jesus die sending van apostels tydens sy lewe beperk tot Israel en ook sy eie sending verklaar as beperk tot Israel, kom in die regte perspektief te staan wanneer dit besien word in die lig van Jesus se posisie tydens sy lewe as die lydende Knecht van die Here, wat eers deur sy soendood die universaliteit van sy heerskappy as verheerlikte Seun van die Mens kan verwerf.

3. Tydens Jesus se optrede na sy opstanding

Van kardinale belang vir die bepaling van die verhouding van die volkere tot die Godsvolk is die uitspraak van Jesus in *Matth. 28:18-20* met die parallelle tekste *Luk. 24:46-48* en *Mark. 16:15-16*⁵⁴ — die sg. Sendingbevel.

(i) Die wese van die sendingbevel

Van die grootste belang vir ons is die feit dat die sentrale gedagte van *Matth. 28:18-20* nie sending in die sin van die bekering van siele is nie, maar die sentrale gedagte is die proklamasie dat die profesie van *Dan. 7:14* oor die verskyning van die Seun van die Mens in heerlikheid as universele Koning nou deur die opstanding eskatologies vervul is.

O. Michel⁵⁵ het oortuigend aangetoon dat *Matth. 28:18-20* die aankondiging van die eskatologiese troonsbestyging van Jesus Christus as universele Koning is.

Van hierdie troonsbestyging vorm die sendingbevel dan 'n intrinsieke deel: "Das altorientalische Zeremoniell bei der Thronbesteigung eines Königs umfasst drei Vorgänge: Erhöhung, Präsentation (— Kundgebung der Erhöhung) und Inthronisation (— Übertragung der Herrschaft) ... Das Vollmachtswort weist auf die geschehene Erhöhung hin, der Aussendungsbevel ist nichts anderes als die Proklamation der geschehenen Erhöhung ..." ⁵⁶
[Die antieke oosterse seremonie tydens die toetreding van 'n koning tot die troon bestaan uit drie

⁵¹ Vgl. Strack-Billerbeck I, 353-354; H. Greeven, *πλησιον*, TWNT V, 314-316. Die Fariseërs het die grense self binne die volk Israel getrek, vgl. M. Kiddle: *The Admission of the Gentiles in St. Luke's Gospel and Acts*, JTS 36 (1935), 165.

⁵² Vgl. Strack-Billerbeck I, 538 e.v.

⁵³ H. Greeven: TWNT V, 316 toon die gelykheid van betekenis van *πλησιον* en *αδελφος* in die N.T.

⁵⁴ Hand. 1:8 word in hf. IV, § 2 behandel.

⁵⁵ *Menschensohn und Völkerwelt*, EMM 2(1941), 257-267 en *Der Abschluss des Matthäusevangeliums. Ein Beitrag zur Geschichte der Osterbotschaft*, ET 10 (1950/51), 16-26. Dit is feitlik 'n communis opinio vandag. Vgl. o.a. Jeremias: *Verheissung*, 32-33; K. Barth: *Auslegung von Matthäus 28, 16-20*, 1945, 11 e.v.; Cullmann: *Mission*, 98 e.v.; Hoekendijk: *Kerk en volk*, 224-227; Blauw: *Goden en mensen*, 114-117; Ridderbos: *Koninkrijk*, 392-393; Van der Walt: *Koninkryk*, 65. Vgl. veral die oorsig en waardering van die jongere eksegeese van *Matth. 28:16-20* deur S. Knak: *Neutestamentliche Missionstexte nach neuere Exegese*, MPT 44 (1955), 222-238.

⁵⁶ Michel: *Menschensohn*, 261.

prosesse: verhoging, aanbieding (- manifestasie van verhoging) en troonbestyging (- oordrag van heerskappy) ... Die magsaankondiging dui aan dat die verhoging plaasgevind het, die sendingsbevel is niks anders nie as die proklamasie van die verhoging wat plaasgevind het ...] Die sendingbevel word dan ook ten nouste deur die inleidende oov as volgende stap verbind aan die magsaankondiging van vs. 18.

Hierdie wese van die sendingsbevel bring twee baie belangrike aspekte van dié uitspraak aan die lig:

(a) Die sendingbevel word ten nouste verbind aan en word aangedui as die direkte resultaat van die opstanding van Jesus uit die dode. Die ingressiewe aoristus εδοθη (vs. 18) ^[261] sien onmiskenbaar op sy dood en opstanding, waardeur die Seun van die Mens die universele Koningskap verkry het en so in sy heerlikheid kom (= verskyn).⁵⁷

Jesus se roeping voor sy dood was beperk tot Israel (Matth. 15:24) en ook sy sendingbevel aan sy dissipels (Matth. 10:5), want Hy is gebore as Koning van die volk Israel (Matth. 2:2; Luk. 1:32-33, ens.) en Hy sterf ook as Koning van die volk Israel (Mark. 15:2 par.; Mark. 15:26, 32, par.).

Maar Hy staan op as universele Koning, die Koning van πάντα τα ἔθνη. En daarom is sy sendingbevel nou universeel: proklameer my Koningskap oor alle ἔθνη. "Mit Jesu Tod und Auferstehung, das ist also der Inhalt von Mth. 28, 18-20, ist die eschatologische Stunde angebrochen. Gott richtet jetzt sein Heilshandeln nicht mehr nur auf Israel, sondern wendet sich erbarmend der ganzen Heidenwelt zu. Fortan soll dass eschatologische Gottesvolk allen Völkern die Proklamation zurufen, dass auch sie zum Herrschaftsbereich des Menschensohnes gehören".⁵⁸ [Met Jesus se dood en opstanding, dit is die inhoud van Matth. 28:18-20, het die eskatologiese uur aangebreek. God rig sy reddingsdaad nie meer net op Israel nie, maar wend hom met genade na die hele heidense wêreld. Die eskatologiese Godsvolk behoort voortaan die verkondiging aan alle volke uit te roep dat hulle ook tot die domein van die Seun van die mens behoort.]

(b) Die bevel "maak dissipels van al die ἔθνη", vorm 'n integrale deel van die sentrale eskatologiese gebeurte. Hier het ons dus 'n absoluut sentrale punt in die Nieu-Testamentiese openbaring.

(ii) *Die voorwerpe na wie uitgesend word*

Maar wat beteken πάντα τα ἔθνη hier?

Is dit die heidene, die ongelowige, nie-Israelitiese mense of is dit die heidennasies, die nie-Israelitiese volke, of is dit die volke, alle volke insluitende Israel? Die groot meerderheid eksegete⁵⁹ gee die laasgenoemde verklaring. K. Barth⁶⁰ is een van die weiniges wat 'n ander noot laat hoor en 'n tipies dialektiese verklaring gee: "Es heisst einmal: *Menschen* aus allen Völker... Und 'alle Völker' heisst zum anderen: *Menschen aus die Heidenwelt*". [Dit beteken enersyds: mense uit alle volke ... en 'alle volke' beteken andersyds: mense uit die heidense

⁵⁷ Vgl. o.a. Ridderbos: *Koninkryk*, 393; Van der Walt: *Koninkryk*, 65; Jeremias: *Verheissung*, 32.

⁵⁸ Jeremias: *Verheissung*, 33.

⁵⁹ So o.a. Schmidt: εθνος, TWNT II, 367; G. Stählin: *Die Endschau Jesu und die Heidenmission.*, EMZ 7 (1950), 97-105, 134-147; E. Lohmeyer: "Mir ist gegeben alle Gewalt!" *Eine Exegese von Mt. 28, 16-20*, in: *In memoriam Ernst Lohmeyer* (ed. W. Schmauch), 1951, 22-49; Behm: *Volk und Gottesvolk*, 59; F.F. Bruce: *The End of the First Gospel*, EQ 12 (1940), 209; Jeremias: *Verheissung*, 33; Grosheide: *Mattheus*, 454; H. Ridderbos: *De Genademiddelen*, artikel in: *Het Dogma der Kerk*, 1949, 540; G. Bertram: *Volkstum und Menschheit im Lichte der Heiligen Schrift*, APC 34 (1937), 44.

⁶⁰ *Matthäus 28, 16-20*, 14-15.

wêreld]

Maar selfs by die algemene aanvaarding dat dit "alle volke" en nie "alle heidene" of "alle heidennasies" beteken nie, kan dit nog op tweërlei manier verstaan word: of as werklik "alle volke" of as 'n blote omskrywing vir "die ganse mensheid". Dat $\pi\alpha\nu\tau\alpha \tau\alpha \epsilon\theta\nu\eta$ hier bedoel is as "alle volke", insluitende die volk Israel en elke ander volk, en dan werklik as *volke* en nie net as omskrywing vir die hele mensheid nie, blyk uit die volgende oorwegings:

(i) So 'n beheersende rol beklee die profesie van Dan. 7 in hierdie uitspraak van Jesus dat ook die woord $\epsilon\theta\nu\eta$ vanuit ^[262] Dan. 7:14 verstaan behoort te word. In Dan. 7:14 word die nadruk gelê op die absoluut universele, *alle* volke insluitende aard van die Koningskap. Daar is geen gedagte dat net die heidennasies daarby betrokke is nie: dit omvat alle volke, nasies en tale — die woord *gojim* kom glad nie voor nie. Die drieledige aanduiding "volke, nasies en tale" toon terselfdertyd dat dit hier werklik om *volke* gaan; dat die mensheid gesien word as bestaande uit onderskeie volke.

(ii) Die uitdruklike algemene wyse waarop Matth. 28:18-19 spreek van alle nasies, toon dat Israel ingesluit is. Ook daarom kan $\epsilon\theta\nu\eta$ hier nie "heidene" of "heidennasies" wees nie, maar moet dit "volke" beteken. Dit word veral bevestig deur die parallelle tekste by Markus en Lukas. Markus bevestig die alomvattendheid en Lukas die ingeslotenheid van Israel en die differensiering van volke (alle nasies ... beginnende vanaf Jerusalem — Israel).

(iii) Uit die wese van die sendingbevel van Matth. 28:19, nl. dat dit die proklamasie is van Christus se universele koningskap, blyk dat dit hier gaan, nie maar om, die bekering van losse enkelinge of net 'n deel van die mensheid (t.w. die heidene nie), maar dat dit gaan, om die proklamasie van die Koningskap van Christus oor alle aardse magte, besonderlik oor alle nasies en daarmee saam om die eis dat al die aardse magte en besonderlik alle nasies hulle sal onderwerp aan die Koning van die nasies. Hieronder val dan vanselfsprekend ook die volk Israel. Allermens kon die kruisiging van Jesus tog die volk Israel onttrek het uit Jesus Christus se magsgebied.

(iv) Die duidelike differensiering binne die geledere van die "alle nasies" wat in die weergawe van Luk. 24:47 voorkom — vgl. ook Hand. 1:8 — toon finaal dat die $\pi\alpha\nu\tau\alpha \tau\alpha \epsilon\theta\nu\eta$ nie bedoel is net as uitdrukking van die alomvattendheid, d.i. as aanduiding van die geheel van die mensdom nie, maar dat in die wêreldomvattendheid (Mark. 16:15) ook die verskeidenheid van die volke gesien word (Matth. 28:19 en Luk. 24:47).

Ons moet dus konkludeer: $\epsilon\theta\nu\eta$ beteken hier nasies (insluitende Israel en elke ander volk) en bedoel ook werklik nasies in histories-etniese sin.

Die voorwerpe van die sending volgens Matth. 28:19 par. is dus die *volke*.

[263]

(iii) *Die doel van die uitsending*

Die sendingbevel van die opgestane Christus is blykens die voorafgaande 'n opdrag tot "die Proklamation der Christus-herrschaft unter die Völkern".⁶¹ [die verkondiging van die heerskappy van Christus onder die volke]

Maar al drie die parallelle van die bevel toon tog dat die sendingbevel meer is as net objektiewe aankondiging van die heerskappy van Christus oor die nasies. Die opdrag is ook werklik: $\mu\alpha\theta\eta\tau\epsilon\upsilon\sigma\alpha\tau\epsilon$ die nasies; maak die nasies tot dissipels; maak die nasies gehoorsame volgelingen of onderdane. Dit wil sê: lei die nasies die messiaanse Godsvolk binne. In die

⁶¹ Michel: *Menschensohn*, 262.

woorde van Luk. 24:47 lui dit: verkondig bekering en vergewing van sondes in die Naam van Christus aan al die nasies. Dit moet wees evangelieverkondiging aan die nasies (Mark. 16:15).

Die doel van die sending volgens Matth. 28:19 par. is dus: om die volke (nasies) die ope deure van die messiaanse Godsvolk binne te lei.

(iv) *Die wyse waarop die sendingbevel uitgevoer moet word*

Aangesien die *volke* die Godsvolk binnegelei moet word, kom die belangrike vraag na vore: hoe geskied dit?

Beteken dit dat elke volk as korporatiewe eenheid, as 'n liggaam, as 'n enkele wese, bekeer moet word, gedoop moet word en die volk so as geheel ingelyf sal word in die Godsvolk? Word die volk self tot dissipel gemaak? Of word die volk in sy bekeerde lede, in sy gedoopte gelowiges, ingelyf in die Godsvolk?

Matth. 28:19 gee self 'n aanduiding: die εθνη (onsydig) word tot dissipels gemaak deurdat "hulle", αὐτοὺς; (manlik), dus: die mense, gedoop word en geleer word om die bevel van Jesus te onderhou. Duidelik spreek die Markus-parallel: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie..." (Mark. 16:16). Dit kom dus by die inlywing van die volkere aan op die bekering en geloof, sondevergifnis en doop van die individuele lede van die volk en nie van die volk self asof dit 'n selfstandige wese is nie. Die eis kom tot die individu om te glo en hom te bekeer, maar daarmee word die volk nie losgelaat nie. *Deur die bekering, doop en verlossing van die individuele lede van die volk, word die volk ingelyf in die Godsvolk.*

Daarom is dit volkome reg wanneer gesê word dat Matth. 28:19 nie bedoel dat die nasie as sodanig, die nasie as 'n eenheid, bekeer raak nie.⁶² Die individuele lid word hiervolgens ^[264] nie meganies verlos via die verlossing van die volk nie, maar daar is 'n *organiese band* van die individuele lede wat bekeer raak en verlos word, tot hulle volk, sodat die volk gered word in sy gelowige lede.⁶³

Hierdie uiters belangrike beeld van die verhouding van die volkere en die Godsvolk, wat verkry is uit die interne gegewens van die sendingbevel, sal ook getoets moet word aan die verdere openbaring ten tyde van die vestiging van die kerk as die uitvoering van dié opdrag.

Besluit

1. *Die konkrete verhouding ten tye van Jesus se optrede*

- (a) Die heidennasies staan buite die Godsvolk.
- (b) Volgens die wese van Jesus se Messiaskap kan daar eers na en deur die soendood van die Messias sprake wees van 'n toetrede van die heidennasies tot die Godsvolk.

2. *Die verhouding in die tyd na die dood en opstanding volgens profetiese uitsprake*

- (a) Die uitbreiding van die Godsvolk ook tot die heidennasies word as wesentlike aspek van die betekenis van Jesus se soendood en sy opstanding geteken vanaf die begin van sy optrede.
- (b) Daar is enkele vae aanduidinge dat die heidennasies wel as volke, en nie bloot as individue nie, opgeneem sal word in die Godsvolk.
- (c) Daar is duidelik geen sprake dat die mense uit die heidennasies alleen as individue via inlywing in die volk Israel toegang tot die Godsvolk sal verkry nie.

⁶² Soos sterk beklemtoon word o.a. deur Barth: *Matthäus 28, 16-20*, 15; F.F. Bruce: *End of First Gospel*, 209, teen die volkskerk-beskouinge.

⁶³ In dieselfde rigting wys Ridderbos; *Genademiddelen, Dogma der Kerk*, 540, en *Koninkrijk*, 325-326.

- (d) Van die grootste belang is dat Israel en die heidennasies volgens die profesieë op volkome gelyke voet geplaas sal word. Wat van Israel ten opsigte van sy verhouding tot die Godsvolk sal geld, sal dus ook moet geld van die heidennasies.
3. *Die verhouding by die eindgerig volgens die Profetiese Rede*
- (a) Kenmerkend is die prominente rol wat die volkere tot en met die eindgerig beklee. Christus werk ook dan met volke en nie maar met 'n mensheid of losse individue nie.
- (b) Daar word nie gesê of die volkere as afsonderlike volke opgeneem sal word in die ewige Godsvolk nie. [265]
- (c) Uitdruklik word die moontlikheid afgewys dat 'n volk as korporatiewe eenheid, as 'n eenheidswese, salig gespreek sal word. Daar kom skeiding van uitverkorenes en verworpenes binne elke volk.
- (d) Dit word nie gesê of een van dié geskeie groepe die voortsetting van die volk sal wees terwyl die ander groep losgeruk sal word van die volk nie.
- (e) Dit is egter belangrik dat die heidennasies en Israel nie langer apart genoem word nie. Israel is volkome op gelyke voet een van die volke.
4. *Die verhouding volgens die direkte sendingbevel van Christus na sy opstanding*
- (a) Die volke in histories-etniese sin is die voorwerpe tot wie die apostels gestuur word.
- (b) Die doel van die opdrag is die inbrenging van die volke self onder die heerskappy van Christus en daarmee in die messiaanse Godsvolk.
- (c) Dit geskied egter nie deur die bekering, doop en verlossing van die volk as eenheidswese nie maar wel van die individuele lede van die volk.
- (d) Daar is 'n organiese verband van die gelowige lede van die volk tot hulle volk, sodat die volk in sy gelowige lede opgeneem word in die Godsvolk.
- (e) Israel en die ander volke word ook hier op volkome gelyke voet geplaas.
- [266]

§ 2. By die vestiging van die kerk — Handeling

1. Die messiaanse profesie oor die vestiging van die kerk 267. 2. Die openbaring by die aanvangsmoment van die vestiging van die kerk — Pinkster 268. 3. Die aanvanklike afwesigheid van 'n realisering van die universaliteit van die evangelie 270. 4. Die openbaring by die vestiging van die kerk onder die heiden-nasies 272. (i) Aan Petrus en daarmee aan die Jerusalemse gemeente 272. (ii) Aan Paulus, die apostel vir die heidennasies 275. 5. Die beslissing by die apostelkonvent 277. Besluit 278.

1. *Die messiaanse profesie oor die vestiging van die kerk*

Die begin van Handeling sluit nou aan by die uitsendingsopdrag aan die einde van die Evangelies, wanneer Jesus net voor sy hemelvaart in antwoord op die partikularisties-getinte vraag van die apostels (Hand. 1:6) in *Hand. 1:8* met die duidelike universele uitspraak kom: "... en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde". Hier word die imperatief van Matth. 28:19 in die indikatief (toekomstige tyd) gestel net soos in Luk. 24:47. Dieselfde differensiering as in Luk. 24:47 kom voor, hoewel dit nou meer plekaanduidend van aard is. Die lokale differensiering weerspieël egter duidelik 'n differensiering van volke: Israel, die Samaritaanse volk, die heidennasies.

Hierdie uitspraak is van besondere belang wanneer die verhouding van die volkere en die Godsvolk by die vestiging van die kerk ondersoek word. Hiermee word naamlik 'n *program* vir die vestiging van die kerk gegee: eers by die volk Israel, dan by die volk van die Samaritane wat die naaste aan Israel staan, dan by die ander volke, sal die kerk gevestig word. Die gang van Handeling stem hiermee ooreen: die getuigenis van Christus begin onder die Joodse volk in Jerusalem (hff. 2-7), gaan verder na Judea en na Samaria (hff. 8-11) en gaan dan eindelik uit tot die eindes van die aarde (hff. 13 e.v.). Dat Hand. 1:8 hierdie fundamentele plek inneem in Handeling getuig H. Ridderbos,⁶⁴ ook met verwysing na ander outoriteite: "It has been observed by many scholars that in Acts 1:8 Luke gives a sort of programme of what he is going to describe in the rest of the book".

[267]

Hand. 1:8 is dus inhoudsopgawe van die boek en tegelyk program vir die vestiging van die kerk. Duidelik druk hierdie fundamentele teks vir die boek Handeling en vir die vestiging van die kerk die universele aard van die messiaanse koninkryk uit en terselfdertyd gee dit 'n aanduiding dat hierdie universaliteit in besondere mate beteken 'n evangelisering aan onderskeie volke in bepaalde openbaringshistoriese volgorde. Dit is 'n duidelike uitspraak dat Israel geen eksklusiewe posisie het in die koninkryk nie, maar dat mense van alle volke gelykelyk daarin betrek sal word en tog gee dit ook 'n aanduiding dat daar gedifferensieer word tussen die volke, sodat elkeen op sy tyd die evangelie sal ontvang.

2. Die openbaring by die aanvangsmoment van die vestiging van die kerk — Pinkster

Die apostels kon egter eers tot die daadwerklike vestiging van die kerk oorgaan nadat die Heilige Gees oor hulle sou gekom het (Hand. 1:8; vgl. Luk. 24:49). Wanneer dit plaasvind op Pinkster in Jerusalem, breek dus die grondleggende oomblik aan in die vestiging van die kerk. Hier vind, soos dit in *Hand. 2:1-13* beskryf word, die eerste prediking ter vestiging van die kerk plaas en dit by wyse van 'n Goddelike wonder. Indien hier dus enige lig val op die verhouding van die volkere en die Godsvolk, het dit fundamentele betekenis.

Dit is inderdaad opvallend watter prominente plek die volke en die onderskeiding van die volke in hierdie gebeure beklee: in vs. 5 word van "elke nasie" gespreek, in vs. 6 van die "eie taal" van elke aanwesige; so ook vss. 8 en 11; en in vss. 9-11 word die onderskeie volke by name genoem.

Die kenmerk van die aanvangsmoment van die vestiging van die kerk deur die uitstorting van die Heilige Gees is die nadruk op die *universaliteit* van hierdie eerste prediking van die apostels. En die opvallende van hierdie eerste werklike universele prediking is dat die volke en die *onderskeiding van die volke*, ook by die prediking, so prominent, selfs absoluut prominent, is. Dit het reeds vroeër⁶⁵ geblyk dat die woorde "uit elke nasie..." nie maar net wil sê "uit die hele mensheid" nie, maar dat werklik bedoel word verskillende histories-etniese volke.

Van die mense te Jerusalem uit hierdie verskillende volke word gesê dat die wonder by die geleentheid vir hulle veral geleë was in die feit dat hulle die evangelie hoor, "elkeen in ^[268] ons eie taal waarin ons gebore is" (vs. 8, vgl. ook vss. 6 en 11). Hier word tot elke man uit elke volk gespreek in die taal van sy volk. Die Parther hoor die evangelie as Parther, die Elamiet as Elamiet.

Dié kenmerk van die openbaring van die uitstorting van die Heilige Gees en die prominentste effek van die ontvangs van die Heilige Gees is dat die apostels aan elke

⁶⁴ *Speeches*, 5-6.

⁶⁵ Sien hf. I, § 3, onder εθνος, p. 50.

afsonderlike volk die evangelie in sy eie taal verkondig.

Hier by die aanvangsmoment van die vestiging van die kerk word die evangelie as wonder Gods verkondig, nie maar aan kosmopolitiese individue nie dog aan mense as lede van bepaalde volke.

Die opmerklike hiervan is dat dié mense juis almal "Jode", Ιουδαῖοι, was (Hand. 2:5). Hulle het deur die aanneming van die Joodse godsdiens hulle laat inlyf in die Joodse godsdienstig-sedelike volksverband, in die eenheid van die Joodse wetsgemeenskap. Hulle het almal saam 'n eenheid gevorm binne die grense van die Joodse wetsvolk. Hier was dus sprake van godsdienstige eenheid — maar 'n eenheid waartoe die bekeerlinge uit die heidennasies alleen kon kom deur uittrede uit en verwerping van die eie volk en intrede in en aanvaarding van die Joodse volk van die wet.

Maar nieteenstaande hierdie selfaanvaarde kosmopolitiese eenheid as Jode sien die openbaring van God hierdie mense op hierdie kardinale moment as lede van hulle oorspronklike eie volke. God se openbaring gee erkenning aan die lidmaatskap van die werklike volk. Ook al het hulle hulself, tot Jode laat maak, die openbaring van God kom tot hulle as lede van hulle betrokke volke. Wat hier gebeur, is dus werklik presies die teenoorgestelde van wat B. Kruger⁶⁶ daarvan sê: "Die Scheidemauer der Sprache, womit Gott die sündige Menschheit beim Turmbau zu Babel gestraft hatte, wird abgebrochen. Sie hörten auf, ihre Identität zu wahren und zu verteidigen... Wenn man das eine tiefere Einheit mitten in aller Verschiedenheit nennen will, dann nicht in dem Sinne, dass Einheit und Verschiedenheit unbeweglich und gleich wichtig einander gegenüberstehen, sondern in dem Sinne, dass die neue Einheit die bestehende Verschiedenheit in sich aufhebt". [Die skeidsmuur van taal waarmee God die sondige mensdom gestraf het toe hy die toring van Babel gebou het, word afgebreek. Hulle het opgehou om hul identiteit te handhaaf en te verdedig ... As mens dit 'n dieper eenheid te midde van alle diversiteit wil noem, dan nie in die sin dat eenheid en diversiteit onbeweeglik en ewe belangrik is nie, maar in die sin dat die nuwe eenheid die bestaande diversiteit vernietig] Die taalverskille word nie opgehef nie, maar juis erken. Die verhouding van Godsvolk en die volkere is hier nie eenheid te midde van verskeidenheid nie, maar 'n verskeidenheid *binne in* die eenheid. Die eenheid is die allesbepalende en omvattende, [269] maar die verskeidenheid word nie opgehef nie, dog juis gehandhaaf.

Die Heilige Gees, die Bewerker van die eenheid van die gelowiges, wie se teenwoordigheid deurgaans in die N.T. as die hoofgrond vir die eenheid van die kerk as die Godsvolk aangedui word, onderskei die aanhoorders van die eerste prediking in hulle afsonderlike volke.

Die ware eenheid in die Heilige Gees kom in hierdie eerste openbaring van die teenwoordigheid van die Gees juis uit in die gemeenskaplike ontvangs van dieselfde evangelie in die eie taal as lede van afsonderlike volke.

3. Die aanvanklike afwesigheid van 'n realisering van die universaliteit van die evangelie

Teen die agtergrond van die uitdruklike universele uitsprake en gebeure rakende die taak van die apostels in Matth. 28:19 par., Hand. 1:8 en Hand. 2:1-13 is dit besonder opvallend dat die eerste helfte van Handeling (hff. 2:14-9:43) 'n algehele afwesigheid van 'n realisering van die universele evangelieprediking vertoon: die apostels bly konsekwent in Jerusalem en beperk hul prediking tot Israel. Wanneer die dissipels eindelik deur vervolging uit Jerusalem verdryf word, volhard die apostels in Jerusalem (Hand. 8:1), terwyl die ander dissipels (en later ook van die apostels) hulle beperk tot Judea en Samaria. Ook die evangelieverkondiging in Samaria is nog geen deurbraak van die heidensending nie, aangesien die Samaritane as besnedenes en

⁶⁶ Krüger: *Volk Gottes*, 12.

mense wat die wet besit het, nie op gelyke voet met die εθνη geplaas is nie.⁶⁷ Opmerklik is dan ook die noue verbinding van Samaria en Judea, Hand. 8:1 en veral in Hand. 1:8, waar Samaria nie onder een voorsetsel saam met "die uiterste van die aarde" genoem word nie maar saam met Judea.

Hierdie feit van die beperking tot Israel het in die wetenskaplike ondersoek van die geskiedenis van die vroegste kerk gelei tot vele teorieë wat wissel van die nietigverklaring van Matth. 28:19 par, Hand. 1:8 en 2:1-13⁶⁸ tot die oortuiging dat die apostels direk ongehoorsaam was aan die bevel van Christus.⁶⁹ In aansluiting by hierdie oordele is 'n menigte fyn genuanseerde teorieë ontwikkel oor die teëstellende groepe in die vroegste kerk, wat almal ten slotte neerkom op die teëstelling van partikularisme en universalisme.⁷⁰

Op grond van die getuienis van Handeling *soos dit daar staan*, kan daar egter nie sprake wees van 'n prinsipiële ^[270] partikularisme by die apostels (in concreto: Petrus) nie. Reeds in sy eerste toespraak na die Pinksterwonder gee Petrus in sy prediking tot die *Israëliete* uiting aan die prinsipiële universaliteit van die evangelie — *Hand. 2:21 en 2:39*. Van nog groter belang is die universele uitspraak van Petrus in *Hand. 3:25, 26*. In hierdie verse word twee sake deur Petrus aangeroe:

(i) Die prinsipiële universaliteit van die heil word kragtig uitgedruk deur te wys op die woorde van God in sy verbondsluiting met Abraham, 'n Wesentlike deel van die verbond met die één volk Israel is dat die heil sal uitbrei tot alle volke — en dan werklik tot alle *volke*: nie alleen haal Petrus aan uit Gen. 22:18, 12:3 en 18:18 waar ontseeglik werklike volke bedoel is nie, maar hy gebruik ook die woord *πατρία*, wat 'n oorheersende etniese konnotasie het.⁷¹ Reeds hier dui Petrus nie alleen die prinsipiële universaliteit aan nie maar ook die *aard* van die universaliteit: dit is 'n heil wat kom tot die *volke*.

(ii) Nieteenstaande die erkende universaliteit word die prediking in die hede beperk tot Israel: "Julle is die kinders van die verbond" (vs. 25), "vir julle eerste het God nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom gestuur..." (vs. 26). Die teenwoordige beperking is dus nie partikularisme nie maar 'n *tydelike* beperking tot Israel, voordat die volkere ingestort word — 'n tydelike beperking op grond van God se wil en volgens sy verbond. Hiermee gryp Petrus baie duidelik terug op Jesus se woorde van Luk. 24:47: "beginne vanaf Jerusalem", en Hand 1:8: "in Jerusalem (eerste genoem.) en..."

Die aanvanklike afwesigheid van 'n realisering van die universaliteit van die evangelie is dus 'n doelbewuste, voorlopige beperking tot Israel wat in volle ooreenstemming is met Jesus se opdrag aan sy apostels. Daarom is ook R. Liechtenhan⁷² se verklaring van die beperking nie te aanvaar nie wanneer hy sê: "So konnte man es so ansehen und darstellen, dass der Auftrag des Auferstandenen schon die Verkündigung an alle Völker in sich geschlossen habe; nur die konkrete Sendung hatten die Apostel noch nicht empfangen". [‘n Mens kon dit dus op so ‘n manier beskou en aanbied dat die opdrag van die Opgestane reeds die verkondiging aan alle nasies ingesluit het; slegs die spesifieke sending is nog nie deur die apostels ontvang nie] Die konkrete opdrag *is* gegee, die prinsipiële universaliteit *is* daar reeds, alleen het die deur die

⁶⁷ Vgl. Strack-Billerbeck I, 538, 539 e.v.; Liechtenhan: *Mission*, 52.

⁶⁸ O.a. Mundle: *Kirchenbewusstsein*, 25; K. Holl: *Der Kirchenbegriff des Paulus in seinem Verhältnis zu dem der Urgemeinde, Gesammelte Aufsätze zur Kirchengeschichte II*, 1928, 44 e.v.; t.o.v. veral Hand. 2:1-13: Dahl: *Gottesvolk*: 175; E. Peterson: *Die Kirche*, 1929, 8 e.v.

⁶⁹ O.a. J. Leipoldt: *Jesu Verhältnis zu Griechen und Juden*, 1941, 183-184.

⁷⁰ Vgl. vir 'n kort opsomming hiervan, Dahl: *Gottesvolk*, 175.

⁷¹ Sien hf. I, § 3, onder *πατρία*, pp. 62-63.

⁷² *Mission*, 50.

konkrete opdrag bepaalde tyd vir die konkretisering van die universele evangelieverkondiging nog nie aangebreek nie.

[271]

'n Besonder opvallende feit, waaraan nie genoeg erkenning gegee word nie, is dat ook Paulus hom blykens *Hand. 9:22 en 29* in sy aanvanklike prediking te Damaskus en in Jerusalem uitsluitlik beperk tot prediking aan die Jode en dat hy eers na die bevel van die Heilige Gees in *Hand. 13* ook tot die $\epsilon\theta\nu\eta$ die evangelie bring.

4. Die openbaring by die vestiging van die kerk onder die heidennasies

(i) Aan Petrus en daarmee aan die Jerusalemse gemeente

Hierdie openbaring, *Hand. 10-11*, stel die prediking aan die heidennasies in werking.

Sodra die tyd ryp is vir die uitbreiding van die evangelie buite die grense van Israel, kondig God self die begin van die universele evangelieverkondiging aan: *Hand. 10:3* e.v. (aan Cornelius) en *10:10* e.v., veral *10:13* en *20* (aan Petrus).

Hier by die aanvang van die evangelieverkondiging aan die $\epsilon\theta\nu\eta$ kry ons openbaring oor die aard van die universaliteit, wat van fundamentele belang is vir die ondersoek na die verhouding van die volkere en die Godsvolk.

Die eerste kenmerk van hierdie aanbreking van die evangelieverkondiging aan die $\epsilon\theta\nu\eta$ is dat God Petrus daartoe moet *dwing*. God moet hom op dwingende wyse laat verstaan dat dit sy wil is dat Petrus na Cornelius c.s. moet gaan en die evangelie aan hulle bring.

Hierdie ongeneentheid van Petrus is besonder opvallend teen die agtergrond nie alleen van die uitsendingsopdrag van Jesus in *Matth. 28:19* par en *Hand. 1:8* nie maar ook en veral van sy *eie* uitsprake in *Hand. 2:39* en *3:25-26*. Petrus het geweet dat die tyd vir die evangelieverkondiging aan nie-Israeliete moet aanbreek en dat dit sy en die ander apostels se opgelegde taak is. En tog is dit nou hier vir hom 'n ondenkbare saak. Wat hierdie houding van Petrus nog meer opvallend maak, is dat dieselfde houding ook by die ander Jode van die Jerusalemse gemeente voorkom, wanneer hulle hoor dat Petrus die evangelie aan Cornelius c.s. gaan verkondig het (*Hand. 11:1-3*).

Hierin moet iets besonders geleë wees. Terwyl Petrus reeds vroeër self die komende universaliteit duidelik verkondig het, moet hierdie besliste ongeneentheid toegeskryf word óf daaraan dat hier 'n besondere kenmerk van die evangeliese universaliteit aan die lig tree wat Petrus nog nie vroeër besef ^[272] het nie, óf daaraan dat hy hier in 'n oomblik van swakheid in die geloof of verknogtheid aan die wet weer optree volgens die Joodse wet, soos hy ook doen tydens die gebeure wat Paulus in *Gal. 2* verhaal. Petrus erken in ieder geval self uitdruklik teenoor Cornelius dat hy hom aanvanklik laat beheers het deur sy tradisionele Joodse beskouinge (*Hand. 10:28*).

Maar ook as Jood van sy tyd kan Petrus beswaarlik met soveel vuur hom uitspreek teen heidensending as sodanig, soos wat hy dit in *Hand. 10:13* doen. Die Judaïsme van die Nieu-Testamentiese tyd het immers 'n geweldige sendingywer geken.⁷³ Dat dit volgens die N.T. self ook die Palestynse Jode geld, blyk duidelik uit *Matth. 23:15* en *Joh. 7:35*.

In prediking aan heidene as sodanig kon daar vir Petrus as Christen en as Jood dus niks vreemds gelê het nie. Die vreemde en die onaanneemlike vir Petrus kon dus nie in die

⁷³ Vgl. A. Bertholet; *Die Stellung der Israeliten und der Juden zu den Fremden*, 1896, veral 257-302; G. Bertram: *Das antike Judentum als Missionsreligion*, in: G. Rosen: *Juden und Phönizier*, 1929, veral 62-68; Oepke: *Internationalismus*, 291; Dahl: *Volk Gottes*, 73; Jeremias: *Verheissung*, 9-15.

heidensending as sodanig lê nie, maar moet in die besondere aard van die universele prediking soos God dit hier beveel, gelê het.⁷⁴ Die wese van die Joodse sending het daarin gelê dat nie-Israeliete die heil deelagtig kon word alleen as hulle toetree tot die Jodedom, alleen as hulle deur aanvaarding van wet en besnydenis Jode word. Die "universalisme" van die Judaïsme was dus niks meer nie as 'n "propagandisties eksklusivisme"⁷⁵: die heil is oop vir alle mense as hulle Jode word en dus ingelyf word in die Joodse volk. "Der Übertritt zur jüdischen Religion bedeutete der Übertritt zum Judentum, die naturalisierung, das heisst: die jüdische Mission war zugleich völkische Propaganda".⁷⁶ [Die bekering tot die Joodse godsdiens het die bekering tot Judaïsme beteken, die naturalisasie, dit wil sê: die Joodse missie was terselfdertyd nasionale propaganda] Die universalisme van die Judaïsme het dus beteken: die heil is eintlik net vir die Joodse volk en verder vir alle individue uit die heidennasies wat hulle laat opneem het in die Joodse volk. Nie die εθνη word gered nie, maar alleen diegene uit die εθνη wat Ιουδαιοι word. Nie die heidennasies word gered nie, maar alleen diegene wat uit die heidennasies uitgetree het en deur besnydenis ingelyf is in die Joodse volk. Dit het beteken 'n eis tot loslating van die eie volk⁷⁷ om ingelyf te kan word in die Godsvolk.

Nou is dit juis die punt waar die universele evangelieverkondiging volgens Gods opdrag aan Petrus verskil van die tradisionele Joodse beskouing. Petrus moet die *onrein* diere eet; hy moet aan die *onbesnede* εθνη, aan mense wat nie ingelyf is in die Joodse volk nie, aan mense wat nog εθνη is, die evangelie verkondig, en wel sonder die doel om hulle eers rein te maak, eers te besny, eers Jode te maak.

[273]

Dit was vir Petrus die ondenkbare. Dit was ook die ongehoorde vir die Joods-Christene ("die wat uit die besnydenis was") dat Petrus kon omgaan met "onbesnede manne", met mense wat buite die Joodse volk bly staan het en daarom onrein was. Petrus en die ander Joods-Christene het hier dus nog net soos die Judaïsme vasgehou aan die idee dat die εθνη, die onbesnedenes, d.i. diegene wat nie tot die Joodse volk behoort of toetree het nie, onrein is en nie gered kan word solank hulle εθνη bly nie.

Wat vir Petrus en later ook vir die ander Joods-Christene onaanvaarbaar gelyk het, was dat die opdrag tot die universele prediking hier blyk te beteken die reinverklaring van die onbesnedenes, die nietigverklaring van die eis dat die εθνη hulle eers moes laat besny en dus eers ingelyf moes word in die Joodse volk, voordat hulle salig kan word. Petrus het hom aanvanklik verset teen die openbaring dat die heil nie meer beperk was tot die grense van die Joodse volk nie, maar dat lede van die heidennasies salig kan word, ook terwyl hulle nog lede van hulle nasie bly; dat ook die ander *nasies* nou betrek word in die saligheid.

Maar God het deur spesiale openbaring hom oortuig — *Hand. 10:28*: God het onweerspreklik aan hom getoon dat "iemand van 'n ander volk" 'n αλλοφυλος, nie onrein geag mag word as hy gelowig is nie. "Iemand van 'n ander volk" hoef nie eers rein gemaak, d.i. ingelyf te word by die Joodse volk, voordat sy geloof hom die verlossing deelagtig kan maak nie, maar hy kan as lid van 'n ander volk deur sy geloof alleen gered word. Ook die grond hiervoor het God hom getoon — *Hand. 10:35*; nou eers, sê Petrus, is hy tot die besef gebring⁷⁸ wat dit beteken

⁷⁴ Vgl. Oepke: *Gottesvolk*, 187; Munck: *Heilsgeschichte*, 225.

⁷⁵ Uitdrukking van Blauw: *Goden en mensen*, 103.

⁷⁶ Jeremias: *Verheissung*, 15. Vgl. ook Schürer: *Geschichte*, III³, 125; Oepke: *Internationalismus*, 293; Bertram: *Volkstum und Menschheit*, 14-15.

⁷⁷ Vgl. die uitspraak van Tacitus: *Hist. V*, 5 wie se hoofbeswaar teen die Joodse proseliete is dat hulle niks gouer leer nie as "contemnere deos, exure patriam, parentes liberos fratres vilia habere".

⁷⁸ Vir die inleidende woorde επ' αληθειας καταλαμβανομαι sien hf. II, § 3, pp. 132-133.

dat God geen aannemer van die persoon is nie, omdat hy geleer het dat "*in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is*". Dit is nou aan hom duidelik gemaak dat God aan elke nasie gelyke waardigheid en gelyke voorregte gee. Nie net in Israel nie maar in elke nasie — daarop val die klem — het God sy uit verkorenes. Daarom hoef gelowiges uit die heidennasies nie eers deur besnydenis in Israel ingelyf te word nie, maar kan hulle terwyl hulle lede van hul betrokke nasies bly, God welgevallig wees. Cornelius word nou vir Petrus nie meer 'n blote individu nie maar lid van 'n volk, wat net soos Israel opgeneem word in die Godsvolk.

Dit is dan die besondere aard van die Nieu-Testamentiese universaliteit van die Godsvolk in teëstelling tot die Judaïstiese universalisme: by lg. bestaan die Godsvolk uit Israel plus ^[274] die individue uit die heidennasies wat ingelyf is in Israel; by e.g., so openbaar God, is die Godsvolk die gelowiges in die volk Israel plus die gelowiges in elke ander volk.

Wanneer dié waarheid na hierdie herhaalde openbaring tot Petrus werklik deurgedring het, word dit 'n refrein in sy prediking: "hierdie mense (d.i. die εθνη, die gelowiges in die heidennasies) wat *net soos ons* (d.i. die gelowiges in Israel) die Heilige Gees ontvang het — Hand. 10:47; "as God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het *soos aan ons* — Hand. 11:17; "deur aan hulle die Heilige Gees te skenk *net soos aan ons*" — Hand. 15:8. Dié waarheid is vir Petrus so sterk dat die orde selfs omgedraai kan word; "ons glo dat ons... gered word *op dieselfde manier as hulle ook*" — Hand. 15:11. Ten sterkste word dus nou deur Petrus die volkome gelykstelling van die εθνη en Israel ten opsigte van die genade en dus ten opsigte van die Godsvolk verkondig. En dit is opmerklik dat die ware gelykstelling van die gelowiges juis kom deur die erkenning dat die gelowiges as lede van hulle afsonderlike volke gered word.

Hier by die aanvang van die realisering van die universaliteit van die evangelieverkondiging kry ons dus gegewens oor die verhouding van die volkere en die Godsvolk, wat van deurslaggewende belang is:

(i) Die aard van die universaliteit van die Godsvolk is dat dit alle *volke* insluit.

(ii) Die messiaanse Godsvolk oorskry die grense tussen die volk Israel en die ander volk juis deurdat die ander man *as lid van 'n ander volk* gered kan word en dat nie uitrede uit sy volk en intrede in die Godsvolk nodig is nie. Die ware ekumenisiteit word hier bereik deur die erkenning dat God *in elke volk* sy uitverkorenes het.

(iii) Die ware gelykstelling van al die gelowiges geskied deur die erkenning dat die gelowiges as lede van hul afsonderlike volke gered kan word.

(iv) Die saligheid behoort egter nie aan die volk self asof dit 'n korporatiewe eenheid, 'n eenheidswese, is nie. Nie lidmaatskap van die volk gee redding nie maar alleen die vrese van die Here en die geregtigheid. Die individuele geloof is die een en al. Daarom beslis nie die lidmaatskap van die volk nie (radikale volkskerkgedagte), maar word veeleer elke volk bewaar in sy gelowiges.

(ii) *Aan Paulus, die apostel van die heidennasies*

God roep Paulus as spesiale apostel vir die prediking van ^[275] die evangelie aan die heidennasies, *Hand. 9:15*: "Hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor εθνη sowel as konings en die kinders van Israel".

Die eerste wat hieruit blyk, is dat Paulus tog nie uitsluitlik vir die εθνη apostel is nie, maar dat hy ook aan Israel die evangelie moet verkondig. Die noue verbinding van εθνη, "koningen" en "Israel" met τε και . . . τε toon die eenheid hiervan in die opdrag aan Paulus. Die prediking aan die εθνη word geensins losgemaak van die prediking aan Israel nie en ook geensins

ondergeskik gestel daaraan nie. In die evangelie van Paulus moet die εθνη 'n gelyke posisie met Israel beklee.

In die tweede plek bied hierdie opdrag genoegsame aanduidings dat εθνη hier werklik die heidennasies beteken en nie as suiwer godsdienstige begrip vir die gelowige wêreld gebruik is nie: die noue verbinding deur τε και van εθνη en "konings" d.i. aards-nasionale vorste, bring mee dat εθνη hier ook 'n sekere volkskonnotasie moet dra. Die onderskeiding εθνη en Ισραηλ toon wel dat die *godsdienstige* element sterk aanwesig is in die openbaringshistoriese onderskeid tussen Israel en die heidennasies, maar die feit dat hier sprake is van die "*kinders* van Israel" 'n benaming wat 'n sterk etniese konnotasie het,⁷⁹ toon dat ook aan εθνη 'n etniese konnotasie geheg word.

Wanneer die opdrag aan Paulus op sigself beskou word, blyk die waarskynlike betekenis daarvan te wees die opdrag om aan die ander *volke* en aan die volk Israel die evangelie te verkondig. Ook hier aan Paulus soos aan die ander apostels (Luk. 24:47 en Hand. 1:8) word dus in die uitsendingsopdrag gedifferensieer tussen die volke aan wie die evangelie verkondig moet word.

Paulus se eie verwysing in Hand. 22:15, 21 en 26:16-18 na sy opdrag werp geen nuwe lig op die presiese aard van sy opdrag nie.

Daar val egter belangrike lig op sy eie siening van sy roeping uit die wyse waarop hy die evangelie verkondig het. Die opvallende kenmerk van Paulus se "sendingmetode" is dat hy as apostel van die εθνη nie vanuit 'n vaste woonplek begin om al die ongelowiges (heidene) in al wyer kringe te probeer bekeer nie, maar dat hy gedurig op reis is, van land tot land en in elke land as 't ware net die saad van die evangelie plant. Sy metode maak die indruk dat hy die roeping gevoel, nie om soveel moontlik siele, individuele heidene, te bekeer nie, maar om aan elke volk die evangelie te verkondig^[276] en in elke land die kerk te vestig. Ten opsigte hiervan kan egter wat Handeling betref, alleen 'n afleiding uit sy handelswyse gemaak word. Hierop sal die Briewe van Paulus egter verder lig werp.

5. Die beslissing by die apostelkonvent

In *Hand. 15* kry ons op breër kerklike vlak 'n stryd tussen dieselfde rigting wat in *Hand. 10-11* werksaam was. Hier staan nou nie die Judaïstiese neiging in die persoon van Petrus teenoor die Godsopenbaring insake die aard van die universaliteit van die Godsvolk nie, maar die beskouing van die Judaïsties-georiënteerde Farisiese gelowiges oor die aard van die universaliteit van die Godsvolk teenoor dié van die apostel Paulus. In wese is dit dieselfde. Net soos Petrus in *Hand. 10:13* en *28* geredeneer het, so sê ook dié Judaïste: "As julle nie besny word nie... kan julle nie gered word nie" — *Hand. 15:1* Dit wil sê: as julle nie deur besnydenis ingelyf word by die Joodse volk nie, bly julle buite die Godsvolk staan, ook al glo julle. Die Godsvolk wil hulle dus beperk hou tot dié een volk, sodat mense uit die heidennasies alleen die Godsvolk kan binnekom deur ingelyf te word in die Joodse volk. Hiermee neem hulle stelling in teen Paulus, wat na sy eerste sendingreis kom getuig het dat God "'n deur van geloof vir die heidennasies geopen het", ook sonder die besnydenis en buite die Joodse volk om (*Hand. 14:27*).

Wanneer Petrus aan die woord kom, trek hy in 'n kort toespraak, *Hand. 15:7-11*, die lyne duidelik deur terug te wys op die openbaring van God aan hom aangaande Cornelius⁸⁰:

(i) Dáár, sê hy, het God self hom niks meer en niks minder nie beveel as om die evangelie

⁷⁹ Sien hf. I, § 4 onder Ισραηλ, p. 69.

⁸⁰ Vgl. Munck: *Heilsgeschiede*, 228.

aan die εθνη te bring (vs. 7).

(ii) Dáár het God geopenbaar dat "hulle", d.i. die gelowiges uit die heidennasies sonder besnydenis, sonder inlywing in Israel, terwyl hulle nog lede van die heidennasies is, gelyke *voorregte* (die ontvangs van die Gees) het as "ons", die gelowiges uit Israel (vs. 8).

(iii) Dáár het ook geblyk dat die gelowiges uit die heidennasies se onreinheid volgens die Joodse wette, d.w.s. die feit dat hulle nie lede van die Joodse volk is nie, "geen onderskeid tussen hulle en ons" (die lede van die Joodse volk) meebring nie (vs. 9).

(iv) Daarom glo ons dat "ons", d.i. die besnedenes, die ^[277] gelowiges uit die volk Israel, "op dieselfde manier gered (word) as hulle ook" (vs. 11). Israel beklee geen unieke posisie meer nie. Die gelowiges in Israel word op dieselfde manier gered as die εθνη.

Wanneer Jakobus in *Hand. 15:14* sê dat God vir sy Naam "uit die heidennasies ('n) Godsvolk" aangeneem het, dan is dit volgens sy eie getuienis alleen 'n formulering van Petrus se uiteensetting. En Petrus se toespraak is weer slegs 'n getroue weergawe van die openbaring van God aan hom soos verhaal in *Hand. 10-11*. Hieruit blyk dat die so belangrike woorde "uit die heidennasies ('n) Godsvolk vir sy naam" 'n parallel is van *Hand. 10:35* "dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is".⁸¹ Soos daar, is die trefpunt ook hier: nie net die volk Israel en verder net enkelinge wat by Israel ingelyf is, behoort tot die Godsvolk nie, maar soos met Israel so is dit ook met elke ander nasie gesteld ten opsigte van die Godsvolk.⁸²

Besluit

1. *Die volkere tree op die voorgrond in die kardinale momente van die vestiging van die kerk*
 - (a) In die program vir die vestiging van die kerk.
 - (b) By die uitstorting van die Heilige Gees, die aanvangsmoment van die vestiging van die kerk.
 - (c) By die aanvang van die vestiging van die kerk onder die heidennasies.
 - (d) Op die uiters belangrike apostelkonvent.
2. *Die posisie van die heidennasies ten opsigte van die Godsvolk word uitdruklik gelyk gestel met dié van Israel.*
3. *Die universaliteit van die Godsvolk waarin al die gelowiges as gelykes tot eenheid kom, beteken nie die uitwissing van die verskille tussen die volke nie.*
 - (a) Die ware *ekumenisiteit* (universaliteit) word bereik deurdat God in elke volk sy uitverkorenes het. Die Godsvolk oorskry die grense tussen die volk Israel en die ander volke, juis deurdat die ander man as lid van 'n ander volk gered kan word en dat nie uittrede uit sy volk en intrede in die Joodse volk nodig is nie.
 - (b) Die ware *gelykstelling* van al die gelowiges geskied deurdat die gelowiges as lede van hulle afsonderlike volke, gelyklik en op dieselfde wyse deel verkry aan die Godsvolk.
^[278]

⁸¹ Hieruit blyk dat die voorsetsel ek hier nie in die sin verstaan mag word dat die gelowiges "uit" die heidennasies *uitgeroep* word nie.

⁸² *Hand. 17:26* word hier nie bespreek nie. Hoewel dié uitspraak in sigself besonder belangwekkend is, raak dit ons probleem nie direk nie. Dit gaan daarin immers nie om die verhouding van die volkere tot die Godsvolk nie, maar dit gaan alleen om wat ons in dogmatiese terme sou kon noem die verhouding van God se algemene genade tot die volkere op aarde.

- (c) Die ware *eenheid* in die Heilige Gees kom uit in die gemeenskaplike ontvangs van die evangelie in die eie tale as lede van afsonderlike volke.
4. *Daar is ook direkte aanduiding dat al die volke elkeen in sy gelowiges opgeneem word in die Godsvolk*
- (a) Waar die Heilige Gees ten duidelikste werk by die aanvang van die kerk, word die kosmopolitiese menigte hoorders nie as losse individue gesien nie maar pertinent as lede van bepaalde volke, en hieraan word ook in die prediking erkenning gegee.
- (b) Die "sendingmetode" van Paulus is so, dat hy blykbaar die evangelie wil bring *aan elke volk* en nie maar aan 'n massa van individuele heidene nie.
- (c) Ook ten opsigte van die verlossing self word die band van die gelowiges elkeen met sy eie volk uitdruklik erken: God het *in elke volk* sy uitverkorenes.
- (d) Die saligheid behoort egter nie aan die volk self asof dit 'n eenheidswese is, sodat nie lidmaatskap van die volk redding verseker nie maar alleen die individuele geloof. Die lede van die volk word nie deur die redding van die volk verlos nie, maar veeleer word elke volk bewaar in sy gelowige lede.

[279]

§ 3. In die gevestigde kerk — Die Briewe van Paulus

Inleidend 280. 1. Die gelowiges uit die heidennasies *uitgeroep uit hul onderskeie volke?* 280. (i) Die wyse waarop Paulus die gelowiges uit die heidennasies onderskei van die εθνῆ 280. (ii) Die wyse waarop Paulus in die beeld van die olyfboom oor die gelowiges uit die heidennasies spreek 281. 2. Die volkome gelykstelling en gelyktydige differensiëring van die heidennasies en die volk Israel in die Godsvolk 282. (i) Die heidennasies en die Joodse volk as die wetsvolk 282. (ii) Die heidennasies en die Joodse volk volgens die verbondsbelofte 284. 3. Paulus se sendingmetode en visie op sy sendinggroeping 286. Besluit 291.

Paulus bespreek nie die verhouding van die volkere tot die Godsvolk op dieselfde pertinente en omvattende wyse as wat die geval met die verhouding van die volk Israel in Rom. 9-11 is nie. Daarom sal oor hierdie aspek van Paulus se briewe korter gehandel word.

1. *Die gelowiges uit die heidennasies uitgeroep uit hul onderskeie volke?*

Enkele gegewens in die Briewe van Paulus skyn die oordeel te regverdig dat volgens Paulus lede van die heidennasies wanneer hulle tot die geloof kom, hulleself distansieer van hulle betrokke volke; dat die intrede in die Godsvolk vir die gelowiges uit die heidennasies beteken 'n uittrede uit hulle volksverband; dat die heidennasies nie as nasies deel verkry aan die Godsvolk nie, maar daarbuite bly, terwyl slegs enkelinge *uit* die heidennasies *uitgeroep* word en ingelyf word in die Godsvolk.

Aansluiting vir so 'n oordeel kan moontlik gevind word in (i) die wyse waarop Paulus die gelowiges uit die heidennasies onderskei van die εθνῆ en (ii) die wyse waarop Paulus in die beeld van die olyfboom, Rom. 11:17-24, oor die gelowiges uit die heidennasies spreek.

(i) *Die wyse waarop Paulus die gelowiges uit die heidennasies onderskei van die εθνῆ.*

Etlike kere wanneer Paulus die gelowiges uit die heidennasies aanspreek, onderskei hy hulle duidelik van "die εθνῆ". Dit kom veral in 1 Korinthiërs voor: 1 Kor. 5:1; 10:20; 12:2. Veral 1 Kor. 12:2 is van belang: "Julle weet dat julle εθνῆ was (ἡτῆ) ...". Hier skyn dit of die gelowiges uit die ^[280]heidennasies te Korinthe werklik losgemaak is van hulle volk; of hulle as

gelowiges buite hul volk te staan gekom het deur hulle intrede in die Godsvolk.⁸³

So 'n weergawe van die gegewens by Paulus sou egter eensydig wees: Paulus noem ook uitdruklik en herhaaldelik die gelowiges uit die heidennasies εθνη, o.a. in Rom. 11:13; Gal. 2:12, 14; Ef. 2:11; Ef. 3:1.⁸⁴ Die gelowiges is dus ook nog steeds εθνη.

Dit is dus alleen vanuit 'n bepaalde oogpunt besien dat die gelowige uit die heidennasies nie meer geld as εθνη nie. In die ontleding van die begrip εθνη het dit inderdaad geblyk⁸⁵ dat εθνη by Paulus juis in hierdie gevalle 'n suiwer godsdienstige konnotasie het en die ongelowiges wat God nie ken nie, in teëstelling tot die gelowiges aandui. Waar Paulus dus die gelowiges uit die heidennasies onderskei van die εθνη, dui die woord εθνη na alle waarskynlikheid die "heidene" in teëstelling tot die gelowiges aan.

Dit sou dus nie geregverdig wees om uit hierdie spreekwyse van Paulus af te lei dat die gelowiges uit die heidennasies losgemaak is van hulle volksverband by toetreding tot die Godsvolk nie.

(ii) *Die wyse waarop Paulus in die beeld van die olyfboom oor die gelowiges uit die heidennasies spreek*

Rom. 11:11-24 bied 'n veel sterker argument ten gunste daarvan dat Paulus spreek van die verbreking van die band van die gelowige uit die heidennasies met sy volk wanneer hy toetree tot die Godsvolk.

Terwyl van Israel gesê word dat die *ongelowige* Israeliete die takke is wat van die boom afgekap word, word van die heidennasies die teenoorgestelde gesê: "Want as jy *afgekap* is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt is..." In die lyn van die gedagtegang van die beeld kan die "olyfboom" waarvan die gelowige uit die εθνη "afgekap is", niks anders wees as die eie volk waaraan die persoon behoort het nie. Letterlik is hier dus sprake van 'n verbreking van die band met die eie volk om ingelyf te kan word in die Godsvolk.

Tog maan twee belangrike feite tot versigtigheid om hierdie laaste deel van die beeldspraak van Rom. 11: 17-24 letterlik en konsekwent deur te voer:

(i) die tertium comparationis van die beeld is die wyse waarop die *volk Israel* nog Godsvolk is met die moontlikheid ^[281] van wederinlywing van die ongelowige Israeliete wat in die hede afgekap is van die volk Israel.⁸⁶ Die posisie van die gelowiges uit die heidennasies kom eers sekondêr ter sprake en kan dus nie sonder meer as wesentlike deel van die beeld gereken en konsekwent deurgevoer word nie. Die wyse waarop Paulus spreek van die gelowiges uit die heidennasies is afhanklik van die primêre doel van die beeld. Opmerklik is dat juis hierdie laaste deel van die beeld nie ooreenstem met die gebruikelike entingsmetode nie en wanneer dit op sigself geneem sou word, beslis 'n gedwonge beeld sou wees.⁸⁷ Op dieselfde wyse kan dus ook die heiden-gelowiges se afkapping van hulle eie wilde olyfboom in oneintlike sin gebruik wees onder dwang van die primêre deel van die beeld.

⁸³ Volgens die A.. sê Paulus in Ef. 2:11 presies dieselfde, maar dit is reeds in hf. III. § 4, p. 215 aangetoon dat dié vertaling misleidend is.

⁸⁴ In Ef. 4:17 kan enige van die twee gebruike aanwesig wees vanweë die twee lesings τα εθνη en τα λοιπα εθνη waarvoor die ms.-getuienis ongeveer ewe sterk is.

⁸⁵ Sien hf. I, § 2, p. 56.

⁸⁶ Sien die behandeling van die beeld in hf. III, § 4, pp. 179-181.

⁸⁷ Vir die problematiese van hierdie deel van die beeld en pogings tot rasionalisering daarvan, vgl. Munck: *Israël*, 95-97.

(ii) As Paulus hier werklik wil sê dat die heidennasies buite die Godsvolk bly staan en dat slegs individuele mense wat "afgekap" is van die heidennasies, ingelyf word in die Godsvolk, dan beteken dit dat Paulus in hierdie olyfboom-beeld 'n besliste verskil maak tussen Israel en die heidennasies met betrekking tot die Godsvolk. Dan behou Israel 'n absoluut unieke posisie in die Godsvolk as die enigste volk wat *as volk* oorgeneem is in die Godsvolk.⁸⁸ Indien hierdie deel van die olyfboombeeld dus geldig moet wees, moet dit blyk dat Paulus ook elders in sy briewe sodanige unieke posisie aan Israel toeken.

Daarom is dit hermeneuties noodsaaklik om die letterlike waarde van dié uitspraak in Rom. 11:24 te toets aan die openbaring in die res van Paulus se briewe.

2. Die volkome gelykstelling en gelyktydige differensiering van die heidennasies en die volk Israel in die Godsvolk.

In die lig van die breedvoerige bespreking van hierdie saak in hoofstuk III (waar dit primêr van Israel se kant besien is),⁸⁹ kan hier volstaan word met die behandeling van enkele gedeeltes wat die saak besonderlik met betrekking tot die posisie van die heidennasies toelig.

(i) Die heidennasies en die Joodse volk as die wetsvolk

Hier kan volstaan word met 'n ontleding van *Gal. 2:1-16*, 'n gedeelte wat baie nou aansluit by die gegewens van Hand. 15 by die apostelkonvent. *Gal. 2:1-10* het direk betrekking op dieselfde gebeure (vgl. veral vss. 1, 2, 4, 6).

Dit gaan hier weer soos in Hand. 15 in polemieks met ^[282] die Judaïste uitdruklik om die vraag of die gelowige uit die heidennasies eers dān 'n volwaardige lid van die Godsvolk kan wees wanneer hy besny is en die wet onderhou, wanneer hy 'n Ιουδαίος geword het.

Met krag getuig Paulus dat die apostelkonvent daarvan niks wou weet nie. Die "valse broeders" het pogings aangewend om die besnydenis en die wet tot vereiste vir die gelowiges uit die heidennasies te maak, maar die beslissings van die konvent was:

(i) Titus, hoewel 'n Griek, d.i. hier waarskynlik 'n "unbeschnittener Nicht-jude hellenischer Nationalität",⁹⁰ [onbesnede nie-Jood van Helleense nasionaliteit] is nie gedwing om hom te laat besny nie (2:3). Terwyl hy 'n Griek gebly het en nie toegetree het tot die Joodse wetsvolk nie, kon Titus as 'n gelyke van die Joodse Christene selfs 'n volwaardige lid van die konvent wees.

(ii) Verder is geen vereistes, dit wil sê ten opsigte van besnydenis en wet, Paulus opgelê nie (2:6, 10). Die besnydenis en daarmee gepaardgaande die inlywing in die Joodse wetsvolk is nie as vereiste gestel vir die gelowiges uit die heidennasies nie. Hierdie mense kan, hoewel buite die Joodse volk, gelykwaardige Christene wees.

(iii) Dit is bekragtig deur die erkenning van twee dele van die apostel-arbeid: die arbeid onder die besnedenes, die Jode, en die arbeid onder die onbesnedenes, die heidennasies. Die gebruik van die woord εθνη in vs. 9 het besondere krag: Paulus word gestuur na die εθνη, nie om hulle Jode te maak nie, maar om hulle as εθνη, terwyl hulle εθνη *bly*, tot Christene te maak. Hierdie duidelike onderskeiding van Jode en heidennasies in die opbou van die Godsvolk is nie gesien as 'n verbreking van die eenheid van die Godsvolk nie, maar dit was juis die gevolg en selfs die uiting daarvan dat "die regterhand van gemeenskap gegee" is (vs. 19).

⁸⁸ Dit is immers die primêre betekenis van die beeld dat Israel as volk nog Godsvolk is en dat slegs die ongelowiges afgekap is van Israel en buite die Godsvolk gewerp is — sien hf. III, § 4, pp. 179-180.

⁸⁹ Hf. III, § 4, pp. 179-194 en die besluit hieromtrent, p. 226, punt 3.

⁹⁰ Windisch, Ελλην, TWNT II, 512.

Hiermee het die apostelkonvent vir Paulus die volkome gelykheid van die heidennasies en die Joodse wetsvolk bekragtig en terselfdertyd duidelik tussen hulle onderskeiding gemaak.⁹¹

Hierdie volkome gelykheid van die Joodse wetsvolk en die heidennasies illustreer Paulus verder deur te wys op die gebeure in Antiochië, toe Petrus in swakheid weer terugval in die Judaïstiese meerderwaardigheidsgevoel en eksklusivisme (2:11-16).

Blykens die uitdrukking $\phi\upsilon\sigma\epsilon\iota$ $\text{I}\omega\delta\alpha\iota\omicron\iota$ van vs. 15 het $\text{I}\omega\delta\alpha\iota\zeta\epsilon\iota\nu$ in vs. 14 nie 'n uitsluitlik godsdienstige konnotasie ^[283] nie, maar daarin is ook 'n etniese element aanwesig.⁹² Paulus sien hier in "Jood"-woord ook die gedagte van 'n uittrede uit die eie volk en 'n intrede teen die natuur in die Joodse volk. Vss. 14-15 beteken dus: die gelowige lede van die natuurlike Joodse volk, die volk van die wet, eis van die gelowiges uit die heidennasies om te $\text{I}\omega\delta\alpha\iota\zeta\epsilon\iota\nu$, te ver-Joods, om Jode-teen-die-natuur te word; om hulle natuurlike volksverband prys te gee en kunsmatige Jode te word as hulle werklik gelykwaardige Christene wil wees. Hierin sien Paulus dus 'n verheffing van die Joodse volk op grond van die besit van die wet bo die heidennasies, wat 'n waardetoekenning aan die wet en 'n devaluering van Christus beteken (vs. 16).

Daarteenoor stel Paulus met besondere krag die volle gelykwaardigheid van die Joodse wetsvolk en die heidennasies onder die genade van Christus. Hy sê nie maar die heidennasies word gered net soos die Jode nie, maar die orde word omgekeer: "*óók ons* het in Christus geglo" (vs. 16). Dit is vir Paulus die wonderlike: nie dat die heidennasies dieselfde genade ontvang as die Joodse volk nie, maar dat ook ons, die *Joodse volk*, die genade uit die geloof alleen deelagtig is (vgl. die soortgelyke omkering van die orde by Petrus in Hand. 15:11.⁹³)

Die Judaïste (ook Petrus in swakheid) wou 'n *eenheid* van die gelowiges hê deur 'n samesmelting van alle gelowiges binne die Joodse volk, maar daardeur het hulle die gelowiges uit die heidennasies ondergeskik gemaak aan die Joodse gelowiges en vir die Joodse volk 'n unieke posisie in die Godsvolk gereserveer. Daarteenoor stel Paulus (soos die apostelkonvent) die ware gelykheid van die gelowiges juis in die erkenning dat daar nie deur uittrede van die heidengelowiges uit hulle volke 'n samesmelting binne die Joodse volk mag kom nie, maar dat die heidennasies *as heidennasies* gered kan word net soos *die* Joodse volk van die wet.

(ii) *Die heidennasies en die Joodse volk volgens die verbondsbelofte*

Hier word kortliks gewys op twee belangrike gedeeltes wat reeds in hoofstuk III ter sprake gekom het,⁹⁴ nl. Rom. 4:16-18 en Gal. 3:7-14.

Daar is aangetoon dat Paulus in Rom. 4 en Gal. 3 en 4 die universaliteit van die messiaanse Godsvolk duidelik uitspreek en dit teken as die eenheid van die gelowiges uit Israel en uit die heidennasies: tesame vorm hulle "die hele nageslag" ^[284] van Abraham wat "die vader van ons almal" is (Rom. 4:16). Ook is aangetoon dat die universaliteit geteken word as die volkome gelykheid van die gelowiges uit Israel en die gelowiges uit die heidennasies sowel wat die wyse van toetreding tot as die posisie in die Godsvolk betref. Wat vir Israel geld, geld ook die heidennasies. Maar ook is aangetoon dat Paulus in hierdie eenheid en gelykheid van Israel en die heidennasies in die Godsvolk ook differensieer tussen hulle, sodat die heidennasies alleen geestelike Abrahamkinderen is, terwyl Abraham-kindskap van Israel geestelik is én ook vleeslik bly.

⁹¹ Sien ook die behandeling van Hand. 15 by hf. IV, § 2, pp. 277-278.

⁹² Vgl. Gutbrod, TWNT III, 383: hier is "mit dem Wort die geburtmässige Zugehörigkeit gemeint". [met die woord word die geboortetoewyding bedoel]

⁹³ Sien hf. IV, § 2, pp. 275 en 277-278.

⁹⁴ Sien hf. III, § 4, pp. 172-175.

Daaruit volg dat, terwyl die heidennasies vanweë die gelykheid met Israel op dieselfde wyse as Israel deel verkry aan die Godsvolk, hulle tog nie ingelyf word in Israel nie, maar naas Israel gelykelyk 'n plek kry in die eenheid van die Godsvolk.

In die huidige verband is dit van besondere belang om voorts daarop te let dat Paulus *die universaliteit* van die messiaanse Godsvolk *grond in die verbond met Abraham*: in Rom. 4:17, 18 word Gen. 11:5 aangehaal en in Gal. 3:8, 14 word Gen. 12:3 en 18:18 aangehaal.⁹⁵

Dit bring enkele kardinale aspekte van die aard van die universaliteit van die Godsvolk aan die lig:

(i) Hiermee trek Paulus 'n duidelike historiese lyn vanaf die verbond met Abraham deur Jesus Christus na die huidige universaliteit van die Godsvolk — vgl. die woorde van Gal. 3:13, 14: "Christus het ons losgekoop ... sodat die *seën van Abraham in Christus Jesus* kan kom *tot die heidennasies*". Dit is die verbond met Abraham wat deur die werk van die Saad van die verbondsbelofte die heidennasies in die Godsvolk laat opgeneem word. Die inbegrepenheid van die heidennasies in die Godsvolk is dus die direkte vervulling van die verbondsbelofte aan Abraham.

(ii) Dit beteken dat die heidennasies nie in die plek van Israel Godsvolk word nie, want Gods verbondsbelofte het ook Israel omvat. Alleen word in Christus die beloofde uitbreiding werklikheid, sodat nie meer net Israel nie maar *al die nasies* ingesluit word.

(iii) Dit beteken verder dat die εθνη hier werklik *nasies*, onderskeie volke aandui, want so is die betekenis onteenseglik in die verbondsbelofte bedoel, aangesien *ook Israel* en nie net die heidennasies nie, daarin inbegrepe is. Dit toon Paulus tewens self in albei gedeeltes duidelik: in Rom. 4:16, 17 ^[285] sluit die "baie nasies" nie net die onbesnedenes in nie maar "ons almal", d.i. gelowiges uit die heidennasies én uit Israel. Israel is hier een van die "baie εθνη". Ook in Gal. 3:7-14 sluit die "εθνη" ongetwyfeld die gelowiges uit die heidennasies én uit Israel in: waar Paulus van die heidengelowiges spreek, spreek hy uitdruklik van "julle" (3:1, 2, 3, 4, 5, 7a, 26, ens.). Maar, sê Paulus, "Christus het *ons* losgekoop van die vloek van die wet deur vir *ons* 'n vloek te word... sodat die seën van Abraham in Christus Jesus na die εθνη kan kom, en dat *ons* die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang" — Gal. 3:13, 14. Die εθνη omvat hier dus uitdruklik al die gelowiges sowel uit Israel as uit die heidennasies.⁹⁶

In hierdie gedeeltes toon Paulus dus duidelik:

(i) dat Israel en die heidennasies op volkome gelyke wyse in Christus deel verkry aan die Godsvolk ter vervulling van die verbondsbelofte aan Abraham;

(ii) dat dit nie maar 'n kleurlose massa is wat opgeneem word nie, maar dat hulle duidelik onderskei word in volke (die volk Israel en die ander volke);

(iii) dat dit werklik *volke* is wat die seën van die verbond ontvang by inlywing in die messiaanse Godsvolk en nie maar losse, individuele gelowiges nie;

(iv) dat die volk egter nie as eenheidswese nie, nie as een geheel na sy empiriese, kwantitatiewe omvang, geseën word nie, maar dat alleen die *gelowiges* in die volk die seën ontvang;

(v) dat dus al die volke elk in sy gelowiges geseën word en in die Godsvolk opgeneem word.

3. Paulus se sendingmetode en visie op sy sendingroeping

⁹⁵ Net soos Petrus dit doen in hand. 3:25, 26.

⁹⁶ Dit is fout dat die A.V. εθνη in hierdie gedeeltes nie konsekwent met nasies vertaal het nie, maar in Rom. 4:17 "nasies", in Rom. 4:18 "volke", in Gal. 3:8a "heidene", in Gal. 3:8b "volke" en in Gal. 3:14 "heidene" lees.

Volgens Hand. 9:15 was dit Paulus se roeping as apostel om Jesus Christus se "Naam te dra voor nasies (εθνη) en konings en die kinders van Israel". Dit het geblyk dat die opdrag met εθνη hier waarskynlik die heidennasies as *nasies* voor oë gehad het en dat ook die volk Israel nie uitgesluit is uit sy roeping nie.⁹⁷

Herhaaldelik verwys Paulus in sy briewe na hierdie roeping en taak, wat hom opgelê is met byna dieselfde woorde: Rom. 1:5: Hy het "die apostelskap ontvang... om geloofsgehoorsamheid te verkry onder al die εθνη ter wille van sy Naam"; Rom. 11:13: "Vir sover ek 'n apostel van die εθνη is ..."; Rom. 15:16, 18: "die genade ... my deur God gegee... [286] om 'n dienaar van Christus onder die εθνη te wees ... om die εθνη tot gehoorsamheid te bring"; vgl. verder Gal. 1:16; Ef. 3:8; 1 Tim. 2:7; 2 Tim. 1:11. Tog blyk uit hierdie uitdrukkings selde hoe Paulus sy roeping presies verstaan het, omdat hy dit gewoonlik nie nader omskryf nie.

Van kardinale belang is daarom *Rom. 15:15-28*,⁹⁸ omdat Paulus hierin pertinent en redelik breedvoerig handel oor sy opdrag en die wyse waarop hy dit uitgevoer het.

Nadat Paulus in vss. 16-18 tot drie maal toe die voorwerpe van sy roeping beskryf het as die εθνη, gee hy vanaf vs. 19 'n beskrywing van sy uitvoering van die opdrag en in hoeverre hy daarmee gevorder het. Opvallend is dan veral die woorde van vs. 19: "...sodat ek die evangelieverkondiging van Christus *volbring het* van Jerusalem af in 'n sirkel tot by Illirikum"; en van vs. 23 waar Paulus sê dat hy na Spanje wil gaan "nou dat ek geen plek meer het in hierdie streke nie".

Op die oog af is dit moeilik verstaanbaar hoedat Paulus na 'n aantal jare se arbeid in so 'n geweldige groot gebied, t.w. die hele oostelike en noordoostelike gebied rondom die Middellandse See tot aan die weskus van Masedonië, sy werk as afgehandel kon beskou. Hoe kon hy nadat hy slegs in enkele stede in die gebied die evangelie verkondig het, sy werk beskou as volkome uitgevoer — opmerklik is die perfectum, *πεπληρωκεναι* —, só volkome dat daar vir hom in dié hele gebied "geen plek meer" oorgebly het om die evangelie te verkondig nie?

Indien Paulus sy taak "om die εθνη tot gehoorsamheid; te bring" (Rom. 15:18), verstaan het as sonder meer die opdrag om die *heidene*, die *ongelowiges*, tot bekering te bring, en hy met εθνη dus bloot "heidene", individuele ongelowiges, bedoel, is sy uitsprake van vss. 19 en 23 totaal onbegryplik. Oor die verwondering wat dié uitsprake dikwels wek, merk Munck⁹⁹ tereg op: "die Verwunderung ist berechtigt von modernen Missionsgedanken aus, wo die Missionsarbeit erst fertig ist, wenn alle durch die Taufe der Kirche eingegliedert sind". [Die verwondering is geregverdig in terme van moderne sendingidees, waar die sendingwerk eers afgehandel is as almal deur die doop in die Kerk opgeneem is.]

Ter verklaring van dié uitspraak van Paulus word deur sommige eksegete gewys op Paulus se uitspraak in vs. 20, nl. dat hy net die evangelie verkondig waar iemand anders dit nog nie gedoen het nie.¹⁰⁰ Hoewel dit kan verklaar waarom Paulus *sekere dele* van die genoemde gebied kon oorslaan, verklaar dit nie waarom Paulus daar waar hy wel eerste begin werk het, nie volhard het in die bekering van al die [287] heidene nie. Waarom het hy dan nadat hy 'n kort rukkie op 'n sentrale plek gearbei het, weer verder gegaan?

Op hierdie vraag word veelal, en tereg, geantwoord dat dit vanweë Paulus se "zendings-strategie": "Deze bestond blijkbaar in het ontsteken van het vuur op centrale punten;

⁹⁷ Sien hf. IV, § 2, pp. 275-277.

⁹⁸ Vgl. by die behandeling van hierdie Skrifgedeelte veral Grundmann, *Apostel der Völker*, 278-284; Munck: *Heilsgeschichte*, 41-48.

⁹⁹ *Heilsgeschichte*, 45.

¹⁰⁰ O.a. Nygren: *Romans*, 454.

van daar uit moest uitbreiding en konsolidasie plaas vind",¹⁰¹ was. Dat dit Paulus se sendingmetode was, staan vas, ook blykens die beskrywing van Handeling. Maar dan bly die vraag nog staan: *waarom* het Paulus hierdie sendingmetode gevolg?

Dit is ondenkbaar dat Paulus, wat hom so absoluut laat beheers het deur Jesus Christus en sy bevel, 'n eiewillige metode van uitvoering van sy opdrag sou ontwikkel. Sy sendingmetode moet rus in die wese van sy sendingopdrag, wat daarin bestaan dat hy apostel van die εθνη is. Die oorsaak vir sy besondere sendingmetode lê dus in die betekenis van εθνη opgesluit.

Alleen wanneer Paulus onder die woord εθνη in sy opdrag nie maar "heidene" nie dog die "*nasies*", besonderlik die "heidennasies", verstaan het, word dit begryplik waarom Paulus steeds weer na nuwe gebiede *moes* gaan; na nuwe lande *moes* vertrek, ook al was daar op die plek waar hy reeds was, nog maar 'n klein kring gelowiges. Daarmee was die evangelie geplant onder daardie volk, onder daardie een van die εθνη, en moes hy na die volgende volk gaan, terwyl ander dienaars moes natmaak en versorg (vgl. 1 Kor. 3:6) waar hy geplant het. Hy moes immers aan al die volke die evangelie bring. Daarom *moes* hy na die planting van die evangelie in die een landstreek weer vertrek om dit ook daar te gaan verkondig aan 'n ander volk "aan wie niks van Hom vertel is nie" (vs. 20). Alleen so kan 'n wesentlike verklaring gegee word vir Paulus se sendingmetode en vir sy verrassende uitsprake van Rom. 15:19 en 23.

Daar is inderdaad verskeie gegewens wat duidelik toon dat dit die visie was wat Paulus op sy sendingopdrag gehad het:

(i) Reeds waar Paulus in *Rom. 11:13* na sy roeping as apostel van die εθνη verwys, plaas hy εθνη teenoor "my vlees", teenoor Israel as volk in *etniese* sin. Hier het die εθνη van sy opdrag dus ook 'n duidelike etnies-volkse konnotasie.¹⁰²

(ii) Paulus is blykens *2 Tim. 4:11* ('n baie nou aan Rom. 15:19 en 23 verwante uitspraak!) oortuig dat dit deur Gods genade prakties moontlik is dat "deur my prediking heeltemal volbring kan word en *al die* εθνη dit kan hoor".^[288] Hier is die betekenis van individuele heidene vir die woord εθνη uitgesluit.

(iii) Uit die woorde "van Jerusalem af" van Rom. 15:19 blyk dat die volk Israel nie heeltemal uit te sluit is uit Paulus se opdrag nie. Dit stem ooreen met die gegewens van Hand. 9. Ook dit toon dat die voorwerpe van Paulus se opdrag nie sonder meer die *heidene* was nie.

(iv) Die sentrale punte waar Paulus die evangelie plant, "sind im wesentlichen Hauptstädte der Reichsprovinzen".¹⁰³ [is wesentlik hoofstede van die keiserlike provinsies] In die hoofstede, in die verteenwoordigende stad van elke land, word die evangelie gebring.

(v) Dat daar inderdaad vir Paulus 'n direkte verband tussen die planting van die kerk in 'n bepaalde land en die land as geheel is, blyk baie duidelik uit *Rom. 15:26* wat nou aansluit by Paulus se uitsprake oor sy roeping as apostel van die εθνη (vss. 16, 18) en oor die voltooiing van sy werk in die Ooste (vss. 19, 23). Dié uitspraak lui naamlik: "Want *Macedonië en Achaje* het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes..." Hierdie opmerklike uitdrukking van Paulus dat die twee *lande* die geld gegee het, terwyl dit in werklikheid slegs die enkele klein gemeentes soos dié van Filippi, Korinthe, Thessalonika en Athene was, word dikwels vanuit 'n vooropgesette oordeel uitgebrei tot "die gemeentes van Macedonië en Achaje".¹⁰⁴ Wanneer die woorde egter aanvaar word soos dit deur Paulus geskryf is, beteken dit dat die groepie

¹⁰¹ Ridderbos: *Romeinen*, 333. So ook Sanday and Headlam: *Romans*, 409; volgens Munck: *Heilsgeschiede*, 45 Anm. 39, ook Lagrange, Kühl en Goguel.

¹⁰² Sien hf. I, § 2, pp. 54-55.

¹⁰³ Grundmann: *Apostel der Völker*, 279.

¹⁰⁴ So o.a. Ridderbos: *Romeine* 336; Nygren, *Romans*, 455, Michel, *Römer*, 333.

Macedoniese gelowiges vir Paulus Macedonië self is en die groepie Griekse gelowiges vir Paulus Achaje self is.¹⁰⁵

Dit beklemtoon ook N.A. Dahl¹⁰⁶: "Nicht nur in ihrem Gläubigwerden, sondern auch in ihrem Gläubigsein sind die Heidenchristen dem Paulus Vertreter den Heidenvölker insgesamt... Die christliche Ekklesia, nicht die bürgerliche, ist ihm also die wahre Vertreterin der Städte und der Provinzen. Die Einzel-Ekklesia vertritt das Volk Gottes an dem betreffenden Orte und vertritt gleichzeitig ihre Stadt und ihre Provinz in dem Volk Gottes. Paulus denkt 'ganzheitlich'..." [Nie net in die geloof nie, maar ook in die feit dat hulle gelowig is, is die heidense Christene vir Paulus die verteenwoordigers van die heidene as geheel ... Die Christelike gemeentes, nie die burgerlike nie, is dus die ware verteenwoordiger van die stede en die provinsies vir hom. Die individuele gemeentes verteenwoordig die volk van God op die betrokke plek en verteenwoordig terselfdertyd hul stad en hul provinsie in die volk van God. Paulus dink 'holisties' ...]

Wanneer Dahl egter direk daarop vervolg: " ... als Hellenist und romischer Bürger denkt er aber weniger 'völkisch' als 'staatlich'", [... as 'n Hellenis en Romeinse burger, dink hy minder 'volks' as 'staats'] dan maak hy 'n ongeregverdigde skeiding tussen land en volk, tussen staat en volk: (a) Dit vind geen grond in die gebruik van die begrip $\epsilon\theta\nu\omicron\varsigma$ — $\epsilon\theta\nu\eta$ in die N.T. nie.¹⁰⁷ (b) Dit gaan in teen Paulus se eie direkte getuienis: in 2 Kor. 9:2 spreek Paulus ook op soortgelyke wyse van ^[289] die gelowiges van dieselfde twee lande, maar terwyl die Griekse gelowiges weer "Achaje" heet, word die Macedoniese gelowiges nou "die Macedoniërs" genoem. Paulus dink dus nie net "staatlich" nie, maar land en volk is vir hom ten nouste verbonde.

Hier is dus 'n baie sterk bewys dat Paulus die verskillende volke voor oë het in sy sendingopdrag, ook self in die *resultaat* van die prediking. Die gelowiges uit die Macedoniese volk is vir hom Macedonië en is vir hom die Macedoniërs — die gelowige Macedoniese volk;

(vi) Hierby aansluitend wys W. Grundmann¹⁰⁸ op die besondere belang daarvan dat Paulus meermale spreek van die "eersteling" van 'n bepaalde land: *Rom. 16:5*: "Epenetos... die eersteling van Asië";¹⁰⁹ *1 Kor. 16:15*: "Stéfanos, die eersteling van Achaje". Hiermee lê Paulus direk die verband tussen die planting van die evangelie — "eersteling" = eerste gelowige, die beginpunt van die evangelie¹¹⁰ — in 'n bepaalde land en die bepaalde land of volk self. Hierdie "eersteling" is eintlik die kiem waarin reeds die hele land of volk opgesluit lê.

Maar die benaming "eersteling" is ook en veral 'n kultiese term: die offer van die eersteling beeld uit die heiliging van die geheel aan die Here.¹¹¹ Dat dit ook die bedoeling van Paulus is met die uitdrukking, blyk duidelik uit *Rom. 11:16* waar Paulus van Israel (in verband met die tekort-volheidprobleem) sê: "As die eersteling heilig is, dan die deeg ook". Ook as kultiese term impliseer die uitdrukking "die eersteling van Achaje" dus: Achaje en daarom die volk van Achaje behoort nou aan die Here, al is dit nog net in beginsel, by wyse van 'n waarborg in die enkele gelowige Griek. (Die ooreenkoms met wat Paulus van die verhouding tussen homself en

¹⁰⁵ Vgl. ook Grundmann: *Apostel der Völker*, 280.

¹⁰⁶ *Volk Gottes*, 240-241.

¹⁰⁷ Sien t.o.v. die verbinding van volk en land by die begrip $\epsilon\theta\nu\omicron\varsigma$ veral hf. I, § 2, pp. 47 en 51, en t.o.v. die verbinding van volk en staat die sterk klem wat in die begrip kan val op die nasionale of staatkundige aspek van die volksbestaan soos aangetoon in hf. I, § 2, pp. 47-48, 49, 52-53.

¹⁰⁸ *Apostel der Völker*, 280-284.

¹⁰⁹ Asië — volgens beste mss.-getuienis; Koine-teksgroep lees: Achaje.

¹¹⁰ M. Alberts: *Die Erstlinge' in der Botschaft des N.Ts.*, ET 12, (1952/53), 151-155; G. Dellings, *απαρχή*, TWNT I, 483-484.

¹¹¹ Vgl. Grundmann: *Apostel der Völker*, 281-282; Dellings; TWNT I, 483-484; Bauer: *Wörterbuch*, kolom 161.

die volk Israel in Rom. 11:1 sê,¹¹² is onmiskenbaar).

Hierdie punt: laat sterk deurskemer waarom Paulus so gou kon sê dat hy die evangelieverkondiging heeltemal volbring het in die oostelike landstreke: die eerstelinge van die εθνη, van die nasies, is verkry; die eerstelingoffers van dié volke is gebring — nou moet hy na ander εθνη, ander volke.

Op grond van hierdie getuienis aangaande Paulus se sendingmetode en die daaraan ten grondslagliggende visie op die wese van sy sendingroeping moet saam met W. Grundmann¹¹³ gekonkludeer word: "die Mission des Paulus ist von einem anderen Denken her bestimmt als die spätere kirchliche Missionspraxis. *Die apostolische Tätigkeit hat ihr Ziel* ^[290] *primar nicht in der Rettung und Gewinnung einzelner Seelen, die zur Gemeinde Jesu Christi zusammengefasst werden. Sie sieht den einzelnen immer in der Gliedschaft der Völker. In der Einzelnen werden Völker gewonnen...*" (beklemtoneering deur Grundmann). [Paulus se missie word bepaal deur 'n ander denkwysie as later kerklike sendingpraktyk. Die doel van apostoliese aktiwiteit is nie in die eerste plek om individuele siele te red en te wen wat saamgevoeg is om die gemeenskap van Jesus Christus te vorm nie. Dit sien die individu altyd in die lidmaatskap van die volke. In die individu word volke gewen ...]

Besluit

1. *Die posisie van die heidennasies ten opsigte van die Godsvolk word met nadruk gelykgestel aan die posisie van Israel*
 - (a) Die Joodse wetsonderhouding gee aan Israel geen voorregte waaraan die heidennasies verstoek bly as hulle die wet nie aanneem nie.
 - (b) Die gelykheid word gegrond juis in die verbond aan Abraham wat aan albei dieselfde seën belowe.
2. *Die universaliteit van die Godsvolk waarin al die gelowiges as gelykes tot 'n eenheid kom, beteken nie die uitwissing van die verskille tussen volke nie*
 - (a) Die *universaliteit* word bereik deurdat alle *volke* deel kry aan die Godsvolk.
 - (b) Die *gelykstelling* bestaan daarin dat die gelowiges van die heidennasies nie via inlywing in Israel deel kry aan die Godsvolk nie, maar buite Israel om as lede van die eie volk net soos die gelowiges uit Israel tot die Godsvolk behoort.
 - (c) Die *eenheid* bestaan daarin dat Israel en die ander volke dieselfde seën van dieselfde verbond ontvang om as lede van afsonderlike volke een Godsvolk te vorm.
3. *Daar is ook besliste aanduidings dat die gelowiges as lede van hul onderskeie volke in die Godsvolk opgeneem word*
 - (a) Die seën van die verbond kom tot werklike *volke* en nie tot losse individuele gelowiges nie.
 - (b) Die voorwerpe van die apostoliese prediking is die *volke* en nie individuele heidene nie.
 - (c) In die gelowiges van elke volk word die volk verteenwoordig.
 - (d) Die volk word egter nie as eenheidsweise, as een geheel of na sy empiriese, kwantitatiewe omvang, gered nie, maar alleen die gelowiges in die volk ontvang die seën.

¹¹² Sien hf. III, § 4, p. 176.

¹¹³ *Apostel der Völker*, 278. Vgl. ook Munck: *Heilsgeschichte*, 45.

(e) Elke volk word dus *in sy gelowiges* opgeneem in die Godsvolk.

[291]

§ 4. in die gevestigde kerk (vervolg) — Die ander Briewe en die Openbaring van Johannes

1. Alleen Openbaring bied stof vir ondersoek 292. 2. Openbaring spreek werklik oor *volke* 292. 3. Die volkere en die Godsvolk in apokaliptiese lig 293. Besluit 297.

1. Alleen Openbaring bied stof vir ondersoek

Soos die nie-Pauliniese Briewe gekenmerk word deur die feitlik algehele afwesigheid van meervoudige volksbegrippe¹¹⁴ en, daarmee samehangend, van uitsprake oor die verhouding van die volkere en die Godsvolk, so is die besonder veelvuldige voorkoms van sodanige volksbegrippe en die prominente plek wat die verhouding van die volkere en die Godsvolk inneem, 'n kenmerk van die Openbaring van Johannes.

Soos die aard van die stof van die nie-Pauliniese Briewe met hulle primêr vermanend-didaktiese karakter grootliks die afwesigheid van aandag aan die volkere en hulle openbaringshistoriese posisie verklaar, so verklaar ook die aard van die stof van Openbaring met sy universeel-eskatologiese, openbaringshistoriese stof grootliks die prominente plek wat die volkere in dié Boek inneem, asook die nadruk wat gelê word op die volkere se verhouding tot die Godsvolk.

Vanweë die afwesigheid van relevante materiaal in die nie-Pauliniese Briewe en die aangegewe verklaring vir die afwesigheid hoef hier nie verder op dié Briewe ingegaan te word nie.

2. Openbaring spreek werklik oor volke

Verskeie gegewens toon dat die volkere ook in Openbaring werklik as volke, as onderskeie histories-etniese volke, geken word: (i) Die gebruik van die begrip *φυλαι*, met sy sterk etniese konnotasie, vir die volkere in Openb. 1:7.¹¹⁵ (ii) Die herhaalde voorkoms van die kombinasie van volksbegrippe (5:9; 7:9; ens.) wat ook in die enkelvoud met *πας* voorkom, sodat duidelik blyk dat onderskeie volke bedoel is. Die voorkoms van die begrippe *φυλη* en *γλωσσα* toon die histories-etniese konnotasie van die uitdrukking.¹¹⁶

Die oorwegende volksbegrip in Openbaring is egter *εθνη*. Daar is voldoende aanduidings om te konkludeer dat ook hierdie woord werklik *nasies* en nie heidene en ook nie heidennasies aandui nie: (i) Die herhaalde verbinding van *εθνη* met ander volksbegrippe wat uitsluitend histories-etniese konnotasies^[292] het.¹¹⁷ (ii) In *Openb. 15:3* word Jesus Christus genoem "Koning van die *εθνη*".¹¹⁸ Hierdie koningskap van Christus kan in die lig van die absoluut universele visie van Openbaring nie beskou word as geldig net oor heidene of net oor die heidennasies nie. Dat dit hier gaan om werklike *nasies*, blyk uit *Openb. 11:15-17*: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van ons Here geword, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid ... Ons dank U... dat U u groot mag aangeneem het en as Koning begin heers

¹¹⁴ Slegs *εθνη* kom twee keer in 1 Petrus voor en dan met suiwer godsdienstige konnotasie: die heidene.

¹¹⁵ Sien ook die behandeling van die gelykluidende teks Matth. 24:30, hf. IV, § 1, p. 259, en die bespreking van *φυλη* in hf. I, § 3.

¹¹⁶ Sien hf. I, § 1, pp. 20-22 en hf. I, § 3 onder *φυλη* en *γλωσσα*.

¹¹⁷ Sien hf. I, § 1, pp. 20-22 en hf. I, § 2, p. 53.

¹¹⁸ Volgens die beste ms.-getuienis moet saam met Nestle *εθνη* gelees word.

het".¹¹⁹ Die verwysing na koninkryke toon dat Jesus Koning oor volke word. Die ingressiewe aoristi toon duidelik dat Johannes die universele Koningskap van die Messias aanknoep by die opstanding van Jesus, net soos Jesus self dit uitspreek in Matth. 28:18-20. Soos dáár gaan dit in Openbaring dus werklik om die heerskappy van Christus oor alle *volke*.

Hierdie laaste vasstelling is van deurslaggewende belang, omdat die beheersende gedagte agter die hele universele strekking van Openbaring, en daarmee ook agter al die uitdruklik universele εθνη-uitsprake, die gedagte is dat Jesus Christus die universele Koning is.

Die gevolgtrekking is dus geregverdig dat ons in die εθνη-uitsprake net soos in die uitsprake waarin die kombinasie van volksbegrippe gebruik word, werklik met die *volkere* te doen kry.

Die primêre bedoeling van Openbaring met die herhaalde verwysings na die volke is sonder twyfel om die absolute universaliteit van die eskatologiese handele van God in Christus te benadruk. Maar dan is dit juis opvallend dat Openbaring die *aard* van dié universaliteit oorwegend aandui as 'n betrokkenheid van al die *volke* in die handele van God.

3. Die volkere en die Godsvolk in apokaliptiese lig

Die sentrale teks in dié verband is *Openb. 10:11*. Voordat Johannes begin verhaal wat gebeur wanneer die sewende basuin blaas (waardeur die laaste oordeel aangekondig word), kry hy 'n spesiale bevel uit die hemel: "Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings". Dit is 'n opdrag nie om net aan die volkere 'n profesie te bring nie, maar om te profeteer *aangaande*¹²⁰ die volkere — die *inhoud* van die profesie handel oor "baie volke ..." Johannes moet weer 'n profesie uitspreek wat betrekking het op die volkere.

Die prominente plek wat hierdie opdrag en die gepaardgaande simboliese handeling (10:1-11) inneem net voor die ^[293] sewende basuin, toon dat dit 'n belangrike plek in dié Boek moet beklee, sodat die volgende hoofstukke waarskynlik as die uitvoering van hierdie opdrag beskou moet word. Hoofstuk 11 begin inderdaad dadelik om te spreek aangaande die nasies. Vanaf hierdie hoofstuk spreek Johannes nou besonderlik oor die plek van die volkere in die eskatologiese oordeel en gerig van die universele Koning, Jesus Christus. Die volkere beklee dus volgens Openbaring 'n prominente plek in die tyd van die laaste oordeel. Die ooreenkoms hiervan met die Profetiese Rede van Jesus, Matth. 24-25, is baie opvallend!¹²¹

Net soos die geval was met die eerste fase van die Profetiese Rede (Matth. 24:6-9)¹²² is ook hier die eerste profesie van Johannes aangaande die nasies beslis ongunstig: *Openb. 11:2*: Hulle vertrap die heilige stad, d.i. die kerk waarvan Jerusalem simbool is; hulle verdruk die gelowiges — vgl. Matth. 24:9; *Openb. 11:9*: Hulle werk saam met Satan in die vervolging van die getuies van God en verheug hulle oor die getuies se dood; *Openb. 11:17*; hulle is vertoornd wanneer Jesus Christus die universele Koningskap aanvaar.

Maar die profesie verander ten goede vir die volkere: *Openb. 12:5*: Jesus Christus is van sy geboorte af bestem¹²³ om te regeer oor die volkere (ook al is hulle vertoornd oor sy troonsbestyging). Hierdie regering van Christus dra egter 'n besondere, tweeledige karakter: Christus is vanaf sy geboorte "bestem om al die nasies *met 'n ystersepter te wei* (ποιμαίνειν)".

¹¹⁹ Die A.V. se vertaling "as Koning geheers het", laat nie reg geskied aan die ingressiewe betekenis van die aoristus nie.

¹²⁰ επι + dat. dui nie die voorwerpe wat aangespreek word aan nie, maar die persone waaroor gespreek word (vgl. ook Joh. 12:16). Vgl. Bauer: *Wörterbuch*, kolom 569; *Blass-Debrunner: Grammatik*, § 235.2.

¹²¹ Sien hf. IV, § 1, pp. 256-260.

¹²² Sien hf. IV, § 1, pp. 256-257.

¹²³ μελλει is meer as net uitdrukking van toekomstige tyd. Dit druk uit "die infolge gottl. Ratschlusses notwendig eintretende Handlung" [die daad wat nodig is as gevolg van goddelike bevel] — Bauer: *Wörterbuch*, kolom 991.

Enersyds regeer Christus oor die wederstrewige volkere "met 'n ystersepter", d.i. "met strengheid en neerwerpende krag";¹²⁴ andersyds bestaan die karakter van dié regering daarin dat Christus die volkere "wei", soos 'n herder sy kudde. Die woordgroep ποιμην — ποιμαίνω word deurgaans in die N.T. in besonder gunstige sin gebruik van die herder wat sy kudde versorg, bewaak, voed; veral is dit 'n beheersende beeld vir Jesus Christus se sorg oor sy volk.¹²⁵ Dit sou dus enigsins verbasend wees as die woord waar dit ook hier (en in 19:15) in verband met die regering van Christus (en in 2:27 van die volhardende gelowiges) gebruik word, 'n ongunstige betekenis sou hê, soos onderdruk, in bedwang hou of "vernietigen" [vernietig].¹²⁶ Deurslaggewend vir die interpretasie hiervan is *Openb. 7:17* waar dieselfde werkwoord gebruik word (die enigste ander keer wat dit in Openbaring voorkom!) in verband met Christus se regering oor die "groot menigte ... uit alle nasies en stamme en volke en tale" (7:9). Daar word gesê: "want die Lam sal hulle wei (ποιμαίνει) en hulle na lewende ^[294] water lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee. Daarom moet die uitspraak van *Openb. 12:5* ten volle in sy letterlike, tweeledige karakter aanvaar word: Jesus is bestem om die volkere met strengheid en neerwerpende krag te wei, te behoed, te versorg.

Al sal Christus se heerskappy die volkere in die stof werp — dit is 'n heerskappy ter behoud. Hier kry ons 'n sterk ooreenkoms met Jesaja: die nasies sal "deur strafgerig verlos word" (Jes. 1:27).

Volgens *Openb. 13:7* staan die volkere wel in die hede onder die mag van Satan, maar as onderdrukte, nie as medewerkers nie. Die volkere word hier ten nouste verbind met "die heiliges" van wie óók gesê word dat hulle onderworpe is aan Satan.

Die sewende basuin kondig egter aan dat Jesus Christus die Koningskap aanvaar (*Openb. 11:17*).

Nóú word die profesie 'n blye boodskap aan die volkere! *Openb. 14:6*: Die laaste prediking uit die hemel self is "'n ewige evangelie ... aan elke nasie en stam en taal en volk" (Vgl. Matth. 24:10 par.).

Die blye boodskap aan die volkere. hou die. volgende in:

(i) 'n Oproep tot bekering en geloof in God (14:7)

(ii) 'n Aankondiging van verlossing uit die mag van Babilon: Babilon, die groot hoer, kom tot 'n val en word vernietig "omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery" (14:8; 18:3); omdat sy met verdrukkende heerskappy op die "volke en menigtes en nasies en tale" gesit het (17:15); omdat sy "die nasies verlei", het (18:23). Die vreeslike oordeel van God kom oor Babilon spesifiek vanweë alles wat sy aan die volkere gedoen het.

(iii) Ook Satan word gebind, "sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie" (20:3).

(iv) Die evangelie aan die volkere beteken egter nie dat hulle heeltemal vry uitgaan nie. Die oordeel oor Babilon sluit wel ook oordeel in oor die volkere, wat deur Babilon verlei is: by die vernietiging van Babilon val ook "stede van die nasies" (16:19).

(v) Die oordeel is egter só dat terwyl dit Babilon tot vernietiging bring, dit die volkere lei tot verlossing. Terwyl ^[295] die oordeel van Christus Babilon verderf, bring dit deur straf-gerig

¹²⁴ E.P. Groenewald: *Die Openbaring aan die apostel Johannes, Die Bybel met verklarende aantekeninge III, 1959, 778.*

¹²⁵ Vgl. J. Jeremias, ποιμην, TWNT VI, 489 e.v.

¹²⁶ Jeremias: TWNT VI, 500; vgl. Groenewald: *Openbaring, Bybel met verklarende aantekeninge, 778.*

heen die volkere vanuit die heerskappy van Satan en Babilon onder die strenge en herderlike heerskappy van Christus in (19:5). Christus maak Homself "Koning van die nasies", 'n naam wat Hy as eretitel aanvaar (15:3).

Die volkere aanvaar dan ook eindelijk met blydskap die verlossing uit die mag van Satan en Babilon en die invoering onder die heerskappy van Christus. As Christus die koningskap oor die nasies aanvaar het, word Hy toegesing: "want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige daade openbaar geword het" (15:4). Dit blyk ook uit *Openb. 18:2-23*: onder die invloed van Babilon het volgens 18:3 drie groepe verkeer: die nasies, die konings van die aarde en die handelaars van die aarde. Maar by haar val en verderf treur volgens 18:9 e.v. alleen twee groepe: die konings van die aarde (vss. 9-10) en die handelaars van die aarde (vss. 11—19). Nou word die nasies nie genoem nie. Van hulle word alleen ter beskuldiging aan Babilon gesê: "want deur jou towery is al die nasies verlei" (18:23).

Die volkere treur nie oor Babilon se val nie, hulle is inderdaad verheug en jubel oor hul verlossing — *Openb. 19:6-7*; die "baie waters" wat hier Christus toejuig, die volkere wat in *Openb. 17* genoem word "die baie waters" (17:1), "die waters" (17:15).

Geplaas onder die heerskappy van Christus, gelouter deur strafgerig, bekeer van hulle hoerery en verleiding, gaan die volkere eindelijk die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem, d.i. die bruid van Christus, die Godsvolk (vgl. 2:2-3), binne — *Openb. 21:24-26*.

Die volkere gaan die ewige Godsvolk binne! Hulle bring die eer en die heerlikheid aan God (21:24 en 26) en ontvang genesing (22:2).

Nie maar losse individuele uitverkorenes gaan volgens *Openbaring* die Godsvolk binne nie, maar *volke*, ook in die ewige Godsvolk op die nuwe aarde.

Maar net so duidelik is *Openbaring* daaromtrent dat hier die opname van die volkere in die ewige Godsvolk nie beteken dat elke volk na sy empiriese kwantitatiewe omvang gered word nie, dog dat *die volk gered* word *deurdat die uitverkore lede van die volk gered* word:

Direk op die uitspraak van die binnekoms van die volkere in die nuwe Jerusalem (21:24, 26) vervolg Johannes in *Openb. 21:27*: "En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig¹²⁷ is en hy wat gruwelikheid en leuens doen nie; maar net hulle wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam". Die volkere gaan die Godsvolk binne — net die uitverkorenes gaan die Godsvolk binne — die volk gaan in sy uitverkore lede die Godsvolk binne.

In dieselfde rigting wys ook *Openb. 5:9* en *Openb. 7:4 en 9*. Die verlostes is mense *uit* die volke, nie alle lede van die volke nie. Dat egter ook hierdie "*uit* die volke..." nie geïnterpreteer mag word as 'n uitroeping *uit* die volke (5:9 en 7:9) of uit Israel (7:4) nie, toon *Openb. 14:4* onteenseglik: die honderd vier en veertig duisend wat "gekoop is uit die mense", is nie uitgehaal uit en losgemaak van die mensdom nie, maar hulle is juis die "*eersteling*"¹²⁷ van die mensheid, die waarborg vir die verlossing van die mensheid.

Die Godsvolk word geroep om *uit Babilon uit* te gaan (*Openb. 18:3*), nie uit die volkere nie. Daarenteen gaan die volkere self (21:24-26) in hulle lede wie se name opgeskryf is in die boek van die lewe (21:27), die nuwe Jerusalem, die ewige messiaanse Godsvolk, binne.

Besluit

1. Die volkere beklee in *Openbaring* 'n besonder prominente plek veral ten opsigte van die laaste oordeel.
2. Israel en die ander volke word hier op volkome gelyke voet behandel.

¹²⁷ Sien oor die betekenis van die eersteling hf. IV, § 3, p. 290.

3. Geen idealistiese beeld word van die volkere in die geskiedenis geteken nie — hulle is verlei deur Satan, deel aan die hoerery van Babilon, vervolg die gelowiges en is vertoornd oor die troonsbestyging van Christus.
4. Voor die laaste oordeel gaan egter 'n ewige evangelie uit na die volkere.
 - (i) Die volkere word verlos uit die mag van Satan en Babilon.
 - (ii) Onder die heerskappy van Christus word die volkere deur strafgerig heen verlos en behoed.
5. Die volkere aanvaar die verlossing uit die mag van Satan en Babilon en die invoering onder die heerskappy van Christus eindelik met blydschap.
6. Die volkere gaan die ewige Godsvolk binne.
 - (i) Die volkere word as volke opgeneem in die Godsvolk.
 - (ii) Dit beteken egter nie dat die volk as eenheidswese of na sy empiriese, kwantitatiewe omvang verlos word nie. Alleen die uitverkorenes word gered. ^[297]
 - (iii) Die volk word dus in die uitverkore lede van die volk verlos.

[298]

Die res van Bladsy [298] en bladsye [299] tot [303] het net voetnote bevat.

HOOFSTUK V

VOLK EN GODSVOLK. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGE¹

§ 1. Samevatting van die gegewens oor die verhouding van die volk Israel en die Godsvolk

1. Israel en die aard van die messiaanse gebeure

(i) Die openbaringshistoriese verandering

Daar tree 'n belangrike verandering in ten opsigte van die aard van die messiaanse gebeure in die loop van die Nieu-Testamentiese openbaringsgeskiedenis.

Nadat die prediking by Johannes die Doper en Jesus uitsluitlik tot Israel beperk was, en so ook aanvanklik by die apostels (met die Pinkstergebeure as besliste uitsondering), begin in Hand. 10 'n radikaal nuwe fase wanneer die prediking pertinent uitgaan tot die heidennasies.

(ii) Die openbaringshistoriese kontinuïteit

Tog is die verandering nie 'n radikale *breuk* in die openbaringshistoriese lyn nie en ook nie 'n breuk met die volk Israel nie. Opvallend is in hierdie verandering die besliste kontinuïteit.

Johannes die Doper en Jesus kom na die volk Israel, selfs pertinent net na Israel. Maar ook na die kruisiging van Jesus word die optrede nog gerig tot Israel. Daar is nie as gevolg van die kruisiging 'n beweging weg van Israel nie. Die verandering tree in nie met die kruisiging nie, maar eers na 'n tydperk van arbeid deur die apostels wat beperk was tot Israel — na die vestiging van die kerk onder Israel. Selfs dan moet die apostel Petrus deur Goddelike openbaring *gedwing* word om die evangelie ook buite Israel uit te dra. Ook wanneer die evangelie uitgaan na die heidennasies word nog aan hulle verkondig dat die opgestane Christus sy getuies gestuur het na die volk Israel. Uitdruklik word getuig dat die evangelie eerste aan Israel verkondig *moet* word — op grond van die geskiedenis van die verbond — en dan óók aan die heidennasies ^[304] verkondig *moet* word. So word dit inderdaad in die praktyk uitgevoer deur die "heidenapostel" Paulus.

(iii) Die evangelie kom tot Israel as histories-etniese volk

Die evangelie word gerig nie maar tot blote individue uit Israel asof hulle losstaan van die volksverband nie, dog voor en tydens Jesus se optrede en na sy dood en opstanding word die evangelie verkondig aan Israel as histories-etniese volk, besonderlik as die volk met wie God in verbondsbetrekking staan.

2. Israel se posisie ten opsigte van die Godsvolk

(i) Die openbaringshistoriese verandering

Ook hier is opmerklik die belangrike verandering wat in die loop van die Nieu-Testamentiese openbaringsgeskiedenis intree.

Vanaf die aanvang van die Nieu-Testamentiese openbaringsgeskiedenis tot nadat 'n begin gemaak is met die vestiging van die kerk onder Israel, word in die profetiese uitsprake voor Jesus se optrede deur Jesus self en deur die apostels alleen die volk Israel as Godsvolk gereken (behalwe in die vooruitgrypende Goddelike wonder by Pinkster). Wanneer 'n aanvang egter geneem is in die vestiging van die kerk onder Israel, word op bevel van God in direkte

¹ In "hierdie hoofstuk word nie weer teksverwysings gegee of aangedui waar sekere aspekte behandel is nie. Hierdie samevatting is gegrond op die besluite wat aan die einde van elke paragraaf in die voorafgaande hoofstukke gegee is.

openbaring die eerste keer die heidennasies betrek in die heil. Op die apostelkonvent word die eerste keer die heidennasies Godsvolk genoem en in Hand. 18 word die eerste keer die gemeente uit Jode en heidene met die titel Godsvolk genoem. By Paulus, die ander Briewe en Openbaring is die messiaanse Godsvolk 'n suiwer godsdienstige entiteit van universele omvang waarvan die enigste grens die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges is. Nou bestaan daar vir die Godsvolk geen natuurlik-volkse begrening tot die volk Israel nie.

(ii) *Die openbaringshistoriese kontinuïteit*

Tog beteken ook dit nie 'n radikale breuk tussen ou en nuwe Godsvolk, 'n radikale breuk met Israel, sodat die kerk van Christus *in die plek van* Israel kom nie:

(a) *Die profetiese uitsprake plaas die komende universaliteit nie in teëstelling met Israel se posisie as Godsvolk nie*

Reeds voor en tydens Jesus se optrede onder Israel word ^[305] geopenbaar dat die feit dat Israel Godsvolk is en dat die messiaanse gebeure in belang van Israel is, nie 'n komende universaliteit van die heil uitsluit of daarmee in stryd is nie. Ook word Israel se posisie as Godsvolk gegrond in die verbond met Abraham, 'n verbond waarin die uitbreiding van die seën tot alle nasies 'n wesentlike bestanddeel vorm. Wanneer Jesus van 'n verwerping van Israel spreek indien die volk Hom sou verwerp, dan is dit by wyse van waarskuwende oordeelsprofesie en nie by wyse van toekomsvoorsegging nie.

(b) *Israel bly Godsvolk ook na die kruisiging*

Die kruisiging van Jesus beteken nie die verwerping van Israel as Godsvolk nie. Dit is die deurlopende getuieis van die apostels in die lyn van Jesus se gebed aan die kruis. Die kruisdood beteken *nie 'n breuk* in die geskiedenis van die Godsvolk, sodat deur verwerping van Israel 'n ander nuwe Godsvolk in aansyn geroep moet word nie. Inteendeel, die dood van Jesus Christus is die weg van verlossing en van behoud in die Godsvolk vir Israel. Jesus sterf vir die volk Israel — en vir die hele mensdom.

(c) *Die uitbreiding van die Godsvolk tot die heidennasies volg nie op 'n verwerping van Israel nie.*

Ook by die vestiging van die kerk en in die gevestigde kerk wanneer die begrensdeheid tot Israel opgehef is en die Godsvolk 'n suiwer geestelike karakter dra, word dit duidelik gestel dat daarmee die behoud van Israel in die messiaanse Godsvolk nie opgehef is nie. Die uitbreiding van die Godsvolk tot die heidennasies volg nie op en uit 'n verwerping van Israel nie, maar dit is in ooreenstemming met die verbond met Abraham, waarvolgens die messiaanse seën eerste tot Israel en daarna óók tot die heidennasies kom. Die universaliteit van die Godsvolk word geteken nie as vervanging van Israel deur die heidene nie, maar as 'n *uitbreiding* van die Godsvolk óók tot die heidennasies — gegrond op die verbondsbelofte aan Abraham.

(d) *Ook die grootskaalse ongeloof onder Israel beteken nie dat die volk verwerp is of sal word as Godsvolk nie*

Reeds by die aanvang van die vestiging van die kerk is dit duidelik: die behoud van die volk langs die weg van sondevergifnis word nie voorwaardelik gestel nie, maar die behoud ^[306] is vas en seker, omdat Jesus Christus die volk bekering skenk. Paulus behandel dié vraag in detail en toon dat Israel nog Godsvolk is en nie verwerp *is* nie.

(e) Die kontinuïteit is 'n kontinuïteit van God se onverbreeklike verbond

So sterk stel Paulus dit dat as die volk Israel deur God verwerp sou wees as Godsvolk dit vir hom sou beteken dat God sy verbond verbreek het en sy verbondsbelofte tot niet laat gaan het.

As vervulling van die verbond van God met Abraham beteken die universalisering van die Godsvolk niks anders nie as 'n *uitbreiding* van die Godsvolk ook tot die heidennasies, sodat hulle naas Israel plek verkry in die Godsvolk en die seën van Israel deelagtig word, sodat die messiaanse Godsvolk die ononderbroke voortsetting is van die Godsvolk.

3. Die wyse waarop Israel Godsvolk is

Ten opsigte hiervan is daar die grootste ooreenkoms dwarsdeur die Nieu-Testamentiese openbaringsgeskiedenis.

(i) Dit is die volk in histories-etniese sin en nie 'n vergeestelike Israel nie

Onder Israel verstaan die N.T. deurgaans die werklike volk Israel, die natuurlike kinders van Abraham. Ook wanneer die Godsvolk universeel word en suiwer godsdienstig van aard is, sodat uit al die nasies alleen die gelowiges tot die Godsvolk behoort, is die Israel wat deel het aan die Godsvolk, nog die histories-etniese volk. Die inlywing van die gelowiges uit die heidennasies in die Godsvolk beteken nie dat 'n nuwe geestelike Israel bestaande uit alle gelowiges tot stand kom in die plek van die volk Israel nie, maar die gelowiges uit die heidennasies word 5005 Israel ingelyf in die Godsvolk en kry *naas* Israel deel aan die Godsvolk.

(ii) Israel behoort werklik as volk, as organiese volksgeheel tot die Godsvolk, en dit is nie maar individue wat uitgeroep is uit Israel nie

(a) Die verlossing van Israel as volk

Vanaf die begin van die Nieu-Testamentiese openbaring kom die belofte van verlossing tot Israel as volk, as organiese ^[307] volksgeheel. Jesus is gestuur tot Israel as volk; Hy rig Hom tot die volksgeheel; Hy sterf vir die *volk*; sy apostels rig hulle tot die organiese geheel van die volk en verkondig verlossing aan die *volk*. By Paulus, die "heidenaapostel", kom dit op die pertinentste wyse tot uitdrukking: "God het sy volk nie verstoot nie", maar die teenswoordige gelowige kern sal tot volheid uitgroeï en "so sal die hele Israel gered word".

(b) Die solidariteit tussen die gelowige uit Israel en die volk Israel

Die gelowige uit Israel is nie uitgeruk uit die volk nie, maar: hy is volkome solidêr met sy volk, so selfs dat die bestaan van één gelowige lid van Israel as waarborg kan dien dat Israel as volk gered sal word.

(iii) Israel behoort as gesuiwerde, na-binne verengde volk tot die Godsvolk. In sy gelowige lede word die volk gered

(a) Nie as korporatiewe eenheid of na empiriese, kwantitatiewe omvang nie

Dat die volk as organiese volksgeheel tot die Godsvolk behoort (en ook bly behoort), beteken nie dat die volk as 'n eenheidswese, 'n korporatiewe eenheid tot die Godsvolk behoort nie. Ook beteken dit nie dat Israel na sy empiries-kwantitatiewe omvang behoue bly nie. Die N.T. wys 'n tertium quid aan.

(b) Die volk word gered deurdat lede van die volk persoonlik tot bekering en geloof kom

Die Nieu-Testamentiese skrywers is eenstemmig in hul duidelike uitsprake dat inlywing in die Godsvolk vir die lede van Israel alleen geskied deur persoonlike bekering, geloof en doop. Nie omdat die volk as 'n eenheidswese gered word nie, het die lede van die volk outomaties

deel aan die redding, maar deurdat die lede van die volk deur persoonlike bekering, geloof en doop gered word, word die volk verlos.

(c) *Alleen die uitverkorenes word as verbondskinders en wesentlike lede van Israel gereken*

Ook is dit deurgaans in die N.T. duidelik dat die deelgenootskap van die volk Israel aan die Godsvolk nie beteken ^[308] dat alle Israëliete gered word nie: Wanneer Paulus met die uitspraak kom: "nie almal uit Israel is Israel nie", kom hy nie met 'n nuwe leer en 'n vergeesteliking van Israel nie; reeds in die profesieë by die geboortegeskiedenis word dit verkondig dat Jesus 'n skeiding binne Israel, bring; Johannes die Doper verkondig die behoud van die volk en die afkapping van die onvrugbare takke, d.i. die ongelowiges; Jesus self dui hierdie skeiding in die volk aan; Petrus spreek in sy vroegste prediking oor die behoud van die volk juis deurdat die ongelowiges uitgeroei word uit die volk. Hierdie deurlopende openbaring van die N.T. vind dan pregnante formulering in die genoemde uitspraak van Paulus. Daar is mense wat wel uit Israel gebore is, maar wat nie wesentlik deel van die volk is nie. In Gods oog behoort hulle eintlik nie tot die volk nie.

(d) *Hierin lê geen vergeesteliking van die volk nie*

Dat dit geen vergeesteliking van Israel en ook geen losmaking van die gelowige Israëliete van die histories-etniese volk is nie, toon Paulus self aan deur uit die O.T. te bewys dat hierdie beperking van die volk Israel tot die gelowige uitverkorenes die wese van God se verbond uitgemaak het vanaf die verbond sluiting met Abraham. Van die begin is alleen die kinders van die belofte uit Abraham se nageslag gereken as die verbondsvolk. Hierdie uitverkore gelowiges, dié wat vooruit geglo het en dié wat nou reeds glo en dié wat nog tot die geloof sal kom, hulle is "die hele Israel".

(e) *In die gelowige lede word die volk Israel dus gered*

In sy uitverkore gelowiges bly dus die histories-etniese volk Israel as organiese geheel behoue, terwyl die ongelowige Jode as individue afgesny word van die volk. Die universele kerk, en nie meer net Israel nie, is die Godsvolk in die messiaanse eindtyd — die nuwe Godsvolk, maar daarmee is die universele Kerk nie die nuwe of die ware Israel nie. Die gelowiges uit Israel is die ware Israel, die Israel van God.

(f) *Die verhouding van die enkele gelowige uit Israel tot die volk Israel*

Vanweë hierdie besliste solidariteit van die gelowige uit Israel met sy volle bestaan daar 'n innige liefdesband tussen die gelowige en sy volk. Hierdie volksliefde wortel nie in blote nasionalisme of chauvinisme nie, maar dit is gebonde aan en wortel in God se vrye genade en welbehag. Dit beteken nie 'n ^[309] devaluering van die volksliefde nie. Inteendeel, hierdeur kry die volksliefde sy ware diepte en betekenis: die natuurlike volksliefde van die gelowige lid van Israel word geheilig en gedring deur God se liefde vir die volk en word van eksklusivisme bewaar deur die openbaringskennis dat God ook die ander volke op gelyke wyse liefhet.

4. *Die grond vir Israel se posisie as Godsvolk en vir sy behoud in die messiaanse Godsvolk*

(i) Dat Israel Godsvolk is, wortel in die vrymagtige welbehag van God.

(ii) Die redding en behoud van Israel as Godsvolk vind sy enigste grond in die vrymagtige genadegawe van God in Christus Jesus.

(iii) God het sy vrymagtige welbehag tot uitdrukking gebring in die verbond met Abraham en sy nageslag, terwyl die vrymagtige genade van God in Christus Jesus (die Saad van Abraham) die vervulling is van God se verbondsbelofte aan Abraham.

'n Kenmerk van die openbaring van die N.T. oor die verhouding van Israel en die Godsvolk is die voortdurende noue aansluiting by die verbond met Abraham. Alleen op grond van die vrymagtige uitverkiesende verbondsluiting van God met Abraham is die volk Godsvolk. Die trou van God aan sy verbond is die absolute waarborg en enigste grond vir die behoud van die volk Israel as Godsvolk.

(iv) Dat Israel as volk Godsvolk is en ook behoue bly in die messiaanse Godsvolk, berus dus nie op 'n keuse van die volk of op enige volksverdienste nie.

5. Die grond vir toebehore tot die Israel van God — d.i. tot die volk Israel in die gestalte waarin die volk tot die Godsvolk behoort

Die enigste grond vir toebehore van die natuurlike Israeliet tot die Israel van God is God se vrymagtige en genadige uitverkiesende verbondswerking binne die geslagslyn van Abraham.

Verbond en uitverkiesing werk hier ten nouste saam: Op grond van God se verbond met die etniese volk Israel, die nageslag van Abraham, behoort al die natuurlike kinders van Abraham wat God in sy vrymagtige uitverkiesing as kinders van die verbond reken, tot die volk Israel wat opgeneem is ^[310] in die Godsvolk. Volgens sy verbond kies God vrymagtig in die lyn van die geslagte uit Abraham die ware volk Israel, wat Hy as organiese geheel in die Godsvolk opneem.

Etniese verbondenheid aan die volk het dus nie kousatiewe krag nie.

Die Israeliet word opgeneem in die Godsvolk *nie omdat* hy lid van die volk Israel is nie, maar hy word opgeneem in die Godsvolk *as* lid van die volk Israel op grond van God se uitverkiesende verbondswerking in die geslagslyn van Abraham.

[311]

§ 2. Samevatting van die gegewens oor die verhouding van die volkere en die Godsvolk

Die gegewens hieroor is veel minder, veral ten opsigte van detail, as oor Israel. Daarby is dit opvallend dat daar voor en ten tyde van Jesus se optrede veel minder direkte openbaring oor die heidennasies is as na sy opstanding en veral tydens die vestiging van die kerk en daarna. Die enigste tydstip gedurende Jesus se optrede wanneer die volkere sterk op die voorgrond tree, is tydens die Profetiese Rede, waarin Jesus oor die koms van die Seun van die Mens in heerlijkheid handel. Dit is opvallend dat die volkere ook sterk op die voorgrond tree in die boek Openbaring, waarin ook die universele Koningskap en heerlijkheid van Christus die tema is.

A. Direkte gegewens

1. Die volkere en die aard van die Messiaanse gebeure

(i) Die openbaringshistoriese verandering

Jesus beperk sy optrede voor sy dood uitdruklik tot Israel en wys messiaanse arbeid onder die heidennasies konsekwent af (behalwe t.o.v. enkele uitsonderinge ten opsigte van individue). Wanneer daar tekens is dat die heidennasies begin toestroom, is dit die teken dat dié kardinale moment in sy messiaanse werk nou moet aanbreek. Na sy dood en opstanding tree 'n besliste verandering in die aard van die messiaanse gebeure in: die apostels word uitdruklik gestuur om die evangelie aan alle nasies uit te dra. Aanvanklik is daar ook nog by die vestiging van die kerk 'n besliste beperking deur die apostelskap tot Israel, maar gedryf deur Goddelike openbaring gaan die evangelie blywend uit tot alle volke.

(ii) Die openbaringshistoriese kontinuïteit

Reeds van vroeg in sy optrede stel Jesus uitdruklik dat sy messiaanse werk prinsipieel besien universele betekenis het. Die beperking tot Israel voor sy dood is blykens Jesus se prediking gegrond in die *wese* van sy Messiasskap, t.w. dat Hy die nederige en lydende Knecht van die Here is. Dié wese van sy Messiasskap hou ook in dat eers na en deur sy soendood die toetrede van die heidennasies kan volg en ook inderdaad *moet* volg. Die insluiting van die heidennasies is 'n wesentlike deel ^[312] van Jesus se Messiaanse werk, maar dit kan eers deur sy dood gerealiseer word. Dit is nie die gevolg van 'n breuk met Israel nie, maar dit is 'n kontinuering van die openbarings-historiese lyn, 'n noodsaaklike uitbreiding van die evangelie vanaf net een volk tot alle volke, wat gegrond is in die wese van Jesus se Messiasskap.

2. Die volkere se posisie ten opsigte van die Godsvolk

(i) Die openbaringshistoriese verandering

Vergelyk vorentoe in dié hoofstuk, § 1, 2 (i).

(ii) Die openbaringshistoriese kontinuïteit

Besien vanuit die openbaring ten opsigte van die heidennasies kom daar verdere getuienis by² dat die insluiting van die heidennasies in die Godsvolk nie berus op die voorafgaande uitsluiting van Israel nie. Die Godsvolk word uitgebrei tot alle nasies, sodra die Seun van die Mens tot heerlikheid kom as universele Koning deur sy opstanding uit die dode.

3. Die wyse waarop die volkere tot die Godsvolk behoort

(i) Die volkere kry werklik as onderskeie volke deel aan die Godsvolk, en dit is nie maar individue wat uitgeruk is uit die volkere nie

(a) Nie uittrede uit die eie volk en intrede in Israel word vereis nie

Die *universaliteit* van die Godsvolk kom vir die N.T. veral tot uiting daarin dat die nie-Israeliet as lid van sy volk gered kan word en dat nie uittrede uit sy volk en intrede in die Joodse volk nodig is nie.

Die *eenheid* van die Godsvolk kom vir die N.T. tot uiting veral daarin dat die gelowiges uit Israel en die gelowiges uit die ander volke as lede van afsonderlike volke dieselfde seën van dieselfde verbond deur één Gees ontvang om één Godsvolk te vorm.

(b) Die *universaliteit* van die Godsvolk waarin al die gelowiges as gelykes tot eenheid kom, beteken nie die uitwissing van die verskille tussen die volke nie ^[313]

Die ware *universaliteit* (ekumenisiteit) van die Godsvolk word bereik deurdat elke *volk* deel kry aan die Godsvolk. God het *in elke volk* sy uitverkorenes.

Die ware *eenheid* in die Heilige Gees kom tot openbaring in die ontvangs van dieselfde evangelie in die eie tale as lede van afsonderlike volke.

Die ware *gelykstelling* van al die gelowiges geskied deurdat die gelowiges as lede van hulle afsonderlike volke gelykelyk en op dieselfde wyse deel verkry aan die Godsvolk.

(e) Wanneer 'n persoon gelowig word en dus ingelyf word in die Godsvolk, beteken dit nie dat hy afgekap is van sy volk nie

Waar die Heilige Gees ten duidelikste werk by die aanvang van die kerk, word die kosmopolitiese menigte hoorders nie as losse individue behandel nie maar pertinent as lede van bepaalde volke, sodat hieraan ook in die prediking erkenning gegee word.

² Naas gegewens saamgevat in hf. V, § i, 2(ii).

Ook ten opsigte van die verlossing self word die band met die eie volk uitgedruk: God het *in elke volk* sy uitverkorenes. Veral by Paulus kom dit baie sterk na vore. Die enkele gelowiges wat daar reeds is as die prediking onder 'n bepaalde volk nog in sy beginstadium is, is die *eersteling* van daardie volk, die waarborg van die inbegrepenheid van daardie *volk* in die Godsvolk — so solidêr is die gelowige met sy volk.

(d) *Die volkere word elk as organiese volksgeheel opgeneem in die Godsvolk*

Die seën van die verbond kom tot werklike *volke*, tot afsonderlike volke en nie tot losse individue nie.

Voor die eindgerig gaan die prediking eers tot die *volke*.

Die voorwerpe van die *apostoliese* sending, sowel van die twaalf as van Paulus, is die *volke* en nie die heidene as 'n massa ongelowige individue nie. So word die sending ook in die praktyk deur Paulus uitgevoer en ook deur die ander ten opsigte van die volk Israel veral.

Die doel van die sendingtaak is die inbring van die *volke* self onder die heerskappy van Christus en daarmee in die messiaanse Godsvolk.

Die *volke* word uit die mag van Satan onder die heerskappy van Christus gebring (Openbaring).

Ook volke self gaan die nuwe Jerusalem, die ewige Godsvolk, binne.

[314]

(ii) *In die gelowige lede van elke volk word die volkere opgeneem in die Godsvolk*

(a) *Nie as korporatiewe eenheid of na empiriese, kwantitatiewe omvang nie*

Hoewel die volke self opgeneem word, word voortdurend enige gedagte afgewys asof die volkere as eenheidswesens, as korporatiewe eenhede in die Godsvolk, opgeneem word; so ook enige gedagte asof alle vleeslike Israëliete deel het aan die Godsvolk.

(b) *Daar is skeiding binne elke volk*

Met eenstemmige duidelikheid spreek die openbaring in sy verskillende stadia van 'n skeiding binne elke volk, 'n skeiding van uitverkorenes en verworpenes, gelowiges en ongelowiges. Binne die natuurlike kring van elke volk het God diegene wat Hom welgevallig is. Uit die empiriese, kwantitatiewe omvang van die volk roep God die gelowige lede van die volk tot die Godsvolk.

(c) *Die volkere word elk deur persoonlike bekering van lede van daardie volk gered*

Terwyl die voorwerpe van die apostoliese sending die volke is en die doel die inbring van die volke self onder die heerskappy van Christus en dus in die Godsvolk, geskied dit nie deur bekering, doop en verlossing van die volk as eenheidswese nie, maar deur persoonlike bekering, geloof en doop van die lede van die volk.

(d) *Die gelowige lede van elke volk is die organiese geheel van die volk*

In die uitverkorenes, die gelowiges van elke volk word die hele volk verteenwoordig sodat die enkele gemeentes in Macedonië self Macedonië en die Macedoniërs kan heet.

Daar is 'n organiese verband van die gelowige lede van die volk tot hulle volk, sodat elke volk in sy gelowige lede opgeneem word in die Godsvolk.

B. *Indirekte gegewens*

Van die grootste belang is dit dat die N.T. deurlopend openbaar dat daar in die universele

Godsvolk volkome gelykstelling ^[315] van die heidennasies en die volk Israel sal wees of is. Dit het in hoofstuk IV by elke stadium van die Nieu-Testamentiese openbaringsgeskiedenis duidelik geblyk.

Op grond van hierdie feit is dit geregverdig om die in sekere opsigte vollediger openbaring oor die verhouding van die volk Israel en die universele Godsvolk ook op die verhouding van volk en Godsvolk in die algemeen toe te pas.

Alleen moet hierby erkenning gegee word aan die feit dat die N.T. te midde van die gelykheid aan Israel 'n sekere eie plek in die openbaringsgeskiedenis toeken as die volk aan wie die verbond eerste geskenk is, uit wie die Christus gebore is.

[316]

§ 3. Koördinering en gevolgtrekkings

Teen die agtergrond van die voorafgaande samevattinge word hier uit die verskillende lyne wat gevolg is, alleen dié resultate van die studie gekoördineer wat die kern van die verhouding van volk en Godsvolk die helderste aan die lig stel. Ook ten opsigte van die gevolgtrekkings is dit die bedoeling om alleen die belangrikste, direk afleibare gevolgtrekkings kortliks aan te stip. Vanweë die eksegetiese aard van die studie kan en mag nie gepoog word om die gevolgtrekkings breed uit te werk nie.

1. *Geheelbeeld uit die voorkoms van die volk — Godsvolk-gedagte in die N.T.*

Die geheelbeeld wat die voorkoms van uitsprake in die N.T. maak waarin volk en Godsvolk verbind word, is dat in die kern van die openbaring die volk(e) nie losgelaat is nie, maar dat die volk(e) juis op die voorgrond tree by die sentrale momente van die Nieu-Testamentiese openbaring: in die geboortegesiedenis in die aanvang van die vervulling van die Ou-Testamentiese beloftes; in verband met die betekenis van Jesus se soendood; by die opstanding; by die uitstorting van die Heilige Gees; by die aanvang van die vestiging van die kerk onder Israel en ook onder die heidennasies; in die één brief van Paulus waarin hy die kern van sy evangelieboodskap uiteensit; by die finale prediking voor die oordeelsdag; in die eindgerig; wanneer die gesaligdes die nuwe Jerusalem, die ewige Godsvolk, binnegaan.

2. *Die verhouding van volk en Godsvolk ten opsigte van die wesenstrekke van die messiaanse Godsvolk*

Uit die studie het veral vier wesenstrekke van die messiaanse Godsvolk geleidelik na vore getree: die universaliteit van die Godsvolk; die eenheid van die Godsvolk; die gelykheid van die lede van die Godsvolk en die suiwer godsdienstige of geestelike karakter van die Godsvolk.

(i) *Universaliteit.* Die universaliteit van die messiaanse Godsvolk hou in die opheffing van die begrensing van die Godsvolk tot één volk (Israel). Tog beteken dit nie die verbreking van enige verband tussen volk en Godsvolk nie. Die beperking val weg, sodat nou nie meer net één volk nie maar *alle volke* opgeneem word in die Godsvolk. Die wese van die universaliteit van die Godsvolk is juis dat die een Here Jesus ^[317] Christus Koning is oor alle volke. Daarom kom die universaliteit van die Godsvolk die beste tot openbaring wanneer die kerk in elke volk geplant is.

(ii) *Eenheid.* Terwyl al die gelowiges uit al die nasies tot 'n eenheid saamgebind is in een Godsvolk, beteken dit tog nie 'n uitwissing van volksverskille of 'n uittrede van die gelowiges uit hul onderskeie volke nie. Die eenheid van die Godsvolk is primêr 'n gemeenskaplike verbondenheid aan God en Christus. Dit is egter ook 'n onderlinge eenheid *in die Gees tot één*

Godsvolk. Die verskeidenheid van volke in die een Godsvolk is egter juis die wonderlike van die werking van die Gees. Die eenheid kom tot sy heerlikste openbaring daarin dat één Gees en één Woord die verskeidenheid van die volke onder één Koning, Jesus Christus, tot een Godsvolk saambind; dat al die volke onder één Koning staan en alle volke tesame Hom dien. Die volle glorie van die genade van God kom juis aan die lig wanneer die eenheid van die kerk daarin tot openbaring kom dat elke volk in sy eie taal dieselfde evangelie hoor, dit ten volle kan verstaan, dit as sy eie kan aanneem en saam met die ander volke deurdronge van dieselfde Gees dieselfde één Here kan dien.

(iii) *Gelykheid.* Die gelykheid van die gelowiges in die Godsvolk word in die N.T. aangedui as die feit dat daar in die Godsvolk geen voorrang van die lede van die een volk bo die lede van die ander volk is nie, maar dat alle *volke* op gelyke wyse en in gelyke mate gelyke genade ontvang. Die gelykheid bestaan in die N.T. veral daarin dat nie van die gelowiges uit ander volke geëis word om uit te tree uit hulle volke en deur inlywing in Israel deel te kry aan die Godsvolk nie, maar dat hulle volwaardige lede van die Godsvolk kan wees *as lede van hulle eie volke*. Juis hierdie wesenstrek van gelykheid van die gelowiges in die Godsvolk toon dat die gelowiges as lede van verskillende volke deel kan hê aan die Godsvolk; dat daar ten opsigte van die Godsvolk geen eenheidskultuur, geen orname deur die gelowiges van een volk van die taal, kultuur en lewenswyse van 'n ander volk nodig is vir volle deelgenootskap aan die Godsvolk nie. Elke volk se gelowiges kry selfstandig deel aan die Godsvolk.

(iv) *Die suiwer godsdienstige of geestelike karakter van die Godsvolk.* Die feit dat in die Godsvolk alleen uitverkorenes opgeneem word; dat alleen mense wat persoonlik glo, deelgenootskap verkry, beteken nie die uitsluiting van die volke ^[318] uit die Godsvolk nie. Want die volk word in sy gelowiges opgeneem in die Godsvolk en nie na sy empiriese, kwantitatiewe omvang of as korporatiewe eenheid nie. Voor God is die uitverkorenes in elke volk die wesentlike geheel van die volk. Die ongelowiges, diegene wat nie uitverkies is nie, is slegs uitwendig lede van die volk en hulle word by opname van die volk in die Godsvolk as nie-wesentlike deel van die volk afgesny van die volk, terwyl die gelowiges as die organiese geheel van die volk opgeneem word in die Godsvolk.

4. *Die wese van die verhouding van die volk en Godsvolk*

Daar is volgens die N.T. 'n organiese band tussen volk en Godsvolk. Godsvolk en volk(ere) is nie geskeie van mekaar nie (wêreldkerkgedagte), maar ook nie vereenselwig nie (volkskerkgedagte).

Elke volk word opgeneem in die Godsvolk; die verskillende volke is die samestellende dele van die Godsvolk. Dié volke bestaan egter alleen uit gelowiges, want binne elke volk na sy empiriese omvang vorm die gelowige lede van die volk die ware volk. Die gelowiges *is* wesentlik die volk. Die ongelowiges behoort daarenteen wesentlik nie tot die volk nie, hoewel hulle in empiries-natuurlike sin uit die volk voortkom. Daarom word hulle afgekap en nie saam met die organiese geheel van die volk opgeneem in die Godsvolk nie.

Elke volk word dus in sy gelowige lede as organiese volksgeheel in die Godsvolk opgeneem, sodat al die volke saam die universele Godsvolk vorm — die volk van Jesus Christus, die Koning van die volke.

5. *Die grond vir hierdie verhouding van volk en Godsvolk — die verbond*

Hierdie besondere verhouding van volk en Godsvolk wortel volgens die N.T. in die karakter van God se verbond.

Die verbond is 'n verbond met al die *volke*, al die geslagte van die aarde. Terselfdertyd dra die verbond 'n uitverkiesende karakter. As verbond met die volke bepaal God se verbond dat

die gelowiges as volke opgeneem word in die Godsvolk; en as verbond met 'n uitverkiesende karakter bepaal God se verbond dat alleen die uitverkorenes van elke volk, diegene wat vooruit geglo het in Christus, nou reeds glo en nog tot geloof sal kom, voor God as die hele volk gereken word.

6. Enkele konkrete implikasies

(i) Uit hierdie studie is dit duidelik dat nog die wêreldkerkgedagte nog die volkskerkgedagte uitdrukking gee aan die ^[319] Nieu-Testamentiese openbaring aangaande die verhouding van volk en Godsvolk. Die wêreldkerkgedagte wat 'n *absolute skeiding* van volk en Godsvolk maak en slegs in terme van individuele gelowige en mensheid dink, misken sowel die solidariteit wat daar volgens die N.T. bestaan tussen die individuele gelowige en sy volk (dat in die gelowige lede van die volk die volk gered word) as die besondere aard van die universaliteit van die messiaanse Godsvolk, wat daarin bestaan dat alle volke ingesluit word in die Godsvolk onder die heerskappy van Jesus Christus, die Koning van die volke. Dit kom ten diepste neer op 'n miskennis van die verbond wat ten grondslag lê aan die inbegrepenheid van die volkere in die Godsvolk. Die volkskerkgedagte met sy *vereenselwiging* van volk en Godsvolk, wat in terme van die volk as 'n korporatiewe eenheidswese dink of in individualistiese sin aan die verlossing van die volk na sy empiriese, kwantitatiewe omvang, gaan uit van 'n volksbeskouing wat geen grond vind in die N.T. nie en misken die absolute eis van persoonlike geloof vir opname van lede van die volk in die Godsvolk. Dit laat nie reg geskied aan die Nieu-Testamentiese openbaring dat die volk in sy gelowige lede gered word nie. Ten diepste is dit 'n miskennis van die uitverkiesing van God, wat in nouste samehang met die verbond die grondslag vorm vir die verhouding van volk en Godsvolk. Indien 'n term gevind moet word om uitdrukking te gee aan die ware verhouding van volk en Godsvolk in die N.T. sou in plaas van wêreldkerk of volkskerke gespreek kon word van die volkerekerk.³

(ii) Uit die verhouding van volk en Godsvolk in die N.T. vloei voort dat in die wese van Godsvolk lê dat die kerk (Godsvolk) gevestig word in elke volk — dit beteken die inbringing ook van daardie volk in die Godsvolk onder die heerskappy van die een universele koning, Jesus Christus.

Dit hou belangrike implikasies in veral vir die sendingtaak van die kerk:

(a) Die voorwerpe van die sending is die volke self met die doel om elke volk in te bring in die Godsvolk onder die heerskappy van die universele Koning, Jesus Christus.

(b) Die sendingmetode is prediking aan en bekering en doop van die individuele lede van die volk met die visie daarop dat in hierdie individuele gelowige lede van die volk die inbringing van die bepaalde volk in die Godsvolk 'n aanvang neem.

(c) Hierin vind die organisering van 'n selfstandige kerk ^[320] onder elke volk sy wesentlike fundering. Die selfstandige kerk vir elke volk is 'n sigbare openbaring dat elke volk in die Godsvolk opgeneem word. Nie die kerk gaan die volk binne nie, maar die volk word in die kerk, in die Godsvolk, opgeneem. Die selfstandige kerk onder elke volk word egter 'n karikatuur van die kerk, sodra hiermee enige van die wesenstrekke van die Godsvolk geweld aangedoen word: sodra dit ontwikkel tot nasionale kerk met ontkenning van die universaliteit van die Godsvolk, sodat die kerk die eiendomlike besit van die een volk word; sodra dit ontwikkel tot 'n volkskerk met ontkenning van die eenheid van die kerk, sodat dit 'n *onafhanklike* kerk word — die kerk onder elke volk is altyd selfstandig (op grond van die gelykheid van alle gelowiges), maar dit is nooit onafhanklik nie (op grond van die eenheid van die Godsvolk); sodra dit ontwikkel tot 'n *volkskerk* met ontkenning van die gelykheid van die

³ Hierdie term is ook reeds deur E. Stauffer: *Theologie*, 174, gebruik.

gelowiges, sodat dit 'n Herrnvolk-kerk word; sodra dit ontwikkel tot 'n volkskerk met ontkenning van die suiwer geestelike karakter van die kerk — 'n volkskerk waarin daar identifisering van volk en kerk is.

(iii) Omdat die *gelowiges* van elke volk die ware volk is, mag die volk in sy empiriese verskyningsvorm nooit na homself wys en sê: "Hier is nou die kerk" nie. Maar net so min mag die kerk in sy empiriese verskyningsvorm na homself wys en sê: "Hier is nou die (ware) volk". Die kerk in sy empiriese vorm mag hom nooit distansieer van die lede van die volk buite die kerk nie. Intendeel, wetende dat God die *volk* wil red *as gelowiges*, moet die kerk hom steeds ten nouste aangewese weet op evangelisering van die ongelowige lede van die volk.

(iv) Die individuele gelowige bly volkome solidêr een met sy volk. Die natuurlike verbondenheid aan die volk en die natuurlike liefde vir die volk vind ware diepte in die wete dat God ook dié volk liefhet en opneem in die Godsvolk: die natuurlike liefde vir die eie volk word gedring en geheilig deur God se liefde vir dié volk; die natuurlike liefde vir die eie volk word getemper en van radikalisme weerhou in die wete dat ook elke ander volk in die liefde van God staan en ook in sy gelowiges opgeneem word in die Godsvolk.

(v) Dit is besonder opvallend dat dit in die Nieu-Testamentiese openbaring steeds gaan om die *volke* en nie om *rasse* nie. Terwyl die volke na vore tree by die kernmomente van die openbaringsgeskiedenis, word rasse-onderskeidings glad nie genoem nie.

[321]

§ 4. Terreine vir verdere ondersoek

Uit hierdie studie het sekere belangrike aspekte van die Nieu-Testamentiese openbaring aan die lig gekom wat slegs kortliks bespreek of net aangestip kon word en beslis vrugbare terreine vir verdere ondersoek sal wees. Enkeles word hier genoem:

1. Die implikasies van die Nieu-Testamentiese gegewens oor die verhouding van volk en Godsvolk kan vir die Sending wetenskap van groot belang wees. Op die fondament van die Nieu-Testamentiese gegewens wat blootgelê is, sou 'n studie van die implikasies vir die bepaling van die sendingtaak en sendingmetode van groot belang kan wees.

2. Dieselfde geld vir die terrein van die Evangelistiek, veral ten opsigte van die wese van die evangelisasie onder die eie volk.

3. 'n Dogmatiese studie oor die verhouding van kerk en volk in die lig van hierdie Nieu-Testamentiese gegewens kan 'n suiwere en tot op sekere hoogte 'n nuwe noot laat hoor.

4. 'n Prinsipiële beoordeling van die moderne ekumeniese beskouing en bewegings in die lig van die verhouding van volk en Godsvolk in die N.T. behoort van groot belang te wees.

5. Op die terrein van die Nieu-Testamentiese eksegesis het die studie verskeie aspekte van die openbaring aan die lig gebring, waar detailstudie baie vrugbaar sal wees:

(i) Die innige samehang van volk en verbond in die N.T. — terwyl teenswoordig die verbondsgedagte feitlik uitsluitend beperk word tot die gesinsverband.

(ii) Die innige verbondenheid van verbond en uitverkiesing in die N.T. — terwyl die twee sake so dikwels teen mekaar afgespeel word asof die verbondsgedagte die verlossing van die geslag (of volk) man vir man waarborg en die uitverkiesing daarenteen 'n suiwere individualisme meebring.

(iii) Die openbaring aangaande die volk Israel in die geheel van die N.T.

[322]

BRONNELYS

- ABBOT-SMITH, G.: A manual Greek Lexicon of the N.T., 1948.
- ABRAHAMS, I.: Studies in Pharisaism and the Gospels, 1917.
- ALBERTZ, M.: Die 'Erstlinge' in der Botschaft, des N.Ts., ET12 (1952/53)
- ALLEN, W. C: A critical and exegetical commentary on the Gospel according to S. Matthew, in: I.C.C., ³1912.
- ALTHAUS, P.: Der Brief an die Römer, Das N.T. Deutsch 6, ⁶1949.
- ALTHAUS, P.: Kirche, Volk und Staat, in: Kirche, Volk und Staat Stimmen aus der Deutschen Evangelischen Kirche zur Oxforder Weltkirchenkonferenz, 1937.
- BARTH, K.: Auslegung von Mattheüs 28, 16-20, 1945.
- BARTH, K.: Der Römerbrief, ²1923.
- BARTH, K.: Erklärung des Philipperbriefes, 1928.
- BARTH, K.: Kirchliche Dogmatik II, 1946.
- BARTH, M. Israel und die Kirche im Brief des Paulus an die Epheser, Theologische Existenz Heute, Heft 75, 1959.
- BAUER, W.: Griechisch-Deutsches Wörterbuch zu den Schriften des N.Ts und der übrigen urchristlichen Literatur, ⁵1958.
- BEHM, L: ανατιθημι, TWNT I.
- BEHM, J.: διαθηκη, TWNT II.
- BEHM, J.: Die Offenbarung des Johannes, Das N.T. Deutsch II ⁴1949.
- BEHM, J.: μετανοεω - μετανοια, TWNT IV.
- BEHM, J.: Volk und Gottesvolk, in: Kirche, Volk und Staat. Stimmen aus der Deutschen Evangelischen Kirche zur Oxforder Weltkirchenkonferenz, 1937.
- BERNHARD, J. H.: A critical and exegetical commentary on the. Gospel according to St. John, in: I.C.C., 1942.
- BERTHOLET, A.: Die Stellung der Israeliten und der Juden zu den Fremden, 1896.
- BERTRAM, G.: Das antike Judentum als Missionsreligion, in: Q. Rosen, Juden und Phönizier, 1929.
- BERTRAM, G.: εθνος, TWNT II.
- BERTRAM, G.: Volkstum und Menschheit im Lichte der Heiligen Schrift, APC34 (1937).
- BIEDER, W.: Ekklesia und Polis im N.T. und in der alten Kirche, 1941.
- BLASS, F.: Grammatik des neutestamentlichen Griechisch, bearbeitet von A. Debrunner, ¹¹1961.
- BLAUW, J.: Goden en mensen. Plaats en betekenis van de heidenen in de Heilige Schrift, Bijdragen tot de Zendingwetenschap III, 1950.
- BORNHAUSER, D.: Das Johannesevangelium, eine Missionsschrift für Israel, 1928.
- BORNKAMM, G.: μυστηριον, TWNT IV.

- BOSCH, D.: Die Heidenmission in der Zukunftschau Jesu. Eine Untersuchung zur Eschatologie der Synoptischen Evangelien, in: Abhandlungen zur Theologie des A. und N.Ts. 36, 1959.
- BOUSSET, W.: Die Offenbarung Johannis. Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. 16, (begründet von W. Meyer), ⁵1906.
- BOUSSET, W.: Der Religion des Judentums im späthellenistischen Zeitalter, Handbuch zum N.T. 21, 1926.
- BRUCE, F. F.: The end of the First Gospel, EQ12 (1940).
- BRUN, L.: Die kirchliche Einheitsgedanke im Urchristentum, ZST, 1937.
- BÜCHSEL, F.: *απαλλοτριω*, TWNT I.
- BÜCHSEL, F.: *γενεα*, TWNT I.
- BÜCHSEL, F.: *γίνομαι – γενοσ*, TWNT I.
- BUNDY, E. C: Collectivism in the churches. A documented account of the political activities of the Federal, National and World Councils of Churches, 1960.
- BULTMANN, R.: *αγνοια*, TWNT I.
- BULTMANN, R.: *αφημι - αφεις*, TWNT I.
- BULTMANN, R.: *γινωσκω - γνωσις*, TWNT I.
- BULTMANN, R.: Das Evangelium des Johannes, Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. 2 (begründet von W. Meyer), "1950.
- BULTMANN, R.: Die Frage nach der Echtheit von Mt. 16, 17-19, TB 20 (1941).
- BULTMANN, R.: *προελπιζω*, TWNT II.
- BULTMANN, R.: Theologie des N.Ts., '1961.
- CALVINUS, I: *Commenlarius in epistolam Pauli ad Romanos, Ioannis Calvini in N.T. commentarii, Ad editionem Amsteiodamensem Vol V, Epistolarum N.T. I, Berolini (ongedateer).*
- COETZEE, J. C: 'n Eksegetiese stadië van die uitdrukking "Eers vir die Jood en ook vir die Griek" by die apostel Paulus, Th.M.-skripsie, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1961 (ongepubliseer).
- CREMER, H.: *Biblisch-theologisches Wörterbuch des n. lichen Griechisch, bearbeitet von J. Kogel, 1923.*
- CULLMANN, O.: *Eschatologie und Mission im N.T., EMM, 1941.*
- CULLMANN, O.: *Die Christologie des N.Ts., 1957.*
- DAHL, N.A.: *Das Volk Gottes. Eine Untersuchung zum Kirchenbewusstsein des Urchristentums, ²1963 (4941).*
- DAHL, N. A.: *Zur Auslegung von Gal. 6, 16, Jud 6 (1950).*
- DALMAN, G.: *Die Worte Jesu I, 1898.*
- DANA, H. E.: *The Epistle and Apocalypse of John, 1937.*
- DE GROOT, J. en HULST, A. R.: *Macht en Wil. De verkondiging van het O.T. aangaande God, (ongedateer).*

- DELLING, G.: *απαρχη*, TWNT I.
- DELLING, G.: *λαμβάνω*, TWNT IV.
- DENNISTON, J.D.: *The Greek particles*, ³1954.
- DE WETTE, W. M. L.: *Kurze Erklärung des Evangeliums Matthäi*, in: *Kurzgefasstes exegetisches Handbuch zum N.T.*, 1845.
- DIBELIUS, M.: *An die Thessalonicher I, II, an die Philipper*, *Handbuch zum N.T.* 11 (herausgegeben von H. Lietzmann), 1937.
- DODD, C.H.: *De apostolische prediking en haar ontwikkelingsgang. Drie lezingen met een bijvoegsel over "Eschatologie en geschiedenis"* (vertaal deur H. C. Dirkse-Bresters), ongedateer (in Engels: ⁸1956).
- DU PLESSIS, I.J.: *Christus as Hoof van kerk en kosmos, 'n Eksegeties-teologiese studie van Christus se Hoofskap veral in Efesiërs en Kolossense*, diss. Kampen, 1962.
- DURAND, J.J.F.: *Una Sancta Catholica in sendingperspektief. 'n Analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*, diss., V.U. Amsterdam, 1961.
- DUVENAGE, S.C.W.: *Kerk, volk en jeug I, Die verhouding van kerk tot volk. 'n Histories-prinsipiële studie*, diss., V.U., Amsterdam, 1962.
- EBELING, H.: *Griechisch-deutsches Wörterbuch zum N.T.*, 1913.
- EMMERICH, K.: *Die Juden*, TS 7 (1939).
- FOERSTER, W.: *ειρηνη*, TWNT II.
- FOERSTER, W.: *Neutestamentliche Zeitgeschichte*, ³1959.
- FREY, J.B.: *Corpus Inscriptionum Judaicarum I*, 1936.
- FRISK, H.: *Griechisches etymologisches Wörterbuch*, 1954 e.v.
- GAUGLER, E.: *Der Brief an die Römer*, in: *Prophezei. Schweizerisches Bibelwerk für die Gemeinde*, 1952.
- GODET, F.: *Commentaar op het Evangelie van Lukas* (uit Frans vertaal), ongedateer.
- GODET, F.: *Kommentaar op het Evangelie van Johannes* (vertaal deur P. J. Gouda-Quint), 1866.
- GOTTLIEB, H.: *το αιμα μου το της διαθηκης*, Stud. T. XIV (1960).
- GREEVEN, H.: *πλησιον*, TWNT V.
- GREIJDANUS, S.: *Bizondere Canoniek van de boeken van het N.T.*, 1949.
- GREIJDANUS, S.: *De brief van de apostel Paulus aan de gemeente te Rome*, in: *Kommentaar op het N.T.*, 1933.
- GREIJDANUS, S.: *De Openbaring des Heeren aan Johannes*, in: *Kommentaar op het N.T.*, 1925.
- GREIJDANUS, S.: *Het Heilig Evangelie naar de beschrijving van Lucas*, in: *Kommentaar op het N.T.*, 1940.
- GRIMM, C. L. W.: *Lexicon Graeco-Latinum in libros N.T. (G. Wilkii Clavis N.T. Phüologica)*, ⁴1903.

- GROENEWALD, E.P.: Die Evangelie volgens Markus, Kommentaar op die Bybel, N.T. II, 1948.
- GROENEWALD, E.P.: Die Openbaring aan die apostel Johannes, Die Bybel met verklarende aantekeninge III, 1959.
- GROENEWALD, E.P.: Jesus Jesúrun, NGTT II (Sept. 1961).
- GROSHEIDE, F. W.: De Brief aan de Hebreëen en de Brief van Jakobus, in: Commentaar op het N.T., 1955.
- GROSHEIDE, F. W.: De Brief van Paulus aan de Efeziërs, in: Commentaar op het N.T., 1960.
- GROSHEIDE, F. W.: De eerste Brief aan de kerk te Korinthe, in: Commentaar op het N.T., 1957.
- GROSHEIDE, F. W.: Het Heilig Evangelie volgens Mattheüs, in: Commentaar op het N.T., 1954.
- GRUNDMANN, W.: $\delta\eta\mu\omicron\varsigma$, TWNT II.
- GRUNÖMANN, W.: Paulus, aus dem Volke Israel, Apostel der Völker, Nov. Test. 4 (1960).
- GUIGNEBERT, C: The Jewish World in the time of Jesus (vertaal deur S. H. Hooke), ²1951.
- GUTBROD, W.: $\text{Iou}\delta\alpha\iota\omicron\varsigma$, $\text{I}\sigma\rho\alpha\eta\lambda$, $\text{E}\beta\rho\alpha\iota\omicron\varsigma$ im N.T., TWNT III.
- HOEKENDIJK, J.C: Kerk en volk in de Duitse Zendingwetenschap, diss. Utrecht, 1948.
- HOLL, K.: Der Kirchenbegriff des Paulus in seinem Verhältnis zu dem der Urgemeinde, Gesammelte Aufsätze zur Kirchengeschichte II. 1928.
- HUNTER, A.M.: Interpreting the N.T. 1900-1950, 1958 ('1951).
- JEREMIAS, J.: Die Abendmahlsworte Jesu, ²1949.
- JEREMIAS, J.: Jerusalem zur Zeit Jesu, 1937.
- JEREMIAS, J.: Jesu Verheissung für die Völker, Franz Delitzsch-Vorlesungen 1953, 1956.
- JEREMIAS, J.: $\lambda\iota\theta\omicron\varsigma$, TWNT IV.
- JEREMIAS, J.: $\pi\alpha\iota\varsigma$ $\theta\epsilon\omicron\upsilon\varsigma$, TWNT V.
- JEREMIAS, J.: $\pi\omicron\iota\mu\eta\nu$, TWNT VI.
- JEREMIAS, J.: $\pi\omicron\lambda\lambda\omicron\iota$, TWNT- VI.
- JUSTER, J.: Les Juifs dans l'Empire Romain I, 1914.
- KASEMANN, E.: Das wandernde Gbttsvolk. Eine Untersuchung zum Hebräerbrief, Forschungen zur Religion und Literatur der A. und N.Ts. 37, 1938.
- KEULERS, J.: De Katholieke Brieven en het Boek der Openbaring, in: De Boeken van het N.T., 1956.
- KIDDLE, M.: The Admission of the Gentiles in St. Luke's Gospel and Acts, JTS 36 (1935).
- KITTEL', G.: $\lambda\omicron\gamma\epsilon\iota\alpha$, TWNT IV."
- KNAK, S.: Neutestamentliche Missionstexte nach neuerer Exegese, MPT 44 (1955).
- KÖEHLER, L. und BAUMGARTNER, W.: Lexicon in Veteris Testamenti Libros, 1953.
- KRÜGER, B.: Das Volk Gottes und die Verschiedenheit der Völker in der Heiligen Schrift, EMM 92, Heft 1 (1948).

- KUMMEL, W. G.: Jesus und die Anfänge der Kirche, Stud. T. VII (1953).
- KÜHN, K.G.: Ἰσραηλ, Ἰουδαίος, Ἑβραῖος in der nach-antiken jüdischen Literatur, TWNT III.
- LANGMAN, H. J.: Kuyper en de Volkskerk, diss., Kampen, 1950.
- LEENHARDT, F.J.: The Epistle to the Romans. A commentary (vertaald deur H. Knight), 1961.
- LEIPOLDT, J.: Jesu Verhältnis zu Griechen und Juden, 1941.
- LIDDEL, H.G. and SCOTT, R.: Greek-English Lexicon. A new edition revised and augmented throughout by H.S. Jones, 1951.
- LIECHTENHAN, R.: Die urchristliche Mission. Voraussetzungen, Motive und Methoden, Abhandlungen zur Theologie des A. und N.Ts. 9, 1946.
- LOHMEYER, E.: Das Evangelium des Markus, Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. I, (begründet von W. Meyer), 1937.
- LOHMEYER, E.: "Mir ist gegeben alle Gewalt!" Eine Exegese von Mt. 20:16-20, in: In memoriam Ernst Lohmeyer (ed. W. Schmauch), 1951.
- MAIER, F.W.: Israel in der Heilsgeschichte nach Römer. 9—11, BZ12, Heft 11/12 (1929).
- MATTER, H.M.: De Toekomst van Israel in het licht van het N.T., 1953.
- MATTER, H.M.: Waarheid en verdichting rondom Rom. 11:26a, in: Arcana Revelata, 1951.
- MAURER, C.: ριζα, TWNT VI.
- MEINERTZ, M.: Jesus und die Heidenmission, Neutestamentliche Abhandlungen 1/2, 1908.
- MEYER, Er. Die Entstehung des Judentums, 13%.
- MEYER, R.: Der Am ha-Ares. Ein Beitrag der Religionssoziologie Palastinas im ersten und zweiten nachchristlichen Jahrhundert, Jud. 3 (1947).
- MEYER, R.: οχλος, TWNT V.
- MICHAELIS, W.: Das Evangelium nach Matthäus, in: Prophezei. Schweizerisches Bibelwerk für die Gemeinde, 1948.
- MICHAELIS, W.: πικτω – πτωσις, TWNT VI.
- MICHEL, O.: Der Abschluss des Matthäusevangeliums. Ein Beitrag zur Geschichte der Osterbotschaft, ET 10 (1950/51).
- MICHEL, O.: Der Brief an die Römer, Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T. 4 (begründet von W. Meyer), ¹⁰1955.
- MICHEL, O.: Menschensohn und Völkerwelt, EMM 2 (1941).
- MICHEL, O.: οικος, TWNT V.
- MOULTON, J. H. and MILLIGAN, G.: The vocabulary of the Greek Testament. Illustrated from the Papyri and other non-literary sources, ³1952.
- MUNCK, J.: Christus und Israel, Acta Jutlandica, Aarsskrift for Aarhus Universitet xxviii, 3, Teológisk Serie 7, 1956.
- MUNCK, J.: Paulus und die Heilsgeschichte, Acta Jutlandica, Aarsskrift for Aarhus Universitet. xxvi, 1, Teológisk Serie 6, 1954.
- MUNDLE, W.: Das Kirchenbewusstsein der ältesten Christenheit, ZNTW 22 (1933).

- NYGREN, A.: Commentary on Romans (vertaal deur C.C. Rasmussen), 1952.
- OEHLER, J.: Epigraphische Beiträge zur Geschichte des Judentums, MGWJ 53 (1909).
- OEPKE, A.: ανιστημι – αναστασις, TWNT I.
- OEPKE, A.: Das neue Gottesvolk in Schriftum, Schauspiel, bildender Kunst und Weltgestaltung, 1950.
- OEPKE, A.: Internationalismus, Rasse und Weltmission im Lichte Jesu, ZST 10 (1933).
- OTTO, R.: Reich Gottes und Menschensohn. Ein religionsgeschichtlicher Versuch, ³1954.
- PETERSON, E.: Die Kirche, 1929.
- PLUMMER, A.: A commentary on St. Paul's first Epistle to the Thessalonians, 1918.
- PLUMMER, A.: A critical and exegetical commentary on the Gospel according to S. Luke, in: I.C.C., 1913.
- PREISIGKE, F.: Wörterbuch der griechischen Papyrusurkunden (fortgeführt von E. Kiessling), 1924 e.v.
- PREISKER, H.: περιοσιος, TWNT VI.
- PROCKSCH, O.: αγιος, TWNT I.
- REICKE, B.: Glaube und Leben der Urgemeinde. Bemerkungen zu Apg. 1-7, Abhandlungen zur Theologie des A. und N.Ts. 32, 1957.
- REICKE, B.: Um die Väter willen, Röm; 11, 28, Jud. 14 (1958).
- REINHARD, J.: Der Heilsuniversalismus" der Bibel, NAMZ, 1926.
- RENGSTORF, H.: διαστολη, TWNT VII
- RENGSTORF, H.: δωδεκα, TWNT II.
- RIDDERBOS, H.: Aan de Romeinen, in: Commentaar op het N.T. 1959.
- RIDDERBOS, H.: De Genademiddelen, in: Het Dogma der Kerk, 1949.
- RIDDERBOS, H.: De komst van het Koninkrijk. Jezus' prediking volgens de synoptische Evangelien, 1950.
- RIDDERBOS, H.: Israël II. Israël in het N.T. in bijzonder 'volgens Rom. 9-11, in: G. Ch. Aalders en H. Ridderbos, Israël; Exegetica, 1955.
- RIDDERBOS, H.: The Epistle of Paul to the Churches of Galatia, in: The new international commentary on the N.T. 1953.
- RIDDERBOS, H.: The speeches of Peter in the Acts of the Apostles, 1962.
- RIDDERBOS, H.: Zelfopenbaring en Zelfverberging. Het historisch karakter van Jezus' Messiaanse Zelfopenbaring volgens de Synoptische Evangelien, 1946.
- ROBERTSON, A.T.: Beknopte Grammatica op het Griekse N.T., voor Nederland vrij bewerkt door F.W. Grosheide, 1912.
- RONNER, M.: Die Zukunft der Welt und der Kirche. Eine Auslegung der Offenbarung Johannes, Kapitel 11U, 1949.
- SÄHLIN, H.: Der Messias und das Gottesvolk. Studien zur protolukanischen Theologie, Acta seminarii Neotestamentici Upsaliensis XII, 1945.

- SANDAY, W. and HEADLAM, A.C: A critical and exegetical commentary on the Epistle to the Romans, in: I.C.C, 1900.
- SCHEDD, R. P.: Man in community. A study of St. Paul's application of O.T. and Early Jewish conceptions of human solidarity, 1958.
- SCHLATTER, A.: Die Briefe und Offenbarung des Johannes, Schlatter's Erläuterungen zum N.T. 10, 1950.
- SCHLATTER, A.: Die Evangelien nach Markus und Lucas, Schlatter's Erläuterungen zum N.T. 2, 1947.
- SCHLATTER, A.: Der Evangelist Matthäus. Seine Sprache, sein Ziel, seine Selbständigkeit, 1929.
- SCHLATTER, A.: Gottes Gerechtigkeit. Ein Kommentar zum Römerbrief, '1959.
- SCHLIER, H.: Die Entscheidung für die Heidenmission in der Urchristenheit, EMZ 3 (1942).
- SCHLIER, H.: κερδος, TWNT III.
- SCHMIDT, K. L.: αποθεω, TWNT I.
- SCHMIDT, K. L.: διασπορας, TWNT II.
- SCHMIDT, K. L.: Die Judenfrage im Lichte der Kapitel 9-11 des Römerbriefes, TS 13 (1943).
- SCHMIDT, K. L.: εθνος, TWNT II.
- SCHMIDT, K. L.: καλεω – εκκλησια, TWNT III.
- SCHNEIDER, C: Das Volks- und Heimatgefühl bei Paulus, CUW 8 (1932)
- SCHNEIDER, J.: Die Offenbarung Jesu Christi, ³1949.
- SCHMIEWIND, J.: Das Evangelium nach Matthäus, 1937.
- SCHOEPS, H-J.: Paulus. Die Theologie des Apostels im Lichte der jüdischen Religionsgeschichte, 1959.
- SCHRENK, G.: Die Weissagung über Israel im N.T., 1951.
- SCHRENK, G.: Der Segenswunsch nach der Kampfepistel, Jud. 6 (1950).
- SCHRENK, G.: δικαιοσυνη, TWNT II.
- SCHRENK, G.: ευδοκew, TWNT II.
- SCHRENK, G.: πατηρ – πατρια, TWNT V.
- SCHRENK, G.: Was bedeutet "Israel Gottes"?, Jud. 5 (1949).
- SCHÜRER, E.: Geschichte des Jüdischen Volkes im Zeitalter Jesu Christi, ³1898, ⁴1909.
- SCHWEIZER, E.: σαρξ, TWNT VII.
- STAHLIN, G.: Die Endschau Jesu und die Mission, EMZ, 1950.
- STAHLIN, G.: κοπετος, TWNT III.
- STAUFFER, E.: Die Theologie des N.Ts., ⁴1948.
- STEINBECK, J.: Das Abendmahl Jesu, Nov. Test. III (1959)
- SPITTA, F.: Jesus und die Heidenmission, 1909.
- STRACK, L. und BILLERBECK, P.: Kommentar zum N.T. aus Talmud und Midrasch, ²1956.

- STRATHMANN, H.: λαος, TWNT IV.
- STREEDER, G.J.: Kerk en volk. Romeinen 9:1-3, OEV, Okt. 1940.
- STUART, M.: Commentary on the Apocalypse Vol. II, 1845.
- SUMMERS, R.: Worthy is the Lamb. An interpretation of Revelation, 1951.
- SUNDKLER, B.: Jesus et les Païens, RHPR, 1936.
- TORRANCE, T. F.: Israel and the Incarnation, Jud. 13 (1957).
- TRENCH, R. C: Synonyms of the N.T., 1948.
- VAN DER WALT, I. J.: Eiesoortige kerkvorming as missiologiese probleem met besondere verwysing na Suid-Afrika, diss., P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1960 (ongepubliseer).
- VAN DER WALT, T.: Die Koninkryk van God — Naby!, diss., Kampen, 1962.
- VAN LEEUWEN, J.A.C. en JACOBS, D.: De Brief aan de Romeinen, Opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard, in: Korte verklaring der Heilige Schrift. Met nieuwe vertaling, ³1952.
- VAN LEEUWEN, J.A.C: Paulus' Zendbrieven aan Efeze, Colosse, Filemon en Thessalonika, in: Kommentaar op het N.T., 1926
- VON HARNACK, A.: Die Mission und Ausbreitung des Christentums in der ersten drei Jahrhunderten, 1902.
- VISCHER, W.: Das Geheimnis Israels. Eine Erklärung der Kapitel 9-11 des Römerbriefes, Jud. 6 (1950).
- VRIEZEN, Th. C: Hoofdpijnen der Theologie van het O.T., 1949.
- WARNECK, G.: Jesus Christus und die Weltmission nach den Evangelien, AMZ 30 (1903).
- WENDLAND, H.D.: Die Eschatologie des Reich Gottes bei Jesus. Eine Studie über den Zusammenhang von Eschatologie, Ethik und Kircheproblem, 1931.
- WESTCOTT, B.F.: The Epistle to the Hebrews: The Greek text with notes and Essays, 1914.
- WINDISCH, H.: Ελλην, TWNT II.
- WRIGHT, G.E. and FILSON, F. .: The Westminster historical atlas to the Bible, 1956.
- ZAHN, Th.: Das Evangelium des Lucas, Kommentar zum N.T. III (herausgegeben von Th. Zahn), ⁴1920.
- ZAHN, Th.: Das Evangelium des Matthäus, Kommentar zum N.T. I (herausgegeben von Th. Zahn), ³1910.
- ZAHN, Th.: Der Brief des Paulus an die Römer, Kommentar zum N.T. (herausgegeben von Th. Zahn), ²1910.